



UOVS-SASOL-BIBLIOTEK 0214684



111169035201220000019

DIE BEHEER, BEHANDELING EN LEWE VAN DIE
KRYGSGEVANGENES GEDURENDE DIE
ANGLO-BOEREOORLOG, 1899 - 1902

d e u r

S.P.R. OOSTHUIZEN, M.A. (U.O.V.S.)

Akademiese proefskrif ter vervulling van
die vereistes vir die graad D. Phil. in
die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aan
die Universiteit van die Oranje Vrystaat.

Promotor : Prof. dr. M.C.E. van Schoor.

Bloemfontein

1975

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

20-07-1972

KLAS NO. T 968.537 005

No. 214684

BIBLIOTEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR IS ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDS AAN DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

VOORWOORD

Die lewe en behandeling van die Boerekrygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog behoort tot 'n haas onbekende hoofstuk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Daar bestaan wel enkele publikasies in die vorm van dagboeke, herinneringe of artikels deur oud-krygsgevangenes, maar die werklike kennis oor die vele fasette van hul behandeling en bedrywighede, bly steeds aan die vergetelheid toevertrou. Dit verskaf egter stof tot dankbaarheid dat hierdie skrywers tog die verhaal van hul krygsgevangenskap neergeskryf het en hierdeur lesers 'n vlugtige blik in die kampe gegee het.

Die probleem met al die gepubliseerde werke is uiteraard dat elkeen slegs die ervarings van 'n enkele persoon in één van die vele kampe beskryf en om hierdie rede nooit 'n verteenwoordigende beeld van die lewe en bedrywighede, die wel en wee van die krygsgevangenes as 'n groep gedurende hul gevangenskap verskaf nie.

Skrywer van hierdie proefskrif het gevolglik hom dit ten doel gestel om uit die beskikbare bronne soveel as moontlik 'n algemene beeld van die behandeling en lewe van die Boerekrygsgevangenes saam te stel. Dit skep uiteraard groot probleme, aangesien die optrede teenoor krygsgevangenes van offisier tot offisier, of van kamp tot kamp verskil het. Krygsgevangenes het ook uiteenlopend op dieselfde behandeling gereageer. Plaaslike omstandighede, toestande te velde, probleme met transport, beskikbaarheid van lewensmiddele, standpunte en beskouinge van individuele Britse

offisiere het alles invloed op die behandeling van gevangenes uitgeoefen. Gebeure in die onderskeie kampe sou die optrede teenoor al die gevangenes dus nie noodwendig ten goede of ten nadele tref nie. Oor die algemeen was daar egter 'n groot ooreenkoms in die behandeling en optrede in die verskillende kampe en was dieselfde reëls en regulasies op almal van toepassing.

In die lig hiervan is in hierdie studie getrag om die verskillende fasette van die lewe van die krygsgevangenes in hul nuutgevormde samelewingsverband te ontleed en die invloed van die inwerkinge van 'n verskeidenheid faktore in hul lewens te bepaal.

Die navorsingsmateriaal lê ongelukkig wyd versprei in argiewe, museums, biblioteke en in privaat besit. Dit is 'n ongelukkige toedrag van sake, want baie kosbare materiaal bly op hierdie manier onbekend en ontoeganklik vir navorsers. Baie bronne sal ongetwyfeld in die toekoms verlore raak, soos baie reeds in die verlede tot niet gegaan het. Veral die privaat besitters van sodanige erfstukke uit die kultuurskat van die Boerekrygsgevangenes moet beseft dat die jonger geslagte nie in 'n gelyke mate as die oueres in hierdie erfenisse belangstel nie en dat die dagboeke, albums, plakboeke en briewe aan toekomstige verwaarlosing en selfs vernietiging blootgestel word. Die wenslike toestand is, dat al hierdie dokumente in een sentrale argief bewaar word, sodat dit die taak van toekomstige navorsers oor hierdie tydperk van ons verlede kan vergemaklik.

Graag betuig ek hiermee my hartlike dank teenoor die personele van die Kaapse, Transvaalse en Vrystaatse Staats-

argiewe, die Openbare Biblioteek in Kaapstad, die Openbare Biblioteek in Johannesburg, die Parlementsbiblioteek in Kaapstad, die Stadsbiblioteek in Bloemfontein, die Universiteitsbiblioteke in Bloemfontein en Stellenbosch asook die Africana Museum in Johannesburg, vir voortreflike diens wat ek van hulle ontvang het. Die personeel van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein verdien 'n spesiale dankwoord vir die gebruik van hul dokumente en besondere fotoversameling. Fotokopieë in hierdie werk is almal uit dié versameling gemaak.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns word hartlik bedank vir die Christiaan de Wetfondsbeurs wat gedurende drie agtereenvolgende jare aan my toegeken is.

Aan my promotor, prof. dr. M.C.E. van Schoor bring ek graag my dank en hulde vir sy onontbeerlike hulp en raad. Sy kennis, ervaring en kritiese sin was vir my van onberekenbare waarde in die uitbouing van hierdie werk. Dit was vir my 'n eer en voorreg om hierdie proefskrif onder sy bekwame leiding te onderneem en te voltooi.

Ten slotte bring ek my innigste dank aan die huislike kringetjie wat my gedurende 'n lang tydperk deur hul belangstelling besiel en aangespoor het, terwyl hulself so min van my ontvang het.

Bloemfontein

September 1975.

I N H O U D S O P G A W E

	Bladsy
<u>VOORWOORD</u>	i
<u>INLEIDING</u>	1
Bepaling van begrippe soos "krygsgevangene", "non-combatant", "belligerent", "verbanning" en "bannelingskap". Besluite van die Den Haagse Konvensie, 1899 - Britse beleid in verband met krygsgevangenes.	
<u>HOOFSTUK 1</u>	
<u>GEVANGENEMING EN VERBANNING</u>	10
Probleme voortspruitende uit groot getalle ge- vangenes - onvoldoende akkomodasie - voeding van gevangenes - massa-oorgawes vererger pro- bleem - gevaar van ontsnappings - deportasie verlig probleem - prosedure in ooreenstemming met internasionale reëls - willekeurige en arbitrêre arrestasies - Rooikruispersoneel - Britse onderdane ook gearresteer - veelvuldige skending van die Den Haagse reëls.	
<u>HOOFSTUK 2</u>	
<u>AANVANKLIKE BEHANDELING VAN KRYGSGEVANGENES</u>	49
Probleme van gevangenes - onsekerheid en twyfel oor gedrag na oorgawe - teenstrydige beskouinge van Britse offisiere - behandeling van gevange- nes deur betrokke offisier self bepaal - baie klagte - blootstelling aan koue, reën, hitte,	

honger en dors - vernietiging en toeëiening van eiendom van gevangenes - ook gevalle van wrede optrede teenoor krygsgevangenes.

HOOFSTUK 3

DIE SEEREIS NA DIE VREEMDE

89

Algemene geskiktheid van transportskepe vir vervoer van krygsgevangenes - onhigiëniese toestand - oorvol skeepsruime - swak mediese diens - siekte en dood aan boord - begrafnisse ter see - invloed op gevangenes - verveling aan boord - godsdienstige bedrywigheide - verenigings en katkisasieklasse - eedaflegging - verdeeldheid en spanning onder krygsgevangenes.

HOOFSTUK 4

LIGGING EN ORGANISASIE VAN KRYGSGEVANGEKAMPE

120

Suid-Afrikaanse kampe: Ladysmith in Natal - transitokamp - tydelike aanhouding - kamp ontwikkel eie pro-Britse karakter. Umbilo, Durban - tydelike aanhouding, afwagtende transport oorsee. Bellevue in Simonstad - uitsluitlik vir krygsgevangenes. Groenpunt, Kaapstad - grootste S.A. kamp - klein oppervlakte. Sky View. Oorsese kampe: Bermuda - 7 eilandkampe - afgesonderde ligging. St. Helena - 2 kampe - Deadwood - Broadbottom. Ceylon - 5 kampe - uiteenlopende aard. Indië - 17 kampe - oor wye gebied versprei - groot klimaatsverskille.

Kamporganisasie. Britse kampkommandant -
 pligte: huisvesting - voeding - mediese diens -
 dissipline - sekuriteitsdienste - griewe en klagte -
 wagdienste.

Interne organisasie - Boerekommandant - skakel met
 kampkommandant - lyn-of hutkapteins - tent-of
 tafelkorporaals - interne aktiwiteite self gereël.

HOOFSTUK 5

SIELKUNDIGE EN SOSIALE ASPEKTE VAN GEVANGENSKAP 191

Sielkundige uitwerking van inperking - Boere aan
 vrye lewe gewoond - ledigheid ontwrig krygsge-
 vangenes - aanpassingsprobleme by inkamping -
 onbekend met roetine, militêre orde en dissipline
 - drukkende regulasies - vreemde omgewing, mense
 en tale - ongewone en gedwonge sosiale kontak -
 botsende karakters, persoonlikheid en nasionaliteite -
 irritasies uit ongewone situasie - betekenis van
 posdag - sensors - vervreemding tussen
 krygsgevangenes en owerheid - eedaflegging - onder-
 linge verdeeldheid - botsing met wagte - besef van
 magteloosheid.

HOOFSTUK 6

VRYETYDSBESTEDING IN DIE KAMPE 233

Ledigheid en verveling nadelig vir gevangenes -
 organisasie van kamplewe - geïsoleerde vermaak
 onvoldoende vir hele kamp - beskikbare talent
 tot almal se heil ingespan - sekere dinge ont-
 staan spontaan - daaruit groei breër organisasie -

debatsverenigings - musiek-en sangverenigings -
 kampkonsertere - skeppende talent ontluik - kafees
 en ateljees - kampkoerante - handbedrywighede -
 nuttige tydsbesteding - hutbouery verseker meer
 privaatheid.

HOOFSTUK 7

GODSDIENS EN ONDERWYS IN DIE KAMPE

291

Predikante in kampe - hulle rol - Britse houding
 i/s geestelike bearbeiding in die kampe - pre=
 dikante deur owerheid goedgekeur - talle predi=
 kant-krygsgevangenes - sommige toegelaat om
 dienste te hou - kerklike kommissie in Kaapstad -
 predikante na kampe afgevaardig - krygsgevangenes
 behartig self groot deel van geestelike werk -
 bloeityd in godsdienstige lewe - owerheid tree soms
 op teen predikante.

Onderwys deur oud-onderwysers - organisasie van
 kampscole - aanvanklike probleme - groot belang=
 stelling veral by ouere gevangenes - boekskenkings
 uit bevriende lande - onderwys bloei - waarde van
 kampscole.

HOOFSTUK 8

ONTSNAPPINGS UIT GEVANGENSKAP

384

Ontsnappings reeds te velde bewerkstellig -
 vanaf treine gedurende transport - geslaagde
 pogings uit Bellevue - ontsnappingstonnels -
 gevare - verskerpte maaatreëls teen ontsnappings -
 deportasie - pogings om bote gedurende seereise

oor te neem - pogings uit oorsese kampe - min sukses - deeglike bewaking - onderlinge verraad - enkele geslaagde pogings uit Bermuda, St. Helena, Ceylon en Indië.

HOOFSTUK 9

DIE LEED VAN GEVANGENSKAP

426

Ondergeskikte posisie van krygsgevangenes - dwang en vernedering - geweldpleging in kampe - wagte vuur op vergaderde krygsgevangenes - weerloos teen sodanige geweld - onluste - misbruik van mag deur wagte - ondersoek na onluste nie onpartydig - enkele krygsgevangenes deur wagte doodgeskiet - oppervlakkige ondersoeke - krygsgevangenes verbit= terd - epidemies in kampe - swak mediese diens - siekte en dood - eedaflegging - verdeeldheid - twiste en vyandskap - kampbedrywighede deur verdeeld= heid en politieke spanning benadeel.

HOOFSTUK 10

DIE OPTREDE VAN VREDESKOMITEES IN DIE KAMPE

467

Oorlopers uit Boeregeledere reeds vroeg in oorlog - vorm vredeskomitees - voorstanders van oorgawe - afgesante na kampe gestuur - deur owerheid beskerm - kry sterk steun in kampe - verwek verdeeldheid en vyandskap - getroues straf eedafleggers - owerheid deporteer Boereleiers - versteur samehorigheid in kampe - verenigingslewe nadelig getref - onderlinge wantroue - spesiale kampe vir eedafleggers - geniet voorregte - owerheid

meng direk in komplewe - strafmaatreëls deur owerheid.

HOOFSTUK 11

DIE BITTER EINDE

522

Aankondiging van vrede voorafgegaan deur bespiegeling - onsekerheid oor aard van samesprekings - vrede met vreugde begroet - onbekend met voorwaardes - ongeloof oor voorwaardes - betwyfel waarheid - verlang bevestiging uit Suid-Afrika - gemengde reaksie - party lê eed af, andere weier - eed is voorwaarde vir repatriasie - eedaflegging geskied stadig - dwangmaatreëls deur owerheid - bittereinders ook uiteindelik verplig om eed af te lê - enkeles weier - in vreemde wêrelddele oorlede.

BESLUIT

562

Saaklike oorsig - gevangening - behandeling - aanpassingsprobleme - invloed van godsdiens op hul houding en gesindheid - bydrae van individuele krygsgevangenes tot hul bannelingoorde - positiewe uitwerking van hul gevangenskap op die krygsgevangenes - dissipline - groepsgevoel.

BYLAES

575

BRONNE

604

AFKORTINGS.

K.A.	Kaapse Staatsargief.
T.A.	Transvaalse Staatsargief.
V.A.	Vrystaatse Staatsargief.
O.M.	Oorlogsmuseum, Bloemfontein.
V.A. (O.M.-vers.)	Oorlogsmuseum-versameling.
V.A. (R.V.)	Renier-versameling.

INLEIDING

Voordat daar oor die Boerekrygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog geskryf kan word, is dit noodsaaklik dat helderheid oor die begrip, "krygsgevangene", verkry word. Volgens die Encyclopaedia Britannica, is die term, "Prisoner of War" "commonly used to mean any person captured or interned by a belligerent power during war. In the strictest sense it is applied only to members of regularly organized armed forces but by broader definition it has also included guerillas, civilians who take up arms against an enemy openly, or non-combatants associated with a military force."¹

Wat gewone burgerlikes betref, word dus alleen diegene "who take up arms", by die begrip ingesluit en kan hulle gevolglik as krygsgevangenes aangekeer word. Deur hul vrywillige optrede het sodanige burgerlikes hulself aktief by die oorlogvoering betrek. Wat die "non-combatants" betref, is die bewoording van die definisie uiters vaag, want dit sal moeilik wees om met juistheid te bepaal wat alles by "associated with a military force", ingesluit is. Die Chambers Twentieth Century Dictionary omskryf 'n "non combatant" as "any one connected with an army who is there for some other purpose than that of fighting, as a surgeon, a chaplain: a civilian in time of war."² In sy breedste betekenis sou dit dus moontlik wees om die ganse Boerevolk gedurende die Anglo-Boereoorlog, by die begrip in te sluit, want almal was in 'n mindere of meerdere mate by die vryheidstryd betrokke, al was dit bloot vanweë die feit dat hulle burgers van die Republiek was. Aan die ander

1. Encyclopaedia Britannica. A New Survey of Universal knowledge, Vol. 18, pp. 520-522.

2. Chamber's Twentieth Century Dictionary. New Mid-century Version. Edited by William Geddy.

kant bly dit egter 'n ope vraag of die Boeremagte wel as 'n "military force" beskryf kan word, aangesien die Republieke nie 'n georganiseerde militêre mag of leër gehad het nie.

Die omskrywing van "krygsgevangene" bring egter mee dat daar ook duidelikheid oor die term, "belligerent", verkry moet word, aangesien laasgenoemde in 'n mate eersgenoemde kwalifiseer. Artikel 1 van "qualifications of belligerents", in die reëls van die Konvensie van Den Haag, 1899, stel dit, dat "the laws, rights, and duties of war apply not only to armies, but also to militia and volunteer corps, fulfilling the following conditions:

- (i) To be commanded by a person responsible for his subordinates;
- (ii) to have a fixed distinctive emblem recognisable at a distance;
- (iii) to carry arms openly and (iv), to conduct their operations in accordance with the laws and customs of war.

In countries where militia or volunteer corps constitute the "army", or form part of it, they are included under the term."³

Artikel 2 gee verdere helderheid wat die bevolking van 'n besette gebied betref. "The population of a territory which has been occupied who, on the enemy's approach, spontaneously take up arms to resist the invading troops without having time to organise themselves in accordance with article 1, shall be regarded a belligerent, if they respect the laws and customs of war."⁴

Artikel 3 noem die verdere interessante feit, dat "the

3. Stead, W.T.: Methods of Barbarism. The Case for Intervention, pp. 18-19.

4. Ibid., p. 19.

armed forces of the belligerent parties may consist of combatants and non-combatants. In case of capture by the enemy both have a right to be treated as prisoners of war."⁵ Volgens hierdie artikels in die Den Haagse Konvensie word die grootste deel van die bevolking van die Republieke dus in die algemene omskrywing van "belligerent" ingesluit en is hulle aan gevangeneeming as krygsgevangenes blootgestel.

In die "Laws of War" van die Den Haagse Konvensie word daar volgens die Encyclopaedia Britannica ook tussen konsentrasiekampe, krygsgevangenekampe en "military concentration camps" onderskei. Eersgenoemde word in die Britannica as "internment centres outside the ordinary detention system, in which persons are confined for reasons of military or political security, and for the punishment or exploitation", beskryf. Krygsgevangenekampe word as "camps in which captured military personnel are held under the laws of war," gekwalifiseer.⁶ Die term, "military concentration camps" word ooreenkomstig dieselfde bron, soos volg gedefinieer: "In periods of hostility, civilian populations sometimes have been concentrated in camps to prevent them from engaging in guerilla warfare or providing aid to enemy forces, or simply as a means of terrorizing the populace into submission."⁷ Die vraag ontstaan dadelik of burgerlikes wat op die manier aangekeer en in militêre konsentrasiekampe aangehou is, as krygsgevangenes beskou en as sodanig behandel mag word. In verband met Kitchener se optrede in Suid-Afrika ten opsigte van die militêre konsentrasiekampe, word die volgende opmerking deur dieselfde bron gemaak: "Having withdrawn his garrisons to major centres, Kitchener established

5. Ibid., p. 19.

6. Encyclopaedia Britannica Vol. 6, p. 251.

7. Ibid., p. 251.

concentration camps for the confinement of non-combatants."⁸ Vir hierdie optrede was daar seker min of geen regverdiging nie, maar die reëls van die Den Haagse Konvensie het dit ook nie verbied nie; gevolglik het die ophoping van vroue en kinders en ander lede van die burgerlike bevolking na willekeur voortgegaan. "While reprisals against non-combatants for hostile acts against occupying military forces are not expressly prohibited by international law, they must be reasonably related to acts of provocation." Die slotsom van hierdie be-redenering is dat "the concentration camps established by military authority in Cuba and South Africa were excessive measures for military control and were not supportable in law. Even so, confinement was solely for the period of hostilities, and was not characterized by the deliberate mistreatment inflicted upon the inmates of political concentration camps."⁹

Streng gesproke kom dit dus daarop neer, dat almal wat deur die Britse magte aangekeer is en in plaaslike of oorsese kampe aangehou is, as krygsgevangenes beskou moet word. Vir die doel van hierdie werk word die vroue konsentrasiekampe, volgens Britse benaming, "refugee camps", buite rekening ge-laat en word hierdie studie uitsluitlik op die militêre krygs-gevangenes gerig.¹⁰

Reeds in die vroeë fase van die oorlog is aansienlike ge-talle burgers aangekeer en na mate die oorlog voortgeduur het, is duisende van hierdie gevangenes uiteindelik na oorsese kam-pe gestuur. Die vraag ontstaan nou, of sodanige krygsgevangenes "verban" is en of hulle verderaan as "exiles" beskou moes word. Bannelingskap is ook soos volg omskryf: "Exile is ap-

8. Ibid., p. 252.

9. Ibid., p. 252.

10. Oor die afdeling van krygsgevangenes is daar reeds breed-voerige navorsing deur dr. J.C. Otto gedoen en onder die titel, Die Konsentrasiekampe, gepubliseer.

plied to prolonged absence from one's country either by authority of the sovereign or by voluntary action of the individual."¹¹ Verbanning het waarskynlik ontstaan as "a primitive punishment of tribal law declaring an offending person an outcast and depriving him of the comfort and protection of his tribe."¹² In Engeland was algemene verbanning aanvanklik onbekend, maar sekere vorme daarvan het wel voorgekom, want "transportation or exile was a conditional pardon and an alternative to execution."¹³

Hieruit moet dus begryp word dat die wegstuur van Boere-krygsgevangenes uit Suid-Afrika na oorsese kampe, nie werklike verbanning, en dat daardie krygsgevangenes, in die ware sin van die woord nie bannelinge was nie. Die Britse oorwinnaar het hulle tydelik na ander gebiede binne sy uitgestrekte ryk gestuur, maar in geen geval na vreemde gebiede waar hulle self vir hulle 'n permanente heenkome moes vind nie. In hulle geval was hulle langdurige verblyf buite Suid-Afrika, "by the authority of the sovereign", en nie 'n vrywillige verhuising uit hul vaderland nie. Daar was wel etlike honderde Boere-vlugtelinge in Portugal in interneringskampe, maar omdat Portugal nie 'n "belligerent power" was nie, was daardie geïnterneerdes volgens die omskrywing, nie krygsgevangenes nie. Om hierdie rede, word alleen daardie gevangenes wat gedurende die Anglo-Boereoorlog deur die Britse magte gevange geneem is en op hulle gesag in Suid-Afrikaanse kampe aangehou of na oorsese kampe gestuur is, as krygsgevangenes beskou en is dit die tema van hierdie werk.

Dit moet egter beklemtoon word, dat die krygsgevangenes

11. Encyclopaedia Britannica Vol. 7. pp. 266-268.

12. Ibid., p. 266.

13. Ibid., p. 266.

self, hulle verpligte verblyf in oorsese kampe as verbanning beskou en hulleself gevolglik as bannelinge beskryf het. Hierdie feit blyk duidelik uit hulle dagaantekeninge en herinneringe wat hulle oor hul krygsgevangeneskap nagelaat het.

Met betrekking tot die tydperk van hulle oorsese verblyf was daar nooit vooraf sekerheid nie. Dit het alles van die duur van die oorlog en die voorwaardes wat daarna aan die krygsgevangenes gestel is, afgehang. Dit is twyfelagtig of die Britse militêre owerheid ooit bedoel het dat hierdie sogenaamde "verbanning" van krygsgevangenes uit Suid-Afrika 'n permanente verdrywing sou wees, alhoewel lord Kitchener, opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika, persoonlik dit sterk bepleit het.¹⁴ Vir die Britse politieke en militêre leiers was dit 'n tydelike maatreël om die Boeremagte te verswak, die Boererepublieke tot oorgawe te dwing en te voorkom dat gevangenes in groot getalle ontsnap en daardeur weer tot die oorlog toetree.¹⁵ Die wegvoer van krygsgevangenes na oorsese kampe was dus vir hulle die aangewese manier om 'n spoedige einde aan die oorlog te maak en ook die gevare van binne-landse oproere deur die teenwoordigheid van soveel duisende krygsgevangenes in 'n hoë mate uit te skakel.¹⁶

* * *

Reeds gedurende die eerste gevegte tussen die strydende magte is krygsgevangenes aangekeer, soos dit 'n algemene ge-

14. C.D. 732. Prolongation of Hostilities in S.A. p. 5. Vgl. ook, Magnus, Philip.: Kitchener. Portrait of an Imperialist, p. 185.

15. Cape Times, 9 April 1900. Ook The Cape Argus, 9 April 1900. Vgl. ook, The Cape Argus, 20 Junie 1900; Headlam, Cecil.: The Milner Papers, pp. 35-36.

16. Briggs Lady.: The Staff Work of the Anglo-Boer War 1899-1902; Embodying some of the War letters sent to the Morning Post from South Africa, pp. 28-32. Vgl. ook, The Cape Argus, 9 April 1900.

bruik tussen oorlogvoerende nasies is. Die algemene prosedure wat gedurende die Anglo-Boereoorlog deur die Britse magte gevolg is, was egter nie vry van ernstige bedenkinge nie. In hoofstuk 2 van 'n bylae tot die Den Haagse Konvensie van 1899, spesiaal opgestel met betrekking tot die kwessie van krygsgevangenes, word die feit baie duidelik gestel: "Prisoners of War are in the power of the hostile Government, but not of the individuals or corps who captured them. They must be humanely treated."¹⁷ Soos aangetoon sal word, was dit juis een van die opvallende leemtes in die Britse optrede teenoor gevangenes wat in hulle hande geval het. Volgens hulle optrede en die uiteenlopende wyse waarop die Britse magte hulle krygsgevangenes behandel het, kom dit voor asof elke offisier sy afdelings optrede self bepaal het en gevolglik willekeurig, hardhandig en in talle gevalle brutaal gehandel het. Die hele optrede en gedragskode het blykbaar van die offisier of onder-offisier afgehang.¹⁸

In verband met die persoonlike eiendom van krygsgevangenes word in die Den Haagse reëls ondubbelsinnig bepaal dat "all their personal belongings except arms, horses and military papers remain their property."¹⁹ Straks sal aangetoon word dat ook hierdie bepaling herhaaldelik oortree is, dat burgers feitlik kaal gestroop is van hulle persoonlike besittings, dat hulle waens en karre te velde aan brand gestee is, en hul klere afgeneem en teen belaglike pryse aan Nie-Blankes verkoop

17. Stead, W.T.: The Hague Rules of War. Hoofstuk 2, artikel 4.

18. V.A. (O.M.-vers.) Oorlogsdagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1. p. 64. Vgl. ook Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 66; K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, pp. 109-110.

19. Stead, W.T.: The Hague Rules of War, Hoofstuk 2, artikel 4.

is.²⁰

Wat die algemene versorging van krygsgevangenes betref, bepaal die Den Haagse Konvensie van 1899, dat hulle op dieselfde grondslag as soldate versorg en van kos en klere voorsien moet word.²¹ In hoe verre van hierdie reël afgewyk is, sal straks aangetoon word. Ook in hierdie gevalle het die kampkommandante persoonlik oor die behandeling van en die optrede teenoor krygsgevangenes besluit. Daarom was die algemene behandeling in party kampe goed, in andere swak, was daar in talle gevalle ernstige klagte, terwyl die krygsgevangenes in ander kampe oor die algemeen geen klagte gelug het nie.

* * *

Aan die einde van die oorlog was daar steeds die steurende faktore met betrekking tot beleidsake in verband met die krygsgevangenes, want repatriasie het uiteindelik 'n ontsaglike groot probleem geblyk te wees. In die geleedere van die krygsgevangenes het ontevredenheid en verbittering opgevlam, omdat daar maande lank gesloer is, voordat daar met die repatriasie begin is. Tot vroeg in 1903 was daar steeds krygsgevangenes in verlate eilandkampe. Beperkte skeepsruimte was ongetwyfeld 'n belangrike rede vir die oponthoud, maar dit sou 'n onbegonne taak wees om die Boere van die probleme in verband met repatriasie te oortuig.

20. Vgl. die getuienis van De Graaf, H., Boere op St. Helena. Die oorlogsdagboek van H. de Graaf, verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber, p. 7. Vgl. ook S.O.P., PR/A 23. J.H.L. Schumann aan die bevelvoerder van die Manilla in Simonsbaai; V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, p. 7 en p. 12.; O.M. Dagboek van A.P. Roos, p. 106; Oorlogsdagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 16; K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, pp. 67-68; K.A. Dagboek van J.A. de Villiers, p. 9.

21. Stead, W.T.: Methods of Barbarism. Die Den Haagse oorlogsreëls i.v.m. krygsgevangenes, artikel 7.

Diegene wat geld gehad het, of wie se familie in Suid-Afrika vir hulle daarvoor gesorg het, kon op eie koste met enige passasierskip sonder enige verdere oponthoud na Suid-Afrika terugkeer, maar die oorgrote meerderheid moes die lang maande met ongeduld afwag en intussen die lewe van krygsgevangenes voer, selfs al het hulle reeds die eed van getrouheid afgelê. Alles het steeds onder militêre beheer en bevel plaasgevind.

Ook na hul aankoms in Suid-Afrika was daar die elemente wat die gevangenes verbitterd laat voel het. Hulle wat as enkelinge teruggekom het, kon die terugpad dadelik vat, maar hulle wat in groot groepe gekom het, moes soos gevangenes na die Bellevuekamp marsjeer en daar opnuut die lewe van krygsgevangenes smaak, totdat daar vir hulle treinvervoer noordwaarts gereël kon word. Vir hulle tydelike behoeftes moes gesorg word soos vir krygsgevangenes. Hierdie tergende oponthoud en die behandeling as krygsgevangenes het groot rede tot ontevredenheid en opstandigheid verskaf.²² Die gevangenes was haastig om na hulle huise terug te keer en kon op daardie tydstip beswaarlik rede insien waarom hulle eers 'n paar dae in Bellevue moes oorbly, voordat daar vir hulle binnelandse vervoer, reëlings getref kon word. Dit kon volgens hulle met veel groter sukses en tot groter algemene tevredenheid vooraf gereël ge-wees het.

22. Vgl. S.O.P., PR/A 5108. Kommandant van Bellevue aan Kaptein Westerford op 24 Augustus 1902, in verband met die weiering van gerepatrieerde oud-gevangenes om na Bellevue Kamp geneem te word. Hulle weier op grond van die feit dat hulle vrye Britse onderdane is. Vgl. ook S.O.P., PR/A 4407. Brief van Boere-offisiere op 4 Julie 1902 aan Kolonel C. Hyman, stafoffisier vir krygsgevangenes in Kaapstad, oor dieselfde onderwerp.

HOOFSTUK 1GEVANGENEMING EN VERBANNING

Dit was reeds kort na die begin van die oorlog duidelik dat die Britse leerleiding geheel en al onvoorbereid was om groot getalle krygsgevangenes doeltreffend te huisves. Die militêre leiers was blykbaar aanvanklik daarvan oortuig dat die oorlog in Suid-Afrika van korte duur sou wees, dat vyandelikhede gou beëindig sou word en dat alle verset na die formele anneksasie van die Republieke sou bedaar. Dit het egter nie gebeur nie en toe die oorlog na lord Roberts en Kitchener se proklamasies steeds voortgewoed het, moes daar inderhaas tot drastieser maatreëls besluit word om die verset te breek.

Teen hierdie tyd het die gevangening van burgers en andere reeds so 'n omvang aangeneem dat die aanhouding van die gevangenes vir die militêre owerheid onhanteerbaar geword het. Dit het hoofsaaklik drie probleme meegebring. Eerstens was daar die kwessie van akkomodasie vir die gevangenes. Met die toenemende getalle Britse troepe wat na Suid-Afrika verskeep is, was alle beskikbare militêre kampe deur hulle in gebruik. Die aanhouding van krygsgevangenes in hierdie kampe, moet dus hoogstens as 'n tydelike maatreël deur die Britse militêre leiers beskou word. Daar moes gevolglik ander veilige en vaste kampe ingerig word vir die uitsluitlike aanhouding van krygsgevangenes. In die beginfase van die oorlog kon 'n paar krygsgevangekampe in verskillende sentra in Suid-Afrika die betreklik geringe getalle akkomodeer, maar as gevolg van massaoorgawes het hierdie kampe spoedig te klein geword en sou die

moontlikheid van oorsese kampe sterk oorweeg word. Bowendien was die bevryding van krygsgevangenes deur beweeglike Boerekommando's nie uitgesluit nie en geen kamp in Suid-Afrika sou gevolglik as "veilig" beskou word nie. Oorsese kampe het ongetwyfeld groot voordele ingehou en daarom het die verspreiding van Boerekrygsgevangenes oor uitgestrekte dele van die Britse ryk plaasgevind.

Om kampgeriewe in die Britse ryk te vind, sou geen groot probleme oplewer nie, want versprei oor sy groot wêreldryk, het Engeland gedurende sy veroweringsoorloë oral militêre poste of kampe gehad en die kon gemaklik tot aanhoudingsplekke vir krygsgevangenes ingerig word. Die meeste van dié kampe was reeds in onbruik, maar dit kon met groot doeltreffendheid vir die gebruik van krygsgevangenes opgeknop word. In die Bermudas was daar byvoorbeeld talle onbewoonde eilandjies wat eweneens tot nuttige aanhoudingsplekke vir Boerekrygsgevangenes ingerig kon word. Die verspreiding in kleiner kampe oor 'n wye gebied sou ook die moontlike vorming van gevaarlike magsblokke van vyandiggesinde gevangenes in 'n groot mate teëwerk.

Tweedens het die voeding van krygsgevangenes vir die Britse militêre owerheid 'n probleem opgelewer. In die oorloggeteisterde twee Republieke het die boerderybedrywighede feitlik tot stilstand gekom en opgegaarde graanvoorraad en die veestapel is deur die vyand verwoes of grootliks uitgedun. In die Kaapkolonie was daar uiteraard nie sulke omvangryke voedselproduksie dat dit die toenemende behoeftes van groot getalle krygsgevangenes kon versadig nie. Voorrade moes dus deur die Britse transportskepe vervoer word, maar die meeste skeepsruimte was benodig vir die aanbring van oorlogs-

voorraad, troepe en krygstoerusting. In nie een van die Britse oorsese gebiede was daar 'n oorvloed lewensmiddele nie, maar in sekere behoeftes sou wel in 'n mate plaaslik voorsien word, in geval krygsgevangenes na hierdie gebiede weggevoer word. Die Britse gesag sou steeds vir die materiële versorging van die krygsgevangenes verantwoordelik wees, maar essensiële voorrade sou plaaslik verkry kon word en daardeur sou die voedselprobleem vir die Britse owerheid aansienlik verlig word. Bowendien sou dit in talle gevalle die plaaslike ondernemingsgees op handels- en landbougebied stimuleer, produksie verhoog en plaaslike vooruitgang bevorder. Om hierdie redes was die verspreiding in geringe getalle in verskillende kampe oor 'n wye gebied in 'n hoë mate 'n geskikte verligting van genoemde probleem.

Derdens was daar die probleem van ontsnapping uit gevangenskap. Dit sou feitlik onmoontlik wees om krygsgevangenes so deeglik te bewaak dat daar nooit waaghalsige of vindingryke gevangenes hul pad terug na die kommando's vind nie. Sulke gebeurtenisse kon 'n tweërlei uitwerking op die oorlogspoging hê. Dit kon die vertroue in die Britse veiligheidsmaatreëls ernstig skaad en die Britse militêre deeglikheid ernstig onder verdenking plaas. Dit kon 'n onberekenbare uitwerking op die twyfelaar in Afrikanergeleedere uitoefen en kon die neutrale toeskouer in 'n partydige deelnemer verander. Geslaagde ontsnappings uit gevangenskap kon ook die Afrikaanse nasionaliteitsgevoel stimuleer en dit sou op sy beurt tot 'n vorm van heldeverering van hierdie dapperes lei en daardeur die jonger geslag koloniale Boere tot verset en selfs tot rebellie aanspoor. Van Britse kant is daarop gesinspeel dat groot aanhoudingskampe in Suid-Afrika 'n gevaarlike toe-

stand vir die vreedsame Afrikaanse publiek wat moontlik ontsnapte krygsgevangenes huisves, kon skeep.¹ Grootskaalse ontsnappings uit gevangenskap sou noodwendig meebring dat die Britse owerheid verplig sou word tot omvangryke troepebewegings en krygsoptrede binne die woongebiede van die vreedsame stedelike en plattelandse bevolkings.

Uit 'n praktiese en militêr-strategiese oogpunt was die aanhouding van duisende Boerekrygsgevangenes in Suid-Afrikaanse kampe, swak beleid, veral in die later stadia van die oorlog toe Kaapse rebellemagte oral in die Kaapkolonie met grootskaalse militêre bedrywighede besig was. 'n Uitweg uit hierdie probleem en die moontlike ernstige gevolge daarvan, sou dus wees om die krygsgevangenes oor die uitgestrekte Britse ryk te versprei en so min as moontlik van hulle in Suid-Afrika agter te hou.

Veral met die oog op moontlike ontsnappings uit gevangenskap het oorsese kampe vir die Britse owerheid groot voordele ingehou. Diep in die Indiese binneland sou dit byvoorbeeld, selfs vir die waaghalsigste gevangenes onmoontlik wees om uit gevangenskap weg te kom. Selfs al sou gevangenes daarin slaag om buite die kampsrensse te kom, was die kans om hul vryheid te herwin en weer in Suid-Afrika te kom, haas onmoontlik. Enkele ontsnappings het wel voorgekom, maar dit het onder die bepaalde omstandighede nooit op uitgebreide skaal plaasgevind nie. Ontsnappings uit Indiese kampe sou gevolglik nooit enige noemenswaardige betekenis op die verloop van die oorlog hê nie.

Behalwe die aardrykskundige faktore soos die uitgestrektheid en klimaatsomstandighede waardeur ontsnappings 'n ydele

1. The Cape Times, 9.4.1900.

hoop geword het, was daar nog die besondere waaksaamheid van die verarmde bevolkingselemente aan wie geldelike vergoeding betaal is vir die aankeer van ontsnapte krygsgevangenes.²

Ook die afstand tussen die Indiese banneling-oorde en Suid-Afrika, het suksesvolle ontsnappings 'n onbegonne taak gemaak, selfs al sou krygsgevangenes die waaksaamheid van die wagte en die inheemse bevolking kon ontduik. Wat waar van die Indiese kampe was, het ook gegeld vir dié in Ceylon, op St. Helena en in die Bermudas. Wat die Bermudas betref, moet in aanmerking geneem word dat die hele eilandgroep uit ongeveer 360 eilandjies bestaan en 'n denkbeeld kan enigsins gevorm word van die probleme wat 'n gevangene sou ondervind om vandaar te ontvlug. Die eilandgroep lê nie langs groot internasionale seeroete nie en dit was hoofsaaklik Britse skepe wat vir die krygsgevangenes bereikbaar was en daarmee sou hulle beswaarlik kon wegkom.

Kampe in Ceylon sou ook hul voordele hê. R.L. Brohier beweer: "It seemed abundantly clear that Ceylon undoubtedly possessed advantages for securely and comfortably lodging European prisoners-of-war. Local conditions promoted the assurance that compared with Cape Town, where the prisoners brought their plans of wholesale escape to the verge of maturity without the authorities having the slightest suspicion of their intentions, the chances of escape from Ceylon were very remote."³ Die vreemde en onbekende land, die vreemde

2. Brink, J.N.: Ceylon en die Bannelingen, p. 122. Vgl. ook, Knight, E.F.: With the Royal Tour, p. 62; Brohier, R.L.: The Boer Prisoners of War in Ceylon. (1900-1902), p. 33.

3. Ibid., p. 2.

ras met onbekende taal en 'n hawe onder Britse beheer, het ontsnappingsmoontlikhede tot 'n minimum beperk.

As "verbanningsoord" vir Boerekrygsgevangenes was St. Helena eweneens uiters geskik, aangesien dit volkome deur die Atlantiese oseaan omring is, oor 'n uiters gevaarlike kuslyn beskik, en selde deur ander as Britse skepe besoek is.

Die feit dat die krygsgevangenes na die vreemde gebiede weggevoer is, het die verdere voordeel ingehou dat kommunikasie met die inheemse bevolking van daardie gebiede bykans onmoontlik was. Daardeur sou die moontlikheid van hulpverlening aan gevangenes gedurende ontsnappingspogings deur die onderskeie bevolkingselemente prakties nie bestaan nie. Die risiko-element met betrekking tot ontsnappings was gevolglik uiters skraal.

Die wegvoer van krygsgevangenes na wydverspreide dele van die Britse ryk kon ook 'n sielkundige uitwerking op die strydende burgers sowel as die gevangenes hê. Die vrees vir "verbanning" moes die burgers op kommando noodwendig aan oorlog laat dink om daardeur moontlike "verbanning" vry te spring. Hierdie sielkundige ingesteldheid het die Britse magte bevoordeel. Vir die krygsgevangenes het die feit dat hulle oorsee weggevoer word 'n nadelige sielkundige invloed gehad want dit sou hulle voor 'n voldonge feit plaas. Vir hulle was die oorlog prakties verby en hulle lyding en ontberings kon op geen wyse enige verdere rol in die verloop van die oorlog speel nie. Kanse om te ontsnap, was uiters skraal en hulle in gevangenskap was eentonig en kleurloos sodat dit vir hom haas 'n straf geword het. Intussen was hul hartsbegeerte steeds om na hul vaderland en huisgesinne of familie terug te keer, maar hul besef terdeë dat dit net kan gebeur as daar

vrede is. Hierdie gemoedstoestand van die krygsgevangene kon deur die vyand met goeie gevolg ingespan word om vrede af te dwing. In hierdie geestestoestand word die krygsgevangenes gevolglik vatbaar vir die beïnvloeding van die gedagte dat die verdere stryd sinloos en nodeloos geword het en dat 'n voortsetting daarvan net tot groter verwoesting van hul land en tot groter ellende van hul mense sou lei.⁴ Verdere oorlogsvoering sou dus hul eie terugkeer na hul land met maande of selfs jare vertraag. Met hierdie woelinge in hul gemoedselewe en die subtiele beïnvloeding deur hulle wat reeds gewanikel het en die vyand begin napraat het, kon die krygsgevangenes in hul verre afsondering 'n waardevolle bondgenoot van die vyand word om die getroues op die slagveld se moed te knak en om hul ook hul wapen te laat neerlê.⁵ Die skeiding oor soveel duisende myle van sy land en sy dierbares kon sy uitwerking op die krygsgevangenes nie mis nie. Hierdie moontlike rol van die krygsgevangenes kon en sou ruimskoots vergoed vir die enorme koste wat die transport en onderhoud van soveel duisende krygsgevangenes vir die Britse ryk meegebring het.

Aanhouding in oorsese kampe sou ook 'n verdere voordeel vir die Britse politiek inhou. Die krygsgevangenes word hiermee onverbiddelik voor 'n onweerlegbare feit gestel. Hulle is uit hul land weggevoer en besit geen middel tot hul beskikking om ooit weer na hul land terug te keer nie. Slegs op die vyand se voorwaarde en met die vyand se hulp sou hulle daardie voorreg weer mag smaak. In 'n kamp in Suid-Afrika sou die vyand daardie mag oor die krygsgevangenes nooit kon

4. C.D. 903. *Affairs in South Africa*, p. 47.

5. *Ibid.*, p. 126. Vgl. ook C.D. 921, *Petition of Boer P.O.W. at Bermuda; V.A. (O.M.-vers.) Oorlogsdagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom*, dl. 2, p. 45.

uitoefen nie. In hul duisendtalle in oorsese kampe aangehou sou hulle almal uiteindelik die eed van trou aan die Britse kroon moes aflê, die Britse voorwaardes onderskryf as enigste uitweg om na hul vaderland gerepatrieer te word.

Die toenemende getalle krygsgevangenes het gevolglik vir die Britse militêre owerheid groot probleme meegebring, omdat hulle geskikte plekke van aanhouding moes vind en daarvoor hoofsaaklik op gebiede oorsee aangewys was, maar vir so 'n drastiese stap as "verbanning" moes genoegsame regverdiging gevind word.

Reeds op 14 Maart 1900 skryf The Cape Argus oor die noodsaaklikheid van "verbanning" van krygsgevangenes en wys op die "necessity, to remove from them (die krygsgevangenes) the chances of escape which offer themselves here. If an argument was wanted for the removal of the prisoners out of the country, it was supplied by the daring attempt made by some of them to tunnel their way out of their camp at Simons Town. Transportation is the best possible means of safeguarding the prisoners."⁶

Hierdie pleidooie vir die oorplasing van krygsgevangenes uit Suid-Afrika na oorsese kampe, dra in werklikheid nie veel gewig nie. Selfs al sou krygsgevangenes suksesvol uit kampe ontsnap en weer by die kommando's aansluit, is dit baie twyfelagtig of dit in sulke getalle sou kon plaasvind, dat dit enige noemenswaardige invloed op die verloop van die oorlog sou kon uitoefen. Daar moet in gedagte gehou word, dat die kampe in Kaapstad, Simonstad en in Durban was, ver van die werklike gevegsterreine en dat die kanse vir opsporing van ontsnaptes besonder gunstig was. Slegs klein getalle sou die

6. The Cape Argus, 14.3.1900.

kommando's kon haal.

Daar moes gevolglik oortuigender beweegredes gevind word om diegene wat skepties teenoor die grootskaalse wegvoer van gevangenes was, daarvan te oortuig dat dit onontbeerlik was en dat dit 'n bepaalde goeie doel sou dien. Die belange van die hele gemeenskap moes daarvoor ingesleep word. In April 1900 kom dieselfde koerant opnuut met 'n artikel om die wegstuur van krygsgevangenes na oorsese kampe te verdedig en selfs hartstogtelik te bepleit. Die veiligheid van die publiek word as 'n rookskerm opgewerp om hierdie hardvoggige daade goed te keur. "It is all very well to whine over Boer prisoners being sent to St. Helena," skryf die redakteur, "but it seems as if there would be neither peace nor safety for the civil population of the Peninsula until all the prisoners have either been placed on transports or sent to the island. The Boers have themselves to thank if the conditions of their confinement are made such as to render escape practically impossible."⁷ Die koerant toon ongelukkig nie aan hoedat die teenwoordigheid van krygsgevangenes die veiligheid van die publiek bedreig nie. Die pleidooi van die redakteur berus egter ook op sekere meriete. Die moontlikheid dat groot getalle krygsgevangenes met geweld uit die kampe kon breek, was nie uitgesluit nie. In sodanige geval sou die militêre leiers tot militêre optrede en krygsverrigtings binne die grense van Kaapstad en onmiddellike omgewing moes oorgaan. Die redakteur noem vervolgens die ontsnappings gedurende die vorige dae en die omvangryke bedrywighede om ontsnappes aan te keer. "The inhabitants had the unpleasant experience of soldiers rushing about the place and entering some

7. Ibid., 9.4.1900.

of the houses in the belief that prisoners had taken refuge in them, and one coloured servant was on the point of being shot at because the soldier thought he was one of the prisoners."⁸

Die koerant skets ook ander dwingende faktore om krygsgevangenes oorsee te stuur en hierdie keer geld dit die geluk en welvaart van die ongelukkige krygsgevangenes self. Die koerant stel vas dat "unfavourable conditions for keeping the prisoners here, are manifesting themselves daily, and the authorities intend to ship them all to St. Helena."⁹ Dit het ook vir die koerant nodig geword om die karakter van die krygsgevangenes onder verdenking te plaas, sodat die groot-skaalse wegvoer van twyfelagtige karakters die seën van die breë publiek sou weg dra. Daarom beskryf dié koerant 'n nuwe groep krygsgevangenes wat in Kaapstad aangekom het, as "an extra bad lot who had again taken up arms after once surrendering, have to-day had their property confiscated and been publicly banished to Ceylon, to be dealt with as the authorities may deem fit." Een sodanige is reeds verhoor, skuldig bevind en word nou verban "to serve his time until the close of the war and two years hard labour afterwards."¹⁰ Hierdie artikel het egter hiermee die masker van die vroeëre beweegredes afgehaal en "verbanning" blootgelê vir wat dit bestem was om te wees - 'n straf- en afskrikmiddel om die burgers tot oorgawe te dwing, uit vrees vir moontlike "verbanning".

Die Cape Argus van September 1900 gaan op sy vorige deuntjie voort en volhard in sy pogings om "verbanning" van

8. Ibid.

9. Ibid., 11.4.1900.

10. Ibid., 20.6.1900.

krygsgevangenes in 'n goeie en mooi lig te stel. Teen daardie tyd het die koerant reeds drie belangrike redes vir dié drastiese stap saamgeflans. Eerstens noem die koerant die feit dat krygsgevangenes gedurig probeer ontsnap; tweedens word die krygsgevangenes as 'n bedreiging van die Britse bevolking in Kaapstad en omgewing voorgelou, en derdens is daar die "sneering defiance of Great Britain, and the refusal to recognise that both the Orange Colony and the Transvaal are conquered territories. Like the war itself, the deportation of prisoners has been an intensely painful duty; but being a clear duty it has been done without flinching." Die koerant borduur op hierdie argument voort: "The sooner the Boers now in the field yield to the inevitable, and finally lay down their arms and yield their artillery, the sooner will the prisoners of war be enabled to return to their homesteads, not alone to their own satisfaction, but to the satisfaction of the Commander-in-chief and the British Nation."¹¹

Of hierdie sogenaamde beweegredes ook die amptelike redes was, is onduidelik, maar wat genoem word, klink uiters onoortuigend vir sodanige stappe. Ontsnappings van krygsgevangenes en die uitwerking daarvan op die verloop van die oorlog, verdien geen verdere bespreking as die geringe persentasie ontsnappings teen die oorweldigende getalle van die Britse magte in Suid-Afrika gestel word nie. Selfs die suksesvolle ontsnapping van 'n paar honderd krygsgevangenes het geen rol in die oorlog gespeel nie.

Die argument dat krygsgevangenes die veiligheid en vrede van die Britse bevolking in die Kaap bedreig het, het niemand

11. Ibid., 3.9.1900.

seker oortuig nie. Die skepping van 'n denkbeeldige gevaar in die hart van die Britse samelewing aan die Kaap kon egter 'n besliste uitwerking op die sensasiebeluste lojales en twyfelars uitoefen en die gevaarlike situasie kon hulle dan in 'n hegte lojale verband saamsnoer, sodat die militêre owerheid in die toekoms meer op die samewerking van die publiek kon steun om ontsnaptes en ander "vyande" uit te ruik en hulle aan die owerheid uit te lewer.

Daar was egter ook ander stemme wat van hulle laat hoor het. Op 27 Maart 1900 is in Stellenbosch 'n aantal resolusies in verband met die wegvoer van krygsgevangenes aangeneem. "This meeting is profoundly grieved at the decision of the Imperial Government to deport a portion of the Republican prisoners of war to St. Helena and is satisfied that such a procedure will provoke a spirit of bitterness and resentment which will not tend to the desired restoration of peace in South Africa."¹² Soortgelyke besluite is ook agtereenvolgens in Kuilsrivier, Worcester en Murraysburg geneem.¹³

Teen die gevangening van burgers te velde kan daar beswaarlik kritiek uitgespreek word. Die "Rules of war" van die Den Haagse Konvensie van 1899 maak voorsiening vir die gebruik dat ook "non combatants" onder bepaalde omstandighede aangekeer mag word en as sodanig as 'n internasionale gebruik aanvaar moet word.¹⁴ Dit het egter gedurende die Anglo-Boereoorlog gebeur dat duisende vreedsame burgers, vroue, kinders en oues van dae wat geen aandeel in die oorlogvoering gehad

12. C.D. 261. Affairs in South Africa, p. 58.

13. *Ibid.*, pp. 92-93.

14. Stead, W.T.: Methods of Barbarism. The case for Intervention, p. 19.

het nie, gevange geneem is. Die aanleiding tot hierdie willekeurige en arbitrêre arrestasie, aankeer van die bevolking, en wegvoering van duisende van hulle na oorsese kampe, moet dus in die oogmerke van die Britse opperbevel gesoek word.

Die dag na die oorgawe van generaal P.A. Cronje by Paardeberg, skryf lord Roberts aan die staatsekretaris: "and he (Cronje) with the other prisoners, numbering 3919 men, were despatched in the afternoon to Cape Town. The despatch of these men, with nearly 4,000 other prisoners (sic!), to Cape Town cannot fail to encourage the loyal inhabitants of the Cape Colony and Natal, and to dishearten the disaffected, while the capture of one of the ablest and most determined commanders must inflict a severe blow on the Boer cause."¹⁵

Die Britse magte het egter nie alleen burgers op die slagveld gevange geneem nie; duisende ander mense het hulle ook ten prooi geval. 'n Groep van die Hollandse Rooi Kruis is onder andere aangekeer en as krygsgevangenes na Ceylon verban. In die Nederlandse Tweede Kamer is heftig daarteen geprotesteer. 'n Nederlandse minister het egter daarop gewys dat die afkeer aan die Britse stap op onvolledige inligting, berus en dat die Britse owerheid "die gepleegde handelingen als zeer ernstige overtredingen beschouwe."¹⁶ Desnieteenstaande was die Hollandse Tweede Kamer nie met die Britse optrede tevrede nie, en het meer inligting oor dié aangeleentheid geëis.

Die strydvraag het hier gehandel "omtrent de wyze waarop personen, niet tot een der oorlogvoerende partyen behorende,

15. C.D. 457. South African Despatches, Vol. 1. Lord Roberts aan Staatsekretaris.

16. Het Utrechtse Dagblad, 8.12.1901, p. 1.

die deel uitmaken van eene ambulance van het Roode Kruis, berecht moeten worden voor het geval dat zy in stryd met de neutraliteit hebben gehandeld, zyn in de bestaande internasionale overeenkomsten geen regels te vinden; op grond van algemene beginselen van oorlogsrecht mag echter worden aangenomen dat de militaire autoriteiten van de oorlogvoerende landen, de bevoegdheid bezitten om in het geval van overtreding der neutraliteit op te treden tegen de leden van ambulances van het Roode Kruis, ookal behooren deze tot neutrale landen."¹⁷

Dr. J.D. Coster,¹⁸ hoof van die betrokke ambulansafdeling, en die Britse offisiere het uiteenlopende en botsende verklaring oor die gebeurtenis afgelê. Dit kom egter uiters verdrag voor, dat die beampes van die ambulans reeds op 13 en 16 Julie 1900 amptelike verslae oor die aangeleentheid, vir die Nederlandse Konsul-generaal ingedien het, maar dat dit hom eers op 10 September 1900 bereik het. Twee maande lank is hierdie verslae dus deur die Britse gesag vertraag en is dr. Coster daardeur verhinder om hom mondeling of skriftelik op die aanklagte teen hom te verdedig, want hy is reeds op 18 Julie 1900 na Ceylon verban.¹⁹

Die vraag bly egter steeds of die ambulansmanne van die Hollandse Rooi Kruis "bezwarende stukke" by hulle gehad het en of hulle hulle enigins aan 'n oortreding van neutraliteit skuldig gemaak het. Wat hierdie saak verder vertroebel, is

17. Ibid.

18. Te onderskei van dr. Herman Coster wat op 21.10.1899 by Elandslaagte gesneuwel het. Oor die korrekte spelling van dr. J.D. Coster se van is daar verwarring, aangesien dit herhaaldelik ook as dr. J.D. Koster voorkom.

19. Het Utrechtse Dagblad, 8.12.1901, p. 1.

die feit dat 'n Britse offisier, vroeër die dag van hul gevangening, die ambulans voorgekeer en daarna skriftelik gesertifiseer het dat "the ambulance in charge of Dr. Coster has been searched at Irene and has been passed correct."²⁰ Daar bestaan geen rede om dr. Coster se verklaring in twyfel te trek nie. Die Britse owerheid het reeds by vorige geleenthede "berichten vervalscht ten einde op hulle misdaden een ander licht te doen vallen," aldus die Utrechtse Dagblad.²¹ Die skrywer kom tot die skokkende gevolgtrekking dat "op vasche beschuldiging worden de mannelyke leden der zending op Ceylon gevangen gehouden."²²

Oor willekeurige gevangening van onskuldige mense en hulle wegvoer oorsee deur die Britse magte bestaan daar weinig twyfel. Mense is gevange geneem en weggestuur sonder dat daar in talle gevalle enige rede vir sodanige stap verstrekk is. Piet Cronje, 'n seun van ag jaar oud, vertel self: "Ge ruime tyd nadat die oorlog aan die gang was, het die Engelse my en my broer gevange geneem, omdat ons vader op Kommando by die boere was."²³ Die twee kinders het bitterlik gesoebat, maar die Britse offisier wou hulle nie vrylaat nie, "omdat my vader nog veg."²⁴ Hulle is uiteindelik albei na Groenpuntkamp gestuur.

Die Britse gesag het ook nie gereeld redes verstrekk waarom sekere persone aangekeer en as krygsgevangenes weggevoer is nie. Met die uitbreek van die oorlog was daar ongeveer

20. Ibid., p. 3.

21. Ibid., p. 5.

22. Ibid.

23. Koerantuitknipsel in besit van outeur hiervan (Die naam en datum ontbreek). Vgl. ook, V.A.(R.V.) 119.561. P.W. Cronje - Renier, 29.9.1954.

24. Ibid.

60 000 burgers wat vir krygsdiens opgeroep kon word, maar "by the close of 1901, over 160 000 souls of all classes and colours, were held in these camps, and the military command had found it necessary to transport men and boys captured in the military drives* to camps in Ceylon, St. Helena and Bermuda."²⁵ Die "drives" het vir Britse troepe die geleentheid geskep om feitlik enigeen gevange te neem, hoewel hulle geen aandeel in die oorlog gehad het nie. Dit verklaar ook waarom die getalle wat hulle self noem, so oorweldigend hoog is in vergelyking met die getalle krygspligtige burgers van die twee Republieke.

Mev. A.S. Green maak melding van massas krygsgevangenes in oorsese kampe wat volgens haar oordeel, sonder enige oor-
tuigende rede verban is. "Among the new prisoners there are, I am told about sixty farmers taken up on their farms and sent off without any reason given. Some said they were told that it was supposed they might give information, even if they did nothing else. They were suddenly arrested without any charge, or at least any told to them or reason given. Not allowed to say goodbye or take anything - sent to Pretoria - then still without any reason given, and on here."²⁶ They have nothing absolutely but the clothes they wear."²⁷

Hoe langer die oorlog geduur het, hoe drastieser het die optrede teen burgers en bevolking van die twee Republieke geword. 'n Proklamasie van lord Kitchener, opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika, dreig dat almal binne die grense van Transvaal en die Vrystaat "shall, unless they

25. Cambridge History of the British Empire, Vol. 8, p. 607.

26. D.W.S. na Diyatalawakamp.

27. T.A. Diary of A.S. Green, part 2, p. 13.

*Eie kursivering.

surrender before the 15th of September next, be permanently banished from South Africa; the cost of the maintenance of the families of all burghers in the field who shall not have surrendered by the 15th September shall be recoverable from them and shall be a charge upon their property moveable and unmoveable in the two colonies."²⁸ Dit is goed te verstaan dat die vryheidliewende burgers hulle weinig aan hierdie proklamasie gesteur het en met hulle vryheidstryd voortgegaan het. Van Britse kant is die veldtog om mense oorsee weg te voer, ook verskerp en is steeds minder waarde aan enige verskoonbare redes vir die gevangening en daaropvolgende "verbanning" van inwoners van die Republiek geheg. Talle navrae in hierdie tyd toon aan dat vreedsame inwoners en selfs Britse onderdane, sonder enige verklaarbare rede gevange geneem en gedeporteer is. P.J.C. Maree skryf in Februarie 1901 aan Geo. Fraser en maak heftig beswaar teen sy gevangening. "I surrendered voluntarily. To my surprise however I was sent down to the S.S. Columbian and other ships in Durban harbour after first having been detained in Ladysmith goal for 7 days."²⁹ Op 11 Maart 1901 is daar 'n navraag oor 'n Duitser wat gevange geneem is en nou kla omdat die Britse offisier "simply bade one of his subordinates to write a warrant for them as prisoners-of-war bound for Cape Town and Ceylon. Every attempt made by my countrymen to remonstrate was cut up by insults and threats."³⁰ Hierdie willekeurige wegvoer na oorsese kampe word selfs deur Goold Adams beaam as hy op

28. C.D. 732. Prolongation of Hostilities in South Africa, p. 5.

29. C.O. 224/3 (mikrofilm) pp. 368-369. P.J.C. Maree aan Geo. Fraser, 23.2.1901.

30. Ibid., Vise-konsul van Duitsland in 'n brief, 11.3.1901.

29 Junie 1901 in antwoord op die Duitser se beswaar skryf:
 "I fully maintain that there was no reason for his arrest.
 It is only too obvious that all persons who were suspected,
 have been taken prisoners, no matter whether these charges
 were founded or not."³¹ Op 5 Desember 1900 protesteer Colin
 Fraser, 'n broer van mev. president Steyn, uit Bloemfontein,
 omdat hy wederregtelik gevange geneem is. "When one is not
 aware of having done anything amiss, then it is hard to suf-
 fer humiliation, imprisonment and banishment."³²

Getuienis van krygsgevangenes self, bevestig die feit
 dat talle van hulle geen direkte of indirekte rol in die oor-
 log gespeel het nie, na willekeur gearresteer en daarna ver-
 ban is. H. de Graaf skryf dat by geleentheid 'n nuwe groep
 krygsgevangenes in hulle kamp, Deadwood, aangekom het. Groot
 was hulle teleurstelling en verontwaardiging, want toe "moes
 ons ontdek dat die meeste van hulle huisleërs was en dat 'n
 klomp selfs in die bed gevang is."³³

Oor krygsgevangenes wat in Bermuda aan wal gebring is,
 skryf K.W. Elwes: "There are 177 lads under sixteen of age.
 Of these eight are under twelve years, the others being from
 twelve to sixteen. Most of the boys were taken in
 trenches with their fathers, or were captured with herds of
 cattle they were tending, and were taken with their fathers,
 brothers and friends as prisoners-of-war in preference to
 being left to shift for themselves with no visible means of

31. Ibid., Despatch No. 101. Goold Adams, 29.6.1901.

32. C.O. 224/6 (Mikrofilm) p. 529. Colin Fraser uit
 Bloemfontein, 5.12.1900.

33. De Graaf, H.: Boere op St. Helena. Die Dagboek van
 H. de Graaf. Verwerk en in Afrikaans oorvertel deur
 P.J. Nienaber, p. 41.

support."³⁴

Met die aankoms van 'n nuwe groep gevangenes in een van die kampe, skryf 'n krygsgevangene oor die groep dat "het schynt my meer oude en verminkten als diensdoenende."³⁵ So= veel verwarring het ontstaan oor wie en wat 'n krygsgevangene was, dat die regering van Bermuda selfs wetgewing moes pas= seer om vir hulle doel helderheid daaroor te kry. "The word "prisoner" shall mean any person who having been sentenced in South Africa by any court or person administering or pur= porting to administer martial law, or any military court or authority, to any term of penal servitude or imprisonment in South Africa, or elsewhere, was conveyed to these islands for the purpose of undergoing the whole or part of such sentence."³⁶

Wat die honderde kindergevangenes in die onderskeie ei= landkampe betref, verklaar J.A. Hassell: "They (die Britse owerheid), trumpeted the old hypocritical cant which pretends that transportation was necessary to save the children from starving, as their devastated country was entirely unfit to nourish them."³⁷ Die skrywer betwis nie die reg van die oor= logvoerende nasie om krygsgevangenes te neem en in kampe aan te hou nie, "but every principle of international law is op= posed to the same being perpetrated on peaceable non-comba= tants; and what object can be served by adding torture to confinement."³⁸ Die Britse militêre owerheid het gedurende die oorlog opgehou om tussen "convicts" en "prisoners of war"

34. Elwes, K.W.: The Boer Prisoners in Bermuda. Fortnightly Review, June 1902, p. 996.

35. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, p. 139.

36. G.O.V. Vol. 216. The South African Prisoners Act 1902.

37. Hassell, J.A.: The Boer Concentration Camps of Bermuda, p. 8.

38. Ibid., p. 14.

te onderskei; hulle het opgehou om oor die skuld of onskuld van 'n gearresterde te besluit, want "the larger part of these people are not even prisoners of war," verklaar J.A. Hassell. "They have been kidnapped from their peaceful occupations because they had, in British eyes, the misfortune of being born of Boer parents and had committed the crime of tilling and cultivating as Boer farmers a land which, but for their toil and labor, would still be a barren desert."³⁹ Dat daar krygsgevangenes in oorsese kampe was wat nooit aan die oorlog deelgeneem het nie, is 'n feit. "An accurate counting among the Boers themselves revealed the fact that a large majority of the old and young people - in fact ninety percent of them - had been snatched away for transportation from their homes or fields."⁴⁰ Dit is egter ook 'n onbetwisbare feit dat talle van die jong seuns en die bejaarde mans onder wapen in die loopgrawe en op die slagveld aangekeer is. Dit sou agterna vir hulle almal maklik wees om te ontken dat hulle enige rol in die oorlog gespeel het. Dit sou dus verkeerd wees om algemeen te aanvaar dat alle jong seuns en bejaardes onskuldig oorsese in gevangeneskap weggevoer is.

Die willekeurige arrestasie en wegvoer van landsburgers na oorsese kampe word verder deur lord Roberts se proklamasie bevestig as dit waarsku dat diegene wat nie die eed van trou aan die Britse vors aflê nie, as krygsgevangene beskou sal word en "transported or otherwise dealt with as I may determine."⁴¹ Hierdie eise word aan die landsburger gestel, terwyl die oorlog nog aan die gang was en daarmee verraai hy,

39. Ibid.

40. Ibid.

41. C.D. 426. Proclamations by Lord Roberts in South Africa, pp. 14-16.

lord Roberts, sonder enige twyfel dat mense wat nie die eed van getrouheid aflê nie, voor die voet gearresteer en as krygsgevangenes weggevoer gaan word.

Sir Alfred Milner skryf in Augustus 1900 aan lord Roberts dat hy beseft het dat dit geen voordele inhou om Boere te ontwapen en dan huis toe te stuur nie, "but that from all districts, where the possibility of a return of armed Commandos was not absolutely excluded, it was better to remove all the able-bodied men* and keep them in safe custody elsewhere."⁴² Hy gaan voort om die hele kwessie van opsluiting en bewaking te verdedig. "It was a great relief to me to see that you decided to send the whole haul made by Hunter. And I trust we shall continue to do this till the end of the war." Hy verklaar hom egter onomwonde gekant teen wegvoer van Boere-krygsgevangenes, omdat hy oortuig is dat die Boere meer gereedlik sal oorgee as aan hulle die versekering gegee word dat hulle nie oorsee gestuur sal word nie.⁴³

Omdat die bevolking van die Republieke so willekeurig gevange geneem en weggevoer is, is dit vanselfsprekend dat die geledere van krygsgevangenes 'n uiteenlopende verskeidenheid sou insluit. E.F. Knight verklaar: "Some of the prisoners were very old men, while others were boys scarcely in their teens. There were two hundred and fifty children, too in the camps: these who had been captured with their fathers and were allowed to accompany them to Ceylon."⁴⁴ Dit is slegs 'n bedekte wyse om aan te voer dat die kinders saam met

* Eie kursivering.

42. Headlam, Cecil.: The Milner Papers, p. 85.

43. Ibid., p. 86.

* Eie kursivering.

44. Knight, E.F.: With the Royal Tour, p. 65.

die burgers oorsêe weggestuur is. Deur die hele oorlog was dit 'n gebruik van die militêre owerheid om die Boere-seuns as krygsgevangenes oorsêe weg te voer en dit was dus geen-sins so edelmoedig van hulle om die kinders toe te laat om hulle vaders of broers na oorsêse krygsgevangenekampe te vergesel nie. 'n Krygsgevangene kla dat daar aan republikeinse kant so min burgers op kommando, maar dat daar sulke oorweldigende groot getalle krygsgevangenes was. Feit is, volgens C.R. Kotze, "dat die Britse krygsmagte 'n menigte seuns gevange geneem het. Hulle het veral in die laaste helfte van die oorlogsmaande al meer en meer seuns gevange geneem sodat die getalle baie vermeerder het."⁴⁵ Kotze wys op die onbetwisbare feit dat die seuns krygsgevangenes was en nie net "were allowed to accompany them" nie. "Dit is 'n historiese feit", gaan hy voort, "dat behalwe die seuns wat by hul moeders in die konsentrasiekampe bewaak is, daar nog 'n groot getal seuns van tere jare op die eilande in krygsgevangenekampe in bewaring gehou is."⁴⁶ Aan baie van hierdie jong seuns het Kotze die pertinente vraag gestel waarom hulle gevange geneem en oorsêe gestuur is en 'n verskeidenheid antwoorde is hierop gevind. 'n Paar seuns het hom meegedeel dat hulle gereeld in 'n grotjie op die plaas geskuil het as die kakies op die werf kom." Hulle is in hulle skuilplek gevind en gevange geneem. "'n Boere joiner het vir ons gesê dat die kakies ons vang omdat ons daar op die plaas die grond ompik en mielies plant sodat die Boere-kommando's en vluggende vrouelaers kan kos kry."⁴⁷

Dit was veral die kinders en die oues van dae wat maklik

45. Kotze, C.R.: My Ballingskap, p. 61.

46. Ibid., p. 62.

47. Ibid., pp. 62-63.

in die vyand se hande geval het. Oor die gevangenes in Bermuda, vermeld 'n dagboekskrywer: "Sommige was kreupel, halfblind en stokdoof. Dit was pynlik om die ou en sieklike mense in daardie ongerieflike tente te sien."⁴⁸ In Bermuda was so baie kinders dat die Britse owerheid uiteindelik besluit het om 'n skool vir hulle te stig en hulle daarvoor op 'n afsonderlike eiland, Hinsons, te plaas.

Terwyl Gustav Preller krygsgevangene was, is 'n nuwe groep gevangenes in die kamp te Ceylon gebring, "waarvan vyf bokant die jare en sewe nog te jonk vir kommandodiens uit die konsentrasiekamp hierheen gebring was; nege was om allerlei liggaamsgebreke amptelik ontslaan van kommandodiens. Uit die 33 was dus slegs 11 diensdoende burgers en wettige krygsgevangenes."⁴⁹ P.W. Cronje skryf self dat hy nog nie nege jaar oud was nie en sy gebrekkige broer was vyftien. Laasgenoemde moes met krukke loop. Al twee is gevange geneem en terwyl P.W. drie maande lank in die Bloemfonteinse tronk aangehou is, is sy broer na Groenpunt gestuur. Toe eersgenoemde aanhoudend geweier het om verraad te pleeg, is hy ook na Groenpunt verwyder waar hy sy broer aangetref het.⁵⁰

Hugo van Niekerk noem ook die geval van 'n jong seun, wat hy in die Groenpuntkamp teëgekomp het. "Ik vroeg hem hoe oud hy is. Hy zeide acht jaar Oom."⁵¹ 'n Ander aan wie dieselfde vraag gestel is, bevestig dat hy nege jaar oud is. Op die vraag hoekom hy gevang is, kom die verontrustende antwoord: "Dit is net door Roberts se proclamatie dat ons hier zit. Hy

48. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw te Bermuda, p. 95.

49. T.A. Dagboekantekeninge van G.S. Preller te Ceylon, p. 58.

50. V.A.(R.V.) 119.561. P.W. Cronje - Renier, 29.9.1954.

51. V.A.(O.M.-vers.) Oorlogsdagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 68.

zeide mos ons moet maar met ons gewoonwerk aangaan. Nu zit ons hier. Hulle gee vir my pa een pas ons kan net zoo veel vrachte goed naar Jftn. bring als ons wil. Myn pa ry met zes wagens en hulle vat ons goed en vang ons."⁵²

H. de Graaf noem in sy dagboek die geval van Piet Strydom, 9 jaar oud. Hy het nooit geveg nie, maar het die skape opgepas. In die veld is hy gevange geneem en na St. Helena weggestuur waar hy die jongste krygsgevangene in Broadbottom-kamp was.⁵³ In 'n nuwe groep inkomelinge in dieselfde kamp was daar "een zoon van ongeveer tien jaar oud" ... en "een persoon die gedragen moest worden werdt ook ingebracht. Hy is geheel en al lam in de beenen en kan glad nie loop met twee kurken gaat het nog uiterst moeilijk. Hy sleept zijne beenen. Ik wonder of dit beschaafd is."⁵⁴ In haar dagverhaal vertel Kotie Steenkamp hoedat haar seun sonder meer deur 'n Engelse kolonne op haar plaas gevange geneem is. Die offisier "gee bevel aan een van sy manskappe om Abraham op die bruin perd te sit," en "die kakie gooi hom met 'n vloek in die perd se rug en gaan met hom voort." Die seun was op geen manier by die oorlog betrokke nie, maar hulle het hom blykbaar as gevaarlik beskou en "hulle het hom na Bermuda gestuur."⁵⁵

In sy verslag aan president M.T. Steyn na 'n inspeksietog deur die Oranje Vrystaat, skryf generaal J.C. Smuts: "Zelfs de kinderen van 12 jaren oud werden gevangen, omdat ze er te veel naar krygsmannen voor de smaak der Engelsche officieren

52. Ibid.

53. De Graaf, H.: op. cit., pp. 83-84.

54. V.A. (O.M.-vers.) Oorlogsdagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 25.

55. O.M. Oorlogsdagboek van Kotie Steenkamp, pp. 50-52.

uitzagen."⁵⁶

J.W. Kok noem in sy dagboek ook 'n paar gevalle wat hom hewig ontstel het. Onder 'n nuwe groep gevangenes in die kamp was daar "twee die op kurken gaan een de been geheel af ik wonder wat het beschaafde werelt daar van zal zeggen als zij zien wie allen hier inkomen als kreigsgevangenes tot kinderen ik geloof van tien of 12 jaren." Slegs enkele dae later vermeld hy van nog kinders, "ik schat een maar iets over 8 jaren out."⁵⁷ 'n Week later meld hy die aankoms van krygsgevangenes onder wie vyf gebreklikes van wie die bene afgeskiet is, maar krygsgevangenes in Groenpuntkamp is.⁵⁸

Die getalle het vinnig aangegroei en dit is lig te begryp dat die aankoms van 'n nuwe groep met groot opgewondenheid in die kampe afgewag is. Nuwe aankomelinge kon altyd nuus saam bring, miskien van familie of vriende, maar telkens is die ou krygsgevangenes geskok en met afgryse vervul "om so baie kinders van nege tot 14 onder die gevangenes te sien, en selfs ou en gebreklike manne wat op krukke ingekom het. Jammer dat die Engelse nasie hierdie ongelukkiges nie persoonlik kon sien nie."⁵⁹ 'n Dagboekskrywer vermeld ook die feit dat kinders as krygsgevangenes in die oorsese kampe gebring is. Onder die nuwe groep is daar "twee zeuntjies van 9 en 12 jaar oud, en dan nog zeer tenerig voor dien ouderdom, wecten de medelyen van allen die hen zagen."⁶⁰ Dieselfde krygsgevangene vermeld 'n ander geleentheid waarop 'n nuwe groep aankom en met verbystering en verontwaardiging noem hy die volgende:

56. O.M. Rapport van genl. J.C. Smuts aan pres. M.T. Steyn.

57. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 208.

58. Ibid., p. 217.

59. De Graaf, H.: op. cit., p. 133.

60. V.A. (O.M.-vers.) Oorlogsdagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 47.

"Vele kleintjies kwamen in. Ik kon myn tranen niet bedwingen toen ik de knaapjes van negen en elf, de oude die byna niet lopen kon, de kreupelen en de doofstommen ziet. Nog nooit voelde ik zoo 'n haat tegen de Eng. als toen ik alles zoo aanschouwd."⁶¹ 'n Amerikaanse skryfster vermeld, "it was melancholy to see the boys. In some of the strong young men the devil's work of bitterness and despair is carried out."⁶² Die kinders en oumense moes deur "verbanning" oneindig baie ly.

Dit is ironies dat dieselfde mense wat hierdie onreg gepleeg het om hul doel te bereik, juis die oues van dae gebruik het as 'n lokaas om Boere tot ontrou te verlei. Toe die "Peace Committees" in die kampe werksaam was, kry die goewerneur van St. Helena die bejaardes in die "peace camp" bitter jammer, want hulle was almal "old Boers who took no active part in the war beyond furnishing food and clothing to their comrades in the fields."⁶³ Toe hulle oorsee weggevoer is, het hierdie jammerhartigheid nie bestaan nie, maar nou word dit uitgebuit om krygsgevangenes by die "vredesgroep" te laat aansluit.

Milner het bedenkinge oor die wysheid van sommige offisiere gehad om Boere wat vrywillig oorgegee het, na hulle plase te laat terugkeer, "nor did he want to transport Boers overseas, because their horror of the sea might deter them from giving themselves up. Therefore he wanted large prison-

61. Ibid., pp. 161-162.

62. Green, A.S.: A Visit to the Boer Prisoners of War at St. Helena, p. 981.

63. H.C. Vol. 88. Boer Prisoners of War Files. Verslag van kol. A.J. Price uit St. Helena, 10.4.1902.

er's camps."⁶⁴ Hy gee verder 'n duidelike aanduiding dat hulle moet "kraal all we catch."⁶⁵ In Junie 1901 egter, beveel Kitchener, in teenstelling met bogenoemde aan, dat "all prisoners of war and their families should be permanently deported from South Africa : Settle on some island or country where we can safely establish the Boers, Fiji for instance, or get some foreign power to take them, such as France, to populate Madagascar. Send all the prisoners of war there and let their families join them; have no more voluntary surrenders and ship all as they are caught to the new settlement. We should then only have the surrendered burghers left and the country would be safe and available for white colonists. These Boers are uncivilized Afrikaner savages with only a thin white veneer."⁶⁶ Sprake van krygsgevangenes in die sin van die volkereg en volgens die Den Haagse Konvensie het dus geheel in onbruik geraak sover dit Kitchener aangaan. Le May se kommentaar op Kitchener se optrede en wenke is kort maar treffend as hy opmerk: "Kitchener in short, was proposing to terrorize the enemy into defeat."⁶⁷

In sy "Banishment Proclamation" van 7 Augustus 1901, dreig Kitchener alle Boere-offisiere wat nog weerstand bied, dat hulle "be permanently banished from South Africa."⁶⁸ Dit kom prakties daarop neer dat Kitchener hom die reg voorbehou om 'n landsburger te verbied om vir die vryheid en onafhanklikheid van sy eie land te veg as Engeland daardie land wil

64. Le May, G.H.L.: British Supremacy in South Africa, 1899-1907, p. 91. Vgl. ook, Headlam, Cecil.: op.cit., p. 85.

65. Le May, G.H.L.: op. cit., 92. Vgl. Headlam, Cecil.: op. cit., pp. 85-86.

66. Magnus, Philip: Kitchener. Portrait of an Imperialist, p. 185. Vgl. Le May, G.H.L.: op. cit., pp. 102-103.

67. Le May, G.H.L.: op. cit., p. 103.

68. Ibid., p. 103.

verower en dié taak aan hom, Kitchener, opgedra word.

Gevangeneming en die grootskaalse wegvoer van krygsgevangenes het almeer 'n obsessie geword waarvoor daar nie deeglik na redes vir die stap gesoek is nie, en ondersoek na die skuld of onskuld van 'n persoon was van minder belang. Die ontvolking van 'n land deur die gevangening en "verbanning" van sy inwoners het deel van die Britse oorlogstrategie en -beleid geword; vandaar dat die oes aan bejaardes, hulpeloses en kinders so ryk was.

Na mate die oorlog langer geduur het, het die gebruik om gevangenes na die buiteland weg te voer, 'n al groter omvang aangeneem en is persone sonder die geringste aanleiding as 't ware verban. In Groenpunt is strenge bevele uitgereik dat "in the events of attempts at escape or disturbances, if the actual perpetrators could not be discovered, all the men in the tent or line of tents in which the occurrence took place would be deported." Daar word ook verder ruitelik erken dat "a few prisoners though innocent themselves were no doubt sent abroad for the faults of others."⁶⁹ Die owerheid was klaarblyklik nie besonder begaand oor die feit dat selfs "a few prisoners", hoe onskuldig ookal, gedeporteer word nie.

Daar is egter baie ander gevalle van onskuldige "verbaning" van "krygsgevangenes". Navrae het die skandalige nalatigheid en loutere onverskilligheid van die militêre owerheid duidelik aan die lig gebring. P.J. van der Merwe doen navraag oor sy "verbanning", omdat hy as gevolg van 'n ongeluk nooit op kommando was nie, sy wapens en eiendom alles aan die vyand oorgelewer het en tog gevange geneem is. Op 15 Augustus 1900 kry hy antwoord van die militêre bevel, "he is

69. S.O.P. Vol. 20. PR/A1768. Kol. C. Hyman aan kamp-kommandant van Broadbottom, 6.7.1901.

detained as being under suspicion of giving information to the enemy."⁷⁰ Hy is bloot onder verdenking en word reeds byvoorbaat gestraf. Dit kom voor as 'n onbehoorlike verskoning vir 'n fout wat begaan is, of 'n onregverdigde straf wat reeds uitgedeel is. I.S. Toerien beweert in 'n klag voor die militêre owerheid dat hy nooit enige krygsdiens gedoen het nie, maar met sy werk as onderwyser voortgegaan het "until 23rd August when British troops entered Vrede. I was then taken prisoner and sent to the S.S. Columbia."⁷¹

Selfs Britse onderdane het soms die slagoffer van die verbanningsmanie van Britse offisiere geword. R.H. Birch skryf op 14 Januarie 1901 aan die militêre owerheid en doen navraag oor die redes vir sy gevangenessing en aanhouding. "I should very much like to know on what grounds I am kept here as a Prisoner, seeing that I am a British subject."⁷² Reeds die volgende dag kry hy antwoord dat hy "was sent here in error. There seems to be no reason for this man's arrest as a Prisoner of War and he should be released."⁷³

Ook W.J. Roberts het 'n soortgelyke ondervinding en in sy klagskrif- en navraag toon hy aan dat hy gevange geneem en kamp toe gestuur is, sonder dat hy in die minste weet waaraan hy skuldig was. Op sy skrywe kom die antwoord dat "no evidence has been received bearing on this case"⁷⁴

Die geval van J.F. van Zyl van Vereeniging onderstreep die willekeur en verregaande nalatigheid van die militêre

70. Ibid., Vol. 4, PR/A 465. Stafoffisier aan kampkomdt. van Groenpunt, 15.8.1900.

71. Ibid., Vol. 5, PR/A 582. I.S. Toerien se klag voor Stafoffisier vir krygsgevangenes, 7.10.1900.

72. Ibid., Vol. 11, PR/A 917. H.R. Birch aan stafoffisier, 24.1.1901.

73. Ibid.

74. Ibid., PR/A 920. W.J. Roberts - Stafoffisier, 27.12.1900.

owerheid oor die kwessie van wegvoer van krygsgevangenes. Uit Vereeniging kom 'n navraag van die distrikskommissaris in verband met genoemde krygsgevangene. Dié man het vir persoonlike sake op 22 Augustus 1900 per trein na Kaapstad vertrek. "He left here not as a prisoner of war. The next information about him, was a letter his wife received from him from Ceylon." Op 17 Julie 1901 kom die floue ekskuus van die owerheid in Ceylon dat "this Prisoner was sent here as a Prisoner of war without any explanatory documents." Hy was saam met 'n groep "specially ordered to be sent to Ceylon. He was therefore sent with them."⁷⁵

Uit Bermuda kom versoeke dat sekere krygsgevangenes teen wie daar geen klagte ingedien is nie en dus regtens onwettig "verban" is, terug gestuur word. Hierop kom weer eens die skokkende erkenning dat in 'n sekere geval die krygsgevangene "was sent to Bermuda by mistake," maar ten spyte daarvan, "the General Commanding in-chief to whom the Prisoner's Petitions are referred, is unable to recommend the release of any of the present applicants."⁷⁶

Daar dien ook 'n navraag van die sekretaris van die O.R.K.-administrasie in verband met die deportasie van sy vader, tesame met sy versoek dat hy na Suid-Afrika terug gestuur sal word. Die antwoord hierop is eweneens negatief en stel dit kortaf "that no more P.O.W. can be brought back from Ceylon until the conclusion of the war, and that mistakes like this - if it was a mistake - cannot be rectified at this

75. Ibid., Vol. 21, PR/A 1808. Stafoffisier aan Kommissaris te Vereeniging, 17.7.1901.

76. Ibid., Vol. 27, PR/A 2415. Stafoffisier - petisionaris in Bermuda.

stage."⁷⁷ Die militêre owerheid stel ook die toekomstige beleid in hierdie verband baie duidelik. "There is no opportunity at present of bringing back individuals who may have been deported by mistake. The Enquiry Commission did not investigate any cases abroad."⁷⁸

'n Jong seun, David Fourie, word saam met 'n groep vroue vlugteling gevange geneem, hy word van hoogverraad aangekla op grond van die vergesogte bewering dat dié groepie eintlik 'n Boerebuitepos was. Die stafoffisier vir krygsgevangenes beslis dat dié seun "may be treated as a Prisoner of War and deported."⁷⁹

Edmund Brain, leerling-telegrafis wat geweier het om aan die Britse magte in Vrede inligting te verskaf "of all telegrams relating to the Boer Government which had passed through the office prior to the 17.8.00, and was made a prisoner of war."⁸⁰ 'n Jong seun, B.J.J. van Heerden is in die Springfonteinkamp gearresteer en as krygsgevangene weggestuur. Op navraag oor die redes vir sodanige stap, kom die antwoord dat hy gedeporteer word "as his presence in the Refugee Camp was considered most undesirable by the Intelligence officer there."⁸¹

Ook ander gevalle van willekeurige gevangening en "verbanning" is bekend. J.H. Clarke teken beswaar aan teen sy arrestasie en die behandeling daarna as krygsgevangene. Hy was altyd 'n volbloed Engelsman en het nooit soveel as

77. Ibid., Vol. 22, PR/A 1934. Korrespondensie, 6.8.1901.

78. Ibid., Korrespondensie op 16.8.1901.

79. Ibid., Vol. 24, PR/A 2195(a). Stafoffisier, 25.10.1901.

80. Ibid., PR/A 2173. E. Brain, 1.10.1901.

81. Ibid., Vol. 32, PR/A 2946. Korrespondensie, 6.2.1902.

oorweeg om met die Boere te simpatiseer nie.⁸² Sarah Warner doen navraag oor haar seun, 'n krygsgevangene op St. Helena. Hy was 'n lojale Britse onderdaan, hy het nooit aan die oorlog deelgeneem nie en is sonder verhoor verban.⁸³ Sy tref dit nogal gelukkig, want sy verneem dat haar seun per ongeluk verban is en dat hy later saam met die ander krygsgevangenes gerepatrieer sal word.⁸⁴

Toenemend kom dit voor asof daar nie veel ondersoek ingestel is na geldige redes om krygsgevangenes na oorsese gebiede weg te voer nie en daar bestaan weinig twyfel dat offisiere in baie gevalle kollektief gestraf het deur groepe summier weg te stuur. In Groenpunt was daar herhaaldelik opstootjies onder die krygsgevangenes en in sulke gevalle is van die mees vooraanstaande leiers van die Boere oorsee weggestuur. Hieroor skryf kolonel H.C. Money 'n verslag waarin hy die deportasie van groepe verdedig. "It was well known in the camps that if any attempt to escape was made, the whole of the men belonging to that line of tents and who must be supposed to know of the attempt* would be removed."⁸⁵ Dit is maklik om te veronderstel dat almal van sulke bedrywighede moes weet, maar kol. Money versuim om te sê dat hierdie bedrywighede juis met die grootste omsigtigheid en geheimhouding plaasgevind het en dat op enkele uitsonderinge na, niemand daarvan geweet het nie.

Die hardvogtigheid waarmee mense op grootskaal gedepre-

82. V.A. C.S. Vol. 7, lêer 394/01. Dr. J.H. Clarke - stafoffisier.

83. Ibid., Vol. 21, lêer 1049/02. Sarah Warner - staf-offisier, 11.4.1902.

84. Ibid.

*Eie kursivering.

85. S.O.P. Vol. 15, PR/A 1247 kol. H.C. Money aan staf-offisier vir krygsgevangenes.

teer is, is deurgaans gehandhaaf, en vir hulle wat weggestuur is, was die kans gering om terug te kom terwyl die stryd voortgeduur het. By geleentheid is 'n beroep gedoen om die vrylating van F.G. Kroon op grond van 'n mediese ondersoek en die verslag dat hy "is suffering from a serious and progressive eye affection. As he is not likely to be again capable of active service in the field, we recommend that he be granted parole to Europe."⁸⁶ Die aanbeveling dat hy vrygelaat word, berus dus nie op menslike oorwegings nie, maar bloot op die feit dat hy ongeskik vir verdere krygsdiens is.

Wederregtelike arrestasies en arbitrêre "verbanning" het herhaaldelik voorgekom en het gevolglik selfs in lojale kringe teenstand uitgelok. Ook sir Alfred Milner het hieroor bekommerd geraak. In 'n telegram aan die administrasie van die O.R.K. doen hy navraag oor die groot getal krygsgevangenes "who allege they have been made prisoners wrongfully. In some cases it is perfectly clear that the men, actually refugees, have been sent here by mistake. I think nothing can be more damaging than the bad impression caused by this happy go lucky treatment of people."⁸⁷

Die poging van die Britse owerheid om agente van die "Peace Committee" in die kampe toe te laat om krygsgevangenes tot verraad te beïnvloed, het veroorsaak dat die getroues soms gewelddadig daarteen opgetree het en om hierdie rede oorsee gestuur is. Kolonel H.C. Money beskryf sodanige opstootjies wat ernstige afmetings aangeneem het, as "frequent and at times serious. Owing to a visit by the peace commis-

86. Ibid., Vol. 28. PR/A 2595. Mediese verslag van kampdokter, 25.11.01.

87. V.A.C.S. Vol. 3, lêer 169/01. Hoë kommissaris aan administrasie van die O.R.K.

sioners, a large faction of the anti-English prisoners banded themselves together and attacked those more peacefully inclined. They organized parties at night to duck these men in the latrine-troughs, and otherwise maltreat them."⁸⁸ Hierdie geweldplegers se name het hy van betroubare krygsgevangenes gekry en "also received reports from my officers as to whom on account of these rows they thought it would be desirable to be rid." Verslae oor dié leiers "I thought it most desirable to deport,"⁸⁹ is aan die owerheid voorgelê en daardie leiers is reeds almal weggestuur.

In April 1901 het majoor R. Poore in Kaapstad spesiale bevele uitgereik en 'n duidelike onderskeid gemaak tussen eedafleggers wat in die vervolg as "political prisoners" beskou sou word en in Simonstad sou bly, en "all the rest of prisoners at Cape Town must be sent away, with the exception of the voluntary surrenderers. No Prisoners of War are to be kept at Cape Town, except for the purpose of being kept until a ship is ready to remove them out of South Africa."⁹⁰

Die verskeping van krygsgevangenes uit Groenpuntkamp het dringend geword, vanweë die gedurige instroming van uit die Vrystaat en Transvaal. Hieroor skryf 'n krygsgevangene, "want nou dat die Boere tot die voer van Guerilla-oorlog oorgegaan het, is daar geen verskoning nie. Niks tel nie, nie grys hare, liggaamsgebreke of jeugdige jare nie, selfs nie die feit dat 'n mens 'n paroolpas in jou sak dra nie. Een en elk word aangekeer."⁹¹ S.J. Burgers vermeld uit Groenpunt van 'n

88. T.A. S.O.P. Vol. 15, korrespondensielêers. PR/A 1247. kol. H.C. Money aan stafoffisier vir krygsgevangenes.

89. Ibid., PR/A 1270. Kol. H.C. Money aan stafoffisier vir krygsgevangenes, 25.4.1901.

90. Ibid., PR/A 1270 Majoor R. Poore se verslag, 25.4.1901.

91. O.M. Oorlogsherinneringe van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 4.

mislukte ontsnappingspoging en die ongenadige optrede teen die oortreders en andere. Die skuldiges moes oorsee weggevoer word en verder "word 60 man die in de nabyheid was ook genomen en met hun zaam na Ceylon gezonden."⁹²

Dit klink ironies dat dieselfde mense wat hierdie krygsgevangenes oorsee laat wegvoer het, die lyding en ontbering van hierdie gevangenes later weer uitbuit om vrede te verkondig en te bepleit. Toe die vredesbeweging in die oorsee kampe van owerheidsweë sterk gesteun word, kry die goewerneur van die betrokke landstreek die manne in die "peace camp" bitter jammer, want hulle was almal "old Boers who took no active part in the war beyond furnishing food and clothing to their comrades in the fields."⁹³

* * *

Die Boerekrygsgevangenes het 'n uiteenlopende verskeidenheid uit die Afrikaanse en Europese geledere verteenwoordig, want uit verskeie Europese lande was daar vrywilligers wat by die Boeremagte aangesluit het. Verder was daar talle jong seuns wat nog nie krygsplichtig was nie, maar wat saam met die burgers op kommando was. Daar was ook die oues van dae wat die wapen teen 'n aggressor opgeneem het om hul land te verdedig. Naby Fouriesburg het genl. M. Prinsloo met sy hele mag oorgegee "en op hun kleine ponys kwamen de geslagen kommando's aan : oude grysaards met sneeuwithe baarden; kinderen die nog twaalf jaar moesten worden; huisvaders, die een

92. T.A. Oorlogsdagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 76.

93. T.A.H.C. Vol. 88. Prisoners of War. Verslag uit Broadbottom, p. 1.

talryk kroost hadden achtergelaten."⁹⁴ Wat die lot van hierdie groep so bitter gemaak het, was die feit dat hulle om een of ander rede onder die indruk was dat hulle huis toe gestuur word, "en weer mochten zaaien en ploegen en oogsten, - en nu kwam de wreede ontgoocheling - zy waren krygsgevangenen; zij mochten niet in de vaderland blijven; zij zouden op spoortreinen worden geladen en als vee, als stom vee zouden zij aan de groote havens worden overgeladen op de reuzen-transportschepen, om vervoerd te worden naar Ceylon of naar St. Helena of naar de woestijnen van Indië."⁹⁵ Rocco de Villiers maak in sy dagboek ook melding van die uiteenlopende verskeidenheid mense in die geledere van die krygsgevangenes. "Toen wij eindelijk moesten gaan, zag ik onder de aangezegden, oude mannen tusschen 60 en 80 jare, in groote getalle, kreupelen, verminkten en doofstommen, alsmede een groot aantal jonge kinderen tusschen 11 en 15 jare. Dit zal sommigen als ongelooflik voorkomen, doch is het een feit, dat niet kan wedersproken worden."⁹⁶

'n Groep aan boord van die Montrose rig 'n petisie ten behoewe van "a number of old men, invalids & boys, all prisoners of war on this boat, praying that they may be sent to a prisoners camp in South Africa instead of being deported, fearing that deportation to a foreign country will cost a number of lives. Leave us in Cape Town as we feel that, owing to old age & general disposition, we cannot undertake a sea voyage probably lasting over a month." Daardie petisie is onder andere deur vyf krygsgevangenes bo sewentig jaar,

94. Penning, L.: De Oorlog in Zuid Afrika, p. 886.

95. Ibid., pp. 887-888.

96. K.A. Oorlogsdagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, pp. 119-120.

ses-en-veertig bo sestig en sewentien onder vyftien jaar onderteken. Die eerste antwoord op die petisie is 'n maand later ontvang, naamlik, "these prisoners embarked at Durban. They are now in Bermuda, having sailed in S.S. Montrose last December."⁹⁷ Die simpatie en bejammering het dus ook net bestaan as dit 'n middel kon wees om 'n bepaalde militêre doel te bereik.

Die traak-my-nie agtigheid van die Britse militêre owerheid wat die geluk van andere betref; ook die ketterjag op enigeen wat tekens van simpatie verraai of verwantskap met die Boereszaak openbaar, word duidelik in die volgende weer=spieël en beeld die tragiek uit wat hierdie vervolgsugtigheid meegebring het. Mev. A.S. Green noem die geval van 'n be=jaarde krygsgevangene wat sy gefotografeer het, "a poor shaking deaf old man who had nine sons and some sons-in-law in the war, and, coming into the camp to see some of them, had been taken prisoner of war."⁹⁸ Sy wys verder daarop dat hierdie krygsgevangenes van alle ander krygsgevangenes ver=skil. "They are a whole people - boys of thirteen, men dying of senile decay, entire families who have gone out together, grandfather, father and sons; whole districts whose popula= tion is gathered there, hale and infirm, fighting-men and men who have never been out; traders, schoolmasters, labouring men, big farmers."⁹⁹ Dit is inderdaad waar, want onder die krygsgevangenes was alle lae van die bevolking.

Dit moes vir hierdie besoekster aan die krygsgevangene=kampe aangrypend, maar ook verbysterend gewees het om te aan=

97. T.A. S.O.P. Vol. 29, PR/A 2695, stafoffisier in antwoord op petisie, 14.1.1902.

98. Green, A.S.: op. cit., p. 983.

99. Ibid., p. 767.

skou wie almal daar as ingehoktes die wroeging en ongerief van geestelike en liggaamlike lyding moes verduur. Veral die grysaards moes misplaas gelyk het. Vir hulle was die kans gering om ooit weer hulle vaderland en gesinslede te sien.

"One or more have died of senile decay. A few others that I saw will probably follow in the same sad road; it seemed inconceivable, on any theory of war, that it should be necessary to carry as prisoners to St. Helena the group I saw newly brought in - old men over sixty-five, bowed down by paralysis and other infirmities, sitting there motionless, a sick and hopeless company, on the edge of the grave. It seemed as if they had been transported by mistake."¹⁰⁰

Per ongeluk in ballingskap was hulle nie. Hulle was burgers wat ter wille van hulle vaderland en die onafhanklike voortbestaan daarvan by die kommando's aangesluit het; en ook met die boerdery voortgegaan het - te oud om aan die stryd deel te neem.

Die gevangenessing van sulke groot getalle krygsgevangenes het die Britse militêre owerheid ongetwyfeld onklaar betrap wat doeltreffende akkomodasie sowel as die stoflike versorging betref. Daar moes gevolglik inderhaas doeltreffende plekke van aanhouding gevind word. Daarvoor het kampe in Suid-Afrika besliste nadele ingehou. Met 'n oorlog aan die gang en die afloop daarvan in die weegskaal, sou dit onverstandig wees om krygsgevangenekampe binne die grense van die twee Republieke in te rig. Wat voedselverskaffing betref, sou dit onoorkomelike probleme oplewer en uit 'n veiligheids-oogpunt beskou, sou die risiko te groot wees. Ook kampe in Kaapland en Natal sou 'n veiligheidsrisiko wees. Ten einde

^{100.} Ibid., p. 982.

onnodige waagstukke aan te gaan, het die Britse owerheid besluit dat wydverspreide oorsese kampe die risiko-elemente tot 'n minimum sou laat krimp. Die geleentheid vir krygsgevangenes om uit bewaring te ontsnap en weer by die kommando's aan te sluit sou deur bewaking in oorsese kampe feitlik uitgeskakel word. Daarbenewens sou die burgerlike bevolking van die Kaap en Natal teen die gevare van ontsnappings en die daaropvolgende militêre bedrywigheid gevrywaar wees.

Die massa krygsgevangenes wat aangekeer en na oorsese gebiede weggevoer is, het egter ook diegene ingesluit wat volgens internasionale reg nie werklike krygsgevangenes was nie. In hierdie verband word veral die oues van dae en die jong seuns as "onwettige" krygsgevangenes beskou. Dit moet egter begryp word, dat baie van genoemde groep gedurende aktiewe krygsverrigtinge aangekeer is en was die vyand volkome binne sy reg om hulle as krygsgevangenes aan te hou. Daar was egter talle gevalle van willekeurige en arbitrêre gevangening gedurende die Britse "drives" en diegene wat op die manier aangekeer is, sou moeilik as 'n krygsgevangene kwalifiseer. Ten gevolge van die groot veldtog om die bevolking aan te keer, het selfs Britse onderdane die ondervinding gehad om as Boere-krygsgevangene aangekeer te word.

HOOFSTUK 2AANVANKLIKE BEHANDELING VAN KRYGSGEVANGENES

Om die kwessie van die behandeling van krygsgevangenes na gevangeneming in perspektief te sien, is dit raadsaam om vooraf op bepaalde toestande en omstandighede wat gedurende die krygsverrigtinge ontstaan het, te wys. Hieruit sal blyk of die bepaalde behandeling van krygsgevangenes deur omstandighede meegebring is; of dit uit kwaadwilligheid ontstaan het, en of offisiere willekeurig en na eie goëddunke opgetree het.

Vir die Britse magte het daar geweldige probleme gedurende hul opmars in die Republieke ontstaan. Een van die hoofprobleme was die uitgestrektheid van die land. Voordat die Britse troepe die gevegsterreine kon bereik, moes hulle honderde myle per trein, te perd en soms te voet aflê. Die spoorverbindings van die hawestede met die Republieke was swak en dit sou moeilik in oorlogstyd die hoë eis vir sneller en toenemende voorraad- en troepevervoer kon baasraak. Gedurende die oorlog is die spoorlyne van tyd tot tyd verniel en brúe is verwoes, sodat die treinverkeer periodiek ontwrig is. Beperkte vervoermiddels het die Britse militêre leiers groot probleme besorg en dit sou noodwendig ook die behandeling van die krygsgevangenes tot nadeel strek.

Die Britse magte en die militêre leiers was onbekend met die landsomstandighede, die afstande, beskikbare kosvoorraad, waterbronne en die bereikbaarheid van spoorlyne na en van die slagvelde oor 'n uitgestrekte landstreek. Hierdeur het 'n

situasie ontstaan wat vooruit onbepaalbaar was en waarvoor daar vooraf geen voorsiening gemaak kon word nie.

Die groot getalle krygsgevangenes wat spoedig aangekeer is, het die militêre leiers voor 'n feitlik onoorkomelike probleem te staan gebring. Vir hulle was dit gebiedend noodsaaklik om die gevangenes so gou as moontlik van die slagvelde af te verwyder, maar met beperkte vervoermiddels en ontwrigte spoorverkeer was dit nie altyd moontlik nie; gevolglik is die moeilike taak op die krygsgevangenes gelê om lang afstande te voet af te lê. Hieroor is uiteraard deur krygsgevangenes gekla. Dit was egter vir die Britse offisiere onder bepaalde omstandighede die enigste praktiese uitweg. Selfs die spoorwaens waarin krygsgevangenes vervoer is, was nie altyd die wenslike of geskikste middels nie, maar dit kon bydra om 'n probleem grootliks te verlig en daarom is dit daarvoor gebruik.


Waar daar perde of leë waens beskikbaar was, en krygsgevangenes ten spyte daarvan verplig is om te voet te loop, is hulle verbittering begryplik. In talle gevalle was geen vervoermiddel beskikbaar nie en die ryperde van die burgers was geen oplossing vir 'n vervoerprobleem nie, aangesien daar baie burgers sonder ryperde op kommando was.

Wat voedselverskaffing aan krygsgevangenes betref, was die probleem soms nog erger. Klein Britse kolonne het uit die aard van die saak nie groot voorrade beskikbaar gehad nie en dit sou vir so 'n afdeling feitlik onmoontlik wees om voedsel aan 'n klompie krygsgevangenes te verskaf, voordat hulle 'n groter militêre basis bereik. As krygsgevangenes gevolglik honger gely het, is dit onbillik om die Britse troepe onvoor-

waardelik vir so 'n toestand te blameer. In gevalle van massa-oorgawes soos by Paardeberg en die Witteberge in die Vrystaat, is 'n feitlik onmoontlike situasie wat die voeding van krygsgevangenes betref, geskep. Om dadelik gereed te wees om vir soveel duisende gevangenes behoorlik te sorg terwyl daar juis met beperkte vervoermiddels gesukkel is, was onmoontlik. Ook in hierdie gevalle was die vyand aangewese op die uitweë wat op daardie oomblik as prakties uitvoerbaar voorkom en is die behandeling van die krygsgevangenes dus in 'n hoë mate deur die omstandighede bepaal. Waar die behandeling soms as hardvogtig en ongenadig voorkom, bly dit 'n ope vraag of die Britse magte onder die bepaalde omstandighede tot 'n ander optrede kon besluit.

Ten spyte van die praktiese probleme wat 'n sekere gedragskode- en optrede vereis het, is daar tog genoegsaam bewyse dat die behandeling van krygsgevangenes nie altyd billik en regverdig was nie. Hoe langer die oorlog geduur het, hoe onmensliker sou die behandeling word. Gedurende 'n oorlog met sy lyding en ontbering en die harteloosheid wat daarmee gepaard gaan, word haat en wreedheid deur oorlogsomstandighede gevoed. Dit kan dus begryp word dat troepe die kans sou benut om hul haat, nyd en frustrasie op krygsgevangenes te wreek, en hulle dus aan hardhandige en onregverdiges behandeling skuldig te maak.

Daar moet ook op gewys word, dat die vernaamste inligting oor hierdie fasette van die lewe van die krygsgevangenes, uit die dagboeke en herinneringe van gevangenes self gehaal is. As bron van kennis kan die getuienis daarvan nie sonder meer as die volle en onverbloemde waarheid aanvaar word nie.



Uiteraard sal die deelnemer aan die stryd 'n subjektiewe beskouing daarop nahou en sal sy beskrywing van 'n situasie deur sy persoonlike ondervinding en persoonlike gevoel daarteenoor gekleur wees. Sy dagboek het hy daaglik aangeteken; gevolglik het die tyd om gebeurtenisse in perspektief te sien, ontbreek. Bronne wat as herinneringe geklassifiseer word, het ook nie altyd die nodige perspektief op gebeure openbaar nie. Soms het latere gebeurtenisse die gevoel van die Krygsgevangenes nog sterker teen die vyand laat oplaai. Die vermoë om regverdig oor gebeurtenisse te oordeel en dit in sy regte verband te interpreteer, het ongetwyfeld in baie gevalle kortgeskiet. Ander getuienis verrai die verbittering van die skrywer en gevolglik is sodanige inligting eensydig en met persoonlike vooroordeel gekleur. Sommige getuienis mag selfs oordrewe eensydig wees. Ook die herinneringe wat jare later geskryf is, mag onopsetlik 'n skewe beeld van die werklike situasie skep. Getuienis uit hierdie bronne sal dus in baie gevalle wel subjektief wees en is die behandeling van die krygsgevangenes dikwels eensydig beskryf, maar dit is uit hierdie getuienis nie te betwyfel nie, dat die behandeling nie altyd korrek was nie en dat daar baie skendings van internasionale oorlogsreëls in verband met krygsgevangenes voorgekom het.

Die oorlog pas begin, die eerste skermutselinge afgeloop en die Boere, onopgelei in die krygskuns, het maklik in die hande van die vyand beland. Vir baie het die lewe as krygsgevangenes begin en duisende sou in die loop van die volgende paar jaar hierdie lot deelagtig word. Aanvanklik was daar nie klage oor die krygsgevangenes se behandeling nie, want

die bitterheid, wraaksugtigheid en magsvertoon het aanvanklik ontbreek en die getalle krygsgevangenes was so gering dat ook dit nog nie probleme geskep het nie. Namate die stryd langer geduur en krygsgevangenes se getalle vinnig aangegroei het, het die behoefte aan 'n vaste gedragskode teenoor krygsgevangenes ernstig geword. By die Britse militêre owerheid het blykbaar geen duidelike instruksies in verband met die behandeling van krygsgevangenes bestaan nie. Die afwesigheid van duidelike opdragte het meegebring dat die behandeling van gevangenes te velde van uiters swak, tot 'n beskaafde optrede gewissel het. Allerhande omstandighede sou hier 'n rol kon speel, maar "de behandeling hing veel af van den officier."¹

Die gewone prosedure by gevangeneneming was egter deurgaans dieselfde en het bestaan uit die beslaglegging op alle wapens, dokumente, ryperde, waens, karre en artikels van militêre belang, terwyl die krygsgevangenes in besit van privaat besittings soos klere, horlosies en ringe gebly het. Hugo van Niekerk verskaf 'n nugtere en onbevooroordeelde verslag oor hulle gevangeneneming en die behandeling daarna. Hierdie verslag kan in 'n hoë mate as 'n normale prosedure by gevangeneneming beskou word. "De officieren die onze wapenen namen, en ook de manschappen waren zeer vriendelijk. Zij schijnen te denken en zeiden hunne meening rond uit dat wij nu veel beter af zullen zijn dan voorheen. Dit is zoo echt Eng."² Nadat al die krygsgevangenes byeengebring is, het die tog na Twee Riviere dadelik begin. "Wij waren altoos omringd door 3 rijen soldaten met een sterke macht ruiters voor en achter. Er gingen ook wagens mee voor de zieken en gewonden

1. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom. dl. 1, p. 63.

2. Ibid., p. 57.

en degenen die niet lopen konden."³ Die skrywer maak ook melding van die feit dat hulle gedurende die mars "zeer vertrouweljk" met die Britse soldate gesels het.⁴

Die staptog self was vermoeiend, want die eerste skof het reeds van "half twaalven tot donker" geduur, en "wij moesten zeer snel stappen en leden dorst. De officier liet ons zonder rusten stappen. Wij sliepen op de harde grond zonder avond eten en werden ingesloten door de rooies als schapen in een kraal. Zij stonden schouder en schouder aan elkander, dus aan ontsnapping was niet te denken."⁵ Van Niekerk noem ook die interessante feit dat die Britse soldate aan hulle gesê het dat ook hulle "op half rantsoenen gingen."⁶ Dit was dus nie net die krygsgevangenes wat gedurende hierdie tog swak gevoed is nie.

Gedurende die volgende dag, toe almal deur dors oorval is, moes vir daardie behoefte gesorg word. "De Engelschen moesten water aan dragen en dat was geen gemakkelijke taak." By dieselfde geleentheid is ook vleis en koek uitgedeel "en door de zwakheid onzer officieren kregen wij niets. Dus hong- gerig en dorstig gingen wij op reis."⁷ Gelukkig is hulle oral langs die pad toegelaat om in die kuile water te drink. Toe Van Niekerk egter aan 'n soldaat ook water gee, was sy maats vir hom daarvoor kwaad. "Zij (de soldaten) waren net zoo zlecht af als ik want een vroeg water en voor ik kon keeren dronken drie."⁸ Ongelukkig was die offisiere so haas- tig dat almal nie die kans kon kry om water te drink nie.

3. Ibid., p. 63.

4. Ibid., p. 64.

5. Ibid., pp. 64-65.

6. Ibid., p. 64.

7. Ibid., p. 65.

8. Ibid., p. 65.

"Het was maar regte zwak van de officieren om zoo onbarmhartig te zijn, want een paar minuten meer of min zou niets maken."⁹

Drie dae lank het die vermoeiende staptog geduur "en velen onzer was uitgeput. Ik ook kon niet veel meer doen. Een ambulance wagen reed altyd met ons zaam."¹⁰ Op 1 Maart 1900 teken hy egter aan dat hulle die vorige aand geen kos ontvang het nie "en van morgen kregen wij ook niets. Gisteren konden wij, als wij een eind geloopt hadden, rusten. Nu ging het voort zonder rust of verzuim. Wij waren stijf en gedaan want elk onzer droegen een tamelijk pak op den rug. Er waren nu ook gene wagens meer voor de zwakken en ouden."¹¹ Terwyl die Britse wagte mekaar gedurende die tog gedurig afgelos het, moes die krygsgevangenes die veeleisende tog sonder enige hulp voltooi. Van Niekerk beklemtoon die uitputting waaraan hulle onderwerp is. "Wij waren gedaan en konden bijna niet verder. Ik en nog velen liepen blootvoets daar onze voeten opgezwollen en geschaafd waren door de stevels. Het scheen of wij nooit aan het einde des pad zou komen maar ook de onze had er eene."¹²

Op Twee Riviere is hulle in trokke gelaai. "De truck was vuil, maar op reis veegden wij het her haalde malen schoon." Die trokke was groot genoeg vir een-en-twintig man om te sit, "maar slapen ging zeer bezwaarlijk. De truck was op den buikplank met dwars houtjes die ons nog moeilijker maakte om te slapen."¹³ Hierdie probleem het hulle tot aan

9. Ibid., p. 66.

10. Ibid., p. 66.

11. Ibid., p. 69.

12. Ibid., p. 70.

13. Ibid., p. 72. Vgl. Kotze, C.R.: My Ballingskap, pp. 35-36.

die einde van hul treinreis ondervind.

Dit is opvallend dat Van Niekerk oor die algemeen geen ernstige klagte oor die krygsgevangenes se behandeling het nie, maar die gebeurtenisse veel meer as die normale verloop aanteken. Hy noem wel een spesifieke geval waar hulle trein by 'n klein halte gewag het. Daar het 'n ander trein vol burgerlikes en soldate by hulle stilgehou. "De burgers waren zeer goed voor ons Net zoo goed als zij waren net zoo onbeschoft waren de soldaten tegen ons. Zij zeiden dat zij Krooger gingen halen en spogen naar ons."¹⁴ Dit moet egter begryp word dat dit nie die soldate van hulle wag was nie, maar die wat op pad na die fronte was. Dit dien ook vermeld te word dat hierdie gevangening by Paardeberg, vroeg in die oorlog plaasgevind het toe daar nog nie baie kwade bloed veroorsaak is nie en die verbittering en haat wat deur oorlogstoestande vererger word, slegs in 'n mindere mate bestaan het.

Die getuienis van talle krygsgevangenes oor hul behandeling toon egter aan dat hulle dieselfde probleme ondervind het. Hulle eerste klagte in die meeste gevalle geld die swak voorsiening van kos en water gedurende hulle lang en vermoeiende staptogte. Hugo van Niekerk het hiervan melding gemaak in sy beskrywing van hul gevangening en hul gedugte mars na Twee Riviere. 'n Anonieme skrywer deel in sy dagboek besonderhede mee oor hul gevangening by Paardeberg en die strawwe behandeling wat hulle daarna ondervind het. Uitgeput na die beproewinge van die stryd, honger en dors, word hulle meedoënloos deur die vyand aangeja. "Eten konden wy niet; in

14. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 74.

de veld vielen wy neder om te slapen, zoo op den harden grond."¹⁵

S.J. Burgers maak ook melding van die vermoeiende mars van Paardeberg na Twee Riviere en die honger en dors wat hulle moes verduur. Wat hom veral getref het, was die feit dat daar wél vir hulle kos by 'n Britse kamp gereed was, maar hulle is verder aangedryf voordat al die krygsgevangenes iets te ete gekry het.¹⁶ C.J. Liebenberg se mededeling oor dieselfde gebeurtenis noem die ontberings en die ongenade van die vyand, want op die lang skof tot by Twee Riviere "was ons driemaal toegelaat om water te drink."¹⁷ J.J. Taljaard noem in hierdie verband dat die staptog dubbel vermoeiend was van weë die feit dat die krygsgevangenes hulle bondels besittings moes saamdra en hulle tog teen 'n baie vinnige pas aangeja is. "Wij heef te voet geloop met ons bondels goet achter ons rig en wij heef drie dagen geloop." Veral maak hy beswaar teen die onvoldoende voeding gedurende die vermoeiende tog en die min geleentheid wat hulle gebied is om water te drink.¹⁸

P.A. Venter maak in sy dagboek melding van die feit dat aan die krygsgevangenes van Paardeberg te hoë liggaamlike eise gestel is, "want ons was vlow, want om met paarden saam te loop met die honger maag en zeer voeten en nog die bondel goed agter die rug, byna drie dagen gedreven wort is niet een makkelyke zaak."¹⁹ A.A.J. Brits getuig dat hulle deur perderuiters te voet aangeja is en "in een kamp gekom wat vol luizen is en

15. O.M. Anonieme skrywer van oorspronklike dagboek, pp. 40-41.

16. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, pp. 55-59.

17. Liebenberg, C.J. Die verhaal van die kommando van generaal P.A. Cronje aan die Modderrivier, p. 8. (Kopie in besit van outeur hiervan).

18. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard te Groenpuntkamp, p. 11.

19. O.M. Dagboek van P.A. Venter, p. 6.

die gehele dag niets gieet."²⁰ C.P. van Zyl deel mee dat hulle van Edenburg af na Bloemfontein gestuur is en daar in 'n prisonierskamp aangehou is. "In deze plaats waren wy toen in groot ellende, wegens honger lyden en het bittere lyden der vele luizen."²¹ D.S. van Warmeloo skryf dat hy na sy gevangenaneming 'n bekende langs die pad ontmoet het, 'n gewonde "op een open trolley in de warme zon op zyn rug hulpeloos liggende. Naby Potchefstroom schreeuwde hy my toe, dat hy op dien trek (in achttien uren) in't geheel geen eten gehad had."²²

Kosvoorsiening het ongetwyfeld groot ontevredenheid veroorsaak; gevolglik word dit herhaaldelik genoem. J.N. Brink noem dit pertinent dat die kos hulle wel belowe is, maar dat hulle dit tog nie ontvang het nie. "Die honger het altoos geknaag, en elke dag is ons belowe dat in die aand, wanneer ons kamp opslaan, daar geslag sou word; maar telkens moes ons verneem dat die slagos nog nie aangekom het nie of al vooruitgegaan het."²³ J.J. de Klerk noem in hierdie verband dat hulle voeding ook probleme opgelewer het. "Ons voedsel was baie sleg, ons kry net meel en moes dan sien hoe ons dit gaar kry sonder hout en potte."²⁴ D.C. Venter meld dat hulle in die Bloemfonteinse tronk aangehou is, "waar hulle ons op skandelijke wyse van mondprovisie voorsien het. Hulle, d.i. die Engelse het bv. voor die tronk stilgehou en ons vleis oor die mure gegooi, waar ons dit uit die waterplasse wat daar gestaan het, moes optel."²⁵ Uit Bloemfontein is hierdie

20. V.A. Dagboek van A.A.J. Brits te Ahmednager, p. 4.

21. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p.11.

22. Van Warmeloo, D.S.: Myn Commando en Guerilla Commando=
leven, pp. 211-212.

23. Brink, J.N.: Ceylon en de Bannelingen, pp. 110-111.

24. De Klerk, J.J.: Die Oorgawe by Witsieshoek en ons Reis
na Ceylon, pp. 3-4. (Kopie in besit van outeur hiervan).

25. V.A. (R.V.) 119.455. Dagboek van D.C. Venter, p.3.

groepie krygsgevangenes na Ladysmith, "waar die luise ons byna opgevreet het."²⁶ Ook I.J. Stoltz maak melding van hul swak voeding in die Barbertonse tronk. "Ons word vier, vier in 'n sel opgesluit en daar was 'n skottelje pap met sout, wat ons weier om te eet."²⁷ Die volgende dag is dieselfde pap weer gebring.

Jannie Geldenhuys skryf in sy dagboek dat hy en ander krygsgevangenes van Bloemfontein per trein na Durban gestuur is. Gedurende die treinreis het hulle honger gely. So erg was dit, dat hulle besluit het om op Charlestown oor die voeding te gaan kla, want "wy waren allen byna dood van honger, aangesien wy van Bloemfontein nog niets te eten gekryg heef."²⁸ Hulle het daarop 'n brief aan een van die hoër of= fisiere gerig, "hem vragende of het de manier is om ons te behandel, hem nog eenige vouten er in voormeldt omtrent de Geneva en de Den Haag Conventies."²⁹ Interessant is die feit dat hierdie krygsgevangene burger van die Vrystaat wel kennis van die Geneefse en Den Haagse Konvensies gedra het. In die Den Haagse reëls word dit duidelik gestel, dat "prisoners of war shall be treated as regards food, quarters and clothing on the same footing as the troops of the Government which captured them."³⁰ C.P. van Zyl meld in sy dagboek van die ontbering van die krygsgevangenes op die trein gedurende hul= le reis na Durban, "om zoo te zitten, in de warme zon, en byna versmagt van honger en dorst."³¹

Krygsgevangenes was in sommige gevalle gegriefd oor die

26. Ibid., p. 3.

27. V.A.(R.V.) 119.1201. Dagboek van I.J. Stoltz, p. 61.

28. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 17.

29. Ibid.

30. Stead, W.T.: Methods of Barbarism, p. 20.

31. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 16.

blootstelling aan die elemente, gedurende hulle aanhouding of tydens die treinvervoer na die hawestede. J.D.T. Krynauw getuig dat hulle na hul gevangening onder genl. M. Prinsloo, aan bittere koue blootgestel is, nadat hulle jasse vroeër die dag na hul oorgawe, van hulle afgeneem is.³² P.E. van Wyk noem met wrewel die feit dat krygsgevangenes gedurig in tronke aangehou is en verder voel hy dit as 'n groot onreg aan dat hulle hoofsaaklik in oop trokke vervoer is, waardeur hulle onnodig aan wind, son, koue en reën blootgestel is. Die trokke was oorvol sodat daar beswaarlik vir almal sitplek was. Gedurende die warm weer het dit 'n onhoudbare toestand geskep.³³ Herman Scholtemeijer noem ook die ongewenste toestande wat gedurende die treinreise in die oorvol trokke geskep is. Dit het onmoontlik geword om behoorlik te rus of tot stilte te kom en bowendien het die snerpande koue wind deur die oop trokke gesny.³⁴ "Op de lange reis naar Ladysmith moesten wy als haringen opgepakt de heete dagen en koude nachten in open "trucks" verduren zonder voldoende dekking voor de nacht," getuig D.S. van Warmeloo in sy beskrywing van sy gevangenskap.³⁵ C.R. Kotze skryf in sy verhaal oor sy ballingskap dat hulle as groep krygsgevangenes swak gevoed is en as gevolg van 'n skaarste aan komberse, is die krygsgevangenes in die oop trokke gedurende die lang treinreise aan groot ontberings blootgestel. Vir die gewondes in hulle geleedere was toestande onhoudbaar, met die gevolg dat daar ook sterfgevälle voorgekom het.³⁶

32. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 41.

33. T.A. Oorlogsondervindinge van P.E. van Wyk.

34. Scholtemeijer, H.: Die Balling oor die See, p. 17.

35. Van Warmeloo, D.S.: op. cit., p. 213.

36. Kotze, C.R.: op. cit., pp. 35-36.

Daar was ook optrede en behandeling teenoor krygsgevangenes wat as wreed, beskryf kan word. J.N. Brink doen verslag oor die behandeling van die krygsgevangenes na genl. Prinsloo se oorgawe. Die Boere se beste perde is eers uitgesoek en deur die Britse troepe gevat, terwyl die meeste burgers te voet moes aansukkel.³⁷ Selfs die bejaarde krygsgevangenes en die jong seuns moes die lang tog te voet aandurf.³⁸ Ds. A.P. Burger bevestig die strawwe behandeling wat by Fouriesburg op hulle gevangening gevolg het. Daar was baie ryperde en talle leë waens en karre, maar die krygsgevangenes, insluitende die oues van dae, kinders en kranke persone, moes loop.³⁹ Waar daar vervoermiddels beskikbaar was en van hierdie persone geëis is om te loop, lyk dit na onregverdige behandeling van die krygsgevangenes. Ds. Burger wys op die feit dat sy skoene so verflenterd was, dat hy beswaarlik daarmee kon loop. Toe hy egter die tweede dag versoek om op een van die trollies te ry, word hom toegesnou: "Je wist zoolang te preken, je kunt nu maar lopen."⁴⁰

Behandeling van hierdie aard het kwade gevoelens veroorsaak en die feit dat die krygsgevangenes moeg was van die lang staptog, het veroorsaak dat hulle selfs in die normale behandeling deur die vyand, opsetlike kwaadwilligheid raakgesien het. Na "een geducht mars van 16 mylen in de brandende zon,"⁴¹ met talle leë waens en karre en baie perde beskikbaar, sou dit vir 'n uitgeputte krygsgevangene onmoontlik wees om te begryp waarom hulle nie kon ry nie. Ds. Burger noem 'n

37. Brink, J.N.: op. cit., p. 110.

38. Ibid.

39. O.M. Dagaantekeninge van A.P. Burger, p. 1 et seq.

40. Ibid., p. 5.

41. Ibid.

verdere gebeurtenis van onnodige hardhandige optrede deur die Britse troepe. Die nag na hul gevangeneeming is die krygsgevangenes twee-twee aanmekeer vasgebind om dit vir hulle onmoontlik te maak om te ontsnap.⁴² Waar hulle reeds so deeglik bewaak is, was hierdie verdere veiligheidsmaatreël onnodig en het dit vir die krygsgevangenes 'n pynlike en vernederende ondervinding geword.

Jacob Teengs en 'n aantal Boere is pas uit die hospitaal te Jacobsdal ontslaan, is dadelik aangesê om gereed te wees om weggestuur te word. Hulle is wel per ossewa na Twee Riviere vervoer, maar as gevolg van 'n lang oponthoud met die trein moes hulle ure lank daar sit en wag. "Het was een heel tydje zoo zonder eten of drinken te blijven, en vooral daar de zon later in den dag erg heet werdt, voelden we goed dat we maar pas ziek waren geweest."⁴³

C. Donkhuysen getuig dat hy na sy gevangeneeming sy perd bestyg het, maar met geweld afgeruk en te voet na Standerton aangeja is, terwyl zy perd sonder ruiters loop, "en daar ik geen tyd had gehad mijn zelfgefabriceerde sandalen onder te binden, moest ik kaalvoet eenige uren marcheeren."⁴⁴ M.J. Wolmarans skryf hoedat hy te voet tussen twee haastige perde-ruiters aangeja is en die hele aand in die stortreën buite moes vertoef. Op Heatherly het hy aan die "Provost Marshall" gevra om hom en die krygsgevangenes wat saam met hom was in 'n tent of ander beskutting te huisves, maar "dit word beslis geweier met 'n paar vloeke."⁴⁵ Groter ellende het nog vir

42. Ibid.

43. Dagboek van J. Teengs, p. 63. (Kopie van die dagboek in besit van outeur van hierdie proefskrif).

44. T.A. 1136. Herinneringe van C. Donkhuysen, p. 6.

45. T.A. Dagboek van M.J. Wolmarans te St. Helena, p. 4.

hom voorgelê, want "die nag was kapt. Kroon en ek ons hande aanmekaar vasgebind met 'n riem die voor en agter deur 'n soldaat vasgehou word."⁴⁶ In Pretoria is Wolmarans sonder enige verhoor in die tronk gestop. Daarteen het hy geprotesteer, selfs by die hoof van gevangenis, op grond van die feit dat hy "'n krygsgevangene was, en nie 'n krimineel."⁴⁷

J.C. Pretorius getuig dat hy na sy gevangeneeming toegelaat is om op sy perd te ry, maar "hulle het my hande aanmekaar geboei en my op 'n perd gesit wat deur 'n kaffer in die hand gehou is."⁴⁸ By die eerste Britse militêre kamp is hulle gelaat en daar bewaak en ook daar was die behandeling soos die van 'n bandiet, want "hulle het ons aanmekaar geboei." In die toestand is hulle buite bewaak. "Die Desember son het warm geskyn en die boei het ons naderhand rooi kringe om die arms gebrand."⁴⁹

Krygsgevangenes het dit as onbillike en onnodige streng optrede beskou as hulle deur die vyand gedwing word om onder ongunstige toestande lang afstande te voet af te lê as vervoermiddels soos waens en karre beskikbaar was. Hier is egter niemand ontsien nie - nie gryse ouderdom of prille jeug nie. G.J. du Toit en sy twee jong seuns is op 17 Februarie 1901 in Wes-Transvaal as krygsgevangenes aangekeer en "van daar werd ik met mijne 2 zonen van 10 en 13 jr. aangejaagd. Mijne zonen waren blootsvoets en de voeten door doornen gestoken. Zij weenden van pijn, maar alles tevergeefs." Toe hulle egter naby lord Methuen se laer kom, is die twee

46. Ibid., p. 5.

47. Ibid., p. 8.

48. O.M. Aantekeninge van J.C. Pretorius te Bermuda, p. 41.

49. Ibid., p. 42.

seuns op 'n wa gelaai.⁵⁰ Ook C.P. van Zyl maak daarvan melding dat 'n groep krygsgevangenes die hele dag voor 'n berede wag aangeja is, tot by 'n Britse kamp. "Wij bringen een bittere nacht op aarde door wegens vermoedens en ligchaamspynen."⁵¹ Die volgende môre is hulle vroeg weer op pad na Edenburg "en gaan alzo heenen, leunende op onze populier staven, wanneer onze vyand ziet, dat het voor ons te zwaar worden, laten zy ons toe, eenige mylen op de wagens te ryden."⁵² Gustav Preller getuig hoedat hy en andere na hul gevangening in harde buie reën aangeja is. In Ermelo was daar vir hulle geen onderdak nie en is hulle in 'n doringdraadkamp ingeja, "en 'n paar sinkplate gegee om 'n skuiling te maak teen die reën. Verder was daar niks, en ons had ook niks, as die nat plunje waarin ons staan."⁵³

'n Krygsgevangene, A. Badenhorst, het vanweë 'n besering in die vyand se hande geval en daar het die vyand hom hardhandig behandel. "Ik wert op een baar uit gedragen. En by de Colon gekomen wert ik op de wreetste wyse op een oopen trolle op myn rug geleg, en met twee touwen overkruis vas gemaakt, het gaan aan regen, hier moes ik blyf leg tot dien avond."⁵⁴

'n Krygsgevangene, L. du Plessis, lewer skrikwekkende getuienis oor die behandeling wat sy groepie burgers na hul gevangening ondervind het. "Ons ses is bymekaar gebring, uitgelei uit die draadkamp en vasgepen. Tentlyne is geneem, ons hande is agter ons rug vasgemaak, styf sodat die bloedare

50. Oorlogsdagboek van N.J. Zerbst, dl. 3, pp. 9-10.
(Afskrif van die dagboek in besit van outeur hiervan).

51. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 7.

52. *Ibid.*, p. 9.

53. Preller, G.S.: Ons Parool, p. 21.

54. V.A. Aantekeninge deur A.J.H. Badenhorst, p. 8.

toegebind is. Na jou hande vasgebind is, word jy agteroor gestamp, een soldaat pootjie jou - dan word 'n lyn aan elke been vasgemaak, oopgespalk en penne in die grond geslaan, aan die vasgemaakte arms word om elke elleboog ook 'n lyn vasgemaak en weerskante in die grond vasgepen, in hierdie posisie het ons seker vir minstens 7 uur gelê, ons het byna vergaan van dors." Een Boer vra water en "die wag het hom op sy mond getrap en gesê: "How do you like this instead of water."⁵⁵

'n Swaar gewonde krygsgevangene is per ossewa na Kroonstad gestuur. Die stampende voertuig het sy lyding ondraaglik gemaak. "Sal ek die marteling van die ossewareis ooit kan vergeet! Ek het dikwels bewusteloos geword van pyn,"⁵⁶ getuig hierdie krygsgevangene.

C.P. van Zyl maak melding van die onaangename ondervinding wat hy en sy mede-krygsgevangenes gedurende hulle treinreis na Durban te beurt geval het. 'n Paar krygsgevangenes het gedurende die nag op gewaagde wyse ontsnap. In woede het die Britse troepe hulle op die oorblywende gevangenes gewreek. Hulle moes almal van die trokke afklim en doodstil in die skroeiende warm son bly sit, sodat noukeurig vasgestel kon word wie ontsnap het. "Dien nacht word onze handen (op de trokken) aan elkander gebonden met bint draad en riemen. Deze nacht, zyn voor my een onvergeetelyke nacht op aarde, daar myne gemoed in my overstelp was, om als een geboeide misdadiger een van myne bitterste nachten op zulk een wyze door te brengen."⁵⁷

Nic van Rensburg getuig hoedat hy en sy maats na hul

55: V.A.(R.V.) 119.233. Getuienis van L. du Plessis.

56: V.A.(R.V.) 119.402. Dagboek van C.J. Liebenberg, p.2.

57: O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p.7.

gevangeneming per trein van Bloemfontein na Vereeniging onderweg was. Gedurende die nag is hulle gewelddadig wakker gemaak en gehensop. Terwyl hulle in daardie posisie gestaan het, is hulle arms by die gewrigte met draad aanmekaar vasgedraai. Met vasgebinde hande moes hulle die nag verder deurbring.⁵⁸ In 'n verklaring oor soortgelyke behandeling, skryf 'n oud-krygsgevangene dat sy hande met 'n riem agter sy rug vasgebind was, terwyl hy per trein onderweg na Durban was. Die ander gevangenes se hande was met draad vasgebind. Met pynende hande moes die krygsgevangenes in 'n ongemaklike posisie die volgende vier-en-twintig uur op die oop trokke deurbring. Slaap, of goeie rus was onder dié omstandighede onmoontlik.⁵⁹

Krygsgevangenes het ook baie klagte gehad oor die toestand van die trokke waarin hulle vervoer is. Dit is dieselfde trokke waarin beeste of perde vervoer is, nog nie skoongemaak is nie en waarin die krygsgevangenes dan beland. A.P. Burger stel dit as 'n feit dat die trokke vuil was en "op de vriendelykste verzoeke weigerde men steeds de trucks schoon te maken selfs niet een bezem den prisoniers te verschaffen."⁶⁰ Hierdie goederetreine het nie latrines of ander geriewe vir die gewone menslike behoeftes gehad nie en "niemand kregen gelegenheid op zyde te gaan," verklaar A.P. Burger.⁶¹ Gustav Preller beweert dat die treinreis na Durban in meer as een opsig afskuwelik was. "Daar was geen latrine, en terwyl die lede van die eskorte by iedere halte of stasie

58. Die Volksblad, 17.2.1950. "Stop van Myne".

59. O.M. J. Rademan - Kurator Oorlogsmuseum, Bloemfontein. 27.12.1950.

60. Burger, A.P.: Worsteljare, p. 14.

61. Ibid., p. 14.

afgestap het, werd van ons niemand toegelaat om die "troks" te verlaat nie."⁶² 'n Soortgelyke grief word ook deur S.J. Burgers uitgespreek. In die bees- of steenkooltrokke was daar geen geriewe vir die krygsgevangenes se behoeftes nie. Op Beaufort-Wes is die krygsgevangenes wel toegelaat om binne twee minute hulle "bezigheid te verrigting."⁶³ H. de Graaf deel mee hoedat sy groep gevangenes onderweg na Durban deur die Engelse wagte gevloek en geskel is.⁶⁴ Die treinritte het aan die wagte die gulde geleentheid gebied om die krygsgevangenes met onnodige strengheid te behandel. "Te Elandsfontein station werden de vierkleurlintjes, die sommige krygsgevangenen als teekenen van hun gezindheid aan zich droegen, met ruw geweld van hen afgenomen," getuig D.S. van Warmeloo.⁶⁵

Daar was ander griewe waaroor krygsgevangenes hulle on-dubbelsinnig uitspreek, of sake waaroor hulle ontevrede gevoel het. Jannie Geldenhuys noem die feit dat hulle gereeld in tronke aangehou is. Hul aanhouding op Bothaville "waren aller elendig wy waren 52 in een vertrek, er was luizen gelyk mieren in dat plaats. Die tydkorting die wy daar heef was gedurig om luizen te zoeken het welk wy in groote getallen vinden."⁶⁶ 'n Anonieme skrywer kla oor die strawwe behandeling en die liggaamlike uitputting waaraan hulle blootgestel is. Na 'n vermoeiende tog, kort rustyd tussenin, geen kos vir versterking "moesten wy maar weer voorwaarts, in den brandende zon. Zeer velen van ons konden niet verder. Myn

62. Preller, G.S.: op. cit., p. 47.

63. T.A. Oorlogsdagboek van S.J. Burgers, p. 60.

64. De Graaf, H.: Boere op St. Helena. Die Oorlogsdagboek van H. de Graaf, verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber, p. 7.

65. Van Warmeloo, D.S.: op. cit., p. 213.

66. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 8.

voeten kregen al blaren en myn beenen waren gezwollen."⁶⁷
 J.D.T. Krynauw bevestig hierdie feit. Ook die groep gevangenes waarin hy verkeer het, moes onder uiterste toestande 'n vermoeiende tog te voet onderneem, "'n linie van gewapende infanterie soldate, weerskante van ons."⁶⁸

Hugo van Niekerk opper 'n beswaar oor 'n situasie onmiddellik na hul gevangening. Die krygsgevangenes was gedurig onseker oor wat daar van hulle verwag word, want verskillende Britse offisiere het uiteenlopende bevele gegee. Wat nog meer verwarrend was, was juis die inkonsekwentheid wat in die toepassing van die bevele voorgekom het. "Wij moesten onze paarden afgeven en toch konden velen van de anderen hunne paarden behouden," maar verreweg die meeste moes te voet loop, hoe gehawend hulle toestand ook al was.⁶⁹

Oor die vernederende aspekte van hul behandeling voel C.P. van Zyl verbitterd. Na 'n vermoeiende staptog het hierdie groep krygsgevangenes Edenburg bereik, "alwaar het voor my een bittere dag, ja!, een galbittere dag op aarde was. Toen wy, als bandieten aangejaagd worden, zoo vuil en vervaauwd, en met schaamte des aangezichts, onze dorpsgasten aanschouwen. En ofschoon, wy zulks lyden moest voor onze geboorte Vrydom, en in dit opzicht geen schande was, waren het niet gewoond, om op zulk een wyze, onze dorp's straten te betreden."⁷⁰

Ook uiters onaangenaam was die ondervinding van 'n burger wat in Wes-Transvaal saam met 'n paar ander burgers aan-

67. O.M. Anonieme skrywer van oorspronklike dagboek, pp. 40-41.

68. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 41.

69. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 63.

70. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 9.

gekeer is. Hulle is te voet voor 'n paar haastige perderuiters na die naaste Britse kamp aangeja en "onderweg daarheen worden allerlei beleedigende taal teen my gebezigd."⁷¹ Ook ds. A.P. Burger getuig hoedat die groep krygsgevangenes waaraan hy behoort het, temidde van die omstandighede waaronder hulle reeds verkeer het, nog die smalende aanmerkings van die "National Scouts" ook noes verduur.⁷²

Op velerlei wyse is Boere wat tot oorgawe gedwing is, op vernederende en neerhalende wyse behandel. Toe Willie Steyn en 'n klompie burgers vasgekeer word, het hulle alle briewe rapporte en dokumente in hulle besit, verbrand, "en byna alle soldaten die wy teen kwamen, vloekten ons op een liederlyke wyse, vermoedelyk omdat wy die briewe hadden verbranden."⁷³ Op Kroonstad is hierdie groepie krygsgevangenes in die wagkamer op die stasie bewaak en Willie Steyn is met tronkstraf gedreig "omdat ik niet vriendelyk was jegens zekere Veldkornet Smith, die zich had overgegeven, en in dezelfde kamer met ons word geplaatst."⁷⁴ Van Kroonstad af is dié gevangenes na die Bloemfonteinse tronk gestuur en "alhier werden wy byna opgegeten door allerlei ongedierten waarvan het wemelde."⁷⁵

C.P. Pretorius bevestig in sy dagboek wat ander krygsgevangenes oor hulle behandeling na Prinsloo se oorgawe neergeskryf het. Hy noem ook die feit dat hulle perde afgeneem is, maar hy noem wel dat die Britse troepe aan hulle ander perde, "de magere en zeur rugten," gegee het. Hy stel ook die feit dat hulle beveel is om net enkele kledingstukke te

71. V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, p. 7.

72. O.M. Aantekeninge deur A.P. Burger, p.2.

73. Reisverhaal van W.H. Steyn, p. 4. (Kopie in Openbare Biblioteek, Kaapstad).

74. Ibid., p. 4. Veldkornet Smith was kennelik 'n hensopper.

75. Ibid., p. 4.

behou en alle ander besittings daar te laat en "toen wij voort gaan, stroomde kaffers en meiden in en neem allis wecht in draagt het op hopen."⁷⁶ Wat hierdie dagboekskrywer hewig ontstel het, was die feit dat hulle daardie aand soos gebruiklik aandgodsdienis gehou het, maar "wij waren nog bezig, kwam de order wij moet ophouw als wij weer zingen zal de lager daatlik platgeschoten werd met kanonnen wij moesten toen ophoud mit zingt."⁷⁷ Hierdie optrede deur die Britse offisiere is direk strydig met artikel 18, hoofstuk 2 van die Den Haagse reëls wat bepaal: "Prisoners of war shall enjoy every latitude in the exercise of their religion, including attendance at their own church services, provided only they comply with the regulations for order and police issued by military authority."⁷⁸

Uit die gevalle wat reeds genoem is, kom dit voor asof daar by die Britse offisiere 'n groot gebrek aan 'n vaste beleid was, of die toesig dat dit uitgevoer word. Dit het daartoe gelei dat die behandeling van krygsgevangenes deur willekeur, omstandighede, of geheel deur die betrokke offisiere bepaal is. Die oorlog het self ook sy deel bygedra, want haat, wraak en bitterheid sou nie uitbly nie. Spoedig was dit duidelik dat krygsgevangenes dikwels op onmenslike wyse behandel is; dat hulle voorwerpe van wraakuitoefening geword het en dat die mindere offisiere hulle eie frustrasie op hierdie weerloses gewreek het. Oor die ruwe behandeling wat hulle ondervind het, lewer talle krygsgevangenes getuigenis. Hulle vertellings mag subjektief, oordrewe en deurspek

76. Dagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 16. Vgl. O.M. Dagboek van J. Prinsloo te Bellevue, pp. 28-29.

77. Dagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 17.

78. Stead, W.T.: How not to make Peace, p. 8.

met persoonlike vooroordele wees, maar dit dui tog aan dat hulle oortuig was dat alles nie regverdig verloop het nie en dat die hardhandige optrede van die Britse troepe onnodig en onbillik was.

Ten opsigte van voormelde gevalle het die Britse offisiere hulle aan ernstige skending van die reëls en regulasies van 'n internasionale konvensie skuldig gemaak. Artikel IV van die Den Haagse Reëls vir Oorlog bepaal dat "prisoners of war must be humanely treated."⁷⁹ Hierdie reël is herhaaldelik oortree en die krygsgevangenes was magteloos om hulle op 'n hoër gesag te beroep, ten einde billiker en mensliker behandeling af te dwing.

Daar was ook ander faktore waaroor die krygsgevangenes verbitterd gevoel het. Wanneer groepe gevangenes deur dorpe aangeja is, of op stasies vertoef het, het familieleden en simpatiserders gewoonlik daarheen gestroom om te groet. Uiteraard was die Britse wagte nie verplig om dit toe te laat nie, maar die krygsgevangenes het dit as onbillik en as 'n onreg beskou as dit geweier is en spreek hulle verontwaardiging daaroor uit. J.J. de Klerk noem die feit dat die groep krygsgevangenes waaronder hy was op Winburg deur 'n groot skare vrouens en kinders ingewag is om te groet "en dit word hulle nie eers vir 5 minute toegelaat nie, of hulle kon net kyk hoe hulle verby gaan en kon hulle dierbares nie eers spreek of groet nie, omdat ons tussen twee rye soldate moet gaan."⁸⁰

Jannie Geldenhuys meld met verontwaardiging dat sy bejaarde moeder spesiaal na Kroonstad gekom het om hom te groet.

79. Stead, W.T.: The Hague Rules of War, artikel 4, p. 19.

80. De Klerk, J.J.: op. cit., p. 4.

"Dit was bedroefend om te sien dat zy door de wacht terug gejaagd werd met tranen in de oogen, dat zy de moeite gedaan heeft haar zoon te besoek en niet eens de recht te hebben hem te groeten."⁸¹ D.S. van Warmeloo wys op die feit dat die voorreg om bekendes of familie op stasies te groet geheel-en-al van die oordeel van die betrokke offisier afgehang het, "of van den vyand in wiens handen hy valt. Zoo had ik in Johannesburg het voorrecht, om myn moeder en zusster te ontmoeten; terwyl ik vrouwen schreiende heb sien smeken, om slechts een paar woorden met hun familie te mogen spreken, die door de wacht op ruwe wyze werden weggejaagd."⁸² S.J. Burgers maak melding van die geesdrif waarmee die krygsgevangenes op Wellington deur die burgerlikes op die stasie ontmoet is, maar "het was onmenslyk toen een jonge myssie ons een mantje vrugte wilde geven, jaagde de wachte haar terug."⁸³ Ook op Worcester was groot groepe simpatiseerders op die stasie, "maar hulle is nie toegelaat om slegs enkele woorde met die krygsgevangenes te praat, of hulle te groet nie."⁸⁴ Hierdie voorbeelde illustreer juis die dinge wat die Britse troepe of offisiere nie verplig was om toe te laat nie, maar wat deur die krygsgevangenes beskou is as 'n toegewing waarop hulle uit bloot menslike oorwegings 'n aanspraak het.

Die strenge bevele aan die wachte was gevaarlik en verontrustend, omdat dit hulle met te groot magte bekleet het en dit twyfelagtig is of hulle altyd goeie oordeel in daardie verband aan die dag gelê het. A.P. Burger skryf dat die

81. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, pp. 7-8.

82. Van Warmeloo, D.S.: op. cit., pp. 212-213.

83. T.A. Dagboek van S.J. Burgers, pp. 61-62.

84. T.A. Herinneringe van J.D.T. Krynauw te Bermuda, p. 41.

krygsgevangenes gedurende die treinreis deur Natal tekens van senuweeagtigheid getoon het toe hulle deur die gebiede ry waar van hulle aan gevegte deelgeneem het. Dit was blykbaar 'n oortreding wat gestraf moes word, met die gevolg "dat de bevelhebbende offisier bevel gaf dat ieder zou stil zitten en blijven. Indien niet moesten zy neergeschieten worden."⁸⁵

Generaal Hunter se opdragte op 3 Augustus 1900 aan Kol. Paget wat in bevel van die krygsgevangenes van generaal M. Prinsloo was, getuig van 'n onverbiddelike beslistheid om die krygsgevangenes tot slaafse gehoorsaamheid te dwing. "Any attempt to escape on the part of any individual will be the signal for you to open fire on the remainder to the extent you find necessary, to prevent any organised attempt at escape or frustrate any attempt at rescue."⁸⁶

Dat wagte nie vir geweld teen die weerlose krygsgevangenes gestuit het nie, word deur 'n gebeurtenis gedurende 'n treinreis geïllustreer. "At Wolwehoek Station, O.R.C. on March 31st 1902 a Prisoner of War was shot by a sentry for standing up in a truck* contrary to orders and was slightly wounded."⁸⁷ Hierdie "orders" was uiters streng en is in genoemde geval tot die letter uitgevoer, want "every prisoner on entering the truck, should be made to sit or lie down & warned that if he rises he is liable to be shot. After dusk, prisoners must lie down."⁸⁸

Dit is egter nie slegs die strawwe behandeling waaroor

85. Burger, A.P.: op. cit., p. 15.

86. Headlam, C.: Lord Miler Papers, pp. 38-39.

87. S.O.P. PR/A 3689. Stafoffisier, Kaapstad-stafoffisier, Umbilo, 15.4.1902.

88. Ibid. Orders for Escorts conveying prisoners of war by Train.

* Eie Kursivering.

talle krygsgevangenes hulle afkeer uitspreek nie, maar veral oor die feit dat hulle weinig aardse besittings hulle ontnem is. So getuig J.A. de Villiers dat hulle in ongunstige weersomstandighede gevange geneem is en dat hulle waens, lewensmiddele en dringende benodigdhede deur die vyand verbrand is en "kregen wy dien aand een bok zyl om in te sla-pen."⁸⁹ 'n Soortgelyke ondervinding het 'n groepie burgers in Wes-Transvaal te beurt geval. Hulle is deur 'n Britse afdeling aangekeer en "bykans alles word van de wagens gesmeten en aan brand gestoken."⁹⁰ Rocco de Villiers vermeld in sy herinneringe hoe dat die vyand eers al die gevangenes byeengebring het en daarna "begon de vyand ons wagen en andere artikelen, die hy niet kon vervoeren, te verbranden," en die troepe "alle private eigendommen hen toegeeigend."⁹¹ Wat vir die krygsgevangenes ontstellend was, was die feit dat hulle blykbaar die reg om hulle privaat besittings te behou, ontsê is, want toe van hierdie groepie gevangenes probeer het om hulle goed terug te neem, "is hulle met doodskiet gedreig."⁹² Gustav Preller deel ook mee dat die groepie krygsgevangenes waaronder hy was, van alles wat hulle gehad het beroof is en "nie toegelaat om 'n draad uit ons bagasie te red nie."⁹³

Daar was egter ernstiger gevalle van toeëiening van eiendomme van krygsgevangenes en selfs swaar gewondes. In

89. K.A. Dagboek van J.A. de Villiers, p. 9.

90. V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, p. 5.

91. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers, p. 67.

92. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers, p. 68.

93. Preller, G.S.: op. cit., p. 18. Vgl. ook die getuienis in V.A. Dagboek van J.A. du Toit, p. 7 en 12; De Graaf, H.: op. cit., p. 7; O.M. Dagboek van A.P. Roos, p. 106; Dagboek van C.P. Pretorius, p. 16; S.O.P. PR/A 23, J.H.L. Schumann aan bevelvoerder, Manilla, in Simonsbaai.

'n beëdigde verklaring lewer die adjudant van generaal J.H.M. Kock getuienis oor die omvang van en die wyse waarop Britse troepe die gewondes en gevangenes van hul besittings berowe het. "Not alone were general Kock and the persons mentioned above robbed of their clothes, watches, and money : On the battlefield I saw the remains of Assistant Commandant Bodenstein (Landdrost van Krugersdorp). He had been robbed of his telescope, his rings had been taken from his fingers, all his money was gone. I also saw the remains of Piet Blignaut Sen. His boots, watch, money, and snuffbox were gone."⁹⁴ Hy noem ook die gevalle van Willie Pretorius, Servaas de Wet en Fanie Kock wat van al hul besittings berowe is, nadat eersgenoemde gedood en laasgenoemdes lig gewond was.⁹⁵

Wat dus plaasgevind het, was in skrilte kontras met artikel 4 van die Den Haagse reëls vir oorlogvoering wat bepaal dat "all their personal property except arms, horses, and military papers remain their property." In seksie 2 "On Hostilities," van die Haagse reëls, artikel XXIII(g), word ook die vernietiging van eiendom verbied, "unless such destruction or seizure be imperatively demanded by the necessities of war."⁹⁶ W.T. Stead verklaar dan ook: "It would be very difficult to reconcile this article with the wholesale destruction of all the personal belongings of our unfortunate captives, which was the invariable preliminary to their incarceration in the prison camps."⁹⁷

'n Baie belangrike grief van die krygsgevangenes was

94. Leyds-argief, dl. 1 no. 92. Beëdigde verklarings.

95. Ibid.

96. Stead, W.T.: How not to make Peace. The Hague Rules of War, p. 18.

97. Ibid., p. 19.

die feit dat hulle so dikwels saam met swartes in tronke opgesluit is, òf deur hulle gevisenteer is. Die Britse owerheid het wel voor 'n groot probleem in verband met veilige bewaring van krygsgevangenes te staan gekom, maar kon ander oplossings gesoek het. Dit is 'n feit dat die blanke afdelings van die tronke gewoonlik klein was en dus gou oorvol gevangenes was en dat daar dus bewaarplekke vir die res van die krygsgevangenes gevind moes word. Die Britse gesagvoerders was egter goed bewus van die Afrikaner se rassegevoel en die handhawing van 'n kleurskeidslyn. Die opstandigheid van krygsgevangenes en hulle veroordeling van hierdie deel van hul gevangenskap was dus nie onverwags of ongeregverdig nie.

Die spot en hoon van die Nie-Blankes oral langs die spoorlyne, op stasies of in dorpe, het die krygsgevangenes met verontwaardiging en afsku vervul. In die meeste gevalle is die grootskaalse vernedering van gevangenes deur dié groep ongehinderd toegelaat en slegs in enkele gevalle is daarteen opgetree. Dit is dan ook geen wonder nie, dat die meeste dagboekskrywers onder die gevangenes herhaaldelik van die onaangename ondervinding melding maak. Wat hul uitsprake oor sommige aspekte hiervan betref, was die aanhouding in tronke seker die grootste bron van openlike ontevredenheid. J.A. du Toit deel mee dat hy en ander krygsgevangenes na die Klerksdorpse tronk gestuur is en is "daar deur een brutale Kaffer onderzocht." Groot was hulle verontwaardiging omdat "hy telkens met de wyze waarop zy de goed plaatste fout vind."⁹⁸ I.J. Stoltz noem ook die feit dat hulle in die Barbertonsé tronk in 'n sel teenoor 'n klomp "kaffer gevange=

98. V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, p. 15.

nes" geplaas is.⁹⁹ W. Potgieter beskryf ook sy groep se gevangening en behalwe die feit dat die joiners hulle baie sleg behandel het, stel hy die feit dat hulle die nag "tussen 30 gewapende vuil kaffers moes slaap."¹⁰⁰

A.P. Roos deel met wrewel mee hoedat die omstandighede in die Klerkdorpse tronk vir 'n groepie gevangenes ondraaglik gemaak is. Hulle moes op die harde klipvloer slaap en daar is die toestand vererger "deur straatkaffers in dieselfde tronkselle saam met die krygsgevangenes op te sluit."¹⁰¹

H. Scholtemeijer en sy mede-krygsgevangenes het na 'n vermoeiende staptog uiteindelik in die Pretoriase tronk beland, maar groot was hulle ontugtering, "verbaas en verontwaardig toe ons merk dat ons ons hier tussen kaffergevangenes bevind."¹⁰² Willie Steyn deel met afsku van sy eie en ander krygsgevangenes se onaangename vyfdaagse verblyf in die Kroonstadse tronk mee, en "nachs werden de kaffers, die dronk op straat gevonden werden, in dezelfde vertrek by ons geplaatst."¹⁰³

Nie net in die tronke nie, maar ook elders is die lewens van krygsgevangenes deur die teenwoordigheid van Nie-Blankes vergal en is hulle verneder. Jannie Geldenhuys beskryf die onaangename verblyf van 'n groepie krygsgevangenes in 'n tronk op Bothaville, maar die ergste van hul vernederinge was "omdat de kaffers ons zoo bespot en uitsnaterde."¹⁰⁴ P.H.H. Fick noem ook die gespot en smalende aanmerkings as 'n hinderlike en vernederende aspek van hul be-

99. V.A.(R.V.) 119.1201. Dagboek van I.J. Stoltz, p.61.

100. V.A.(R.V.) 119.512. Dagboek van W.J.J. Potgieter, p. 19.

101. O.M. Dagboek van A.P. Roos, p. 108.

102. Scholtemeijer, H.: op. cit., p. 12.

103. Reisverhaal van W.H. Steyn, p. 4.

104. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 17.

handeling as krygsgevangenes. Nadat al die krygsgevangenes bymekaar gebring is, "moesten wy tusschen volk & dergelyke door, waar zy lagchen en spotten."¹⁰⁵ Toe hulle later per trein na Kaapstad vervoer is, is die vernedering telkemale herhaal "en werden op een gruwelyke wyze door volk bas-taards bespotten."¹⁰⁶

Die groep krygsgevangenes wat onder generaal Prinsloo oorgegee het, bereik na 'n vermoeiende tog uiteindelik Winburg en hoop dit sou die einde van hulle beproewinge en lyding wees, maar "daar staan Kaffer en Engelsman aan weersyde des weg en schreeuw en spot met ons onuithoudelyk."¹⁰⁷ Op Bloemfontein stasie gaan dit met hierdie krygsgevangenes ook niks beter nie. "De kaffers schreeuw en roep Hoera. Sommigen schreeuw! Julle Boeren, ik zal jou neuk zeg een ander."¹⁰⁸ In hulle ondergeskikte posisie as krygsgevangenes kon hulle niks doen om 'n einde aan hierdie vernederinge te maak nie. Die opborrelende woede het opnuut hulle magteloosheid as gevangenes helder ingeskerp. J.H. Wiggett teken in sy dagboek juis die feit aan dat hulle naby Kimberley van die trein afgelaai is "waar die bastermeide ons beledig het,"¹⁰⁹ en in Kaapstad moes hulle "weer die gespot van swartes verduur."¹¹⁰ H. Scholtemeijer voel gesteurd oor hulle onaangename ondervinding op Beaufort-Wes "waar ons 'n groot vernedering ondergaan, want op die stasie was 'n hele boel basters wat ons op die gruwelikste wyse uitgeskel en beskimp het."¹¹¹

105. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, p. 71.

106. *Ibid.*, pp. 84-85.

107. V.A.(R.V.) 119.519. Dagboek van F. van der Walt.

108. *Ibid.*

109. V.A.(R.V.) 119.563. Dagboek van J.H. Wiggett, p.6.

110. *Ibid.*, p. 7.

111. Scholtemeijer, H.; *op. cit.*, p. 17.

Van klein tot groot neem aan die veldtog teen die krygsgevangenes deel. "Ja van kleinst tot grootst namen hunne kans, op eene bittere wyze, een van de ou kleintjes achter zyn moeder wyst ook zyne vuist & zeggen jou moer & plaats van boer."¹¹² Ook ander maak met wrewel van die vernederende aspek van hulle gevangenskap melding. Terwyl 'n groep krygsgevangenes onder 'n sterk gewapende geleide per trein weggevoer word, "word ons deur die Engelse kinders, en van jingoes, kaffers bespot en veragtelike woorde toegevoeg en geschreuw."¹¹³

Op Bloemfonteinstasie is 'n groep krygsgevangenes deur die swartes bespot. "Dat schreeuw en fluit dat wij bijna niets kan hooren toen wij vertrek schreeuwden zy(:) "dag Boere. goed te rys zonder ticket."¹¹⁴ Oral langs die spoorlyn ondervind hierdie groep krygsgevangenes dieselfde vernederinge, maar in Kaapstad was dit verreweg die ergste. "Daar was wij in den spotnes hotnos, kaffers, meiden bij honderde ... de straaften is overtrek met spotters zoolank als wij daar in de troksen staan hebben zij geraas en slecht ge=maak."¹¹⁵ "Het is de Kaapse hotnos en kaffer die ons vloek=te en spotte," skryf S.J. Burgers, en vervolg dan, "aan onze grysaard vraagde zy: "haai ou takhaar waar is jouw pas, waar is Paul."¹¹⁶ J.D.T. Krynauw noem ook die feit dat die spottery erger geword het na mate hulle nader aan die Kaap

112. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, pp. 84-85.

113. V.A.(R.V.) 119.1201. Dagboek van I.J. Stoltz, pp. 64-65.

114. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 19.

115. *Ibid.*, p. 20. Vgl. ook, T.A. Herinneringe van P.A. Kolver, p. 7; T.A. Herinneringe van P.J. Jacobs, p. 7; T.S. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, p. 20.

116. T.A. Dagboek van S.J. Burgers, pp. 61-62.

gekom het. "Hoe nader ons na die Kaap gekom het hoe meer kleurlinge op die stasies en almal daarop uit om ons te bespot."¹¹⁷ Langs die spoorlyn tussen Kaapstad en Simonstad was die spottery ook baie erg en in Simonstad, "toen wy zoo gebukt gingen onder de zware bondels, seide een meid aan een ander, "ga hoe stink hulle."¹¹⁸ "Aan de Kaapstad schreeuwden zy allerlei dingen naar ons: "Waar is nou julle passen julle bokkers? Het is moeilik iemand dan nog in toom te houden. A. Rautenbach zeide het was als een pijl door zijn hart," teken Hugo van Niekerk die onsmaaklike gebeure in sy dagboek aan.¹¹⁹

Van Kaapstad se stasie af na die dokke moes die krygsgevangenes ook baie spot en vernedering verduur, want daar het die massa die geleentheid ten volle benut om hulle bandelose hartstogte te laat botvier. Treinvragte vol krygsgevangenes moes daardie end pad te voet aflê "alwaar vele menschen verzameld waren en werden ons allerlei aanmerkingen van een gemeenen aard door de werklieden van de "Docks" toegeworpen."¹²⁰ Die krygsgevangenes moes hierdie bespotting en vernederinge stilswyend verdra. "Ek het persoonlik gehoor", getuig H.J. Storm, "dat die kleurlinge vroue aan mekaar gesê het, eerste kleurlingvrou het op die skouwer van die tweede kleurlingvrou geslaan en gesê ou suster kyk daar, daar kan jy vir jou een uit soek soos jou hart kon begeer, die tweede kleurlingvrou se antwoord was ag sies vir jou gun jy my dan nie 'n beter huwelik dan om met een van hulle te trou nie."¹²¹

117. T.A. Herinneringe van J.D.T. Krynauw te Bermuda, pp. 41-42.

118. O.M. Dagboek van J. Prinsloo, p. 31.

119. V.A.(O.M.-vers). Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 75.

120. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers, p. 121.

121. V.A.(R.V.) 119.664. H.J. Storm aan Renier, 12.9.1958. Vgl. ook, T.A. Herinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 42; Sien ook Bylae A, p. 575.

Op Soutrivierstasie was daar ook gewoonlik 'n samedromming om die krygsgevangenes te bespot "en terwyl we dien nacht daar bleven, door Hottentots toegejuicht. Hun schreeuwen viel ons gansch niet malsch tegen", getuig 'n krygsgevangene.¹²²

Die gehawende toestand en die ruwe voorkoms van die krygsgevangenes het ongetwyfeld baie tot die spot en verne-deringe wat hulle moes verduur, bygedra. "Ongewas en onge-kam, vuil van die beestrokke, almal verskillend gekleed, met bondels goed van allerhande grootte, vorm en kleur, was ons die spot van die kleurlinge wat gewoond was om die Engelse vars van die skip af in netjiese uniforms met musiek deur die strate te sien marsjeer."¹²³

Die uitjouery het normaalweg ongehinderd voortgegaan en is oogluikend deur die owerheid toegelaat. In slegs enkele gevalle het die verantwoordelike offisiere daarteen opgetree en getuig 'n krygsgevangene dat op daardie dag "major Elking-ton alles in sy vermoogen had gedaan om het geschreeuw van de malle goed te staken."¹²⁴ Ook Jacob Teengs noem die feit, dat hy en sy groep gevangenes goed behandel is, met groot dankbaarheid. "De soldaten die onze wacht uit maakten waren alles in aanmerking genomen nogal goede kerels, en bemoeiden zich maar min met ons." Ook op die stasies het hulle vinnig en doeltreffend teen die uitjouers opgetree. Hy noem spesi-aal hulle aankoms op Worcester "waar een heele boel van't Kaapsche volk, aan het station waren, en ons zoo als we al verwacht hadden zoo dra ze ons in't oog kregen ons uitjouwen en bespotten, doch daarvan namen we zeer weinig notitie, en

122. V.A.(R.V.) 119.726. Dagboek van J.P. Swarts, p. 3.

123. O.M. Herinneringe van Ceylon van O. van Oostrum, p.1.

124. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers, p. 121.

ook bracht onze wacht ze nog al spoedig tot zwijgen."¹²⁵

Uit die geskiedenis van sy gevangeneneming waarvan Rocco de Villiers in sy herinneringe 'n volledige verslag aange-
teken het, kom dit voor asof amptenare na gevangeneneming an-
ders as vegtende burgers behandel is. Volgens Rocco de Vil-
liers is hulle na die aanvanklike verwoesting en toeëiening
van hulle private besittings, goed behandel en is hulle toe-
gelaat om hul perde te behou. "Een sterke escort reed aan
beide zijden van ons, om alle mogelijkheid van ontsnapping
te voorkomen."¹²⁶ Dit moet egter as 'n normale voorsorg-
maatreël beskou word, soos ook later met hulle gebeur het
toe hulle in trokke gelaai en dig toe gemaak is, "opdat wij
niet zouden ontsnappen."¹²⁷ Gedurende hulle aanhouding is
hulle feitlik nooit met rus gelaat nie, want "de officieren
van het Informatie Bureau trachten op verschillende manieren
nieuws uit ons te persen."¹²⁸ De Villiers toon verder aan
dat hulle in hierdie eerste paar dae van gevangenskap 'n
vreemde ondervinding deurleef het en hulle moes tyd en die
geleentheid kry "het geen in de voorafgaande vyf dagen ge-
beurd was na te denken, en ons lot als kriegsgevangenen te
betreuren."¹²⁹ Hierdie krygsgevangene het geen beswaar teen
hulle behandeling in 'n kamp in Pretoria gehad nie. Hy be-
skryf dit selfs as oor die algemeen goed, alhoewel dit vir hom
bitter eentonig was. "Ware het niet voor de ontvangene be-
zoeken zou het leven in dat kamp ondragelijk geweest zijn."¹³⁰

Namate dit egter vir die Britse militêre leiers duide-

125. Dagboek van J. Teengs, p. 66. Vgl. ook, T.A. H.
Lampen in koerantartikel.

126. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers, p. 69.

127. Ibid., p. 100.

128. Ibid., p. 98.

129. Ibid., p. 101.

130. Ibid., pp. 109-110.

lik geword het dat hulle uit hierdie Vrystaatse amptenare geen militêre inligting kon kry nie, het die toestand verander en is hulle per trein na Ladysmith gestuur. "Op dit station werden wij door Tommies, koelies en andere nieuwsgierigen beschouwd als of wij dieren waren op eene tentoonstelling."¹³¹ Hierna sou hulle net soos al die ander krygsgevangenes behandel word.

Oor die algemene behandeling maak Hugo van Niekerk 'n insiggewende opmerking. "Het is opmerkelijk dat de officieren veel beleefder zijn dan de soldaten en de soldaten die met ons vchten zijn veel beleefder dan zij die nog nooit onder schoot waren."¹³²

Oor die optrede van Britse troepe teenoor krygsgevangenes en die behandeling van die krygsgevangenes, het Boeredagboekskrywers tot die gevolgtrekking gekom dat dit alles van die betrokke offisier afgehang het. Met die gevolgtrekking kan daar in 'n hoë mate saamgestem word, maar dit kan ook nie as 'n algemene reël beskou word nie. Dit is opvallend dat waar daar groot groepe gevangenes deur die Britse magte gevange geneem en veel groter probleme met sulke krygsgevangenes ondervind is, was die behandeling oor die algemeen mensliker en billiker. Dit skyn dus asof die hoër range in die Britse offisiersgeledere 'n veel billiker behandeling van krygsgevangenes op hulle minderes afgedwing het. Waar klein groepe burgers deur kleiner Britse afdelings onder bevel van onder-offisiere of laer offisiersrange gevange geneem is, was die behandeling in die meeste gevalle swakker. Daarby moet ook in gedagte gehou word, dat die kleiner afdelings veel

131. *Ibid.*, p. 113.

132. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 73.

beweegliker was en gevolglik geen groot voorraad lewensmiddele beskikbaar gehad het nie, aangesien hulle gewoonlik redelik ver van hulle basisse opgetree het.

Volgens artikel 7 van die Haagse reëls (The rules of War) moet daar vir krygsgevangenes op dieselfde grondslag as vir soldate gesorg word. As daar ag geslaan word op die getuigenis van krygsgevangenes en besoekers aan die krygsgevangenkampe, word die feit bevestig, dat gevangenes in baie gevalle in vodde gekleed was, komberse en stukke seil tot broeke verwark het en soms kaalvoet moes loop.¹³³ Die Britse owerheid het wel die konvensie onderskryf, maar was nie baie gesteld op die stiptelike nakoming daarvan nie. Terwyl hulle self nie behoorlik vir die krygsgevangenes sorg nie, verbied hulle in die Bermudas, byvoorbeeld dat groot hoeveelhede klerasie uit die Verenigde State na die krygsgevangenes gestuur word om hulle betreurenswaardige toestand enigsins te verbeter.¹³⁴

In talle gevalle was artikel 7 van die bepalinge in sake die behandeling en voeding van krygsgevangenes 'n dooie letter. Krygsgevangenes het in talle kampe byna van honger vergaan en na die vredesverklaring is hulle rantsoene soms verminder as 'n dwang- en strafmiddel om hulle te beweeg om die eed van trou af te lê.¹³⁵ Dit moet egter hierby gemeld word, dat daar in ander kampe oor die algemeen goeie voedselvoorsiening was en krygsgevangenes geen besondere klage gelug het nie.

Die behandeling van krygsgevangenes kan egter nie net aan die willekeur of hardvogtigheid van die Britse troepe

133. Hassell, J.A.: The Boer Concentration Camps of Bermuda, pp. 10-11. Vgl. Van Blerk, J.A.: Op die Bermudas beland, pp. 34-35.

134. Hassell, J.A.: op. cit., pp. 1-2.

135. Ibid., p. 6, p. 9, p. 11 en 14. Vgl. ook, G.O.V. Vol. 216, Verslag uit Bellary, 16.10.1902.

gewyt word nie. Uit die getuienis van krygsgevangenes blyk ook duidelik dat die Boere nie altyd 'n toonbeeld van respektabelheid was nie. Hiertoë het nie net die gehawende en verwaarloosde toestand van die krygsgevangenes bygedra nie, want die groot getalle wat vrywillig na die Britse magte oorgeloop en hulle dienste daar aangebied het, sou vir die Britse troepe genoegsaam rede verskaf om 'n swak opinie van die burgers te vorm en sou gevolglik weinig respek aan hulle betoon. Dit sou ongetwyfeld ook 'n rol in die latere behandeling van krygsgevangenes speel.

Krygsgevangenes se moraal is in talle gevalle deur die papbroekige optrede van hul offisiere geknak en wat hulle daardeur uiters patetiese figure voor die Britse soldate gemaak het. 'n Boeregevangene skets in hierdie verband 'n goeie beeld van die verslane kommando van generaal M. Prinsloo na sy oorgawe. Vier-vier het hulle gery "om onself met geweer, perd, saal en toom en al ons patrone aan die vyand (te) gaan oorgee as gevangenes. Almal het so verslae en verlore gelyk - en nou moedeloos die stryd opgegee het en hom nou maar soos 'n lam vir die ergste voorberei - die knie en hand het slap geword."¹³⁶ Die vyand het goed besef dat hy hom op hierdie soort mense ten volle kon wreek en wat vernederings en beledigings gedwee sou verdra. Sulke krygsgevangenes het ongetwyfeld niemand met hulle voorkoms of houding beïndruk nie. "Ach het was een treurige morgen, om zulke groote commandos te zien trekken naar hun vyand om zich over te geven", betreur J. Prinsloo hierdie eerlose oorgawe.¹³⁷

136. T.A. Herinneringe van J.D.T. Krynaau, pp. 36-37.

137. O.M. Oorlogsdagboek van J. Prinsloo te Bellevue, pp. 28-29.

Die meeste van hierdie gevangenes moes die afstand na Winburg te voet aflê en terwyl hulle moeisaam deur die afgebrande veld voortstropel, is daar by hulle die pynigende gewetenswroeging, "en't was of de natuur treurde over onze daad, of zal ik zeggen, wandaad."¹³⁸ Daar staan wij als hulpeloze schapen. Wij zijn in de handen onzer vijanden, wij moesten nu in hun oogen kijken voor eenig ding die wij nodig hebben," bekla 'n krygsgevangene hul hopelose toestand, en terwyl hulle willoos deur 'n sterk berede mag voortgedryf word, was daar "een stofwolk zoals de boeren loopen."¹³⁹ Uit genoemde getuienis is dit verstaanbaar dat die Britse troepe die krygsgevangenes met minagting sou behandel en dat die hele situasie hulle maklik tot magsmisbruik sou verlei.

Gevalle waar krygsgevangenes na gevangeneeming sonder pogings om te ontsnap doodgeskiet is, het nie veel voorgekom nie, maar daar was wel sulke grusaamhede. P.R. Kock noem in 'n beëdigde verklaring 'n paar sodanige gebeurtenisse. "J.A. Lepeltak Kieft was wounded by a lancer; he threw his gun down, and, holding up his hands, surrendered himself as prisoner. He was ordered to march "voorwaarts", and took a turn to the left. He did not do this quickly enough in the opinion of the English officer, who then shot him from behind with a revolver. That same night he died."¹⁴⁰

Dokter Lingbeek van die Nederlandse Rooi Kruis maak ook daarvan melding "that the English killed the wounded, after having disarmed them." Genoemde dokter is in besit van beëdigde verklarings wat die bewering bevestig.¹⁴¹

138. V.A.(R.V.) 119.726. Herinneringe van J.P. Swarts, p.1.

139. V.A.(R.V.) 119.519. Dagboek van F. van der Walt.

140. Leyds-argief, afd. G. dl. 1. The People of Holland to the People of Great Britain and the Civilized World.

141. Ibid.

Britse troepe lewer self ook getuienis van grusame moorde op gevangenes. In 'n brief aan sy moeder, skryf Thomas Dolan op 28 Oktober, dat hulle 'n afdeling Boere met hulle lanse stormgeloop het. Die burgers het oorgegee, "but all to no purpose and no quarter was given them."¹⁴² Soortgelyk lui ook die beskrywing van 'n eerste geveg waarin 'n Engelse soldaat betrokke was. "When we charged the Boers with our bayonets those who did not get away went on their knees for mercy, and I can tell you they got it with a long hook."¹⁴³

'n Ander Britse soldaat beskryf sy afdeling se stormloop op 'n Boere-afdeling. "Some of them escaped, but the others surrendered, went down upon their knees and begged for mercy but they did not get it. My bayonet changed colour."¹⁴⁴ Die wreedheid van die Britse soldate en hulle miskenning van die Den Haagse Konvensie word duidelik weer-
spieël in 'n realistiese beskrywing deur 'n Engelse offisier, van hulle optrede teen Boere. "After driving the Boers from their position, one of our squadrons was sent off in pursuit of them. They succeeded in overtaking the Boers at dusk and then began a glorious pig-sticking, that lasted about ten minutes. The bag was about sixty. Unfortunately night set in, else we might have killed many more."¹⁴⁵

'n Korporaal deel self mee hoedat sy afdeling 'n klompie Boere tot oorgawe gedwing het en dat hulle om genade gesmeek het. Dit was tevergeefs. "Very few escaped. We gave them a final thrust as they were lying there. The next morning nearly all the lances were covered with blood."¹⁴⁶

142. Ibid.

143. Ibid.

144. Ibid.

145. Ibid.

146. Ibid.

Optrede van hierdie aard kan op geen grond goedgekeur word nie, maar dit sou ook verkeerd wees om hierdie gevalle te veralgemeen en die Britse troepe deurgaans van moord op krygsgevangenes te beskuldig. Hardvotige behandeling en willekeurige optrede was daar, ook gebrek aan gesonde oordeel, maar daar was ook gevalle van billike, simpatieke, beskaafde en menslike behandeling teenoor krygsgevangenes waarvan met groot waardering in hulle dagboeke en herinneringe melding gemaak word. Daar mag voorbeelde wees van gevalle waar Britse magte of individuele offisiere toegeeflik en ridderlik teenoor hul gevange en magtelose vyand opgetree het, maar in die geskrifte van die krygsgevangenes is daarvan nie melding gemaak nie.

HOOFSTUK 3

DIE SEEREIS NA DIE VREEMDE

Na gevangenneming het die verdere gebeurtenisse vir die krygsgevangenes, mekaar só snel opgevolg, dat hulle eintlik nie die geleentheid gehad het om op een plek hul voete behoorlik te vind nie. Van die slagveld af is hulle in die hande van die vyand aan willekeurige optrede onderwerp. Selfverwyt oor foute, verkeerde strategie, gebrek aan georganiseerde leerleiding, en nou ook die onsekerheid oor die onmiddellike en verdere toekoms, het verwarring in hul gemoedere veroorsaak. Wanaangepastheid by die militêre dissipline en roetine van die vreemde lewe in die krygsgevangenekampe, het die onrus en innerlike konflikte vererger. Daar was egter vir hulle nog altyd die een groot gerusstelling - hulle was nog steeds in hulle eie vaderland. Hieraan is egter spoedig 'n einde gemaak, want die besluit dat hulle na oorsese gebiede gestuur moes word, het hulle hewig ontstel, en "'t was voor't gevoellig hart een ernst volle oogenblik zyn blik af te trekken van den boodem van Zuid-Afrika om op het uitgestrekte oseaan nu zyn weg te bepalen. En nu moet ik en myne lotgenoten als zoonen van dit geslacht ook voor dit ons heilig reg worden weggezonden naar een onbekenden plaats en wie weet hoe lang van onzen dierbaren gescheiden te worden," lug J.J. Sevenster sy gemoed.¹

1. O.M. Dagboek van J.J. Sevenster, pp. 7-8. Vgl. ook Stegman, D.: Murasies, p. 151; Scholtemeijer, H.: Die Balling oor die See, pp. 18-19; Visagie, L.A.: Terug na Kommando, p. 49.

Veel tyd om oor hierdie wending in hulle lewens te tob, was daar gelukkig nie, want spoedig is hulle in groepe aangesê om gereed te wees om na verre onbekende oorde te vertrek. Daarvoor was daar geen groot voorbereiding nodig nie, want hulle aardse besittinkies kon in 'n klein bondeltjie gerol word en was die pakkery afgehandel.²

Onder sterk gewapende geleide is hulle weerloos en byna willoos na die transportskepe geleide gedoen - 'n bonte verskeidenheid van grysaards, kinders, middeljariges, gebrelikes, rebelle, vrywilligers van oor die hele wêreld; mense van alle nasies, beroepe, ambagte en klasse van die volkslae. Een na die ander is die transportskepe in Tafelbaai, Valsbaai en Durban se hawe tot hulle maksimum kapasiteit gevul, waarna die reis kon begin.³ Hierdie kennismaking met die see het reeds sy onaangenaamhede meegebring, want die geestelike ingesteldheid van die krygsgevangenes is grootliks vererger deur 'n mate van harteloosheid en gebrek aan goeie en gesonde oordeel by die Britse offisiere. In Durban is die groot massa krygsgevangenes byvoorbeeld, willekeurig verdeel. By hierdie verdeling is bloedverwantskap tussen die gevangenes eenvoudig geïgnoreer. "De scheiding tusschen ouders en kinders, broeders en broeders was bitter. De vader voor het een en het kind voor het ander schip bestemd. Men weet niet waarheen en voor hoelang." som ds. A.P. Burger die

2. O.M. Dagboek van J.J. Sevenster, pp. 48-49. Vgl. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom. dl. 1, p. 69; O.M. Dagboek van J.J. Taljaard, p. 11; O.M. Dagboek van P.A. Venter, p. 6.
3. Die Oosterlig, 19.1.1968, Artikel deur H.S. Schoeman. Vgl. De Graaf, H.: Boere of St. Helena. Die Oorlogsdagboek van H. de Graaf, verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber, p. 19; J.N. Brink en Rocco de Villiers noem ook die probleme van oorvol skeepsruime.

situasie op. Een van die Britse offisiere het ds. Burger gevra om vir die krygsgevangenes te verduidelik dat hulle na verskillende bestemmings gestuur word. Dit is gedoen met die doel dat die krygsgevangenes "gelegenheid kon krygen el-kander te groeten. Onder overvaren naar de schepen kregen sy daartoe gelegenheid."⁴

Nadat die krygsgevangenes aan boord gebring is, het 'n nuwe soort lewe vir hulle aangebreek en is hulle aan willekeurige behandeling van die Britse offisiere onderwerp. Hulle kon gevolglik goed of sleg behandel word, al na gelang die offisier simpatiek of vyandig opgetree het. Rocco de Villiers skryf in sy dagboek dat die Boere-offisiere in hulle groep aan boord goed behandel is en dat daar geen uiterlike tekens van vyandskap te bespeur was nie. "De schips-officieren waren altyd zeer vriendelijk jegens ons en behandel-den ons zeer goed."⁵ Aan boord is die krygsgevangenes selfs op hoogte gestel met die prosedure wat gevolg moes word in geval van 'n skipbreuk. Hulle is in groepe verdeel en is elke groep op 'n bepaalde reddingsboot onder 'n leier aangewys en gereelde oefeninge is daarvoor gehou. "Het oefenen der burgers om op gegeven oogenblik naar de voor hen speciaal bedoelde schuiten te gaan, was een oorzaak van veel pret," besluit Rocco de Villiers.⁶ Indien hierdie billike en menslike behandeling aan boord van die een skip dus moontlik was en prakties uitgevoer is kan met reg die vraag gestel word waarom die algemene behandeling van krygsgevangenes gedurende die seereise so swak was soos straks aangetoon sal word.

4. O.M. Dagaantekeninge van A.P. Burger, pp. 17-18.

5. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 134.

Vgl. ook, T.A. Artikel van C. Donkhuizen.

6. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 137.

Hierdie feit bevestig slegs dat daar 'n ernstige leemte in die beleid, of ernstige versuim van owerheidsweë was om dieselfde behandeling op alle krygsgevangenes ter see toepaslik te maak. Die Britse owerheid was bewus van die fisieke en geestelike toestand waarin die krygsgevangenes reeds met hul aanboordgaan verkeer het en was ook goed bekend met die Boere se natuurlike vrees vir die see. Swak behandeling sou hulle gevolglik aan onnodige liggaamlike en geestelike ontberings blootstel.

In hul ontredde toestand word krygsgevangenes onder vreemde en onbekende omstandighede aan boord gelaai, was hulle bykans hulpeloos en verlore. Geleentheid om geleidelik met die nuwe leefwyse op see vertrouwd te raak, was daar nie. Onder streng militêre dissipline word van hulle flinke reaksie en onmiddellike begrip van die daaglikse roetine geëis, en die "Tommië wat as ons wag dien, is ons leermeesters en ons wegwysers en dit gaan dan ook met sterk gekruide taal met menige stamp en stoot," verklaar S.M. de Villiers.⁷

Dat hulle 'n weersin in alles wat met die seereis gepaard gaan, sou ontwikkel, is verstaanbaar. Die lewe aan boord is "'n eentonige vasgekeerde lewe wat ons Boere wat aan 'n bedrywige vrye lewe gewoond is, net gou bitter verveel," aldus S.M. de Villiers.⁸ Terwyl hulle skepe nog in die hawens voor anker lê, begin die groot ledigheid reeds swaar op hulle druk en word die swak voorbereide kos al meer tergend en hinderlik. 'n Groep krygsgevangenes wat byvoorbeeld in die Durban-hawe wag, word twee keer op ander bote oorgelaai en beland hulle uiteindelik op die Manilla, "maar

7. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers, p.2.

8. Ibid., p. 3.

dié is vuil en vol luise." Die Boere begin self die plek skoon te maak, "om sodoende die prisonierslewe te probeer meer draaglik maak."⁹

Rocco de Villiers wys daarop dat selfs die wyse waarop krygsgevangenes aan boord gebring is soms, probleme opgelewer het. Hy noem die geval waar 'n groep gevangenes aan boord gebring is. Onder hulle was 'n dertigtal koloniale rebelle. "Hulle waren allen geboeid en in tweeen aan elkan= der gekoppel ... en daar de zee dien dag zeer onstuimig was, waren de meeste van hen zeeziek, en geboeid zijnde konden zij zich nauwelijks behelpen."¹⁰

Die Boere-offisiere aan boord is redelik goed versorg, maar die burgers "waren gelyk "sardines" ingepakt in het on= derste gedeelte van het schip, alwaar het zeer bedompig en warm was, zoodat onze menschen het nauwelijks daar konden uithouden," aldus Rocco de Villiers.¹¹ Ook Willie Steyn, N. J. Brink en H. de Graaf lewer verdere getuienis oor die oor= vol skeepsruime van die transportskepe waarmee die krygsge= vangenes weggevoer is.

Met alle voorbereidings afgehandel, word 'n laaste taak verrig en "werden al de burgers door de Militaire en Schips Doktoren onderzocht." Kort daarna "kreeg men stoom op en werd het schip in beweging gebracht."¹² De reis het begin.

Die afskeid van hul vaderland het die krygsgevangenes diep geraak. "Nog langs die kus konden wy altoos de kusten van ons dierbaar vaderland zagen en was het ons aangenaam ons vaderland nog te zien," getuig J.P. Blijnaut oor hierdie

9. Ibid., p. 13.

10. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 123.

11. Ibid., p. 122.

12. Ibid., p. 126.

oomblikke van afskeid.¹³ Op die dek het die krygsgevangenes mekaar verdring om die kuslyn tot op die laaste oomblik te sien, asof dit hulle steeds hoop gegee het dat 'n wonder hulle kon terug roep. "Zoolang als wij op dek kon bleven staarde ik Durban aan met een beklemde gemoed. Zuit Afrika ik gaan u mijn dierbaar vaderland verlaten en misschien voor eeuwig," bekla 'n gevangene sy bittere lot.¹⁴

Hierdie eenvoudige woorde skep 'n beeld en gee 'n indruk van hoe diep hierdie wrede gebeurtenis die krygsgevangenes aangegryp en hulle emosioneel ontwrig het. In sombere stilte staar hulle met ontstemde gemoed na die land tot dat die laaste stippeltjie kuslyn in die blou dynserigheid verdwyn, en saam daarmee verdwyn ook die hoop en sak 'n verterende mistroostigheid met meedoënlose ongenade op die krygsgevangenes neer. "O, het is een zware taak om ons dierbare vaderland zoo te verlaten," skryf J.P. Blignaut, "en na zoo een verre land vervoerd te worden met die gedachten wie weet voor hoe langen tyd en hoe veel van ons het niet weder zien zullen maar onze vertrouwen is dat de Heer ons allen weder zullen terug brengen. Eindelyk waren de toppen van de bergen verdwenen en wy zien niets anders dan water zoo ver wy het oog slaan."¹⁵ De Graaf skryf op sy beurt: "Met 'n knop in die keel het ons Kaapstad al verder en verder sien wegraak, tot dat hy in die dynserigheid verdwyn het. Meer as een sou sy vaderland nooit weer aanskou nie."¹⁶

Dit is eers op oomblikke soos hierdie, dat die krygsgevangenes werklik ten volle besef dat hulle deportasie 'n

13. O.M. Reisjoernaal van J.P. Blignaut, p. 3.

14. T.A. Oorlogsdagboek van S.J. Burgers, p. 90.

15. O.M. Reisjoernaal van J.P. Blignaut, p. 16.

16. De Graaf, H.: op. cit., p. 21.

onherroepelike werklikheid is, dat hulle as vreemdelinge tussen ander ontredderdes na 'n vreemde land weggevoer word, dat hul stryd verlore is en dat hulle oor hul eie bewegings geen seggenskap het nie."Arme mannen nu moeten zy ver van hunnen dierbaren op een vyandelyke schip hunnen dagen doorbringen in een aakeligen toestand van lichaam door kruisende pynen en meschien met bekommerende harten over hun tehuis," bekla J.J. Sevenster sy eie en andere se lot.¹⁷ 'n Ander skryf weer: "Ja wy moesten weggevoerd worden naar een vreemd land. Wie kan de gevoelens van onze harten beschryven, toen wy iederen dag verder en verder gevoerd werden van alles dat ons lief en dierbaar was."¹⁸ Talle van die dagboekskrywers het dan ook in uiters onbeholpe skryftrant van hierdie bittere oomblikke probeer rekenskap gee. Selfs in die swakstes is die mees verhewe karaktertrekke en nasionale sentimente diep geraak en openbaar hulle uiterlike handeling hoe diep hulle daardeur ontroer is. "Ons staan op die dek solank ons toegelaat word, ons staar na die land, ons vaderland, geliefde Suid-Afrika. By almal die één gedagte. "Sal ons ons land en mense weer sien. Ons voel swarmoedig."¹⁹ Hard getref deur hul bittere lot, kom 'n versugting diep uit die hart van 'n ander: "Zoo gaan ons duurbaar Affrika langzammerhand uit het oog."²⁰ In 'n nugtere herinnering aan hierdie gebeurtenis skryf Ben Viljoen later hoedat die skip uit Tafelbaai wegvaar "met zyn treurende passagiers ... en zeiden wy

17. O.M. Dagboek van J.J. Sevenster, pp. 34-35.

18. Brink, J.N.: Ceylon en de Bannelingen, p. 116.

19. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers, p. 15. Vgl. ook; T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, p. 34.

20. O.M. Dagboek van P.A. Venter, p. 17.

vaarwel aan de kusten van ons Vaderland."²¹

Party krygsgevangenes het nog probeer om agter 'n masker van lighartige skerts en oënskynlike onverskilligheid hul eie emosies te versluier om daardeur andere op te beur, "maar men kon toch hier en daar een traan zien glinsteren en een diepe zucht hooren. De meesten onzer waren nog nooit te voren op een schip."²² Dieselfde emosies word ook duidelik weerspieël in die eenvoudige beskrywing wat 'n krygsgevangene van die afskeid aan die vaderland aanteken. "Wie maar kon, was op die dek met die oë na die dynserige kruinlyn, vir die laaste keer,"²³ en word die gevangenes deur wanhoop oorweldig.

Hierdie wanhoopsgevoel is verhoog deur die feit dat krygsgevangenes nie altyd geweet het waarheen hulle gestuur word nie en dat daar soms ook daarop gesinspeel is, dat hulle nooit weer toegelaat sou word om na hul vaderland terug te keer nie. "We were halfway to Bermuda before we knew what our destination was,"²⁴ deel 'n krygsgevangene in sy herinneringe mee, of soos 'n ander getuig, het die onsekerheid hulle met wroeging vervul, "vooral met het vooruitzicht dat ons steeds door de Engelsche autoriteiteit voor oogen werd gehoude, dat wy ons vaderland nooit weer zouden terugzien."²⁵

Die dreigement van permanente verbanning was heeltemal ongegrond, 'n bluf sonder enige gesag en is nie deur die owerheid onderskryf nie, maar dit het die krygsgevangenes nie geweet nie. Wat hulle betref, sou hulle nooit weer te=

21. Viljoen, B.J.: Myne Herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 298.

22. Ibid., p. 298.

23. Visagie, L.A.: Terug na Kommando, p. 57.

24. Privaat brief van Rudolph Opperman, 18.11.1934. (Kopie in besit van outeur hiervan).

25. Viljoen, B.J.: op. cit., p. 299.

rugkom nie. Hierdie Damoclesswaard wat oor hulle hoofde gehou is, kan nie anders beskryf word nie, as geestelike wreedheid wat teenoor die krygsgevangenes gepleeg is en waaronder hulle 'n onbepaalde tyd asof onder 'n donker wolk moes leef.

Die seereis self was waarskynlik vir die meeste krygsgevangenes 'n skrikwekkende gebeurtenis. Die Boere was nie bedrewe seevaarders nie, trouens vir verreweg die meeste van hulle was dit die eerste kennismaking met die see. Spoedig het hulle uitgevind dat 'n reis per boot op die oop en soms stormagtige see 'n dure tol aan seesiekte eis. "Het duurde geen uur," skryf S.J. Burgers, "of wy gewaarde wat schip rijden is, toen ons menschen dronk worde en over elkander vallen en hun bijna dood vormeerde."²⁶ In sobere woorde deel 'n ander, van sy pynlike ondervinding mee. "Niet verzeild te hebben toen begonnen wy zeeziek te worden toen het donker werd waren meest der zieken sprakeloos en kon men zien dat het hen zeer nadeelig op dit oogenblik was."²⁷

Die "digters" in hul geleedere het hierdie onaangename ervaring vir die nageslag verewig, soos die volgende aantoon.

"Ons klim nou in een groote schip

"Die ding trek weg en ons ry wip.

"Ik dog die ding die val nou om

"Ons rugge word zoo stadig krom.

"Die schip rij wip en rol en woel

"Ons krij nou net een naar gevoel

26. T.A. Oorlogsdagboek van S.J. Burgers, p. 82. Vgl. ook, T.A. Oorlogsherinneringe van P.A. Kolver, p. 8; T.A. Aantekeninge van H.W. Schulenburg, p. 22.
27. O.M. Reisjoernaal van J.P. Blignaut, p. 2.

"Ons is nou dronk en kan nie staan

"Dit smaak die wereld wil vergaan

"Die Engelsman het ons gekul

"Ons begin een een te brul

"Partij die lag, partij die huil

"Partij die praat zoo smerig vuil

"Die ander word daarvan ook naar

"En trap die krip bij, paar en paar."²⁸

Die beklaenswaardige toestand van die krygsgevangenes onder hierdie jammerlike omstandighede was juis toe te skryf aan die feit dat hulle in oormatige getalle in die bedompige skeepsruime saam met die seesiekes moes vertoef. "Daar moes die natuur maar sy loop op die vloer neem as daar reeds te veel om 'n emmer saamgedrom was,"²⁹ aldus P.H.C. Pohl. Op die Manilla maak 'n dagboekskrywer 'n insiggewende aantekening oor die verskriklike toestand toe die seesiekte 'n hoogtepunt op die boot bereik het. "Men ziet van de eene kant van het schip naar de andere jonge ossen inspannen, die ook de heele nag aanhield, iedereen zag er slecht uit."³⁰

Somtyds is die klagelike toestand verder deur stormagtige weer vererger. "Naderhand voelen wij dit gaan op en af, dan zak zij naar de rechter zijde en weer na de linker. Het was een vreselyke dag. Sommige staan aan de pielaren en vas klemmen, die jong ossen brul dat dit naar is."³¹ Dan bedaar die stormwind 'n tydjie, net om weer met groter geweld los te bars. As die wind stormsterkte bereik, "begin die schip weer te dartelen en op en neer te wiegen. Het is of uwe

28. O.M. Ongeklassifiseerde dokumente.

29. Die Huisgenoot, 30.12.1949. Artikel deur P.H.C. Pohl.

30. K.A. Dagboek van J.A. de Villiers, p. 24.

31. V.A.(R.V.) 119.519. Dagboek van F. van der Walt.

hersenen aan de dak blijven als het schip op en neer wiegen,"³² teken 'n krygsgevangene die toneel aan boord. In realistiese verse leef hierdie pynlike ondervindings van die krygsgevangenes vandag nog voort.³³

In die dowe lig van die skeepruim sou die ongelukkige toneel hom uur na uur op talle transportskepe afspeel. Siesiek krygsgevangenes "kreup rond kan niet loop lecht rond alles was besmeert."³⁴ 'n Duideliker beeld van die toneel word deur dieselfde skrywer geskilder. "Zieke burgers lecht overall rond de oogen zijn diep in de kop harde klinkers lecht op de tavel in floeren rond allis is weer besmeert in nat. Zij worden veel ziek wand de magen zijn leegt wij koopen stillejes de overschot kos van den matrosen."³⁵

Na gelang meer krygsgevangenes siek geword het, het die toestand in die skeepruim verder versleg en "steeg de ellende al hooger en hooger, zoodat ik dacht, dat myn grafplaats ook wellicht in het hart van de zee kunnen zyn."³⁶ "Op die vloer, op die tafels en banke - oral lê of sit diep ongelukkige manne," skryf L.A. Visagie, "baie van hulle poedelkaal vanweë die verskriklike hitte wat die sweet uit die benoude liggame pers en met straaltjies en strepies na benede laat rol. En as die skip stygdaal en die hangmatte fantasties swaai-swaai, dan krul en brul, kreun en weeklaag dit daar, terwyl 'n walglike wasem in die valluik opstyg en selfs die gesondes aantast."³⁷

32. Ibid.

33. 'n Gediggie deur 'n krygsgevangene aan boord skep min of meer 'n beeld van die jammerlike toestand in die skeepsruime waarin die krygsgevangenes op hul gedwonge seereis ingekerker was. Sien Bylaag B, pp. 575-576.

34. Dagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 20.

35. Ibid., pp. 22-23.

36. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl, p. 23a.

37. Visagie, L.A.: Terug na Kommando, p. 52.

hersenen aan de dak blijven als het schip op en neer wiegen,"³² teken 'n krygsgevangene die toneel aan boord. In realistiese verse leef hierdie pynlike ondervindings van die krygsgevangenes vandag nog voort.³³

In die dowwe lig van die skeepruim sou die ongelukkige toneel hom uur na uur op talle transportskepe afspeel. Siesiek krygsgevangenes "kreup rond kan niet loop lecht rond alles was besmeert."³⁴ 'n Duideliker beeld van die toneel word deur dieselfde skrywer geskilder. "Zieke burgers lecht overal rond de oogen zijn diep in de kop harde klinkers lecht op de tavel in floeren rond allis is weer besmeert in nat. Zij worden veel ziek wand de magen zijn leegt wij koopen stillejes de overschot kos van den matrosen."³⁵

Na gelang meer krygsgevangenes siek geword het, het die toestand in die skeepruim verder versleg en "steeg de ellende al hooger en hooger, zoodat ik dacht, dat myn grafplaats ook wellicht in het hart van de zee kunnen zyn."³⁶ "Op die vloer, op die tafels en banke - oral lê of sit diep ongelukkige manne," skryf L.A. Visagie, "baie van hulle poedelkaal vanweë die verskriklike hitte wat die sweet uit die benoude liggame pers en met straaltjies en strepies na benede laat rol. En as die skip stygdaal en die hangmatte fantasties swaai-swaai, dan krul en brul, kreun en weeklaag dit daar, terwyl 'n walglike wasem in die valluik opstyg en selfs die gesondes aantast."³⁷

32. Ibid.

33. 'n Gediggie deur 'n krygsgevangene aan boord skeep min of meer 'n beeld van die jammerlike toestand in die skeepsruime waarin die krygsgevangenes op hul gedwonge seereis ingekerker was. Sien Bylaag B, pp. 575-576.

34. Dagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 20.

35. Ibid., pp. 22-23.

36. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl, p. 23a.

37. Visagie, L.A.: Terug na Kommando, p. 52.

Die smerige toestand, die lyding, die liggaamlike en geestelike uitputting, was onbeskryflik en onderstreep enig= sins die mislukking van die Britse militêre owerheid om die lot van hierdie swaarbeproefde en ongelukkige krygsgevangenes draagliker en hulle woonkwartiere menswaardiger te maak. Dat hierdie toestande sommige geestelik diep geskok het, ly geen twyfel nie.

Die beknopte lewensruimte aan boord het van die begin af probleme opgelewer. Kommandant M.J. Wolmarans, 'n krygsgevangene Boere-offisier wat op 'n transportskip in die Durbanse hawe aan boord gegaan het, noem die feit dat hulle almal aanvanklik goed behandel is en hoegenaamd geen klagte gehad het nie, maar "toe kwam kolonel Elliot aan boord en daarna is alles verander want hy was 'n boerehater."³⁸ Die hele groep gevangenes is dadelik op 'n ander transportskip, die Orient, oorgeplaas en ondervind hulle van hierdie oomblik af die volle implikasies van gevangenskap. "Op die skip word ons na onder in die "hold" georder. O! so warm en die plek stink, en luize loop rond soos skape."³⁹ Volgens J.A. du Toit was die Boere-offisiere in 'n mate gelukkig, want hulle is billiker behandel, "doch ongelukkig is behandeling van de arme burgers, die allen in de schiphold moeten doorbrengen erg treurig." Hierdie gevangene besoek die burgers in hulle kwartiere, "doch kon ik het daar van wege de verschrikkelijk warmte en bedompigheid niet uithouden."⁴⁰ "The life on the ship was demoralising," beskryf R. Opperman die lewe in die beperkte skeepsruime.⁴¹ Uiteraard het die

38. T.A. Dagboek van M.J. Wolmarans te St. Helena, p. 19.

39. Ibid., p. 19.

40. V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, p. 27.

41. Privaat brief van Rudolph Opperman. (Kopie in besit van outeur).

krygsgevangenes hierdie ongewone lewe toenemend ondraaglik gevind en lewer talle krygsgevangenes in hulle dagboeke en herinneringe getuienis oor die ingehokte lewe in die skeepsruime. Daar was die algemene stemming en atmosfeer gevolglik somber en treurig en "de een staat de ander in den weg den geheelen dag," skets J.S. van der Watt die oorvol toestand aan boord.⁴²

Gepaard hiermee het die eentonigheid van die roetine hom ook op die lewe aan boord laat geld. Alles was eentonig. "Ons het elke dag dieselfde gesigte gesien en verder niks as water en lug nie."⁴³ Ledig en doelloos moes hulle die dae verslyt en die roetine was vervelig, maar die nagte het 'n verskrikking geword." Des avonds om 8 uur werden wy naar beneden gejaagd, en dan zat weldra het dek vol menschen in hangmatten vies en vuil. Die daar geen plaats konden vinden, vlyden zich maar op den vloer neer en maakten er zich zoo comfortabel als het onder de omstandighede kon.⁴⁴

Die ruimte waarin die krygsgevangenes ingehok is, was hopeloos te beperk, met die gevolg dat die ontevredenheid daaroor steeds voortgeduur het. Teen die aand het die bitterheid gewoonlik opnuut opgevlam, want "die lokaal was so volgeprop dat dit onmoontlik was vir almal om hul hangmatte op te hang, sodat baie op die grond moes gaan lê. Behoorlike ventilasie was daar nie."⁴⁵

Nog erger en hagliker was die toestand op die onderdek. "Die benoudheid in hierdie benede-dekse varkhok of vlermuisstal, veral toe ons deur die warm lugstreke gevaar het, kan

42. Van der Watt, J.S.: Het leven der Boeren-krygsgevangenen op Ceylon, p. 14.

43. Brink, J.N.: Ceylon en de Bannelingen, p. 129.

44. Ibid., p. 115.

45. De Graaf, H.: op. cit., p. 19.

makliker veronderstel as beskrywe word," skryf J.N. Brink.⁴⁶

Die algemene behandeling en die erbarmlike toestand waarin hulle moes leef, het hulle smeulende ontevredenheid met die Britse owerheid verhoog. Veel erger was die klagte oor die swak kos en die beperkte hoeveelheid daarvan. Dit het ruimskoots tot die groeiende onvergenoegdheid en prikkelbaarheid bygedra. Klagte oor swak voeding kom algemeen in die geskrifte van krygsgevangenes voor. "Twee keer per dag ontvang hulle 'n "happie" brood en bitter tee en een keer 'n "flentertjie" vleis met 'n aartappel, maar so dikwels was die vleis oneetbaar," getuig 'n krygsgevangene.⁴⁷ Vir die Boere was dit bitter en vernederend om hul nood by hul vyand te gaan bekla en daar om kos te gaan smeek. Terwyl hul van honger versmag, moes hulle daagliks aanskou hoedat "die sop waarin die soutvleis gekook is, deur die Engelse oorboord gegooi (is), maar ons het altyd toegestorm met bekere om dit te drink en die pynigende honger te stil."⁴⁸

Oor die behandeling aan boord van die Manilla lug 'n krygsgevangene, S. van Blerk, sy ontevredenheid en het hy nie alleen beswaar teen die hoeveelheid voedsel wat hulle ontvang het nie, maar in besonder teen die gehalte daarvan. "Life on board the Manila most unpleasant, food worse still. 7.30 coffee and bread. The latter absolutely rotten and in one instant a mouse was found baked in a loaf of bread, our complaints were not headed, we were told that we must put up with it."⁴⁹ "Die skandelige behandeling en die swak kos

46. Brink, J.N.: op. cit., p. 128.

47. De Graaf, H.: op. cit., p. 20.

48. Ibid., p. 20.

49. O.M. Versamelde stukke van W.J. Landman.

het die Boere tot die uiterste beproef, beweer J.N. Brink.⁵⁰

"Gedurende die reis op zee moesten wij veel honger lijden, want wij kreegen zoo min kos dat wij allen kon dooden van honger," skryf P.E. van Wyk. So erg het dit geword, "dat zy de overschot krumels van de Engelschen voor werken op de schip die zij dan kreegen."⁵¹ 'n Ander gevangene stel dit saaklik dat hulle kos uit klinkers en water bestaan het." Dit was die bitterste 14 dae wat ek ooit in my lewe moes deurmaak. Ons het nooit waswater gekry nie."⁵² "Die behandeling was in een woord sleg! Die water en kos was min en daarby sleg,"⁵³ stel 'n ander krygsgevangene dit kortliks in sy herinneringe. 'n Ander gevangene vermeld van die bittere behandeling en die ontberings op die Catalonia, "daar onze behandeling tog te gemeen op schip waart, de eete waren nouwelijks goed voor misdadigers."⁵⁴ Op die Bavarian was daar nie voldoende eetgerei vir al die krygsgevangenes nie en die wat wel daar was, was primitief. Krygsgevangenes wat nie hul eie gehad het nie, moes gevolglik wag tot die ander klaar geëet of gedrink het en dan hulle s'n leen. Gelukkig was die meeste krygsgevangenes vindingryk genoeg om van plankies en blikkies vir hulle die nodige eetgerei te maak.⁵⁵ C.P. van Zyl maak melding van die swak voeding, as hy beweer dat dit "zoo weinig en onsmakelyk, vuil en somtyds half bedorven," is.⁵⁶

Oor hulle lewe op die Ranee, skryf 'n krygsgevangene:

"Onzen behandeling aan boort van't schip was allerbetreurens="

50. Brink, J.N.: op. cit., p. 128.

51. T.A. Dagboek van P.E. van Wyk, p. 188.

52. V.A.(R.V.) 119.72. Dagboek van T. Ferreira, p. 12.

53. Scholtemeijer, H.: Die Balling oor die See, p. 19.

54. O.M. Journaal van L.E. Schmidt, pp. 11-12.

55. O.M. Herinneringe van Ceylon van O. van Oostrum.

56. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl, p. 26.

waardig zal met een woord te zeggen op een barbaarzen wijzen", ⁵⁷ en oor die reis op die Catalonia laat Willie Steyn hom skerp uit. Die reis na Durban "was het ons een hel. Het is absoluut boven myn krachten te beschryven wat wy verduren hadden. Ontsettend in een vertrek te zyn met zes honderd men, van wien ongeveer vyf honderd zee ziek waren en zonder eenige ventilasie."⁵⁸ Straf is mildelik en met vrye oorgawe uitgedeel vir "oortredings" wat eintlik geen skending van enige reël of regulasie was nie. Die gevangene, Hausner, het byvoorbeeld die volkslied op sy mondfluitjie gespeel, maar "dit was in het oog van onze bewaarders een grote zonde en hy werd gestraft met acht dagen eenzame opsluiting in een cel op brood en water."⁵⁹ By 'n ander geleentheid het 'n paar gevangenes hulle een môre verslaap. "Toen worden hunnen namen opgeschreven en moesten voorkomen om gestraf te worden zy worden toen gestraf. Zy moesten in de sel gaan voor 48 uren."⁶⁰ Die gevangenes het nie geweet wat om met hulself aan te vang nie en die vreemdheid aan boord het hulle ontuis laat voel. "Ons leven is elken dag hetzelfde", kla 'n gevangene.⁶¹ Daar was min of niks om die gevangenes onder die benarde toestande belangstellend en intelligent besig te hou nie. Hugo van Niekerk beweert: wy hebben niets te doen dan schaak - dambord, kaartspelen en woordvorming."⁶² So het die dae verloop met "rondstap op dek, gesels, rook, spele-

57. O.M. Dagboek van J.J. Sevenster, p. 23.

58. Reisverhaal van W.H. Steyn, p. 13. (Onveranderde kopie in Openbare biblioteek, Kaapstad).

59. Ibid., p. 16.

60. O.M. Reisjoernaal van J.P. Blignaut, p. 22.

61. Van der Watt, J.S.: Het Leven der Boeren-krygsgevangenes op Ceylon, p. 14.

62. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 80.

tjies of lees," aldus O. van Oostrum.⁶³

Nadat die krygsgevangenes meer aan die lewe aan boord gewoond geraak het, het enkeles van hulle ook aan die dekspele deelgeneem, maar die vreemdheid en die onnatuurlikheid daarvan en die vreemde gewaarwordinge, "away from dear old S.A.," het die krygsgevangenes altyd bewustelik bygebly.⁶⁴ Dieselfde skrywer, Thomas Brain, beskryf die lewe aan boord as "very miserable and uncomfortable" en beweer dat dit hom gedurig "homesick" laat voel het.⁶⁵ Toe die boot egter naby sy bestemming kom, het 'n groot verandering oor hulle vyande gekom en "everybody is extremely polite & friendly with all he meets."⁶⁶ Hierdie veranderde houding was onverklaarbaar, maar vir die krygsgevangenes seker verblydend.

By al die ellende en bitterheid wat die seereise meegebring het, was die slaapperiewe alles behalwe verkwikkend, want hulle beddens was hangmatte "die als vinkneste, een teen de ander opgehangen worden."⁶⁷

Ontruk aan 'n vrye land en 'n vrye lewe "bevonden de burgers ... zich daar eng ingesloten op den onmetelyken oceaan, klagende over het slecht eten en beperkte ruimte. Zy konde zich maar niet met het idee verzoenen, dat zy, waar hoegenaamd geen ontkoming mogelyk was, toch tweemaal daags geteld moesten worden," lug 'n gevangene sy verontwaardiging. Daaroor voel hulle geïrriteerd, want dit is onnodig en ergerlik, "maar bleven er niettemin geestig onder."⁶⁸ Met die "roll call", wat vir hulle vreemd was, is selfs lustig spot

63. O.M. Herinneringe van Ceylon van O. van Oostrum.

64. V.A. Diary of T.P. Brain, p. 3.

65. *Ibid.*, p. 8.

66. *Ibid.*, p. 10.

67. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl, p. 26.

68. Van Warmeloo, D.S.: Myn Commando en Guerilla Commando=
leven, pp. 213-214.

gedryf en 'n jong seun gee 'n geestige uitleg van die woord: "Dis iets wat hulle ons elke dag beloove, al dag tweemaal be= loove, maar wat ons nooit kry nie.⁶⁹ Die ongerief wat hulle moes verduur en die onsimpatieke behandeling wat hulle daag= liks ondervind het, is vererger deur die feit dat dit vir hulle in vreemde en onbekende omstandighede geskied het. Op land sou hulle waarskynlik veel inskikliker en verdraagsamer gewees het.

Alle ongerief is egter in die skaduwee gestel deur 'n ander plaag wat die krygsgevangenes tot die uiterste van alle menslike beproewing geteister het. Feitlik elke krygs= gevangene wat 'n dagboek of herinneringe nagelaat het, maak met verbittering melding van die tergende ondervinding met luise op die skepe. 'n Gevangene beskryf hoedat hulle op 'n Brit= se troepeskip gelaai is, maar voeg onmiddellik by: "Ek sou eerder sê dit was 'n luiseskop. Duidelik kon ons die luise op die dek van die skip na ons sien aangeloo kom waar ons vasgeketting gesit het."⁷⁰

Aan boord van die Mongolian was die lewe in alle geval onaangenaam en "het die voertuig van ongedierte krioel, wat hulle net so vraatsugtig betoon het as die maer koeie in die droom van Farao."⁷¹ Oor dié plaag op dieselfde boot, sê 'n ander gevangene, "de ou schip wemelde van luizen. Ach de zwaarste van alles waren de luizen, gy kunt u gedragen zoo als gy wilt maar een luis krygt gy."⁷²

'n Wrede ontnugtering was dit vir 'n groep gevangenes

69. Ibid., p. 214.

70. Die Oosterlig, 19.1.1968. Artikel deur H.S. Schoeman.

71. Brink, J.N.: op. cit., p. 128.

72. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, p. 94. Vgl. ook, T.A. Aantekeninge van H.W. Schulenburg, p. 22.

toe hulle wou gaan slaap en vind dat die hangmatte en banke vol luise en vlooië was. "Dwarsdeur die nag moes die Boere hulle verdedig teen die ontelbare diertjies wat kruip en spring. Die was ook net so aggressief as hul base."⁷³ Een vindingryke krygsgevangene het die luise gevang en soos sosaties aan in naald geryg en dit na die kaptein geneem om hom daarmee te skok, maar "die kaptein het van daardie boerdery meer geweet as hy."⁷⁴ Oor hierdie plaag het gevangenes elkeen sy eie opmerking. "Ons het in hangmatte geslaap, en die luise het ons amper opgeëet, skryf 'n gevangene jare later in sy herinneringe aan sy gevangenskap."⁷⁵ In dieselfde trant getuig 'n Boere-offisier dat hulle in Simonstad aan boord van die Mongolian geneem is. "Die skip was vervuil van ongediertes wat ons wou opvreet."⁷⁶ Ook P.H.C. Pohl maak melding van die feit dat hulle skip met luise besmet was.⁷⁷ 'n Groep gevangenes het op die Manilla beland. "Aan boord moes ons ons vergenoeg met dieselfde vuile en met luise besmette komberse van die soldate wat met die Manila hierheen gekom het," skryf G.S. Preller.⁷⁸

Terwyl 'n klomp ongelukkiges bitter aan seesiekte ly, vertel F. van der Walt, begin hulle liggame te brand, en dan die wrede ontnugtering: "vergeven van de luizen, toe is dit een naarheid hier te zit en overal zien men menschen zittten om zich te verschonen. Dit help niets zoo frisch gij schoon maken kom dit aan. Hulle loop somar overal op de vloer. Dit is net soos zand, meer luizen as wat er zand op

73. Kotze, C.R.: My Ballingskap, p. 39.

74. Ibid., p. 39.

75. O.M. Oorlogsherinneringe van J.S. Kruger, p. 5.

76. Meyer, I.A.: Ervarings van 'n Veldkornet in die Engelse Oorlog 1899-1902, p. 22.

77. Die Huisgenoot, 30.12.1949. Artikel deur P.H.C. Pohl.

78. Preller, G.S.: Ons Parool, p. 48.

schip is."⁷⁹ "Die britse skepe het letterlik gewemel van weeluse wat ons snags in hul oormagte bygedam het", getuig 'n krygsgevangene oor die luisplaag.⁸⁰ Op talle maniere is die lewens van krygsgevangenes onaangenaam gemaak en "bij al deze ellende moeten wij nog boven alles, bitter lyden aan de onzaggelyke verpesting van luizen, die ons byna verteerde", getuig C.P. van Zyl.⁸¹

Teenoor hierdie plaag was die krygsgevangenes magteloos, aangesien hulle oor geen middel beskik het om dit te bekamp nie. Dit is verstommend en in menige opsig bly dit 'n raaisel dat die krygsgevangenes onder hierdie omstandighede nie op groot skaal aan ernstige siektes en ontstekinge wat deur luisse versprei word, gely het nie. Dit moes egter tot 'n verswakking in de algemene gezondheid ly.

Wat ook in 'n hoë mate tot die besondere ellende, lyding en ontbering van baie krygsgevangenes bygedra het, was die periodieke uitbrekings van ernstige epidemies waarteen die gevangenes eenvoudig weerloos was en gevolglik 'n hoë sterftesyfer meegebring het. Thomas Brain vermeld in sy dagboek dat daar in die eerste ag dae na hulle vertrek uit Durban, reeds ag krygsgevangenes aan boord oorlede is. Hy en ander Boere-offisiere is na majoor J. Elkington ontbied "and discussed the abnormally large number of deaths." Elkington het hulle simpatiek aangehoor en "promised all in his power to stop mortality and ensure comfort of P.O.W.s"⁸² Rocco de Villiers maak ook melding van die baie sterfgevälle "die

79. V.A.(R.V.) 119.519. Dagboek van F. van der Walt.

80. Scholtemeijer, H.: op. cit., p. 20.

81. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl, p. 27. Sien ook Bylae C, p. 576.

82. V.A. Diary of T.P. Brain, p. 1.

bijna dagelijks plaats vonde."⁸³ Baie gevangenes het reeds siek aan boord gekom, of het die siekte onderlede gehad. "Reeds sinds wij aan boord kwamen begonnen de manschappen ziek te worden. Spoedig was het hospitaal vol." Die meeste was siek van inflammasie in die longe. Om sake te vererger "brak de mazelen onder de burgers uit en moest een spesiaal hospitaal voor degenen aan laatsgenoemde siekte lijdende opgericht worden."⁸⁴ Dié skrywer voel daarvan oortuig dat die oorsake van die baie siektes toegeskryf moes word "aan de wijze waarop de burgers voor eenige dagen en nachten achtereen in open trucks van plaats tot plaats in zeer kouden weer vervoerd werden; ten gevolge waarvan velen hunner reeds erg ziek waren toen zij aan boord kwamen; waarna zij in vochtig klimaat en scherpe zee lucht het reis moesten aanvoerden." Gedurende hierdie reis na Bermuda was daar drie-en-twintig sterfgevallen van krygsgevangenes aan boord.⁸⁵

'n Ander Boere-offisier meld ook van 'n maselepidemie op hulle transportskip en skroom nie om skerp kritiek teen die mediese behandeling van die siekes uit te spreek nie. Die dokter gee vir almal, afgesien van die siekte waaraan hy ly, dieselfde medisyne, naamlik crotten olie. "Deze laatste werd gegeven voor byna iedere kwaal, het zy hoofpyn of lastige liddoorn, dat maakte geen verschil."⁸⁶ Hy noem spesiaal die eerste sterfgeval aan boord om die onverskilligheid van die dokter teenoor die siekes te illustreer. "Deze arme man lag zedert een of twee dagen over de vloer in ons vertrek te kruipen in folterende pynen, maar alleen toe hy heelemaal

83. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 135.

84. Ibid., p. 125.

85. Ibid., p. 139.

86. Reisverhaal van W.H. Steyn, pp. 13-14.

ylde, stemden de outoriteiten erin toe hem in het hospitaal te brengen."⁸⁷ Die masel-epidemie het al groter van omvang geword en "daar er nu ook khakies in het hospitaal lagen, moesten onze sieken buite op dek liggen in de oostersche hitte."⁸⁸ Dit is baie duidelik dat die Britse owerheid nie in die minste daarop voorbereid was om epidemies aan boord te bestry nie; gevolglik was die mediese diens hopeloos ontoereikend vir die groot getal siekes. Die wyse waarop die dokters hulle ondersoeke afghandel het, wek ook die indruk dat hulle weinig erg aan die hele aangeleentheid aan die dag gelê het. Dit moes noodwendig 'n rol in die hoë sterftesyfer speel.

Van Britse kant is daar egter soms beweer dat alle moontlike voorsorg getref is om alles behoorlik reg te kry vir die verskeping van krygsgevangenes. Dit mag van sommige skepe waar wees, maar die oorgrote meerderheid was so vuil en besmet dat die krygsgevangenes nooit daarop moes beland het nie. Die bevelvoerder op een van die skepe het byvoorbeeld beweer, "the men were comfortably settled on board, and were served on arrival with new blankets and beds - every comfort was attended to as far as possible." Al wat van die krygsgevangenes geëis is, was om self hulle kwartiere netjies en skoon te hou.⁸⁹ Dit mag van die bepaalde boot waar wees, maar hierdie aanspraak word deur die krygsgevangenes grootliks weerspreek. Ook die baie siekte en sterfgevälle aan boord vertel 'n verhaal van verwaarlosing en swak mediese diens.

Insiggewend in die skromelike versuim van hul pligte, brutale optrede, die afsydigheid van die mediese personeel

87. Ibid., p. 14.

88. O.M. Dagboekantekeninge van A.P. Burger, p. 25.

89. Morton, J.: Prisoners of War, pp. 190-191.

en die kille onverskilligheid teenoor die ernstige siekes onder die krygsgevangenes, is die beëdigde verklarings wat deur gevangenes afgelê is oor die wyse waarop siekes behandel of glad nie behandel is nie.⁹⁰ Dit is dus geen wonder nie dat geringe siektes dikwels tot epidemies ontwikkel het en dat sterfgevälle op party bote feitlik daaglik voorgekom het nie. Die onhigiëniese toestand in die beknopte ruimte en die hopelose mediese versorging het tot die hoë sterfte bygedra en die algemene gesondheidspeil geweldig laat daal.

As gevolg van die sterfgevälle aan boord, moes krygsgevangenes noodwendig ook ooggetuies van begrafnisse ter see wees. Dié gebeurtenisse het hulle diep aangegryp en innerlik ontroer en juis omdat dit so indrukwekkend was, het talle van hulle dit gevoelvol en volledig in hulle dagboeke aange-teken. Oor sodanige plegtigheid verhaal 'n Boere-offisier: "De wyse waarop dit gedaan werd maakte een diepen indruk op onze gemoederen : zijnde deze de eerste begrafnis van dien aard, die wij ooit bijgewoond hadden. Het lyk wordt in een zeil vastgebonden en behoorlijk dicht gemaakt, met een zwaar gewicht aan het voeteneind. Het wordt aldan op een dikke plank geplaatst. Na afloop van den dienst wordt de plank door vier personen in eene schuinsche positie gehouden, zoodat het lyk daarvan afglijdt, en met een duidelyk hoorbaren slag in de zee valt; waarop door een Engelschen soldaat het militêre doodskreet op de trompette (bugle) geblazen wordt."⁹¹

Oor een spesifieke seebegrafnis maak 'n skrywer spesiaal melding, omdat dit so 'n skrikwekkende belewenis was en almal wat dit aanskou het, verbysterd en hewig ontsteld gelaat het.

90. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., pp. 201-202, verklaring deur krygsgevangenes.

91. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers, p. 126.

Die gewigte aan die lyk was veels te lig, met die gevolg dat die toegedraaide lyk nie kon sink nie, maar vir almal wat die begrafnis bygewoon het, duidelik sigbaar op die water rondgedobber het. "Ons kyk mekaar verbysterd aan, op elke gesig is diepe ontsteltenis te lees. Die skip seil aan as of daar niks gebeur het nie en die donker stippel volg gestadig in die trek van die water tot dat ons dit naderhand net in die verte kon sien. Die dooie - of is dit die dood? - volg ons."⁹² Dié skrywer deel ook mee dat daar by die seebegrafnisse van krygsgevangenes, van die gewone prosedure afgewyk is. Daar is anders as wat die gewoonte is, nie stilgehou vir die begrafnis nie en die verrigtinge moes plaasvind terwyl die boot onder volstoom gevaar het. 'n Lastige vraag ontstel die skrywer van die dagboek. Is dit die houding en prosedure net "omdat dit krygsgevangenes was?"⁹³

Sommige krygsgevangenes maak ook melding daarvan, dat hulle aan boord besteel is. M.J. Wolmarans beskuldig die wagte daarvan dat hulle snags die krygsgevangenes se weinige besittinkies gesteel het. Gevangenes moes al hul goed aan boord van die Aurania op die dek neersit, "en toe ons weer daar kom om ons goed te sorteer, toe vind ons dat die skeepslui, matrose en soldate eenvoudig alles geplunder het, en wat van waarde vir hulle was, eenvoudig geroof het."⁹⁴ Ook ds. A.P. Burger maak hiervan melding.⁹⁵

Van sameswerings en pogings deur krygsgevangenes om beheer oor bote oor te neem, word ook deur enkele dagboekskry-

-
92. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers, pp. 22-23. Vgl. ook, T.A. Dagboek van G.S. de Villiers, pp. 34-35.
 93. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers, p. 23.
 94. T.A. Dagboek van M.J. Wolmarans, p. 20.
 95. Burger, A.P.: op. cit., p. 117. Vgl. T.A. S.O. P. PR/A 23, J.H.L. Schumann aan die kommandant van die Manilla.

wers besonderhede verstrekk. Die organisasie is in stilte en onder uiterste geheimhouding gedoen. Op 31 Desember 1900 is daar skielik op dié betrokke boot 'n onverwagte troepebedrywigheid aan boord. Onder die meeste gevangenes was daar uiterste verbasing "toen de offisier ons meedeelde dat hy ontdek het dat wij de schip wilde afnemen, hetgeen wij ten eenemale ontkende."⁹⁶ Dit is wel bevestig dat daar sodanige sameswering was. 'n Ander gevangene meld ook 'n beplande poging van krygsgevangenes om die boot oor te neem, maar deur verraad is die Britse offisiere gewaarsku, die poging is verdorven en die leiers is in die sel gestop. Die behandeling van daardie groepie was barbaars. "Hulle was op ryswater en 'n gemors gevoed wat hulle om die dood nie kon eet nie."⁹⁷

Dit spreek vanself dat met al die faktore teen hulle gekeer, die lewe van die krygsgevangenes aan boord 'n ware beproewing was, veral as in aanmerking geneem word, dat hulle gedurig aan vernedering, swak en soms twyfelagtige behandeling onderwerp is. Temidde van hierdie bewoë lewe, was daar tog een glanspunt in hulle oninteressante en nuttelose bestaan. Die gereelde godsdiensoefening aan boord was vir hierdie manne 'n lafenis. Vir so baie van hulle het die godsdienste juis in hierdie tyd nuwe sin, waarde en betekenis gekry en het dit by hulle 'n persoonlike belewenis geword. Oor die preke van ds. J.R. Albertyn aan boord skryf 'n krygsgevangene dat dit "eene goede uitwerking maakte in onze harten, want ik hoorde steeds meer en meer redeneeren over de bekeerling en de vergeving der zonden, het bidden en beleden van zonde."⁹⁸ Die geestelike lewe het so 'n oplewing aan boord

96. T.A. Dagboek van S.J. Burgers, p. 103.

97. T.A. Herinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 72.

98. K.A. Dagboek van J.A. de Villiers, p. 30.

getoon, dat daar reeds met katkisasieklasse 'n aanvang ge= maak is.⁹⁹ Uit hul dagboeke blyk ook duidelik dat die mees= te krygsgevangenes onder die drukkendste beproewings steeds hul geloof behou het en herhaaldelik spreek hul die geloof en vertrouwe uit "dat de Heer ons allen weder zullen terug brengen."¹⁰⁰

Oor die godsdiens aan boord getuig 'n krygsgevangene en beskryf dit as 'n ligstraal in hulle eentonige lewe. Dit word vir hulle 'n sterkte en bemoediging onder verdrukking. "De warmte en benaauwdheden, en allerlei ellende drukte ons zoo erg, dat wy niet weeten waar zullen wy ons heenen wenden; maar gode zy dank, de weg naar den hemel was nog open, en niemand kon ons van die afsluiten."¹⁰¹ Baie gevangenes was ook in dié opsig gelukkig dat daar 'n predikant of meer saam met hulle, of as mede-gevangene, of as afgevaardigde predi= kant, op die boot was. In die bepaalde omstandighede waar= onder die gevangenes verkeer het, was die arbeid van die pre= dikante vir hulle van onberekenbare betekenis.

Daar was egter aan boord ook sporadiese pogings om die krygsgevangenes tot ontrou teenoor hul eie land te beïnvloed en hulle te oorreed om die eed van getrouheid aan hul vyand af te lê. Blykbaar is daarop gesinspeel dat hulle hierna na hulle huise sou terugkeer. Dit is altans wat krygsgevangene= nes vas geglo het. Lyste is met dié doel voor oë op die skepe gesirkuleer vir krygsgevangenes om daarop te teken. Van dié bedrywigheid het die getroues egter spoedig uitge= vind en vinnig en ongenadig teen hierdie beweging opgetree. Die feit bly egter staan dat die Britse owerheid hiermee

99. Ibid., p. 32.

100. O.M. Reisjoernaal van J.P. Blignaut, p. 16.

101. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl, p. 30.

groot sukses behaal het, want dit het die gevangenes voor 'n onbillike keuse gestel. Vir die krygsgevangenes aan boord was die oorlog verby en of hulle Britse onderdane word, of getroue burgers bly, kon aan die verdere verloop van die oorlog niks verander nie. Die swakkeres het Britse onderdaanskap verkies bo wegvoering en onbepaalde gevangenskap. Hierin het die getroues nie berus nie en het elke poging tot ontrou probeer beveg. Oor sodanige gebeurtenis aan boord, skryf 'n krygsgevangene: "Die skip was dadelik in rep en roer. Heelwat vuisslanery het toe plaasgevind," want die oorgrote meerderheid wat getrou gebly het, wou die opsteller van die lys in hande kry om met hom af te reken.¹⁰² Al was die eedafleggers of insweerders nie so talryk nie, het die owerheid deeglik daarin geslaag om verdeeldheid onder die gevangenes te saai, verdag en wantroue te veroorsaak en spanning, wrywing en kwaai-vriendskap teweeg te bring.

In enkele gevalle is daar deur die skeepskapteins iets besonders vir die krygsgevangenes aan boord gereël om hulle op te beur en die lewe vir hulle te veraangenaam. In verband met sodanige gebeurtenis skryf 'n Boere-offisier van 'n konsert wat deur die bootbemanning vir hulle aangebied is. Vir die verveelde krygsgevangenes was hierdie afleiding verfrisend. Aan die einde van die verrigtinge egter, is die Britse volkslied gesing, "dat door ons zeer kwalik wordt genomen, en heel wat onaangenaamheid heeft veroorzaakt."¹⁰³

'n Ander offisier maak ook melding van 'n konsert wat aan boord vir die krygsgevangenes gereël is en terdeë deur die gevangenes geniet is en ook hoog op prys gestel is. Dit

102. V.A.(R.V.) 119.72. Dagboek van T. Ferreira, p. 9.

103. V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, p. 33.

was 'n lafenis in die dodelike daaglikse roetine.¹⁰⁴ Aan boord is een groep krygsgevangenes toegelaat om selfs die verjaardag van president Steyn feestelik te vier en "het Volkslied van den O.V.S. zeer plechtig en smaakvol gezongen, terwyl de volle menigte daarby vergaderden."¹⁰⁵

Ten spyte van hierdie vriendelike gebaar en bewyse van welwillendheid, was die lewe aan boord vir die Boere-krygsgevangenes te onnatuurlik; trouens die hele tydperk van gevangenskap was vir hulle vreemd. Dit was te verskillend van die vrye en ongebonde lewe waaraan hulle gewoond was. In die oop en eindelose ruimte rondom hulle het hulle opgegroeï met die pioniersdrange om te tem en te oorwin, maar nou bevind hulle hulle in die eng noutes van 'n skeepsruim. Dit is goed te begryp dat hierdie situasie by die krygsgevangene tot konflik en geestelike stryd gelei het en daardeur 'n siedende gemoedstoestand veroorsaak het.

In hierdie verband lewer Gustav Preller insiggewende getuienis. "Daar in die skeepsruim woed 'n innerlike storm in die gemoed van die gevangene hom uit. Inwendig woel daar 'n onstuimigheid in die binneste, ontsettender as buite ooit kan wees. Maar wie lees dit uit die moedeloos-onverskillige blikke, wat strak en ongevoelig - lank op een ding rus, asof dit tam en moeg is van alles. Amper sou 'n mens dink dat hulle niks sien van al wat daar gebeur nie."¹⁰⁶ In groot massas sit hulle daar diep binne in die bote saamgehoek, maar tog is dit vereensaamdes in die menigte. Ure lank sit hulle "met albei hande om die knieë saamgevou, met die elmboë op die kniekoppe om die kop te stut, of met die bene oorkruis,

104. V.A. Diary of T.P. Brain, p. 3.

105. V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, p. 35.

106. Preller, G.S.: Ons Parool, p. 62.

die oë afgewend van die golwe, min gepraat."¹⁰⁷ 'n Sombere toneel vol drama en innerlike stryd en konflik, van opstand en onderwerping, speel hom daar in die halfdonker van die skeepsruim, die vergadersaal van die eensames, af. "G'n ontydige vrolikheid stoor die gedagtegang van die oues nie, wat nog stil en verstrooid voor hulle sit en staar na die eensame golwe. Die pynlikste gedagtes deursomber die afgeleefde siele, en diep in die meeste van hulle sink daar 'n galbitterheid af, die droesem van 'n onverdiende smaad, die besinksel van geduldig verduurde hoon, wat sigself vrugtelos sou verteer in die lang dae wat aanstaande is."¹⁰⁸

Vrees, onsekerheid, twyfel, wanhoop, die gevoel van verdeling van blye lewensverwagtinge, versomber die gedagtes van die krygsgevangene en word hy geteister deur die kwelvrae waarop niemand 'n antwoord weet nie. "Hoe lank sou ons daar op die eensame eilandjie as bannelinge moet vertoef? Hoeveel van ons sal weer terugkom en hoeveel van ons makkers sal ons daar in die vreemde na die graf moet dra?"¹⁰⁹

Dit is gedagtes van hierdie aard wat soos 'n eentonige refrein deur hulle gedagtes maal en die feit dat daarop geen antwoord moontlik was nie, maak dit 'n pynlike gewaarwording. In hierdie warreling van emosies en stemminge word die krygsgevangene gedurig tussen uiterste pole geslinger en groei daar by hom geleidelik 'n onsekerheid en twyfel oor baie dinge waarin hy vantevore onvoorwaardelik geglo het. Hierdie toestand word verder deur 'n onbeskryflike heimwee na sy land, sy huis en sy huisgesin of geliefdes vererger. In hierdie beproewinge ontwaak die "digter" in die krygsge-

107. Ibid., p. 62.

108. Ibid.; p. 63.

109. Scholtemeijer, H.: op. cit., p. 19.

vangene en skep hy in sy gedigte 'n beeld van sy matelose verlange na die dinge wat hy in sy land agtergelaat het, soos die volgende gediggie duidelik illustreer.

The Boer Prisoner's Prayer.

"More boundless than our great Karoo,

"Vast glorious ocean now I view;

"Strange wonders am I learning.

"In prison ship, out on the main,

"The sad, sad thoughts course through my brain;

"When shall I be returning?

"To my dear old plaats to my only home

"Where the duiker, springbok, and koodoo roam,

"And the fire of freedom burning.

"Say, stars above, on this lovely night;

"Say, waves as you dash with majestic might -

"When shall I be returning?

"I can see the old kraal and the schaaap coming in,

"With old Jacob's loud "hok, hok" increasing the din,

"While oom Rooi Dirk is working as hard as he can,

"A recht schelm ossen hij moet now inspan.

"There 's mij vrouw I can see, but no smile on her face.

"The deep lines of sorrow so sadly I trace;

"The kinderen all round her asking for me,

"Her sorrowful answer I easily see.

"Sad waves your sweet voices they sooth me te sleep.

"From harm, our dear Father, my darling ones keep.

"List, God, to my calling; O pardon my yearning!

"I leave it to Thee, God, to see me returning." 110

Vir die meeste gevangenes was dit na al hul ontberings 'n groot verligting wanneer hulle die eindbestemming van hul seereis bereik. "Geen wonder dus dat wy byna een blyde hoera uitten toen wy, na achttien oneindige lange dagen, eindelijk de groene hevels van het vaste land in't gezicht kregen, en stellig geïnformeerd werden dat dit het eiland Ceylon was. Wij riepen geen hoera uit, alleen omdat krygsgevangenen niet juist onder de vrolyken der menschen geteld worden. Maar wij zeggen, stil in ons hart. Gode zy dank."¹¹¹ Op sulke oomblikke is daar gevolglik groot opgewondenheid en "ons prisoniers verdring mekaar op dek, ons rek ons nekke en sper ons oë om land te sien al is dit die land van ons ballingskap, want ons is almal sat vir die skip en vir die water."¹¹²

110. Cape Argus, 18.5.1900. Gediggie deur luitenant A.L.H. Kyle, aan boord die Lake Erie onderweg na St. Helena.

111. De Krijgsgevangene, 12.12.1901.

112. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers, p. 26.

HOOFSTUK 4LIGGING EN ORGANISASIE VAN KRYGSGEVANGEKAMPE

KRYGSGEVANGEKAMPE IN SUID-AFRIKA.

Kort na die uitbreek van die oorlog, toe daar min krygsgevangenes was, was daar ook geen probleme om vir hulle almal aanhoudingsplekke te vind nie, maar na mate die stryd voortgeduur en die getalle gevangenes toegeneem het, het dit vir die militêre owerheid moeiliker geword om almal in die beskikbare aanhoudingsplekke te huisves. Die aankeer van soveel duisende krygsgevangenes het die Britse owerheid ongetwyfeld onklaar betrap en moes daar inderhaas op allerhande maniere gepoog word om die snelle toeloop van krygsgevangenes die hoof te bied. Op dieselfde tydstip moes hulle ook daarmee rekening hou dat die getalle Britse soldate by die dag toegeneem het en dat die gevestigde militêre kampe hoofsaaklik vir die versorging van hul krygsmagte gebruik moes word.

Vir die aanhouding van krygsgevangenes sou daar gevolglik spesiale kampe opgerig moes word. Kampe binne die grense van Transvaal en die Vrystaat sou uit die aard van die onsekerheid oor die verloop van die oorlog, onprakties wees. Bevryding van krygsgevangenes deur Boeremagte was nie uitgesluit nie en gevolglik sou daar gedurig groot getalle soldate benodig word om die krygsgevangenes doeltreffend te bewaak. Ook die voeding van groot getalle krygsgevangenes sou probleme oplewer as die swak verkeerstelsel en die gedurige ontwrigting van spoorverkeer deur Boere-kommando's in aanmerking

geneem word.

Dit het dus die taak van die militêre owerheid geword om die krygsgevangenes so gou en vinnig as moontlik van die slagvelde af en uit die aanhoudingsplekke in die dorpe, na kampe in Natal en die Kaapkolonie weg te voer en daar te bewaak. Met die oog op die latere wegstuur na oorsese kampe, sou dit vir die Britse owerheid ook raadsaam wees om krygsgevangekampe in die hawestede op te rig, sodat die hele proses van vervoer per trein na die kampe, die aanhouding daar en die uiteindelijke veilige besorging op transportskepe, vergemaklik en doeltreffender gemaak word. Wat die verdere doeltreffende bewaking en versorging van die gevangenes betref, was dit vir die Britse militêre owerheid noodsaaklik om hulle na verspreide uithoeke van die ryk te stuur.¹

Voordat "verbanning" egter plaasgevind het, is die krygsgevangenes in vier verskillende Suid-Afrikaanse kampe aangehou.


TIN TOWN, NATAL

In Ladysmith, Natal, is 'n gedeelte van die militêre kamp aanvanklik as 'n tydelike krygsgevangekamp in gebruik geneem. Van die kamp, Tin Town, skryf 'n krygsgevangene dat dit baie goed en sterk omhein was en dag en nag deur wagte bewaak is.² Om te ontsnap was bykans onmoontlik. Tin Town was normaalweg oorvol en het grotendeels as 'n transitokamp gedien waarvandaan groepe krygsgevangenes gereeld na Durban weggestuur is. In die opsig kan Tin Town as een van die mindere kampe beskryf word. Die afvalligheid van so baie krygs-

1. Sien sketskaart, p. 122.

2. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 118.

Sketskaart waarop die ligging van die bannelingsoorde aangedui word.



gevangenes in Tin Town, het gaandeweg aan hierdie kamp 'n eie karakter wat deur die gesindheid van die krygsgevangenes veroorsaak is, gegee, want hier "werden byna uitsluitend burgers aangehouden, die voor den vyand mak waren geworden en voornemens waren om den eed van getrouwheid aan zyn Majesteit af te leggen, en die zich daar wel bevonden," beweer D.S. van Warmeloo.³

UMBILO, DURBAN

In Durban is 'n kamp in Umbilo vir krygsgevangenes ingerig. Hierdie kamp was ook slegs 'n tydelike aanhoudingskamp tot dat daar transportskepe beskikbaar was om die gevangenes na oorsese krygsgevangenekampe weg te voer. "Het kamp was nuw en omheind met 35 doorndrade en zifdraad," skryf A.P. Roos en wys verder op die feit dat die krygsgevangenes gereeld getel is, "terwyl de wachten buite om ons steeds wacht hielden."⁴

Aangesien genoemde twee kampe nie uitsluitlik vir langdurige aanhouding van krygsgevangenes ingerig was nie, was hulle nie so ruim dat hulle groot getalle kon huisves nie. Honderde van hierdie gevangenes is per transportskip na Kaapstad of Simonstad gestuur, terwyl daar uit die Republieke ook treinvragte vol in Kaapstad aangekom het.

BELLEVUE, SIMONSTAD


In Simonstad is inderhaas 'n begin gemaak om 'n krygsgevangenekamp aan te lê. Teen hierdie tyd het die probleem van akkomodasie vir die groot getalle krygsgevangenes reeds

3. Van Warmeloo, D.S.: Myn Commando en Guerilla Commando-leven, p. 213.

4. O.M. Dagboek van A.P. Roos, p. 108.

ernstig geword. 'n Massa-oorgawe by Paardeberg het hierdie probleem vererger en het dit ook die swak voorsorg wat daar vir die aanhouding van krygsgevangenes getref is, duidelik onderstreep. Die kamp in Simonstad was nog in aanbou, met die gevolg dat party van die krygsgevangenes van Paardeberg maande lank op transportskepe in Simonsbaai in gevangenskap aangehou is. Die eerste krygsgevangenes het in Maart 1900 in Bellevuekamp ingetrek, maar met die oog op die akkomodasie van die groot getalle krygsgevangenes, moes dit dadelik vergroot word. As gevolg hiervan is die aflaai van die gevangenes van Paardeberg 'n lang tyd vertraag.

Die Bellevuekamp het aan die see gegrens en van die voorste ingang was daar 'n toegedrade gang waarlangs die krygsgevangenes die see kon bereik.⁵



(Skets uit dagboek van J. Teenings)

5. Sien skets.

Die hele kamp was met twaalf voet hoë sinkplate omhein. "Buite-om was 'n plankstellasie waarop die wagte geplaas is. Snags is die hele kamp helder met elektriese ligte verlig en het die soekligte van die wagskepe die omgewing verlig," skryf J.D.T. Krynauw.⁶

Die stryd teen ontsnapping uit Bellevue is met groot nougesetheid gevoer. Lady Briggs verklaar: "Simons Bay is brilliantly illuminated during the whole night by the many searchlights that are kept constantly turned on the transports employed as prison ships and on the camps of the prisoners of war."⁷

Die krygsgevangenes is in ronde tente gehuisves waar daar aanvanklik sewe man in die beknopte ruimte van 'n tent hulle moes tuis maak. Die getalle krygsgevangenes per tent het egter gedurig gewissel na mate daar 'n groter of geringer toeloop van krygsgevangenes was. Daar was somtyds twaalf gevangenes in elke tent, sodat elkeen beswaarlik 'n behoorlike lêplek kon kry.

Die krygsgevangenes is daaglik twee keer getel.⁸ Aanvanklik het die tellery die Boere glad nie aangestaan nie. Hulle is deur 'n smal gangetjie geja om getel te word. "Ons gemoed het direk in opstand gekom teen hierdie dierlike behandeling, en ons het oombliklik besluit om dit te verydel. Blêrende soos skape kom ons by die hek uit en kruip dan weer net so gou in, sodat hulle twee keer soveel gevangenes getel

6. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 42.

7. Briggs, Lady: The Staff Work of the Anglo-Boer War, 1899-1902, Embodying some of the War letters sent to the Morning Post from South Africa, p. 26.

8. T.A. Aantekeninge van H.W. Schulenburg, p. 24. Vgl. ook; T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, pp. 42-43; V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 96.

het as wat daar in die kamp was", verklaar H. de Graaf.⁹

Die gevangenes in Bellevue is smiddags toegelaat om in die see te gaan swem. Dit was 'n afleiding wat groot byval gevind het. Daar moet egter daarop gewys word dat dit baie van die krygsgevangenes se eerste kennismaking met die see was en dat hulle aanvanklik lugtig vir 'n swemmerij was. Gaandeweg het hulle hierdie daaglikse vergunning meer geniet en in groter getalle daarvan gebruik gemaak.

Vir die voorbereiding van hul etes moes die krygsgevangenes self sorg, hulle was self vir die netheid en sindelikeheid van hul tente en van die hele kamp verantwoordelik. Saterdag was in Bellevue by uitnemendheid 'n bedrywige dag, want dan moes die plankvloere van die tente uitgehaal en skoon geskrop word en die hele terrein deeglik skoongemaak word.¹⁰ Ten spyte van die feit dat hierdie werk vir die krygsgevangenes uiteraard vreemd en sekerlik ook onaangenaam was, het dit tog dié voordeel ingehou, dat dit die gevangenes aktief besig gehou het, sodat hulle nie gedurig van hul gevangenskap bewus was nie en dit die verdere voordeel gehad het, dat dit ook liggaamlike aktiwiteit verskaf het.

Gedurende die oorlog het die karakter van die Bellevue-kamp 'n groot verandering ondergaan. Nadat die invloed van die vredeskomitees hom sterk in die kampe laat voel het, het dit toenemend die gebruik van die Britse owerheid geword om die eedafleggers van Groenpunt na Bellevue te stuur. Die krygsgevangenes wat hulle nie met Britse oorheersing wou versoen nie, is uit Bellevue na Groenpunt geneem, sodat daar

9. De Graaf, H.: Boere op St. Helena, Die oorlogsdagboek van H. de Graaf, verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber, p. 15.

10. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 45.

teen die einde van die oorlog ongeveer 1 100 tevrede eedafleggers onder bevel van luitenant-kolonel Condes in Bellevue gevestig was.¹¹


Hierdie kamp het tot lank na die einde van die oorlog steeds in gebruik gebly, aangesien die groepe gerepatrieerde krygsgevangenes van oorsese kampe wat in Kaapstad aangekom het, eers na Bellevue geneem is, afwagtende reëlings vir hul treinvervoer noordwaarts.

GROENPUNT, KAAPSTAD

Die grootste Suid-Afrikaanse krygsgevangenekamp was die Groenpuntkamp in Kaapstad, op 'n gedeelte van die ou renbaan of "track" soos dit algemeen bekend gestaan het. Die oppervlakte van hierdie kamp was betreklik klein, maar daar is gereeld 'n paar duisend krygsgevangenes aangehou. Oor die grootte van die kamp en die deeglike veiligheidsmaatreëls, skryf J.J. Taljaard: "zijn groote zijn zoo 300 in 80 lang in 700 in 80 breed en dan zijn die eerste om ons een draad hijning van zes doorren draaden in omtrent tien tree daar van daan een tralie van yster omtrent tien voet hoog en nie maak hille weer een hijning tissen die twee van zestien dooring draaden en byten die alger maak hille by elke hoek van die kamp en hout pielaar en op elke pielaar een meksem en noch tissen elke meksem vier wagte."¹² Volgens Hugo van Niekerk was die oppervlakte van die kamp ongeveer 120x250 tree.

11. C.D. 903. Affairs in South Africa, p. 10 en P. 45. Vgl.; S.O.P., Vol. 15, PR/A 1270, instruksies van majoor R. Poore, 25.4.1901; S.O.P. PR/A 1347, versoek om 'n skool in Bellevue.

12. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard, p. 122. Vgl.; T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, pp. 20-21. Sien p. 128 vir skets van die kamp deur 'n krygsgevangene.



A. J. Burger's

Gruenquart

3. u. October 1900

17. August 1900

100000

Daar was sewe rye tente van twee-en-twintig tente per ry en met twaalf krygsgevangenes in elke tent, skep dit 'n goeie beeld van die beknoptheid van die lewe in Groenpunt-kamp.¹³

Ook hierdie skrywer is deur die deeglike omheining en die maatreëls teen ontsnapping beïndruk. Die hele kampsterrein is "ingesloten met twee, en op sommige plaasies drie doorndraden. Tussen die eerste en tweede doorndraad, bekend as die dead space, staat alle soorte niet bladwerpende boome."¹⁴ In daardie "dead space" kon enige krygsgevangene wat hom daar bevind, sonder waarskuwing deur die wagte doodgeskiet word. Rondom hierdie omheining was daar gereeld sestien wagte "die op eene hoë platvorm staan zoodat zy die geheele kamp kan oë sien. By elke schildwacht is eene dubbele elektriese lamp zoodat ingeval die eene defect raakt, die ander nog bruikbaar is. Die schildwachten word elke 4 ure afgelost."¹⁵ Net buite die eerste doringdraad kom 'n verdere versterking "op ewewydige afstand van sestien tree verder, deur 'n versperring van horisontale ysterstawe met doringdraad bo-op, tien voet hoog."¹⁶ Snags is die hele kamp en die omliggende terrein elektries verlig en buite hierdie ligkring en genoemde wagte was daar nog ander bewaakers. As 'n verdere voorsorg teen moontlike ontsnapping het die soldatekamp die krygsgevangenekamp feitlik heeltemal omvou.¹⁷

Kanse vir ontsnapping was onder genoemde omstandighede

13. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 94.

14. *Ibid.*, pp. 94-95.

15. *Ibid.*, p. 94.

16. Visagie, L.A.: Terug na Kommando, p. 25.

17. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, pp. 94-95.

gering. As daar verder in aanmerking geneem word dat die krygsgevangenes oor die algemeen onbekend met Kaapstad was en dat so baie van die bevolking maar te gretig was om alarm te maak in geval hulle vermeende ontsnappes opmerk, dan word dit duidelik dat ontsnappings slegs met baie geluk en georganiseerde hulp van buite sou kon plaasvind. Selfs dit was uiters moeilik en onwaarskynlik.

Na die moord op Philip Cronje is die regulasies in die kamp verskerp en "gemaakt dat elk die in de dead space komt geschoten zullen worden, ja zelfs het aanraking van de eerste draad kon met een dood schot betaald worden."¹⁸

Vanweë die klein oppervlakte van die kamp was daar min geleentheid vir liggaamlike aktiwiteite, maar na mate die kamp later georganiseerd geraak het, het die krygsgevangenes sportklubs gestig en op hulle beurt het die besture van die afsonderlike sportliggame die aktiwiteite gereël sodat die nodige ontspanning gereeld beoefen is.¹⁹

Soos in Bellevue was die Groenpuntkamp 'n tentkamp met enkele geboue binne dieselfde terrein.²⁰ Die tentlewe was onaangenaam, want behalwe die gewone ongerief van tentlewe, is daar twaalf man in elke tent ingedruk. Dit het toestande onhoudbaar gemaak en sommige van die krygsgevangenes het van allerhande stukkie afvalmateriaal vir hulle aparte klein slaaptentjies gemaak, sodat die slaapomstandighede daardeur verlig is. Vir die offisiere is ietwat beter toestande geskep, want hulle was vier-vier in 'n tent, "maar zy zyn maar zeer weinig beter af dan wy," besluit 'n krygsgevangene oor

18. *Ibid.*, p. 94.

19. *Ibid.*, pp. 151-152; *Ibid.*, dl. 2, pp. 36-37 en p. 54.

20. Sien Bylae D, p. 577 vir fotokopie van die kamp.

hierdie toegewing aan die offisiere.²¹ Die daaglikse routine het egter almal eenders geraak. "Wy hebben niets om over te spreken en speel speletjies en anderen die gewoonlyk door schooljongens gespeeld worden."²²

Nadat die kamp op die renbaan te klein geword het vir die groeiende getalle, is net langsaan, 'n tweede kamp geopen. Dit is heeltemaal met hoë sinkplate omhein, sodat net die blou lug bo uit die kamp sigbaar was, vandaar die naam, Sky View.

In die interne organisasie van die kampelewe in die Suid-Afrikaanse kampe het die militêre owerheid nie ingemeng nie en het die gevangenes 'n groot mate van vryheid en selfstandige optrede geniet. Een probleem het egter gedurig in hierdie kampe bestaan. Dit het uiters moeilik gegaan om 'n enigszins georganiseerde verenigingslewe te bewerkstellig, aangesien krygsgevangenes gedurig gekom en gegaan het en die kontinuïteit voortdurend versteur is. Leierspersoonlikhede in die geleedere van die krygsgevangenes is gereeld na oorsese kampe weggestuur, sodat die verenigingslewe daardeur ontwrig is. Ook die getalle in dié kampe het gedurig gewissel, sodat dit onmoontlik is om selfs 'n benaderde getal krygsgevangenes per kamp te bepaal. Later in die oorlog, toe eedaflegging op uitgebreide skaal in die kampe plaasgevind het, het dit die gebruik geword om die opstandiges oorsee te stuur en die eedafleggers na Bellevue oor te plaas.

'n Uiterse interessante gebruik het hier in Groenpuntkamp in werking getree. Die Boerekommandant het die moeilike taak gehad om die orde en wet te handhaaf. Vir hierdie

21. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 99.

22. Ibid., p. 100.

groot taak het kommandant H. Theunissen 'n hof waarvoor hy die hulp van 'n oud-landdros gehad het, saamgestel. Hierdie hof het alle klagte van krygsgevangenes aangehoor en die kommandant as hoofregter moes in hierdie sake uitspraak gee.²³

TRANSPORTSKEPE IN SIMONSBAAI

Met die lewe en verblyf van krygsgevangenes aan boord van die transportskepe in Simonsbaai, was dit sleg gesteld. Maande lank moes hulle daar wag dat die Bellevuekamp voltooi word en selfs daarna moes hulle daar vertoef, aangesien die kamp hulle in iedere geval nie almal kon akkomodeer nie. As aanhoudingsplek vir groot getalle krygsgevangenes was transportskepe uiters ongeskik. Op die Armenian, byvoorbeeld, is ongeveer 700 krygsgevangenes maande lank aangehou en die onderdek van die skip sou vir daardie hele tydperk die krygsgevangenes se hele beknopte wêreldjie wees.

Om hulle lyding op die boot te vererger, was die hele skip met luise besmet. Oor hierdie mede-passasiers skryf 'n krygsgevangene: "Hy is 'n bloeddorstige vyand, hy gee die stryd nie gewonne op nie en laat jou nie met rus nie tot dat jy uitgeput en verlam is en uiteindelik kapituleer."²⁴

Op sommige bote was die lewe en behandeling ondraaglik. In Simonsbaai het die gevangenes op die Manilla baie rede gehad om ontevrede te wees. In 'n klagskrif van die krygsgevangenes noem J.H.L. Schumann die vernaamste redes vir hul groeiende ontevredenheid en hy stel pertinent die veelvuldige diefstalle deur matrose en soldate waardeur die krygsgevangene

23. Ibid., dl. 1, pp. 103-104.

24. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 57.

nes van hul weinige aardse besittings beroof is.²⁵ Hy be-
 klemtoon ook die feit, dat hulle na soveel weke aan boord
 nog nie een keer seep, handdoeke of waslappe ontvang het nie
 en dat hulle beddegoed smerig vuil is. Hy noem ook die
 groot gevoelde behoefte aan beweegruimte wat "het leven op
 een schip ondragelyk is en als een zware straf word gevoeld."²⁶

Na aanleiding van veelvuldige klagte is die krygsgevange-
 nes op 'n ander skip, die Catalonia oorgeplaas, maar "hier
 was dit nog ellendiger gesteld as op die Manilla. Ten gevol-
 ge van slegte en onvoldoende voeding en weens gebrek aan
 varslug het die een na die ander van ons begin siek word,
 sodat daar binne 'n paar dae sestig man in die hospitaal
 was."²⁷

As gevolg van die ongesonde toestand het die Duitser,
 kolonel Adolph Schiel 'n skrywe aan die stafoffisier vir
 krygsgevangenes in Kaapstad gerig en daarop gewys dat "our
 condition is changed for the worse. I note however in your
 letter that the commandant on board has your full authority
 to impose such restrictions, or make such regulations as he
 may deem necessary, therefore I hope that he himself will
 soon represent to you the impossibility of detaining us under
 the now existing conditions for any length of time."²⁸

Reeds op 8 Januarie 1900 het Schiel oor die bedenklike
 toestand en die behandeling van die gevangenes aan die staf-
 offisier geskryf. "I would submit that according to modern

25. S.O.P. PR/A 23. J.H.L. Schumann aan bevelvoerder
 van die Manilla in Simonsbaai.

26. Ibid. Vgl. ook S.O.P. PR/A 91; S.O.P. A96, Brief
 van Boere-offisiere op die Mongolian; T.A. Dagboek
 van G.S. de Villiers te Ceylon, p. 20.

27. De Graaf, H.: op. cit., p. 13.

28. S.O.P. PR/A 37. A. Schiel aan stafoffisier, 8 en 9
 Jan. 1900.

warfare, the object of detaining prisoners of war is only to prevent their further participation in the war and that such object should be carried out in as humane a manner as possible. This, I may state was done originally by the naval authorities in whose charge we were until lately and whose treatment of us was kind and courteous. Gradually however our conditions became worse and we were subjected to numberless restrictions and petty annoyances, which I may maintain, are not in accordance with the humane object above referred to."²⁹

Op die transportskip, die Mongolian, was toestande niks beter nie. Toe die krygsgevangenes aan boord gebring is, was daar totale chaos op die dek en "is twee in sel gesmyt omdat hulle nie gou genoeg hul bagasie neergesit het nie."³⁰ Hierdie ruwe en hardvotige behandeling wek die indruk dat die gesagvoerders die geleentheid om hulle op weerlose gevangenes te wreek, behoorlik benut het. "Ons is na die ruim geja, waar dit so goed as stikdonker was. Daar is vir ons sitplekke aangewys, en ons is beveel om stil te sit. Die ou skipbewoners, die manne van genl. (P.A.) Cronje,³¹ het daar gedwee soos weeskinders gesit. Hulle was bleek en maer soos uitgehongerdes."³² Die afsku en walging wat die krygsgevangenes vir hierdie boot gekoester het, word in 'n gediggie deur 'n krygsgevangene, duidelik weerspieël.³³

Op dié skip is die gevangenes aan die magsmonstering van 'n Britse offisier onderwerp. Bevele word op brutale

29. Ibid.

30. De Graaf, H.: op. cit., p. 19.

31. Hier word na genl. P.A. Cronje wat by Paardeberg oor-gegee het verwys.

32. De Graaf, H.: op. cit., p. 19.

33. Sien Bylae E, p. 578.

wyse uitgeskreeu en hulle gedragskode teenoor hom word duidelik gestel. Die Boere moet regop staan en hul hoede eerbiedig afhaal as hy naderkom. Daardie eerbetoon aan 'n offisier van sy kaliber het hulle summier geweier en toe hy hulle daarvoor uitskel, het hulle op hulle blikborde vir hom tamboer gespeel. Hy het buite homself geraak, "dat hy van woede sy wandelstok stukkend geslaan het teen die grond. Toe hy sy rewolwer uitpluk het ons hom uitgedaag om te skiet."³⁴

Maande lank moes krygsgevangenes die lewe aan boord deur worstel en "die dae as die suidoostewind so deur die mastoue loei en die branders onophoudelik teen die skip klots en die oorverdowende gedruis van die branders jou kan mal maak, het dit my soos die musiek van die dodemars die hoof laat buig."³⁵ As die woeste storms die Kaap getref het, dan het die reuse-golwe die bote geskud en geskommel en dan het die seesiekte sy slagoffers soos 'n epidemie geëis en "soos 'n trop vee 'n krib bestorm as daar voer vir hul in is, so het 'n brullende groep menslike figure rondom die baddens en holgoed vergader."³⁶ Selfs onder hierdie beproewende omstandighede is daar tog die bewyse van die tipiese Boere-humor. 'n Bejaarde krygsgevangene het van uitputting langs die bak bly lê en hygend aan sy bejaarde maat gesê: "Ag, ou swaer, as jy huis toe gaan, sê tog aan my ou vrou hoe bitter ek aan my einde gekom het."³⁷

Die aanhouding op bote en die behandeling daar, was seker van die swakste denkbare oplossings deur die owerheid, van 'n probleem waarvoor hulle alleen die skuld moes dra.

34. De Graaf, H.: op. cit., p. 19.

35. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 61.

36. Ibid., p. 64.

37. Ibid.

Die feit dat daar nie genoegsame aanhoudingsplekke vir krygsgevangenes was nie, bied geen regverdiging vir die swak behandeling in die oorlaaide transportskepe in Simonsbaai nie.

KRYGSGEVANGEKAMPE OORSEE.

Vir talle krygsgevangenes was hul aanhouding in die kampe by die kus, ook hul eerste kennismaking met die see. Die aanhouding van andere op transportskepe was vir hierdie groep reeds 'n nagmerrie-ondervinding. Dit kan dus begryp word dat die krygsgevangenes deur 'n ontsettende vrees oorval is toe aangekondig is dat hulle oorsee weggestuur word. Die vrees vir die seereis as ook vir die vreemde en totaal onbekende wêreld waarheen hulle gestuur sou word, het baie wroeging veroorsaak. Om uit die bekende land na die onbekende gestuur te word, was 'n heel nuwe ondervinding wat hulle met beklemming afgewag het.

Die krygsgevangenes het sekerlik nie na 'n oorsese kamp, of met hoë verwagtings na die kampe uitgesien nie, maar was sonder twyfel nuuskierig om met hul nuwe aanhoudingsplekke vir die volgende maande of jare, nadere kennis te maak. Vir hulself het hulle ongetwyfeld ook vooraf 'n sekere voorstelling van hierdie aanhoudingsplekke gemaak om hulle met die idee van gevangenskap in vreemde oorde te kondisioneer. Op die transportskepe het hulle die dae afgetel vir hulle ontskeping na hulle kamptuistes.

Die eerste aanskoue van die eilande of vasteland het indrukke gemaak wat die krygsgevangenes reeds vooraf met 'n sekere weersin of geneentheid teenoor die plekke vervul het. Oor hul eerste aanblik op St. Helena skryf 'n krygsgevangene:

"De eerste indruk die we van het eiland kregen is alles behalve gunstig of aangenaam. Een verschrikkelyke rots massa die zich eenige honderde voeten, boven het schip verheft, is het eerste en eenigste dat te zien is."³⁸ Die eiland lyk reeds vooraf grou, onvriendelik en ongenaakbaar en met daardie gevoel gaan die krygsgevangenes aan wal. Ook generaal Ben Viljoen word ontnugter deur die koue en onvriendelike voorkoms van die eiland. "Wy keken vast teen doode, kale rotswanden. Geen groen of levend voorwerp was zichtbaar. Een minder aantrekkelik gezicht had ik nog nooit gezien. Dit zal ons levend graf zyn."³⁹


In teenstelling hiermee, heers daar byna ekstase en blymoedigheid onder ander krygsgevangenes as hulle die mooi hawe van Colombo binnevaar en van die seekant af die groen golwende landskap van Ceylon vir die eerste keer in gesig kry.

Ontnugtering het ook gewag op hulle wat na die Bermudas gestuur is. "At noon we left in a big boat for Morgans Island our home for heaven only knows how long." Van die see af het toestand nogal redelik belowend gelyk en het die krygsgevangenes vir hulself 'n leefbare omstandigheid voorgestel, "but God what a disappointment. Rough coral all along the shores. Whole island is very uneven. To think that over 800 of us have to be coupled upon an area about the size of Bfn. market square and then many parts too rough to walk without endangering your boot & making walking a task of

38. Dagboek van J. Teengs, p. 82 (kopie in besit van outeur hiervan). Vgl. skets deur 'n krygsgevangene, p. 138.

39. Viljoen, B.J.: Myne Herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog, p. 299.

St. Helena, soos n krygsgevangene dit van die boot af gesien het.



(Deadwood) St. Helena 1901
 Good Bottom St. Helena 1901

difficulty without giving any exercise. All who tried to bath had their feet and some parts of the bodies cut up by the sharp coral."⁴⁰ Ongelukkig was dit in so baie gevalle waar, dat die eerste indrukke van, en gevoelens jeens 'n plek, ook die blywende indrukke en blywende geesteshouding daarteenoor was.

Aangesien elke oorsese kamp oor eie besondere geografiese kenmerke en klimatologiese eienskappe beskik het, word vervolgens by elk van die onderskeie oorsese kampe in besonder stilgestaan.

BERMUDA

Die Bermuda-eilande is ongeveer 7 000 myl van af Kaapstad geleë, op 65° westelike ligging en 32° noorderbreedte. Dit ondervind klimaatstoestande van "mild and fairly humid conditions," met geringe temperatuurskommelinge, lae reënval deur die hele jaar versprei.⁴¹

Die hele eilandgroep "formed by a ledge of coral, which, peeping out above the surface of the ocean, forms five large and hundreds of small islands and innumerable cliffs ..."⁴² The group comprises about 300 islands, islets and rocks clustered in a chain shaped like a fishhook. Only about 20 of the islands are inhabited. There is no surface water."⁴³

Die groter eilande vorm byna 'n aaneengeslote landskap, maar wat die kleiner eilandjies betref en waarop die kampe aangelê is, "this part of the coast is a barren, naked bluff,

40. V.A. Diary of T.P. Brain, pp. 10-11.


41. Encyclopaedia Britannica, Vol. 3, p. 521.

42. Hassell, J.A.: The Boer Concentration Camps of Bermuda, p. 4.

43. Encyclopaedia Britannica, Vol. 3, p. 521. Sien ook skets, p. 139a.

Die Bermudas.

Die kampe van die krygsgevangenes was op die onbewoonde eilandjies in Great Sound, geleë.



battered, washed and corroded by high breakers, which carry off all vegetation, except some weather-beaten stunted cedars that bend their trunks all in the direction of the prevailing winds."⁴⁴

Die kampe was op ag verskillende eilandjies, naamlik Burtts, Darrell's, Morgan's, Tucker's, St. George, Hawkins Hinsons en Ports geleë.

Op Burtts eiland het kaptein E.E. Pine die beheer oor ongeveer 450 krygsgevangenes uitgeoefen. Hierdie kamp is in Julie 1901 in gebruik geneem en is in Oktober 1902 gesluit.⁴⁵ Majoor Armstrong was in beheer van die krygsgevangenekamp op Darrells waar ongeveer 1 100 gevangenes aangehou is tot Oktober 1902 toe die laaste krygsgevangenes gerepatrieer is.⁴⁶ Oor die 1 300 krygsgevangenes op Hawkins-eiland het kaptein Traherne die beheer gevoer vanaf Desember 1901 tot dat hierdie kamp in Augustus 1902 gesluit is.⁴⁷ Vanaf September 1901 het majoor J. Elkington die gesag oor ongeveer 850 krygsgevangenes op Morgans-eiland gevoer. Hierdie kamp is in Januarie 1903 gesluit.⁴⁸ In die kamp op Tuckers-eiland waar ongeveer 700 krygsgevangenes aangehou is, het majoor Morrice beheer uitgeoefen tot die sluiting van die kamp in Augustus 1902.⁴⁹ Streng gesproke was op Ports-eiland nie 'n krygsgevangekamp nie. Daarop was enkele klipgeboue wat as hoofkwartier vir die kampkommandant gedien het. Die hos=

44. Hassell, J.A.: op. cit., pp. 3-4.

45. Benbow, Colin,: Boer Prisoners of War in Bermuda. Bermuda Historical Publications.

46. Ibid. Vgl. ook H.C. Vol. 90, lêer 1449/02.

47. Benbow, C.: op. cit. Vgl. H.C. Vol. 87, Prisoners of War, lêer 5906.

48. Benbow, C.; op. cit. Vgl. H.C. Vol. 86, Prisoners of War, lêer 5664.

49. Benbow, C.: op. cit. Vgl. H.C. Vol. 86, Prisoners of War, lêer 5664.

pitaal vir al die kampe in Bermuda was op hierdie eiland. Ook die sensors se kwartiere was hier geleë.⁵⁰ Teen die einde van 1901 is die rebelle-krygsgevangenes van St. George-eiland na Hawkins oorgeplaas en vir hierdie doel is 'n gedeelte van die eiland vir die rebelle afgekamp, aangesien hulle nie toegelaat is om met die ander krygsgevangenes te meng nie.⁵¹ Die kamp op Hinsons is eers in Maart 1902 aangelê, spesiaal as 'n skoolsentrum vir die talle jong seuns onder die krygsgevangenes. Die bedoeling was om vir hierdie seuns skole op te rig en hulle, sowel in akademiese as handwerkvakke te onderrig. In hierdie kamp is ongeveer 190 seuns aangehou.⁵²

Die kampe in Bermuda het egter heeltemaal van die ander oorsese kampe verskil. Ondeurdringbare omheininge en versperrings was daar nie nodig nie, want die see rondom was die natuurlike afgrensing van alle bewegingsvryheid. Daar was slegs doringdrade om die krygsgevangenes van die wagte se kwartiere te skei, "while otherwise the picturesque rocky coast on their portion of the island has been left free to the Boers."⁵³ Die kampeiland was klein, onherbergsaam en behalwe vir die krygsgevangenes wat tydelik daar aangehou is, was dit onbewoon en onbewerk.⁵⁴

Hierdie eilandjies was afgesonder van verkeer en verstoek van enige gereelde seeroete geleë, sodat die bestaan van die kampe vir die meeste mense, selfs van die Bermudas,

50. Benbow, C.: op. cit.

51. Ibid.

52. Ibid. Vgl. G.O.V. Vol. 224. Goewerneur van Bermuda aan Chamberlain. No. 9693, p. 5.

53. Elwes, K.W.: The Boer Prisoners in Bermuda : Fortnightly Review, June 1902, p. 986.

54. Hassell, J.A.: op. cit., p. 4. Sien p. 142 vir skets van kamp op Morgans as voorbeeld van 'n kamp in Bermuda.

onbekend was. "The naked eye from the mainland could not distinguish anything going on on their surface. They are entirely out of the familiar routes of local traffic, and the average visitor would not know of their existence unless made specially acquainted by some native," verklaar J.A. Hassell.⁵⁵

As 'n veilige aanhoudingsplek vir krygsgevangenes was die kampe in Bermuda seker onoortreflik, "an ideal prison."⁵⁶

Selfs 'n toevallige ontmoeting tussen besoekers en krygsgevangenes was byna onmoontlik, want besoekers is deur die owerheid eenvoudig nie toegelaat nie. "Some tourist might catch a glimpse of the prison camps, and the shameful shortcomings of the English management might be divulged to the world at large," aldus John A. Hassell, voormalige bevelvoerder van die Amerikaanse vrywilligerkorps by die Boere. "The British Ministry does not want any changes; it does not wish to ameliorate at all the lot of their prisoners, for it is bound to a policy of extermination,"⁵⁷ besluit hierdie skrywer.

Ten spyte van die afsondering en die onmoontlikheid om te ontsnap, is die allerstrengste voorsorg getref en is die kampe bewaak "by a powerful system of forts, towers, and batteries, in which the majority of the Bermuda garrison - more than two thousand men - is stationed. Besides a number of men-of-war anchored in the harbor, there were three special warships detailed near the prison island, which kept up a close watch during the day, and which also played incessant streams of electric searchlights upon the islands,

55. Ibid., p. 5.

56. Ibid., p. 14.

57. Ibid., pp. 14-15.

and surrounding waters during the night. Indeed, four thousand of the most dangerous outlaws could not be guarded more effectively than these young children and old men."⁵⁸

Dit is juis na aanleiding van die teenwoordigheid van hierdie oorlogskepe, dat een van die mooiste gediggies uit die lewe van die krygsgevangenes geskryf is. Hierin leef daar 'n eindelose leed en weemoed, 'n hunkering en smagting na die vryheid van weleer.

THE SEARCHLIGHT.

"When the searchlight from the gunboat

"Throws its rays upon my tent,

"Then I think of home and comrades,

"And the happy days I spent,

"In the country where I come from,

"And where all I love are yet,

"Then I think of things and faces

"And scenes I'll nère forget.

"Then a face comes up before me

"Which will haunt me to the last.

"And I think of things that have been

"And of happiness that's past.

"And only then I realise,

"How much my freedom meant,

"When the searchlight from the gunboat,

"Casts its rays upon my tent." ⁵⁹

Die hele toneel en atmosfeer van hul gevangenskap was

58. Ibid., p. 5.

59. Gediggie op 30.11.1901 deur Joubert Reitz te Bermuda. Die oorspronklike berus in die Oorlogsmuseum, Bloemfontein.

vir die krygsgevangenes reeds troosteloos, maar dit is vererger deur hulle op die swakste en onherbergzaamste dele van die kampeilande te plaas. Ongeveer 'n derde van elke eiland is met 'n driedubbele doringdraadheining van kus tot kus afgekamp. Daardeur is dié dele waarop bome was van die Boere geskei en tot beskikking van die wagte gestel, "while the prisoners are huddled together in the more contracted and exposed area, about one thousand on five - nay, on three acres of ground."⁶⁰ Wagte het die kampe gedurig gepatrolleer en 'n meksim is altyd gereed gehou om by die allergeeringste gebeurtenis of aanleiding op die kampe los te bars.⁶¹ Hierdie maatreëls en ander vorme van strenge dissipline het by die krygsgevangenes 'n weersin teenoor die bannelingoorde laat ontwikkel. Rocco de Villiers verklaar: "Ik heb een deel van Bermuda gezien, en dat deel, waarmede ik nu nog steeds te doen heb, heeft mijne afschuw van de plaats verwekte. Nimmer zal ik vergeten het zwaer dat wij hier hadden moeten doorstaan."⁶²

Gelukkig was die eilandkampe in sommige gevalle so naby mekaar geleë, dat die krygsgevangenes oor en weer kon gesels. Soms het hulle selfs stilletjies van die een eiland na die ander gewem om in die aangrensende kamp te gaan besoek aflê. Uit die aard van die saak kon dit egter nie op uitgebreide skaal plaasvind nie.

Die feit dat die kampe op onbewoonde eilande aangelê is, het meegebring dat daar geen geboude kwartiere was nie en die huisvesting dus tot tente beperk was. In die windgeteisterde streek sou dit ongetwyfeld groot ongerief vir

50. Hassell, J.A.: op. cit., p. 9.

61. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynaau, pp. 75-76.

62. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 176.

die inwoners veroorsaak.

Vanaf Junie 1901 tot Januarie 1902 het Britse transportskepe met gereelde tussenposes vragte krygsgevangenes in die eilandkampe afgelaai. Die volgende tabel verstrek besonderhede oor hulle aankoms, getalle en bestemmings.

<u>Naam van boot</u>	<u>Datum van aankoms</u>	<u>Getalle</u>	<u>Kampe</u>
<u>Armenian</u>	28 Junie 1901	963	Darrells, Burtts
<u>Ranee</u>	19 Julie 1901	518	Darrells, Burtts
<u>Manilla</u>	1 Augustus 1901	607	Tuckers
<u>Montrose</u>	13 September 1901	932	Morgan's
<u>Harlech Castle</u>	20 Desember 1901	340	Hawkins
<u>Montrose</u>	16 Januarie 1902	<u>1259</u>	Hawkins
		<u>4619</u>	


ST. HELENA

Die eiland is op ongeveer 8° wes en 10° suiderbreedte geleë en beslaan 'n totale oppervlakte van slegs 47.3 vierkante myl. Die grootste gedeelte is hoog bo seespieël en uit die hoë gedeeltes is volop helder waterstrome. Die hele landskap is hoofsaaklik bergagtig. "The greatest extent of level ground is in the northeast of the island, where are the Deadwood and Longwood plains, more than 1,700 ft. above the sea."⁶³

Op die rotsagtige eiland was daar twee kampe van ongeveer gelyke grootte vir krygsgevangenes ingerig, naamlik Deadwood en Broadbottom, maar so ver van mekaar geleë, dat onderlinge betrekkinge tussen hulle slegs onder uiters moeilike omstandighede moontlik was.⁶⁴ Besoeke tussen die

63. Encyclopaedia Britannica, Vol. 19, pp. 832-833.

64. Sien fotokopie van St. Helena met posisie van kampe, p.147.



Map by Capt. De Framond, pris. of war, sketches by E. Mayer-Wede, p.o.w.

kampe is wel vir sekere geleenthede toegelaat, maar dit het met aansienlike liggaamlike inspanning en uitputting gegaan, sodat besoeke meer die uitsondering as die reël was.

Die klimaat van die eiland was gesond, nie blootgestel aan uiterste temperature of temperatuurskommelinge nie, so dat dit vir die krygsgevangenes moontlik was om aktief te wees, en groot ondernemingsgees op velerlei terreine is daardeur grootliks gestimuleer.

Te oordeel aan die beskrywing deur 'n krygsgevangene van die klimaatstoestand van dié eiland, het St. Helena 'n besonder hoë reënval gehad. J.F. Schumann beskryf die plek as "an island completely surrounded by water except during the rainy season, when it is generally all water. There are two seasons, - (1) The Rainy Season, in which rain is the rule and sunshine the exception. (2) The Dry Season, which resembles the Rainy one so much that the mistaking one for the other has never yet been ascribed to ignorance."⁶⁵ Op hierdie eiland en in genoemde soort weergesteldheid moes ongeveer 5 - 6 000 krygsgevangenes 'n paar jaar lank onder strenge bewaking hulle gevangenskap in tente verduur.

Deadwoodkamp is eerste aangelê, "a high plateau, treeless and wind swept, but with porous soil which dries up quickly after heavy rain,"⁶⁶ volgens inligting deur die goewenaar van St. Helena. Die kamp self was deeglik omhein, "enclosed by a circle of sentry-boxes and a double ring of barbed wire."⁶⁷ Dag en nag het gewapende wagte die terrein

65. De Krijgsgevangene, 22.6.1901.

66. C.D. 431: St. Helena Report for 1900, pp. 15-16.

67. Green, A.S.: A Visit to the Boer Prisoners of War at St. Helena, p. 974.

om die kamp gepatrolleer en deur die nag het die geskreeu van die wagte soos 'n eentonige refrein die nagstilte versteur met : "Number one! All's Well"⁶⁸

Volgens die beskrywing deur 'n krygsgevangene was "Deadwoodkamp een groote legerplaats met barakken en tenten, die op tamelyk kale vlakke in de nabyheid van Longwood werd ingericht."⁶⁹ Volgens De Graaf was die kamp 350x250 tree, "afgehok deur twee rye doringdrade wat 'n paar tree van mekaar verwyder was."⁷⁰ Op verskeie plekke naby die draad was waarskuwingstekens dat enige krygsgevangene wat dit tussen die drade waag, sonder waarskuwing doodgeskiet sou word. Dit was ongelukkig egter ook 'n feit dat krygsgevangenes binne die kamp treë van die draad af, deur wagte doodgeskiet is.⁷¹

Die krygsgevangenes is twaalf-twaalf per tent geplaas; gevolglik was die tente oorvol en die lewe binne in die beknoppte lewensruimte bykans onmoontlik. Baie gevangenes het hulle liever aan weer en wind blootgestel en snags buite geslaap.⁷² Hiermee kon egter nie volgehou word nie, want weersomstandighede het die onmoontlik gemaak. Die ongerief en beknoptheid in die tente het groot getalle van die gevangenes aangespoor om vir hulle self hutjies te bou, sodat hierdie nuwe bedrywigheid binne 'n kort tydbestek die hele aansyn van die kamp ingrypend verander, en het 'n nuwe hutdorpie in die kamp verrys, wat by die krygsgevangenes as "Blikkiesdorp" bekend gestaan het.⁷³

In Deadwood het kolonel A.L. Paget aanvanklik die gesag

68. Schumann, J.H.L.: St. Helena, p. 17.

69. Geïllustreerde Volksblad voor Nederland, 18.7.1901.




70. De Graaf, H.: op. cit., p. 25.

71. Ibid., p. 25.

72. Ibid., p. 31.

73. Ibid., p. 32. Vgl. sketse, p. 150.

Drie sketse van die Deadwoodkamp uit die dagboek van J. Teengs.



oor ongeveer 3 200 krygsgevangenes gevoer, tot dat hy deur kolonel J.W. Hind opgevolg is. Die kamp is in Oktober 1902 gesluit.⁷⁴

Die buurkamp, Broadbottom, is later aangelê en hier is meer in besonder, 'n groep Vrystaatse gevangenes aangehou. "Broadbottom lies more in a hollow and is in fact a broad shallow valley about 1600 feet above the sea. The soil is more clayey than Deadwood, and the climate more humid, but the water supply is good, and the prisoners enjoy good health,"⁷⁵ beweer goewerneur Sterndale.

Hierdie kamp was egter baie blootgestel en "door geen boomen overschaduwde zijn de ronde witte tenten onmiddellyk blootgesteld aan de brandende heete stralen van de zon. In de eng beperkte ruimte moeten de mannen huizen, die in hun vaderland gewend zyn groote ruime woningen, waar zy zich heer en meester voelen uren-ver in den omtrek."⁷⁶

Toe dié kamp aangelê is, is daar seker geen ag op die bewoonbaarheid daarvan geslaan nie, want "alles is maar zeer simpel ingericht. De grond is zeer afdraend en ongelyk daar er blykbaar van te voren oude landen was."⁷⁷ Gelukkig was die terrein groot genoeg vir ontspanningsruimte en sportbane, maar in die oorvol tente was die lewe onuithoubaar. Die hoë reënval het veroorsaak dat die grondvloere van die tente gedurig sopnat was en dit het krisis na krisis veroorsaak. Dit het daartoe gelei dat ook in Broadbottom daar spoedig 'n huttedorpie verrys het, wat by die krygsgevangenes as "Lap="

74. Ibid., p. 151.

75. C.D. 431. St. Helena Report for 1900, pp. 15-16.

76. S.J.E. : De Boeren op St. Helana. Album met afbeeldingen en byskriften van S.J.E., p. 58.

77. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 90.

piesdorp" bekend gestaan het. Reeds kort nadat die krygsgevangenes in Broadbottom ingetrek het, "a request was made by many of them to be allowed to build for themselves small huts in another portion of the enclosure, so that those with a mind for study might get away from their companions in a crowded tent and be comparatively quiet. This request was granted, with the result that now there are over 300 huts, chiefly built with aloe poles or bamboo, and generally covered with tins from biscuit boxes and old sacking."⁷⁸ Die ywer om huise te bou, het die aandag en al die ledige tyd van die krygsgevangenes oor baie maande in beslag geneem en die een-tonigheid van die lewe en die verveling gedurende hierdie tyd verdryf.


Soos in die geval van Deadwood en ander kampe, was die voorsorg teen ontsnapping deur die aanwending van doringdraadversperrings sowel as die teenwoordigheid van gewapende wagte, 'n opvallende kenmerk van hierdie kamp.

Luitenant-kolonel H.O.P. Wright was die Britse kampkommandant oor Broadbottom met sy inwonerstal van ongeveer 2 300. Oor hom as kampkommandant is daar uiteenlopende uitsprake deur die krygsgevangenes gegee, maar dit blyk dat hy oor die algemeen billik en tegemoetkomend was, ten spyte van sy strengheid as militêre bevelvoerder. Broadbottom is in Oktober 1902 as krygsgevangekamp gesluit.^{78a}

Benewens die twee krygsgevangekampe het daar ook 'n derde en kleiner kampie ontstaan as gevolg van die feit dat krygsgevangenes die eed van neutraliteit of van trou begin aflê het. Vir hulle het die lewe saam met die ander gevange-

78. H.C. Vol. 147. Verslag deur bevelvoerder van troepe, 9.4.1901. Vgl. fotokopie van kamp, p. 153.

78a. S.O.P. PR/A 5069. kol. A.J. Price aan stafoffisier Kaapstad, 13.8.1902.



Broadbottomkamp met die tentdorp baie opsigtelik en "Lappiesdorp" regs daarvan.

nes gevaarlik geword. Om hulle teen die wraak en strafmid-
dels van die ander te beskerm, het die Britse kampkomman-
dante 'n derde kampie naby Deadwood opgerig waar hierdie
groep 'n nuwe tuiste gevind het. By die krygsgevangenes in
Deadwood was hierdie kamp as die "jamkamp" bekend, omdat die
groep insweerders konfyt gekry het.⁷⁹ Volgens Hugo van Nie-
kerk is hierdie kampie deur die inwoners van Broadbottom tot
"Judaskamp" vernoem.⁸⁰

Vir opstandige leierspersoonlikhede en diegene wat hulle
aan ontsnappingspogings skuldig gemaak het, is High Knoll
Fort in gebruik geneem en dit het met verloop van tyd die
plek van 'n spesiale strafkamp vir oortreders ingeneem.⁸¹
Dit was 'n versterkte fort met stewige klipmure met kanon=
stellings bo-op, het 'n beperkte oppervlakte beslaan en is
bowendien gedurig deur wagte bewaak. Daar was slegs die een
in- en uitgang, sodat dit uit 'n veiligheidsoogpunt ondeur=
dringbaar vir die aangehoudenes was. Daar was wel ontsnap=
pings uit die fort, maar daarop word in 'n later hoofstuk
gewys.

CEYLON

Ceylon was verreweg die aantreklikste landstreek waar
krygsgevangenekampe ingerig was. Die eiland self beslaan 'n
oppervlakte van 25 332 vierkante myl. Dit lê tussen 5° 55'
en 9° 50' noorderbreedte en 79° 42' en 81° 52' oostelike
ligging. Die hele eiland het 'n gunstige en matige klimaat
met min temperatuurskommeling gedurende die jaar. Wat die

79. De Graaf, H.: op. cit., pp. 90-92.

80. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te
Broadbottom, dl. 2, p. 136.

81. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., pp. 94-122.

reënval betref, is dit 'n land van kontraste. Die suidwes-telike deel waarin die kampe geleë was, het 'n goeie reënval wat deur die jaar versprei is. Dit veroorsaak 'n hoë voggehalte in die lug wat meebring dat dit warmer en uitputtender voel as wat die werklike temperatuurgraad is.⁸²

In Ceylon was vyf krygsgevangekampe.⁸³ Die bekendste was Diyatalawa wat ongeveer 190 myl oos van Colombo en min of meer tagtig myl suid-oos van Kandy in 'n pragtige en skilderagtige vallei in die Uva-provinsie geleë was, "at an elevation of four thousand feet above the sea. The climate is therefore comparatively cool, and the situation is a very healthy one. This used to be known as the Happy Valley..."⁸⁴ Van alle oorsese krygsgevangekampe was dit die grootste enkele kamp en het uiteindelik ongeveer 5 000 krygsgevangenes gehuisves. Hier was kolonel A.C. Vincent die streng, dog billike kampkommandant vanaf die stigting van die kamp tot die sluiting daarvan.

Die eerste groep krygsgevangenes op pad na Diyatalawa het op 9 Augustus 1900 met die Mowhawk in Colombo geland. Hiermee het die groot intog van krygsgevangenes na hierdie kamp 'n aanvang geneem.⁸⁵

82. Encyclopaedia Britannica, Vol. 5, pp. 216-217.

83. Sien sketskaart, p.156 vir ligging van kampe.


84. Knight, E.F.: With the Royal Tour, pp. 57-60; Vgl. Brohier, R.L.: The Boer Prisoners of War in Ceylon, p. 4. Vir skets van kamp deur 'n krygsgevangene, sien skets, p. 158.

85. Brohier, R.L.: op. cit., p. 5.

Sketskaart van Ceylon om die ligging van die krygs=
gevangekampe aan te toon.

▣ Krygsgevangekampe.

○ Belangrikste dorpe.



Die volgende tabel verstrek inligting oor krygsgevangenes se aankoms, die skepe en getalle gevangenes.


Naam van boot.	Aankoms	Getal krygsgevangenes		
		Offisiere.	Burgers.	Totaal.
<u>Mowhawk</u>	8.8.1900	24	218	242
<u>Orient</u>	9.8.1900	3	49	52
<u>Ranee</u>	2.9.1900	-	599	599
<u>Bavarian</u>	6.9.1900	11	1279	1290
<u>Dilwara</u>	8.9.1900	12	976	988
<u>Mongolian</u>	9.9.1900	22	701	723
<u>City of Vienna</u>	25.9.1900	13	248	261
<u>Ranee</u>	9.11.1900	-	240	240
<u>Catalonia</u>	8.1.1901	19	607	626
<u>City of Cambridge</u>	29.5.1901	-	105	105
		104	5022	5126

Die kamp was gerieflik ingerig en reeds vóór die koms van die krygsgevangenes, "a reformatory once stood here, the only building in the neighbourhood. All the buildings connected with the camp are of recent construction, having been erected since the first batch of prisoners was sent here in August, 1900."⁸⁶

Die kamp was sterk omhein met drie rye doringdraad en buite-om het gewapende wagte die kamp dag en nag gepatrolleer. As verdere voorsorg teen ontsnapping is die hele kamp en sy onmiddellike omgewing elektries verlig.⁸⁷ Verskeie gevangenes, belangstellende besoekers en skrywers verstrek inlig-

86. Knight, E.F.: op. cit., pp. 60-61.

87. Brink, J.N.: Ceylon en de Bannelingen, p. 143.



Diya Kalawa Kamp

ting oor die deeglike omheining. Een van hulle deel mee dat daar sewe-en-dertig doringdrade om die kamp gespan was, "als een netwerk doorgevleg" en met vyf-en-twintig wagte gedurig op wag om die kamp en vyf meksims gereed geplaas vir enige gebeurlikheid.⁸⁸ Nie alleen was daar so oormatig baie draad gespan nie, maar dié drade was "meer aanmekaar gevleg as wat 'n vlermuis dit nog ooit reg gekry het om die stert of mane van 'n perd te vleg."⁸⁹

'n Britse inwoner van Ceylon, R.L. Brohier, skryf dat die omheining van Diyatalawa "a masterpiece of baffling double barbed-wire fencing and trenches, girdled the prisoner's camp. The circling barrier of entanglements increased in course of time to a circumference of nearly two miles."⁹⁰

Die hele kamp was so beplan en aangelê, dat dit vir die wagte moontlik was om die hele kamp te oorsien. "The barracks and guard centres of the British troops at Diyatalawa were picturesquely situated on five selected eminences surrounding and overlooking the barbed-wire barrier of the Boer encampment."⁹¹ Nie alleen word hierdie noukeurige voorsorg teen ontsnapping buite die omheining getref nie, maar ook binnekant word 'n paar honderd konstabels, met knuppels gewapen, ingespan om orde en vrede te handhaaf. 'n Amptelike skets van die plattegrond van die kamp gee 'n goeie beeld van algemene aanleg en voorkoms van hierdie kamp en word as

88. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 113; Vgl. O.M. Dagboek van S.M. de Villiers te Ceylon, p.30; Galloway, M.A.A.: South African War. Boer Prisoners in Ceylon, p. 188.

89. O.M. Dagboek van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 30; Vgl. Knight, E.F.: op. cit., p. 62.

90. Brohier, R.L.: op. cit., p. 5; Vgl. T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, p. 42.

91. Brohier, R.L.: op. cit., p. 31.

Bylae F, p. 579 ingesluit.⁹²

Van binne het die kamp spoedig soos 'n klein dorpie met 'n georganiseerde samelewing begin lyk, "for this Boer community as I soon discovered, controlled by their own officers, manage everything for themselves, and having among them their own tradesmen and artificers of every sort, their shops and their schools and churches, all within the limits of the wire enclosure."⁹³

Die totale oppervlakte van die kamp was wel ruim, maar as in aanmerking geneem word dat daar ongeveer vyfduisend krygsgevangenes gehuisves was, dan word eers beseef hoe beknop hierdie samelewing werklik was. Dit moet ook in gedagte gehou word, dat vir die duur van die oorlog hierdie beperkte stukkie aarde vir die krygsgevangenes hulle hele wêreld omsluit het.

Die mees gehate kamp in Ceylon was ongetwyfeld Ragama, ongeveer nege myl van die hawe geleë. Oor dié kampie het kaptein J. Ingram die strengste moontlike beheer oor die aangehoudenenes uitgeoefen.⁹⁴

Ragama is "in het mooiste, doch ook in het warmste gedeelte van Ceylon, op ongeveer ½ uur sporens van Colombo. De afstand van den evenaar is te naastenbij 7° N.B. De omgewing biedt alles aan wat de naar tropisch natuurschoon dorstende maar kan verlangen."⁹⁵ Dié kamp is aanvanklik as 'n veilige aanhoudingsplek vir die weerbarstige en opstandige

92. O.M. Dagboek van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 30. Sien ook Bylae F p. 579 vir fotokopie van grondplan van die kamp.

93. Brohier, R.L.: op. cit., p. 7.

94. H.C. Vol. 88, lêer 3535/02. Verslag van kampkommandant, 14.3.1902.

95. T.A. 1161. Artikel oor Ragama, p. 758; Vgl. Knight, E.F.: op. cit., p. 61.

uitlanders in die geledere van die Boerekrygsgevangenes aangê. Hulle het die Britse gesag openlik uitgetart, die kampdissipline ondermyn en daarom is vir hulle die spesiale strafkamp ingerig. Dit het egter gaandeweg 'n strafkamp vir alle ongewenstes uit die onderskeie kampe in Ceylon geword, "doch zeker niet om aan deze ongeveer 300 lotgenoten een blijk van welwillendheid of groote tevredenheid te geven."⁹⁶ Uit die aard van sy doel, was dit egter nie 'n groot kamp nie. "On the 8th January, 1901, within a month of the date when it was decided to establish this subsidiary camp, 262 men and officers were moved into it from Diyatalawa. Subsequently, on the tenth of January, 25 more were received from S.S. Catalonia. The number gradually increased until at one time there were 338 captives."⁹⁷

Die kampie het 'n uiters beperkte oppervlakte beslaan met bitterlik min beweegruimte vir die ingeperkte "oortreders". Dit was ondeurdringbaar omhein. "Langs de geheele prikkeldraadversperring is aan de binnenzijde een net van touwwerk gespannen, waarlangs zeer dunne, bijna onzichtbare draden van koperdraad lopen; bij de minste poging tot ontsnapping, veroorzaakt het breken van die draden een elektrisch contact en in alle wachthuizen weerklinken elektrische schellen."⁹⁸

Ook R.L. Brohier is deur die besondere veiligheidsmaatreëls beïndruk en meld: "In this new camp at Ragama, there was a wire-netting barrier besides the tanglement of barbed wire, and, as an additional protection, an electric alarm in

96. T.A. 1161. Artikel oor Ragama, p. 758.

97. Brohier, R.L.: op. cit., p. 26.

98. T.A. 1161. Artikel oor Ragama, p. 758. Sien Bylae G, p. 580 vir fotokopie van die grondplan van die kamp.

case of an attempted escape."⁹⁹

J.N. Brink noem Ragama 'n "gevreese kamp" waarin die algemene beskouing gehuldig is, dat 'n krygsgevangene geen regte het nie en dat die Britse gesag met hulle mag doen wat hulle as geskik ag.¹⁰⁰ Dit blyk duidelik uit die buitengewone voorsorg- en veiligheidsmaatreëls, dat die militêre leiers daarop gesteld was om toe te sien dat gevangenes hulle opdragte stiptelik gehoorsaam en dat niemand sou ontsnap nie. Hierdie besondere deeglike omheining en die verdere voorsorgmaatreëls moes vir enige besoeker opvallend gewees het.

Eenkant en afgesonderd binne die klein kampie, "wired off independently" was daar 'n geboutjie, "exclusively for the "Irish-American Brigade", while the rest of the camp housed all the nations."¹⁰¹

Die intensiewe veiligheidsmaatreëls in die kamp is verder deur die helder verligting van die kamp gedurende die nag, aangevul. "Oil lamps were used for the lighting in the camp, and a ring of these lamps was also set up on posts at intervals of 20 yards round the outer limits of the wired barricade to illuminate the beats of the pickets on guard."¹⁰²

Gebrek aan genoegsaam beweegruimte in Ragama het groot-skaalse handbedrywighede en sportaktiwiteite onmoontlik gemaak. Die gevolg was dat die lewe van 'n krygsgevangene in Ragama in menige opsig betekenisloos as in die ander kampe was.

Dit is twyfelagtig of die Britse owerheid enigsins in sy

99. Brohier, R.L.: op. cit., p. 25.

100. Brink, J.N.: op. cit., p. 183.

101. Brohier, R.L.: op. cit., p. 26.

102. Ibid., p. 26.

doel met hierdie kamp geslaag het. Uiterlik sou die krygsgevangenes hulle pogings tot ontsnapping laat vaar, bloot vanweë die onmoontlikheid om daarin te slaag, maar innerlik sou die gees van verzet en uittarting opvlam tot haat en afsku van daardie gesag waarteen hy in gevangenskap magteloos was. "Apparently even Ragama failed to quell the turbulent spirits of the foreign element, and within the year some of them had to be moved to the Welikida Jail."¹⁰³ Dit was 'n tronk in Colombo wat uitsluitlik gebruik is om van die opstandigste krygsgevangenes saam met gewone misdadigers op te sluit. Sodanige krygsgevangenes is uiters swak behandel en "de arme drommel een maal binne die mure van hierdie pesgat, of hy burger of offisier was, was geen offisier meer nie, maar moes hom onderwerp aan die gewone tronkregulasies vir krimineele gevangenes."¹⁰⁴ Oor die strafmaatreëls in hierdie tronk skryf A.J. van Tonder, 'n oud-krygsgevangene, dat die waterput 'n verskrikking was. Die gevangene is onder in 'n put vasgemaak. Terwyl 'n stroom water in die put ingelaat word, moet die gevangene die water uitpomp, so nie sou hy deur die water oorstrom word. Van Tonder beweer dat hierdie straf selfs 'n man soos Mot Smit getem het.¹⁰⁵

Die ander kampe in Ceylon was eintlik geleentheidskampe waarvan Mount Lavinia ongetwyfeld die gewildste was. Dié kamp lê ongeveer sewe myl suid van Colombo en is aanvanklik beplan as 'n hersteloord vir siek krygsgevangenes, "originally opened on the 17th day of December 1900, as sanatorium to accomodate 25 convalescents at a time who were encouraged to

103. Ibid., p. 27.

104. Brink, J.N.: op. cit., p. 188.

105. V.A.(R.V.) 119.232. A.J. van Tonder - Renier, 14.4.1950.

regain their health and strength by bathing in the inviting warm, clear sea and by picnicing on the broad sandy beach."¹⁰⁶ Aangesien die krygsgevangenes hier oor die algemeen na ernstige siekte, fisies swak was, was die moontlikhede vir ontsnapping gering, met die gevolg dat die toesig nie so streng was nie en die herstellendes dus heelwat meer vryheid geniet het. "A mile of sea shore was at their disposal, and within their bounds they were permitted to roam about at will between 6 and 9 in the morning, and 4 and 6.30 in the evening."¹⁰⁷ As gevolg van die gesonde en aangename klimaat, die groter vryheid aan krygsgevangenes, en die rustige en stil atmosfeer om hierdie groepie herstellendes, het hulle oor die algemeen aangename herinneringe aan hierdie klein kampie.

Hambantota, aan die suidooskus van Ceylon, was in een van die droogste streke van die eiland geleë. Die kamp wat ingerig is vir diegene wat bereid was om die eed van neutraliteit af te lê, is eers in September 1901 aangelê. "A Batch of prisoners-of-war, numbering 57, of whom 32 were officers, moved down from Diyatalawa to live in the unoccupied jail which had been converted for the prisoners who were all on parole. Subject to a few restrictions, these prisoners were allowed to move about freely"¹⁰⁸ Die kampie was ongelukkig in die middel van 'n Koeliedorpie en was deur 'n hoë muur omsluit.¹⁰⁹ Die onmiddellike omgewing het gevolglik niks vir die oog gebied nie, "but one consolation, our quarters are

106. Brohier, R.L.: op. cit., p. 27.

107. Ibid., p. 27.

108. Brohier, R.L.: op. cit., p. 28.

109. Meyer, I.A.: Ervarings van 'n veldkornet in die Engelse Oorlog, 1899-1902, p. 29.

close to the sea," deel 'n krygsgevangene mee.¹¹⁰ Die feit dat so baie van die lastige en tergende beperkings op krygsgevangenes, op hulle nie van toepassing was nie, het die verblyf in hierdie kamp tog meer draaglik as in die ander kampe gemaak. Dit toon ook duidelik aan, dat die owerheid gewillig was om aan parolers sekere voorregte toe te laat.

Luitenant A. Horsburgh was die kampkommandant van Hambantota en hy het 'n gemaklike taak gehad om die beheer oor ongeveer sestig tevrede krygsgevangenes uit te oefen.¹¹¹

Die kamp Urugasmanhandiya, aan die suidelike punt van Ceylon, is opgerig om krygsgevangenes te huisves wat selfs bereid was om die wapens teen hulle eertydse wapenbroers op te neem en het by die ander krygsgevangenes as Verraiers-kamp bekend gestaan. In Desember 1901 het die eerste intrekkers hulle tuiste daar gevind. Die getalle het vinnig toegeneem. Hulle was die ontroues wat reeds toe die oorlog nog in sy volle felheid gevoer is, moed verloor het en gewillig was om die trou aan hul eie land af te sweer, die eed van getrouheid aan die Britse vors af te lê en Britse onderdane te word. In die ander kampe het hulle ontrou veroorsaak dat die getroues die lewe vir hulle gevaarlik gemaak het. Hulle het Britse beskerming gevra en onder Britse bewaking is hulle uit hul kampe bevry en na hul nuwe tuiste geleide gedoen, "free to go where they liked, bound by nothing but their word of honour." Voorregte was daar vir hulle in 'n oormaat en selfs "the sale of liquor within certain hours was a special privilege accorded to these loyal Boers."¹¹²

110. V.A. (O.M.-vers.). Privaat brief van C.J. Pretorius.

111. H.C. Vol. 85, Bylae 3. Direkteur-generaal van inligting aan koloniale sekretaris, 25.6.1902.

112. Brohier, R.L.: op. cit., p. 29.

Die nuwe kamp het 'n groot oppervlakte beslaan en sover as drie myl na weerskante van die middelpunt van die kamp gestrek. Dit het aan die lojales groot bewegingsvryheid gelaat. Vir hulle gerief en verdere vorming tot goeie Britse onderdane, is daar vir hulle 'n spesiale Engelse skool ingerig, "so that they would be at an advantage in re-establishing themselves on their return."¹¹³

Hier in Urugas, soos die kamp onder die inwoners daarvan bekend was, het die goewerneur, kaptein H.E. Platt as kampkommandant aangestel.¹¹⁴ Die lewe in hierdie kamp was rustig en die gevangenes wat daar aangehou is, was oor die algemeen tevrede met die toestand.

DIE INDIESE VASTELAND

Die hele landstreek is geleë tussen 8°-37° noorderbreedte en ongeveer 60°-92° oostelike ligging. Op die breedste en langste gedeeltes van die land, dek dit 'n afstand van ongeveer 1 900 myl. Wat klimaatstoestande betref, is dit 'n land van geweldige kontraste. Die binnelandse plato is droog, warm en winderig. Die meeste ander streke het 'n ligte reënval met baie wind. Ook temperature wissel tussen uiterstes. Die Himalajastreek het 'n kontinentale klimaat, die suide is oseanies met geringe temperatuurskommeling.¹¹⁵

Oor hierdie reusagtige gebied is die Boerekrygsgevangenes met verloop van tyd in sewentien verskillende krygsgevangekampe geplaas, vanaf die suide tot in die noordelikste

113. Ibid.

114. H.C. Vol. 90, lêer 1466/02. Ridgeway - Hoë kommissaris, 14.11.1901.


115. Encyclopaedia Britannica, Vol. 12, pp. 150-154.

hoek van die huidige Wes-Pakistan en Bhim Tal aan die voet van die Himalaja. Die name van dié kampe is Amritsar, Ahmednagar, Bellary, Bhim Tal, Bombaai-distrik, Dagshai, Kaity Nilghiris, Kakool, Murree Hills, Satara, Shahjehanpoer, Sialkot, Solon, Trichinopoly, Umballa, Upper Topa en Wellington.¹¹⁶ Pogings om 'n aantal van hierdie kampe te lokaliseer, het dusver nie geslaag nie, aangesien dit moontlik is dat hulle name slegs tydelike benaminge was en dus nooit op 'n landkaart aangebring is nie.

Wat die algemene toestande betref, was die Indiese krygsgevangekampe seker die onaangenaamste waarin Boere-krygsgevangenes aangehou is, want daar is gevangenes in 'n veel hoër mate aan uiterste liggaamlike ontberings blootgestel. Behalwe die droë versengende hitte van party van die kampe, is die krygsgevangenes ook deur stofstorms geteister, sodat die lewe vir hulle byna onuithoubaar geword het. Toe daardie kampe vir krygsgevangenes ingerig is, is daar seker geen ag geslaan op die moontlike uitwerking wat hierdie verlate en winderige streke op krygsgevangenes sou uitoefen nie. Dié kampe was in baie gevalle die oorblyfsels van ou Britse militêre kampe wat om militêr-strategiese redes op bepaalde plekke aangelê is en waar die verblyf van troepe streng tydelik van aard was. Dit was sekerlik nie bedoel as 'n plek waarheen groot groepe mense 'n onbepaalde tyd gestuur sou word om daar te bly nie.

Die vervoer van groot groepe krygsgevangenes oor lang afstande na die afgeleë kampe het begryplikerwys ook die moontlikheid van ontsnapping uit bewaring ingehou. Daarteen

116. G.O.V. Vol. 223. Return of Prisoners of War in India, 26.1.1903. Sien sketskaart, p. 168 vir die ligging van die onderskeie kampe.



Ligging van die krygsgevangekampe
op die Indiese vasteland.

- Belangrike hawestede.
- ▣ Krygsgevangekampe.

is besonder strenge maatreëls toegepas. Hoewel offisiere nie so deeglik bewaak is nie, is "de Burgers in derdeklas rytuigen, alles met yzeren tralies toegespykerd, geplaatst, waar zy als vogels in een kou werden toegesloten."¹¹⁷ Hiermee is die gevoel van aversie van die krygsgevangenes teenoor hulle gevangenskap, hul aanhouers en die plekke van hul aanhouding verskerp.

Een van die onaangenaamste kampe waarin Boerekrygsgevangenes aangehou is, was Amritsar, 'n vroeëre Franse vesting in die noordwestelike hoek van Indië in die Punjab-provinsie.

In hierdie vesting het kaptein W.H. Traill¹¹⁸ gesag oor ongeveer tweehonderd aangehoudenes gevoer tot dat dit op 10 Desember as aanhoudingsplek vir krygsgevangenes gesluit is.¹¹⁹

By die krygsgevangenes wat daar opgesluit was, het dit as "die hel" bekend gestaan.¹²⁰ Die hele aanleg van die vestingwerk het ongeveer 'n kwart vierkante myl beslaan en in sy geheel is dit met 'n vestingmuur van 21-28 voet dik omsluit. Oral op die reusagtige muur was daar kanonstellings met die koeëls langs die muur opgestapel. In die hele reusagtige vesting was daar net een ingang, deur 'n valhek beskerm. Dié is egter later deur 'n swaar ysterhek vervang. In die middel van hierdie vesting was daar 'n massiewe klipfort. In hierdie berugte fort Govindgarh is die krygsgevangenes aangehou.¹²¹

117. V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, p. 38.

Vgl. T.A. H. Lampen in koerantartikel.

118. G.O.V. Vol. 25. Reports on Leading Men, Prisoners of War, p. 1.

119. G.O.V. Vol. 223. Return of Boer Prisoners of War in India, 26.1.1903.

120. T.A. Herinneringe van P.A. Kolver, p. 13.

121. Ibid.

Van die fort is ongelukkig min bekend en selfs die krygsgevangenes verstrek min inligting. In 'n vertaalde Franse koerantberiggie deur P.H.C. Pohl, kan in 'n mate 'n beeld van die karakter van die fort gevorm word. "Hierdie week het 'n klompie Boerekrygsgevangenes hier aangekom. Hulle word in fort Govindgarh ingekluister. As ons nou nie vir hulle te jammer is nie, dan is ons wel deeglik besorg oor die ongelukkige "E. Company" wat die Boere daar moet oppas. Afgesien van sy ander nadele is die stank van die verrotte slootwater rondom die fort genoeg om almal - soldaat en krygsgevangene - die ingewandskoors te gee."¹²²

Ewe troosteloos en onaantreklik was Trichinopoly, geleë in die suidoostelike streek, grensende aan Franse gebied, in 'n kaal uitgestrekte vlakte, geteister deur warm, droë en stowwerige winde. Die kamp, vroeër ongeskik as Britse militêre kamp, is gedurende die Anglo-Boereoorlog geskik bevind as 'n aanhoudingsplek vir Boere. Die gesondheidstoestand was hier waarskynlik niks swakker as in die ander Indiese kampe nie. Die uitputtende hitte, die groot gebrek aan water en die onaangename heersende wind het die lewe daar uiters onaangenaam gemaak en gevolglik 'n hoë liggaamlike en geestelike eis aan die krygsgevangenes gestel.¹²³ Water is aanvanklik deur Indiese waterdraers na die kamp gebring, maar later is dit met waterkarre aangery. Die waterpompe was ver van die kamp af en gevolglik het water maar altyd skaars gebly.¹²⁴

Die kamp was ongeveer 550x300 tree groot en met 'n dubbele doringdraadheining omhein. Die twee omheinings was ag

122. Die Huisgenoot, 13.12.1949. Artikel deur P.H.C. Pohl.

123. De Villiers, J.L.: Hoe ek ontsnap het, p. 17.

124. Ibid.

voet uitmekaar en tussenin is versperrings met kruisdrade en doringtakke aangebring, sodat dit onmoontlik was om deur die omheining te ontsnap. Binne die omheining was twee rye hutte met 'n grondpad tussenin. Die hutte self was taamlik primitief en het bestaan uit 'n bamboesraamwerk en wande van grasmatte. Die dakke was van strooi. Vanweë die geweldige hitte is in elke hut vyf groot waaiers aangebring. Hulle is dag en nag in beweging gehou deur aan 'n tou te trek.¹²⁵

Binne, sowel as in die onmiddellike omgewing van die kamp was daar niks om te sien nie, nog minder waarmee die krygsgevangenes hulle vrye tyd nuttig kon bestee. Parool aan gevangenes kon geen doel dien nie, want daar was geen plek waarheen krygsgevangenes kon of wou gaan nie. In hierdie kamp was majoor E.E. Ravenhill, majoor J.H. Campbell en majoor G.A. Ivatt agtereenvolgens die kampkommandante oor ongeveer 980 aangehoudenes.¹²⁶ Trichinopolykamp is op 10 September 1902 amptelik gesluit.¹²⁷

Van dieselfde aard as Trichinopoly was Umballa, in die Punjab-provinsie geleë. Alle pogings om die ligging van hierdie kamp vas te stel, het tot dusver misluk. Selfs uit die kaartkantor van die Londense museum, is geen inligting beskikbaar nie.¹²⁸ Daar is wel 'n plek, Ambala, maar of dit dieselfde plek is, is onseker. Die spelling en uitspraak van die woord kon moontlik tot verwarring gelei het. Op die kaart wat hierby op p. 168 ingesluit is, word die huidige Ambala gevolglik aangedui.

125. Die Huisgenoot, 13.12.1949. Artikel deur P.H.C. Pohl.

126. H.C. Vol. 85, Bylae No. 1, 5.6.1902. Vgl. H.C. Vol. 85, lêer 3336, p. 8.

127. G.O.V. Vol. 223. Return of Boer Prisoners of War in India, 26.1.1903.

128. Brief van die Londense Museum in hierdie verband in besit van skrywer van hierdie werk.

"De groote van de kamp is 400 treden in vierkant met 23 draden omheind," skryf 'n krygsgevangene oor die kamp.¹²⁹ 'n Ander krygsgevangene beweer dat die kamp ongeveer vier morge beslaan het, "en is met ondeurdringbare doorndraad toe; en rondom is Koellie of Engelse wagte."¹³⁰ Dag en nag het die wagte die omheining gepatrolleer en as 'n verdere voorsorg gedurende die nag, "word het belicht met electris ligte."¹³¹ Die hitte in hierdie deel van Indië was vir die Boere byna ondraaglik en "wy kunnen met de grootste moeite en opoffering in den dag er toe komen buiten onze tenten te gaan."¹³² Die omgewing en klimaat het nóg vir die oog, nóg vir die gees enigiets gebied. "Ons kamp staat op een gelijke vlakte, zoo vlak, als ik het nooit eerder zag. Nergens eenige helling. Het klimaat is standvastig. Slechts eens heeft het een beetje geregend."¹³³ Die kamp self en die onmiddellike omgewing is so stowwerig en vaal, dat dit van buite beswaarlik as 'n kamp uitgeken sou kon word. Daar was gevolglik by die krygsgevangenes geen begeerte om op parool uit die kamp te gaan nie, want die vaal en uitgestrekte stowwerige omgewing het hoegenaamd geen verfrissende afwisseling gebied nie. As daar wel soms klein groepies vir die stapoefening uitgegaan het, was dit "tussen twee ryen troeppe goed gewapen."¹³⁴

As kampkommandante het hier agtereenvolgens majoor J.S.I. Masterson en kaptein L.J. Dobbin¹³⁵ die beheer oor ongeveer

129. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 35.

130. V.A. (R.V.) 119.1201. Dagboek van I.J. Stoltz, p. 74.

131. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 35.

132. V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, p. 44.

133. T.A. Koerantartikel deur H. Lampen.

134. V.A. (R.V.) 119.1201. Dagboek van I.J. Stoltz, p. 75.

135. H.C. Vol. 85, Bylae 109, p. 6.; G.O.V. Vol. 22, bylae by verslag No. 249, 18.12.1902.

1,050 krygsgevangenes uitgeoefen tot dat die kamp op 19 November 1902 amptelik gesluit is.¹³⁶

Behalwe die kampe of aanhoudingsplekke wat kortliks bespreek is, was daar 'n verdere elftal kampe oor die hele land versprei. Kortliks word die name en enkele besonderhede oor hierdie kampe verstrekk. Ahmednager was hoofsaaklik 'n tronkkamp waar majoor T.H. Goodwyn¹³⁷ aanvanklik, en later majoor W.V. Dickinson as kampkommandant opgetree het. Na die ondertekening van vrede was dit toenemend die beleid om die onversoenlikes uit die ander Indiese kampe na hierdie kamp te stuur. Byna 1 200 van hierdie krygsgevangenes was daar bymekaar. Hierdie kamp is eers op 8 Januarie 1904 amptelik gesluit toe die laaste van die onversoenlikes die eed afgelê of na Nederlands-Oos-Indië vertrek het.¹³⁸ Bellary was veel kleiner as bogenoemde kamp en daar was ongeveer 720 krygsgevangenes onder beheer van majoor G.H.M. Conram as kampkommandant.¹³⁹ Hierdie kamp is op 23 Desember 1902 gesluit.¹⁴⁰

Bhim Tal was ver in die noorde van Indië, aan die voet van die Himalaja geleë. Dit was een van die koel kampe en is hoofsaaklik gebruik vir kindergevangenes en die oues van dae. Majoor A. de G. Hadow en kaptein T.C.B. Holland was die kampkommandante.¹⁴¹ In hierdie kamp is ongeveer vyfhonderd krygsgevangenes aangehou. Dit is amptelik op 1 Desember

136. G.O.V. Vol. 223. Return of Boer Prisoners of War in India. (Dated 26th January 1903).

137. H.C. Vol. 85, Bylae 109, p. 12.

138. Van der Watt, J.S.: Het Leven Der Boeren-Krygsgevangenen, p. 256.

139. H.C. Vol. 85, Bylae 109, p. 7.

140. G.O.V. Vol. 223. Return of Boer Prisoners of War in India (Dated 26th January 1903).

141. G.O.V. Vol. 25. Report on leading men, Bhim Tal, 4.7.1902.

1902 gesluit.¹⁴² In die Bombaaidistrik is ongeveer sewentig gevangenes tot die sluiting van die kamp op 2 September 1902, aangehou.¹⁴³

Dagshai was ook een van die mindere kampe waar ongeveer 290 parolers onder die beheer van majoor E.S. Gillman aangehou is.¹⁴⁴ Die kamp is op 25 Oktober 1902 gesluit.¹⁴⁵ Kaity Nilghiris was een van die koeler kampe in die Nilghiriese berge en het 'n groep parolers gehuisves. Hier was majoor G.A. Ivatt die kampkommandant¹⁴⁶ oor ongeveer aghonderd aangehoudenes tot die sluiting van die kamp op 11 Augustus 1902.¹⁴⁷

Kakool was een van die grootste krygsgevangekampe op die Indiese vasteland. Dit is een van die noordelike kampe langs die roete na die Khyberpas. Hier is ongeveer 1 500 krygsgevangenes onder die kommandantskap van, eers majoor H.A. Kinloch, daarna kaptein A.J. Lainson en uiteindelik kaptein R. Oakley, aangehou.¹⁴⁸ Op 4 Desember 1902 is die kamp amptelik gesluit.¹⁴⁹ In Murree Hills is ongeveer vyfhonderd gevangenes aangehou op 5 November 1902 is dit vir krygsgevangenes gesluit.¹⁵⁰ Majoor C.T. Wayte¹⁵¹ het in

142. G.O.V. Vol. 223. Return of Boer Prisoners of War in India. (Dated 26th January 1902).

143. Ibid.

144. G.O.V. Vol. 221, Bylae tot verslag No. 23 - 12.2.1902.

145. G.O.V. Vol. 223. Return of Boer Prisoners of War in India. (Dated 26th January 1902).

146. G.O.V. Vol. 25. Report on Leading men in Kaity Nilghiris, p. 1.

147. G.O.V. Vol. 223. Return of Prisoners of War in India. (Dated 26th January 1903).

148. G.O.V. Vol. 25. Report of Leading men, 28.6.1902, p. 6; G.O.V. Vol. 216, Bylae tot verslag No. 197; 16.10.1902, p. 6.

149. G.O.V. Vol. 223. Return of Prisoners of War in India. (Dated 26th January 1903).

150. Ibid.

151. G.O.V. Vol. 85, Bylae no. 109, p. 10.

Satara gesag oor ongeveer 200 parolers gevoer, tot dat die kamp op 9 Augustus 1902 gesluit is.¹⁵²

Shahjehanpoer is een van die meer noordelike asook groter kampe in Indië. Aanvanklik was luitenant-kolonel M. Jacson die kampkommandant oor die ongeveer 1 000 krygsgevangenes. Hy is agtereenvolgens deur luitenant-kolonel J.H. Campbell, kaptein G. Head en kaptein P. Hind opgevolg.¹⁵³ Die kamp is eers op 16 Januarie 1903 gesluit.¹⁵⁴

Sialkot is op twee na die mees noordelike kamp in Indië. Van die kamp is min bekend. Kaptein W.A. Scott was in hierdie kamp die kampkommandant oor ongeveer 560 krygsgevangenes.¹⁵⁵ In Solon was majoor E.S. Gillman die kampkommandant oor ongeveer 300 krygsgevangenes.¹⁵⁶ Dit is een van die kampe wat eers teen die einde van die oorlog in gebruik geneem en reeds weer op 25 Oktober 1902 gesluit is.¹⁵⁷

Upper Topa was een van die noordelikste kampe en is naby die Khyberpas aangelê. Majoor W.C. Cox was die kampkommandant,¹⁵⁸ maar verder is geen besonderhede oor die kamp beskikbaar nie. Wellington is eers aan die einde van die oorlog aangelê en het meer as 'n halfwegstasie gedurende die repatriasietydperk gedien. Daar is ongeveer 800 krygsgevangenes tydelik gehuisves. Dit is reeds weer op 10 September

152. G.O.V. Vol. 223. Return of Prisoners of War in India. (Dated 26th January 1903).

153. G.O.V. Vol. 85, Bylae no. 109, p. 5.; G.O.V. Vol.25. Report on Leading Men in Shahanjehanpur, p. 1.

154. G.O.V. Vol. 223. Return of Prisoners of War in India. (Dated 26th January 1903).

155. H.C. Vol. 22. Bylae tot verslag no. 249, 18.12.1902.

156. G.O.V. Vol. 221. Bylae tot verslag no. 23, 12.2.1902.

157. G.O.V. Vol. 223. Return of Prisoners of War in India. (Dated 26th January 1903).

158. G.O.V. Vol. 216. Bylae tot verslag no. 197, 16.10.1902.

1902 gesluit.¹⁵⁹

Op die kaart op bladsy 168 word die ligging van enkele van die Indiese kampe aangedui, maar alle pogings om die posisie van die ander krygsgevangekampe vas te stel, het dusver misluk.¹⁶⁰

ORGANISASIE VAN DIE KRYGSGEVANGEKAMPE.

Vir die doeltreffende administrasie en funksionering van die krygsgevangekampe was daar 'n militêre struktuur wat 'n oorhoofse beheer oor elke afsonderlike kamp uitgevoer het. Aan die hoof van hierdie militêre beheer was die Britse kampkommandant, gewoonlik 'n senior offisier. Na gelang dit groter of kleiner kampe was, het die militêre rang van die kampkommandant gewissel.

Die goewerneur van die betrokke gebiede waar die kampe geleë was, was nominaal die hoogste gesag in hierdie breë organisasie van die Britse beheer oor die krygsgevangekampe. Uit die aard van sy gebrek aan direkte kontak met die praktiese probleme van die onderskeie kampe, het hy nie in die algemene organisasie daarvan ingemeng nie. Alhoewel die goewerneys dus geen direkte rol in die breë organisasie en die reëlins van gesag uit oefening gespeel het nie, het hulle tog 'n indirekte rol vervul. Op St. Helena het goewerneur R. Sterndale informeel met die krygsgevangenes kontak gemaak, hulle self in sy huis onthaal, en op vriendskaplike en gelyke voet met hulle omgegaan.¹⁶¹ Hierdeur het daar beter

159. G.O.V. Vol. 223. Return of Prisoners of War in India. (Dated 26th January 1903).

160. Vgl. sketskaart, p. 168.

161. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, P. 103, pp. 133-134 en p. 136, p. 177.

begrip tussen die krygsgevangenes en die hoogste Britse gesag ontwikkel, waardeur onderlinge waardering en agting van mense teenoor mekaar ontwikkel het. Hierdie goewerneur het ook by geleentheid die krygsgevangenes genooi om van hulle handwerk by die jaarlikse tentoonstelling uit te stal. Sy waarderende woorde oor die gedrag van die krygsgevangenes en sy hoë lof vir hul werk, het wedersydse vertroue en respek afgedwing.¹⁶² Ook sy standpunt met die aankoms van die eerste groep krygsgevangenes op St. Helena dat hulle met agting behandel moet word, omdat hulle dapper mense is wat vir hulle vryheid geveg het, het die diepste sentimente van die krygsgevangenes geraak en sou hulle daarom rede hê om goewerneur Sterndale te eer en te respekteer.¹⁶³

In Ceylon het goewerneur Ridgeway die agting van die meeste krygsgevangenes afgedwing. Hy was wel streng, maar simpatiek en billik. Die mooi en goeie dinge van die krygsgevangenes het hy opgemerk en selfs by geleentheid die koorgroep van Ragama genooi om by 'n openbare funksie wat hy aangebied het, op te tree om luister daaraan te verleen.¹⁶⁴ Ook deur sy toedoen is krieketspanne van die krygsgevangenes van Diyatalawa toegelaat om teen plaaslike spanne in eendaagse wedstryde op te tree. Hierdie menslike daad en vriendskaplike gebaar is deur krygsgevangenes en die inwoners van Ceylon hoog op prys gestel. By geleentheid van 'n opstootjie in Ragama was dit slegs die simpatieke, dog ferme optrede van die goewerneur wat die gemoedere laat bedaar het, sodat

162. C.D. 431. St. Helena Report for 1900, p. 10.

163. De Graaf, H.: op. cit., p. 23.

164. T.A. 1161. Artikel deur J.D. Koster, p. 758.

die orde en vrede herstel is.¹⁶⁵ Dit was ook hy wat gedurende een van die epidemies in die krygsgevangekampe ingegryp het toe die mediese diens hopeloos kortgeskiet het en Sinegalese dokters aangestel het in plaas van die Britse dokters te gebruik. Hierdie besliste optrede en die gunstige wending in die epidemie was genoegsame bewys dat hy dit eerlik met die krygsgevangenes bedoel het.¹⁶⁶

In latere stadia van die oorlog het die goewerneys ook hulle bydrae gelewer in die veldtog om krygsgevangenes die eed van trou te laat aflê, maar ook in hierdie gevalle was die kampkommandante in 'n veel beter posisie om hierdie taak te verrig.¹⁶⁷

Vir alle praktiese doeleindes was die Britse kampkommandant aan die hoof van die krygsgevangekamp waaroor hy die volkome gesag gevoer het. Hy was in gewone omstandighede bevelvoerder oor die militêre eenheid wat vir die sekuriteitsdienste in die kamp verantwoordelik was. In hierdie hoedanigheid was hy vir die militêre dissipline, die wagdienste en militêre roetine-inspeksies verantwoordelik. In gevalle van botsing tussen wachte en krygsgevangenes moes hy die daaropvolgende ondersoek lei en 'n verslag daarvoor opstel. As daar sulke botsings voorgekom het, moes die kampkommandant besluit of die troepe opgeroep moes word en in hoe 'n mate opstootjies met geweld onderdruk moes word. In die groter kampe soos Diyatalawa en die kampe op St. Helena was daar 'n spesiale offisier in bevel van die troepe, sodat die kamp=

165. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 39.

166. *Ibid.*, p. 31.

167. G.O.V. Vol. 221. Korrespondensielêers. Verslag, 29.10.1903.

kommandante in hierdie gevalle van hierdie taak vrygestel is.

Een van die belangrikste pligte van die kampkommandant was om vir die doeltreffende huisvesting en voeding van die krygsgevangenes te sorg. In die tentkampe was die kwessie van huisvesting somtyds uiters netelig, veral in klimaatstreek soos op St. Helena en Groenpunt met die hoë reënval en stormwind. Tente moes voortdurend aangevul word na gelang die wat in gebruik is deur storms beskadig raak, of na mate meer krygsgevangenes na die kampe gebring word. Versoeke van krygsgevangenes om vir hulself hutjies te bou, moes deur die kampkommandant in oorleg met die kampdokter oorweeg word, maar uiteindelik moet die kampkommandant alleen daaroor besluit. As in aanmerking geneem word dat in Bermuda byvoorbeeld, ongeveer 850 ronde tente met houtvloere net vir die krygsgevangenes opgerig is, kan 'n besef gevorm word van hoe 'n groot taak dit vir die kampkommandant was.¹⁶⁸

Vanweë nat toestande in kampe soos Groenpunt en St. Helena, was dit noodsaaklik dat tente soms na ander staanplekke moes verskuif word. Hierdie gedurige verskuiwing van tente was deel van die kampkommandant se organisasie. Nuwe opslaanplekke moes noukeurig aangedui word, sodat dieselfde militêre ordelikheid as vantevore gehandhaaf word. Hierdie verskuiwing van tente sou heelwaarskynlik by die krygsgevangenes baie teenkating uitgelok het en sou hulle geneig gewees het om die kampkommandant daaroor te kritiseer. Hier het hy egter slegs in die beste belang van die gesondheidstoestande van die krygsgevangenes opgetree.

¹⁶⁸. Benbow, Colin.: op. cit.

Die voeding van krygsgevangenes was ongetwyfeld een van die moeilikste aspekte van die algemene kamporganisasie en het 'n swaar las op die kampkommandant gelê, want proviand moes gedurig aangevul word en dit moes meesal van ander plekke na die kampe gebring word. Dit het die kampkommandant se organisasie baie bemoeilik en gevolglik het die voedselvraagstuk feitlik altyd 'n kwelling gebly. Ten tye van skaarste weens omstandighede buite sy beheer sou die krygsgevangenes hom steeds vir die tekorte blameer, selfs al kon hy aan hulle net soveel verskaf as wat die afgelewerde voorraad hom toelaat. Die daaglikse rantsoene vir krygsgevangenes was dieselfde as die van die Britse troepe en in gevalle van tekorte sou almal in 'n gelyke mate daaronder ly. Dit is egter twyfelagtig of die troepe se rantsoene saam met die van krygsgevangenes ingekort is, want vrees vir die moontlikheid van muitery onder die troepe, sou 'n inkorting van rantsoene verhinder. Volgens Hugo van Niekerk, was Britse troepe gedurende hulle tog van Paardeberg na Twee Riviere ook op halwe rantsoen. Dit was egter aan onvermydelike en spesiale omstandighede te wyte en gevolglik was daar geen ontevredenheid onder die troepe oor hierdie inkorting van rantsoene nie.¹⁶⁹

Vir die direkte verskaffing van voedselvoorraad aan die krygsgevangenes, het die kampkommandant sekere magte aan die kwartiermeester gedelegeer. Hierdie amptenaar of offisier was dan persoonlik vir alle voorrade verantwoordelik. By sy kantoor moes die gevangenes smôrens die dag se proviand gaan ontvang. Daar moes krygsgevangenes ook klere, skoen en kom-

169. V.A. (O.M.-vers.). Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 63.

berse ontvang as die wat hulle gebruik, ondienlik geword het. Hierdie diens was soms nie na wense nie en klagte teen die verskaffing van klere is deur verskeie krygsgevangenes uitgespreek.¹⁷⁰

Die kampkommandant het egter nog verdere pligte in die algemene organisasie van die kampewe gehad. Hy was ook vir die kampdissipline verantwoordelik en hy moes self die middele vind om gehoorsaamheid aan die reëls en regulasies af te dwing. Vir hierdie doel was die troepe onder sy bevel en is hy kragtens regulasie met die nodige magte bekleed. Die daaglikse prosedure en algemene orde is alles volgens militêre regulasies deur die kampkommandant bepaal en streng volgens vasgestelde tye gereël. In hierdie verband het die beuelblaser die begin van daaglikse gebeure aangekondig. Hierdie regulasies wat die daaglikse prosedure bepaal het was in al die krygsgevangekampe feitlik dieselfde maar aanpassings is somtyds deur bepaalde plaaslike omstandighede gevorderd. Die twee daaglikse appelle, inspeksie, besoektye aan die kampdokter, die afhaal van die daaglikse rantsoen en die aanbreek van stilte in die aand, sou gevolglik in al die krygsgevangekampe op min of meer dieselfde tye plaasvind.¹⁷¹ Dissipline is in al die kampe streng gehandhaaf.

Van elke krygsgevangene word vereis om hom aan die dissipline van die kamp te onderwerp. Oortredings van dissiplinêre maatreëls, word kragtens militêre reëls gestraf. Hier word veral gewaarsku dat oproermakers en "georganiseerde sto-

170. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard, pp. 48-49; Vgl.

O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, pp. 337-338 en p. 516;

K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 164;

V.A.(O.M.-vers.) 115/41/11, brief van C.J. Pretorius.

171. S.O.P. PR/A 531. Camp Routine.

ring der orde zal onmiddellijk door kracht van wapenen onderdrukt worden."¹⁷² Die dissiplinêre regulasies beklemtoon hierbenewens die stipte nakoming en gehoorsaamheid aan bevelen. Dit verleen aan die kampkommandant ook die mag van 'n volle krygshof, "als ook de macht van onmiddellijke bestraffing toegestaan door de legerwet."¹⁷³ In verband hiermee is op 30 April 1900 'n spesiale skrywe insake krygsgevangenes gerig. "It appears clear that according to the custom of war, prisoners of war are subject to the laws and regulations in force in the army in whose power they are, and can be punished for insubordination and other serious offences by a court martial."¹⁷⁴

Die bewegingsvryheid van alle krygsgevangenes is streng tot die omheining van elke kamp beperk. Enige krygsgevangene wat hom tussen die heinings in die sogenaamde "dead space" bevind, kon sonder enige waarskuwing doodgeskiet word. Enige poging tot ontsnapping het die wagte ook die reg gegee om sodanige krygsgevangene dood te skiet.¹⁷⁵ Daar was wel geleentheid vir gevangenes om buite die kampgrense te beweeg, wanneer hulle om spesiale redes, of deur spesiale vergunning 'n pas daarvoor van die Britse kampkommandant verkry het.¹⁷⁶ Van hierdie vergunning het krygsgevangenes, volgens hulle eie mededelings in hulle dagboeke, ruimskoots gebruik gemaak, of as enkelinge, of in groot georganiseerde groepe.

Dit was ook die kampkommandant se taak om gedurende en

172. Regulaties voor de krygsgevangenen (kopie in besit van outeur).

173. Ibid.

174. S.O.P. PR/A 206. Rules for Prisoners of War.

175. S.O.P. PR/A 531. Regulaties voor de Discipline van Boere krygsgevangenen.

176. Regulaties van de krygsgevangenen (Kopie in besit van outeur van hierdie werk).

na die oorlog die nodige druk op krygsgevangenes uit te oefen om die eed van neutraliteit of die eed van trou aan die Britse kroon af te lê.¹⁷⁷ Die eedaflegging het egter ook sy probleme vir die kampkommandant gebring, aangesien die getroue krygsgevangenes die eedafleggers op alle moontlike maniere vervolg het.¹⁷⁸ Laasgenoemde het hulle op die kampkommandant beroep en hy moes spesiale reëlings tref om die eedafleggers te beskerm en die ander te straf.¹⁷⁹ Hierdeur is die algemene organisasie van die kampelewe egter versteur en was dit die moeilike taak van die kampkommandant om bevredigende oplossings te vind. Deur groot takt aan die dag te lê, kon die moeilikhede soms opgelos word, maar soms moes die orde met geweld herstel word.¹⁸⁰ Dit het egter gereeld 'n verandering in die normale organisasie van die kampelewe meegebring en dit was gevolglik nie altyd moontlik om onderlinge wrywing uit die weg te ruim nie, sodat smeulende ontevredenheid gedurig gedreig het om die algemene rustigheid van die kampelewe te versteur.

As hoof van die kamp het ook mediese dienste, posreëlings en sanitêre maatreëls onder die kampkommandant geresorteer, maar deur delegering van sy magte het ander vertakkinge in die algemene kamporganisasie hierdie pligte van die kampkommandant oorgeneem.

177. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, pp. 72-73. Vgl. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 160.

178. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, pp. 50-51. Vgl. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, p. 369. S.O.P. PR/A 1247.

179. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 188. Vgl. S.O.P. PR/A 1270.

180. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 184. Vgl. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 59.

Vir die mediese dienste het elke kamp sy eie dokter gehad en in geval van epidemies is die getalle dokters en verpleegpersoneel aangevul na gelang die behoefte daaraan.¹⁸¹

In krygsgevangekampe, met die baie epidemies wat geheers het, was die hospitale feitlik altyd vol en moes baie siekes dikwels in hul tente opgepas word. Verpleging is dikwels deur die medekrygsgevangenes behartig, soms vrywillig maar soms op versoek van die kampowerheid.¹⁸²

Die sanitêre geriewe het groot organisasie vereis, maar ook in hierdie opsig was daar ruim voorsiening in die krygsgevangekampe. Dit is opvallend dat daar in die baie dagboeke van krygsgevangenes nêrens klagte of kritiek teen swak sanitêre geriewe was nie. Selfs in die kampe in Bermuda waar veral water 'n probleem was, was daar algehele tevredenheid. "Each Boer compound was provided with washing and urinal facilities equipped with short drains running away to the water; wooden pontoon latrines were placed at the water's edge and afforded the most sanitary facilities possible. Camp garbage was to be collected and dumped well out to sea."¹⁸³

Die kampregulasies met betrekking tot die sanitêre- en algemene higiëniese maatreëls het op die krygsgevangenes sekere pligte wat hulle stiptelik moes nakom, gelê. Hiervolgens word hulle self vir die netheid en sindelikheid van die kampe aanspreeklik gehou. Vir die praktiese uitvoerbaarheid daarvan is sommige kampe in verskillende afdelings ver-

181. O.M. Oorlogsherinneringe van J.S. Kruger. Vgl. Brohier, R.L.: op.cit., p. 37.

182. V.A.(V.R.) 119.225. G.P. Kriek - Renier, p. 3. Vgl. S.O.P. PR/A 3932.

183. Benbow, C.: op. cit.

deel en sekere tentgroepe is vir die netheid en ordelikheid van 'n bepaalde deel verantwoordelik gestel. Krygsgevangenes word ook ten strengste gewaarsku dat "eenig burger die zijn behoefte doet op een andere plaats, dan op de daarvoor bestemde latrines (gemakshuizen) of waterplaatsen, zal ten strengste gestraft worden."¹⁸⁴ Ook wat die skoonmaak van wasgoed of skottelgoed betref, word daar gewaarsku dat enigeen wat "zich wast op andere plaatsen dan in het waskamer, of schotelgoed wast op andere plaatsen dan daarvoor aangebrengen," gestraf of beboet sal word.¹⁸⁵

Die reëling van die posdiens vir die krygsgevangenes was een van die moeilikste vertakkinge van die kamporganisasie. Alle briewe moes oop ingelewer word om die taak van die sensors te vergemaklik. Uiteraard word alle briewe noukeurig gesensor, maar hier het baie probleme ontstaan. Baie keer moes hier van betroubare krygsgevangenes gebruik gemaak word, aangesien die taalprobleem die taak van die sensor onmoontlik gemaak het. 'n Simpatieke krygsgevangene sou egter hoogwaarskynlik baie ontoelaatbare stukke laat deurglip. Dit was juis 'n streng reëling dat alle briewe noukeurig ondersoek word en "indien zij geen beleedigende aanmerkingen of mededeelingen schadelijk voor Britsche belangen bevatten, naar hunne bestemming verzonden."¹⁸⁶ Die sensors het veral 'n stryd teen die inhoud met 'n politieke strekking gevoer. Ook die briewe wat aan die krygsgevangenes gestuur is, het eers na die sensors gegaan en nadat hulle die inhoud goedgekeur het, is dit aan die krygsgevangenes uitgedeel. Die feit dat

184. V.A.(O.M.-vers.) 115/204/1. Versameling van G.J. van Riet.

185. Ibid.

186. S.O.P. PR/A 206. Rules for Prisoners of War.

alle posstukke eers deur die sensors gekeur moes word, het soms veroorsaak dat briewe maande lank vertraag is voordat dit afgelewer is. Vir die krygsgevangenes vir wie 'n brief so uiters belangrik was, was hierdie oponthoud irriterend en 'n bron van gedurige ontevredenheid en toenemende verbittering. Dit kan begryp word dat die krygsgevangenes 'n besondere haatgevoel teenoor die sensors sou ontwikkel.

Die geldsake van die krygsgevangenes is ook deur die kampkommandant beheer en gevolglik moes alle krygsgevangenes die geld in hulle besit by die kampkommandant inbetaal. Hy sou besluit hoeveel geld hy by geleentheid aan hulle beskikbaar moet stel.¹⁸⁷ Hierdie maatreëls was ongetwyfeld daarop gemik om te verhinder dat krygsgevangenes omkoopgeld in hulle besit sou hê om wagte of die inwoners van die bepaalde streke gedurende ontsnappingspogings om te koop en daardeur hulle hulp en samewerking te verseker. Slegs geringe bedraggies is gevolglik op aanvraag aan die krygsgevangenes gegee.

Die algemene organisasie het ook vir besoeke deur vreemdelinge aan die kampe voorsiening gemaak. Dit sou egter net in buitengewone omstandighede plaasvind. Individuele krygsgevangenes is ook in bepaalde gevalle toegelaat om besoekers te ontvang "zullende de bezoekers voorzien moeten zyn van een speciale pas, geteekend door de A.A. generaal (Assistent Adjudant Generaal) of kommandant zullende een Officier en Vertaler gedurende het bezoek, steeds tegenwoordig moeten zijn."¹⁸⁸

Hierdie breë organisasie van owerheidsweë het dus die kampkommandant, sy offisiere en ander helpers in volkome be-

187. S.O.P. PR/A 531. Regulaties voor de Discipline van Boere krygsgevangenes.

188. Ibid.

heer van die krygsgevangekampe geplaas. Dit was egter nie gemoeid met sulke sake soos geestelike, opvoedkundige en kulturele aangeleenthede nie. Vir die interne organisasie van die kampelewe as sodanig moes die krygsgevangenes self die verantwoordelikheid aanvaar.

Die Britse kamporganisasie en die regulasies wat daarvoor ingespan is, het wel die krygsgevangenes se vryheid baie beperk, maar dit kan nie as onbillik bestempel word nie. In so 'n groot en onnatuurlike samelewing van mense van soveel uiteenlopende aard en nasionaliteit, was die daarstelling van 'n ordelike en geroetineerde lewe 'n dringende vereiste en in hierdie opsig het die owerheid 'n doeltreffende administrasie van bedrywighede en noodsaaklike dienste verseker. Ongewoon aan roetine en militêre dissipline, het baie krygsgevangenes hulself geknel en onderdruk gevoel, maar dit moet meer aan die vreemdheid van hierdie nuwe lewe, as aan die knellende organisasie toegeskryf word.

Die organisasie van die krygsgevangekampe het dus 'n stadium bereik waarop 'n ordelike samelewing moes ontwikkel. aanvullend by hierdie oorhoofse organisasie en administrasie is daar van Boerekant met 'n eie interne reëling van die kamplewe begin. Ook in hierdie geval is al die krygsgevangekampe hoofsaaklik volgens dieselfde beginsels georganiseer. Omstandighede in die afsonderlike kampe het egter afwykings en aanpassings vereis, met die gevolg dat elke kamp tog uiteindelik oor 'n eie besondere organisasie en reëlings beskik het. Aan die hoof van hierdie organisasie was die Boerekommandant wat deur die lyn of hutkapteins uit die kampgeledere gekies is. Hy was die verteenwoordiger van al die krygsgevangenes en het in hierdie hoedanigheid 'n belangrike skakel

tussen die krygsgevangenes en die kampkommandant gevorm. Hy het met behulp van die kapteins die volle beheer oor die krygsgevangenes uitgeoefen, maar uiteraard ondergeskik aan die Britse gesagvoerder.¹⁸⁹

Die feit dat krygsgevangenes in sommige kampe in reuse-hutte gehuisves is, maar in ander kampe in tente gewoon het, het vanself verskille in die organisasie van die onderskeie kampe meegebring. In Diyatalawa, byvoorbeeld, het vier-en-sestig krygsgevangenes in elk van die hutte gewoon. Die inwoners van elke hut moes uit hulle geledere 'n hutkaptein kies, gewoonlik 'n burger wat onder hulle hoog aangeskrewe was. Dit was ook 'n vereiste, dat hy Engels goed moes ken, want hy moes in staat wees om met die kampkommandant te onderhandel. Hy was ook verantwoordelik om elke môre met 'n paar hutbewoners na die hek van die kamp te gaan om die dag se kosvoorraad vir sy hut te ontvang. Hy moes ook toesien dat die hutbewoners op hul pos is by geleentheid van die daaglikse telling en inspeksie.¹⁹⁰

Die hutkaptein se werk was nogal moeilik. "Hy moet 48 man, jonk, middeljarig en oud, wat nog altoos hul eie koers gegaan het, nou in een koers hou - die koers van die kamp,"¹⁹¹ aldus S.M. de Villiers.

Die inwoners van elke hut word verder in vier groepe van sestien per eettafel ingedeel. Die sestien tafelmaats kies dan 'n korporaal wie se taak dit was, om toe te sien dat alles aan sy tafel skoon en netjies gehou word. "Elke

189. Benbow, C.: op. cit. Vgl. T.A. Aantekeninge van H.W. Schulenburg.

190. Dagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 30.

191. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 34.

copperaal moet rekenschap geeft van zyn 16 man en den captijn over de 64 man in moet rekenschap geeft van allis wat in de hut is.¹⁹²

In die kamp waar die krygsgevangenes hoofsaaklik in tente gehuisves was, het elke tentgroep 'n korporaal gekies. Hy is vir die orde en netheid in sy tent aanspreeklik gehou. Uit elke ry tente is 'n lynkaptein gekies om as 'n skakel van die groep krygsgevangenes met die Britse kampkommandant te dien. Net soos die hutkapteins in Diyatalawa kies die lynkapteins op hulle beurt die Boerekommandant om beheer oor die krygsgevangenes te voer.¹⁹³ Hierdie interne reëlings was selfs vir die besoeker aan die kampe opvallend, want hulle maak in hulle geskrifte daarvan melding. Volgens een van hulle, "this Boer community . . . , controlled by their own officers, manage everything for themselves..."¹⁹⁴

Besoekers aan die kampe is getref deur die groot mate van selfstandigheid wat die inwoners van die kampe toegelaat is. "Within the Boer camp itself a considerable amount of power and responsibility is held by certain of the prisoners. The Boers are allowed to elect their own camp officers, the authority held by the minor officers gradually ascending till it centred in the burgher commandant." bevind K.W. Elwes.¹⁹⁵

In die kampe in die Bermudas is die hoogste regterlike gesag aan 'n landdros en vier assessore opgedra, in ander kampe was daar slegs 'n landdros en is dit onduidelik of hy

192. Ibid.

193. T.A. Herinneringe van J.D.T. Krynauw, pp. 42-43. Vgl. T.A. Aantekeninge van H.W. Schulenburg, p. 24; Elwes, K.W.: op. cit., pp. 987-989; Scholtemeijer, H.: op. cit., pp. 22-23.

194. Brohier, R.L.: op. cit., p. 7.

195. Elwes, K.W.: op. cit., p. 987.

ook die hulp van benoemde assessore gehad het.¹⁹⁶ "The establishment of a Landdrost (Magistrate); and a system of self-government which the prisoners are allowed to exercise has avoided much possible friction and simplified the discipline of the camp," is die slotsom waartoe K.W. Elwes kom.¹⁹⁷ Om hierdie redes het die Britse kampwagte hul selde met die kamplewe ingemeng. Die Boerebestuur was in gedurige onderhandeling met die kampowerheid, waardeur moontlike wrywing in baie gevalle voorkom is.

Waar die Britse kampkommandante simpatiek was en goeie begrip van die Boere aan die dag gelê het, was die kamplewe oor die algemeen rustig en was hy van goeie samewerking verseker. Waar die nodige begrip en die welwillendheid ontbreek het, was daar gedurig spanning en groot gebrek aan samewerking.

Ander vertakkinge van die interne organisasie soos die onderwys, godsdiens en verenigingslewe, vryetydsbesteding en sportbeoefening, word straks in die volgende hoofstukke behandel.

196. Benbow, C.: op. cit. Vgl. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 161.

197. Elwes, K.W.: op. cit., p. 989.

HOOFSTUK 5SIELKUNDIGE EN SOSIALE ASPEKTE VAN GEVANGENSKAP

'n Uiteensetting van die algemene uitwerking van die inperking van krygsgevangenes tot enge grense is uiteraard noodsaaklik alvorens die lewe en bedrywigheide van die krygsgevangenes begryp kan word. Afsondering en beperking van bewegingsvryheid sou noodwendig vir die krygsgevangenes ontwrigting en nadelige gevolge meebring.

Die krygsgevangenes was mense wat uit wye en groot landstreke gekom het en hoewel hulle godsdienstige beskouinge moontlik as eng beskou kon word, was hulle in uitkyk mense met wye geestelike en fisiese horisonne; mense wie se oog aan oop en uitgestrekte vlaktes en wuiwende grasveld gewoond was. Hulle word eensklaps met 'n ingehokte lewe gekonfronteer wat vir hulle tevore totaal onbekend was en vir wie selfs die gedagte aan inperking waarskynlik nooit bestaan het nie. R.L. Brohier beweer: "When we recall that nearly all of these veldt-born Burghers must have led very busy lives in their home-land, it is not unusual to expect that they found time hanging very heavily."¹ Hierdie inkamping het die krygsgevangenes dus nie slegs in 'n heel vreemde en onbekende omgewing nie, maar ook in totaal onbekende toestande en omstandighede te staan laat kom. Weggeruk uit die bekende, verkeer hulle in gevangenskap as vreemdelinge onder

1. Brohier, R.L.: The Boer Prisoners-of-War in Ceylon, p. 11. Vgl. ook, O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers, p. 3.

omstandighede waarvan hulle hul beswaarlik voorheen 'n beeld kon vorm. As hierdie verplasing op 'n vrywillige grondslag plaasgevind het, sou hulle geestelike benadering waarskynlik so 'n vorm aangeneem het dat hulle hul veel makliker met so 'n nuwe leefwyse sou kon vereenselwig. Onder dwang en as gevangenes in 'n vreemde wêreld vasgevang, sou dit uiteraard hulle houding teenoor hul nuwe lewe nadelig beïnvloed.

Van beslissende belang vir hulle lewe in gevangenskap was hul aanpassingsvermoë by die nuwe omstandighede. Dit is egter 'n bekende feit dat verskillende mense uiteenlopend by onvermydelike toestande aanpas of daarop reageer. Vir sommige is die proses betreklik maklik, vir andere is dit uiters moeilik, terwyl party dit byna onmoontlik vind. Met hulle gevangeneming en aanhouding in kampe word die krygsgevangenes voor 'n voldonge feit gestel. Gevangenskap is op hulle afgedwing, maar die krygsgevangenes moes uit eie beweging of onder verdere dwang daarby aanpas. Veral die eerste tydperk van gevangenskap en in die eerste stadium van aanpassing word 'n hoë eis aan die gevangenes gestel want "during this stage the individual would prove whether or not he could adapt himself to the concentration-camp system."²

2. Cohen, E.A.: Human Behaviour in the Concentration Camps, p. 125. Aanhaling uit Kogon, E.: Der SS-Staat, Stockholm, 1947, p. 377. Cohen het 'n intensiewe wetenskaplike navorsing oor die menslike gedrag in konsentrasiekampe en die sielkundige uitwerking van inkamping op sekere gedragspatrone uitgevoer. Hierdie navorsing wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog gedoen is, bring een baie interessante bevinding duidelik op die voorgrond - inkamping binne enge grense, onsekerheid en vrees vir hongerly het mense nog altyd eners beïnvloed. Wat hy in 1947 as onomstootlike feite vasgestel het, was in 1902 ewe waar en sal seker in die volgende eeu steeds waar wees.

Wat die kwessie van fisiese aanpassing en geestelike aanpasbaarheid moeiliker gemaak het, was die feit dat die Boerekrygsgevangenes grootliks onvoorbereid op langdurige inkamping was en dat hulle, as gewone burgers sonder militêre dissiplinering en voorbereiding op oorlogvoering met moontlike gevangening, "had no notion, or only the vaguest notion, of what a concentration camp really was. There was only a very small proportion of prisoners who had any conception, before their first arrival in a concentration camp, of what awaited them," bevind E.A. Cohen.³

Aanpassing by gevangenskap het gevolglik van elkeen 'n bepaalde persoonlike ingesteldheid vereis. Die gewone Boer, die landelike burger, verander in 'n gevangene, 'n "metamorphosis into a concentration-camp prisoner: the process by which one was turned from an ordinary citizen into a prisoner - being robbed of personal property."⁴ Vir die Boere met hulle gevestigde konserwatiewe lewensbeskouing en vaste beginsels was so 'n verandering in lewenshouding byna ondenkbaar en vir baie haas onmoontlik. Ook die feit dat gevangenskap, wegvoering en inkamping alles onder die dwang van oorlogsgeweld plaasgevind het, het hom reeds negatief teenoor die hele proses van aanpassing en onderwerping gestem.

Die kampe was in onbekende landstreke geleë; die omgewing, mense, taal en omstandighede vreemd en hierdie vreemheid en andersheid sou die aanpassing by nuwe bestaansomstandighede verder bemoeilik. Die oorgrote meerderheid van die krygsgevangenes was uit die boerebevolking van die Republieke afkomstig vir wie die vreemde dinge verwarring in

3. Kogon, E.: op. cit., p. 69. Aanhaling by Cohen, op.cit., p. 117.

4. Cohen, E.A.: op. cit., p. 115.

hulle gemoed geskep het.

Die reëls, militêre dissipline, militêre orde, die gedwonge regulasies vir onderwerping aan die vasgestelde orde en die ondergeskikte posisie van die krygsgevangenes, het die hele gemeenskap nog meer onnatuurlik en ongewoon gemaak en het dit ongetwyfeld die meeste krygsgevangenes emosioneel ontwrig. "Even in normal life the adaptation to new conditions is difficult - anything, in fact, which changes the external relationships to which one is accustomed may lead to severe emotional disturbance," aldus Cavan.⁵

Die Boerekrygsgevangenes was voorheen grotendeels selfstandige boere of beroepslui en elkeen was met 'n hoë mate van gesag bekleed. Op hulle plase was die boere heer en meester wat self die besluite geneem het en wat opdragte aan werknemers gegee het. Eie bewegingsvryheid is deur eie besluite bepaal. Hulle bevind hul nou in die posisie van algehele ondergeskiktes wat bevels ontvang en dit moes gehoorsaam. Vir alles wat hulle benodig het, moes hulle die vyand na die oë sien. Hulle bewegingsvryheid is tot die eng doringdraadgrense van 'n bepaalde kamp beperk. Hierdie ingehokte ruimte moes hulle met honderde andere deel. Om die grense te oorskry, moes hulle hul tot die vyand wend en 'n spesiale vergunning daarvoor kry, maar selfs moes hulle tydelike passe dra.⁶

Uit hierdie situasie spruit 'n opvallende verskynsel. In die Indiese kampe het dit byvoorbeeld toenemend aan die lig gekom dat krygsgevangenes nie aan die wandeling wat vir hulle gereël is, wou deelneem nie. Dit was per slot van

5. Cavan, R.S.: Suicide, p. 165. Aanhaling by Cohen, E.A.; op. cit., pp. 125-126.

6. Sien Bylae H, p. 581 vir voorbeelde van passe.

rekening bedoel om hulle tydelik uit die engheid en beperktheid van hul kampele te verlos en ook om die nodige oefening te verskaf. Aanvanklik het hulle dit wel gedoen, maar ewe gou het alle geesdrif daarvoor verdwyn. 'n Navorser oor die lot van krygsgevangenes gedurende die Tweede Wêreldoorlog, het tot 'n insiggewende gevolgtrekking gekom wat ook hier onderskryf kan word: "The original enthusiasm for long walks, once they were allowed to take them under supervision, faded very quickly. People can gradually accustom themselves to restriction of spatial liberty that the possibility of greater freedom of movement no longer hold great attraction, so long as full liberty is denied."⁷ Dit dien as bewys dat die krygsgevangenes hulle op 'n wyse by hulle inperking aangepas het wat selfs op 'n soort persoonlikheidsverandering gedui het.

Van ernstiger aard by die proses van aanpassing by gevangenskap was die kwessie van die onsekerheid oor die duur van hul gevangenskap. Krygsgevangenes het slegs geweet dat repatriasie na afloop van die oorlog sou plaasvind, afgesien van die uitkoms van die oorlog. Selfs oor die repatriasie is in sommige gevalle twyfel gesaai. In Diyatalawa het kolonel Jesser Coope, die bevelvoerder oor die troepe, aan 'n Boere-offisier die versekering gegee: "We have you in our hands now, and we need never let you go back again to South Africa."⁸ Boonop was die duur van die oorlog onvoorspelbaar en het die onsekerheid soos 'n verterende vuur in die gemoed van die krygsgevangene gewoed. Afgesien van die feit, soos Cohen daarop wys, dat niemand met sekerheid die duur van sy

7. Arntzen, F.I.: Psychological observations of Prisoners of War, p. 447.

8. Brink, J.N.: Ceylon en de Bannelingen, p. 211.

opsluiting kon bereken nie en dat niks wat krygsgevangenes doen kon uitloop op 'n inkorting van hul gevangenskap nie,⁹ was hierdie onsekerheid ook besig om die krygsgevangenes te ontsenu en gevolglik prikkelbaar en humeurig te maak. In hierdie opsig was die krygsgevangenes slegter daaraan toe as 'n gewone misdadiger wat presies geweet het hoe lank sy vonnis duur en wat ook geweet het dat hy selfs korting van sy vonnis vir goeie gedrag kon verwag. Daarteenoor "the life of a concentration camp prisoner can be defined as 'provisional detention without time limit'," aldus Frankl.¹⁰

Die nadelige uitwerking van die tergende onsekerheid oor die duur van gevangenskap op die gemoed van die krygsgevangenes word deur krygsgevangene Jacob Teengs soos volg beskryf: "Als er nu niet gauw een einde aan komt, ten minste aan deze onzekere staat van zaken ben ik bevreesd dat het op anderen ook eene nadeelige uitwerking zal hebben, want veelen hechten te veel waarde aan al het geruchten die er rondgaan."¹¹ "Sielkundiges het opgemerk dat Boere-krygsgevangenes uit die Tweede Vryheidsoorlog ná hulle terugkeer uit ballingskap 'n merkwaardige "kwaatheid" vertoon het wat hulle nie vóór daardie tyd gehad het nie en wat ongetwyfeld aan vertwyfeling, onsekerheid en later selfs kwynende vertroue te wyte was."¹² Volgens H. de Graaf het drie krygsgevangenes in Deadwoodkamp reeds half kranksinnig geword.¹³ Geen wonder nie, dat 'n ander krygsgevangene self die op=

9. Cohen, E.A.: op. cit., p. 128.

10. Ibid., p. 129. Aanhaling uit Frankl, V.E.: Ein Psycholog erlebt das K.Z. Vienna, p. 98.

11. Dagboek van J. Teengs, p. 297.

12. Die Brandwag, 26 April 1946. Artikel deur "Die helpende Hand".

13. De Graaf, H.: Die Oorlogsdagboek van H. de Graaf, verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber, p. 74.

merking maak dat die gevangenskap te lank duur en dit "heeft op veelen eene slechten uitwerking, want daar zijn er nu verscheidenen die hier van hun verstand zijn geraakt, het is dus te hoopen er spoedig een einde aan komen zal en we dit gebonden leven vaarwel kunnen zeggen."¹⁴

Boonop het hierdie krygsgevangenes anders as by kerklike geleenthede nog nooit maatskaplike samedromminge en groot samekomste van mense ervaar nie. Selfs die kommandolewe was so ongedissiplineerd van aard, so ongebonde in sy bewegings, dat dit nouliks as 'n gebonde sosiale lewe beskou kan word. In die krygsgevangekampe sou die gevangenes egter, om die woorde van Cohen te gebruik, hom in 'n "dynamic community" bevind, "in which conditions were in a constant state of flux-nobody was certain of anything."¹⁵ Dit staan in skrilte teenstelling met die rustige landelike lewe waaraan hulle gewoond was.

Moontlik was die ergste van al die ongewone dinge vir die krygsgevangenes, die gedwonge en drukke sosiale verkeer met mense van soveel uiteenlopende geaardhede en karakter. Ook verskillende beroepsrigtinge, nasionaliteite en selfs lewensbeskouinge het in die kampe voorgekom. Die Republieke was dun bevolk en die bevolking het meesal in betreklike afsondering gewoon en daardeur 'n besondere individualisme ontwikkel waardeur hy moeilik in 'n groot gemeenskap aanpasbaar was. Selfs die dorpsbewoners, hoewel aan 'n digter samelewing gewoond, het almal nogtans 'n hoë mate van privaatheid geniet. In die krygsgevangekampe is mense in klein ingeperkte ruimte saamedrom, sodat die privaatheid en be-

14. Dagboek van J. Teengs, p. 280.

15. Cohen, E.A.: op. cit., p. 115.

geerde stilte vir hulle opgehou het om te bestaan. Wat Cohen van krygsgevangenes gedurende die Tweede Wêreldoorlog getuig, was hier ewe waar. Die krygsgevangenes was nooit alleen nie. Daar was nêrens 'n plekkie waar hy enkele oomblikke heeltemaal alleen en afgeslote kon wees nie. Daar was geen private lewe in die krygsgevangekampe nie. Om gedurig in die teenwoordigheid van andere te verkeer, word 'n verskrikking, 'n doodsang.¹⁶ Dit beteken egter nie dat die krygsgevangenes menssku of a-sosiaal was nie, maar die feit dat hulle altyd en oral en onder alle omstandighede saam met andere moes verkeer omdat dit onvermydelik was, het die lewe vir hierdie mense 'n straf gemaak. Destoievski beweer dat gedwonge gemeenskapslewe vir 'n krygsgevangene 'n ondraagliker las is, as die verlies van sy vryheid.¹⁷

As daar in aanmerking geneem word watter groot verskeidenheid persoonlikhede in die kampe onder dwang bymekaar gebring is, kan daar in 'n mate besef word hoe 'n groot aanpassing, by soveel karakters en persoonlikhede, van die landelike burgers geverg is. Groot gebrek aan begrip en onderlinge konsiderasie van mekaar se gevoelens en opvattinge moes noodwendig hieruit volg. Nie alleen was die verskeidenheid aan karakters in hulle geledere groot nie, maar die krygsgevangenes het verder ook verskillende nasionaliteite ingesluit - 'n faktor wat ongetwyfeld ook tot vreemdheid in hul nuwe omgewing bygedra het. In hierdie opsig wys Cohen ook daarop dat dit nie verrassend is nie, dat baie krygsgevangenes prikkelbaar word van weë sy daaglikse aanraking met mense

16. *Ibid.*, p. 130

17. Aanhaling by Cohen, E.A.: *op. cit.*, p. 130. Aanhaling uit Destoievski, F.M.: *Aus Einem Totenhause*, Part 11, Vol. 18, p. 43.

van uiteenlopende karakter en geaardheid.¹⁸

Die vreemdheid van die kampelewe en die lang duur daarvan het dus vir die krygsgevangenes oor die algemeen probleme meegebring. Die beknopte lewensruimte en die langdurige inperking van hul bewegingsvryheid het hulle tradisionele lewenspatroon versteur en het gaandeweg hulle gemoedstoestand ontwrig. Hoe langer die gevangenskap geduur het, hoe ernstiger het hulle weersin in die onnatuurlike lewe geword. Toenemend het hulle prikkelbaar en onverdraagsaam geword en dit was dus 'n natuurlike gevolg dat twiste en vyandskap sou ontstaan. "Daar gaan niet een dag om wat hier niet getwis wort nie en ook zomskeer bekly," getuig J.J. Taljaard, oor die invloed van die massa-opsluiting in die beperkte ruimte.¹⁹ Vir die een was die gevegte 'n uiting van sy frustrasies en opgekropte gevoelens. Vir 'n ander het die gevegte na 'n gruwelike sonde gelyk, 'n verharding teen die voorsienigheid en hulle spreek hulle afkeur daarvan uit. "Dit is vreeslik zoo als de menschen hen nog verhart tegen God onder de zware straf van oorlog."²⁰

Ook ander krygsgevangenes maak melding van die toenemende spanning in die gemoedselewe van krygsgevangenes as gevolg van die gedurige teenwoordigheid van andere. Dit het reeds 'n algemene verskynsel geword. "Voortdurend vinden we symptomen hier, symptomen daar, die bewijzen dat de een den ander niet verdragen, dat de eene groep de andere benydt of hindert. Wy zyn hier opgesloten. Ongevraagd voorsien wij een stad. Staat het wonen hier ons niet aan, dan kunnen wy niet trekken naar eene andere stad. We kunnen niet eens

18. Cohen, E.A.: op. cit., p. 131.

19. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard, p. 100.

20. Ibid., p. 100.

verhuizen als kribbige mensehens ons het lewen willen verbit= teren."²¹ Dit raak die kern van die saak. Mense irriteer mekaar, maar kan mekaar vanweë omstandighede nie vermy nie en so groei onenigheid en kleiner twiste tot iets ver buite sy verband en word dit opgeknopte griewe wat in felle uit= barstings en gevegte tot uiting kom.

As die groot republikeinse feesdae egter aanbreek, is baie van die onenigheid weer vergete en dan ontdooi die stroef= ste onder die gevangenes en vlam die hoop en optimisme vir die uiteindelijke oorwinning weer hoog en dan hef hulle "het lied der vryheid aan" en sing met oorgawe "dat vrye volk", dat het davert en kraakt."²² So swaai die gemoedstoestand van die krygsgevangene gedurig tussen uiterstes, maar bring uiteindelik min troos en berusting.

Die feit dat die krygsgevangenes uit verskillende stre= ke afkomstig was en onder hulle selfs verskeie nasionaliteite, beroepe en ambagte voorgekom het, sou die krygsgevangenes sielkundig tot nadeel strek. S.J. Burgers noem in hierdie verband die baie soorte wat bymekaar gebring is as 'n steu= rende faktor in die komplewe. So baie tipes en "verschillen= de karakters was het hier te sien, omdat alle soorte hier op een klomp vasgekeer was, overgodsdienstige en geheel on= godsdienstige, godlogenaars, dieven, vegters, eierzuchtige in tydelike en geestelike sake."²³

Hierdie uiteenlopende sieninge het ook, veral in die aanvangstydperk, 'n stempel op die komplewe afgedruk. Terwyl die geestelike lyding van die fyngevoelige krygsgevangenes elke dag ondraagliker word, "was men bezig met beklyen, op

21. O.M. Dagboek van H.H. van Niekerk te Ceylon, p. 4.

22. Brink, J.N.: op. cit., p. 130.

23. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, pp. 71-72.

de eene kant kaartspeel, dans voor viool consertin op de ander kant, terwyl de Predikant op een ander plek preekte hier en daar biduur in een tent gehouden word op school en caticisatie voor de jongelingen, om aangenomen te worden, terwyl dooden uitgedragen worden en andere sterfende was, zoo gaat het voort dag en nacht; hoe langer hoe erger, maar dan was er ook ware hylbegeerige ziellen in dit kamp," skryf S.J. Burgers.²⁴

Ook Hugo van Niekerk wys op die uiteenlopende verskeidenheid mense onder die krygsgevangenes - faktore wat 'n ordelike samelewing uiters moeilik, en onderlinge begrip byna onmoontlik maak. "Er zyn die zyn naam niet kan tekenen. Zy die geen woord Eng. kunnen spreken of verstaan en zy die meer thuis in dat taal zijn dan in Holl. en nog een paar Europeesch talen kennen. Zy die 67 jaar oud zyn en knapen van 12. Wy hebben doofstommen, kreupelen en die niet by al hunne zinnen zyn. Zy die ware helden waren en als dapperen streden en zy die slechts één schoot in den geheelen oorlog afschoten. Ryken, armen, zindelyken en slordigen, van alle soorten uitgenomen blinden, hebben wij."²⁵

Die daaglikse stoflike versorging in die kampe het ook sy rol in die aanvanklike aanpassing, sy gesindheid teenoor, en aanvaarding van die kamplewe deur die krygsgevangenes, gespeel. Die uitdeel van kos aan tent- of hutgroepe, die wyse van voorbereiding en hulle eie aanvanklike onbekwaamheid en ook traagheid om self ete voor te berei, het 'n verdere aversie aan die kamplewe veroorsaak. Die feit dat die kosvoorraad beperk en in baie gevalle erg ontoereikend was,

24. Ibid., p. 72.

25. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 102.

het in die onderbewuste 'n vrees vir moontlike hongersy met sy pynigende en gedurige inwerking op die gemoed laat ontstaan. Die krygsgevangenes het baie klagte oor die gehalte van die kos gehad, "maar die ergste klagte was egter oor die hoeveelheid. Voor een gezonde man," skryf Hugo van Niekerk, "is de rantsoenen die wy ontvangen geheel onvoldoende."²⁶

Ook Cohen bevestig die feit dat voedsel 'n oorheersende plek in die gedagtes van krygsgevangenes ingeneem het en dat dit om die rede gedurig onder krygsgevangenes bespreek is.²⁷

Daar was gelukkig ook faktore wat die aanpassing by kampelewe, die onderwerping aan kampreëls en die kamporde moontlik gemaak het. Godsdiens was in hierdie opsig die één faktor wat grootliks tot aanpasbaarheid bygedra het. "Generally speaking", aldus Cohen, "we see in camp that anyone in whose life there are certain religious bonds, manages to recover the most quickly, after initial stupor. If a prisoner found himself unable to bear the reality of life in a camp, he found in his spiritual life a possibility of escape that cannot easily be overestimated - an escape into regions of the mind."²⁸ Hierdie insiggewende bevinding verklaar in 'n hoë mate die toenemende belangstelling in geestelike sake en die stigting van talle godsdienstige verenigings in die krygsgevangekampe. Godsdiens, Bybelstudie en besprekings oor geestelike sake het vir die krygsgevangenes nuwe betekenis verkry en die aanpassing by die kampelewe vergemaklik. Vir die ongodsdienstiges was die toestande baie erger. As 'n wyse van ontvlugting uit die daaglikse sleurgang, sou

26. Ibid., p. 107.

27. Cohen, E.A.: op. cit., p. 132.

28. Ibid., pp. 148-149. Aanhaling uit De Wind, E.: Confrontatie met de dood. Jaargang 1949 No. 6, p. 7.

hulle waarskynlik in 'n geïdealiseerde verlede leef. So 'n verlede is egter in skrilte kontras met die daaglikse lewe en toestand in die kamp. Dit sou hulle weerstand teen die daaglikse leefwyse verswak, in gevolg waarvan hulle dit menslik haas onmoontlik gevind het om hulle by die kampelewe aan te pas.

Volgens Bettelheim "old prisoners seemed mainly concerned with the problem of how to live as well as possible within the camp: Once they had reached this attitude, everything that happened to them, even the worst atrocity, was "real" to them."²⁹ Aanpassing was dus die belangrikste faktor in die gevangenes se verblyf in die kampe, want dit sou ook bepaal in hoe 'n mate hulle aan bedrywighede sou deelneem, of in hoeverre hulle daarteenoor koud, afsydig en onverskillig bly. Hulle hele gesindheid teenoor hul eie gevangenskap sou in hierdie aanvangsfase van inkamping vaste beslag gegee word.

'n Faktor wat egter tot die heil van krygsgevangenes bygedra het, was die gawe van 'n gesonde humorsin. "Humour is a weapon of the mind in the struggle for its preservation. For it is well known that humour is better suited than almost anything else in human life to attain aloofness to rise superior to the occasion, albeit, as has been stated, merely for a few seconds," bevind Cohen.³⁰ Hierdie oomblikke van ontvlugting was in die lewe van die krygsgevangenes so essensieel soos hul daaglikse voeding, want dit was noodsaaklik

29. Bettelheim, B.: Individual and Mass behaviour in extreme situations. Journal of Abnormal and Social Psychology. Volume 38, No. 4, October 1943, p. 437.

30. Cohen, E.A.: op. cit., p. 181. Aanhaling uit Frankl, V.E.: op. cit., p. 61.

dat daar soms 'n uitlaatklep vir die vernietigende geestelike spanning moes wees.

Die dagboeke van krygsgevangenes is dan ook vol voorbeelde van gesonde humor en prettige insidente wat die gevangenes self geskep het om die oplaaiende spanning te verlig. In debatsprogramme kom byvoorbeeld herhaaldelik komiese voordragte voor. 'n Tipiese voorbeeld van die gesonde humor in die kampe is deur Hugo van Niekerk in sy dagboek aangeteken. Hy deel mee van die twee gewondes wat langs mekaar gelê het. Die een het so gekerm en gekla dat die ander daarvan oorgenoeg gehad het. "Ten laaste zeide zijn vriend. "Ik ga dood." "Ik voel ik ga sterven." "Kijk hier," zeide man no. 2, "als jij vrek dan neuk ik jou."³¹ Die Boere was vir hul gesonde humorsin bekend en dit is dus nie verbasend nie dat die Afrikaner se humorsin hom nog altyd in 'n moeilike situasie en in spanningvolle oomblikke as't ware gered het.

Die lang tydperk van gevangenskap het by die krygsgevangenes in 'n hoë mate ook 'n sekere kampmentaliteit laat ontwikkel, of "barbed-wire sickness", soos dit deur 'n latere navorser oor die gedrag van krygsgevangenes, beskryf is. As oorsaak van hierdie mentaliteit noem navorsers die doringdraadheining "which is always there as tangible evidence for the prisoner that he is living in confinement." 'n Verdere bydrae tot die vorming van hierdie mentaliteit is "the uncertainty as to the length of confinement and the continuous and never varying presence of others."³²

31. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 146.

32. Cohen, E.A.: op. cit., p. 194. Aanhaling uit Vischer, A.L.: Die Stacheldraht-Krankheit, p. 28.

Samevattend kan dit dus gestel word dat die hele onnatuurlike samestelling van die bevolking in die kamp tot grootskaalse geestelike verwarring gelei het en dat die aard van die bestuur en administrasie, regulasies en ander dwingende faktore, die geestelike toestand van die gevangenes ten nadele beïnvloed het. "The prisoners constitute a complex of the most heterogeneous elements, brought and kept together by force. Their life is regulated, each of his actions is prescribed, while blind obedience is demanded of them. It is almost impossible to influence the conduct of affairs, or to voice criticism," aldus Cohen.³³

Die algehele vreemdheid van alles waarmee die krygsgevangenes in die onbekende wêrelddele in aanraking gekom het, het die aanpassing by so baie nuwe dinge, en 'n geroetineerde en afgemete reëlmaat vir die vroeëre ongebonde burgers moeilik gemaak.

Die behandeling in die kampe was nie noodwendig sleg nie, maar alles was vreemd. "Zoo ziet ge, dat we geheel militairement behandeld worden en voor gewone soldaten is de behandeling niet slecht. Alleen maar, het soldaat zijn zelf is lastig," besluit H. Lampen, "omdat we geen soldaten zijn."³⁴ Dit is teenoor en te midde van genoemde faktore wat die krygsgevangenes hulle in die vreemde bevind het.

In hierdie tydperk van aanpassing by die meedoënlose aspekte van 'n geroetineerde kamplewe, 'n gebonde leefwyse in die beperktheid van beweegruimte en die afsluiting van alle bekende dinge, maar veral by die gedurige aanraking met mense van uiteenlopende karakter, was daar foltering en

33. Cohen, E.A.: *op. cit.*, p. 208.

34. T.A. Koerantartikel deur H. Lampen.

kwellinge oor die lot van hul gesinslede in Suid-Afrika. Op stuk van sake was alles oor hulle dierbares vir hul nou onbekend, en die gerugte wat gedurig in omloop was, het veral tot geestelike spanning, uiterste bekommernis en vlae van swartgalligheid gelei. Uit die greep van so 'n geestelike en emosionele spanning kon die krygsgevangenes hulself moeilik los maak, aangesien hulle nie altyd iets gehad het om hul geestelik en fisies besig te hou en veral omdat daar geen onmiddellike en betroubare inligting oor die doen en late van gesins- en familielede beskikbaar was nie. Briewe wathulle wel bereik het, was maande lank tevore geskryf en dikwels ook nog gesensor.³⁵

Koerante waaruit die krygsgevangenes hulle min of meer op hoogte van sake kon stel, is nie in die kampe toegelaat nie.³⁶ Briewe wat in geheime skrif geskryf is, of wat op een of ander bedekte manier die opmerkzaamheid van die sensors ontglip het, of koerante wat soms in die kampe ingesmokkel is, het die krygsgevangenes in 'n mate oor toestande in Suid-Afrika ingelig.

Onder hierdie onaangename omstandighede van die kamplewe was daar gevolglik een besondere dag in die week waarna die krygsgevangenes reikhalsend uitgesien het. Almal het na nuus uit Suid-Afrika gesmag, want hulle was bekommerd oor die welstand van gesins- of familielede. "Na vijf of zes maanden niets te hebben vernomen van vrouw en kinderen, is een brief, die melding maakt dat allen leven, wel zijn en

35. Sien Bylae I., p. 582 vir voorbeelde van werk van sensors.

36. Brink, J.N.: op. cit., p. 128. Vgl. ook, T.A. Dagboek van S.J. Burgers, p. 142; V.A. Diary of T.P. Brain, p. 15.

nog voedsel hebben, van onschatbare groote waarde," skryf ds. A.F. Louw op 16 Januarie 1901 uit St. Helena. Daarom was posdag 'n dag van opwinding, vooruitsigte, maar ook "oorzaak van vreugde voor één en droefheid voor den ander."³⁷ Die krygsgevangenes het voortdurend gehoop dat die pos vir hulle goeie nuus sou bring. Dit het hulle soms hoopvol gestem, maar meesal is posdag met vrees en beklemming afgewag. Hoe dit ook al sy, die ontvangs van 'n brief het aan hulle 'n kort tydjie van opflikkering in hulle andersins kleurlose bestaan, besorg.

Die verlange om van die huisgesin of die familie te hoor, was in die oorsese kampe ongetwyfeld groter as in die Suid-Afrikaanse kampe, want in laasgenoemde sou krygsgevangenes waarskynlik langs ander omweë veel meer van oorlogstoestande te wete gekom het as die krygsgevangenes in die oorsese banenelingoerde. Die aankoms van die pos was dus 'n groot gebeurtenis in die kampe. Hieroor skryf J.W. Kok: "Wonderlik is het te zien als de brieve mantje inkomen om de burgers te zien stromen om tog maar naby te wezen als de namen afgelees worden ieder is verlangen van de zyne te horen."³⁸ As iemand 'n brief ontvang het, staan die ander ook nader "en vragen wat er in stond."³⁹ In talle gevalle word hierdie brief aan die omstanders voorgelees.

Dit het soms gebeur dat die kampowerheid om een of ander rede nie die briewe op die bestemde tyd uitgedeel het nie. Dit het hierdie beproefde en geestelik beswaarde mense diep geraak en hulle ontevrede, opstandig en verbitterd laat voel.

37. De Kerkbode, 7.2.1901, p. 84. Verslag van ds. A.F. Louw, 16.1.1901.

38. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 394.

39. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 87.

In sodanige stemming kom 'n versugting vol wrewel uit die gemoed van T.P. Brain, 'n krygsgevangene in Bermuda: "Still no letters that were promised for this afternoon. Prisoners of war of course are not beings with longing feelings for news from home. O Mighty English."⁴⁰ Onder hierdie tergende omstandighede groei die verbittering en word dit elke dag verder gevoed deur heimwee en verlange na huis, vaderland en gesin. Daar in sy eensaamheid onthou die krygsgevangene al die mooi huislike gebeurtenisse en teken hy in sy dagboek aan: "This is Nan and Douglas birthday the third in succession I have been away from them. How I wish I could be with you to day. Seven thousand miles away. Thanks to this cursed war. Why should we have to suffer in consequence? Had we our way there would have been no war."⁴¹ In hierdie gemoedstoestand lug dieselfde krygsgevangene weer eens sy gevoelens oor die wyse waarop hulle pos uit Suid-Afrika hulle bereik. "All letters arrived here open notwithstanding the fact that they have been censored in S.A."⁴² So word 'n grief gekweek wat ook ander terreine raak. Dié skrywer weier byvoorbeeld om 'n kerkdiens by te woon waar 'n Britse handlanger teenwoordig sou wees, "not wishing to be associated even in church with Muller and cannot join in praying for King Eduard's success over his enemies of whom I am one."⁴³

In sommige kampe ontvang die hutkapteins die briewe by die sensors en hulle deel dit dan aan die krygsgevangenes uit. In die meeste oorsese kampe is die briewe by die sensors alfabeties gerangskik "en op die bepaalde uur staan ons

40. V.A. Diary of T.P. Brain, p. 16.

41. Ibid., p. 21.

42. Ibid., p. 33.

43. Ibid., p. 34.

posmeester of sy assistent hoog op 'n kis en al die krygsgevangenes met gemengde gevoelens van verwagting en vrees rondom hom," skryf C.R. Kotze uit Deadwood.⁴⁴ Uit Diyatalawa verklaar J.N. Brink: "De hunkering naar nieuws van huis blyft natuurlik even sterk als vroeger. Jobstydingen zyn niet zeldzaam, maar meestal zyn de boodschappen van onze moedige vrouwelyke aanverwanten van opbeurende aard."⁴⁵ S.A.I. Human skryf: "Het was altyd een heerlyke troos voor de bandeling om een brief van deeskan te ontvangen, 't was als een druppel koud water voor een vermoeide ziel. Maar zoms was er ook brieven van hart verscheuring van dierbaren die is heen gegaan."⁴⁶ Talle gevangenes ontvang briewe, andere draai teleurgestel om, maar verneem tog by die gelukkiges of daar moontlik ook van sy mense enige berig is. "So 'n posdag het in die kamp altyd meer leed en droefheid as vreugde gebring," verklaar H. Scholtemeijer.⁴⁷ Uit die konsentrasiekampe het berigte van ellende, siekte en dood ingestroom. "Teen die namiddag en in die aand van die posdag sien ons orals in die kamp die manne eensaam en alleen loop en staan en sit, meestal met 'n konsentrasiekampbrief in die hand."⁴⁸ Op posdag dwaal die gedagtes nog meer as gewoonlik na die huis, die huisgesin, die strydmakers, die ongelyke stryd en die ellende in die oorloggeteisterde land. Tot laat dwaal die gevangenes rond en soek die stilte van die eensaamheid. Nog erger as die slegte nuus uit die vaderland is daardie briewe wat onafgelewer terugkom na die afsender. Dit

44. Kotze, C.R.: My Ballingskap, p. 64.

45. Brink, J.N.: Ceylon en de Bannelingen, p. 130.

46. T.A. Dagboek van S.A.I. Human te Ceylon, 4.12.1902.

47. Scholtemeijer, H.: Die Balling oor die See, p. 74.

48. Kotze, C.R.: op. cit., pp. 64-65. Vgl. ook: Louw, J.: Ds. A.F. Louw op St. Helena. Briewe en Belewensse, p. 37.

ontwrig die krygsgevangene en slinger hom rond tussen onsekerheid, vertwyfeling, hoop en wanhoop. Tussen vlae van swartgalligheid verneem hy onder die mede-krygsgevangenes wat briewe ontvang het, in die hoop dat hy by hulle tog iets te wete sal kom van sy mense van wie hy niks hoor nie.⁴⁹ Dit was die sware lot van die krygsgevangene wat magteloos was om self iets te doen om 'n einde aan sy twyfel te bring. 'n Oud-krygsgevangene uit Indië skryf oor posdag: "Nooit een dag was 'n pos in die kamp afgelewer of daar was tranen van smart en hartpyn, want siekte- en doodstydning uit die konsentrasiekampe van vroue, moeders, kinders in S.A. was aan die orde van die dag."⁵⁰

Ten spyte van die feit dat die krygsgevangenes beswaarlik op goeie nuus kon hoop, het hulle tog na die uitdeel van die posstukke verlang. Een vir een verdwyn die manne dan, sag en geruisloos om op 'n eensame plekkie die pos te gaan oopmaak. In hierdie oomblikke van beproewing het hulle verkies om van die ander afgesonder te wees. Met die volgende posdag was daar egter weer die gewone opgewondenheid en almal wag opnuut in spanning, "terwyl gewillige hande die briewe langs die rye aangee tot by die eienaar." Hulle wat nie pos ontvang het nie, "ook hulle gaan sleepvoetend 'n eensame en verborge hoekie opsoek om daar in hul leed en teleurstelling alleen te wees."⁵¹

Oor posdag en die ontvangs van briewe teken C.P. Pretorius op 29 November 1900 in sy dagboek aan dat dit bitter is "om heur in een ferre en freemde eiland waar wij in ballingschap zit om zilke brieffen te ontvangen en de tranen stort

49. Ibid.

50. V.A.(R.V.) 119.1175. P.J. Retief - Renier, 18.1.1954.

51. Scholtemeijer, H.: op. cit., p. 74.

zoo gewuldug en het snikken dat zij bijna niet het briefje kan leesen, treurig om alles te zien en hoor als wij daar over dink verlaat mijn gemoet mij ook."⁵² 'n Kort tydjie later skryf hy dat hulle briewe ontvang het, "wat veele regelen doot geschrap is in stukken afgescheur is in den avond kon wij veel nuus hoor op den straatjes stånde wij klompies elk een het wat gehoor of geleest in zijn briefje of in een der briefje."⁵³ Enkele weke later teken hy weer eens aan dat daar briewe gekom het, maar dit was hoofsaaklik slegte nuus en die gevangenes was ontroosbaar. "Het is treurucht om hun aan te sien in met hun te spreek."⁵⁴ Kort daarna is dit feitlik 'n herhaling van die vorige. Dit was weer slegte tydings "waarin de Burgers veel treurige beruchten sien overal sien wij weenende Burgers. Het is zeer treurig om het geweene aan te sien."⁵⁵

Briewe word met verlange afgewag, "maar ach!, zoo vol van vreest en angst om een treurige berigt te hooren, maar daarentegen toch zoo verlangend, haasten wy ons, om het te leezen."⁵⁶ Oor die uiteenlopende reaksies in verband met die nuus, verklaar C.P. van zyl: "Sommige verblydt en verheugd, dan weer anderen treurig en byna bezweken van verdriet, en onder al die rampen en ellende gaat myne gedachten geduriglyk uit naar myn dierbaren, en naar myn geliefkoosde vaderland."⁵⁷ Die verlange na hul gesinne en na hul vaderland was gedurig in hulle gedagtes werksaam, want, "wat op aarde dierbaar is, is daar. Daar wil hy lewe, daar wil hy sterwe,

52. Dagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 52.

53. Ibid., p. 75

54. Ibid., p. 154.

55. Ibid., p. 178.

56. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 83.

57. Ibid., pp. 83-84.

daar wil hy begrawe lê," aldus J.N. Brink.⁵⁸

Die krygsgevangenes het ook vas geglo dat baie briewe van en aan hulle, nooit afgelewer of gepos is nie. By die ingang van Deadwoodkamp is daar 'n paar tente. "Op een daarvan word deur die krygsgevangenes menige borse blik gewerp." Dit is die sensors se tent. "Die sensors het hulle daarop toegelê om dit vir die burgers so lastig moontlik te maak. Daar is beweer dat hulle geen kwaad daarin gesien het om baie van die briewe te vernietig nie," skryf H. de Graaf.⁵⁹

Ten spyte van die volgehoue werk van die sensors om ongeweste dele uit briewe onleesbaar te maak en pogings om geheime boodskappe wat op bedekte wyse ingevoeg is, op te spoor en uit te wis, was die krygsgevangenes vindingryk en het boodskappe uit Suid-Afrika en boodskappe uit die kampe telkemale hul bestemmings bereik, skryf J.N. Brink, want "onuitputtelyk schynt het vernuf waarmede zy gunstige mededeelingen weten door te smokkelen."⁶⁰ In talle gevalle is dit egter so streng gesensor dat ook hierdie geheime boodskappe vernietig is. 'n Krygsgevangene, S.J. Burgers, kla juis: "ons briewe van huis word zoo string gesenser dat ons geen nuus kon krygen."⁶¹ Dit was egter nie lank die geval nie. Telkens het die gevangenes en hulle verwante daarin geslaag om hulle geheime boodskappe in sulke vormings te klee, dat die sensors dit nie raakgesien het nie. In 'n amptelike skrywe op 9 Mei 1902 skryf goewerneur Sterndale van St. Helena aan Chamberlain die insiggewende woorde: "It is most marvellous how the Boers manage to get news. The

58. Brink, J.N.: op.cit., p. 139.

59. De Graaf, H.: op.cit., p. 26.

60. Brink, J.N.: op.cit., p. 130.

61. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 142.

rumour of our sending 1500 men to Antigua was prevalent in the Camps before I got your telegram on the subject. In the same way Lord Methuen's disaster was rumoured here before any cable message had been received."⁶² Onverklaarbaar soos 'n misterie was dit vir die vyand, dat "these prisoners on a remote oceanic island appear to have some mysterious means of receiving communications from the outside world. They thus knew that Mrs. Kruger had died at a certain date before the news had reached the authorities on the island."⁶³

Na die aankoms van pos is daar soms lank gesloer voordat die briewe die krygsgevangenes bereik het. Hieroor was daar by die sensors blykbaar geen kwellings nie en hulle het hulle nie in die minste oor die laakbare vertraging van briewe ontstel nie. Dit was asof die sensors nie kon begryp hoeveel 'n brief vir 'n krygsgevangene beteken het nie. In 'n brief van generaal Paul Roux aan die goewerneur van Ceylon vra hy laasgenoemde "to determine a method for the more prompt delivery of our letters after arrival. It is by no means an uncommon matter to receive letters 4 & 5 weeks after their arrival in Diyatalawa. The suspense in our present circumstances is well-nigh intolerable."⁶⁴ Die feit dat krygsgevangenes hartstogtelik na pos uit Suid-Afrika verlang het, laat hierdie optrede van die sensors aan geestelike wreedheid grens. As verskoning vir die versuim noem die sensors in die Indiese kampe die taalkwessie as die vernaamste faktor. Hulle het Hollands glad nie, of baie swak verstaan met die gevolg dat die deursnuffel van die pos 'n tydrawende

62. H.C. Vol. 84. Sterndale aan Chamberlain, 9.5.1902.

63. Knight, E.F.: With the Royal Tour, pp. 295-296.

64. V.A. korrespondensie tussen generaal Paul Roux en die Britse owerheid in Ceylon.

proses was. Hulle stel voor dat alle posstukke van en na krygsgevangenes na een sentrale plek gestuur word en daar gesensor word, en "that the Boer prisoners be informed that no letter in the Dutch language will be sent to South Africa."⁶⁵

Die hele kwessie van verdraagde aflewering van pos het tergender geword en die krygsgevangenes in Diyatalawa het ernstig by die kampkommandant oor die saak gaan kla. In 'n brief aan die koloniale sekretaris in Ceylon spreek hy sy kommer daaroor uit, "chiefly to the period covered by the last six months during which large quantities of uncensored letters have been sent to South Africa to be censored. It seems that these letters have not yet been censored and sent on."⁶⁶ Die versuim irriteer die krygsgevangenes en dit lei tot onnodige ontevredenheid wat vermy kon word, "and if it can be avoided will tend greatly to make them look upon the British Government with less suspicion."⁶⁷ Hy vra gevolglik 'n deeglike ondersoek. Die stafoffisier vir krygsgevangenes verwys ten opsigte van redes vir die verdraging na "the insertion by prisoners of inflammatory matter, and their writing in many cases, in "secret ink", this of course necessitates very careful censoring."⁶⁸

Van Britse kant gesien, was die oponthoud met die aflewering van pos seker geregverdig, maar by die krygsgevangenes sou dit slegs tot verdere vervreemding van die Britse owerheid lei. Die verdraging met die uitdeel van pos, sou

65. H.C. Vol. 86. Verslag oor Indiese kampe, 23.10.1901.

66. S.O.P. PR/A 4234. Kampkommandant, Diyatalawa aan die koloniale sekretaris, 8.2.1902.

67. Ibid., 14.5.1902.

68. Ibid., Stafoffisier vir krygsgevangenes aan koloniale sekretaris, 22.6.1902.

by die gemiddelde krygsgevangenes onregverdigbaar wees en sou alleen die haat en verbittering teenoor sy vyand laat toeneem en sy eie geestelike spanning verhoog.

Die verbod op koerante het nie altyd die gewenste uitwerking op die krygsgevangenes gehad nie. Hieroor skryf Thomas Brain: "It seems incomprehensible that the English will not even allow the papers giving their own version of affairs into camp. Surely they can only tend to make the waverers more weak and instead by keeping us in the dark everybody concludes that something good for us is taking place and we gain more determination to suffer anything rather than show signs of giving up hope."⁶⁹ Dieselfde gedagte word ook deur H. de Graaf bevestig as hy beweer: "Soos 'n drenkeling hom vasklem aan 'n strooihelm, het ons krygsgevangenes uit elke berig of gebeurtenis iets goeds vir onself probeer haal."⁷⁰

Gedurende hulle aanhouding in krygsgevangekampe was daar seker min faktore wat die lewe van krygsgevangenes meer ontwrig het as die gebrek aan dinge om hulle geestelik en fisies besig te hou. Afgesien van die feit dat die opset van enige kampelewe, onder watter gunstige omstandighede ook al, uiters vervelend is, het die middele en geleentheid aanvanklik ontbreek om hierdie verveling te verdryf. "Het leven was spoedig bitter eentonig niettegenstaande dat wy zovelen waren en dat er steeds kwamen en gingen," is die slotsom waartoe A.P. Roos kom.⁷¹ Sommige van die krygsgevangenes het probeer om

69. V.A. Diary of Thomas Brain, p. 33.

70. De Graaf, H.: op. cit., p. 99.

71. O.M. Dagboek van A.P. Roos, p. 108. Vgl. ook, De Graaf.: op. cit., p. 10.; O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers, p. 3.

uit die ledigheid en verveling te ontkom deur op verskillende maniere die tyd te verdryf, maar hulle kon eintlik niks vind om die groot massa gevangenes aktief en belangstellend daarby te betrek nie en die ledigheid en verveling het as 'n swaar en drukkende las op hulle gerus. Die krygsgevangenes se gedagtes was maar gedurig by hul makkers op die slagvelde en "om die tyd te verdrijven werden eenige concerten in de avonden gegeven, die heel gezellig waren, en steeds gesloten werden met het zingen der Volksliederen der beide Republieken," skryf Rocco de Villiers.⁷²

Die aanvanklike ongeorganiseerdheid van die kampele het die onus op elke individuele krygsgevangene gelê om die ledigheid op sy eie manier te verdryf, want na die gedwonge roetinesake soos die daaglikse tellery, die ontvangs van die dag se rantsoen en die inspeksie, moes elkeen vir homself uitweë soek om hom uit die knelgreep van verveling te red. "Ik probeerde te studeeren doch niets help, myn nog strydende broeders kon ik niet vergeten en het verlangen te helpen maakte myne twee maanden te Umbilo de ellendigste die ik ooit beleefde had," getuig A.P. Roos oor die eerste maande in gevangenskap.⁷³

Na gelang die aantal krygsgevangenes aangegroei het, het die getalle per tent van gewoonlik sewe tot twaalf toegeneem en hierdie ingehoktheid het aan krygsgevangenes hoë eise gestel. Die voortdurende aanraking met 'n menigte uiteenlopende karakters wat ook maar ingehok was, het die krygsgevangenes prikkelbaar gemaak. Onderlinge twiste en botsings het algemeen voorgekom. Dit was duidelik dat die krygsgevangenes

72. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers, p. 119.

73. O.M. Dagboek van A.P. Roos, p. 108.

tyd nodig gehad het om hulle by die vasgestelde en afgemete militêre roetine aan te pas. Waar daar reeds onderlinge spanninge was, het ledigheid en verveling die kwaad en nadelige geestelike inwerking vererger.

Die gedwonge onaktiwiteit en veral die beperkinge op hulle vrye beweging het sy nadelige invloed laat geld.

"Reeds bijna 9 maanden zitten ze daar de krachtige mannen, meest allen in den bloei huns levens veroordeeld in nutteloos niets doen het uur der vrijheid af te wachten," skryf J.D. Koster.⁷⁴ Hierdie langdurige ledigheid het veral die gemoedslewe van die krygsgevangenes omgekrap, want "het eentonige leven, de hitte, de lange duur der gevangenschap maakt de menschen min of meer prikkelbaar, waardoor kleine twisten aan de orde van de dag zijn," skryf J.D. Koster in Ragama.⁷⁵

Die oorheersende probleem wat die krygsgevangenes in hulle gevangenskap dus ondervind het, was verveling. Die eentonige reëlmaat van die daaglikse roetine, die onbeskryflike en sielododende ledigheid het die krygsgevangenes innerlik begin verteer. In die aanvangstydperk van die kampelewe was daar weinig sprake van samehorige volksgenote. Dit was veel meer vereensaamdes wat elkeen afsonderlik as enkeling sy lyding verduur het. 'n Groter en algemene groepsgevoel moes nog ontwikkel. In homself gekeer het elkeen deur die lang tyd van beproewing beweeg, uiterlik onverskillig, maar van binne deur kwelling, frustrasie en wanhoop verteer. Duidelik spreek hierdie wanhoop en eindelose verlorenheid uit die woorde van 'n krygsgevangene vir wie die dag nie meer sonskyn, belofte en skoonheid ingehou het nie. "Verder

74. T.A. A. 1161. Artikel oor Ragama, p. 758.

75. Ibid., p. 759.

gaat deze dag ook maar op de zelve voorbij als alle dagen van den eenen tot den andere dag gesels en over het oorlog ieder heeft zyn eigen opinie en zoo gaat het voort."⁷⁶

Hier word die indruk gelaat dat die hoop reeds vervaag het en dié krygsgevangene voer 'n troostelose bestaan sonder om te weet of sy lewe nog 'n doel dien.

Die leiers onder die krygsgevangenes het hierdie gevaar= tekens gelukkig opgemerk en met groot begrip van die moont= like uitwerking daarvan op die kampele, begin om die lewe in die kampe te organiseer en daardeur uitweë as 'n teenvoe= ter vir liggaamlike en geestelike passiwiteit te vind en die lewe van krygsgevangenes in min of meer normale kanale te stuur en te voorkom dat die geesteslewe verstomp en ontwrig word. Hieruit het 'n groot getal verenigings en sportlig= game ontstaan wat elkeen op sy terrein 'n bydrae gelewer het om 'n houdbare samelewing in die kampe tot stand te bring.

Ten spyte van die flinke organisasie van die kampele het dit die krygsgevangenes nie van ledigheid gered nie. Al die kampbedrywighede is per slot van rekening doelbewus on= derneem en was in geen opsig 'n spontane toespitsing van hul aandag en die besteding van hul vrye tyd in iets soos die boerdery of 'n beroep waaruit hulle moes bestaan nie. Dit kan moontlik ook verklaar waarom verreweg nie almal aan die veelvuldige bedrywighede deelgeneem het nie; selfs die oor= grote meerderheid het aan niks deelgeneem nie en loop van tent tot tent "en gesels en over die ervarings deur hen opge= doen in het oorlogsveld. Deze verhalen mogen iemand belang inboezemen die niet zelve gevochten heeft; den medestryder

76. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 431.

worden zy op den duur ondragelyk vervelend."⁷⁷ Vir hierdie groep in die krygsgevangekampe verloop die tyd sonder doel. Die daaglikse bedryghede bied vir hulle niks. "Die meeste gooi hul seiltjies oop en probeer slaap. As iemand 'n boek het, lees hy; en as hy skryfgoed het, is hy besig met 'n brief. Klompies-klompies Boere sit in die tente en gesels, herkou maar steeds die gebeurtenisse van die dag toe hulle gevange geneem is," aldus De Graaf.⁷⁸

Uit Kakool som ds. Burger die toestand raak op. "Hier was 'n kamp van byna tweeduisend manne wat 'n ledige lewe moes lei; daar was baie versoeking, daar was baie krankes en daar was baie bekommerdes."⁷⁹ 'n Oud-krygsgevangene beweer: "Aan al die beproewings wat die Tweede Vryheidsoorlog gebring het, was daar miskien niks wat so swaar was om te verduur as die ballingbestaan van die ongeveer 26,000 gevangenes wat in die verskeie uithoeke van die Britse Ryk geïnterneer was nie. Dit was nie die soort swaarkry wat die liggaam se uithouvermoë aan hongers en doodsgevaar en uitputting en verskrikking onderwerp nie. Wat veel erger was, was die een lang kwelling van dadeloosheid en magteloosheid en verveling onderwyl die land daar tuis om dade van sy seuns geroep het. Voeg daarby die wroegende heimwee na vrou en kind en geliefdes, die verlangete na die land self en die neerdrukkende uitwerking van ontmoedigende berigte en riemtelegramme uit Suid-Afrika, en dit moet 'n sterk man wees wat nie verniel en geknak na sy land terugkeer nie."⁸⁰

Verban uit sy vaderland, weggeruk uit die warme huislike kring, in vertwyfeling en onsekerheid verval, groei daar ge-

77. Brink, J.N.: op. cit., p. 127.

78. De Graaf, H.: op. cit., pp. 26-27.

79. Burger, A.P.: Worsteljare, p. 135.

80. Die Huisgenoot, 7.10.1949. Lewe op St. Helena.

leidelik 'n gemoedstoestand wat vreemd is aan die lewenshouding van die Boervolk. Sy hele gedagte-wêreld word feitlik in 'n rigting gedwing waarin min hoop of blye vooruitsigte sy pad vorentoe verlig. Sy gedagte-wêreld word verder beïnvloed deur gedurige kwellinge oor die verloop van die oorlog en die gruwele wat daarin vir sy gesinslede vervleg is.

Teenstrydige oorlogsberigte lek uit en "so is ons dag vir dag heen en weer geslinger tussen goeie en slegte nuus, hoop en vrees."⁸¹ Daarom toon sy gemoedslewe 'n gedurige wisseling tussen uiterstes - hoop en wanhoop, vlamme-nde emosies en uiterste swartgalligheid. "Men kan dikwyls by zulk een gevangene opmerken hoe hy zich gedrukt voelt by de gedachte, dat hy zelf onttrokken is van den strijd waarheen zyn hart hem heen trekt. Ook menigmaal komt in het hart het verlangen op naar de dierbaren, van wien men door zulk een grooten afstand gescheiden is."⁸²

Die kwellinge oor die gesins- of familielede het die krygsgevangenes gedurig bygebly. "Veel word over Suid-Afrika gedacht en naar de dierbaren daar verlangd, en is de vraag dan ook op ieders lippe hoe zal het daar toch gaan met onze dierbaren, te veld en in den strijd zoowel als in de zoo zeer gevreesde pest kampen van de arme vrouwen en kinderen."⁸³ Nog erger "is en blykt het, weggerukt te zyn uit het land waarvoor zy goed en bloed veil gehadden hebben, gescheiden van vrouw en kinderen, omtrent wier lot meesten in bange onzekerheid verkeeren."⁸⁴

81. Burger, A.P.: op. cit., p. 166.

82. Brink, J.N.: op. cit., p. 148.

83. V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, p. 43.

84. V.A. (O.M.-vers.) 155/10/2, Geïllustreerde Volksblad voor Nederland.

In hierdie tye van verlange word gedigte in die kampe gebore. Dit is vol heimwee na alles en almal wat hy in sy land agtergelaat het. Sy onmiddellike omgewing en die onbereikbaarheid van sy eie tuiste vererger sy skrynende verlan-
 lange. Daarby kom nog die spookbeelde van verwoesting, lyding en ellende waaraan sy mense onderwerp en gedurig blootgestel is.⁸⁵

Namate die oorlog voortgeduur het en ontstellende be-
 rigte van dood en verwoesting hulle bereik het, "en smarte-
 lyk leed zyne dierbaren aangedaan, dan voelt zyn hart een
 oogenblik snerpende pyn, maar dadelyk daarop ontbrandt er
 weder een heilig vuur in syn binnenste, waardoor hy hygt om
 toch daar te mogen zyn, ten einde de gespierde arm uit te
 strekken, om dat leed te wreken."⁸⁶ Op sulke oomblikke be-
 sef krygsgevangenes werklik ten volle hulle magteloosheid om
 magtige dade te verrig. Dit vererger die opgekropte frus-
 trasies en die oorweldigende gevoel van 'n ganse lewe vol
 verydeling. In oomblikke belewe hulle nog eens die verwoes-
 ting van hul handewerk en van hoogste ideale. Hulle sien
 slegs die puinhope van hul drome. Hierdie gemoedstoestand
 was 'n swak bondgenoot in hierdie donker dae van beproewing.
 Ongelukkig het die krygsgevangenes, dae, weke, maande en
 selfs jare tyd gehad om in hul eie ellende te versmoor en
 hulle gees tot sterwens toe te vermoei met kwellings, kommer,
 'n malende gedagtegang sonder sin of rigting - wat vermoeie-
 nis bring sonder enige helderheid.

Dit blyk ook duidelik uit talle dagboeke dat die krygs-
 gevangenes hul gevangenskap op 'n eie individuele manier aan-

85. Sien Bylae J, p. 583.

86. Brink, J.N.: op. cit., p. 148.

vaar en ondergaan het en daarom so verskillend daardeur beïnvloed is. Die hardheid, ongenaakbaarheid en onverdraagsaamheid van so baie mense teenoor mekaar het die geestelike en emosionele lewe versteur en daarom het hulle die gevangenskap tergend en beproewend gevind. 'n Duitse medegevangene is geweldig deur die Boerekrygsgevangenes onder die kampomstandighede beïndruk en hy maak die betekenisvolle opmerking: "They can bear hardship; but kindness is the thing they need. For they are a kind people."⁸⁷ Moontlik raak hierdie persoon hier 'n groot waarheid. Die owerheid sou met beter of swakker behandeling aan hierdie omstandighede haas niks verander nie, want die heil en geluk van die krygsgevangenes is in die eerste plek nie deur stoflike versorging of groter vryheid van beweging bepaal nie, maar veel meer deur hul eie innerlike karakter en hul geesteshouding teenoor die van sy gevangenskap, sy medegevangenes, die wil om van die bestaande orde die beste te maak en hulself aan 'n geestelike en uiterlike dissipline te onderwerp.

Willie Steyn noem die feit dat dit vir hom voorkom asof die meeste van sy maats daarin geslaag het om aan die nuwe soort lewe gewoon te raak en "scheenen zich te gewennen aan het gevangenes leven, en bracht hun tyd gewoonlyk met lezen en studeeren door."⁸⁸

In 'n mindere of meerdere mate was daar dus die nodige aanpassing by die kampelewe- en roetine. Dit is dus insiggewend van die wellewendheid van die Boerekrygsgevangenes dat hulle wat self onder die allerongunstigste omstandighede

87. Green, A.S.: A Visit to the Boer Prisoners of War at St. Helena, p. 975.

88. Reisverhaal van W.H. Steyn, p. 11. (Kopie in besit van Openbare Biblioteek, Kaapstad).

verkeer het, alles binne hulle vermoë gedoen het om nuwe inkomelinge in hulle geledere te verwelkom; die beste waaroor hulle beskik het aan hulle voor te sit; te onthaal, te laat tuis voel, deel van die groter groep te maak en hulle daardeur in die aanpassingsproses behulpsaam te wees.

Die verwelkoming van nuwe groepe het onder die inwoners van die kampe heelwat organisasie vereis waaraan haas almal meegedoen het. Sodra die nuwe inkomelinge by die hek ingelaat word, is "die christelike verenigings en private burgers hard besig om onder die dorstiges koffie en brood uit te deel om hulle tuis te laat voel in hulle ballingoord."⁸⁹ Hiermee is 'n begin gemaak met hegte vriendskappe en 'n samehorigheidsgevoel wat later versterk is deur die gemeenskaplike faktore waaraan hulle almal onderworpe was.

Die kameraadskap wat hierdeur gesmee is, het meegebring dat die gemeenskap in noue simpatie met mekaar gelewe het en dat die ongeluk van een, groot ontsteltenis en meegevoel by die hele gemeenskap veroorsaak het. Ten tye van siekte en epidemies was hulle getrou aan mekaar en elkeen het soveel hulp as wat vir hom moontlik was, verleen.⁹⁰ Hierdie gesindheid het by die krygsgevangenes 'n besondere karaktertrek openbaar, naamlik hulle hoë agting, waardering en erkentelikeheid vir die geringste bewyse van opregte menslikheid en simpatie wat aan hulle betoon is.

Dit het gevolglik by die krygsgevangenes 'n vaste gebruik geword om aan weldoeners of goedgesinde besoekers adresse te oorhandig. Daar het in die lewens van die krygsge-

89. De Graaf, H.: op. cit., p. 133.

90. V.A.(R.V.) 119.225. G.P. Kriek - Renier. Vgl. ook: S.O.P. PR/A 3932. Communications, War Office, Londen; De Graaf, H.: op. cit., p. 207.

vangenes ook die dinge plaasgevind wat hulle met groot dankbaarheid vervul het. Toe 'n simpatieke sersant-majoor in Broadbottom elders verplaas is, het die krygsgevangenes op plegtige wyse met 'n mooi adres van hom afskeid geneem, want "hy verdiende het ook werkelyk," was 'n krygsgevangene se kommentaar.⁹¹

'n Jong krygsgevangene in Bermuda is gedurende sy parool aan huis van 'n sekere familie gasvry ontvang en vriendelik onthaal. Hierdie mooi daad is deur die jong man so hoog op prys gestel dat hy aan die meisie in die huis van sy weldoeners 'n mooi gediggie opgedra het. Dit is so kunstig gedoen dat die eerste letter van elke reël, tesame haar naam en van uitspel.⁹² Aan Anna Maria Outerbridge, die groot weldoenster aan die krygsgevangenes in Bermuda en haar helpers is 'n besonder sierlike en waardevolle adres gerig.⁹³ Ook predikante,⁹⁴ onderwysers,⁹⁵ koorleiers⁹⁶ en andere wat op die verskillende terreine van hulle georganiseerde lewe die leiding geneem het, is met adresse vereer.⁹⁷

Daar het ook ander dinge gebeur wat die krygsgevangenes met groot dankbaarheid vervul het. Soms het hulle van onbekendes in Suid-Afrika vriendelike briewe ontvang. Dit is hoog prys gestel "en ons weer opgebeur met die gedagte dat ons nie deur ons volksgenote verstote en vergete is nie,"⁹⁸ "Zulke onbekende vrienden is duurbaar voor ons hier waar ons zoo eenzaam verwydert zit. Die buiten menschen is vreeslyk

91. V.A. (O.M-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 171.

92. Sien Bylae K, p. 584.

93. Sien Bylae L, p. 585.

94. Sien Bylae M, p. 586.

95. Sien Bylae N, p. 587.

96. Sien Bylae O, p. 588.

97. Sien Bylae P, p. 589.

98. De Graaf, H.: op. cit., p. 31.

goed en jamer ver ons hulle doen wat hulle kan voor ons," getuig P.A. Venter.⁹⁹ Met groot waardering skryf 'n krygsgevangene uit die Groenpuntkamp: "Een jonge suster uit Stellenbosch heef ons een harmonium gezonden tot ons gebruik in de kamp."¹⁰⁰ 'n Ander getuig: "Indien wy niet kussen, kombaarsen, vruchten, brood, beschuit, tabak, groenten en vruchten van buiten gekregen hadden dan zouden wy het maar kliphard gehad hadden."¹⁰¹ Die owerheid het hierdie skenkings van buite gelukkig toegelaat en het blykbaar geen hindernisse in die weg gelê om dit te belet nie. Hierdie bewyse van meegevoel en die eerlike pogings om die lewe en lot van die krygsgevangenes te versag, het waarskynlik ook die besef dat hulle krygsgevangenes was, helderder tot hulle bewussyn laat deurdring en het hulle steeds dieper en intenser van hul gevangenskap bewus geword. Uit hierdie intenser belewenis van hul gevangenskap het gedigte gespruit waaruit die gemoedstoestand van die krygsgevangenes duidelik spreek.¹⁰²

Al die krygsgevangenes het egter nie tot 'n normale leefwyse aangepas nie. Willie Steyn sê reguit dat hy daarin nie kon slaag nie. "Ik hield my steeds onledig met plannen te beramen om te ontsnappen."¹⁰³ Hier noem Steyn juis een van die kernsake in verband met die aanpassing by die nuwe omstandighede. By baie gevangenes was die verzet teen hul gevangenskap so erg, dat die wil om hulle geestelik tot die aanvaarding van hul gevangenskap te dissiplineer, ontbreek

99. O.M. Mededelings van P.A. Venter in Privaat briewe, 12.6.1900 en 15.7.1900.

100. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 71.

101. V.A.(O.M.-vers.). Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 107.

102. Sien Bylae R, pp. 590-591.

103. Reisverhaal van W.H. Steyn, p. 11.

het. Daardeur het hulle die lewe in die kamp vir hulself nog moeiliker gemaak.

'n Beter georganiseerde lewe in die kampe het meegebring dat die tyd minder verveel het, maar ondanks die georganiseerde bedrywighele was daar nog altyd baie ledige ure en dan was die gedagtes maar altyd tuis by dierbares of by strydmakkers op die slagvelde van hul vaderland. In sulke oomblike word hulle deur heimwee en selfs swartgalligheid oorval. "Ons verlangste is naar vrede want die tyd verveel ons hier in deze kamp, skryf J.J. Taljaard in sy dagboek.¹⁰⁴

Om uit verveling te ontkom doen party krygsgevangenes klein handwerkies soos uitsnywerk op sagte leiklip. Andere maak portretraampies, terwyl andere hulself besig hou met musiek en sang. Andere verdiep hulle in studie of hou hulle nuttig besig met organisasie van debatsverenigings of onder-rig van leerlinge in die kampskele. Die baie bedrywighele sou by die toevallige besoeker selfs die indruk kon laat dat die Boerekrygsgevangenes 'n vrolike en kommervrye groep mense was. Sulke blymoedige voorkomste is dikwels net skyn, want, skryf Hugo van Niekerk, dit is opvallend dat "dikwyls de man die kort tevoren de vroolykste onder de vroolyken zyn, hy eene paar minuten daarna zit in gedachten verzonken, blykbaar denkende aan vrouw en huis."¹⁰⁵ J.N. Brink wys daarop dat 'n besoeker moontlik vooraf sou kon dink "dat opgewektheid en vroolykheid niet aangetroffen zouden worden; dat het heele kleed des kamps somber zou zyn." Dit is egter nie die geval nie. "Ieder scheen tevreden en zelfs blymoedig. Men hoorde veel meer lachen dan zuchten. Waarlyk!, ons volk

104. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard, p. 33.

105. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom dl. 1, pp. 101-102.

draagt zyn hart niet op zyn mouw."¹⁰⁶ In hulle harte het hulle heelwaarskynlik anders gevoel.

Berigte oor groot Britse suksesse op die slagvelde het die krygsgevangenes gedurig bereik. Dit "het die gemoedere van die kampbewoners steeds in beroering gebring," getuig De Graaf.¹⁰⁷ Met die aankoms van elke nuwe groep krygsgevangenes het nuus van verwoesting, ellende, dood en ontberings die kampe bereik. "Die verhale oor die neerslagtigheid van die burgers in die veld, en ook oor die groot aantal hensoppers, het ons treurig gestem."¹⁰⁸ Geleidelik het baie faktore soos die algemene swak behandeling, heimwee, gebrekkige posdiens en die werk van die sensors, die gemoedslewe van die krygsgevangenes ten nadele beïnvloed. Die vroeëre prikkelbaarheid was klaarblyklik van 'n tydelike aard, maar ongemerk het verbittering in so 'n mate ingetree dat dit selfs sy spore op hulle persoonlike voorkoms, uiterlike gesigsuitdrukking en handeling gelaat het. R.L. Brohier, is gevolglik gedurende sy besoek aan Ragama getref deur "sullen groups of captives pacing up and down the enclosure, smoking evil looking pipes of all shapes and sizes."¹⁰⁹ Oor die jong seuns wat mev. A.S. Green in Deadwood ontmoet het, skryf sy: "In some of the strong young men the devil's work of bitterness and despair is being carried out."¹¹⁰ In Bermuda spreek Thomas Brain seker meer as net sy persoonlike gevoel uit as hy vol verbittering opmerk: "This life is a living death.

106. Brink, J.N.: op. cit., p. 163.

107. De Graaf, H.: op. cit., p. 27.

108. Ibid., p. 30.

109. Brohier, R.L.: op. cit., p. 26.

110. Green, A.S.: op. cit., p. 981.

How I would like to be able to submit some of our captors to this sort of life. No more good words from me to alleviate their positions."¹¹¹ Met hierdie gevoel aan die werk, was die nietigste gebeurtenis nuwe aanleiding tot verbittering en haat. De Graaf beweer dat die nuus wat hulle langs allerhande omweë bereik het, "ons haat vir die vyand vertienvoudig het. 'n Groep Britse offisiere besoek Deadwoodkamp en "met oë vol haat het ons hulle aangekyk."¹¹² By al die elemente wat haat en verbittering veroorsaak, kom die owerheid nog met ergerlikhede wat volgens die krygsgevangenes onnodig is en net bestem is om hulle humeure en afkere verder om te krap. Daar is 'n gedurige verskuiwing van die tente en dit veroorsaak 'n oor-en-weer trekkery wat die groeiende samelewing telkens ontwrig. By so 'n geleentheid merk 'n krygsgevangene met droë humor op: "Die rooijes het meer neekery is wat daar ure oppe dag is."¹¹³

Erger as enigiets anders om hierdie haatgevoel te voed, was die verraaiers in eie geledere. Sielkundig het dit 'n uiters nadelige uitwerking op die krygsgevangenes uitgeoefen, omdat dit juis tweedrag en wantroue gesaai het. Elke krygsgevangene het in al sy mede-gevangenes potensiële verraaiers gesien en daarmee het hulle in hulle betreklike veilige lewe bedreig gevoel. Dit is dus geen wonder nie, dat 'n felle haat by die getroues teenoor die verraaiers ontwikkel het. Ook die feit dat die verraaiers beter behandel en dus meer bevoorreg was, het tot die haat bygedra. De Graaf wys op die aankoms van 'n groepie rebelle wat langs Deadwood in 'n klein aparte kampie afgekamp is, so goed toegedraad "asof hulle

111. V.A. Diary of T.P. Brain, p. 23.

112. De Graaf, H.: op. cit., p. 47.

113. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard, p. 62.

verskeurende diere is." As die krygsgevangenes met diepe simpatie na daardie kampie kyk, sien hulle ook die "Jamkamp" en dan "word ons gemoedere met dubbele wrewel vervul, want in daardie kampie is die verraaiers van hul eie land."¹¹⁴ In die volgende gediggie word die haat teenoor hierdie mense duidelik weerspieël.

Aan allen die hun Land ontrouw zijn geworden

"Verraders, Monsters, vloek der aarde

"Verachtlik schepsel der natuur

"Gods wrake die u tot heden spaarde

"Verdelge u eens door't helsche vuur.

"Maar neen, Hij doe u slechts beseffen

"Hoe verachtlik uwe daden zijn.

"Geen bliksemvuur kan sneller treffen

"Geen donder meer verschriklijk zijn.

"De jongste dag die ooit zal dagen

"Lees dan nog op uw aklig graf

"Hier ligt de vloek van vriend en magen

"Die't Vaderland den doodsteek gaf." 115

Tot hierdie haat teenoor hul vyande het ook ander faktore bygedra. Veral nuus uit Suid-Afrika en die wyse waarop dit hulle bereik het, het hulle sterk beïnvloed. Soms meld 'n amptelike telegram aan 'n krygsgevangene net die koue feit van die dood van 'n vrou of kind in die konsentrasiekampe, of deel 'n brief die hartverskeurende nuus mee van die dood van vrou en kinders.¹¹⁶ Vasgevang in 'n wrede spel en

114. De Graaf, H.: op. cit., p. 132.

115. T.A. Dagboek van A.F. Geyer te St. Helena.

116. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 99.

dwangmaatreëls van die oorwinnaar, was die krygsgevangenes magteloos om hul woede, droefheid, ellende en haat op hul vyande te wreek. Hierdie gevoelens was waarskynlik besig om baie krygsgevangenes geestelik te verteer en te vergruis.

Op 11 Oktober 1900 teken 'n krygsgevangene in sy dagboek aan: "Rumour in Camp that old queen Victoria died. Good Luck," maar die volgende dag teken hy aan: "Rumour contradicted. Damn it!"¹¹⁷ Op 15 Julie 1901 skryf dieselfde krygsgevangene: "Telegram aan het Bord dat de verdomde Engelschen byna ons geachte Staatspresident gevangen had naby Reitz." Lang leve President Steyn van den Oranje Vry Staat."¹¹⁸ Genoemde skrywer kon beswaarlik sy verbittering en blydskap verbloem.

Toe die berigte van die Britse anneksasie van Pretoria die kampe bereik, is groot en imponerende militêre parades ten aanskoue van die krygsgevangenes gehou. "Ons gemoedere was meteens in beroering ... maar uit pure magteloosheid en woede het ons hulle uitgejou, daarna ons hoofde ontbloot en die Transvaalse en Vrystaatse Volkslied uit volle bors aangehef." Daarmee wou die gevangenes dit aan die Britse magte se verstand bring "dat hulle ons land mag annekseer, maar nie ons siel nie - oor ons gees sou hulle nie die oorwinning behaal nie."¹¹⁹

Namate die tente in die kampe voller geword het, het die gevangenes al meer die onmoontlikheid van so 'n beknopte lewe besef. Die ruimte in 'n ronde tent was vir tien, en soms vir twaalf man hopeloos te beperk. Van die ondernemende en vindingryke gevangenes het begin om vir hulle van aller=

117. O.M. Dagboek van Henty van der Merwe te Ceylon, dl. 1, p. 13.

118. *Ibid.*, dl. 3, p. 63.

119. De Graaf, H.: op. cit., p. 37.

hande stukke afvalmateriaal hutte te bou. "Die hutbouery het baie mense werklus gegee, en hulle het die moedeloosheid tydelik afgeskud." Dit het 'n groot verandering in die geroetineerde leefwyse gebring "en het ons die swaar 'n bietjie laat vergeet. Meer as een het onder die werk 'n deuntjie gefluit of die Volksliedere aangehef."¹²⁰ Behalwe dat die bouery die ledige ure vir die gevangenes vermeer het, het dit 'n verdere waarde gehad. Dit het hom in die toekoms van meer privaatheid en stilte verseker.

Die geringste gebeurtenis kon die gedagte van die krygsgevangene egter na sy huis terugvoer en daardeur sy gemoedselewe beïnvloed. Toe daar mooi reën oor die Bermudas uitsak, "toen hoorde ik de zuchten, ach was ik maar in myn land by myn huis dan zal ik mos begin te ploegen."¹²¹ Die aanstormende wilde en woeste branders wat hulle met donderende geweld teen die rotsagtige kus van St. Helena te pletter loop, "deed ons onwillekeurig aan eene zware Vry Staatsche onwederdenken."¹²² So is die krygsgevangenes se gedagtes gedurig rondgeslinger tussen sy vaderland, die dinge wat daar vir hom van belang was en sy onmiddellike kampelewe.

Dit is opvallend dat min krygsgevangenes werklik van onleefbare behandeling in die kampe melding maak. Daar was oorgenoeg ergerlikhede en sover dit die krygsgevangenes betref, onnodige dinge soos die gedurige tellery en daaglikse inspeksies, maar in die interne reëlings het die Britse troepe net onder dringende gevalle ingemeng. In die beginstadium van die oorlog was die behandeling van gevangenes selfs

^{120.} Ibid., p. 32.

^{121.} K.A. Dagboek van J.A. de Villiers, p. 55.

^{122.} V.A. (O.M.-vers.) Opstelle van H.H. van Niekerk te Broadbottom, p. 6.

goed. Dit kan verklaar word van weë die feit dat Britse offisiere onder die indruk verkeer het dat die oorlog gou sou eindig. Namate die stryd voortgeduur het, het ook die optrede teen die krygsgevangenes strenger geword. Dit was duidelik dat die vroeëre gemoedelikheid plek gemaak het vir 'n militêre dissipline en die handhawing van 'n hooghartige baasspelerigheid. Hugo van Niekerk wys ook op hierdie verandering in die behandeling van die krygsgevangenes.¹²³

Die behandeling het gaandeweg van so 'n aard geword, dat selfs buitestaanders hulle bedenkinge daaroor uitgespreek het en dit onder die owerheid se aandag gebring het. In 'n brief aan O. Walrond lug A.J.L. Hofmeyr sy kritiek in verband met die behandeling van krygsgevangenes in die Groenpuntkamp. Hy wys in teenstelling daarmee op die goeie behandeling, die vryheid en ontspanningsgeriewe van Britse gevangenes te Waterval, Oos-Transvaal. Hy versoek Walrond, "please let Sir Alfred Milner know all this & beg him not to rest till the officers & men in Cape Town are just as comfortably housed & kindly treated. Surely England's generosity & kindness to prisoners must not be eclipsed by that of the Transvaal. I must say I felt ashamed yesterday when I heard of the restrictions imposed upon the prisoners."¹²⁴ Hierdie klag word nie deur die krygsgevangenes self uitgespreek nie, maar dit toon wel aan dat daar sekere elemente in die behandeling van krygsgevangenes was, wat selfs mense van buite gegrief het en wat dus in toenemende mate die krygsgevangenes se gemoedstoestand nadelig sou beïnvloed.

123. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.F. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 110.

124. S.O.P. Vol. 1 PR/A6. A.J.L. Hofmeyr aan O. Walrond.

HOOFSTUK 6VRÏETYDSBESTEDING IN DIE KAMPE

Sedert die aankoms van die eerste krygsgevangenes in aanhoudingskampe, het ledigheid as 'n ernstige probleem onder krygsgevangenes ontstaan. Dit was die geval in Tin Town, Umbilo, Bellevue en Groenpunt. Ook in die oorsese kampe sou dit die ernstigste aanvanklike probleem wees. As hierby in aanmerking geneem word dat die krygsgevangenes oor 'n wye gebied bymekaar gebring is en dat hulle uiteraard vir mekaar vreemd was, spreek dit vanself dat die meeste van hulle, in gevangenskap eensaam sou voel. Hierdie gevoel sou op sy beurt 'n neerdrukkende atmosfeer meebring. Namate die lewe drukkender geword het, het die vreemdheid van mense en omstandighede egter verminder en is daar op verskillende maniere uitweë gesoek om die gespanne atmosfeer te verlig, die uiterste verveling deur aktiewe bedrywighede te vervang, en sou alle beskikbare talent in hierdie proses ingespan word om die lewe soveel as moontlik langs normale kanale te stuur.

Hugo van Niekerk maak melding van twee grapmakers in die Groenpuntkamp wat groot vermaak verskaf het. Op 'n spontane wyse het Jan en Hans hulle bydrae tot die verbreking van die somberheid van die algemene stemming gelewer. Van dié twee vertel Van Niekerk: "Hy (Jan) had't kunst om te kunnen blaffen net zoos een brak 'Savonds speelt hy en Hans Human mierkat en brak. H. is de mierkat die in't gat zit en Jan is de hond die hem er uithalen moet. Somtyds

bevliegt de mierkat hem en dan is het wonderlijk hoe natuurlik hy als een hond tjanken. Gewoonlik is een groote schare menschen om ons tent als die twee met hun komedie beginnen."¹ Hierdie speletjie was vir 'n klein groepie verveelde krygsgevangenes 'n lafenis in hulle belangelose lewe en het ongetwyfeld vermaak verskaf, soos die samedromming van nuuskieriges getuig.

Spontane en geïsoleerde vermaak sou egter onvoldoende wees om in die behoeftes van 'n hele gemeenskap te voorsien. Dit het dus noodsaaklik geword om alle talent op georganiseerde wyse vir die geluk van die hele kamp te benut. In die geledere van die krygsgevangenes was daar gelukkig mense van velerlei aard, aanleg, beroepsrigting, tegniese en ander bekwaamhede. Deur hierdie potensiaal te gebruik, is die krygsgevangenes in staat gestel om 'n groot aantal aktiwiteite in die lewe te roep en dit aan die gang te hou. Gaanedeweg is feitlik almal se belangstelling in die een of ander van die bedrywighede gewek en kon elkeen sy beskeie deeltjie tot 'n houdbare samelewing in die kampe bydra. Wat die werklike bydrae van individuele krygsgevangenes betref, sou dit van hulself afhang, van hul vermoë, talent en persoonlikheid asook van die behoefte van die mede-gevangenes. Na gelang hul talente 'n leemte in die samelewing gevul het, sou hul dienste in 'n mindere of meerdere mate tot die heil van die hele kamp ingespan word.

* * * * *

1. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 134.

Dit is 'n natuurlike verskynsel dat mense wat onder die bepaalde omstandighede waaronder die krygsgevangenes hulle onvoorbereid in gevangenskap bevind het, die drang na spontane sosiale samekoms, sterker as gewoonlik sou aanvoel. Dit sou aanvanklik in kleiner groepies, later in groter getalle plaasvind en in ooreenstemming met die karakter van die Boer, sou daar gesing, maar veral oor sake van velerlei aard geredeneer word. Dit sou spontaan begin, maar baie gou sou dit nodig word om juis dié dinge wat natuurlikerwys ontstaan het, te organiseer, sodat dit beter beplan en tot groter voordeel van almal beoefen kon word. Hieruit het die talle verenigings in die krygsgevangekampe ontstaan. Hier sou veral debatsverenigings, in navolging van die gebruike waaraan hulle gewoond was, in die kampe gestig word.

Gedurende die laaste twee dekades van die negentiende eeu is daar talle debatsverenigings in die Boererepublieke gestig waar veral die jongmense geleentheid gevind het om hulle redenaars- voordrag- toneel en musiektalent te beoefen. Ook die opstel en skryf van 'n joernaal sou help om skryftalent te prikkel. Dit was ook hierdie debatsverenigings wat veel gedoen het om die nasionale feesdae soos 16 Desember in ere te herstel. Die debatsbesture het dan ook meesal as plaaslike feeskomitees gefunksioneer. Vanselfsprekend sou hierdie gewilde debatsverenigings waarvan die hoof funksie die debatterkuns rondom een of ander omstrede onderwerp was, in die krygsgevangekampe voortgesit word. Doelstelligs soos "het aankweeken van nasionaliteitsgevoel onder het opkomend geslacht; ware vaderlandsliefde der Afrikaan-

sche natie te bevorderen"² sou juis onder die kamp omstandighede 'n aansporing wees om debatsverenigings dinamies aktief te hou.

Op 26 Julie 1900 teken Hugo van Niekerk aan dat 'n vergadering in Groenpuntkamp gehou is en dat 'n debatsvereniging, De Vrijstaatsche krijgsgevangenen Debats Vereeniging gestig is, met 'n gekose bestuur van sewe lede bestaande uit voorsitter, vise-voorsitter, sekretaris en vise-sekretaris-penningmeester en drie addisionele lede. Drie joernaliste is ook by die geleentheid gekies.³ Die eerste debat wat gereël is, is gevoer oor die vraagstuk: "Wat is beter, geleerd en arm of ongeleerd en ryk."⁴ Dit het op 2 Augustus plaasgevind. Die verdere program het 'n verskeidenheid items ingesluit. "Ds. (A.J.) Louw opende met eene gebed. Mr. Wilcox maakte eene korte aanspraak. Jan Bosman reciteerde Een Jolly Hotnot. Toen kwam't debat. Den Heer J. Wessels gaf een lezing getiteld Brief van A.J. Pretorius. De Vrijstaatsche Volkslied werdt toen gezongen en de Voorzitter sloot met gebed."⁵ Op 3 November 1900 vermeld dieselfde skrywer dat daar pryse uitgedeel is aan die winners van die wedstryd om die beste gedigte en opstelle te skryf. 'n Nuwe bestuur is ook vir die debatsvereniging gekies.⁶ Die skrywer maak verder melding van 'n ongewone vergadering waar lede van die debatsvereniging onvoorbereide toesprake

2. V.A.(O.M.-vers.) Konstitutie der Oranje Vrijstaatsche Jongelings-Vereeniging.

3. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, pp. 183-184.

4. Ibid., p. 184.

5. Ibid., p. 191.

6. Ibid., dl. 2, pp. 48-49.

moes lewer. "T'was een der genoegelykste vergaderingen die wij hadden."⁷ Op 21 November 1900 was daar in Groenpunt 'n buitengewone bestuursvergadering van die debatsvereniging, "om de wenschelijkheid te bespreken eene soort van Vereeniging tot stand te brengen na den oorlog door den geheelen Vrij Staat om Vaderlandsliefde en nasionaliteitsgevoel aan te kweeken."⁸

Die gereëde wegvoer van gevangenes uit Groenpunt het 'n gedurige herorganisasie van debatsbestuur veroorsaak. Op 22 November 1900 moes die voorsitter en ander bestuurslede van die vereniging om dié rede vervang word en 'n nuwe bestuur is gevolglik gekies.⁹ Hierdie bestuur het kort hierna die feesviering op 16 Desember georganiseer en 'n volle dagprogram opgestel. Daarin was geleentheid vir twee feesredes, voordragte, debat, opstelle, historiese lesings, 'n joernaal en besprekings oor die toekomstige aankweek van 'n gesonder nasionaliteitsgevoel.¹⁰

Namate oorsese kampe gestig en deur krygsgevangenes betrek is, is ook uit hierdie oorde die mededelings dat verenigings in die lewe geroep is, elk met sy bepaalde positiewe doelstellings. Hoofsaaklik kom die oogmerke van die onderskeie verenigings neer op 'n doelbewuste strewe om alle krygsgevangenes aktief by die een of ander bedrywigheid in te skakel. Dit sou aan almal afwisseling van die geroeteneerde komplewe verskaf en sou ook 'n noodsaaklike verlossing uit 'n verterende passiwiteit wees. Debatsverenigings,

7. Ibid., p. 49.

8. Ibid., p. 60.

9. Ibid., p. 64.

10. Ibid., pp. 72-74.

sang- en musiekverenigings en konsertgroepe het tot stand gekom en in Bellevue is daar selfs 'n selektiewe klub deur krygsgevangenes in die lewe geroep.¹¹ Krygsgevangenes wat aan die verenigingslewe deelgeneem het, was oor die algemeen met die lewe in die kampe tevrede, beweer H. Scholtemeijer.¹²

In Deadwood, op St. Helena, is De Krygsgevangenes Debat Vereeniging op 7 Julie 1900 gestig as een van die uitweë om aan verveling te ontkom.¹³ Die ledetal was so gering dat hulle aanvanklik in 'n tent vergader het. As gevolg van toenemende belangstelling is daar besluit om 'n gebou vir die gebruik van die vereniging op te rig. Met 'n eie ruimsaal tot hul beskikking, het hulle byeenkomste veel meer as net openbare debatte ingesluit. Opstelle, voordragte, lesings, gedigte, musiekitems en eenbedrywe het 'n belangrike plek in die debatsprogramme gevul.¹⁴ Vanweë die belangstelling in hierdie bedrywigheid, het die aantal lede so snel toegeneem dat dit nodig geword het om 'n tweede tak van die vereniging te stig.

Die debatsonderwerpe wat by hulle byeenkomste bespreek is, lewer die bewys dat krygsgevangenes wat deelgeneem het, verplig was om ernstig en diep oor die onderwerpe na te dink en dit uit te plus. H. de Graaf noem die volgende paar onderwerpe as voorbeelde van hul debatsbesprekings: "Is die houding gedurende die oorlog deur die Kaapkolonie

11. Sien Bylae S, p. 592 vir voorbeeld van ledekaart.

12. Scholtemeijer, H.: Die Balling oor die See, p. 18.

13. De Graaf, H.: Boere op St. Helena. Die Oorlogsdagboek van H. de Graaf, p. 186.

14. Kotze, C.R.: My Ballingskap, p. 60.

ingeneem, regverdig of billik?"

"Is die doodstraf in 'n land wenslik?"

"Is 'n regsgeleerde geregverdig om 'n beskuldigde te verdedig van wie hy weet dat hy skuldig is?"

"Moet Sosialisme onderdruk word?"¹⁵

Intussen het die afgestigte tak van die vereniging wat hoofsaaklik uit die jonger en minder ontwikkelde krygsgevangenes bestaan het, ook met geesdrif aan die werk gespring. Een keer per maand sou die twee takke egter gesamentlik buite die kamp vergader, "om daardeur die geesdoende kamplewe te verlig. By hierdie geleentheid is die joernale van albei takke gelees en resitasies en sangstukke ten beste gegee."¹⁶

In Oktober 1900 het De Krijgsgevangenen Samenkomst-Debatsvereniging in Deadwood tot stand gekom. Dit was 'n vereniging waarin die burgers van bepaalde distrikte in hulle afsonderlike groepies bymekaar gekom het. In sommige gevalle was die ledetal beperk, maar dié vereniging was besonder aktief.¹⁷

Deur die ywer van J.F. Houtzager is 'n sosiale vereniging, Tot Nut en Vermaak, in Oktober 1900 in Deadwood gestig met die doel "om die lang dae van ballingskap op 'n gesellige en nuttige wyse te slyt deur o.a. 'n boekery aan te lê en af en toe 'n toneelstuk op te voer." Hierdie vereniging het homself spoedig positief laat geld. Hieroor getuig H. de Graaf: "Aan hierdie vereniging was dit te

15. De Graaf, H.: op. cit., p. 187.

16. Ibid., pp. 187-188.

17. Ibid., p. 189.

danke, veral in die dae van verraad, dat nie meer van ons wankelmoedig geword het nie - dit het ons bewaar van ondergang en skande."¹⁸ Dié vereniging sou ook die nasionale bewussyn steeds wakker hou en op 10 Oktober het die lede van hierdie vereniging die feesprogram vir die viering van president Kruger se verjaardag georganiseer. Volgens De Graaf, het almal se gesigte 'n nuwe stemming weerspieël en baie vierkleurtjies is oral op die bors van krygsgevangenes opgemerk. In ballingskap, ver van hul vaderland vier die krygsgevangenes fees, "vol hoop nog op die uiteindelijke oorwinning."¹⁹ By geleentheid soos hierdie, is dit begryplik dat die items sterk nasionaal gekleur sou wees, bestem om die krygsgevangenes opnuut met trots vir hul volks-eie te vervul. Die voordrag van 'n gediggie soos die volgende sou by feesbyeenkomste met daverende toejuiging begroet word.

"Zoo scherp als een valk,

"Zoo slim als een vos,

"Onversaagd als een leeuw,

"En zoo vlug als een vos,

"Onderschept hij 't convooi,

"Ontsnapt hij het net,

"De gevreesde Afrikaander:

"Die Christiaan de Wet.

"Op't briesende paard, met de buks in de hand,

"Over bergen en stroomen, door modder en zand,

"Met den Hemel tot dak en met de aarde tot bed,

"Zweeft de helden figuur van Christiaan de Wet."²⁰

18. Ibid., p. 42.

19. Ibid.

20. Ibid., pp. 50-51.

Die lede van die vereniging Tot Nut en Vermaak het vir hul byeenkomste 'n reusagtige gebou van vyftig voet by vyftig voet en twintig voet hoog, opgerig. Voor in die gebou was 'n ruim verhoog en aan die ander kant 'n buffet om versings te verskaf. Daar was ook leestafels vir gebruik van die lede gedurende die dag. Die ledetal is egter tot 350 beperk, maar hul bedrywighele het vermaak, ontspanning en sekerlik ook opvoeding aan al die ander verskaf. Deur hulle konserte en feeste het hulle steeds die liefde en lojaliteit vir die volks-eie warm en polsend gehou en ook aan baie krygsgevangenes die geleentheid verskaf om sluimerende talente op velerlei terrein te ontwikkel. 'n Krygsgevangene maak in sy dagboek spesiale melding van 'n konsert wat in dié saal gehou is en noem dan die feit dat die saal so mooi versier was, "dat je je heelemaal ergens anders waande, en niet zeggen zoude dat je in een krijgsgevangene kamp was."²¹ Selfs die versiering van hul saal het aan die krygsgevangenes dus 'n kort tydjie van geestelike bevryding en ontvlugting gebied.

Volgens Hugo van Niekerk is daar in die Broadbottom-kamp met 'n debatsvereniging begin, slegs 'n maand na hul aankoms op St. Helena. Aanvanklik was dit beperk tot slegs die klompie tentmaats, maar 'n vergadering vir die stigting van 'n Jongeliede Debatsvereniging is ook gehou en 'n voorlopige komitee om die reëls op te stel, is aangewys.²² Op 27 Junie 1901 het hulle blykbaar die eerste byeenkoms gehou

21. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 201. (kopie in besit van outeur van hierdie proefskrif).

22. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 92.

by watter geleentheid die joernaal gelees is.²³ Op 17 September 1901, teken Hugo van Niekerk aan, dat die debatsvereniging bloei en dat daar pryse toegeken is vir die beste opstelle en gedigte wat deur lede van hul vereniging geskryf is.²⁴ Vir verdienstelike werk deur deelnemers aan skryf- en voordragkuns is selfs sertifikate deur die bestuur aan sodanige deelnemers uitgereik.²⁵ Die feesviering op 16 Desember is ook deur die komitee van hierdie debatsvereniging georganiseer.²⁶

Op 26 Februarie 1902 is die eenjarige bestaan van die debatsvereniging in Broadbottom gevier. "Een zeer genoegelijke avond werd doorgebracht. Er waren Recitaties door Smit, G. Steyn, J. Kotze, P. Strijdom. Opstellen J. Bosman, G. Viljoen, Aanspraken F. Kok en A. le Roux."²⁷ Dié verrigtinge en baie soortgelyke aanbiedinge het die kulturele bedrywighede in genoemde kamp lewend gehou en die gees van die krygsgevangenes van frustrasie en verstarring gered. Daarbenewens het dit die gevangenes redelik goed op hoogte van aktuele vraagstukke gehou en vrye gedagtewisseling aangemoedig. Hierdeur is positief bygedra tot 'n samelewing wat op so 'n onnatuurlike wyse ontstaan het, is 'n redelike naasbestaan aan die gang gehou en hiermee ook 'n bestaanbare samehorigheidsgevoel gekweek.²⁸

Uit Ahmednagar in Indië skryf ds. D.J. Viljoen op 6 Mei

23. Ibid., p. 123.

24. Ibid., p. 133.

25. Sien Bylae T, p. 593 vir voorbeelde.

26. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp. 147-148.

27. Ibid., p. 170.

28. Ibid., pp. 171-172.

1901 dat die krygsgevangenes in hierdie afgeleë kamp ook 'n debatsvereniging gestig het. Drie-en-vyftig lede het reeds aangesluit en die eerste byeenkoms word binne die volgende week gehou.²⁹ G.J. Otto berig uit Shahajehanpur dat ook daar 'n debatsvereniging gestig is en dat die vereniging bedrywig is.³⁰ In Bermuda het die krygsgevangenes aanvanklik 'n geselskapskring gestig. Hierdie groep het gereeld vergader en by die geleentheid het professionele persone, of opgeleide vakmanne, volgens J.D.T. Krynauw, lesings oor hulle spesifieke vak gehou. Uit die aard hiervan, was daar groot belangstelling in die lesings en is dit ook deur die ander krygsgevangenes bygewoon. Advokaat Jacob de Villiers was die leier van hierdie geselskapskring.³¹ Uit hierdie vereniging het die gewone debatsvereniging ontwikkel en begryplikerwys het dit groot ondersteuning geniet. Die byeenkomste is goed bygewoon en 'n uitstekende program vol verskeidenheid is gewoonlik tot almal se geluk en vermaak aangebied.³²

Debatsverenigings het ongetwyfeld in sy primêre doel dat daar "teen verveling en heimwee moes gestry word, ja gedurig gestry word," op 'n prysenswaardige wyse geslaag.³³ Dit het afleiding en vermaak verskaf en die eentonigheid van die kampelewe verbreek. Deur die groot verskeidenheid items wat aangebied is, het gevangenes ook die geleentheid gekry om sluimerende talente te ontwikkel deur self eenbe-

29. De Kerkbode, 13.6.1901, p. 346.

30. Ibid., 24.4.1902, p. 183.

31. T.A. Herinneringe van J.D.T. Krynauw te Bermuda, p. 88.

32. Ibid.

33. Die Huisgenoot, 6.1.1950. Artikel deur P.H.C. Pohl.

drywe, gedigte en opstelle te skryf en daarmee skeppend op te tree.³⁴

Dit was ook hoofsaaklik uit die debatsverenigings dat die viering van volksfeeste in die krygsgevangekampe plaasgevind het. Deur hierdie gebruike in ere te hou, is die gevangenes se lojaliteit teenoor die Republieke versterk en was dit stimulerend vir 'n samehorigheidsgevoel. 'n Dagboekskrywer, J. Prinsloo, noem dit pertinent dat hulle op 2 Oktober die verjaardag van president Steyn gevier het en "dien avond werd de Vierkleur ook geheschen."³⁵

Die positiewe aspekte van die debatsverenigings het egter nog verder gestrek. Aan talle van die lede en veral die bestuurslede het dit die gulde geleentheid gebied om leierskap te ontwikkel en die moedverloorders ten goede te beïnvloed. Hulle het geleer om vergaderings van uiteenlopende aard en verskillende karakters van die teenwoordige lede, ordelik te lei. Hiermee het hulle vertrouwd geraak met vergaderingprosedure en het geleer om met vertroue op te tree.

Moontlik was die grootste positiewe invloed- en vorming by die gewone lede wat geleer het om oor sake te rede- neer, om hul gedagtes logies te formuleer, om die gedagte- gang aan streng dissipline te onderwerp, 'n standpunt in te neem en dit deur logiese en deurdagte redenasie te ver- dedig. Hier het hulle geleer om hul eie vermoë met vry-

34. Ibid. Vgl. ook V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp. 31-32, p. 145, p. 17.

35. V.A. Dagboek van J. Prinsloo te Bellevue, pp. 33-34.

moedigheid teen andere op te weeg. Dit het krygsgevangenes met selfrespek en selfvertroue vervul. Dit was eenskappe en karaktertrekke wat hulle juis hierna in 'n besondere mate sou nodig kry om opnuut 'n staanplek in hul vaderland onder veranderde omstandighede te vind. Met hul vermaaklike bedrywighede was die krygsgevangenes besig om 'n veel omvangryker resultaat te behaal as blote geestelike ontspanning en vermaak.

'n Ander besonder gewilde en vormende kultuurstigting was die musiek- en sangverenigings wat in haas al die kampe 'n ereplek in hulle kulturele beoefeninge ingeneem het. Reeds in Groenpuntkamp het die Christy Minstrel Entertainment wat 'n groot verskeidenheid items gelewer het, met 'n reeks konserte begin. Die program vir die eerste aand wat ook as 'n tipiese program van hierdie groep beskou kan word, was die volgende: Overture Band; Opening Chorus Marching through Georgia-company; Comic Song. Looking for a coon like me, Boxes (Mr. Jenkins); Song, Good-bye My Darling, Jim. (Mr. MacKenny); Friends for Ever Tim (Mr. de Beer); Com. Song. The pimple on her nose. Sambo (Mr. Farnham); Song. Ilse going back to Dixie, Pompie (Mr. Steyn); Song. Old folks at home, Mr. Johnson. (Mr. Hall); Song. I only found out afterwards, Boxes (Mr. Jenkins); Song. Maggie May, Sam (Mr. Moll); Song. Good old Jeff. (Mr. Williams); Com. Song Ring, Ring the banjo, Sambo; The vacant chair, Joe (Mr. O'Reilly) Chorus Hoe de Corn, Company. Dutch Song, Mr. J. Meyer. She was a stranger Mr. v. Moltke; Fathers got them, Mr. Jenkins; Step dence Mr. Thomas. Song At half past nine, Mr. Pretorius. Song. De kat kom 'terug

Mr. Hall; The Gorgonzola cheese Mr. Williams. Dutch song Mr. J. Meyer, We'll never be happy again Bones & Sambo.³⁶


Hierdie eerste uitvoering is oorweldigend deur die krygsgevangenes ondersteun, omdat hierdie groep, fondse ter nagedagtenis van Mary Kingsley³⁷ ingesamel het. Dieselfde groep het later ook in die Broadbottomkamp op St. Helena en in Ceylon voor die krygsgevangenes opgetree.³⁸

In November 1901 het die krygsgevangenes op St. Helena 'n besending musiekinstrumente uit die Kaap ontvang en is daar dadelik met 'n blaasorkes 'n aanvang gemaak. 'n Volle maand lank is daar hard en ernstig ge oefen en toe is die eerste musiekkonsert gehou. Die orkes is verder met selfgemaakte kitare en viole aangevul.³⁹ Musiekkonserte is hierna gereeld aangebied en is die kampmusikante ook gereeld ingespan om luister aan ander byeenkomste te verleen soos duidelik uit hul programme blyk. Sodoende is 'n positiewe bydrae tot die lewe en geluk van die krygsgevangenes gelewer.

In Diyatalawakamp in Ceylon was daar byvoorbeeld 'n

-
36. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp.2-6.
37. Mary Kingsley was 'n Engelse dame wat gedurende 1900 deur die Britse museum na Suid-Afrika gestuur is om varswatervisse in die Oranjerivier te versamel. Met haar aankoms in Simonstad het 'n epidemie tifuskoors onder die krygsgevangenes gewoed. Die ellende van die gevangenes het haar so aangegryp dat sy besluit het om as verpleegster onder hulle te gaan werk. In Junie 1900 het sy self aan die siekte gesterf. Die krygsgevangenes het hoë agting vir haar persoonlik, en waardering vir haar werk gehad.
38. V.A.(O.M.-vers) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 118, p. 121. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 102. Sien p. 247 vir program van 'n konsert in Diyatalawa.
39. Kotze, C.R.: op. cit., pp. 105-108.

The African-American Dramatic-Minstral-Group Dirigalanda.



Programme

Overture: War March of Algolia - Mandelshon - Violin & Piano
 Club Swinging & Clown Act - Messrs. Sotowaj - Francis - Glem (late Felix Circus)
 Violin Solo: Nocturne II Chopin Señor Escrivano del Simo.

Farcical Sketch entitled

£ 5000 for a Shaver in petticoats
 Characters

Antonij Van de Dene (a nasty young man) nt: Jack Ranjon (Well known in America - S. Africa)
 Silas Van de Dene (his Uncle) J. Francis (S. B. C. O) ^{England}
 Tim (Antonij's Valet) Frank Seeme (late Savards Co. N. York.)
 Snarjke (a small washer) Harry Glem (late Felix Circus)
 Susan (cook maid door) Miss Daisy Dacre.

(Scene: badly furnished bachelor's Chambers of Colombo)

Dutch Overture -- Die Louis KIII - Gijis Violin & Piano.
 Dutch Recitation J. Louwence
 Dutch Song F. Knijper
 French Song C. D'acaine
 Violin Solo -- Barcarolle -- Gude -- Señor Escrivano del Simo.
 Comic German Song Arthur Germans
 Fat's Duet . . (in Costume) . . . Messrs. Jenson & Carter
 Dutch Overture - Romance -- Sensek Violino & Piano

Grand American Minstral Troupe.
 comprising latest songs - jokes - comic dialogues.

bloeiende strykkorkes wat gereeld opgetree het. Musiek- en sangkonserte was algemeen in hierdie kamp en afgerigte kore het herhaaldelik by musiekaande opgetree.⁴⁰ Daar was ongetwyfeld baie musiektalent in die kampe en die krygsgevangenes se kennis van musiek moes vir besoekers 'n openbaring van die besondere beskawings- en ontwikkelingspeil van hierdie mense gewees het. Die musiekprogramme wat in die verskillende kampe by geleentheid van musiekkonserte deur die krygsgevangenes self uitgevoer is, lewer genoegsaam bewys van talent, kennis, vaardigheid en deskundige smaak.⁴¹ 'n Besoeker aan Diyatalawa, M.A.A. Galloway, maak spesiaal van hul liefde vir musiek melding. "Many of them are fond of music, and amuse themselves by giving concerts and entertainments, of which we saw illustrated programmes."⁴²

Dit is betekenisvol dat die gevangenes in Ragama wat meesal uit buitelandse vrywilligers bestaan het, waar daar so min bewegingsvryheid en hul getalle betreklik gering was, tog 'n bloeiende kultuurbeoefening daarop nagehou het. Hul musiekaande is waarskynlik nie deur die van ander kampe in die skadu gestel nie.⁴³ Veral hul sangvereniging was tot ver buite die grense van hul kamp goed bekend. "Dat laatste gaf aanleiding, dat van den gouverneur Ridgeway een uitnodiging kwam om een door hem te Colombo te geven soiree op te luisteren, waaraan door de vereeniging gehoor werd ge="

40. O.M. Herinneringe van Ceylon van O. van Oostrum.

41. Sien Bylae U. p. 594 vir voorbeelde van Programme.

42. Galloway, M.A.A.: South African War. Boer Prisoners in Ceylon, p. 189.

43. Sien Bylae V. p. 595 vir voorbeeld van program.

geven."⁴⁴

'n Probleem waarmee die musiek liefhebbers en organiseerders van musiekkonserte gedurig te kampe gehad het, was dat daar geen egte Afrikaanse lied, of musiek beskikbaar was nie en die gevangenes dus verplig was om uit die musiekskat van ander lande te put. Soms het hulle die Hollandse lied gebruik, maar, beweer C.R. Kotze, "ons moes wat die lied betref, waarlik telkens die toevlug neem tot die kultuurskatte van die vyand wat ons haat en beveg."⁴⁵ Dit lewer reeds bewys dat musiek en sang die gewone verskille oorbrug het. Baie haat en verbittering wat gedurig gedreig het om die lewens van die krygsgevangenes te oorweldig, is deur kunsbeoefening, verdryf, sodat 'n skoner en veredelende faset van die menslike karakter waarskynlik hierdeur gevoed en gevorm is. Die gevangenes se lewens is ongetwyfeld deur die mooi dinge verryk en 'n meer gebalanseerde lewensuitkyk en lewenshouding is hierdeur moontlik gemaak.

* * *

Kafees en koffiehuisse het op talle plekkies in die kampe verrys en dit het weldra sosiale middelpunte in die eentonige lewe van die krygsgevangenes geword. By die kafees was daar gevolglik groot groepe krygsgevangenes saam vergader. Daar kon hulle na hartelus gesels en uit die spontane sosiale kontak het 'n gemoedlike stemming en opwekte gees ontwikkel, waardeur hulle tydelik van hul frus-

44. T.A. 1161 Artikel oor Ragama, p. 758.

45. Kotze, C.R.: op. cit., pp. 108-109.

trasies ontslae kon raak. Die feit dat die kafees meesal as pannekoek- en lekkergoedwinkels begin het, het meegebring dat die krygsgevangenes die plekke graag besoek het.⁴⁶ In hierdie opsig het die kafees 'n belangrike funksie verrig, want die strewe was juis om die kampelewe "so veel moontlik 'n aldae lewe te maak."⁴⁷ Die eienaars van die kafees het ook groot oorspronklikheid aan die dag gelê om klandisie te lok en hulle ware te adverteer. By een kafee is 'n kort advertensie aangebring:

"Hier kan julle vir 'n klein bietjie geld

"Jul maag laat styf staan teen jul belt."⁴⁸

Die kafees is ruimskoots ondersteun omdat die lekkerne wat die krygsgevangenes daar gekry het, 'n goeie afwyseling van die daaglikse "spyskaart" was. Solank as die krygsgevangenes geld gehad het, het die kafees gebloei en ywerige pannekoekbakkers het hul hande vol gehad om die groot aanvraag te versadig. "In the streets other artists are at work over the stoves they have made of oil tins pierced with holes, where, through the fumes of wood fires, beef may be seen stewing and flat cakes of flour and water turned out," skryf mev. A.S. Green.⁴⁹ Hier was pannekoek 'n gesogte gereg en in Deadwood is selfs een van die strate, Pannekoekstraat, gedoop. Daar het die pannekoekbakkers van smôrens ses-uur af tot saans om nege-uur, sake gedoen.⁵⁰ "Ook de bakkers en (gemmer) bierbrouers hebben groote vor=

46. De Graaf, H.: op. cit., p. 32.

47. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers, p. 46.

48. Ibid., p. 44.

49. Green, A.S.: A Visit to the Boer Prisoners of War at St. Helena, pp. 974-975.

50. Kotze, C.R.: op. cit., p. 59.

dering gemaak, en in de talryke Cafes en eethuizen kan men een kop koffie en koekje, of taartje krygen zoo goed als in menig groot dorp, en voor een geringe prys," skryf J. Teengs.⁵¹

Namate die krygsgevangenes se geld gedaan geraak het, het die kafees se verkope gedaal en in sommige gevalle het die kafees doodgeloop. "Met bezigheid staat het maar slecht," skryf A. de Klerk. "De pannekoekfabrieke moesten sluiten, wegens gebrek aan kontant by de eters."⁵² So het dinge gekom en gegaan, maar elkeen het op sy terrein 'n diens in die lewe van die krygsgevangenes gelewer. In talle kafees is die verkope nie vir eie gewin onderneem nie, maar is alle winste vir die weduwees en wese en die slagoffers van die konsentrasiekampe in Suid-Afrika beskikbaar gestel -⁵³ 'n prysenswaardige gesindheid deur mense wat self onder swak omstandighede geleef het.

Die "ateljees" van die kampfotograwe is oor die algemeen druk besoek. In die meeste gevalle was die fotograwe self krygsgevangenes, maar daar is ook dikwels van beroepsfotograwe van die omliggende dorpe gebruik gemaak. Persoonlike foto's, groepfoto's, hut- of tentmaats, spesiale klasse, onderwysers en besture van verenigings is in groot getalle geneem. Hierbenewens is daar ook baie foto's gemaak waaruit 'n helderder beeld van die werklike kampelewe, leefwyse

51. Album van J. Teengs. (Album in besit van mnr. J. Teengs, S.A.U.K., Bloemfontein).

52. Hofmeyr, J.W.L.: Abraham de Klerk van Ceylon, p. 23.

53. Vgl. Dagboek van J. Teengs, p. 223; V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk, dl. 2, d.d. 31 Des. 1901; V.A.(O.M.-vers.) Notuleboek van Weeshuiskomitee kafee.

en bedrywighede verskaf word. In hierdie verband is veral die foto's van die selfgemaakte huisies, hul sale en kerke, kerkgangers in die buitelug, krygsgevangenes op die sportveld, groepe by die wasplek, piekniekgroepe in die vrye natuur en foto's van sportspanne of konsertgroepe van onberekenbare betekenis. Van hierdie kosbare erfenis uit die kampelewe is gelukkig groot getalle in albums en in privaat versamelings bewaar.⁵⁴

Al die genoemde bedrywighede was nog nie genoegsaam om in alle behoeftes van die krygsgevangenes te voorsien nie. Ligte, onderhoudende en opbeurende leesstof veral uit die lewens van die krygsgevangenes self, het steeds 'n leemte gebly. Gewoond, egter, om hulle ernstigste probleme self op te los, het diegene met skrywersaanleg en kennis van joernalistiek hulle talente en ervaring ingespan en is daar begin met die skrywe van kampkoerantjies om algemene kampnuus te versprei.

Onder leiding van F.J. van Dyk Mathey, H. Everitt en W.A.E. Schultz het die eerste kampkoerant, Kamp Kruidels, op 20 Desember 1900 in Deadwood verskyn. Hierdie weekblad is met die hand op wasvelle geskryf en afgerol.⁵⁵ Hoe en op welke wyse die kopieerapparaat bekom is, is ongelukkig onbekend. Die verskyning van dié koerant was 'n historiese gebeurtenis en volgens die redakteur, "ziet voor de

54. Sodanige versamelings en albums is onder andere in die Oorlogsmuseum in Bloemfontein, die Africana Museum in Johannesburg en ds. A.J.V. Burger van Pretoria.

55. Gegewens oor die ontstaan, samestelling van die redaksie, koste daaraan verbonde, is ongelukkig uiters skraal.

eerste maal in de geschiedenis van onze Volk een bladje onder omstandigheden als waaronder wy ons thans bevinden het daglicht." Die redakteur vervolgt: "Wy koesteren by den aanvang de hoop dat de mate van ondersteuning die ons goedgunstig door de Burgers zal worden verdiend, zoodanig zyn zal dat wy binnen niet langen tyd ons genoodzaakt zullen vinden ons thans nog zoo kleine vlerkjes aanmerkelyk groter te maken."⁵⁶ Die redaksie doen vervolgens 'n beroep op die krygsgevangenes om bydraes te stuur, "en niet bloot in den vorm van afvallende of opgeraapte kruimels, maar in dien vorm van een geregelde en steeds toenemende subscripties zyn zal."⁵⁷ Die versekering word aan die lezers gegee dat hulle nie in politieke sake betrokke wil raak nie, maar "zooveel mogelyk bepalen by ons doen en leven en laten in het kamp; nuttige en gemakelyke stukjes of kruimels op te nemen, gelegenheid te geven voor correspondentie over kamp zaken en onderwerpen van gemeenschappelyk belang."⁵⁸

Hierdie koerantjie van folio-formaat, vier tot ses bladsye, het nietemin 'n verbasende hoeveelheid verteenwoordigende nuusbrokkies en mededelings uit die kampele bevat. Om hierdie rede het dit in werklikheid 'n spieëlbeeld van die kampele in Deadwood geword. Daarin is byvoorbeeld reeds die planne vir 'n eie kleremakery uiteengesit. Die kleremakers was reeds daar, maar daar moes nog helpers "of leerjongen zyn die de ambacht leeren en tege-

56. Kampkruimels, 30.12.1900.

57. Ibid.

58. Ibid. Vgl. ook De Graaf, H.: op. cit., pp. 48-49.

lyk de kleremakers kunnen helpen." Dit skep ook die skone geleentheid vir diegene wat iets wil leer "waardoor zy mis-schien later de koste kunnen verdien."⁵⁹

In die uitgawe van 9 April 1901 beklemtoon die redakteur opnuut die uitsluitlike doel van die koerant, naamlik "to chronicle all the most interesting events of our life as Prisoners of War in Deadwood Camp, St. Helena."⁶⁰ Dit is interessant om daarop te wys dat hier Engels gebruik word. Dit sou later ook met ander kampkoerante die geval wees. Dit is moeilik om 'n presiese verklaring hiervoor te vind, want dit is klaarblyklik nie ter wille van die klein groepie Engelssprekende krygsgevangenes gedoen nie. Die kampowerhede het dit ook nie geëis nie. Dit lyk meer waarskynlik dat dit uit die invloed van die Engels georiënteerde opleiding van die redakteurs gespruit het.

Op 8 Junie 1901 het die eerste uitgawe van De Krijgsgevangene in Deadwood verskyn.⁶¹ Die doelstellings was dieselfde as die vir Kamp Kruimels. Hierdie weekblad van vier bladsye is aanvanklik deur B. Grant in Jamestown gedruk, uitgegee deur Fick en Everitt, en was onder redaksie van H. Everitt en J.H.L. Schumann. Die amptelike taal van die koerant was Hollands, maar "men kon ook schrijven op zijn Patriotisch."⁶² Vanaf die dertiende uitgawe is die teks ook met die hand op wasvelle geskryf en daarna afgerol. Benewens die gewone kampuus is 'n spesiale kolom

59. Kampkruimels, 30.12.1900. Vgl. De Graaf, H.:
op. cit., p. 49.

60. Kampkruimels, 9.4.1901.

61. De Graaf, H.: op. cit., p. 49.

62. Ibid.

aan godsdienstige sake gewy. Verslae oor die werksaamhede van verenigings, sportliggame en onderwys is in besonderhede in hierdie koerant geplaas.⁶³ In April 1902 het hierdie koerant weens omstandighede doodgeloop, nadat dit vir byna 'n jaar 'n onberekenbare positiewe bydrae tot die lewe en geluk van die krygsgevangenes op St. Helena gelewer het.

In Diyatalawa in Ceylon het agtereenvolgens die Diya-talawa Dum-Dum,⁶⁴ die Diyatalawa Camp Lyre⁶⁵ en De Prikkel-draad⁶⁶ verskyn. Van hierdie koerantjies is slegs nog enkele los uitgawes vir insae beskikbaar. Dit is gevolglik nie moontlik om hulle betekenis ten volle te evalueer nie.

In Diyatalawakamp het die Christelike Strewersvereniging daarin geslaag om 'n eie drukpers te bekom. Hierdeur is die vereniging in staat gestel om De Strever tussen 19 Desember 1901 tot 9 Augustus 1902, gereeld te laat verskyn. Hierdie bladjie van ses bladsye en van ongeveer 7 X 10 duim formaat, was onder redaksie van ds. P. Boshoff, ere-lid, C. Ferreira, A. le Roux, J. Steyn, C. van Heerden, F. Ferreira en G. Odendaal.⁶⁷ As lyfblad van die Christelike Strewersvereniging het dit verreweg die vernaamste publika-

63. Ibid., p. 49.

64. Gegewens oor die ontstaan, samestelling van redaksie, druk of kopiëring, bestryding van onkoste is uiters skraal. Geen volledige stel van die koerant kon gevind word nie.

65. Slegs enkele uitgawes van die publikasie was ter insae sodat uiters skrale gegewens bestaan.

66. Van hierdie bladjie wat die eerste keer op 10 September 1900 verskyn het, was ongelukkig ook net enkele uitgawes beskikbaar, sodat dit nie moontlik is om 'n evaluering van sy bydrae tot die komplewe te maak nie. Wat samestelling en inhoud betref was dit identies met ander kampkoerantjies.

67. De Strever, 19.12.1901, p. 3.

sie in Diyatalawa geword en het die adverteerders, redaksielede, korrespondente en ander medewerkers die blad van prikkelende leesstof voorsien. Die redaksie het homself veral ten doel gestel om die kampbewoners "godsdienstige leesstof te verskaffen." Hierdie stof is versamel deur "geestelike en stichtelike stukjes op te nemen door broeders in dit kamp geleverd; door dergelijke stukken uit ander godsdienstige bladen en boeken over, te nemen of daaruit te vertalen. Correspondenten zijn gevraagd geworden in vele deelen der wereld, en vooral uit krijgsgevangenen kampen de wereld over. Zodoende hopen wij te vernemen hoe het onze broeders en ook zusters op geestelijk gebied gesteld is in al de plaatsen."⁶⁸ Dit het inderdaad ook gebeur en juis om hierdie rede het De Strever 'n onontbeerlike bron van inligting oor die kampelewe en aktiwiteite wat in die kampe beoefen is, geword. Van hierdie kamppublikasie bestaan gelukkig verskeie volledige stalle.

Met die verskyning van The Skyview Parrot in Groenpuntkamp, word die doelstelling in die eerste uitgawe duidelik omskryf en stel die redakteur sy koerant aan die lesers voor, "which he hopes will find favour in the eyes of all those who seek to beguile a weary hour or two of their daily monotonous life by its perusal."⁶⁹ Dit was 'n prysenswaardige doel. Van hierdie koerant is enkele uitgawes opgespoor, sodat sy betekenis moeilik bepaalbaar is.

In Umbilo het The Tick slegs enkele kere verskyn en is toe waarskynlik gestaak weens die feit dat daar vanweë

68. Ibid., p. 1.

69. The Skyview Parrot, 18.9.1901.

die gedurige verskuiwing van krygsgevangenes geen konti= nuïteit in die koerantpersoneel was nie. Daar was ook nie altyd die geskikte persone om die redaksie van 'n kampkoerant te behartig nie. Tydens sy kort bestaan het dit wel 'n beeld van die lewe en bedrywighede van hierdie kamp verskaf.⁷⁰

In Augustus 1902 het enkele uitgawes van The Boer afloat verskyn.⁷¹ In Bermuda het die krygsgevangenes op Burtts-eiland, die bladjie, The Burtts Trumpet, 'n tydlank uitgegee. Die hele koerantjie van ongeveer folioformaat en wat vier bladsye beslaan het, is geheel met die hand geskrywe. 'n Enkele eksemplaar is aan die kennisgewingbord opgeplak waar almal dit kon lees.⁷²

Dit is nie maklik om die algemene rol en betekenis van die kampkoerante te bepaal nie. Dit is wel bekend dat hul verskyning in die kampe met gretigheid en geesdrif begroet is en dat daar in groot afwagting na die koerante op hulle verskyningsdae uitgesien is, aangesien dit veel bygedra het om die verveling en dadeloosheid van die kampe te verdryf. Naas die feit dat dit interessante leesstof oor eie doen en late en in sommige koerante ook die van ander kampe verstrek het, moes almal wat met die redaksionele werk, drukwerk, organisasie en die verspreiding van sulke publikasies te doen gehad het, daaruit ontsaglik veel genot

70. Slegs enkele los eksimplare van The Tick was beskikbaar, sodat 'n juiste evaluering van sy betekenis nie moontlik is nie.

71. Van The Boer Afloat was enkele byna onleesbare eksimplare beskikbaar. Dit is uiteraard onmoontlik om sy waarde en betekenis te bepaal.

72. Slegs een eksemplaar was beskikbaar. Vgl. D/K 15, p. 28. 'n Evaluering is uiteraard nie moontlik nie.

geput het. In sekere sin moes dit sommige krygsgevangenes se skryf- en joernalistieke vermoë aangewakker en geskerp het. Versorging, die uitgee en verspreiding van kampkoerantjies was tog in vele opsigte 'n skeppende daad wat vir redaksie en uitgewers sowel as die lesers groot genoegdoening en tevredenheid verskaf het.

Benewens die kampkoerante waarin kampgebeurtenisse aangeteken is, was daar ander skryfwerk waarin die werklike belewenisse van enkelinge of groepe gevangenes bewaar is. Talle krygsgevangenes het gebeurtenisse daaglik in dagboeke aangeteken en daarmee 'n deurlopende verhaal van gebeure nagelaat. In sommige gevalle is dit volledig weergegeen en behalwe die voordeel dat dit die skrywers elke dag 'n tydlank besig gehou het, vorm die dagboeke die volledige beskikbare verslag oor die lewe, behandeling en bedrywighede van krygsgevangenes gedurende hul gevangenskap.⁷³

Hierdie dagboeke is waarskynlik vir die skrywers, as persoonlike herinneringsboeke oor die doen en late van krygsgevangenes, bedoel. Sover bekend, is hierdie leesstof nie in die kampe vir die medegevangenes beskikbaar gestel nie. Anders as in die geval van kampkoerante, joernale en opstelle, het dagboeke dus geen wyer of algemene doel in die kampe gedien nie. Van hierdie skryfwerk het ongeveer 'n honderdtal behoue gebly en vorm dit 'n ryke

73. Van hierdie dagboeke is aansienlike getalle bewaar in die Oorlogsmuseum, Bloemfontein, die Oorlogsmuseum-versameling in die Staatsargief, Bloemfontein en in die Preller-versameling in die Staatsargief, Pretoria. Verdere dagboeke word as aanwinste in genoemde Argiewe bewaar. Ook in privaat besit word tans 'n aantal dagboeke gehou.

bron van kennis uit die lewe van die Boerekrygsgevangenes.

* * *

In elke kamp was daar uiteraard uiteenlopende persoonlikhede en karakters en was die kamplewe gevolglik nie net deur voorbeeldige leefwyse en hoë morele standarde gekenmerk nie. Terwyl talle krygsgevangenes besig was om hul tyd nuttig aan kultuur, sportbeoefening en handbedrywigheede te bestee, was daar diegene wat die harmonie versteur het deur reëls op allerlei slinkse en vindingryke maniere te oortree. Een van die grootste "sondaars" in hierdie opsig was die dranksmokkelaar. Sterk drank is in die kampe ten strengste verbied en die meeste krygsgevangenes het hierdie reël gehoorsaam. Die smokkelaar het wel groot oorspronklikheid aan die dag gelê om die reël te oortree, maar sy daad was op morele grondslae nie regverdigbaar nie, omdat hy ook sy mede-gevangenes se vreedsame lewe versteur het. 'n Opmerking van Hugo van Niekerk verraai ook duidelik dat die krygsgevangenes oor die algemeen hierdie praktyk veroordeel het. Hy maak melding van 'n krygsgevangene wat in Broadbottom tronk toe gestuur is oor dié misstap. Met afkeer noem hy ook dat selfs die rugbyspelers wat uitgaan om te oefen, drank met hulle saam in die kamp bring. Sy kommentaar hierop is: "Maar lage schurken worden overal gevonden. De Com. heeft vandaag strenge regels er over opgetrokken."⁷⁴ Die reëls is gewoonlik so streng toegepas dat oortredings beswaarlik kon plaasvind. Tog het smokkel=

74. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 132.

handel met sterk drank voorgekom. Dit het blykbaar hoofsaaklik op St. Helena plaasgevind, aangesien dagboeke of geskifte uit ander kampe van sodanige bedrywigheede geen melding maak nie, of dit slegs in enkele gevalle vermeld.

Dit kan moontlik verklaar word vanweë die feit dat die kampe op St. Helena so naby Jamestown geleë was, dat dit maklik te voet bereikbaar was. Krygsgevangenes het ook dikwels verlof gekry om Jamestown te besoek, sodat daar volop geleentheid was om sterk drank in die hande te kry. Met verloop van tyd het 'n aansienlike getal krygsgevangenes in Jamestown vaste werk gehad en die geleentheid om vir hulle makkers in die kampe drank te kry, elke dag voorgekom het. Die enigste probleem was gevolglik om die drank in die kampe in te bring. Hier het die vindingrykheid van die smokkelaar die beslissende rol gespeel.

Oor die bekende en algemeen beminde smokkelaar, oom Kootjie van die Deadwoodkamp, was daar baie staaltjies in omloop. Die meeste kampbewoners was gevolglik van sy flourerende "sakeonderneming" bewus en sy hut is druk besoek deur diegene wat bereid was om 'n sopie teen sy prys te koop. Die owerheid was eweneens van sy bedrywigheid bewus en sy hut is herhaaldelik deur die wagte deursoek. Solank as so 'n klopjag aan die gang was, het die ander krygsgevangenes om die hut vergader, "want dit het weer 'n bietjie sensasie in ons eentonige lewe gebring," deel 'n gevangene mee. Oom Kootjie is herhaaldelik betrap en gestraf, "maar drankhandelaar het hy gebly." Ook sy smokkelmetodes het vereers sy geheim gebly.⁷⁵

75. De Graaf, H.: op. cit., p. 49.

Sy vindingrykheid om drank in die kamp te kry, was verbysterend. 'n Tydlank het hy 'n bliktenk wat soos 'n onderbaadjie om sy lyf gepas het, gebruik. Die tenk is gereeld in Jamestown vol brandewyn gemaak, die klere bo-oor mooi reggetrek, en die verbode drank stap letterlik by die kamphek in, onopgemerk deur die wagte wat spesiaal teen dranksmokkel moes waak.⁷⁶ Oom Kootjie het by die slagter 'n klomp derms gekry. Die is mooi skoongemaak, om sy lyf gedraai en in Jamestown vol brandewyn gemaak en daarmee stap die smokkelaar helder oordag by die kamphek in en verkoop die drank teen 'n groot wins.⁷⁷

In sy uitgeholde kerie het oom Kootjie ook drank in die kamp ingesmokkel.⁷⁸ Die voorraad wat op hierdie manier in die kamp gebring is, was egter ontoereikend vir die aanvraag en 'n nuwe oplossing is gevind. Vir sy doel het hy 'n houtkarretjie met 'n dubbele buikplank gemaak. In hierdie geheime bêreplek onder die hout, is 'n dosyn bottels brandewyn gepak en in die kamp ingebring.⁷⁹ Toe die huisbouery goed op dreef was, het oom Kootjie op 'n nuwe plan gekom om sy drankvoorraad aan te vul. Vir die boubedryf het die krygsgevangenes baie garingpale in die veld gaan haal. Oom Kootjie het die pale versigtig uitgehol en tot vyftien bottels vol brandewyn in een so 'n paal gedruk, die oop punt weer versigtig toegemaak en die verbode drank

76. Ibid., p. 41.

77. Ibid., p. 41. Vgl. Die Huisgenoot, 22.3.1946. Artikel deur D.J. du Toit.

78. De Graaf, H.: op. cit., p. 41.

79. Ibid. Vgl. Die Huisgenoot, 22.3.1946. Artikel deur D.J. du Toit.

op die manier ingesmokkel.⁸⁰

Drank is ook op ander maniere in die hande gekry. Die kieriemarkers het hul deel tot die drankhandel bygedra. Van die owerheid het hulle verloop gekry om brandspiritus vir hulle werk in die kamp in te bring. Deur 'n eie proses is dit in drank verander en kon die "dorstig" lafenis kry.⁸¹ 'n Krygsgevangene wat gereeld melk in 'n emmer gaan haal het, het 'n vals bodem in die emmer laat insoldeer. In die onderste gedeelte is die brandewyn getap en daarna kom 'n bietjie melk bo-op.⁸²

'n Krygsgevangene van Deadwood het selfs daarin geslaag om die hulp van 'n soldaat in kolonel T.P. Evans se kantoor te verkry. Die brandewyn is bedags by die kantoor afgelewer, veilig bewaar en in die aand aan die krygsgevangene oorhandig.⁸³ Geldelike vergoeding sou hier waarskynlik 'n belangrike rol gespeel het. Namate die geheime van die smokkelhandel egter ontdek is, het dit steeds moeiliker geword om drank in die kampe te kry en is daar nie getuienis dat hierdie ongewenste praktyk end-uit volgehou is nie.

* * *

Die meeste krygsgevangenes was boere en dus van kleins af aan 'n aktiewe lewe gewoond. Hul daaglikse be-

80. De Graaf, H.: op. cit., p. 41. Vgl. Kotze, C.R.: op. cit., pp. 89-91.

81. Vgl. Die Huisgenoot, 22.3.1946. Artikel deur D.J. du Toit.

82. Ibid. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 41; Kotze, C.R.: op. cit., pp. 89-91.

83. De Graaf, H.: op. cit., p. 41.

drywighede het uit plaaswerk soos saaiery of oesinsameling bestaan. Wat die veeboere betref, was hul taak hoofsaaklik die versorging van hul diere. Met georganiseerde sport terwille van die ontspanning, het hulle haas geen kennis gemaak nie. Oud-amptenare en dorpsbewoners was in hierdie opsig gelukkiger, want baie van hulle was gereelde beoefenaars van een of ander sportsoort en hulle was bowendien ook nie aan so 'n aktiewe lewe soos die boere gewoond nie. Om genoemde rede was die ledigheid vir hulle nie so 'n ondraaglike straf, as vir die boere nie. Hulle kon opnuut die bekende sportsoorte beoefen om die tyd te verdryf en om die nodige liggaamlike ontspanning te kry. Sportbeoefening as 'n vorm van liggaamlike aktiwiteit was vir die boere grotendeels onbekend.

Liggaam en gees het egter spoedig die nadele van opsluiting en afsondering gevoel en het daar gevolglik groot behoefte aan beplande en georganiseerde ontspanning ontstaan. Aanvanklik het dit aan inisiatief ontbreek om die voortou in hierdie verband te neem. Gaandeweg het die oortuiging ontstaan dat die liggaamlike en geestelike onaktiwiteit vir die gevangenes nadelig is. "De ondervinding heeft my geleerd dat men niet ledig behoort te zyn," verklaar krygsgevangene Schalk Pienaar.⁸⁴ Afgesien van die feit dat die ledigheid hul gesondheid sou ondermyn, was daar ander en dringender faktore. "Iets moet men in dit kamp doen; anders zou het leven van een krijgsgevangene gansch ondragelijk zijn - niets dan eten, drinken en slapen," aldus

84. O.M. Privaat brief van Schalk Pienaar, 2.12.1900.

Rocco de Villiers.⁸⁵ Om ledigheid te verdryf en tog nuttig aktief te wees het krygsgevangenes die keuse gehad om hulself doenig te hou met die vervaardiging van een of ander gebruiksartikel wat hulle nodig gehad het en/of aan een of ander vorm van fisieke ontspanning deel te neem.

Veral die jongeres het 'n vorm van fisieke ontspanning verkies en is hulle aangemoedig om sportbane aan te lê en aan gesonde mededingende sport deel te neem. Dit was juis deel van die liggaamlike aktiwiteit dat die gevangenes self vir die aanlê en instandhouding van hulle bane moes instaan. Apparaat moes op een of ander manier aangeskaf word en om die nodige geld in te samel, moes hulle byeenkomste reël om fondse te in. Ondernemingsgees en vindingrykheid is daardeur gestimuleer en eensklaps was daar groot bedrywigheid in die kampe. Daar was nou minder tyd vir 'n getob oor die dinge wat verby was: geleentheid vir selfbejammering was daar nie en het dit die aanpassing by die nuwe omstandighede en 'n nuwe leefwyse vergemaklik.

Dit moet egter ook gestel word, dat genoemde bydrywig-hede nie in alle kampe in dieselfde mate plaasgevind het nie. Verskillende faktore het daartoe meegewerk. Persone wat die leiding geneem het, het van kamp tot kamp verskil. Die Britse kampkommandante het verskillend teenoor Boere-inisiatief gereageer en die klimaatsgesteldhede het 'n beslissende uitwerking op kampbedrywig-hede uitgeoefen. In sommige van die kampe in Indië waar die uiterste warm toestand geheers het, was liggaamlike aktiwiteit uiteraard

85. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, in die voorrede.

haas onmoontlik, terwyl daar elke dag in die koeler streke 'n oormaat sportbedrywighede beoefen is. In party van die kampe in Bermuda was die ruimte so beperk dat daar eintlik nie plek vir georganiseerde sport was nie. Die Broadbottomkamp het weer ernstige probleme met 'n skuins geleë terrein ondervind. Dit is om sodanige redes verbasend dat die Boerekrygsgevangenes in vreemde wêrelddele aan soveel verskillende sportsoorte deelgeneem het. Volgens 'n beriggie in The Tick wat in Umbilo verskyn het, blyk dit dat selfs hier waar krygsgevangenes slegs vir kort tydjies aangehou is, ook sport beoefen is. "The tennis, cricket and football grounds are in good progress and nearing completion," vermeld die blad. "A novelty has been added to our pastime by the introduction of Ping-Pong, although we fail to find anything manly or any promotion of physical development in the game."⁸⁶

'n Krygsgevangene op St. Helena deel mee dat sport as 'n afleiding beoefen is en dat veral rugby, krieket, tennis, atletiek en boks die meeste aftrek gekry en gevolglik die grootste aanhang geniet het. Boksgevegte het groot skares gelok en by boksgevegte het weddenskappe redelik algemeen voorgekom.⁸⁷

Op die Bermudas was die terrein beperk, met die gevolg dat die beoefening van sport afgehang het van wat op die beskikbare terrein moontlik was. Dit het gevolglik van kamp tot kamp verskil. Die enigste tennishane was

86. The Tick, 5.6.1902.

87. Die Huisgenoot, 22.3.1946. Artikel deur D.J. du Toit.

byvoorbeeld op Darrell's, Tucker's, Morgan's en Hawkins, terwyl krieket op Hinson en Morgan's gespeel is. Die krygsgevangenes op Burtts het hulle hoofsaaklik op swem toege-spits.⁸⁸ 'n Krygsgevangene op Bermuda deel egter mee, dat rugby ook gespeel is en dat wedstryde tussen die verskil-lende kampe baie geesdrif gewek het. Ook daar moes die krygsgevangenes self vir geskikte terreine sorg.⁸⁹

Behalwe die beoefening van genoemde sportsoorte wys De Graaf daarop dat skerm ook 'n gewilde sport in Deadwood was. Dié sport is deur die Europese krygsgevangenes inge-voer en dit het uit die aard van sy onbekendheid, by die Boerekrygsgevangenes groot byval gevind en hulle bewonde-ring afgedwing.⁹⁰

Die beoefening van sport wat as 'n gevoelde behoefte vir liggaamlike aktiwiteit ontstaan het, het egter 'n veel groter doel gedien. Dit was 'n aangename teenvoeter teen ledigheid, heimwee en selfbejammering. Vir die deelnemers was dit vormend en bevorderlik vir samehorigheid, vir span-gevoel, en vir die nie-deelnemers was dit 'n tydelike heen-kome, 'n ontvlugting in tye van groot geestelike spanning of verveling. Toeskouers is gevolglik in groot skares ge-lok, sowel by oefeninge as by wedstryde.

R.L. Brohier beweer dat uitdaagwedstryde op die tennis-bane groot belangstelling gewek het en die geesdrif het daar soms hoog geloop en "helped to dispel the dullness

88. Benbow, Colin.: Boer Prisoners of War in Bermuda. Vgl. ook, T.A. Aantekeninge van H.W. Schulenburg te Bermuda, p. 28.

89. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, pp. 160-161.

90. De Graaf, H.: op. cit., pp. 189-190.

and monotony to be expected in a prisoner-of-war camp."⁹¹ Uitdaagwedstryde was boonop baie bevorderlik vir die ontwikkeling van 'n gesonde groepgees. Veral in Diyatalawa was uitdaagwedstryde maklik moontlik, want die Vrystaters en Transvalers was in afsonderlike "dorpe" in die kamp. Die Transvalers was in Krugersdorp en die Vrystaters in Steynsburg gevestig. Herhaaldelik het die twee "dorpe" teen mekaar in wedstryde opgetree en sportmanne en toeskouers kon met ewe veel geesdrif aan die botsings deelneem. "Na afloop van die spel nooi die winners gewoonlik hul ondersteuners om deel te neem aan die pisangfees," verklaar S.M. de Villiers.⁹²

'n Besoekster M.A.A. Galloway, was getref deur die veelvuldige sportbedrywighede op die sportbane "and the surrounding country is explored and enjoyed by large walking parties on parole."⁹³ Die geesdrif vir al hierdie vorme van ontspanning was hoog en dit het selfs in hul briewe nanklank gevind. Die sensors is byvoorbeeld getref deur die feit dat gevangenes soms breedvoerige verslae oor sportwedstryde in hul briewe neerskryf. "The sporting men of the camp fill their letters with descriptions of football and tennis matches as religiously as their older companions resort to biblical lore and saying."⁹⁴

Die sportbedrywighede het by diégene wat moed verloor

91. Brohier, R.L.: The Boer Prisoners-of-War in Ceylon (1900-1902) (Reprinted from the D.B.U. Journal, July 1947), p. 15.

92. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 42.

93. Galloway, M.A.A., op. cit., p. 190.

94. H.C. Vol. 85, p. 1. Verslag van sensors, Diyatalawa, 26.4.1902.

het, wat sy dae ledig en doelloos verslyt het, nuwe belangstelling gewek en hul selfs beïnvloed om elkeen op sy eie manier aan iets deel te neem. Daar kan dus in 'n mate met P.J. Nienaber saamgestem word, as hy beweer: "Erens was daar vir elke balling 'n plekkie waar hy tuis voel so= dat niemand hom meer verveel het nie."⁹⁵

Op St. Helena was dit 'n reusagtige onderneming as sportspanne van die twee kampte teen mekaar wedstryde gespeel het. Krygsgevangenes wat in die wedstryde moes optree, moes ongeveer drie uur lank loop om van hul eie kamp by die ander kamp uit te kom.⁹⁶ Sulke wedstryde was egter veel meer as net die aanknoop van sportbetrekkings of beoefening van mededingende sport. Die krygsgevangenes het gevolglik daarvan 'n sosiale en kulturele geleentheid gemaak. Die gashere het die verrigtinge gewoonlik met 'n konsert afgesluit.⁹⁷ Die programme daarvan getuig van die goeie smaak van die organiseerders daarvan en veel belangriker, van die groot talent wat by hierdie geleentheid tot ontplooiing gekom het. Krygsgevangenes het hierdeur ook die kans gehad om met andere te meng, van hulle te leer en om oor allerlei kampsake gesonde menings te wissel.

Die volgende dien as voorbeeld van 'n konsertprogram wat by een sodanige geleentheid aangebied is.

1. (a) De Hemele roemen de Grootheid des Heeren.
- (b) Serenade. Mannenkoor.
2. Symphonie van Danela voor 2 violen en piano.

95. Nienaber, P.J.: Nag op St. Helena, p. 62.

96. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp. 97-98.

97. Ibid., pp. 99-101.

3. Zware Strijd. Toneelspel in een bedrijf van
J.F. Houtzager.
4. Sonate van Beethoven voor 2 viool en altviool.
5. Het Kruis in het bosch. Mannenkoor.
6. Klaas Lap. Voordracht van den heer Teengs.
7. Lied te zingen door den heer Dykman.
8. Utopia. Quartet voor 3 violen en piano.
9. Komisch Zang door A. Borchers.
10. (a) De Lof van't Druivensap.
(b) Drinkliedje
Mannenkoor
De Barbiersjongen.
11. Pantomieme gearrangeerd door den Hr. C. Staas.
12. Sluiten met Volksliederen.⁹⁸

Dit is interessant dat daar zelfs van die kant van die owerheid belangstelling in hierdie aspekte van die klein samelewing was en dat die kampkommandant dikwels in die geledere van die toeskouers opgemerk is. De Krygsgevangene doen verslag van sodanige sportbyeenkoms in Broadbottom en noem die feit dat, "among the visitors were to be seen Col. Wright with several British Officers."⁹⁹ 'n Ander opmerking in die verslag beklemtoon die kwessie van samehorigheid en spangees, want "everyone assisted in rendering the sports a complete success."¹⁰⁰ Behalwe die taaie mededinging, "the Ruiters Tournooi afforded much amuse-

98. Ibid.

99. De Krygsgevangene, 29.6.1901. Vgl. ook The St. Helena Guardians, 1.11.1901; V.A.(O.M.-vers.)
Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom,
dl. 2, p. 178.

100. De Krygsgevangene, 29.6.1901.

ment and was won by Boddendijk mounted on Du Plessis."¹⁰¹

Sport het ook 'n nuttige doel as geleentheidspel ge= dien. Vir die feesviering op 10 Oktober, is 'n groot at= letiekbyeenkoms in Deadwood gereël. Die deelnemers het reeds lank voor die tyd hard geoefen en die byeenkoms was in alle opsigte, wat prestasies en organisasie betref, 'n klinkende sukses. Dit het baie tot die sukses van die fees= viering bygedra. Die Engelse offisiere het ook die verrig= tinge bygewoon en gunstige kommentaar oor die verloop van die byeenkoms gelewer. "Ze hadden niet verwacht dat de "Boors" iets zoo goed zoude kunnen doen en drukte hunne verwondering herhaaldelyk uit," skryf J. Teengs.¹⁰²

By die sportbeoefening was daar wel groot geesdrif, maar die feit dat daar ook gereeld wagte aan diens was, kon moontlik 'n steurende faktor word. Gaandeweg was deelne= mers egter so gewoond daaraan, dat daar eintlik 'n mate van wedersydse ongeërgdheid ontstaan het. "Shuttles and Quoits were much in vogue. In the cool of the afternoon, tennis, cricket, and football soon became regular items in their programme of athletic pastime, and while a Tommy sat with loaded rifle at each corner of the ground ready for any emergency, the captives exercised their minds and bodies with the utmost unconcern."¹⁰³

In Ceylon het dit selfs gebeur dat krieketwedstryde tussen die spanne van krygsgevangenes en die van plaaslike klubs gespeel is. "The vast crowds that gathered to wit-

101. Ibid. Sien Bylae W, p. 596 vir voorbeeld van sport= programme.

102. Dagboek van J. Teengs, p. 114.

103. Brohier, R.L.: op. cit., p. 13.

ness the matches, however, amply testified the appreciation of this small act of conciliation towards an involuntary guest." lui R.L. Brohier se kommentaar hierop.¹⁰⁴ Die skrywer maak die opmerking dat die atletiekbyeenkomste altyd interessant was, maar die aanskoulikste was altyd, "a mile race for boys under 21, for which there were generally about 30 entrants who were able to go a mile as if it were a 220 yards race."¹⁰⁵

Hoewel van veel geringer omvang, is daar in die Indiese kampe ook aan sport deelgeneem. 'n Krygsgevangene, S.P. Malan, noem die feit dat die gevangenes in Umballa, voetbal, krieket en ander sportsoorte beoefen het. Veral krieketwedstryde teen die Britse troepe het groot belangstelling gelok.¹⁰⁶ Ook in die parolerkamp, Dagshai, het die krygsgevangenes krieketwedstryde teen die Britse offisiere gespeel.¹⁰⁷

Waar sportbeoefening meer op die bloot fisieke ontspanning toegespits was, was daar ander vorme van ontspanning wat ook verstandelike inspanning, konsentrasie en geestelike dissipline vereis het. Dit het veral die omvangryke terrein van handbedrywigheede geraak. Om die ledige ure te verdryf en die tyd minder vervelig te maak, het 'n aantal krygsgevangenes reeds in die Suid-Afrikaanse kampe begin om met hulle knipmesse allerhande artikeltjies uit sagte leiklip en ander materiaal te sny. Hierdie werksaam-

104. Ibid., p. 14.

105. Ibid., p. 15.

106. Aantekeninge van S.P. Malan te Umballa en Dagshai, p. 22. (Oorspronklike in besit van mnr. S.P. Malan, Windhoek).

107. Ibid., p. 40.

heid het hulle gedagte tydelik van hulle benarde posisie afgetrek. Sommige gevangenes het in die proses artikels van hoogstaande gehalte uitgesny en daarmee voorwerpe van kampkultuur vir die nageslag nagelaat, soos uit fotografiese voorbeelde in Bylae X sal blyk.¹⁰⁸ In Groenpuntkamp maak Hugo van Niekerk melding van handbedrywighede om "al=lerlei kunstwerk te maken. Oom Pauls en Pres. Steyns beelden worden op klip uitgesneden. Kettingen, tiepins, lockets en horloge kettingen worden van klip gemaakt. Ik zag eene prachtige V.S. vlag gemaakt van oude postzegels. Snuifdozen van hout en nog vele andere dingen worden ge=maakt."¹⁰⁹

Dit is 'n interessante feit dat dieselfde soort hand=bedrywighede haas in al die krygsgevangekampe beoefen is, sodat dit onmoontlik is om 'n besondere voorloper van hier=die bedrywighede in enige kamp aan te wys. Die bedrywig=hede waarmee reeds in die Suid-Afrikaanse kampe begin is, is in die oorsese kampe op veel groter skaal voortgesit.

Veral in die streke waar die toestande en klimaat vir liggaamlike en verstandelike prestasies bevorderlik was, was dit gebiedend noodsaaklik dat daar ander dinge as net sport gevind moes word om die ledige ure te vul. In hier=die opsig het die skeppende handbedrywigheid die leemte gevul.

Gereedskap het die krygsgevangenes aanvanklik nie ge=had nie en was hulle hoofsaaklik op hul knipmesse alleen

108. Sien Bylae X, p. 597 vir fotografiese voorbeelde van snywerk.

109. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, pp. 40-41.

aangewys, "en toe die knipmesse nie meer wou beantwoord nie, word hulle in sae verander en toe die saag in 'n mate sy tyd uitgedien het is daar alreeds 'n paar draaibanke klaar om die werk te verbeter en te vergemaklik," verklaar S.M. de Villiers.¹¹⁰ Ten spyte hiervan is hulle werk steeds deur 'n groot skaarste aan gereedskap aan bande gelê. Die hele proses om van stukkies plaat en stukkies draad die nodige gereedskap te maak, het aan hulle vernuf 'n hoë eis gestel. Gereedskap soos bore, beitels, sagies en skawe het hulle alles self gemaak. "Dit stamp en skuur en slaan stukkies metaal en vorm dit tot nuttige werktuie," getuig C.R. Kotze.¹¹¹ Oor hierdie vindingrykheid om self gereedskap te maak, skryf P. Gosse: "The prisoners had only improvised tools, such as old table knives made into saws, umbrella ribs into frit-saws, and hammers made of stones, and yet with these and similar make-shift implements they turned out pipes, models of carts, walking-sticks and various articles made out of bone."¹¹² Ook C.P. Pretorius noem die selfgemaakte gereedskap soos "zaag van hoepel sjaaft van hoepel is de bijdels in winkelhaak van houd allis netjies."¹¹³

Oor hierdie gespesialiseerde tydverdryf het hoë lof van die Amerikaner, E.F. Knight, gekom. "The prisoners have certainly displayed a great ingenuity. Not having tools, they made planes out of table knives, saws out of

110. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 45.

111. Kotze, C.R.: op. cit., p. 51.

112. Gosse, Philip.: St. Helena 1502-1938, p. 339.

113. Dagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 75.

barrel hoops, and with the aid of these and other similarly rough instruments they have manufactured out of ebony, beef bones, and other material, a variety of articles that display excellent workmanship, such as inlaid cabinets, pipes, paper-knives, models of artillery and toy ox-wagons."¹¹⁴

Die handwerkies het allerhande vorme aangeneem want hierdie skeppende werk het met die geestelike omstandighede van die gevangenes en die materiaal tot hul beskikking, saamgehang. Toenemend het die krygsgevangenes hulle besig gehou met die uitsny van snuisterye, "en het maken van curiositeiten, is thans in dit kamp tot een nijverheid aangegroei, waaraan menigeen het te danken heeft, dat hy niet alleen voor hem aangenaam tijdverdrijf heeft, en zich nooit behoeft te vervelen, maar dat hij altijd een paar centen bezit om't een en ander te koop en," berig De Krygsgevangene.¹¹⁵ Hiermee het die winsmotief ook 'n rol begin speel. S.M. de Villiers maak ook melding van die feit dat die krygsgevangenes in Ceylon meer snuisterye gemaak het om daarmee handel te dryf.¹¹⁶ Veral die Britse offisiere het van die handwerk gekoop en daarmee die ywer van die krygsgevangenes gestimuleer, beweer C.R. Kotze.¹¹⁷ Die winsmotief het een groot voordeel vir die handwerkbedryf gehad. Vir beter vervaardigde artikels is hoër pryse betaal. Dit het die krygsgevangenes verplig om aandag en

114. Knight, E.F.: With the Royal Tour, p. 67. Sien ook Bylae Y, p. 598 vir fotografiese voorbeelde.

115. De Krygsgevangene, 3.4.1902.

116. O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 45.

117. Kotze, C.R.: op. cit., p. 51.

sorg aan die gehalte van hul handwerk te bestee.¹¹⁸

In die kampe in die Bermudas is omtrent alle soort houtwerk gedoen en allerhande afvalmateriaal is tot kunstige voorwerpies verwerk. Onder die bome was 'n primitiewe draaibank van planke aanmekaar getimmer en met die hand gedraai, maar daar is 'n hele groep krygsgevangenes daagliks nuttig besig gehou.¹¹⁹ Wat die algemene bedrywighede in die verskillende eilandkampe in Bermuda betref, het dit min van mekaar verskil. Dit was oral die ene bedrywighede en 'n groot verskeidenheid goedere van hoë kunstgehalte is vervaardig. Hieroor skryf Rocco de Villiers in sy dagboek: "Vele curios van verskillende soorte word alhier gemaak en word artikelen alhier vervaardig, die hy in gewone tyd nooit aan sou gedaght hebben. Men probeert alles : van een das tot een borstspelt tot een wagen en kar, en het is wonderlik te sien hoe kunstig de menschen zijn. Overal waar men komt zijn zij bezig het een en ander ding te maken."¹²⁰

Aan oorspronklikheid om dinge te maak, het dit blykbaar ook nie ontbreek nie. "They try to whittle all kinds of trinkets for sale to the tourists at Hamilton or generous friends in the United States. They have a certain adroitness for such work, but are in great want of knives

118. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 171. Artikel deur M. Hollebrands. Vgl. ook; Gosse, Philip.: op. cit., p. 339.

119. A Resident. The Boer Prisoners at Bermuda. Their life in a West Indian Paradise, and what they think of the War, pp. 363-364.

120. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 173.

and tools," verklaar J.A. Hassell.¹²¹ Vol ywer is die werk aangepak en met toewyding het die krygsgevangenes hulle daaglik daarin verdiep. 'n Krygsgevangene, J.D.T. Krynauw beweer dat die kampe byna soos fabriek ingerig was. "Oral in die kamp en buite die kamp was groepe wat die hele dag besig was om te fabriseer."¹²² J.A. de Villiers getuig hoedat hy op 'n dag 'n toggie deur die kamp onderneem het en al die werkplekke aangedoen het. Na al die voorwerpies het hy noukeurig opgelet. "Dien dag kon men mooie en kunstige goederen sien, met een woord kwamen de vervaardigers alle lof toe."¹²³

Dit is duidelik dat die gedwonge ledigheid en verveeling onder die krygsgevangenes ook op St. Helena die spoorslag vir die geweldige handbedrywigheid gelê het. Ook hier het die skeppende krag van ongeskoolde mense tot 'n verbasende hoë peil ontwikkel. Talle van die gevangenes het skielik bewus geword van sluimerende talent. Aanvanklik was hul handwerk toegespits op die maak van nuttige gebruiksartikels. C.R. Kotze beweer: "Van leë blikkies het hulle drinkbekertjies gemaak en andere sny met hul knipmesse allerhande artikels soos rakkies, staandertjies en ander nuttige ware om 'n paar geriewe in die andersins primitiewe omstandighede te skep."¹²⁴ Met hierdie werk afgehandel, het die groter kunsskeppinge begin en almeer is die kragte en vermoë ingespan om kunstige voorwerpies

121. Hassell, J.A.: The Boer Concentration Camps of Bermuda, p. 12.

122. T.A. Herinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 87.

123. K.A. Dagboek van J.A. de Villiers, p. 51.

124. Kotze, C.R.: op. cit., p. 50.

te maak, moontlik met die doel om dit vir die gesinslede te neem, as hulle eendag teruggestuur word. Voortdurende aanmoediging om hul skeppinge te verbeter, het die gewenste uitwerking gehad en krygsgevangenes het hul steeds meer beywer om kunstige voorwerpies te maak, klein monumentjies uit 'n tydperk van onderdrukking om 'n nageslag met trots te vervul en aan 'n verbygegane heldegeslag te herinner. Daarom het die bedrywighede gedy en "zoo ontstond er eene nyverheid die zoo te zeggen uit niets begon," skryf J.H.L. Schumann.¹²⁵ Baie probleme is oorwin, die skeppende vermoë van die krygsgevangenes het tot volle ontluiking gekom en "hier het Boere-vernuf in der waarheid 'n tuisnyverheid geskep," getuig C.R. Kotze.¹²⁶ Oor die "fabrieksentrum" skryf Kotze: "Blikkiesdorp het allengs geword die middelpunt van handel en kunsvlyt. Daar werk honderde manne dwarsdeur die nag met naald, kwas, saag, boor en mes."¹²⁷

Geleidelik het die werksaamhede meer gespesialiseerd geraak en by verskillende persone of groepe is daar op die vervaardiging van slegs enkele voorwerpe of artikels toegespits. Deur sodanige spesialisasie is die gehalte verbeter. Philip Gosse noem as voorbeelde van die kunstige voorwerpe wat hom veral opgeval het tydens sy besoek aan Deadwood, die pype, modelle van perdekarre, wandelstokke, die ringe en borsspelde wat van been gemaak is.¹²⁸ Uit muntstukke is medaljes gesny met die borsbeelde van die

125. Schumann, J.H.L.: St. Helena, p. 24.

126. Kotze, C.R.: op. cit., p. 51.

127. Ibid., p. 58.

128. Gosse, Philip.: op. cit., p. 339.

twee staatspresidente daarop uitgekerf. 'n Vindingryke Boer het sy primitiewe draaibank met die wiel aan 'n windmeule verbind en daarmee momentum aan hierdie vertakking van hulle handbedrywighede gegee. Kleremakery, fotografie en skilderwerk is beoefen.¹²⁹ Erich Mayer het met 'n eie verfmengsel twee indrukwekkende skilderye van die twee staatspresidente geskilder, asook 'n aantal treffende panele om 'n getekende landkaart van St. Helena.¹³⁰

In Deadwood is selfs so ver met die aangeleerde vaardigheid gevorder dat jong seuns wat daarin belangstel, hulle as vakleerlinge by die skoën- of kleremakery kon laat inskryf om hulle daar as geskoolde vakmanne op te lei en hulle genoegsaam toe te rus vir die nuwe bestaanstryd in Suid-Afrika na die oorlog.¹³¹

Drie Boere, N.J. Jooste, A.W. Borchers en G.A. Lötter, het 'n volledige houtkanon met ammunisiewaentjie gemaak. Dit was 'n meesterstuk, maar so presies soos die werklike wapen, dat die kolonel so hewig ontsteld was oor die "gevaarlike ding", dat hy dit dadelik laat verwyder het.¹³²

Gaandeweg het die algemene gehalte van die handewerk verbeter en die eie skeppinge het kunstiger en ingewikkelder geword. Die sluimerende kunstenaarstalent het gedurende hul gevangenskap die geleentheid gehad om in die ongekunstelde Boere ten volle te ontplooi en in pragtige

129. Kotze, C.R.: op. cit., pp. 52-55.

130. Skilderstukke in Oorlogsmuseum, Bloemfontein. Vgl. ook, O.M. Herinneringe van Ceylon van O. van Oostrum; Kotze, C.R.: op. cit., pp. 52-54.

131. Vgl. Dagboek van J. Teengs, p. 162.

132. De Graaf, H.: op. cit., p. 45. Vgl. Kotze, C.R.: op. cit., pp. 52-55; Dagboek van J. Teengs, pp. 108-109.

en spontane skeppingsvorme tot uiting te kom. Deur die nuttige besteding van hul vrye tyd, het die krygsgevangenes aan hulself 'n groot diens bewys, want in hulle vormings- en wordingsjare het latente vermoëns in skeppende werk ontluik.

By geleentheid van die jaarlikse tentoonstelling in Jamestown op St. Helena, het die goewerneur van die eiland die krygsgevangenes genooi om ook deel te neem en van hul le artikels uit te stal. Oor die uitstalling het die krygsgevangenes baie gunstige kommentaar gelewer. Groter lof is hulle egter deur die goewerneur van die eiland toegeswaai en met groot verering vir hierdie ingetoë mense meld hy: "But the unique feature of the Exhibition was the large room devoted to the work of the prisoners of war. As an object lesson to the St Helenians it was most valuable, showing how perseverance and energy could triumph over almost insurmountable difficulties, with the rudest implements, nails, pocket-knives, selfmade little planes and saws (which were also exhibited), the tables and walls were covered with most artistic work in wood and bone and metal."¹³³ Die waarderende woorde van die goewerneur geld in besonder 'n sekere paar uitstalstukke wat hy spesiaal noem. "A large model of a gold stamping mill, complete in all its details, excited much attention and admiration. There was a great show of carved walkingsticks, carved boxes, picture frames, metal work in the shape of commemoration medallions and one most lovely little spray of

133. C.D. 431. St. Helena Report for 1900, p. 10.

a rose with leaves in silver made out of a half-crown piece, very delicate and artistic."¹³⁴

In die geledere van die krygsgevangenes was daar gelukkig ook diegene wat die gevangenes voortdurend aangemoedig het om hul tyd nuttig te bestee, want, "als ons stryd voorby is, blyven onze daden en werken en die zullen in de geschiedenis van ons volk opgenomen en over de wereld verspreid worden en naar de zelve zullen wy beoordeeld worden."¹³⁵ Aanmoediging van hierdie aard het die krygsgevangenes tot selfkritiek aangespoor en hulle gevolglik in staat gestel om op vroeëre prestasies te verbeter. In Diyatalawa het dit nie alleen die gevangenes tot beter werk gestimuleer nie, maar steeds meer krygsgevangenes tot handbedrywigheid aangevuur. Nadat handwerk sy vaste beslag gekry het, het dit spoedig tot 'n bedryf ontwikkel. In hierdie proses is allerhande materiaal tot kunstige voorwerpe gevorm. Namate hul vaardigheid toegeneem het, is die krygsgevangenes tot groter inspanning, vindingrykheid en ondernemingsgees aangespoor.

By geleentheid was daar in Colombo 'n uitstalling van hierdie skeppingswerk van die krygsgevangenes. "Hed is ongelooflik dat een mens het kan maak van vuurmaakhoud en met een knipmes eenige soort, de Cornel was zelf verwondert zecht hij heb hed nooit kon dunk van de Afrikaanders dat zij zoo kunstig kan werk met zulke gereedschappen wat hij ziet," skryf C.P. Pretorius.¹³⁶ Onder die uitstalstukke was daar selfs 'n olieverfskildery van die slag van

134. Ibid.

135. Die Huisgenoot, 30.8.1940. Aangehaal deur Kotie Roodt.

136. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 108.

Spioenkop.¹³⁷ Oor die uitgebreide werksaamheid in die kamp skryf C.P. Pretorius: "Vendag heb ik rondgegaan in ons camp het was aangenaam om al de prachtige handwerk te zien wat met de knipmes gemaak werd in meest van vuurmaakhoud ander weer van zwart ebbehout die moeten zij koop eenige borspelden ringen lokkets serfetringen in stets van eenige soort."¹³⁸ Die arbeidsaamheid van talle krygsgevangenes moes opvallend gewees het, en alhoewel hulle hoofsaaklik met hout gewerk het, meld De Krygsgevangene ook van werkery aan "medallies en wapenen van metaal."¹³⁹ Die grootskaalse bedrywigheid val 'n krygsgevangene, H.G. Thiel, ook op as hy skryf dat hy "die krygsgevangenes oral hard aan die werk aantref, elkeen verdiep in sy handwerk "met allerhande werkjes uit hout, blik, steen, leiklip, been, leer, hoorens, ja van eenig meteriaal waarvan moegelyk is iets te maaken. Alles is bezig, geen enkele lui-lakt."¹⁴⁰

Byna daagliks is nuwe dinge gemaak en ander vorme van handbedrywighele getoets. Op die manier is ook dinge wat vir hulle nuttig en versierend was, gemaak. "Overal," skryf C.P. Pretorius, "heb den burgers weer een nuiwen uitvinsel om nek taais te hiekkel deur een plankkie met kitoen in wol jonge en oude zit in hiekel zommige groot plankken maak frouwens mantels."¹⁴¹ Dit het deurgaans voorgekom asof

137. Brohier, R.L.: The Boer Prisoners-of-War in Ceylon (1900-1902), p. 12.

138. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 68.

139. De Krygsgevangene, 15.6.1901.

140. T.A. Oorlogsherinneringe van H.G. Thiel, p. 8.
Vgl. ook, Dagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 75.

141. Dagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 80.

die gevangenes hierdie take met volle oorgawe en grootste toewyding verrig het.

In Ceylon is veral gebruik gemaak van die mooi ebbehout, maar murgbene is eweneens ook nie versmaai nie en op verbasende vindingryke wyse is hierdie materiaal gevorm tot voorwerpies wat elkeen sy besondere boodskappie van die hartstog van 'n krygsgevangene in die wêreld ingedra het. Deur die toegewyde oefening het groter vaardigheid gekom en hieruit het weer fyner en mooier afronding gevolg. Van die voorwerpe is gekoop en verkoop en die handelaar het hoër pryse vir beter afgewerkte voorwerpe betaal. Dit het 'n gunstige uitwerking op die krygsgevangenes uitgeoefen, want hulle het toenemend meer selfkritiek aan die dag gelê en was meer gesteld op goeie en netjiese afwerking as in die begin. "Toen bleek dat verskillende van de artikelen door officieren en minderen als herinneringen aan "The Boers" werden gekocht, ontwikkelde zich 'n hout-en-been snijwerkindustrie die van kunstvaardigheid getuigde," verklaar M. Hollebrands.¹⁴²

Geleidelik het die werksaamhede meer gespesialiseerd geraak en by verskillende persone of groepe is daar toespits op die vervaardiging van slegs een soort artikel "Party gevangenes maak wandelstokke, botterspane, penstele, pype, portretrame, servetringe, borspelde en horlosiekettings, alles uit hout."¹⁴³

'n Besoeker aan Diyatalawa word getref deur die groot

142. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 171. Artikel M. Hollebrands. Vgl. Van Oostrum, O.: Bestendige Onbestendigheid, p. 43.

143. Brink, J.N.: op. cit., p. 130.

getal werkplekkies en stalletjies, "where they sell various articles carved and turned with a good deal of cleverness from scraps of wood and bone lying about in camp. There were name broaches carved out of meat bone, riding-whips and paper-knives of horn, walkingsticks and frames for photographs, and other things which we bought as mementoes of our visit."¹⁴⁴

Die handbedrywigheid van die krygsgevangenes getuig egter nie alleen van vindingrykheid, arbeidsaamheid en kunstigheid nie. In veel groter mate was hierdie skeppinge 'n openbaring van die onuitgesproke heimwee, verlange, liefde vir en 'n hunkering na dié dinge wat hulle in hul vaderland agtergelaat het. Die ossewa, kapkar met perde so kunstig uit hout gekerf en die tuie tot in fynste besonderhede, vertel eintlik die droewige verhaal van die Boer se verknogtheid aan en sy hunkering na sy plaas. In sy ontwortelde toestand kleef sy gedagtes aan die voorwerpe waarby hy tuis voel en wat hom weer 'n staanplek en vas-trapplek in die lewe gee. Die kunstige sny- en saagwerk, die borsspeldjies wat met soveel liefde en teerheid versorg is, met die naam van 'n geliefde daarop uitgekerf, beeld die pyn van skeiding uit. Daarin leef die eindelose leed en die verlange van die jongman na 'n geliefde, van die smagting tot weersiens van die getroude na sy eggenote, gesin en familiebetrekkings.

Die tydrawende en toegewyde uitsny van die staatswapens op leiklip of op plank, weerspieël eweneens die

144. Galloway, M.A.A.: op. cit., p. 189.

verlange van die krygsgevangenes na hul vaderland en getuig van die eindelose heimwee na daardie simbole wat hy in sy hart opreg vereer, waarvoor hy alles opgeoffer het en waaraan hy sy hoogste lojaliteit geskenk het.

Daar in die vreemde, in sy onbeskryflike eensaamheid het die Boere-krygsgevangenes deur hul handwerk, in hul kleinste en nietigste aandenking, tot by hul grootste meesterstuk, in werklikheid die woordelose verhaal van hul leed uitgebeeld. Dit is die verhaal van die tragiek van hul lewens, hul eensaamheid, hul verlange, humor, hoop en verwagtinge, maar ook van verydeling, frustrasie, onvervulde drome en ideale.

* * *

Die handbedrywighede van die krygsgevangenes was egter nie net tot die dinge wat reeds genoem is, beperk nie. Huishoudelike gebruiksartikels was van die eerste oorspronklike skeppinge waarmee hulle die lewe vir hulle gemakliker en geriefliker probeer maak het. "Their system of cooking is quite one of their own; it was found soon after arrival that a military field kitchen was not to their taste, and they were allowed to use old drums for that purpose, with apparently greater comfort to themselves, one being needed for each mess."¹⁴⁵

Die beknopte lewe in die tente waar daar selfs tot twaalf gevangenes in een tent moes woon, het tot 'n nuwe onderneming aanleiding gegee. Daar moes huise gebou word.

145. H.C. Vol. 147. Bevelvoerder van troepe op St. Helena, 9.4.1902.

Die bouery het betreklik primitief begin, maar om die lewe draagliker te maak en meer stilte, rustigheid en privaatheid te verkry, was dit noodsaaklik dat die getalle in elke tent uitgedun moes word. Die enigste moontlike oplossing vir die "behuisingsvraagstuk", was om self te bou. Die materiaal vir die bouery was wel skaars, maar darem verkrygbaar. Garingpale, bamboespale, stukke blik, leë oliekanne, stukke seil, oliekleedjies en ou stukke kombes is alles met groot sukses en doeltreffendheid in die bouproses aangewend om hutjies van ongeveer ses voet by drie voet by drie voet te bou. "Daar moes die Boer net maar om uit die tent te kom, letterlik agterstevoor inkruip om te slaap."¹⁴⁶


Skielik was daar 'n veldtog om boumateriaal in die hande te kry. "Die kamp en die hele omgewing is gestroop vir kiste en planke. Oliekanne is bymekaar gemaak en ou tente is van die kakies afgebedel of gekoop. Verslete oliekleedjies en ou kombes se markwaarde het skielik gestyg."¹⁴⁷ Spoedig het die vaardigheid verbeter en groter hutte was hoog in aanvraag, geskik as kamerwoning vir twee persone, redelik gerieflik ingerig met twee selfgemaakte beddens aan die kante en 'n tafeltjie in die middel."¹⁴⁸

146. Kotze, C.R.: op. cit., pp. 47-48. Vgl. ook T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynaauw te Bermuda, p. 79; Brink, J.N.: op. cit., pp. 128-129; De Graaf, H.: op. cit., p. 31. Sien fotokopie van hutjies, p. 286.

147. Nienaber, P.J.: Nag op St. Helena, p. 45. Vgl. ook Kotze, C.R.: op. cit., p. 48; T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynaauw te Bermuda, p. 79; De Graaf, H.: op. cit., p. 32.

148. Vgl. Kotze, C.R.: op. cit., p. 48. Vgl. ook Green, A.S.: op. cit., p. 974.

Selfgemaakte hutte in "Blikkiesdorp", Deadwood.



Die hele samestelling van die hutjies het besoekers verbaas. "The little huts have been constructed by the prisoners out of the material that was available. The prisoners build their huts of barrel staves, broken up biscuit boxes, the sides of empty kerosene tins of which they get a fair supply. These little huts are, of course snugger habitations than tents in this breezy climate," beweer E.F. Knight.¹⁴⁹

Hierdie bedrywigheid het die werklus geprikkel en almal wat graag meer privaatheid wou geniet, het met nuwe lus aan die werk gespring om 'n hut of 'n huis te bou. Ledigheid was tydelik nie 'n verdere probleem nie en geleidelik het die hele kamp 'n gedaanteverwisseling ondergaan.

'n Rustige en ledige gemeenskap het skielik 'n bedrywige en ywerige klomp huisbouers geword. Oral is materiaal versamel "en na 'n week het daar 'n nuwe dorp verrys langs die tente."¹⁵⁰ Die geboue was aanvanklik pateties, "maar zelfs in de boukunde zyn groote verbeteringen door onderzinking ingebracht." Die eerste pondokke word geleidelik deur nuwes vervang en "al geven zy geen groot idee van uitwendige schoonheid - tog gerieflik zyn, en van binnen zoo ingericht dat de inwoners het geheel gemakkelijk, niet te zeggen lekker hebben," aldus De Krijgsgevangene.¹⁵¹

'n Besoeker beskryf hoe die geselskap wat die kampe op St. Helena besoek het, deur die tentdorp in Deadwood

149. Knight, E.F.: op. cit., pp. 293-294.

150. Nienaber, P.J.: Naq op St. Helena, p. 46. Vgl. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 98; Kotze, C.R.: op. cit., p. 48.

151. De Krijgsgevangene, 8.6.1901.

gestap het, "to the tin village which the Boers have built for themselves of aloe sticks and biscuit tins, with their dark blankets over all to keep out heat and cold. Irregular streets of their tin cabins lie one behind the other, some small enough for a man to creep into and sleep, others higher and holding three or four; a miniature restaurant, a gingerbeer palace."¹⁵² 'n Krygsgevangene uit Broadbottom word hier in Deadwood getref deur "byna 300 klein huisjes, allen van blik of zak gemaakt. Zy sien er doorgaans goed uit en zyn ongetwyfeld zeer gerieflyk voor de bewoners."¹⁵³

Namate die krygsgevangenes meer vertrouwd met die bouery geraak het, het hulle groter geboue aangepak. Die verskillende verenigings het spoedig elkeen sy eie saal volgens die behoeftes van die lede opgerig. Gesamentlik is 'n groot kerk in Deadwood vir die groot gemeente gebou. Volgens E.F. Knight, "the Boers have done a good deal of work in this camp. We saw a large recreation hall which they have constructed," benewens die ander geboue en hutte.¹⁵⁴ Deur herhaalde boekskenkings uit Holland en die Kaap aan die gevangenes in Broadbottom, is daar begin om 'n groot gebou op te rig en "onze biblioteek maakt nu al eene tamelyke goede figuur," skryf Hugo van Niekerk.¹⁵⁵ Ander groot publieke geboue het ook geleidelik verrys en "zy zyn bezig eene dubbele verdieping te bouwen en een

152. Green, A.S.: op. cit., 974-975.

153. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 98.

154. Knight, E.F.: op. cit., p. 65.

155. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl.2, p. 110.

groot gebou voor eene kleermaker en schoenmakers bezigheid."¹⁵⁶ In Broadbottom is daar 'n aanvang met 'n reusegebou gemaak om as skool, kerk en ontspanningsaal te dien. Selfs kolonel H.O.P. Wright het so geïnteresseerd in die aanbou van die Oranje Zaal geraak dat die werk aan die ontspanningsaal onder sy toesig plaasgevind het en dat hy selfs daarna die beheer oor die saal uitgeoefen het.¹⁵⁷

In Deadwoodkamp het Blikkiesdorp met sy ongeveer driehonderd huisies langs ses strate, die vindingrykheid van die krygsgevangenes duidelik weerspieël, maar die huteienaars het gereeld voor 'n groot probleem te staan gekom. Eenkeer per maand moes die hele dorpie, vanweë die nat weer, na 'n ander deel van die kamp verskuif word. Dit was gelukkig moontlik om die hutjies sonder veel moeite van plek tot plek te dra.¹⁵⁸ Die rondraery het egter baie van die hutjies onherstelbaar verniel, sodat daar gaandeweg net enkele meer as honderd, die strawwe behandeling oorleef het. Die krygsgevangenes in Broadbottom het egter 'n nuwe "hut" geprakseer. "Zy maken slechts een kap over hunne katels en die staan nu overal tussen de tenten. Wy noemen ze bokwaantjes."¹⁵⁹

Uit Bermuda getuig J.D.T. Krynauw dat die krygsgevangenes ook daar vir hulself hutte gebou het. "Ons het houtraamhuisies op die terrein gebou en met goedkoop materiaal of kakikomberse oordek. Digene wat bietjie geld

156. Ibid., p. 98.

157. Ibid., p. 106.

158. Kotze, C.R.: op. cit., p. 49. Vgl. ook, V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 173.

159. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 173.

gehad het, het nogal gerieflike huisies vir hulle gebou groot genoeg vir 'n tafeltjie of stoel wat hyself uit kisplanke gemaak het, of laat maak het."¹⁶⁰

Wat individuele krygsgevangenes alles met hul huisbouery beoog het, is moeilik te bepaal. Die soeke na stilte en privaatheid sou ongetwyfeld 'n vername rol gespeel het. Of hulle bereik het wat hulle nagestreef het, is onbekend. Die bouery self was egter ongetwyfeld 'n noodsaaklike ontvlugting en bevryding van oplaaiende spanning en as sodanig het huisbouery reeds 'n belangrike doel gedien.

160. T.A. Herinneringe van J.D.T. Krynauw te Bermuda, p. 79.

HOOFSTUK 7GODSDIENS EN ONDERWYS IN DIE KAMPEGODSDIENS

Met die aanhouding van krygsgevangenes in krygsgevangenekampe, het op godsdienstige gebied 'n besondere situasie ontstaan. Die Den Haagse reëls bepaal: "Prisoners of War shall enjoy every latitude in the exercise of their religion, including attendance at their own church services, provided only they comply with the regulations for order and police issued by the military authorities."¹ Terwyl aan krygsgevangenes volkome vryheid gelaat is om hulle godsdiensoefeninge te hou, sou die owerheid homself die reg voorbehou om predikante in die kampe toe te laat of te weier. Die owerheid was nie in die minste verplig om die godsdienstige lewese self te reël nie en sou dit gevolglik ook nie doen nie. Wat vir die owerheid van belang was, was dat die krygsgevangenes met die godsdienstige versorging tevrede moes wees, dat "goedgekeurde" predikante toegang tot die kampe moes hê. Volgens die Kaapse goewerneur "scheen het of er geen bezwaar zou wezen om den leeraar, onder zekere noodige bepalingen omtrent in en uitgaan, onbeperkten toegang tot omgang met de gevangenen te verleen."²

Voordat daar dus predikante deur die onderskeie kerke na die kampe afgevaardig kon word, moes die toestemming van

1. The Hague Convention. Chapter 2, article xviii.
2. De Kerkbode, 8.3.1900, p. 176.

die militêre owerheid daarvoor verkry word. Van die verantwoordelike instansie sou die goedgekeurde predikante dan die nodige permitte en dokumente kry om hulle toegang tot die bepaalde kampe te verleen. Die kerkgenootskappe moes egter self die predikante vir hierdie taak by die owerheid aanbeveel, moes self die nodige verlof van die verskillende kerkrade en gemeentes kry om die predikante tydelik uit die betrokke gemeentes te "leen" en hulle na hul nuwe werkring in die krygsgevangekampe te stuur.

Om hierdie redes het 'n afvaardiging van predikante van die Nederduits Gereformeerde Kerk 'n onderhoud met die Kaapse goewerneur gehad en met hom oor die deportasie en geestelike versorging van krygsgevangenes onderhandel. Hy het hulle verseker dat hy "geen bezwaar (het) om toegang aan een predikant als kapelaan te verleen." ³ 'n Kerklike kommissie bestaande uit professor N.J. Hofmeyr, ⁴ di. J.H. Neethling, A. Murray ⁵ en J.R. Albertyn, ⁶ is dadelik gevorm om namens die N.G. Kerk die organisasie vir die geestelike bearbeiding van die krygsgevangenes te behartig. ⁷ Hierdie kommissie het by dieselfde geleentheid besluit om by die

3. Ibid.

4. Prof. N.J. Hofmeyr, D.D. was verbonde aan die Teologiese Seminarie te Stellenbosch, tot dat hy sy emeritaat in 1907 aanvaar het.

5. Ds. A. Murray was vanaf 1849 agtereenvolgens predikant te Bloemfontein, Worcester, Kaapstad en Wellington waar hy in 1906 sy emeritaat aanvaar het.

6. Ds. J.R. Albertyn is in 1871 gelegitimeer en in 1872 georden in die St. Stephenskirk in Kaapstad. Gedurende die oorlogsjare was hy op St. Helena in Deadwoodkamp en in die Bermudas onder die krygsgevangenes werksaam. Hy was hierna in Middelburg, Kaapprovinsie, Riversdal en Wellington werksaam. Hy het sy emeritaat in 1910 aanvaar.

7. De Kerkbode, 8.3.1900, p. 176.

owerheid aan te beveel dat ds. W.A. Alheit⁸ na Groenpunt en ds. J.R. Albertyn na St. Helena afgevaardig word. Die moderatuur is van hierdie besluite in kennis gestel.⁹ Ds. A. Murray het hierna die nodige reëlins vir die vestiging van genoemde twee predikante in die krygsgevangekampe, met die owerheid getref.¹⁰

Deur hierdie stap is met die godsdienstige bearbeiding van krygsgevangenes 'n begin gemaak. Uiteraard sou dit veel makliker wees wat die Suid-Afrikaanse kampe betref, aangesien dit moontlik was om predikante van nabygeleë gemeentes vir kort tydperke as kamppredikante, of as tydelike plaasvervangers vir die vaste predikant te kry. In Groenpunt en Bellevue was daar gewoonlik predikant-krygsgevangenes wat onder omstandighede toegelaat is om dienste te lei.¹¹

Die grootste probleem was in werklikheid die bearbeiding in die oorsese kampe. Daar was oorgenoeg krygsgevangene predikante, maar hulle is van owerheidsweë nie altyd toegelaat om die geestelike bearbeiding onder die krygsgevangenes te behartig nie. Hulle diens sou altyd van tydelike aard wees en dit kon enige tyd weer beëindig word.¹²

8. Ds. W.A. Alheit is in 1875 gelegitimeer en na 'n dienstyd in Colesberg en Dordrecht, is hy in 1894 na Ceres. Gedurende 1900 en 1901 was hy periodiek in die Groenpuntse krygsgevangekamp werksaam.

9. De Kerkbode, 8.3.1900, pp. 176-177.

10. Ibid.

11. Ibid., 1899, p. 708. Ibid., 22.2.1900, pp. 115-116; Ibid., 21.6.1900, p. 380; Ibid., 28.6.1900, p. 394; Ibid., 26.7.1900, p. 455; Ibid., 27.9.1900, p. 595; Ibid., 5.12.1901, p. 654.

12. Ibid., 25.4.1901, p. 254; Ibid., 25.7.1901, p. 427; Ibid., 26.6.1902, p. 447; Ibid., 17.11.1901, p. 461; H.C. Vol. 84. Goewerneur van Bermuda - Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, 15.5.1902; O.M. Briewe van D. Postma aan Britse kampkommandant op 6 en 14.5.1902; H.C. Vol. 84. Ongedateerde verslag uit Ceylon.

Hugo van Niekerk vermeld in sy dagboek die name van talle predikante in die Groenpuntkamp. Di. H.J.L. du Toit, A. Murray, W.A. Alheit, Z.J. de Beer, J. du Plessis, C.J. Snyman, A.M. Mac Gregor, M.C. Botha, A.G. du Toit, J.P. van Heerden, P. Postma, eerwaarde D.P. Terburgh, was almal daar, òf as krygsgevangenes, òf as besoekende predikante.¹³ Sommige van die krygsgevangene predikante is by geleentheid toegelaat om dienste te lei. Soms is selfs van die besoekende predikante hierdie vergunning ontnem. De Kerkbode van April 1900 wens byvoorbeeld "te moet melden dat ds. J. du Plessis, die gedurende de afwezigheid van Ds. Alheit in het kamp dienst deed, sedert 1.1. Donderdag zonder gegronde reden verderen toegang werd belet, zoodat de diensten op goeden Vrijdag en Paschen niet door hem konden gehouden worden, of door een ander onzer predikanten."¹⁴ Na ds. Alheit se vertrek na sy eie gemeente, het ds. D.S. Botha sy plek ingeneem, alhoewel hy slegs bereid was om ses weke in die kamp te bly.¹⁵ Intussen het Eerw. P.M. Spratt¹⁶ van Senekal, self 'n krygsgevangene, met verlof van die owerheid, met die geestelike werk gehelp.¹⁷

13. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, pp. 101-157.

14. De Kerkbode, 19.4.1900, p. 240.

15. Ibid., 26.7.1900, p. 454.

16. Eerwaarde P.M. Spratt van Senekal is eers in 1905 gelegitimeer, maar het wel gedurende sy gevangenskap met die geestelike bearbeiding van krygsgevangenes in Groenpunt gehelp.

17. De Kerkbode, 28.6.1900, p. 394.

Hugo van Niekerk vermeld in sy dagboek die name van talle predikante in die Groenpuntkamp. Di. H.J.L. du Toit, A. Murray, W.A. Alheit, Z.J. de Beer, J. du Plessis, C.J. Snyman, A.M. Mac Gregor, M.C. Botha, A.G. du Toit, J.P. van Heerden, P. Postma, eerwaarde D.P. Terburgh, was almal daar, òf as krygsgevangenes, òf as besoekende predikante.¹³ Sommige van die krygsgevangene predikante is by geleentheid toegelaat om dienste te lei. Soms is selfs van die besoekende predikante hierdie vergunning ontnem. De Kerkbode van April 1900 wens byvoorbeeld "te moet melden dat ds. J. du Plessis, die gedurende de afwezigheid van Ds. Alheit in het kamp dienst deed, sedert 1.1. Donderdag zonder gegronde reden verderen toegang werd belet, zoodat de diensten op goeden Vrijdag en Paschen niet door hem konden gehouden worden, of door een ander onzer predikanten."¹⁴ Na ds. Alheit se vertrek na sy eie gemeente, het ds. D.S. Botha sy plek ingeneem, alhoewel hy slegs bereid was om ses weke in die kamp te bly.¹⁵ Intussen het Eerw. P.M. Spratt¹⁶ van Senekal, self 'n krygsgevangene, met verlof van die owerheid, met die geestelike werk gehelp.¹⁷

13. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, pp. 101-157.

14. De Kerkbode, 19.4.1900, p. 240.

15. Ibid., 26.7.1900, p. 454.

16. Eerwaarde P.M. Spratt van Senekal is eers in 1905 gelegitimeer, maar het wel gedurende sy gevangenskap met die geestelike bearbeiding van krygsgevangenes in Groenpunt gehelp.

17. De Kerkbode, 28.6.1900, p. 394.

Ds. P. Postma¹⁸ van die Gereformeerde Kerk was toe reeds 'n paar weke in Groenpunt, maar is kort hierna saam met 'n groep gevangenes na Ceylon gestuur.¹⁹ Ds. A.J. Louw van Heidelberg, Transvaal, was ook as krygsgevangene in Groenpunt en in Augustus 1900 berig De Kerkbode dat ds. J.J.T. Marquard ook as gevangene in Groenpunt aangekom het,²⁰ terwyl ds. P.H. Roux²¹ saam met 'n groep krygsgevangenes na Ceylon weggestuur is.²²

Intussen het ook dr. A. Albertyn, en ds. P.A.M. de Vos²³ van Zastron as krygsgevangenes in Groenpunt gekom.²⁴ Ds. D.S. Botha is terug na sy gemeente en ds. W.A. Alheit is weer as kamppredikant na Groenpunt terwyl ds. A. Murray deur die owerheid toegelaat is om 'n week lank dienste in Groenpunt te hou.²⁵ In Oktober 1900 is ook ds. A.G. du Toit as predikant na Groenpunt gestuur.²⁶ Daar was gevolg=

18. Ds. P. Postma was Gereformeerde predikant in Pretoria en is in Junie 1900 as krygsgevangene na Groenpunt, vanwaar hy as predikant vir krygsgevangenes na Ceylon gestuur is. Sy gevangeneneming en verbanning was waarskynlik as gevolg van sy noue verbondenheid met pres. S.J.P. Kruger.

19. De Kerkbode, 26.7.1900, p. 454.

20. Ibid., 16.8.1900, p. 503.

21. Ds. P.H. Roux is in 1889 gelegitimeer. Tussen 1897-1905 het hy die gemeente Senekal bedien. Sy laaste jare was hy in Beaufort-Wes werksaam. Gedurende die oorlog is hy deur president M.T. Steyn tot kommandant bevorder en later deur generaal C.R. de Wet as generaal aangewys. Met die oorgawe van generaal M. Prinsloo het ook generaal Roux in die vyand se hande geval, hy is na Ceylon verban waar hy aanvanklik toegelaat is om as predikant vir die krygsgevangenes op te tree.

22. De Kerkbode, 16.8.1900, p. 503.

23. Ds. P.A.M. de Vos is in 1898 gelegitimeer en het hierna tot 1929 die gemeente Zastron bearbei. Gedurende die oorlogsjare was hy dertien maande onafgebroke in die Broadbottomkamp op St. Helena werksaam.

24. De Kerkbode, 13.9.1900, p. 562.

25. Ibid., 27.9.1900, p. 595.

26. Ibid., 18.10.1900, p. 646.

lik oorgenoeg predikante, maar tog was daar gebrekkige geestelike bearbeiding, want reeds in Oktober 1900 het ds. A. Murray daarop gewys dat die groot aantal predikante in die Groenpuntkamp nie toegelaat word om te preek nie en daardeur geen aandeel in die geestelike versorging van die krygsgevangenes gehad het nie.²⁷ Intussen is die predikant-geledere verder versterk deur die aankoms van di. G. Thom,²⁸ D.J. Minnaar, C. Bam en A.J. Malherbe.²⁹

In Bellevue was ds. G.F.C. van Lingen³⁰ van die begin van die stigting van hierdie kamp, die kamppredikant.³¹ Hy het periodiek die hulp van besoekende predikante gehad, soos byvoorbeeld di. J.P. van Heerden en A. Murray.³² Ook ds. D.H. Celliers het die kamp 'n tydlank besoek en ds. Van Lingen gehelp. Ds. H.J.L. du Toit is ook as krygsgevangene na Bellevue en word verklaar dat hy "vrij is godsdienst te houden."³³ Sedert Julie 1900 is proponent J.A. van Blerk³⁴ ook in Bellevue en lewer hy veral waardevolle diens met siekebesoek.³⁵ Ook proponent W.J. Theron, 'n sendeling, is twee

27. Ibid., 25.10.1900, p. 668.

28. Ds. G. Thom is in 1883 gelegitimeer en was met die uitbreek van die oorlog in die gemeente Frankfort werksaam. As krygsgevangene is hy toegelaat om die geestelike bearbeiding van krygsgevangenes in Diya-talawa te behartig.

29. De Kerkbode, 27.12.1900, p. 802.

30. Ds. G.F.C. van Lingen is in 1892 gelegitimeer en in dieselfde jaar as predikant in Simonstad georden. Hy is later na Cathcart waar hy in 1934 sy emeritaat aanvaar het.

31. De Kerkbode, 1899, p. 708.

32. Ibid., 22.2.1900, pp. 115-116.

33. Ibid., 21.6.1900, p. 380.

34. Ds. J.A. van Blerk is in 1900 gelegitimeer en in 1903 georden. Gedurende die oorlog was hy in die krygsgevangekampe in Bermuda werksaam na 'n aanvanklike dienstyid in Bellevue. Hy het sy emeritaat in 1942 in Warrenton aanvaar.

35. De Kerkbode, 26.7.1900, p. 455.

keer per week en elke Sondag toegelaat om in Bellevue behulpsaam te wees. In dieselfde berig uit Bellevue word vermeld dat ds. G.F.C. van Lingen die vorige Sondag "het Heilige Avondmaal aan 600 leden der Ned. Ger. en Gereformeerde kerken in het kamp" bedien het. "Brood en wyn werden niet bediend in gouden schalen en zilveren bekere (in vier groote blikke bekere werd de wyn bediend) doch die oogenblik was aandoenlik."³⁶

In die kampe op die Bermudas was die kerklike bediening van die begin af onvoldoende, aangesien die kampe op verskillende eilande, en die verkeer daartussen ongerieflik en ondoeltreffend was. Met slegs een predikant, ds. J.R. Albertyn, in die kampe werksaam, moes 'n groot deel van die werk aan vrywillige helpers oorgedra word. Op Darrells-eiland het 'n teologiese student, P. Pienaar, die geestelike bearbeiding onderneem, terwyl ds. Albertyn periodiek die kamp besoek het. Tog is die getuienis dat die werk geseënd was. "Door de verbanning hier heen zijn Gods Kinderen zeer versterkt geworden; zij hebben de bewaring van hun Heer beter leeren kennen; en de onverschilligen zijn tot stilstand gebragt," aldus teologiese student Pienaar.³⁷ Op Burtts eiland is 'n teologiese student, D. Postma,³⁸ van die Gereformeerde Kerk 'n steunpilaar en "tot zegen als voorganger in het predikwerk en anderzins," getuig ds. J.R. Albertyn.³⁹

36. Ibid., 5.12.1901, p. 654.

37. Ibid., 7.11.1901, pp. 612-613.

38. Teologiese student Dirk Postma is as Kaapse rebel in die slag van Ladysmith gevange geneem en na Bermuda gestuur. Hy is deur die owerheid toegelaat om die geestelike bearbeiding onder krygsgevangenes te onderneem.

39. De Kerkbode, 3.4.1902, p. 150. Vgl. Die Huisgenoot, 23.1.1942. Artikel deur K. Roodt.

Op Hawkins eiland bespiegel 'n krygsgevangene, J.D.T. Krynauw oor die herleefde godsdiensywer en hy kom tot die gevolgtrekking dat die kommervolle toestand waarin die gevangenes verkeer, hulle besonder ontvanklik vir die geestelike boodskappe gemaak het, "en daar ds. Albertyn so 'n kragtige prediker was, het byna die hele kamp tot inkeer gekom."⁴⁰

In Mei 1902 rapporteer prop. Van Blerk dat sy arbeidsveld sedert Februarie 1902 tot Hawkins beperk is. "Om naarde andere vier eilanden te gaan word op het oogenblik niet toegelaten. Op Morgans en Tuckers is er op het oogenblik geen enkele geschikte voorganger by den godsdienst."⁴¹ Die optrede deur die Britse owerheid het gevolglik die godsdiens-tige werk in die Bermudas baie aan bande gelê. Ten spyte hiervan is die geestelike bedrywigheide onder hierdie omstandighede voortgesit en rapporteer prop. Van Blerk dat sy katekisasieklasse normaal verloop en dat nuwe lidmate binne die volgende paar dae aangeneem word.⁴² Op 20 Mei skryf prop. Van Blerk dat hy verneem het dat 'n Episkopaaalse predikant op Hinsons aangekom het om Bybelonderrig vir die skoolseuns te gee. Hierteen het hy heftig geprotesteer.⁴³ Die verbod op die bewegingsvryheid van prop. Van Blerk is egter na vrede-sluiting, op 2 Junie 1902, opgehef en is hy weer toegelaat om die eilandkampe ongehinderd te besoek.⁴⁴

40. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T.Krynauw, p. 91.

41. De Kerkbode, 8.5.1902, p. 362.

42. Ibid., 5.6.1902, p. 412.

43. Ibid., 26.6.1902, p. 448. Vgl. O.M. Brief van prop. J.A. van Blerk aan adjudant-generaal van Hawkins, 26.5.1902.

44. De Kerkbode, 31.7.1902, p. 510.

Die krygsgevangenes op St. Helena was oor die algemeen op kerklike gebied goed versorg. Reeds toe die Britse owerheid besluit het om die krygsgevangenes na St. Helena te stuur, het 'n kerklike kommissie in Kaapstad besluit om ds. J.R. Albertyn na die eiland af te vaardig ten einde na die godsdienstige versorging van krygsgevangenes om te sien.⁴⁵ Hy het gevolglik saam met 'n groep krygsgevangenes vertrek.⁴⁶ 'n Paar maande lank het hy geseënde werk in Deadwood verrig en is toe deur ds. P.A. Winter⁴⁷ opgevolg.⁴⁸ Aanvanklik was daar 'n groot behoefte aan psalm en gesangboeke asook Bybels, maar 'n groot besending uit Engeland en Ierland het dit grootliks verlig. Ds. Winter vermeld dat die jongmense in Deadwood 'n koor gestig het en dat dit baie tot die geestelike werk bygedra het.⁴⁹

Ds. A.F. Louw⁵⁰ het ds. P.A. Winter opgevolg, maar met die stigting van 'n tweede krygsgevangekamp op St. Helena, het dit onmoontlik geword vir een predikant om altwee kampe te behartig.⁵¹ Uit Deadwood rapporteer ds. Louw dat die opkomste by die kerkdienste baie goed is en dat dit nodig ge-

45. Ibid., 8.3.1900, p. 176.

46. Ibid., 5.4.1900, p. 209.

47. Ds. P.A. Winter is in 1879 gelegitimeer en in dieselfde jaar as predikant op Bultfontein georden, waar hy tot 1896 werksaam was. Hierna was hy in Hartebeestfontein en Middelburg waar hy in 1908 oorlede is. Gedurende die oorlog was hy 'n kort tydjie in Deadwoodkamp op St. Helena werksaam.

48. De Kerkbode, 5.7.1900, p. 411.

49. Ibid., 26.7.1900, p. 470.

50. Ds. A.F. Louw is in 1894 te Graaff-Reinet georden. Hierna was hy ook in die gemeentes Worcester, Graaff-Reinet, Aberdeen, Bloemfontein-Noord en Stellenbosch waar hy in 1946 sy emeritaat aanvaar het. Gedurende die oorlog was hy meer as 'n jaar lank as leraar onder die krygsgevangenes te St. Helena werksaam.

51. De Kerkbode, 30.8.1900, p. 534.

word het om daagliks twee dienste te hou. In Broadbottom het ds. P.A.M. de Vos die geestelike bearbeiding onderneem. Hiervandaan getuig hy dat dit voorkom "asof de Heer vooral Zijn werk van redding onder de jonge menschen met kracht voortzet."⁵² Uit Deadwood lui 'n verslag: "Wat ons in de gebeden, bijna van den aanvang, trof was, dat men gewoon=

lijk begon met te danken voor zegeningen reeds ontvangen.⁵³

'n Kort aanhaling uit ds. A.F. Louw se verslag van Pinkster, verskaf 'n goeie beeld van die ontvanklike gemoed van die krygsgevangenes vir die heilsboodskappe van die predikante.

"De zon was aan het ondergaan; terwyl dankbare monden aan het oervloeiën waren, konden wij hare laatste stralen met de zilveren wolken tusschen haar en ons gadeslaan. Het was een hemelsch gezicht daar aan gindsche zijde van eene groe=

ne heuvel, en hier binnen in de zoo nederige plaats des ge=

beds waren er hemelsche ondervindingen. Toen wij onze

oogen weer open deden was het al donker. Geen kaars, geen

lamp gaf licht, maar in de ziel was er heerlijk, hemelsch,

licht."⁵⁴

In 'n latere verslag maak ds. A.F. Louw ook mel=

ding van die werksaamhede van eerwaarde Aitken in die kampe

op St. Helena.⁵⁵

In dieselfde verslag kom 'n uiters inte=

ressante nuusbrokkie by: "Sedert laatsten Saterdag verheugt

zich het Deadwood kamp, en sedert Dinsdag ook Broad Bottom,

in het bezit van een kerkklok. Daar bestond behoefte aan

zoo iets. Het klokgelui heeft menigeen weer lewendig voor

den geest gebracht dagen die voorbij zijn en plaatsen die

52. De Kerkbode, 13.6.1901, p. 344.

53. Ibid., 4.7.1901, p. 386.

54. Ibid., p. 387.

55. Ibid., 29.8.1901, p. 486.

ver verwijderd zijn van deze plaats van balling."⁵⁶ Uit Broadbottom getuig ds. P.A.M. de Vos van die bloei in die godsdienstige lewe van die krygsgevangenes, want "velen verblijden zich nu voor de eerste keer over het heil dat in Christus te vinden is en danken den Heer voor hun gevangenschap."⁵⁷ Op 25 Februarie 1902 meld ds. De Vos die aankoms van twee ander predikante op St. Helena, naamlik dr. S.W. Louw⁵⁸ in Broadbottom en ds. P. Ennis in Deadwood.⁵⁹ In Maart, 1902 het ds. De Vos egter, na 'n dienstyd van dertien maande in Broadbottom, weens gesondheidsredes na Suid-Afrika teruggekeer.⁶⁰

Kort hierna het ook ds. A.F. Louw St. Helena verlaat. 'n Adres waaruit waardering en dankbaarheid duidelik spreek, is by die geleentheid aan hom oorhandig, want hierdie geëerde dominee "was als een Bediener des goddelijke Woords tot grooten zegen. Getrouw en yverig in de bediening heeft hy immer de gaven hem toevertrouwd tot welzijn van de gevangenen besteed."⁶¹

Op Ceylon was daar soos in die kampe in ander streke, ook 'n groot opbloei op kerklike en godsdienstige gebied. Na sy aanvanklike kort verblyf in Groenpunt is ds. P. Postma van die Gereformeerde Kerk, saam met 'n groep krygsge-

56. Ibid.

57. Ibid., 10.10.1901, p. 560.

58. Dr. S.W. Louw is in 1892 gelegitimeer en in 1894 in Philipstown georden. Gedurende die oorlog is hy uit sy gemeente verban en as krygsgevangene na St. Helena gestuur waar hy toegelaat is die krygsgevangenes in Broadbottom geestelik te bedien.

59. De Kerkbode, 13.3.1902, p. 115.

60. Ibid., 17.4.1902, p. 173.

61. Album van J. Teengs te St. Helena (Album in besit van mnr. J. Teengs, S.A.U.K., Bloemfontein).

vangenes na Ceylon weggevoer,⁶² en drie maande later is ds. G. Murray ook daarheen.⁶³ Op 14 November 1901 skryf ds. P. Postma uit Ceylon dat die eerste begrafnis van 'n krygsgevangene op 15 September plaasgevind het. "Deze begrafnis die op behoorlijke wijze ons toegelaten werd uit te voeren wekte een diepe indruk."⁶⁴ In dieselfde verslag meld hy ook die aankoms van di. G. Murray en Paul H. Roux in Diyatalawa.⁶⁵ Op 24 Januarie 1901 skryf ds. G. Thom uit sy nuwe gemeente in Diyatalawa en deel mee dat hy kort na sy aankoms 'n diens bygewoon het. "Het was ons een waar genot zooveel belangstelling in de opkomsten waar te nemen."⁶⁶ In April 1901 skryf ds. G. Thom dat ook ds. D.J. Minnaar en eerwaarde H.A. Roux in Diyatalawa is. "In het begin werd eerst een van ons toegelaten, later alle drie zoo heeft de Heer het alzoo bestierd dat de vijf duizend krijgsgevangenen ver verwijderd van hun land en volk, zes geestelijke arbeiders in hun midden hebben om hen het evangelie der verlossing te brengen."⁶⁷ Ds. Thom noem die feit dat dit die treurige plig van die predikante is, "bij het graf van een te staan die ver van familie en vrienden gestorven, hier in den vreemde weggelegd moet worden."⁶⁸ In 'n private brief van 10 Maart 1901 word vermeld dat ds. Postma deur die owerheid toegelaat is om hom op parool te Kandy te gaan vestig. "Hij heeft op den 5 den dezer zijn afscheid genomen. Toch, geloof ik, zal hij ons

62. De Kerkbode, 26.7.1900, p. 455.

63. Ibid., 27.10.1900, p. 612.

64. Ibid., 17.1.1901, p. 47.

65. Ibid., p. 46.

66. Ibid., 7.3.1901, p. 147.

67. Ibid., 25.4.1901, p. 254.

68. Ibid., p. 255.

af en toe komen besoeken."⁶⁹

Ds. G. Murray het intussen ook Ceylon verlaat. Van hom en sy werk getuig ds. Paul Roux: "Nooit zullen wij aan Diyatalawa denken, zonder zijner te gedenken."⁷⁰ Hy het egter ook die goeie nuus, dat ds. P. Boshoff⁷¹ reeds op pad is om ds. Murray te vervang.⁷² Oor hul werksaamhede skryf hy: "Wij kunnen, wel is waar, van geene uitgebreide werksaamheden gewagen, maar wel van een arbeidsveld, zoo ruim en ryk als zelden ergens elders zal worden aangetroffen."⁷³

Uit Ceylon skryf ds. P. Boshoff op 20 Junie 1901 dat die twee kleiner kampe, Ragama en Mount Lavinia om die beurt deur ds. P. Postma en ds. Tweed van die "Dutch Reformed Church" van Colombo besoek word. Hy getuig dat dienste in Diyatalawa besonder goed bygewoon word en noem 'n diens vir jongmense waar daar 1800 teenwoordig was en 'n buitelugdiens "die door zoowat 2000 en meer menschen worden bijgewoond."⁷⁴ Oor die lewe in Hambantota skryf ds. G. Thom: "De hitte der verzoeking en wordt hier meer gevoeld dan te Diyatalawa en andere kampen, waar men in meer dan een opzicht niet zoo nabij het vuur komen kan wegens de beperkte vrijheid."⁷⁵

Wat godsdiensdige bearbeiding betref, was die kampe op die Indiese vasteland die swakste daaraan toe en gedurende

69. Ibid., p. 258.

70. Ibid., 23.5.1901, p. 301.

71. Ds. P.J. Boshoff is in 1887 gelegitimeer en in 1889 in Soutpansberg georden. Hy het ook die gemeentes Ventersburg, Ficksburg, Jacobsdal, Bloemfontein en Caledon bedien. In 1931 het hy sy emeritaat aanvaar. Hy was vir 'n kort tydjie onder die krygsgevangenes in Diyatalawa werksaam.

72. De Kerkbode, 23.5.1901, p. 301.

73. Ibid., p. 301.

74. Ibid., 15.8.1901, pp. 466-467.

75. Ibid., 15.5.1902, p. 376.

die hele tydperk van hul ballingskap het baie krygsgevangenes nooit die voorreg van die dienste van 'n predikant geniet nie. Uit Ahmednagar skryf ds. D.J. Viljoen⁷⁶ op 6 Mei 1901: "Het geestelijk werk wordt ongestoord voortgezet. Wij houden geregeld elken avond een dienst. Zondag hebben wij drie diensten. Men heeft ons een van de ledige gebouwen alhier voor dat doel afgestaan."⁷⁷ Op 13 Junie 1901 skryf ds. W. de Vos de Wet net na sy aankoms, dat hy nie in Ahmednagar mag bly nie, maar so spoedig moontlik na Suid-Afrika moet terugkeer "omdat er hoegenaamd geene "orders of instructies" omtrent mij van de militaire autoriteiten in Zuid-Afrika ontvangen waren."⁷⁸

Op 2 Augustus 1901 getuig ds. D.J. Viljoen uit Ahmednagar van 'n besondere geleentheid toe hy sy gemeente tot verootmoediging en aflegging van die kwaad aangespoor het. "Toen ik mijne toespraak geëindigd had waarschuwde ik nog eens tegen bedrog. Ik zeide dat wij niemand zouden kwalijk nemen die wegging. Ik ging toen zitten en na een oogenblik van stilte gingen wij op onze knieën om onze harten voor de Heer uit te storten en bij vernieuwing of voor de eerste maal ons aan den Heere weg te geven en een verbond met den Heere te sluiten. Het was een van de plechtigste oogenblikken van mijn leven. Lezer, denk er aan een 800 man op hunne knieën in de stilte sprekende tot God. De vrucht van dat

76. Ds. D.J. Viljoen is in 1890 in Waterberg georden, maar is reeds in 1892 na Reitz. Gedurende die oorlogsjare is hy as krygsgevangene na Indië, waar hy toegelaat is om die geestelike bediening te behartig. In 1904 is hy na Bredasdorp waar hy sy emeritaat in 1934 aanvaar het.

77. De Kerkbode, 13.6.1901, p. 346.

78. Ibid., 25.7.1901, p. 427.

werk wordt nu in ons kamp geplukt."⁷⁹ Kort hierna bevestig ds. Viljoen dat dit met die godsdienstige lewe in die kamp steeds goed gaan, maar "de wereld is egter goed vertegenwoordigd. Wij hebben hier van de vroomste, maar dan ook van de ruwste menschen."⁸⁰ Op 12 November 1901 verklaar ds. Viljoen dat "de ware bekeerden blijven staande en gaan vooruit. Wij zijn al te zeer oortuigd dat God dezen beproefingstijd een tyd van zegen voor ons volk maken wil."⁸¹

Uit Sialkot kom die beriggie dat die krygsgevangenes in hierdie kamp verneem het dat ds. M.J. Goddefroy en die sendeling, John Murray, onderweg na die kamp is. Die bestaande ouderlinge en diakens in die kamp is dadelik tot 'n nuwe kerkraad gevorm en 'n begin met tentgodsdienis is weer gemaak.⁸² Op 16 Februarie 1902 berig ds. D.J. Viljoen uit Ahmednagar dat die Gereformeerde lidmate in die kamp hulle afgeskei het van die ander kerkgroep.⁸³ Op 17 Februarie 1902 lui 'n berig uit Shahjahanpur dat dit met die godsdienstige lewe in die kamp voorspoedig gaan. "Broeder Strauss regelt al het geestelijk werk alhier. Hij was ook een voorganger in het Groenpunt kamp."⁸⁴ 'n Berig uit Umballa op 13 Maart 1902 vermeld die feit dat daar steeds geen predikant in die kamp is nie, maar dat die gevangenes 'n komitee gestig het "om in het kamp te arbeiden."⁸⁵ Die verslag meld voorts dat die kamp 'n tyd lank die dienste van ds. G. Mc Kelvie van

79. Ibid., 26.9.1901, p. 536.

80. Ibid., 7.11.1901, p. 622.

81. Ibid., 24.12.1901, p. 693.

82. Ibid., 30.1.1902, p. 41.

83. Ibid., 10.4.1902, p. 160.

84. Ibid., 24.4.1902, p. 183.

85. Ibid., 8.5.1902, p. 361.

die Skotse Presbiteriaanse Kerk gehad het. "Hoewel de inhoud van zijne Engelsche toespraken vertaald werd, gaat zulk een arbeid met zeer vele moeilijkheden gepaard. Hij heeft echter zeer veel belangstelling in ons getoond en veel voor ons gedaan. Zijn liefde-arbeid onder ons zal lang door ons in aangename herinnering blyven."⁸⁶ 'n Berig uit Sialkot op 21 Maart 1902 meld dat eerw. J.N. Murray as kamppredikant die gereelde dienste waarneem.⁸⁷ Op 14 Maart 1902 skryf ds. J.P. Liebenberg uit die kamp in Wellington, Indië, dat hy saam met ander krygsgevangenes in die kamp aangekom het, maar hy meld nie of hy toegelaat is om die dienste in die kamp waar te neem nie.⁸⁸ Op 20 Mei 1902 skryf ds. D.J. Viljoen dat hy na Amritsarkamp, as onversoenlike gestuur is. In hierdie fort word ook ds. M.J. Goddefroy aangehou. Hy spreek ook sy ontsteltenis uit dat daar in Indië so baie kampe sonder 'n predikant is.⁸⁹

* * *

Die Britse bewindhebbers was nie altyd geneë om die predikante vrye beweging tussen die krygsgevangenes toe te laat nie en daar is gevolglik in verskeie gevalle teen hulle opgetree. By geleentheid skryf die goewerneur van Bermuda aan die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika om hom daarvan te verwittig dat hy ds. J.R. Albertyn se bewegingsvryheid tussen die kampe in Bermuda beëindig het. Hy het hom=

-
86. Ibid., p. 362. Vgl. Dagboekantekeninge van S.P. Malan te Umballa en Dagshai, pp. 24-25. (Oorspronklike dagboek in besit van mnr. S.P. Malan, Windhoek).
87. De Kerkbode, 15.5.1902, p. 375.
88. Ibid., p. 376.
89. Ibid., 26.6.1902, p. 447.

self daartoe genoodsaak gevoel deur ds. Albertyn se politieke opswepery van die krygsgevangenes en dit alles "under the guise of religion and also endeavouring to stir up racial hatred instead of allaying such feeling. He was also suspected of being an intermediary between the Prisoners of War and the outside world."⁹⁰ Om genoemde redes is aan ds. Albertyn die keuse gestel om voortaan as gewone krygsgevangene in een kamp te woon en sy kerklike bedrywighede tot hierdie kamp te beperk, of om pad te gee. Hy het verkies om as gewone krygsgevangene te bly, "and since doing so has been a continual source of annoyance." Die goewerneur vra gevolglik dat die Hoë Kommissaris aandag aan hierdie saak moet skenk, "as I consider Mr. Albertyn a dangerous man whom it will be well to watch."⁹¹ Hy noem verder die feit dat ds. Albertyn intussen die Bermudas verlaat en na die Verenigde State vertrek het, "where he attempted to influence the President of the United States to intervene in a matter connected with the Prisoners and has otherwise been agitating on behalf of the Boer cause."⁹² Die goewerneur maak spesiaal gewag van 'n geïllustreerde pamflet wat deur ds. Albertyn oor die krygsgevangenes in Bermuda opgestel is.⁹³ In verband met hierdie optrede van die owerheid skryf ds. Albertyn dat hy sy saak by die goewerneur gaan stel het, maar dié het verduidelik "dat de verschillende kampen vol=

90. H.C. Vol. 84. Goewerneur van Bermuda aan Hoë Kommissaris in Suid-Afrika, 15.5.1902.

91. Ibid.

92. Ibid.

93. Die goewerneur verwys hier na 'n pamflet, The Boer Prisoners in Bermuda. Photographs taken at Bermuda by Rev. J.R. Albertyn.

komen van alle gemeenschap met elkander en ook met de buitenwereld zullen worden afgesloten. Hij kon ons dus onze vrije passen niet langer laten behouden. Indien wij zulks verkozen, dan konden wij een der kampen kiezen tot woning."⁹⁴

Teenoor prop. J.A. van Blerk is op soortgelyke wyse opgetree. Sy bewegingsvryheid is opgeskort, hy is slegs toegelaat om hom soos 'n gewone krygsgevangene tot een eilandkamp te beperk en verplig om dieselfde reëls as die ander krygsgevangenes te eerbiedig en te gehoorsaam.⁹⁵ In antwoord op vertoë deur teologiese student D. Postma om prop. Van Blerk toe te laat om sy geestelike werk onbelemmerd voort te sit, het die owerheid aanbeveel dat Postma self die werk doen. Ten spyte van die feit dat hy daarop gewys het dat slegs gelegitimeerde predikante volgens die kerkwette die sakramente mag bedien, het die owerheid geweier om hierdie toegewing ten opsigte van prop. J.A. van Blerk te maak.⁹⁶

In Diyatalawa het ds. Paul H. Roux ook ernstige probleme met die owerheid ondervind. Volgens 'n verslag uit Ceylon het die Britse owerheid hom aanvanklik toegelaat om vir die krygsgevangenes dienste te hou, maar op voorwaarde dat hy geen politiek sou verkondig nie, "but as he made difficulties as regards the meaning of "political subjects" and religious services", terms which any preacher of ordinary honesty would have had no difficulty in interpreting, and

94. De Kerkbode, 27.3.1902, p. 132.

95. O.M. Brief van Britse offisier aan J.A. van Blerk, 17.2.1902. Vgl. ook O.M. brief aan J.A. van Blerk aan bevelvoerder van troepe, 13.2.1902, asook briewe van D. Postma op 6 en 14.5.1902.

96. Ibid.

as there was good reason to believe that in his address to Prisoners of War he had endeavoured to foster a hostile spirit amongst them, notably to oppose the peace movement he was no longer allowed to preach."⁹⁷ Die verslag wys voorts daarop dat die toestande in die kamp na ds. Roux se verplasing na Nuware Elija, baie kalmer geword het. Hierdie feit illustreer die "slegte" invloed wat ds. Roux op die ongeligte krygsgevangenes uitgeoefen het. In sy nuwe tuiste word hy goed behandel, maar ten spyte daarvan "he has maintained a bitter and hostile attitude towards the British Government." 'n Aanbeveling in die verslag in verband met ds. Roux lui: "He should not be permitted to return to South Africa, at any rate for some time."⁹⁸ In 'n latere verslag na 'n ondersoek oor onluste en moeilikhede in Diyalawakamp word ds. Paul Roux daarvan beskuldig dat hy in 'n groot mate vir die opstandige gees en ontevredenheid in die kamp verantwoordelik was. Goewerneur Ridgeway verklaar: "There is, however proof that General Roux, in a religious address, denounced those who were prepared to take the oath of allegiance."⁹⁹

Die wyse waarop ds. Roux uit die kamp verwyder is, laat weinig twyfel oor die vyandige Britse houding teenoor hom. Onder datum, 5 Augustus 1901, teken 'n krygsgevangene aan: "Ds. Roux uit het kamp geordend. In een uur tijds moes hy uit."¹⁰⁰ Volgens die gewone gebruike in die krygsgevangene-

97. H.C. Vol. 84. Verslag uit Ceylon (ongedateerd).

98. Ibid. Verslag deur Intd. A.C.V. onderteken.

99. H.C. Vol. 90 lêer 1920/02. Ridgeway - Brodrick, 4.1.1902.

100. Dagboek van C.S. Ferreira te Ceylon. Inskrywing op 5.8.1901. (Kopie in besit van outeur van hierdie werk).

kampe kon daar dus nie van ds. Roux afskeid geneem word nie.

In Umballa voer 'n predikant van die Skotse Presbiteriaanse Kerk, ds. George Mc Kelvie, 'n lang korrespondensie met die kampkommandant oor die wyse waarop sy werk onder krygsgevangenes bemoeilik word. Op 15 Februarie 1902 wys hy in 'n brief daarop dat hy as predikant na die kamp afgevaardig is en dat die meeste krygsgevangenes lidmate van sy kerk is.¹⁰¹ Sedert hy in November 1901 in die kamp aangekom het, het toestand ongunstiger geword. Gedurende die afgelope paar weke "the prisoners have been deprived of the privileges of attending church in the mornings except on Sundays." Hy moes gevolglik sy katekisasieklasse en bidure in die skooltent hou, maar nadat die skool doodgeloop het, is die tente afgebreek.¹⁰² Hieruit het ernstige probleme ontstaan. Ge-noemde byeenkomste moes gevolglik in die buitelug gehou word, "regardless of the danger to myself and congregation." Na donker vergader hulle in die kookhutte "amid an assembly of pots and pans and hanging beef and mutton."¹⁰³ Die kampowerheid het tenvoore vir baie ander doeleindes beskikbaar gestel, maar "that we should be deprived of a tent in which to worship God according to the rites of the church of Scotland as by law established, looks like petty persecution."¹⁰⁴ Op 16 Februarie 1902 wys ds. Mc Kelvie daarop, dat daar sedert sy brief van die vorige dag weer tente afgebreek is.¹⁰⁵

101. V.A. Dagboek van J.A. du Toit te Umballa, bylaes. Getikte afskrifte van die briewe van ds. Mc Kelvie is as bylaes in die dagboek ingevoeg.

102. Ibid.

103. Ibid.

104. Ibid.

105. Ibid.

Die volgende dag bring ds. Mc Kelvie dit opnuut onder die aandag van die kampowerheid dat die verwydering van nog tente sy werk verder bemoeilik en dat dienste, "on account of the increasing strength of the sun is held at the risk of my own life, and that of the members of my congregation." Die sonagskool moes reeds gestaak word.¹⁰⁶ Hy toon verder aan dat hy aanvanklik verwag het dat hy welkom sou wees en "expected my countrymen in common to be glad that a Scotsch minister and not a Dutch one was gaining the love of the prisoners, if it were only on the ground that this influence would be used in favour of his own country."¹⁰⁷ Van sy verwagtinge het niks tereg gekom nie, die hindernisse het toegeneem en sy pogings om met die hoë Britse offisiere oor kerklike aangeleenthede te onderhandel, het misluk.¹⁰⁸

Op 14 November 1900 skryf ds. P. Postma uit Ceylon dat hy na sy aankoms in Diyatalawa aanvanklik nie toegelaat is om te preek nie. "Het scheen ook eerst of het mij niet toegelaten worden; zwaar drukte mij dat gevoel hier verhinderd te worden te arbeiden. En ziet de weg des Heeren was zeer geheel anders dan onze zwaarmoedige gedachten, want vroeg in de volgende week werd op mijn verzoek, door de autoriteiten mij verlof vergund diensten te vervullen."¹⁰⁹ Ds. W. de Vos de Wet het dit uiters ongelukkig getref. Hy het saam met krygsgevangenes na Indië gereis en na sy aankoms in Ahmednagar, "moest ik van den kommandant over het kamp vernemen dat (a) men mij niet kon toelaten het werk met Br. Vil-

106. Ibid.

107. Ibid.

108. Ibid.

109. De Kerkbode, 17.11.1901, p. 46.

joen te doen, daar de Br. reeds alles deed, en goed deed, en daar één leeraar oervloedig is, (b) dat hij geene orders, instructies, of aanbevelingen hoegenaamd omtrent mij van Zuid-Afrika ontvang en had."¹¹⁰ Pogings om hom in Bellary of Trichinopoly geplaas te kry, het ook misluk. Die militêre owerheid het hom beveel om met die eerste geleentheid na Suid-Afrika terug te keer.¹¹¹ Ds. D.J. Viljoen skryf op 20 Mei 1902 dat hy uit Ahmednagar weggestuur is. Hy is daarvan beskuldig dat hy 'n onversoenlike is en om hierdie rede is hy saam met ander onversoenlikes, ongeveer 2 000 myl verder noord na Amritsar gestuur. Daar sou hy geen verdere godsdienstige taak vervul nie.¹¹²

Dit kom voor asof die Britse gesagvoerders geglo het dat die godsdien van die krygsgevangenes 'n groot rol in hulle politieke lojaliteit gespeel het, maar dit uiters netelig gevind het om daarteen op te tree. In verband met die godsdien in Diyatalawa skryf goewerneur Ridgeway op 4 Januarie 1902: " Short services, consisting of psalm singing, Bible reading, and prayers take place morning and evening in most of the huts. Special services by other than recognised ministers (of whom there are only now two), require my special written sanction. The Rev. P. Boshoff, the Dutch minister sent from South Africa last May as chaplain to the prisoners, informs me that in some huts the usual morning and evening prayers are conducted by recognised elders or deacons. Stopping these services would do no good, and

110. Ibid., 22.8.1901, p. 481.

111. Ibid., p. 482.

112. Ibid., 26.6.1902, p. 447.

would only lead to secret meetings and services."¹¹³ Die goewerneur voeg egter by dat hy geen rede het om te glo dat die twee oorblywende predikante, di. P. Boshoff en J. Minnaar, enige politieke idees, of politieke opsweping in die kampgodsdienst toelaat nie.¹¹⁴

Hierdie besadigde uitspraak van goewerneur Ridgeway word nie oral in die krygsgevangekampe deur die kampkommandante onderskryf nie. In die Broadbottomkamp op St. Helena spreek kol. H.O.P. Wright, die kampkommandant hom skerp uit teen die predikante en die godsdienst van die krygsgevangenes. In 'n verslag op 1 Desember 1901, skryf hy: "But the worst form of influence would appear to be the religious one, and there is a great want of some true guidance for the Boer in his present difficulties. Being so wrapt up in his religion as the Boer prisoner is, and in this camp, the feeling almost degenerating to mania, I cannot but think that little is done to influence these men as to their future, and their duties to their wives and children, and to their own land of birth."¹¹⁵ Hy wys voorts daarop dat daar reeds beperkings op die vrye spraak van die predikante gelê is. "The minister here (dr. S.W. Louw) is himself a prisoner of war, on parole, and not therefore allowed to touch on the political situation; but even so, it does not appear to me that his influence is exerted in the right way, or there would not be this absorption in the idea which exists

113. H.C. Vol. 90 lêer 1920/02. Ridgeway - Brodrick, 4.1.1902.

114. Ibid.

115. H.C. Vol. 89 lêer 2686/02. Verslag van kolonel H.O.P. Wright, 1.12.1901, p. 3.

so strongly, that the Boer cause is the only right one, and that God is only on their side."¹¹⁶

Kolonel Wright voel dat dit moeilik mag wees om die geskikte persone te vind "to whom the Boer prisoners would listen. Though this again may be considered not only a difficult, but a somewhat delicate step to take, as regards securing the right men for such an office, I feel sure there must be ministers of the Dutch Reformed Church, who feel that the prisoners must at any rate be raised from their present apathetic state as to the future of their wives and families, and of themselves, and as to their duties as men, and though such a mission would require considerable zeal and tact, I cannot but think such ministers as I suggest would be forthcoming."¹¹⁷ Hierdie standpunt word deur kolonel A.J. Price, bevelvoerder oor die troepe op St. Helena, gesteun. In 'n vertroulike verslag op 11 April 1902 bepleit hy maatreëls wat bestem is om die twyfelaars onder die krygsgevangenes te beïnvloed "and induce them to free themselves from the influence which is at present so strongly exercised. This influence I find is that exercised by the officers, foreigners and Dutch ministers; the segregation of the two former, and the return of the present ministers to South Africa, will be a step in the right direction, especially if the ministers be replaced by others who are specially chosen for their convictions in favour of the British, and capable of impressing upon the prisoners our

116. Ibid., p. 3.

117. Ibid., p. 4.

history and method of government."¹¹⁸ Die hoofsensor op St. Helena, baron Von Ahlefeldt, lewer ook sy bydrae om die predikante van die krygsgevangenes van opswepery en nadelige politieke invloed te beskuldig. Op 3 April 1902 skryf hy aan die bevelvoerder van die troepe op die eiland: "The Boer looks upon a parson as infalliable, the pulpit has been, I am sorry to say, a place where disloyalty has been preached." Hy beskou "the sending of a loyal Minister of the Gospel a necessity."¹¹⁹

Dit is ironies dat die Britse owerheid die krygsgevangenes se "politieke predikante" se monde snoer, soos in die gevalle van di. J.R. Albertyn, P.H. Roux en prop. J.A. van Blerk, maar dat hulle self voel dat predikante wat die Britse politiek goedgesind is net die gewenste invloed vir die krygsgevangenes sou wees. Dit is duidelik dat die Britse owerheid goed beseft het watter sterk invloed die Afrikaanse predikante selfs op politieke gebied op die Boere uitgeoefen het. Britsgesinde Afrikaanse predikante wat vrye toegang tot die kampe kry en alle moontlike bewegingsvryheid onder krygsgevangenes het, sou dus hulle invloed kon vergroot, in teenstelling met die kwynende invloed van ander predikante teen wie reeds doeltreffend opgetree is. Dit sou 'n besliste uitwerking op die houding van die krygsgevangenes ten opsigte van eedaflegging uitoefen. Of die Britse owerheid daarin geslaag het om sulke predikante te vind, is twyfelagtig, want die name van sodanige predikante kom nêrens voor nie

118. H.C. Vol. 89 lêer 2686/02. Konfidensiële verslag van kolonel A.J. Price, 11.4.1902.

119. H.C. Vol. 89 lêer 2962. Hoofsensor aan bevelvoerder van die troepe op St. Helena, 3.4.1902.

en daar is nêrens 'n verwysing na die werksaamhede van sulke predikante nie.

* * *

Krygsgevangenes lewer self ook getuienis oor die rol van die predikante en die betekenis van die godsdiens in die krygsgevangekampe. Hieruit blyk duidelik dat die geestelike versorging deur predikante hoog op prys gestel is. Vol dankbaarheid skryf 'n krygsgevangene oor die onberekenbare waarde en betekenis van die geestelike boodskappe en noem hy ook die innerlike stigting wat die aanhoor daarvan op hom uitgeoefen het. "Wat was het ons als gevangene tog heerlik om telkemale de bleide boodskap van het lieflik evangelie te horen."¹²⁰ "Ou Vader (G) Murray heef ook een geruime tyd in ons kamp opwekkens predikens gehaad, die veel tot zegen was", getuig 'n gevangene uit Ceylon.¹²¹ Oor ds. en mev. J.R. Albertyn sê Rocco de Villiers, "men kan slechts met lof en eer van hen sproken voor hunne opofferingen ten goede van de Afrikaansche krygsgevangenen."¹²²

Diep uit die hart van Indië loof D.S. van Warmeloo die toegewyde diens van ds. D.J. Viljoen van Reitz, wat tydelik die geestelike bearbeiding in hulle kamp behartig en "die het redelijk peil en geloofsleven der krijgsgevangenen voor ondermijning en achteruitgang behoede door groote toewijding en zelfopoffering. En al moch Z. Eerw. niet bijzonder in welsprekendheid uitmunten, en al mogen velen onzer van dat voortdurend zingen en godsdienshouden in de bungalows moe

120. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 68.

121. T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, pp. 23-24.

122. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 160.

worden, dan worden de eenvoudige burgers, die daar zoo veel behoefte aan hebben, toch gevoed en gesticht en opgebeurd. Want de handhaving van den godsdienst heeft ons volk voorheen en thans van ondergang behoed. Wat zou er van de pioniers van midden Zuid-Afrika geworden zijn geheel afgesloten van de beschaafde wereld, onder de omstandigheden, die niet veredelen maar tot demoralisatie dreigen, indien zij zich niet aan den Bijbel en den godsdienst hunner vadersen gehouden hadden."¹²³

'n Adres aan ds. G. Murray, van die krygsgevangenes in Diyatalawa, weerspieël duidelik watter agting die gevangenes vir hom gehad het en hoe hoog sy dienste deur hulle op prys gestel is. "Gij hebt u niet in den geest in onzer toestand verplaatst, maar zyt er werkelyk ingegaan. Met ons hebt gij in onzen druk gedeeld; onzen tranen hebt gij in het sterfhuis en bij het graf gedroogd, in den gewonden harten bracht gij steeds de olie der vertroosting."¹²⁴

Die aankoms van 'n predikant in die kampe is oor die algemeen met groot blydskap afgewag. Oor die verwelkoming van 'n predikant in Diyatalawa, skryf C.P. Pretorius: "Toen stroomden wij van alle kanten aan met bankken en felstoeljes en kassies zij drukten in propvol buiten rond om zitten zij ommekaar."¹²⁵ 'n Paar maande later is daar weer die afskeid en "het was dan ook met een gevoel van droefheid dat wij van hem (ds. G. Murray) op den 21sten Maart 1901 moesten vaarwel zeggen."¹²⁶ Na die afskeidspreek "het den leeraar

123. T.A. Privaat brief van D.S. van Warmeloo, 4.8.1901.

124. Brink, J.N.: Ceylon en de Bannelingen, p. 154.

125. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 47. (Kopie in besit van skrywer hiervan).

126. Brink, J.N.: op. cit., p. 153.

Rou een adres voorgelees uit naam van al de kreuggevangenen voor zijn arbeid. Vandaar gaan wij allen met droevige aangezichten uit elkander met traanen in den oogen," aldus C.P. Pretorius.¹²⁷ Die dienstyd van ds. G. Murray is deur krygsgevangenes allerweë as 'n tydperk van geestelike verryking gevoel. Ook met die vertrek van ds. P.A. Winter uit die Deadwoodkamp "werden hem en mrs. Winter verscheidene adressen aangeboden. De nieuw aangenomen leden der gemeente werden hunne certificaten overhandigd en de Domine sprak hun hartelyk toe," getuig J. Teengs uit St. Helena.¹²⁸

* * *

Ds. P. Postma noem 'n insiggewende feit in verband met die kerklike aangeleentede van die verskillende Afrikaanse kerke in Diyatalawa. Hy wys daarop dat die katkisasieklasse vir die jongmense begin het en "in al deze samenkosten ben ik steeds uitgegaan van de gedachte, wij moeten hier, waar men in hutten samenkomt, samen de dienst des Heeren betrachten, één zijn in onze banden, en geene kerkelyke verskillen te weeg brengen. Ik mocht dan ook de hartelyke samenwerking van alle broeders ondervinden."¹²⁹ Na die aankoms van generaal Paul Roux is die hele kamp in twee gemeentes verdeel, ongeag die lidmate van die verskillende kerke "waarover de kerkraadsleden die hier zijn van verskillende districten en de beide kerken, Ned. Geref. en Geref., te zamen in eene band broederlyk toezicht zullen houden. Aangenaam is het waarlyk de samenwerking in de omstandigheden waarin we ons bevinden, van de leden dezer

127. Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 94-95.

128. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 102.

129. De Kerkbode, 17.1.1901, p. 46.

beiden kerken tot de geregelde behartiging van de godsdienst in ons midden."¹³⁰ Volgens ds. D.J. Viljoen was daar in Ahmednagar ook groot eensgesindheid tussen die lidmate van die verskillende kerke. "Wij hebben menschen hier behorende aan alle drie Hollandsche kerken, maar hier spreken wij niet van kerken. Een paar onverstandigen wilden scheuring maken maar kregen geene ondersteuning."¹³¹ Ook ds. A.F. Louw maak op St. Helena melding van die kerklike eensgesindheid wat ongelukkig versteur is toe die Gereformeerdes in altwee kampe aparte gemeentes afgestig het.¹³² Oor kerklike aangeleenthede in Umballa noem A.C. Lyell die feit dat by hierdie krygsgevangenes geen predikant was nie, dat hyself die leiding op godsdienstige gebied geneem het en later die gewaardeerde hulp van 'n ouderling van die Gereformeerde kerk geniet het. Lidmate van die twee kerke het steeds in groot eensgesindheid saamgewerk.¹³³ In sy herinneringe van sy dienstyid in Bermuda skryf ds. J.A. van Blerk: "'n Kerkraad is aangestel, bestaande uit kerkraadslede van die Nederduits Gereformeerde kerk, Gereformeerde kerk en die Nederduits Hervormde of Gereformeerde kerk, wat voorheen ambsdraers was by die verskillende kerke. Ons het lieflik saamgewerk en dit het gevoel of almal aan een en dieselfde kerk behoort het."¹³⁴

* * *

130. Ibid., pp. 46-47. Vgl., Die Huisgenoot, 23.1.1942. Artikel deur Kotie Roodt.

131. De Kerkbode, 26.9.1901, p. 536.

132. Ibid., 17.4.1902, p. 173.

133. Ibid., 8.5.1902, pp. 361-362.

134. Van Blerk, J.A.: Op die Bermudas Beland, p. 73. Vgl. Die Huisgenoot, 23.1.1942. Artikel deur Kotie Roodt.

Aanvanklik is baie probleme op geestelike gebied on-
 dervind as gevolg van 'n groot tekort aan geestelike lees=
 stof, psalm- en gesangeboeke. A.P. Burger skryf: "Het
 ging soms moeilyk met het zinge want de soldaten hadden by
 aanboordkomen al onze gezangboeken en Bybels in zee gewor=
 pen."¹³⁵ Struikelblokke van hierdie aard is gaandeweg uit
 die weg geruim deur aansienlike boekskenkings uit verskeie
 oorde. Van ds. A. Murray het die gevangenes in Deadwood
 120 boeke ontvang. Dit is verder deur skenkings van ds. J.R.
 Albertyn aangevul.¹³⁶ In Broadbottom skryf Hugo van Nie=
 kerk van die ontvangs van "een massa boeken per post aange=
 zonden door vrienden uit de K. Kolonie. Zelfs uit Rhodesia
 kwam hier eenige bezendingen aan."¹³⁷ 'n Besending boeke,
 "zoo als leer boeken voor de jongelingen die wenschen school
 te gaan en Catechisatie boeken voor degenen die wenschen
 lidmaat te worden," word met groot blydschap in Bermuda ont=
 vang, getuig J.A. de Villiers.¹³⁸ Prop. J.A. van Blerk
 skryf op 20 April 1902 uit die kamp op Hawkins-eiland, dat
 hy die vorige dag 1 000 Hollandse Bybels van die Britse en
 Buitelandse Bybelgenootskap ontvang het. "Een groote be=
 hoefte is dus op dit eiland vervuld. In den laatsten tijd
 hebben wij uit Amerika en Holland heel wat schoolboekjes en
 ook nuttig lectuur ontvangen."¹³⁹ Uit Diyatalawa skryf ds.
 P. Boshoff op 20 Junie 1901, dat die krygsgevangenes in

135. Burger, A.P.: Worsteljare, p. 23.

136. De Graaf, H.: Boere op St. Helena. Die Oorlogs=
 dagboek van H. de Graaf, verwerk en in Afrikaans
 oorvertel deur P.J. Nienaber, pp. 193-195.

137. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te
 Broadbottom, dl. 2, p. 191.

138. K.A. Dagboek van J.A. de Villiers, p. 48.

139. De Kerkbode, 5.6.1902, p. 412.

hierdie kamp 'n skenking van 200 Bybels en 200 Nuwe Testamente ontvang het.¹⁴⁰ Ds. D.J. Viljoen maak met dankbaarheid melding van 'n skenking uit Holland, asook van 'n Amerikaanse sendeling aan die gevangenes in Ahmednagar.¹⁴¹ Hierdeur is meer normale toestande vir die tradisionele godsdiensoefeninge vir die krygsgevangenes geskep.

* * *

In die godsdienstige verenigingslewe van die krygsgevangenes in die onderskeie kampe, het die predikante normaalweg die leiding geneem en slegs waar daar nie 'n predikant was nie, het die krygsgevangenes self tot die stigting van geestelike verenigings oorgegaan. Hierdie verenigings het kort na die stigting van die kampe reeds met hulle werksaamhede begin. In Februarie 1900 meld ds. A. Murray, byvoorbeeld, die bestaan van 'n Christelike Stewersvereniging in Bellevue en dat die ledetal ongeveer vyftig beloop.¹⁴² Hugo van Niekerk maak melding van 'n Christelike Jongeliedevereniging met ds. W.A. Alheit as voorsitter, reeds kort na hul aankoms in Groenpuntkamp.¹⁴³

H. de Graaf meld in sy dagboek dat die krygsgevangenes aan boord van die Bavarian op 9 Mei 1900, op inisiatief van L.S. Bester en A.P.J. Fourie De Christelyke Krygsgevangenen Jongenliedenvereniging Immanuel gestig het.¹⁴⁴ As eerste doelstelling van die vereniging is die vermeerdering van

140. Ibid., 15.8.1901, p. 468.

141. Ibid., 7.11.1901, p. 623.

142. Ibid., 22.2.1900, pp. 115-116.

143. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 113.

144. De Graaf, H.: op. cit., p. 191.

Bybelkennis, tekenend van die algemene godsdienstige gesindheid van die Boerekrygsgevangenes. Dit is ook baie interessant om daarop te wys, dat in hul doelstellings, die aankweek van nasionaliteitsgevoel, ook ingesluit is.¹⁴⁵ Nadat die krygsgevangenes na Deadwood geneem is, het genoemde vereniging voortbestaan en is 'n eie gebou deur die lede opgerig. Vanweë die groeiende ledetal is die oorspronklike vereniging in verskillende takke verdeel. Die eerste verjaardag van hierdie vereniging is in Mei 1901 feestelik gevier.¹⁴⁶

Onder leiding van ds. J.R. Albertyn is op 11 Mei 1900, "De Christelike Strevers-Vereeniging" in Deadwood gestig met C.F. Mynhardt as die eerste voorsitter.¹⁴⁷ Die doel was "om 'n ernstige christelike lewe onder die lede te bevorder; om hul onderlinge kennis te vermeerder, en hul nuttiger in die diens van die Here te maak."¹⁴⁸ Vergaderings is weekliks gehou en van al die lede is verwag om aan die verrigtinge deel te neem. Vir hierdie vereniging het die lede self 'n gebou opgerig. Spoedig was die ledetal so groot dat dit in verskillende takke moes verdeel. "Iedere afdeling heeft haar eigen voorzitter, secretaris en bestuur. Dit wordt gedaan vooral met het oog hierop dat zooveel mogelijk de jongelingen er in bedreven worden om in zulke vereenigingen werkzaam te zijn. Benevens de besturen der takken zijn er ook hoofdbesturen."¹⁴⁹ Twee maande later skryf ds.

145. Ibid.

146. Ibid., p. 192.

147. Ibid., p. 193.

148. Ibid.

149. De Kerkbode, 7.2.1901, p. 84.

A.F. Louw dat die twee verenigings hulle verjaardae gevier het en dat verteenwoordigers uit altwee die kampe 'n gesamentlike eendaagse konferensie gehou het.¹⁵⁰ 'n Lid van die strewersvereniging skryf op 10 Mei 1901 dat daar reeds ses takke van die vereniging bestaan en dat elke tak sewe verskillende werkende komitees het. "Aan het hoofd van al die takken staat dan de president, algemeene sekretaris en unie bestuur."¹⁵¹ In Oktober 1901 was die vermeerdering in die ledetal so groot dat daar reeds nege takke gestig is en in Jamestown is ook 'n afdeling van die vereniging in die lewe geroep.¹⁵² Later het die vereniging geherorganiseer, sodat dit saam met 'n soortgelyke vereniging in Broadbottom uit agtien verskillende takke onder 'n distriksunie georganiseer en geadministreer is. Deur hierdie samewerking het die ledetal van die vereniging op ongeveer 1000 te staan gekom.¹⁵³

In Desember 1900 is in Deadwood 'n verdere geestelike vereniging vir lede bo dertig jaar deur ds. A.F. Louw gestig. Die doel van De Christelike Broederkring Immanuel was om 'n ernstige Christelike lewe onder die bejaardes te bevorder, 'n volkome toewyding aan die diens van die Here te kweek, in nouer gemeenskap met God te lewe en te leer om Gods Woord reg te ondersoek, te bestudeer en te verstaan.¹⁵⁴ Aangesien die lidmate van die Gereformeerde kerk hierdie verenigings nie goedgekeur het nie, het die lede van genoem=

150. Ibid., 6.6.1901, p. 329.

151. Ibid., p. 330.

152. Ibid., 24.10.1901, p. 585.

153. De Graaf, H.: op. cit., p. 194.

154. Ibid., p. 190.

de kerk in November 1901 besluit om 'n eie Gereformeerde gemeente te stig.¹⁵⁵

'n Nuwe vereniging, De St. Helena Christeljk Strevens Zending Handwerkers Genootschap, of St. H.C.S.Z.Hw.G., is in September 1901 gestig. Hierdie vereniging het hom sendingwerk ten doel gestel. Op alle handwerk wat deur lede gemaak is, moes bogenoemde letters aangebring word en alle opbrengste uit die verkope van hierdie artikels moes vir sendingdoeleindes geskenk word.¹⁵⁶

Met die ingebruikneming van die krygsgevangekampe in Bermuda, is 'n nuwe werkkring vir die Christelike verenigings geopen en van hier berig ds. J.R. Albertyn dat 'n tak van die Christelike Stewersvereniging met 126 werkende lede op Darrells eiland gestig is.¹⁵⁷ Enkele maande later rapporteer ds. Albertyn dat die ledetal reeds meer as 200 is, "de hoop van onze kerk, het licht voor de heidenen; de Heere heeft hen ontmoet en zij hebben den Heere ontmoet."¹⁵⁸ In Mei 1902 skryf prop. J.A. van Blerk dat op Hawkins eiland ook 'n tak van die Stewersvereniging met 'n ledetal van 180 bestaan.

'n Verslag op 29 Desember 1900 uit Diyatalawa in Ceylon, maak melding van "een bloeiende Christeljk Strevers Vereeniging."¹⁵⁹ In die voorwoord van 'n notuleboek oor hierdie vereniging, kom 'n insiggewende gedeelte voor. Dit vorm 'n beeld van die groot erns waarmee die krygsgevangenes hulle godsdienstige lewe benader het. Dit lui: "Wij

155. Ibid., pp. 195-196.

156. De Kerkbode, 12.9.1901, p. 511.

157. Ibid., 7.11.1901, p. 613.

158. Ibid., 3.4.1902, p. 150.

159. Ibid., 7.2.1901, p. 85.

waren allen vreemd, treurende en verslagen, doch de lieve Heer toonde ons toen, dat hoewel wy door Hem verbannen zyn, Hy ons in Zyn oneindige liefde nog nooit aan ons eigen lot overgegeven heeft."¹⁶⁰ Die krygsgevangenes vind in hulle ballingskap 'n gulde geleentheid en deur hulle geestelike verenigings 'n middel "ten einde onzen Heer te verheerlyken en onze mede broeders krygsgevangenes tot troost en versterking te zyn en ons op die wyze op te beuren, waardoor wy onze smart verlichten konden."¹⁶¹ Uit dieselfde notule blyk verder die interessante gebruik om hul byeenkomste, "het eene maal per week geestelyk en een maal per week polletiek te houden."¹⁶² Uit hierdie gebruik het uiteindelik die algehele skeiding in twee afsonderlike verenigings gespruit. 'n Privaat brief uit Ceylon vermeld dat twee sterk takke van die Stewersvereniging ook daar gestig is.¹⁶³

Ds. D.J. Viljoen skryf op 20 Augustus 1901 uit Ahmednagar: "Een Christelyk Stewers Vereeniging is laatste week opgericht met 86 leden."¹⁶⁴ 'n Verslag van 16 Februarie 1902 meld dat die vereniging reeds in twee takke van 130 lede elk, moes verdeel.¹⁶⁵ Op 13 Maart lui 'n verslag uit Umballa dat ook daar 'n Stewersvereniging gestig is. "die naar de behoefte van het kamp is ingericht."¹⁶⁶ 'n Beriggie uit Sialkot in Maart 1902 meld dat die Stewers=

160. O.M. Voorwoord by die notule van 'n geestelike vereniging in Diyatalawa.

161. Ibid.

162. Ibid.

163. De Kerkbode, 25.4.1901, p. 258.

164. Ibid., 26.9.1901, p. 536.

165. Ibid., 10.4.1902, p. 160.

166. Ibid., 8.5.1902, p. 361.

vereniging in hierdie kamp ook steeds groei.¹⁶⁷

Op 20 Junie 1901 lui 'n verslag van ds. P. Boshoff uit Ceylon dat dit met die C.S.V. en C.J.V. goed gaan. "Hierby sluiten zich aan niet alleen jongelieden maar ook, wat ja=ren aangaat, oude lieden. Wel, in tijden van geestelike herleving voelt zich meer dan één nieuw en jong. De C.S.V. ... telt nu zoowat 300 leden in vijf takken waarover men bezig is een Unie te vormen."¹⁶⁸ Die getuienis op 26 Februarie 1902 is dat die Strewersvereniging steeds bloei en dat die ledetal ongeveer 800 beloop.¹⁶⁹

* * *

Uit die getuienis van krygsgevangenes blyk telkens dat daar by hulle gaandeweg 'n skuldgevoel ontwikkel het en dat hulle almeer die beproewing waaronder hulle gebuk gegaan het, as 'n straf vir hulle sonde aangevoel het. In hulle ballingskap word die krygsgevangenes tot 'n grondige self=ondersoek gedwing en kom hulle tot die skrikwekkende besef dat die ellende en lyding, 'n straf is "waarvan de zonde de oorzaak zyn."¹⁷⁰ Van hierdie feit oortuig, besef hulle die geestelike waarde van hul ballingskap en deurstraal 'n sterke geloof die krygsgevangenes daar in die vreemde en bely hulle: "Goddank door ons ballingskap zijn wij nader aan Hem gebracht."¹⁷¹

Hierdie lang tydperk van inkamping en afsondering van hul aardse besittings het aan almal die geleentheid gebied

167. Ibid., 22.5.1902, p. 383.

168. Ibid., 15.8.1901, p. 468.

169. Ibid., 8.5.1902, p. 363.

170. O.M. Aantekeninge van H.H. van Niekerk te Diyatalawa, p. 63.

171. Ibid., p. 93.

om tot inkeer te kom, skuld te bely en tot geestelike herlewing te kom. "Heerlyk was het menigmaal op te merken hoe gespannen de aandacht van het gehoor was, krachtig weergalmdde het heerlyk gezang en plechtig was de stilte van de groote schare, als smeekelinge voor vaderland en dierbaren als of schuldbelydenden, diep in het stof gebogen," getuig J.N. Brink.¹⁷² Dieselfde gedagte word ook deur C.P. Pretorius uitgespreek as hy getuig van "een groote verandering in ons camp persoonen wat eerst niets anders als dans in kaart speel en laster, loop nu met Gods Woord in de hand en belij hun schuld en gaat ook elken avond zaam met ons daar in den eenzaamheid om den Heer te dank voor zijn genade."¹⁷³ Op 6 Februarie 1901 skryf 'n krygsgevangene, O.D.J. van Schalkwyk in Diyatalawa: "God bracht gevangene te Ceylon om hen naby de genade te brengen - weg van alle aardsche bezittingen."¹⁷⁴ Slegs 'n dag na hierdie betekenisvolle belydenis, teken hy weer met warme oortuiging aan: "Wij gaan in smart en rouw omdat wij voor een oogenblik verstooten schynen te zijn, maar onze zielen moeten niet onrustig wezen en nederbuigen, maar op God hopen, want hy is menigvuldige verlossing onzer aangezichten, en hy is onze God."¹⁷⁵

C.P. van Zyl wys ook op die geestelike waarde van hierdie tydperk van straf wat hulle gedurende hul ballingskap ondervind het. "Hier is ook de plaats van afzondering waar wy met het geestelyke oog, de ondeungrondelyke liefde en

172. Brink, J.N.: op. cit., p. 150.

173. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 381.

174. O.M. Dagboek van O.D.J. van Schalkwyk. Inskrywing op 6.2.1901.

175. Ibid. Inskrywing op 7.2.1901.

onbegrypelyke genade Gods over de zondaar kunnen aanschouwen in de tydelike, zoo wel als in het geestelyke leven."¹⁷⁶

Hierdie skuldgevoel en die oortuiging dat hul ballingskap die straf vir hul sonde is, het in 'n hoë mate die hele gedragskode van die gelowiges in die kampe bepaal. Hier in hulle afsondering het hulle geleer "hoe wij ons gedragen moet onder de kastijdende hand des Heeren. Wij moesten ons niet maar onderwerpen, omdat wij niet anders kon, maar gewullig den beker des beproeving uit de hand des Heeren nemen, en onze zonden allen oprecht voor Hem belijden."¹⁷⁷

By geleentheid van 'n besoek aan Groenpuntkamp het die tema van ds. A. Murray se diens ook by die skuldgedagte aangesluit. "Er is een geestelijke gevangenschap onder de magt der zonde waarvan onze Heer kan vrij maken."¹⁷⁸ Met die oog op skuldbelydenis is in die Groenpuntkamp 'n spesiale dag van verootmoediging gehou. "Het was als of allen gevoelden, wij zijn schuldig en wenschen ons diep voor den Heer te buigen. De velen gebeden getuigen van diepe overtuiging van zonde en schuld, een vast geloof dat er vergeving en uitdelling is."¹⁷⁹ Ds. A. Murray meld dat hy in Groenpuntkamp met talle krygsgevangenes kennis gemaak het "die zeggen dat zij God nooit genoeg zullen kunnen danken dat Hij hen hier in gevangenis heeft gebracht." Daar is nog diegene wat onverskillig bly, "maar dat er ook velen zijn voor wie kastijding tot zegen is geweest en nog is lijdt geen de minste twijfel."¹⁸⁰

176. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, pp. 65-66.

177. V.A. Dagboek van P.J. Venter, p. 20.

178. De Kerkbode, 22.2.1900, p. 115.

179. Ibid., 28.6.1900, p. 394.

180. Ibid., 25.10.1900, p. 670.

Uit St. Helena rapporteer ds. A.F. Louw op 20 Desember 1901 dat 'n dag van verootmoediging in Deadwoodkamp gehou is. "Het is nu gebleken dat de prediking over zondien dag velen tot overtuiging gebrachth heeft. De opkomsten waren bijzonder goed. Sedert Maandag hebben wij elken dag twee dienste, 's namiddags 3 uur voor personen over de 30, en 's avonds voor die onder de 30 jaar zijn."¹⁸¹ Hierdie feit bevestig reeds dat dienste goed bygewoon is "en oordeelende naar de aandacht en de velen die als bekommerden komen om raad in 't persoonlik spreken kunnen wij niet anders dan zeggen dat Gods Geest krachting werkt." Hy voeg later hieraan toe: "Voor zoo ver de mensch kan oordeelen zijn er krachtinge bekeeringe."¹⁸²

Uit Deadwood getuig ds. A.F. Louw dat talle krygsgevangenes onder die indruk van hul sonde gekom het. "Onder de mannen van middelbaren leeftijd zijn er niet weinigen die God danken voor verlossing, anderen weer zeggen dat de zaak hen dezer dagen duideliker is geworden dan ooit tevoren. Bij de jonge menschen is er een heerlik Gods werk."¹⁸³

Uit hierdie godsdienstige ingesteldheid van die krygsgevangenes het die grondslae vir die godsdiensoefening in die kampe ontwikkel. Dit het meegebring dat godsdienste nie tot openbare eredienste beperk is nie, maar op veel omvattender skaal in die hutte of tente beoefen is. Veral die aand- en môregodsdiens is getrou gehou en "van zes uur af in die aant weergalm onse camp tot zeven uur en nog later

181. Ibid., 17.1.1901, p. 36.

182. Ibid., pp. 36-37.

183. Ibid., p. 36.

en van de morgen om vyf uur af hoor jy maar in elk tent het gezing want de nacht is lang en de plank vloer is hart," getuig P.A. Venter.¹⁸⁴ Jannie Geldenhuys noem ook die feit dat die krygsgevangenes in Umballa nie slegs op Sondag godsdienstig aktief was nie. "Die gewoonte onder ons in ons tent is om 's avonds godsdienst te houden ... en de morgen na eeten werd weder geregeld godsdienst gehouden."¹⁸⁵ Selfs maande na vrede toe groot groepe krygsgevangenes in Indië steeds op repatriasie sit en wag het, is die godsdienstige tradisie in hoë ere gehou. In sy dagboek teken 'n krygsgevangene, onder datum, 7 September 1902 aan dat iemand een van die tentmaats kom vra het "om voor zyn Korporaalschap godsdienst te houden. Zoo werd ons godsdienst door hem voortgezet."¹⁸⁶

Die verskeidenheid lofliedere uit soveel tente by geleentheid van aand- en môregodsdiens sou ongetwyfeld vir besoekers wat nie aan hierdie gebruike gewoond was nie, indrukwekkend geklink het. 'n Besoeker aan die kampe in Bermuda skryf: "No day ends among the Bermuda Islands now, without the sound of an evening psalm, wafted across the water by the strong clear voices of the Boer prisoners."¹⁸⁷ 'n Krygsgevangene, J.W. Kok skryf dat hy in die vroeë môre deur die kamp wandel "en bemerk dat bij verschillende tinte zy jeust bezig was met het morgen gotsdiens en het lieflik gezang der burgers klink mooi in den vroege morgen."¹⁸⁸

184. O.M. Privaat brief van P.A. Venter, 12.6.1900.

185. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 47. Vgl. dagboekantekeninge van S.P. Malan te Umballa, p. 31.

186. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys, p. 157.

187. A Resident.: Boer Prisoners at Bermuda, p. 367.

188. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 83.

G.S. de Villiers lewer ook getuienis oor hierdie gods= dienstige gebruik in Diyatalawa. "Elk tent had zyn morgen en afond dients, ik ben in ons tent de voorganger. Later heeft van ons tentmensen des afonds de openbare gods= dients in de open lug gaat bywoon, maar dan was er ook weer uit andere tenten die de onze bywoonde."¹⁸⁹ J.D.T. Kry= nauw wys daarop dat godsdiens en gesprekke oor geestelike sake 'n normale gebruik geword het en "selfs in die tente, op die wandelbaan of waar 'n paar bymekaar sit, het gesprekke oor die geestelike lewe gegaan,"¹⁹⁰ en "als de avond komt hoort men overal het zingen der avondliederen en gezangen, en hoort men velen den Bybel lezen en smeevend tot God biddend."¹⁹¹ In soortgelyke trant meld J.W. Kok van die rustigheid, die ewewigtigheid en kalmte waarmee die krygs= gevangenes oor geestelike sake gesels. Dit het 'n normale deel van hul lewe en daaglikse gesprekke geword. "Zommige hat heerlike gesprekke over Gods dierbaar woort van vertroosting doch by sommige schijn deze zaak niet veel van betekenis te zijn. tog wort over het algemeen deze onze gevangenschap goiet gevoelt ek voor my is biddend verlangint naar de heerlike dag van verlossing."¹⁹²

* * *

By baie krygsgevangenes het hul godsdiens in hul afsondering nou ook 'n nuwe geroepenheid en 'n nuwe verantwoordelikheid laat groei, veral ten opsigte van sending=

189. T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, pp. 23-24.

190. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 91.

191. Schumann, J.H.L.: St. Helena, p. 22.

192. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 165.

werk. Op 28 September 1901 skryf ds. J.R. Albertyn oor die godsdienslike lewe in die kampe in Bermuda en noem hy die getuigenis van die teologiese student P. Pienaar: "Acht van de broeders hebben hier besloten, zoo 't de wil van God is, zich aan het zendingwerk te wijden. Dat geeft eenigszins een inzicht hoe gezegend het werk is."¹⁹³ In sy gereelde verslag oor die godsdienslike lewe in Bermuda, rapporteer ds. J.R. Albertyn: "ook zijn er 18 of 20 jongemannen die de begeerte om zendelingen te worden, hebben te kennen gegeven. Sommigen van hen ontvangen voorloopige onderrichting daartoe."¹⁹⁴ Ds. D.J. Minnaar skryf in September 1901 in Ceylon dat "de belangstelling in de zending bleek van het begin af groot te zijn en groeit steeds aan. Verscheidene jonge menschen openbaarde eene begeerte, als God hun den weg opende, teruggekeerd op Zuid Afrika's bodem, zendingwerk te doen."¹⁹⁵ Op navraag het dit geblyk dat daar 32 jongmanne besluit het om sendingwerk te gaan doen. "Wij waren diep getroffen. Later zijn er nog 7 bijgekomen."¹⁹⁶ Op 29 September 1901 preek ds. P. Boshoff "en maakte bekend dat er 40 jonge leden zyn die leeren voor zendeling en vroeg onze voorbidding voor hen en meld dat er 150 nuwe lidmate is."¹⁹⁷ 'n Verslag uit Bellevuekamp in Januarie 1902 meld van die toenemende belangstelling in sendingwerk. "Vooral onder de jonge menschen was er groote geestdrift te bespeuren. Vrijdag vernamen we met blijdschap, dat

193. De Kerkbode, 7.11.1901, p. 613.

194. Ibid., 3.4.1902, p. 150.

195. Ibid., 31.12.1901, p. 708.

196. Ibid.

197. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, p. 473.

eenigen onder hen begeerig waren zich aan de zending te wijden." Na verdere en ernstige oordenking van die saak was die afloop "dat we dien middag, de namen van negen-entwintig ontvingen, die verklaarden gewillig te zijn om, zoo de Heer wil, zich aan het zendingwerk te geven. We hebben besloten dadelijk te beginnen, en een zendingklas te vormen."¹⁹⁸

In al die krygsgevangekampe is daar op uitgebreide skaal met katkisasieklasse begin. Hierin was gebrekkige skoolopleiding 'n onverwagte struikelblok vir die kategete. In 'n verslag uit Diyatalawa noem ds. G. Thom hierdie onvoorsiene probleem. Hy wys op die feit dat daar drie katkisasieklasse is. "in eene zijn er ongeveer twee honderd; in een ander tachtig, en in een derde, bestemd voor bejaarde en gehuwde personen, zijn er seventig." Party van hulle se lees kennis is so gebrekkig dat hulle nie kan katkiseer nie. "Dit geeft ons natuurlijk veel moeite, maar wij hopen dat zij allen nog zullen leeren lezen vóór zij hunne belijdenis zullen doen. Er zijn in de laatste week over de honderd van de verstgevorderden der klassen tot lidmaten aangenomen. Of zij ook hier zullen voorgesteld worden, is eene vraag voor ons die wy later overwegen zullen."¹⁹⁹ Kort hierop wys ds. Thom weer eens op die groot getalle katkisante wat reeds 700 beloop. Daar is gelukkig baie hulp, al is die taak van sommige helpers slegs "om met een min gevorderde op een eenzaam plaats te gaan zitten en hem in het lezen te oefenen." Van die bestes is reeds 140 aangeneem.²⁰⁰

198. De Kerkbode, 23.1.1902, p. 29.

199. Ibid., 7.3.1901, p. 148.

200. Ibid., 25.4.1901, pp. 254-255.

Uit Ahmednagar skryf ds. W. de Wet op 13 Junie 1901 dat die katkisasie goed vorder en dat die eerste aanneming die volgende maand plaasvind.²⁰¹ Uit Diyatalawa rapporteer ds. P. Boshoff dat daar meer as 700 katkisante in die klasse is waaronder meer as 100 bejaarde getroudes is.²⁰² Op 4 Julie 1901 skryf ds. D.J. Viljoen dat 144 nuwe lidmate die volgende week voorgestel word.²⁰³ Uit Sialkot skryf 'n krygsgevangene op 31 Maart 1902 dat die eerste groep van 22 katkisante aangeneem is en dat 'n verdere dertig jongmense hulle vir die aanneming voorberei.²⁰⁴ Eerwaarde J.N. Murray wys daarop dat hierdie groepie soggens skool toe gaan "om zich verder in het lezen en schrijven te oefenen."²⁰⁵ Uit Bermuda berig prop. J.A. van Blerk op 20 Mei 1902 dat op Hawkins-eiland "in de laatsten tijd niet minder dan 160 aangenomen en nog zijn er ruim een vyftigtal die dagelijks de Catechisatie bijwonen; onder hen bevinden zich enkelen die reeds gevorderd zijn in jaren."²⁰⁶

Krygsgevangenes lewer self ook getuienis oor katkisasie en aanneming in die kampe. Volgens C.P. Pretorius het die eerste groep in Diyatalawa vroeg in Januarie 1901, belydenis van geloof afgelê. Op 'n gesamentlike vergadering van die verskillende kerke is besluit dat dié groep hulle later na hulle terugkoms in Suid-Afrika in hulle afsonderlike gemeentes sou laat voorstel.²⁰⁷ Na aanleiding van die gebeur-

201. Ibid., 25.7.1901, p. 427.

202. Ibid., 15.8.1901, p. 467.

203. Ibid., 22.8.1901, p. 479.

204. Ibid., 15.5.1902, pp. 375-376.

205. Ibid., 22.5.1902, p. 383.

206. Ibid., 26.6.1902.

207. Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 65-66.

tenis skryf 'n krygsgevangene: "Vendag was aanneming van de lste klomp bij den leeraar Roux nu is vendag 94 aangenomen en kreugt hun aanneemkaartje wanneer zij weer in Zuitafrika kom konden hun leeraar hun net voorstel."²⁰⁸ 'n Krygsgevangene in Deadwood vermeld ook met groot dankbaarheid dat hy saam met 'n groep van 63 katkisante in hulle kamp aangeneem is. "Het is voor hen een mooie herinnering onder de omstandigheden waarin wy ons heden bevinden, te worden aangenomen."²⁰⁹ Op Hawkins-eiland maak J.A. de Villiers melding van die aanneming van 14 kinders op Bermuda.²¹⁰ "Vendag," skryf C.P. Pretorius, "heb den leeraar Minnaar aanneemen gehoud 25 oude getroude mense is aangeneem van 30 tot 46 jaar oud een groote voorrecht voor hun om huer ludmaat te worden."²¹¹ Enkele maande later op 10 September 1901 vermeld dieselfde skrywer in sy dagboek: "Vendag is weer 54 kinders aangenomen bij den Leeraar Tom zoo is tesamen desen maand 98 bij den Leeraar Tom aangenomen."²¹² Dit is interessant om daarop te wys dat latere leiers in Afrikanergeledere ook gedurende hul krygsgevangenskap gekatki-seer en in die vreemde, belydenis afgelê het. Gordon Fraser en Joubert Reitz is in Bermuda aangeneem. Dit getuig daarvan dat die krygsgevangenes op geestelik-godsdienstige gebied aktief gebly het.²¹³

* * *

-
208. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 67. Sien Bylae Z, p.
 209. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, pp. 100-101.
 210. K.A. Dagboek van J.A. de Villiers, p. 65.
 211. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 115.
 212. *Ibid.*, p. 257. Sien bylae AA., p. 600.
 213. K.A. Aantekeninge van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 162.

Die tydelike afsondering van krygsgevangenes in kampe, die hernude godsdiensywer, die skuldgevoel en die oortuiging van 'n strafgerig vanweë die sonde, het natuurlikerwys tot 'n nuwe belangstelling in Bybelstudie aanleiding gegee. Ds. A. Murray wys daarop dat dit niks buitengewoon was om krygsgevangenes in Groenpunt haas enige tyd van die dag, verdiep in Bybelstudie te vind nie.²¹⁴ By die aanskoue van die toewyding en getrouheid waarmee krygsgevangenes hulle geestelike pligte vervul en hulle met oorgawe in Bybelstudie en verenigingslewe verdiep, kom C.R. Kotze tot die insiggewende slotsom: "Die Boerevolk het in die uur van benoudheid sy toevlug geneem tot die kerk, tot die Bybel en die gebed."²¹⁵

Ds. P. Postma maak ook daarvan melding dat daar in Diyatalawa begin is met Bybelstudie "waar een gedeelte van Gods Woord korteliks door den voorsitter toegelicht wordt, en daarna algemeen besproken en alle vrae daaruit worden besproken en beantwoord. Deze Bijbelklas trok steeds meer mense en is nu steeds eene tamelijke vergadering die met veel belangstelling bijgewoond wordt."²¹⁶ Na die aankoms van ds. Paul Roux het die twee predikante die Bybelstudie saam behartig. "Zeer aangenaam was nu de Bijbellezing - nu Ds. Roux en ik steeds saam er deel in namen."²¹⁷ Ds. P. Boshoff skryf dat hulle twee keer per week Bybelstudie het, "die door zoo wat 400 persone word bijgewoond en

214. De Kerkbode, 25.10.1900, p. 670.

215. Kotze, C.R.: My Ballingskap, p. 69. Vgl. T.A. Herinneringe van P.J. Jacobs, p. 12.

216. De Kerkbode, 17.1.1901, p. 46.

217. Ibid., p. 47.

zeer gezegend is."²¹⁸ Oor die onontbeerlike rol van hul Bybelstudie, godsdiens en veral van die Bybel in die lewe van die krygsgevangenes, spreek J.W. Kok hom met groot oortuiging uit. "Als wij niet een Bijbel zoude hebben waarin zoo veel troost en bemoediging in zijn zou zoo een soort van levin ondragelyk wezen."²¹⁹ Bybelstudie en godsdiens was dus nie 'n skielike opwelling van ywer na emosionele opsweping nie. Dit was veel meer iets normaal, 'n vertroosting, 'n bemoediging en versterking in tyd van beproewing en loutering. In hul gedagte het die krygsgevangenes gedurig met gewigtige vraagstukke geworstel. Dit was vir hulle moeilik om altyd die dinge wat gebeur het, te verklaar, hulle daarmee te versoen en dit sonder voorbehoud te aanvaar. Daarvoor het hulle hulle in Bybelstudie verdiep en berusting gevind in die oortuiging en geloof dat alles so vir hulle beskik is. "Die toekomst ziet er even uit als een jaar geleden, en we zijn zoo min in staat te bepalen hoe lang we nog hier zullen moeten zitten, één troost hebben wij dat Hij wiens wijsheid alles en een ieders loopbaan regeert het best weet wat voor ons het beste is, en wij zullen geduldig de bepaalde dag afwachten," getuig J. Teengs uit Deadwood.²²⁰ G.S. de Villiers noem ook die feit dat hulle tentgroep soms in die aand inplaas van hul gewone aandgodsdiens 'n Bybelstudie gehou het en dat almal aan die besprekings deelgeneem het.²²¹

218. *Ibid.*, 15.8.1901, pp. 467-468.

219. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 124.

220. Dagboek van J. Teengs, p. 158.

221. T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, pp. 23-24.

Die geweldige godsdiensywer het natuurlikerwys die ge-
 vaar ingehou dat dit tot onewewigtigheid en dweepsug kon
 lei. Dit mag selfs in enkele gevalle waar wees, maar oor
 die algemeen was dit nie die geval nie. Daar was selfs
 diegene wat die spontane godsdiensdige herlewing beskryf
 het as "'n senuweeagtige uitwas van die godsdiensdige lewe,"
 volgens O. van Oostrum.²²² Die algemene emosionele toestand
 kon gevare vir die ware godsdiens inhoud. Hieroor skryf ds.
 Paul Roux: "Velen klagen dat er te veel godsdiens in het
 kamp is. Anderen klagen dat er te veel godsdiensloosheid
 is. Mogelik is er te veel godsdiens en te min godsvrucht."²²³
 Die gevare van oordrewe godsdiensywer is egter deur baie
 krygsgevangenes besef en deur hulle toedoen is van die ower=
 heid daagliks parool aan offisiere in bevel van groepe krygs=
 gevangenes verleen. Daardeur het die gevangenes enersyds
 noodaklike liggaamlike ontspanning en andersyds 'n tydelike
 bevryding uit hulle gebondenheid van die kampelewe ondervind.
 "By this means and in other suitable ways they were gradual=
 ly distracted from the intense preoccupation with religion,"
 beweer R.L. Brohier.²²⁴

In die kampe was daar ook dié elemente wat steurend
 was in verband met die tradisionele gedrag op Sondag. Dit
 het Boerekrygsgevangenes hewig ontstel. Uit Ahmednagar
 skryf ds. D.J. Viljoen: "Wat ons hier hindert is dat er ei=
 genlijk geen Zondag is. Er werdt gewerkt en bezigheid ge=

222. O.M. Herinneringe van Ceylon van O. van Oostrum.

223. De Kerkbode, 23.5.1901, p. 301. Verslag van ds.
 P.H. Roux, 20.4.1901.

224. Brohier, R.L.: The Boer Prisoners of War in Ceylon
 (1900-1902), p. 11.

dreven als op andere dagen."²²⁵ Jannie Geldenhuys skryf uit Umballa: "Tot myn leed moet ik in myn boek melding maak van de Sabbatsontheiliging. Ik het gedacht dat de Sabbat ook onder Engelsche Got geheiligd worden."²²⁶ Tot versagting het hierdie skrywer egter die heerlike troos, "deze heilige dag word door de Africanders hier in de kamp zeer voor beeldig door gebring met het houden van godsdienst en zingen van Psalm en gezangen en andere geestelyke liederen."²²⁷

Alle krygsgevangenes is egter nie ewe gunstig deur die ander se ywer en hul lofliedere bekoor nie. In 'n swartgallige gemoedstemming word 'n krygsgevangene in Bermuda, Thomas Brain, deur die Boere se liedere geïrriteer en teken hy in sy dagboek aan: "This evening the Boers are singing all over the island. The noise is discordant and horrible to listen to. They think it right but I wonder whether God can take notice of this terrible singing and be pleased with it."²²⁸ Hugo van Niekerk noem die geval van 'n burger in Groenpuntkamp. Hierdie man "nam zijn Bijbel en Gezangboek en wierpen ze op de vuilnishoop zeggende dat "Er geen God is want de Engelschen winnen."²²⁹ So 'n ernstige goddeloosheid mag 'n geïsoleerde geval wees, maar baie faktore wat meewerk het kon so 'n reaksie uitlok en sou in sommige gevalle tot sedelike en godsdienstige insinking lei. Dit sal straks

225. De Kerkbode, 13.6.1901, p. 346. Brief van ds. D.J. Viljoen uit Ahmednagar.

226. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, pp. 38-39.

227. Ibid., p. 44.

228. V.A. Diary of T.P. Brain, p. 12.

229. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, pp. 148-149.

aangetoon word dat al die krygsgevangenes nie deur die godsdienstige ywer en toewyding van die groot meerderheid beïnvloed is nie, dat daar steeds die afvalliges in hulle geleedere was en dat die getuienis en boodskappe van verlossing hulle harte nie bereik het nie.

Uit St. Helena skryf ds. A.F. Louw dat daar wel groot stof tot dankbaarheid is, "maar ook zoo veel reden nog om te bidden, te bidden voor die toegebracht worden en ook voor zoo velen die nog, niettegenstaande oorlog, verbanning, gevangenschap en bittere zwaar beproeving voortgaan in die zonde, zonde van allerlei aard, maar bovenal de zonde van ongeloof in den Zoon van God."²³⁰ In Diyatalawa ondervind ds. P.H. Roux ook 'n mate van onverskilligheid. "Er zijn zonen van Afrikaander families die nog nooit hier een voet binnen eene kerk hebben gehad - ten spijte van het feit dat de kerk bijna over hunne voeten komt. Velen, vertrouwen wij, zullen hier gelouterd worden. Velen, vreezen wij, zullen hier dieper in bodemloozen modder verzinken."²³¹ Daar word ook reeds die waarskuwende stemme gehoor dat sommige gevangenes hulle toenemend verhard en onverskillig staan en gevolglik nie meer deel in die godsdienstige herlewing het nie.²³² Ds. J.R. Albertyn vermeld ook die feit dat in die kampe in Bermuda daar nog godsdienstige onverskilligheid aangetref word, "doch over 't algemeen is men veel meer tot zelfondersoek gekomen dan ooit te voren."²³³ Uit Ahmednagar verklaar ds. D.J. Viljoen: "De wereld is egter goed ver-

230. De Kerkbode, 17.1.1901, p. 36.

231. Ibid., 14.2.1901, p. 98.

232. Ibid.

233. Ibid., 7.11.1901, p. 613.

tegenwoordig. Wij hebben hier van de vroomste, maar dan ook van de ruwste menschen."²³⁴ Uit Bellevue is die getuie-
nis ook gunstig, maar "de Satan sit natuurlik nu ook niet stil, maar spant al zijne krachten in om Gods werk te ver-
ijdelen. Er zijn er velen die er mee spotten, terwyl ande-
ren er aanstoot uit nemen, en 't veroordeelen als een val-
schen geest."²³⁵

Die oorheersende uitspraak en getuienis van krygsge-
vangenes bevestig egter onweerlegbaar dat die godsdienstige
lewe 'n positiewe en 'n vormende invloed uitgeoefen het.
Dit was 'n godsdienstige belewenis wat krygsgevangenes in-
dividueel geraak het. Die langdurige gevangenskap, beperk-
te lewensruimte, ontstellende nuus uit Suid-Afrika wat die
kampe periodiek bereik het, het 'n sekere mate van senuwee-
spanning by die krygsgevangenes veroorsaak. Hulle bekommer-
nisse en eie magteloosheid om iets vir hul bloedverwante in
Suid-Afrika te doen, sou hierdie spanning ongetwyfeld verer-
ger. Intussen het hulle die verlange na uitredding en ver-
lossing uit gevangenskap steeds intenser gevoel. "Dit het
toe heelparty mense daartoe gebring om hulle saans na ag-
uur in klein groepies af te sonder naby die draad, op die
voetbalveld en by die tennisbane ten einde God aan te roep
om verlossing. Die gebed van soveel persone, elkeen by sy
groepie, het 'n uur lank soos 'n groot gegons in die lug
oor die kamp gesewe," getuig O. van Oostrum.²³⁶ P.H.H.
Fick lewer ook getuienis oor hierdie gebruik. "Elke avond

234. Ibid., 7.11.1901, p. 622.

235. Ibid., 15.5.1902, p. 375.

236. O.M. Herinneringe van Ceylon van O. van Oostrum.

na inspectie presies gingen onze menschen die behoefte hebben naar bult teen draad waar zij in groot menigten by el-
kander komen te bidden."²³⁷ C.P. Pretorius getuig oor die
groot erns waarin hierdie gebruik beoefen is. Die same-
komste het elke aand plaasgevind en dan "kan wij veele Bur-
gers zien uit de hutten gaan daar op een oope plek overkand
een leegte daar knielen honderde neder tot het bidden als
wij het aanzacht elken avond kan wij waarlijk geloof dat
Gods' gees krachtdadig in ons camp werk."²³⁸ Hierdie dag-
boekskrywer beweert voorts dat die krygsgevangenes hulle in
hulle gevangenskap tog bevry gevoel het en dat hulle daag-
likse gesprekke dikwels oor hul nuwe vryheid gehandel het.
Die intense godsdienstige belewenis sou ongetwyfeld tot
hierdie gevoel bygedra het "en den avonds zien wij hoedat
de Burgers uit hun hutten stroomden om te bidden om verlos-
te worden van zonden, en tot bekeeren, en om verlost te wor-
den uit ons ballingschap."²³⁹

Hierdie spontane samekoms van gelowiges is deur 'n in-
nerlike behoefte geïnspireer, is deur niemand georganiseer
en niemand is enigszins onder dwang geplaas om daaraan deel
te neem nie. "Ven avond," skryf C.P. Pretorius, "waaren wij
over de 1000 Burgers die daar in den eenzame plaats gaan om
te bidden daar waar niemand hed gereegeld heb of hun daar-
toe aangespoort heb."²⁴⁰ Daardeur is selfs hulle wat van-
tevore onverskillig was, ten goede beïnvloed en het hulle
ook gaandeweg aan hierdie samekomste deelgeneem. Toegewyde

237. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, p. 416.

238. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 162.

239. Ibid., p. 176.

240. Ibid., p. 178.

christene het met groot ywer die bekeerlinge en bekommerdes gehelp en na die beste van hul vermoë voorligting gegee.

"Saans het groepies van twee tot ses en agt buite die kamp by 'n groot klip of langs struik of onder 'n boom gaan neerkniel en tesame gebid."²⁴¹

Die gedagte aan hul vaderland, die oorlog wat daar woed en hulle eie magteloosheid om self 'n aktiewe aandeel daarin te neem, het die gevangenes nog meer geïnspireer om hul enigste bydrae tot die stryd te lewer. "Terwyl hun broeders den ongelyken kamp volhouden tot het heerlyke einde, ... vergaderen de gevangenes om te doen het eenige wat zy nog voor hun volk doen kunnen, om te bidden. Dus komen ze saamen onder de helderen blouwen hemel, om te hooren naar hun voorganger, die hun gevangenschap deelt."²⁴² In 'n brief uit Diyatalawa getuig ds. P. Boshoff op 20 Junie 1901 oor die vrugbare arbeid in Ceylon. "De dienste werden ruim gezegd. Nog steeds wordt er tot de gemeente toegedaan die zalig worden. In het kamp is er eene opene plaats of ruimte van zoowat 80 by 250 yards; daar kan men iederen avond na acht uur zoo wat duizend personen, soms afzonderlijk maar meestal in klompjes van 2 tot 10 op den grond zien biddende. Het is een hartverheffende gezicht. Deze is dan ook bijna de eenige plaats die men in het geheele kamp vinden kan om met den Heere alleen te zijn."²⁴³ Uit Bermuda kom die getuigenis van ds. J.R. Albertyn dat een van die

241. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 91.

242. S.J.E. De Boeren op St. Helena. Album met afbeeldingen en byskrifte van S.J.E., p. 60.

243. De Kerkbode, 15.8.1901, pp. 466-467.

grootste voorregte in ons kamp "is de gelegenheid voor eenzaam gebed. 't is hartroerend om's avonds de gebeden te hooren opgaan van achter de bosschen en rotsen. Vooral wordt men getroffen door de smeekstemmetjes van de kleine kinderen."²⁴⁴

In 'n gees van oorgawe, geloof en onvoorwaardelike gehoorsaamheid, is nie alleen die godsdienstige lewe verdiepnie, maar het dit by individuele krygsgevangenes 'n persoonlike belewenis en geestelike verryking geword. Die afsondering van familie en ou bekendes, die afwesigheid van die daaglikse gebruiksartikels, die vreemdheid van omgewing en die nuwe soort lewe waarby hulle moes aanpas, vernederings deur 'n vyand asook die feit dat hulle van hul aardse besittings beroof is, het ongetwyfeld invloed op die krygsgevangenes se geestelike lewe uitgeoefen en tot 'n intenser godsdienstige belewenis gelei. Van groter geestelike betekenis, getuig Hugo van Niekerk, was die "oogenblikken van stille gemeenskap met Hem, afgezonderd van al wat het hart aan vast kleeft waar Gods Geest door kon dringen tot het diepste schuilplaats van het hart. Weldra bevinden wij ons niet meer in het met draaden om heinde en met soldaten bewaakte Diyatalawa die voor ons in kort "een Hof van Eden" was naar lichaam doch voor zoo velen een voorheen onbekende vryheid."²⁴⁵ Dit is die belydenis van een krygsgevangene, maar hy praat ongetwyfeld nie net namens homself nie, dit was veel meer 'n algemene oortuiging en word verder bevestig as

244. Ibid., 7.11.1901, p. 613.

245. O.M. Dagboek van H.H. van Niekerk te Diyatalawa, p. 31.

die dag van terugkeer na hul vaderland aanbreek en "in elk oog wordt een traan van Hemelsche blijdschap, vreugde en dankbaarheid opgemerkt. Elk gelaat verkondigd wat hem geschiedt is tijdens zijne ballingschap."²⁴⁶

In hierdie gesindheid van dankbaarheid en erkentelikeheid is op 18 Desember 1902 'n dankstonde in Diyatalawa gehou en 'n ernstige bespreking het die tema van dié byeenkoms gevorm. Insiggewend in die geestelike ingesteldheid van die krygsgevangenes is die onderdele van die besprekings, naamlik (1) "Het kamp Diyatalawa is voor ons eene plaats van verdrukking geweest, (2) Het kamp Diyatalawa is voor ons eene plaats van dood geweest, (3) Het kamp Diyatalawa is voor ons eene plaats van verlossing en herlewing," skryf H.H. van Niekerk oor hierdie byeenkoms.²⁴⁷

Ander getuienis bevestig hierdie nuwe godsdienstige oortuigings en die erkenning van die waarde van hul afsondering. Hieroor getuig ds. G. Thom in 'n gereelde verslag uit Ceylon: "En toch is bij de overgrootste meerderheid de stemming deze: "Het is Gods wil dat wij hier zijn, op zinnen tijd zal er verlossing komen."²⁴⁸ Slegs enkele dae later meld hy dat dit hom getref het "een van de broeders te hooren getuigen wat hun gevangenschap voor hun geestelijk leven geweest is. Dat velen anders spreken, kan men licht begripen, maar dit is zeker, dat hier te Ceylon velen door de kastijding Gods heiligheid deelachtig worden, zoowel als dat velen reeds belijden den Heer hier gevonden te hebben."²⁴⁹

246. Ibid.

247. Ibid., p. 36.

248. De Kerkbode, 24.1.1901, p. 56.

249. Ibid., 7.2.1901, p. 85.

Uit Ahmednagar skryf ds. D.J. Viljoen en getuig van die groot belangstelling in die godsdienst en die goeie bywoning van dienste en bidstonde: "Het is verblijdend by huisbezoek te hooren hoevelen den Heere gevonden hebben. Sommigen getuigden van Gods liefde, anderen van Gods getrouweheid. Velen getuigden dat zij op schip of in dit kamp den Heere gevonden hebben of zich by vernieuwing aan den Heere hebben overgegeven."²⁵⁰ 'n Krygsgevangene getuig uit hierdie kamp dat die gevangenes 'n ernstige, maar geseënde tyd belewe "en iederen dag hooren wij van bekeeringen; ik geloof stellig dat als ik zeg dat er al honderden zijn, ik niet te veel zeg. Gode zij gedankt voor de genade aan arme zondaars verleend."²⁵¹ H.S. Kok glo dat sy gevangenskap in Ceylon "was mij waarlijk een goede leerschool. Wij zien met verlangen uit naar den dag der verlossing. Maar wij zullen op den Heer wachten, op Zijn tijd en wijze zal Hij ons verlossen. Wij zullen wachten op den Heer tot dat Hij Zijn doel met ons bereikt zal hebben."²⁵² Ook uit Bellevue kom die getuigenis: "Het was aandoenlijk, vandaag by ons tentbezoek, een ouden grijsaard met tranen in de oogen te hooren getuigen, dat ook hem genade is geschied."²⁵³ Diep uit die hart van Indië skryf 'n krygsgevangene, D.S. van Warmeloo, oor die onuitspreeklike waardevolle betekenis van hul godsdienst. "Ook hier, als in het veld, worden de geestelike krachten der burgers voor verdooving en ondermyning behoed door de handhaving van den godsdienst onzer vade=

250. Ibid., 22.8.1901, p. 478.

251. Ibid., 12.9.1901, p. 512.

252. Ibid., 8.5.1902, p. 363.

253. Ibid., 15.5.1902, p. 375.

ren."²⁵⁴ Die behoud van hoë geestelike waardes en die versekering teen sedelike verwildering dank hy aan die voortdurende beoefening van hul tradisionele godsdiens. 'n Ander getuig: "Heerlyk en aangenaam was het, om te sien hoe dat de lieve Heer Zyne Kinderen help en om Zijn Woord te spreken."²⁵⁵

Hierdie godsdienstige oortuigings en die intense godsdienstige belewenis, die toewyding waarmee hulle hulle geestelike pligte vervul het, het selfs die besoekers beïndruk. 'n Skryfster mev. A.S. Green, noem die negatiewe en neerhalende kritiek op die godsdienstige aspekte van die kampe, maar gee dan haar eie gevolgtrekking uit haar persoonlike waarneming en ondersoek: "I have read and heard, as we all have, a cheap and vulgar mockery of the Boer religious services. But no observer can go to the Sunday gathering of the camp, and sit in the very midst of the people as I did, without seeing a sight that is not laughable, old far-seeing men waiting still upon God."²⁵⁶ Hierdie intense godsdienstige belewenis van die gevangenes openbaar vir dié skryfster ook 'n tragiese faset van die lewe van hierdie beproefde mense. "I dont think the sorrow of that camp (Deadwood) can be judged without having seen the people at their services, and watched the faces of desolation."²⁵⁷

Vir die Britse inwoner van Ceylon is die godsdienstige lewe en die betekenis daarvan vir die krygsgevangenes, 'n

254. Van Warmeloo, D.S.: Myn Commando en Guerilla Commandoleven, p. 215.

255. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 58.

256. Green, A.S.: A Visit to the Boer Prisoners of War at St. Helena, p. 982.

257. T.A. Diary of A.S. Green, Part 1, p. 122.

opvallende kenmerk van die kampele. "The Boer in his tropic camp lost nothing of his strong religious bent and the worshipful spirit nurtured in his homeland. As a matter of fact their naturally austere religious character was considerably strengthened by the irksomeness of captive life, by the weary monotony of awaiting release, and the constant thinking of home and friends."²⁵⁸ Godsdienstige byeenkomste op enige tyd van die dag was doodgewoon en die Bybel was sonder twyfel die mees gelese boek in die kampe. "Stolid and uncompromising in religion, as in war, these silent, dramatic personnel seemed to be alive to nothing else but the inspiration and comfort they were able to draw from the torn and well thumbed pages of their Bibles."²⁵⁹ John Hassell beweer dat die Britse oorwinnaars alles in hulle vermoë gedoen het om die Boere te verneder en hulle onblusbare gees te tem, maar, "they are as undaunted as ever."²⁶⁰ Hy beskou hierdie geestelike onoorwinlikheid en onvernietigbaarheid van gees as 'n regstreekse gevolg van hul diepgewortelde godsdiens. "It is still more the confidence in the justice of their cause and trust in God which renders them absolutely sure that in the end everything will be right. Thrice daily in their simple faith they lift their souls to the Lord and thank him from the bottom of their hearts for any success they have achieved."²⁶¹

Hierdie kommentaar deur buitestaanders bevestig die

258. Brohier, R.L.: op. cit., pp. 9-10.

259. Ibid., p. 10.

260. Hassell, J.A.: The Boer Concentration Camps of Bermuda, p. 13.

261. Ibid., p. 13.

feit dat daar 'n aktiewe belangstelling in die godsdiens was, 'n godsdienstige herlewing, 'n nuwe toewyding wat uit 'n werklike innerlike verdieping in die godsdienstige oortuigings van die krygsgevangenes gegroei het. Godsdiens het vir hulle nuwe betekenis gekry, 'n innerlike en geestelike oortuiging waaruit hulle juis die krag geput het om oor die beproewinge van hul tyd en die slae wat hulle moes verduur, te triomfeer en steeds die geloof te behou.

* * *

Die godsdiensoefeninge was nie afhanklik van die leiding van predikante alleen nie. Volgens getuienis van krygsgevangenes en predikante was daar veral in Indië 'n hele aantal kampe sonder predikant en tog is 'n aktiewe godsdienstige lewe daar beoefen. Op 18 Augustus 1902 skryf 'n krygsgevangene uit Dagshaikamp dat die krygsgevangenes in hierdie kamp "het voorrecht niet hadden een Leeraar in ons midden te hebben," maar ten spyte daarvan "werd de Godsdienst tog niet verwaarloosd; het werd geregeld door mij zelve, en door Ouderling Roets van Heilbron waargenomen. Alhoewel in zwakheid hadden wij toch menig oogenblik stof tot danken, en elken dag geregeld dienst, en tweemaal per week biduur: en ook tweemaal jongelings biduur."²⁶² Hy meld verder die insiggewende feit oor die toewyding en die wyse waarop hulle die geestelike bearbeiding verrig het, eerwaarde J. Murray hulle kamp die vorige dag besoek het, "de eerste Leeraar die wy in ons midden hadden, sedert onze

262. De Kerkbode, 2.10.1902, p. 615.

aankomst in het land. By die geleentheid werd hier 25 jongelingen aangenomen en voorgesteld, die door ons er toe waren opgeleid."²⁶³

Op 13 Maart 1902 skryf A.C. Lyell uit Umballa dat in hierdie kamp ook geen predikant is nie, ten spyte van baie vertoë. Hy vermeld verder die verontrustende feit: "Zoo= ver ik weet is de eenigste Leeraar van ons kerk die in In= dië is, Ds. D. Viljoen, Reitz, die thans in Ahmednagar is. Het werk des Heeren is grootendeels op mijne schouders ge= vallen, en kan met veel dankbaarheid getuigen dat de Heer het werk bijzonder heeft gezegend."²⁶⁴ Ds. J.R. Albertyn skryf op 8 Februarie 1902 uit Bermuda, dat die optrede van die owerheid meegebring het dat die meeste eilandkampe in die vervolg sonder predikant sou wees. Waarskynlik sal prop. Van Blerk hom op Hawkins vestig en die ander kampe onversorg laat. Hy noem egter die feit dat daar wel ander persone is wat die godsdienstige leiding op hierdie eilande neem. Op Darrells eiland is 'n student, Pienaar, reeds ge= ruime tyd besig om met groot vrug onder die krygsgevangenes te arbeien en op Burtts eiland is student Postma, met groot toewyding besig om geestelike arbeid te verrig. Op Morgen's eiland is 'n sekere Hauptfleisch "een gewenschten voorganger. Te Tuckers zijn er ook lieve Broeders kerkraadsleden en een vrome onderwijzer, Wepener genaamd."²⁶⁵

* * *

263. Ibid.

264. Ibid., 8.5.1902, p. 361.

265. Ibid., 27.3.1902, p. 132.

Die intense godsdienstige belewenis en toenemende belangstelling in die Bybel en die besondere studie van Bybeltekste, het 'n aantal krygsgevangenes aangespoor om 'n noukeurige dagboekantekening van tekste en preke deur besoekende predikante, te hou. Dit is insiggewend van die geestelike lewe van die gevangenes en bevestig die feit dat hul godsdiens vir hulle 'n saak van groot erns en groot toewyding was. Enkele aanhalings uit die aantekeninge verskaf 'n beeld van die noukeurigheid waarmee die preke aangehoor en oorgeskryf is.

Hugo van Niekerk maak spesiale melding van 'n paar preke wat die krygsgevangenes in Diyatalawa diep geraak het. Hy gee voorrang aan 'n preek van ds. G. Murray op 7 Februarie 1901. Die dominee skerp die gedagte van hulle terugkoms na hul land by die gevangenes in en wys op "wat een heerlijk verwelkom zal wy genieten op de kusten van Afrika om door onze vrienden onze handen gedrukt te worden, maar veel heerlijker en duizendmaal heerlijker als wij op de kusten van dat Hemelsche Kanaän verwelkomt worden, over de oseaan des doods leidt hij ons in het eeuwig Woonen daarboven, en daar, daar zijn het vreemdelingschap vergeten en wij, wij zijn in het vaderland."²⁶⁶

'n Preek van ds. Paul Roux het die krygsgevangenes op 'n besondere wyse diep ontroer toe hy verwys het na Israel wat hulle harpe aan die wilgers gehang het, want vir hulle was dit te laat. Die krygsgevangenes sing egter nog en hulle bid nog, "omdat wy dinkt het is nog nie te laat voor

266. O.M. Aantekeninge van H.H. van Niekerk te Diyatalawa, p. 38.

ons as Afrikaner volk om ons voor God te verootmoedig=
de."²⁶⁷ Troosvol soos 'n koel lafenis klink die troosvolle
en hoopvolle woorde van dominee P. Boshoff as hy met warme
oortuiging die één gedagte by sy gemeente inskerp: "God
loop van Suid-Afrika agter ons en tot hier vandag nog, hier,
op St. Helena, Bermudas, Amerika, en elders. God is by ons
als wij maar willen. Heden zeg God, is nog de genade
tijd."²⁶⁸

Oor die algemeen was die predikante se preke nie op=
ruiend nie, maar bestraffend en hoopvol. Daaruit spruit
in 'n hoë mate die besondere invloed wat dit op die ont=
vanklike krygsgevangenes uitgeoefen het. Die verdieping
in die algemeen godsdienstige lewe kan dus grootliks aan
die besondere inhoud van die preke van die predikante toe=
geskryf word. Van groter betekenis is egter die innige
godsdienstige lewe wat uit die innerlike behoeftes van die
krygsgevangenes self gekom het. Tent- of hutgodsdienste, die
stigting van godsdienstige verenigings in die kampe waar
daar geen predikante was nie, bewys dat daar by die krygs=
gevangenes self, sonder die invloed van hul predikante, 'n
brandende ywer vir godsdienstige sake gegroei het. Dit is
hierdie vernuwing en versterking van hul tradisionele gods=
dienssin wat gedurende hul ballingskap hul gees en gods=
dienstige karakter verryk en veredel het.

267. Ibid., p. 39.

268. Ibid., p. 64.

ONDERWYS

In die meeste van die krygsgevangekampe was daar tussen die krygsgevangenes gelukkig die vérsiende leierspersoonlikhede wat die belangrikheid van verstandelike ontwilkeling ingesien en hulle gevolglik daarvoor beywer het om aan almal wat daartoe begerig was, onderwys te verskaf. Behalwe dat onderwys die krygsgevangenes se tyd voordelig in beslag sou neem, sou enige vorm van pedagogiese opleiding die krygsgevangenes ook beter voorberei op die nuwe en vreemde omstandighede wat op hulle ná die oorlog gewag het.

Vir baie jongelinge is die skoollewe deur die oorlog onderbreek, en is hulle gedurende hulle gevangenskap die geleentheid gebied om hul studies voort te sit. Ook diegene wat reeds die skool deurloop het, sou hulle in spesiale vakke laat onderrig.²⁶⁹ Vir baie jong seuns en selfs bejaardes ook, sou die onderwys in kampskele egter hulle eerste ontdekkings van skoolonderrig wees; gevolglik is hulle 'n voorreg vergun wat hulle in die normale verloop van hul lewe moontlik nie sou gehad het nie. In hierdie opsig sou die kampskele 'n onskatbare en waardevolle diens lewer om hierdie jong manne in 'n hoë mate vir 'n onbekende toekoms akademies te onderlê.²⁷⁰

Dit moet egter duidelik gestel word, dat as daar van die kampskele gepraat word, ons met geen pedagogiese opleiding in die gewone sin van die woord te doen gehad het nie.

269. Brink, J.N.: op. cit., p. 128. Vgl. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 177; V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 23.

270. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek. Artikel deur H. Scholte-meijer, p. 188.

Van owerheidsweë is daar geen voorsiening vir skole gemaak nie; daar was geen skoolgeboue of spesiale tентruimte daarvoor beskikbaar gestel, en geen skoolapparaat, boeke of opvoedkundige hulpmiddels beskikbaar nie. Die kampskele het deur die ondernemingsgees en die verantwoordelikeheidsgevoel van predikante en onderwysers in die kampe ontstaan. Hulle het besef dat die oorgrote meerderheid jongmense in die kampe onvoldoende of geen skoolonderrig gehad het nie. Ver al in die lig van die onsekerheid wat die toekoms betref, sou enige of verdere skoolonderrig alleen tot hul voordeel strek.

Nadat daar in die kampe op uiters primitiewe wyse met skoollesse 'n aanvang gemaak is, het mense van uiteenlopende ouderdom, hulle by die "skole" kom aanmeld.²⁷¹ Dit het die taak van opgeleide en onopgeleide onderwysers geword om na die beste van hul vermoë en sonder leermiddels tot hul beskikking, hulle leerlinge in die onderskeie skoolvakke te onderrig.

In die verskillende kampe is die probleem van skoolruimte en ander fasiliteite vir skooldoeleindes volgens plaaslike omstandighede aangepak en opgelos. Daar was egter geen algemene onderwysstelsel-of beleid wat vir al die kampskele gegeld het nie. Om hierdie rede was die onderwys in die onderskeie kampskele grootliks van die beskikbare leiërs en leerkragte afhanklik en het dit eintlik die "beleid" en "stelsel" van onderwys en onderrig bepaal.

'n Bykomende faktor wat onderwys bemoeilik het, was

271. De Kerkbode, 15.8.1901, p. 467. Vgl. Ibid., 13.3.1902, p. 116.

die feit dat oud en jonk saam in dieselfde klas, onderwys ontvang het. Die leerlinge het dus nie uit 'n homogene groep bestaan nie.²⁷² In baie gevalle was die klasse ook groot en byna onhanteerbaar, sodat vakonderrig aan die leerkragte besonder hoë eise gestel het. Die leergierigheid en die ywer waarmee die meeste leerlinge egter hul skoolwerk aangepak het, het onderwys onder uiters moeilike omstandighede tog moontlik en besonder geslaagd gemaak.

Uit die aard van die onmiddellike behoefte in die kampe, sou die aanvanklike onderwys op die aanleer van lees kennis toegespits word. Dit was basies vir enige verdere onderrig, en noodsaaklik veral met die oog op katkisasieklasse vir die honderde nie-lidmate van die Afrikaanse kerke. In die kampe het die geleentheid aangebreek vir hierdie jongelinge om hulle te laat aanneem, maar die lees- en skryfkennis het ontbreek. Onderwys met die doel om lees kennis te verbeter met die oog op katkisasie het reeds in die Groenpuntkamp begin toe ds. W.A. Alheit onderwysers aangestel het om deur onderwys by die katkisasie behulpsaam te wees.²⁷³ Dieselfde probleme het in die ander kampe voorgekom en is onderwys deur die predikante aangemoedig met die doel om katkisanter beter vir die katkisasie voor te berei.²⁷⁴

As die statistieke uit die twee kampskele op St. Helena enigsins as maatstaf kan dien, dan blyk duidelik hoe belangrik die mees elementêre onderrig vir die krygsgevangenes

272. Ibid., 15.8.1901, p. 467. Ds. P. Boshoff oor onderwys in Ceylon.

273. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 71.

274. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 175. Artikel deur O. van Oostrum.

was. Die gesamentlike getalle leerlinge toon aan dat daar ongeveer 700 in die laerskoolafdelings was teenoor die 70 in die hoër afdelings.²⁷⁵ In Deadwood was daar in die groepie van standerd 1 tot standerd 3, 386 leerlinge teenoor die 152 in die res van die skool.²⁷⁶ Die eerste taak van die onderwys was gevolglik om die leerlinge in die elementêre vaardigheid, naamlik lees-en skryfkuns te onderrig. Hugo van Niekerk skryf dat hulle in die Broadbottomskool ook Engels aan die klasse van standerd 3 af en hoër onderrig het.²⁷⁷

'n Verslag deur die Britse owerheid oor die onderwys op St. Helena, meld: "A regular system of schooling has been carried on voluntarily by the Prisoners of War, and under their own control. The syllabus of the Elementary School course as used in the late South African Republic is used."²⁷⁸ Die verslag noem ook as deel van die skoolbedrywighede, "a flourishing branch of the Christian Endeavour Society which is exerting much good influence on the younger men and lads in the camps. It has a working membership of 353 members."²⁷⁹

Op grond van die kennis van die inhoud van die skoolleerplanne in die Republieke, sou die kamponderwysers ongetwyfeld ook baie klem op rekenkunde en vaderlandse geskie-

275. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 199; G.O.V. Vol. 25. Report of Educational work at Deadwood Camp, 29.5.1902.

276. Ibid.

277. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 180.

278. G.O.V. Vol. 25. Report of Educational work done at Deadwood Camp, 29.5.1902.

279. Ibid.

denis gelê het. Die behoefte aan skoolboeke om hierdie nodige onderrig te verskaf, word talle kere in verslae en in dagboeke beklemtoon.²⁸⁰

Vir diegene wat reeds die hoërskool deurloop het, is daar tog ook voorsiening in die onderwys gemaak. Vir hulle is spesiale klasse in vakke buite die skoolleerplanne gereël. Veral vakke soos Frans, Duits, handelsvakke en selfs dierkunde het aandag gekry. Ds. P.H. Roux meld dat daar ongeveer 100 leerlinge in Diyatalawa was wat Duits, Frans en Hollands as spesiale vakke geneem het.²⁸¹

In 'n terugblik en waardering oor die skoolprestasies in Deadwood, skryf 'n oud-krygsgevangene en wys daarop dat so baie van die krygsgevangenes "toen hij zijn ballingoord betrad, òf in't geheel niet, òf gebrekkig lezen en schrijven. Van rekenen, aardrykskunde, geschiedenis, hadden velen niet het flaauwste begrip. Honderden van hier zijn teruggekeerd met voldoende kennis voor het leven toegerust."²⁸²

* * *

Om 'n begrip oor die algemene onderwys onder die krygsgevangenes te vorm, word hier vervolgens 'n breë en oorsigtelike beeld van die pedagogiese bedrywighede in die verskillende kampe geskets.

Bermuda

Die plasing van krygsgevangenes in talle kampe in

280. De Kerkbode, 7.11.1901, p. 613. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 197.

281. De Kerkbode, 23.5.1901, p. 302.

282. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 183.

Bermuda, het uiteraard 'n aansienlike vraagstuk in verband met onderwysaangeleenthede geskep. Daar was te veel eilandkampe vir die beskikbare getal onderwysers; gevolglik moes skole hulle dikwels behelp met gewillige en soms ongeleide onderwysers. Die owerheid het ook nie meegewerk om die opgeleide onderwysers eweredig tussen die skole te verdeel ten einde aan al die kampskole volkome reg te laat geskied nie. Hierdie gebrek het hom deurentyd in die kampskole in Bermuda laat geld.

In 'n latere beskouing oor die algemene onderwys in die kampe in Bermuda, meld M. Hollebrands dat die onderwysgedagte in Bermuda oorspronklik by ds. J.R. Albertyn ontstaan het en dat dit ook hy was van wie die inisiatief uitgegaan het om daadwerklik tot die stigting van skole oor te gaan. "Hy, de predikant, wetende dat veel jonge krygsgevangenen werden weggezonden; zeker zijnde dat ledigheid des duivels oorkussen is; begripende, dat we in onze krijsgesvangenschap veel ledige tyd zouden hebben, zou trachten door onderwijs mede te werken tot opheffing, ontwikkeling van verstand en hart."²⁸³

Op Tuckers-eiland was daar spoedig 'n skool van 110 seuns. Die "skoolgebou" was in elke opsig uniek. Op dié eiland was daar baie sinkgate. "Zulk 'n gat was er ook op Tucker's, geheel rond, ongeveer 25 voet in middellijn en pl. m. 10 voet diep, omringd en beskaduwd door cederbomen. Hierdie skool was spoedig te klein vir die getal leerlinge, met die gevolg dat daar daaglik twee sessies gereël moes

283. Ibid., p. 166.

word om almal 'n kans te gee om onderwys te ontvang.²⁸⁴

'n Krygsgevangene op Morgan-eiland wys op die ontstaan van 'n skool in die betrokke kamp en prys veral die hulp van vrywillige en onbesoldigde leerkragte aan. Hy noem verder die interessante feit dat onderwys vir seuns onder agtien jaar in hulle kamp, verpligtend was. "Deze maatregel zal tot groot voordeel der kinderen strekken; want zij hebben immers niets anders te doen en zal het onderwijs die zij hier in hunne gevangenschap genieten in de toekomst van groot nut voor hen kunnen zijn."²⁸⁵

Ds. J.R. Albertyn skryf op 28 September 1901 dat op Darrell's eiland ook 'n skool met meer as honderd leerlinge gestig is. Hy maak met groot dankbaarheid melding van die hulp wat hy van die owerheid ontvang het om die skool te bevorder. "De autoriteiten hebben ons vriendelijk voorzien met 6 marquetenten, zwartborden, banken en tafels. Met geduld en volharding kunnen we toch dat groote werk voortzetten en we gelooven de vruchten zullen niet wegblijven."²⁸⁶ Ook wat die skool op Hawkins eiland betref, rapporteer hy groot vordering en meld hy voorts: "Wij hebben hier drie onderwijzers die met veel vrucht arbeiden."²⁸⁷

Die onderwys was oor die algemeen van 'n hoë gehalte, maar die grootste ellende waarmee die onderwysers gedurig opgesaal gesit het, was die algehele gebrek aan geskikte boeke. Ds. J.R. Albertyn maak melding van die skaarsheid

284. Ibid., pp. 166-167.

285. K.A. Aantekeninge van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 172.

286. De Kerkbode, 7.11.1901, p. 613.

287. Ibid., 29.5.1902, p. 398.

aan boeke, in sy skrywe van 28 September 1901.²⁸⁸ Amerikaanse boeke was volop en maklik te kry, maar, getuig J.A. Hassell, "even school-books solicited for the young element must not be American, but purely and intrinsically English that the young mind may not imbibe republican principles."²⁸⁹ Ds. Albertyn maak egter daarvan melding dat hulle "heelwat schoolboeken ontvang uit Amerika die zeer te pas komen."²⁹⁰

Anders as wat die geval in die ander kampe was, het die Britse gesagvoerders in Bermuda direk in die skole en die onderwys ingemeng. Hieroor was die krygsgevangenes ontevrede en onthuts, want hulle het onderwysaangeleenthede onder krygsgevangenes as hulle persoonlike onderneming en verantwoordelikheid beskou. Dit het gevolglik groot verwarring veroorsaak. Hieroor skryf 'n krygsgevangene: "Op Burtts Eiland het ons onderwys ontvang vir 'n rukkie. Toe neem hulle al die Afrikaners weg na Tuckers & Morgans Eiland en die uitlanders na Burtts. Op Tuckers was daar toe nie 'n skool nie, want die onderwysers was meesal uitlanders."²⁹¹

'n Ernstiger stap in die Britse inmenging het gevolg toe besluit is om al die kinders van skoolgaande ouderdom na Hinsons eiland te verskuif "waar dinge meer bepaald ingericht zijn voor de opvoeding der jeugd."²⁹² Daar sou hulle by opgeleide Engelse onderwysers hulle onderrig ont-

288. Ibid., 7.11.1901, p. 613.

289. Hassell, J.A.: The Boer Concentration Camps of Bermuda, p. 12.

290. De Kerkbode, 8.5.1902, p. 362. Verslag van ds. J.R. Albertyn.

291. V.A.(R.V.) 119.1163. F. Combrink - Renier, 21.11.1959.

292. De Kerkbode, 5.6.1902, p. 412. Verslag van ds. J.A. van Blerk.

vang. Vir alle skoolbehoefte sou gesorg word. Vir die onderwys by Engelse onderwysers het die skoolkinders egter gevrees en het aanvanklik geweier om die Britse bevel te gehoorsaam.²⁹³ Die Britse gesag het hierop gedreig om na die vrede 'n honderdtal kinders in Bermuda agter te hou, tensy daar aan hulle opdrag gehoor gegee word. Voor hier= die dreigement het die krygsgevangenes geswig, maar toe die boot met skoolkinders van Hawkins vertrek, het die jonges die republikeinse volksliedere uit volle bors gesing.²⁹⁴

Hierdie verskuiwing van kinders van skoolgaande ouderdom het egter nie beteken dat al die ander kampskele doodgeloop het nie. Prop. J.A. van Blerk skryf vanaf Hawkins eiland op 20 April 1902: "Niettemin zal de school hier voortgezet worden voor jongelingen boven 16 jaar oud."²⁹⁵ Hy noem voorts dat "ongeveer een 100-tal jongens van boven de 16 jaren oud, wonen de dagscholen bij."²⁹⁶

Intussen is die skoolkinders op Hinsons eiland gevestig. In die nuwe skool wou die sake egter nie vlot nie. Die leer=linge het hul skoolhoof van 'n agteraf knoeiery met die Engelse owerheid verdink en gevolglik geweier om hom te gehoorsaam. Hy het wraak geneem deur die vermeende leiers van die kinders na 'n militêre kamp te neem en hulle daar op wreedaardige wyse deur 'n sersant te laat slaan. Hierteen het al die skoolkinders in verset gekom en die hoof het hulle

293. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 93. Vgl. Van Blerk, J.A.: Op die Bermudas Beland, pp. 80-81; T.A. Dagboek van M.J. Pretorius, p. 299.

294. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 93. Vgl. Van Blerk, J.A.: op. cit., p. 81.

295. De Kerkbode, 5.6.1902, p. 412.

296. Ibid., 26.6.1902, p. 448.

by die owerheid aangekla. Weer eens het hy die leiers na die soldatekamp geneem en hulle weer op onmenslike wyse laat straf. Deur hierdie dwaasheid is verset en opstandigheid net vererger en die leerlinge het telkens hul nasionale liedere gesing en geen klasse bygewoon nie. Die soldate het ook geweier om verder aan die toediening van lyfstraf deel te neem of hulle aan verdere aanranding aan= dadig te maak.²⁹⁷

Die leerlinge het hierna self tot vergeldingsmaatreëls oorgegaan en op 'n gedugte straf besluit. Hulle het die hoof gevang vasgebind en hom daarna deeglik en behoorlik in 'n latrine-emmer gedip. 'n Nuwe hoof is hierna aange= stel, maar met hom is dieselfde prosedure gevolg. Ten ein= de raad het die owerheid één van die vroeëre hoofde van een van hul eie kampskele aangestel en daarmee het die onrus en opstandigheid tot 'n einde gekom.²⁹⁸

St. Helena

In die twee groot kampe was daar honderde jong seuns en jong manne wat geen vorige formele skoolonderrig geniet het nie en in gevangenskap hulle ledige dae daaraan kon be= stee. Ook van die oueres was gretig om hul in lees-, skryf en rekenkennis te bekwaam.²⁹⁹ Kommandant S. Eloff was begerig om sy artilleriste 'n bietjie onderwys te laat gee.³⁰⁰ Dit was trouens die gebruik dat Republikeinse

297. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 93. Vgl. Van Blerk, J.A., op. cit., pp. 82-83.

298. Ibid., p. 83. Vgl. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, pp. 93-94.

299. De Graaf, H: op. cit., p. 196.

300. Ibid., p. 197.

artilleriste-korpse aan skole verbonde sou wees ten einde die manskappe in die elementêre skoolvakke te laat onderrig. Na 'n deeglike ondersoek en samespreking met J.K.M. Te Boekhorst, 'n Transvaalse inspekteur van skole, is daar besluit om 'n skool in Deadwoodkamp te stig. Op 28 Julie 1900 is die skool amptelik geopen.³⁰¹ "Dit was ongetwyfeld die nuttigste instelling wat ons in ons krygsgevangenskap leer ken het," is die gevolgtrekking waartoe een van die kamponderwysers in sy beoordeling van kampbedrywighele kom.³⁰²

Uit die geledere van die krygsgevangenes was daar talle wat gewillig was om diens as ondersysers te aanvaar. Hulle was aanvanklik J. Kat, A.S. Naude, L.D.C. Bosman, I.H. Vermooten, H.L. Webb, G. den Hertog, H. Oost, D.A. Auspach, P.J. van der Walt, A.P.J. Fourie, L.S. Bester, K. van Zanten en J.H. Broese. J.K.M. Te Boekhorst was die inspekteur.³⁰³ In Januarie 1901 het H. Oost, G. den Hertog, K. van Zanten, D.A. Auspach en J.H. Broese weer uitgetree, maar J.B. de Villiers, C.J.N. Swanepoel en J. Scholtemeijer het weer die geledere aangevul.³⁰⁴ Gedurige uittrede van onderwysers het skoolbedrywighele erg belemmer en het meegebring dat die inspekteur self met vakonderrig belas is. Die aankoms van nuwe krygsgevangenes het egter gereeld nuwe leerkragte gebring en hiermee die gebrek aan onderwysers verlig.³⁰⁵

301. Ibid.

302. Ibid., p. 35.

303. Ibid., p. 197.

304. Ibid., p. 198.

305. Ibid., pp. 198-199.

Die volgende tabel gee 'n goeie beeld van die getalle, verspreiding in die verskillende standerds en die sukses van die onderrig in die Deadwoodskool.³⁰⁶

Inspeksies.	Laer onder= wys.	Oorge= plaas.	Middel= bare onderwys.	Oorge= plaas.	Aanwesig by inspeksie,	Getalle op rol.
9. 1.1901	225	117	21	9	206	246
29. 6.1901	195	122	32	32	208	227
13.12.1901	221	180	41	12	242	262

Die skool self was uiters primitief. Daar was geen geskikte gebou vir die doel nie, geen banke, stoele of 'n tafel beskikbaar nie en elke leerling moes vir homself vir 'n sitding sorg. Skryfbehoeftes was byna onverkrybaar, leerboeke was skaars en die meeste krygsgevangenes het slegs 'n Bybel besit waaruit gelees kon word.³⁰⁷ Die krygsgevangenes het hulle egter nie hierdeur laat afskrik nie en gaandeweg het hulle leie en boeke uit die Kaap en uit Holland ontvang, sodat die toestand weldra verbeter het.³⁰⁸

Die Britse gesagvoerders het hierdie ontwikkeling raakgesien en was gewillig om te help as aan hulle voorwaardes voldoen sou word. Hulle het naamlik daarop aangedring dat ook Engels as vak onderrig en ook twee Engelse onderwysers se dienste gebruik sou word. Die krygsgevangenes het hierdie aanbod van die hand gewys en voortgegaan om sonder Britse hulp hulle skole in stand te hou.³⁰⁹

306. Ibid., p. 199.

307. Ibid., p. 197.

308. Ibid., p. 197.

309. Nienaber, P.J.: Nag op St. Helena, p. 61. Vgl. ook V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk dl.2, p. 182; De Graaf, H.: op. cit., p. 196.

Die onderwys het egter nie ongesteurd gebloei nie. Nadat die aflegging van die eed van getrouheid aan die Britse vors begin het, het twis en tweedrag die geledere van die krygsgevangenes geskeur en talle leerlinge het na die verraaierskamp verhuis waar geen skool was nie en hulle dus van die voorregte van onderwys afgesonder is.³¹⁰ Vanselfsprekend het hierdie gebeure tot gevolg gehad dat die skoolrol aansienlik verklein het.

Dit moet egter duidelik gestel word, dat daar aanvanklik nie besondere steun vir onderwys was nie. Slegs 'n geringe persentasie van die krygsgevangenes het van die geleentheid gebruik gemaak om die skool by te woon.³¹¹ Hierdie aanvanklike laksheid van leerlinge vir die onderwys is moeilik te verstaan. Blykbaar was die algemene gedagte dat die oorlog gou sou eindig en dat onderwys al die moeite en opoffering nie sou loon nie. Na verloop van tyd het hierdie opvatting verander en het die onderwys 'n opflikking en later 'n bloeityd belewe. So hoog het die geesdrif geloop dat in die geledere van die gevangenes daar diegene was wat ook Engels wou leer. Die onderwysers het egter geweier om die taal van hul vyand aan hulle leerlinge te onderrig.³¹²

As gevolg van die aanvanklike laksheid onder die jongeres, het die getalle gedurig geskommel. Leerlinge het voortdurend gekom en weer weggebly. Toe die skool op 28 Julie 1900 gestig is, was daar ongeveer tweehonderd leer-

310. De Graaf, H.: op. cit., p. 198.

311. Louw, Johan.: Ds. A.F. Louw op St. Helena. Briewe en Belewensisse, p. 107.

312. Nienaber, P.J.: op. cit., p. 61. Vgl. ook V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2. p. 182.

linge en in Januarie 1901 was daar 246, in Junie van die= selfde jaar was daar 227, op 13 Desember 1901 was daar 262. Vroeg in 1902 was daar meer as 300. Met vredesluiting is die skool uiteindelik op 12 Julie 1902 amptelik gesluit.³¹³

Toe die geesdrif vir die skool en onderwys hoog was, het leerlinge en onderwysers eiehandig vir hulle 'n gebou opgerig waarin die onderwys in die vervolg behartig kon word. "Die mure is van pale met platgeslaande beskuitblikke daaroor gespyker. Die dak is van linne en met rou lynolie en witlood bestryk om dit teen lek te beskerm."³¹⁴

Onderwys in Deadwood het geleidelik gegroei. Oud en jonk het in toenemende getalle skool toe gekom. "Daar was een tyd oor die 400 leerlinge van standerds I tot VI en die ouderdomme het gewissel tussen 17 en sestig jaar."³¹⁵

Hoeveel leerlinge uiteindelik die Deadwoodskool byge= woon het, is haas onmoontlik om vas te stel. So groot was die toeloop egter, dat dit vir die onderwysers nodig geword het om twee sessies gedurende die dag te hou om almal die geleentheid te gee om die skool by te woon.³¹⁶ In 'n latere beskouing oor die onderwys op St. Helena, beweer Herman Scholtemeijer, een van die onderwysers in die Deadwoodskool: "Minstens 550 krygsgevangenes hebben alzoo onze school als leerlingen bezocht."³¹⁷ Selfs al sou hierdie getal leerlinge wat hier genoem is, net die elementêrste onderrig ge= niet het, dan het die Deadwoodskool reeds 'n merkwaardige

313. De Graaf, H.: op. cit., pp. 197-198.

314. Louw Johan.: op. cit., p. 34.

315. Scholtemeijer, H.: Die Balling oor die see, p. 28.

316. V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek. Artikel deur H. Scholte= meijer, p. 186.

317. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 186.

en groot taak verrig.

Indien daar enigsins bedenkinge mag wees oor die gehalte van die onderrig in die kampskele op hierdie eiland, dan dien die feit dat dié skole toegelaat is om leerlinge vir die Kaapse junior- en seniorsertifikaateksamen in te skryf, as 'n afdoende antwoord. Ook die "Report on Educational work at Deadwood Camp" is insiggewend en 'n openbaaring vir diegene wat skepties teenoor hierdie Boereskele was. Die verslag noem dat die heilsame werk "these young men have done and are doing is only to be understood by inspecting what they have done, for it must be remembered that not only have they to contend with the difficulties following on the need of school apparatus, but in addition they have taken up a work which is unpopular with a great number of their fellow Prisoners of War."³¹⁸

Die verslag publiseer ook indrukwekkende syfers wat leerlinge betref. Uit 'n totaal van 3494 krygsgevangenes in Deadwood is daar 693 leerlinge in die Afrikaanse skool en 180 in die Engelse skool. Hulle ouderdomme wissel tussen 13-35. Op 'n tydstip van die inspeksie was daar ongeveer 500 leerlinge, soos volg versprei.

St.:	1	2	3	4	5	6	8	10	B.A.	
	148	143	95	88	15	11	26	12	1	319

"In commenting on the work for education being done at this Camp, one must admire the work that is being done by these Prisoners of War and give them every credit for successful

318. G.O.V. Vol. 25. Report on Educational work at Deadwood Camp. 29.5.1902.

319. Ibid.

results attained under certainly most trying and difficult circumstances.³²⁰

Vir hierdie groot taak wat hulle verrig het, het die onderwysers geen materiële vergoeding ontvang nie. Tog, beweer H. Scholtemeijer, "hebben we wel degelik vergoeding ontvang. Hij bestond in de waardering van ons werk, die van nabij en van verre op onderscheidene wijze getoond werd."³²¹

Byna met weemoed vermeld hierdie idealistiese en besielde oud-kamponderwyser van die krygsgevangenes van die finale sluiting van hul skool. Die volle skoolkomitee was teenwoordig en almal het die geleentheid gehad om sy helpers te bedank. "De plechtigheid was ten einde. Men ging uit= een. De school in Deadwoodkamp, sedert 30 Mei feitelik ter ziele, was begraven."³²²

In Broadbottomkamp het die onderwys eweneens 'n groot bloeitydperk onder die uiters bekwame leiding van die "superintendent van onderwys" in St. Helena belewe. Hugo H. van Niekerk was seker een van die grootste en helderste leierspersoonlikhede in die geledere van die krygsgevangenes en die hoë titel van "superintendent van onderwys", wat deur die goewerneur van die eiland aan hom toegeken is, was seker nie onvanpas nie.

Om die hele onderwysaangeleentheid op 'n gesonde grondslag te plaas en uit te bou, is daar aanvanklik 'n groot kampvergadering van krygsgevangenes belê, in verband met

320. Ibid.

321. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 188.

322. Ibid., p. 189.

die "opwekking der belangstelling der ouderen, vaders, broeders enz. in de school en alles wat schoolzaken betreft."³²³ Deur hierdie vergadering is geesdriftig oor die algemene beginsel van skole en onderwys saamgestem en is daar voorts besluit, " dat de lynkapteins van elk lyn twee der oudere mannen die onderwys op het hart draagt aan (te) stellen om hen die stokjes draaien aan te sporen."³²⁴

Hiermee het onderwys op beskeie wyse in 'n groot markeet in Broadbottom begin en het onderwysers soos Hugo van Niekerk, J. de Wet, F. Kok, G. Stegman, Bloemendal, Ortlepp, H. Wessels en W. Henning, met groot ywer en aansteeklike geesdrif die onderrig van 'n groot verskeidenheid skoolvakke onderneem.³²⁵

Soos in feitlik al die kampskole, het die verkryging van geskikte boeke en opvoedkundige hulpmiddels 'n geweldige probleem opgelewer. Skoolruimte, banke, tafels, leie of skryfboeke het net nie bestaan nie en onderwysers en leerlinge moes in die eerste maande worstel om aan die gang te bly en die aanvanklike probleme te bowe te kom. Die aankoms van nuwe krygsgevangenes en die daaropvolgende stygende leerlingtal, het sake verder bemoeilik.³²⁶

'n Verslag oor die onderwys in Broadbottom noem die geesdrif en goeie vordering, maar beklemtoon die "groot gebrek aan schoolbehoefte. Eene klas van dertig heeft slechts vier leesboeken. De onderwijzers hebben slechts zeven

323. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 154.

324. Ibid., p. 154.

325. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk, dl. 2, p. 90, p. 133, p. 211.

326. De Kerkbode, 13.3.1902, p. 116.

cijferboeken onder zich. In verscheidene klassen hebben de onderwijzers alleen spraakkunsten of andere leerboeken. Nu dat er weer nieuwe krygsgevangenen gekomen zijn, is 't absoluut onmogelijk nieuwe klassen te vormen wegens het gebrek aan boeken.³²⁷ 'n Aanhaling uit 'n privaat brief uit Broadbottom toon verder aan hoe groot die behoefte in die skool werklik was. "Er zijn 539 scholieren in school. Wij hebben 23 onderwyzers. Boeke ontbreek. Een klas van 30 heeft 7 leerboeken. Er zijn slechts 6 somboeken in kamp, 10 exemplaren van eene aardrijkskunde voor 50 leerlingen."³²⁸

Ten spyte van al die probleme het die onderwys gebloei en met groot waardering getuig ds. P.A.M. de Vos op 9 September 1901: "De onderwyzers, dertien in getal, verdienen grooten lof voor hun onvermoeiden arbeid."³²⁹ In Februarie 1902 skryf ds. De Vos weer eens: "De vlijt en ijver door oude en nieuwe leerlingen aan den dag gelegd, is aller beoedigenst. Het is waarlijk een genot en plezier onderwyzer te zijn. Een Diaken zeide op eene vraag hoe 't met de school ging: "goed, zeer goed. Jammer dat ik niet reeds vroeger naar school ging." "Eene andere krygsgevangene, wiens baard al grijs is, zeide op een dergelijke vraag: "Zeer goed, net dat de schooluren te weinig zijn."³³⁰

Om verdienstelikheid en getrouheid aan te moedig en leerlinge tot hoër prestasies aan te spoor, het onderwyzers in hierdie skool soms diplomas aan leerlinge toegeken.³³¹

327. Ibid.

328. Ibid., 27.3.1902, p. 132.

329. Ibid., 10.10.1901, p. 560.

330. Ibid., 13.3.1902, p. 116.

331. Sien Bylae BB, p. 601.

Hierdie gebruik onderstreep die groot erns waarmee die onderwysers hulle selfopgelegde taak beskou en benader het.

Van Britse kant was daar toenemende belangstelling in die kampskole en kaptein J. Proctor het Broadbottomskool besoek, ten einde die Britse voorgestelde hulpplan aan die krygsgevangenes te verduidelik. 'n Groot vergadering is gevolglik belê en Proctor het verduidelik dat die Britse gesag besluit het om die onderwysers te besoldig. Die Britse owerheid het egter vir die krygsgevangenes onaanvaarbare voorwaardes gestel. Die vergadering het hom daarop teen die Britse hulp uitgespreek, aangesien "wy twee jaar zonder hulp van buiten klaar gekomen zyn en de school toch in een bloeiende toestand verkeert," en dat "het nogthans beter is zyn vriendelyke aanbod af te slaan ter wille van de onderlinge eenheid."³³²

Oor hierdie besluit van die krygsgevangenes was kolonel H.O.P. Wright, die Kampkommandant, woedend en het daarop geëis om die onderwysers te ontmoet en persoonlik met hulle te onderhandel. Die meeste van hulle het egter geweier om hom te ontmoet. Dit was slegs met die uiterste takt dat Hugo van Niekerk die vrede so kon bewaar dat die onderwysers nie geskaad word nie. Hy het kolonel Wright daarop gewys dat "de algemene opinie der kamp ons zou beletten zulks te doen. Dat personen aan my gezegd hebben dat indien de onderwyzers den Engelschman als onderwyzer toelieten wy met Engelschman en al over den draad waaiden zouden. De kinderen hebben gezegd dat ze niet by een Engelschman

332. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 182.

school zouden gaan."³³³ Hierna het die skool weer sonder verdere inmenging met sy normale werk voortgegaan.

Die skool in Broadbottom het sedert sy stigting op 'n merkwaardige wyse gegroei. 'n Goeie beeld van die skouspelagtige vordering verskyn in 'n verslag wat vroeg in 1902 oor dié skool opgestel is. "Dadelyk by onze aankomst alhier een jaar geleden, werd er een begin gemaakt met het onderwys geven in ons kamp. Byna onoorkomelyke moeilikheden deden zich voor. Er was geen lokaal, geene boeken of leien. Door krachtige inspanning en onvermoeide volharding zyn er nu vier ruime schoolkamers alwaar 25 onderwyzers aan 644 flinke mannen onderwys geven."³³⁴

Na die berigte oor die ondertekening van 'n vredesverdrag het die belangstelling tot die groot teleurstelling van die onderwyzers, dadelik begin kwyn en het onverskilligheid opnuut ingetree. Die onderwyzers het hard probeer om leerlinge te beïnvloed om alle beskikbare tyd nuttig en voordelig te bestee, maar dit was hopeloos. Almal het skielik onbeskryflik haastig geword om te vertrek. Vir die skool en die onderwyzers was dit die tekens van die einde van hul liefdesdiens, "want er zyn nu weinig meer dan honderd scholieren in school. De overgrootte meerderheid doen niets. Dus wordt onze beste raadgewing moet voeten vertreden, onze reinste bedoelingen ten kwade genomen."³³⁵

333. Ibid., pp. 186-187. Vgl. ook G.O.V. Vol. 25. Minutes of Teacher's Meeting, 15th May 1902, Broadbottom camp.

334. De Kerkbode, 13.3.1902, p. 116. Vgl. ook V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 175.

335. Ibid., p. 205.

Uiteindelik het hulle die stryd gewonne gegee en is die skool op 15 Julie 1902 amptelik gesluit.³³⁶ Vir die plegtige geleentheid het alle belangstellendes byeen gekom. Daar is bedankings gedoen en aandenkings en waarderende adresse deur die leerlinge aan hul onderwysers oorhandig. Aan die einde van 'n merkwaardige tydperk van onbaatsugtige en toegewyde diens het hierdie vérsiende groepie opvoeders die geleentheid gehad om 'n eerlike evaluering van hul liefdesdiens te maak. Dit sou uiters moeilik wees om die waarde van hul diens te bepaal. In enkele woorde verrai die hoof sy gevoel van verydeling van grootse ideale en dra sy woorde die karakter van teleurstelling dat hulle groot liefdesdiens, hulle ywer en toewyding nie volkome geslaag het nie en daarom nie bereik het wat hulle beoog het nie. "Hoe ik voelde kan ik niet beschryven. Heimwee pakte my aan. Treurigheid over het verlies van ons land beklemdde myn ziel."³³⁷

As gevolg van die feit dat daar talle krygsgevangenes in Jamestown en omgewing werksaam was, is daar deur die ywer van L.S. Bester ook 'n skool in Jamestown gestig. Op 28 Oktober 1901 het die eerste groepie leerlinge "hulle vir die verskillende hoofvakke en vir Engels aangemeld."³³⁸ Daar was net aandklasse, aangesien al die leerlinge bedags gewerk het.³³⁹ Die skoolgebou is deur die leerlinge en belangstellendes opgerig. In hierdie skool moes leerlinge skoolgeld, 2/6, d.w.s. 25c per maand betaal vir dekking van die koste

336. Ibid., p. 211.

337. Ibid., p. 211.

338. De Krygsgevangene, 16.11.1901. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 200.

339. De Krygsgevangene, 16.11.1901.

van die gebou en vir lig vir die onderwyser, A.P.J. Fourie.³⁴⁰

Die Britse owerheid het die leergierigheid en die belangstelling van krygsgevangenes in onderwys raakgesien en daaruit probeer munt slaan. Daarop is besluit om alle kampskole onder een sentrale administrasie te plaas. Reeds in Januarie 1901 doen Chamberlain, die Britse eerste minister, in 'n skrywe aan Milner, Britse hoë kommissaris in Suid-Afrika aan die hand, dat 'n spesiale amptenaar benoem word om onderwys in alle kampe te koördineer. Aan hom sou volmag gegee word om te doen wat hy as goed en geskik vir die kampskole ag. In hierdie brief het hy egter sy werklike oogmerke duidelik verrai. "My attention has been directed to a suggestion that systematic and special efforts ought to be made to influence the many thousands of Boer prisoners who are now in our hands with the view of making them understand more clearly the causes of the war, the motives of Her Majesty's Government, and their future position as British subjects under British rule, and their long and enforced leisure offers an opportunity such as cannot occur again of presenting to them through books or possibly through some form of instruction in classes or by lectures, a wider point of view than that to which they have been accustomed and one which may possibly modify the prejudices which have largely been the result of ignorance and anti-British propaganda."³⁴¹

340. Ibid. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 200.

341. T.A.801/01. Verslag van die sekretaris van die Transvaalse administrasie.

As deel van hierdie nuwe omvattende plan, is kaptein J. Proctor na die kampskele gestuur. "Hy kwam uit pure belangstelling en voornamelyk om te ondersoeken of er onder de leerlingen waren, die voor "pupil teacher", of voor wat ander zouden opgeleid willen worden."³⁴² Deur die Britse bemoeiing is daar inderdaad 'n Engelse skool op St. Helena gestig. Volgens 'n Britse verslag was daar aanvanklik 45 seuns "between the ages of 9 and 16 years of age attending the English school."³⁴³ Die getalle het later ook tot ongeveer 200 gegroei. Die Afrikaanse kampskele het uiteraard 'n veel groter bloeiperiode as die Engelse skool belewe.

Ceylon

Soos die geval op St. Helena, was daar in die kampe in Ceylon ook geen voorsiening vir skole en onderwys nie, want die Britse owerheid het uiteraard nie sake soos onderwys in berekening gebring toe hulle die krygsgevangekampe ingerig het nie.

Ds. P. Postma maak in 'n verslag uit Diyatalawa op 14 November 1900 die eerste keer melding van die oprigting van skole. "Door ieder van ons werd eene school opgericht. Elke school telt nu 100 jongelieden en zij nu gecombineerd tot eene school."³⁴⁴ Ds. Paul H. Roux het hom ook persoonlik vir die kampskele beywer as gevolg van probleme wat hy met sy katkisasieklasse ondervind het. Die jong manne het die katkisasie byna onmoontlik gevind en kon die lesse

342. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 188.

343. G.O.V. Vol. 25. Report of Educational work done at Deadwood Camp, 29.5.1902.

344. De Kerkbode, 17.1.1901, p. 47.

beswaarlik volg vanweë hulle gebrekkige lees- en skryfkennis. "Daarom werd er besloten deze personen te helpen door onder-
rigt in lezen en schrijven, en een onderwijzer daarvoor in
dienst te nemen."³⁴⁵

Die groot skool in Diyatalawa het begin met Schalk Pienaar en Gielie Theron as die eerste twee onderwysers, en die leerlinge het ongeveer alle ouderdomsgroepe in die kamp verteenwoordig. Sonder die oog op enige vergoeding het hierdie idealiste met hul groot selfopgeleegde taak begin. Sonder boeke en sonder enige hulpmiddele, maar in goeie geloof het hulle die groot aanvoerwerk begin.³⁴⁶ Gaandeweg het hulle die noodsaaklikste boeke uit die Kaapkolonie en uit Holland ontvang en vir die ander basiese benodigdhede het hulle self gesorg.³⁴⁷ Vir die leerkragte was hierdie diens 'n liefdestaak wat hulle met groot toewyding, nougeset ver-
rig het.³⁴⁸

Die ouer krygsgevangenes het onderwys en die oprigting van skole en die daarstelling van meer geriewe en leermid-
dels, as 'n groot voorreg vir die jonger geslag beskou en het van hulle kant baie gedoen om die jonges aan te moedig om van hulle voorregte die allerbeste gebruik te maak. "De kinderen hadden heerlyke voorechten in kamp en werd juist na wy hier waren een grote hut gegeven voor school waar zy gratis kunnen leeren," skryf P.H.H. Fick.³⁴⁹

Die bywoning van die skool het op suiwer vrywillige

345. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 175.

346. *De Kerkbode*, 17.1.1901, p. 47.

347. *Ibid.*, 14.2.1901. Brief van ds. P.H. Roux dd. 6.12.1900.

348. O.M. Dagboek van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 41.

349. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, p. 345.

grondslag berus en tog het honderde jongmanne van die geleentheid gebruik gemaak. Daar was gelukkig 'n ruim hut vir skooldoeleindes beskikbaar, die nodige tafels en banke was gereed, sodat leerlinge in Diyatalawa onder betreklik gunstige omstandighede hul onderrig kon ontvang. Ds. P.H. Roux skryf in April 1901 dat die hut wat aanvanklik vir skooldoeleindes beskikbaar gestel is, reeds vol is en dat die onderwysers by die owerheid aansoek om 'n tweede hut gedoen het.³⁵⁰ In Junie 1901 maak ds. P. Boshoff ook melding van die Britse owerheid se goeie gesindheid in verband met die verskaffing van skoolgeriewe. Hy getuig dat die tweede skoolhut reeds in aanbou is en dat die owerheid "andermaal hulp verleend heeft door krijt, griffels, leien, papier enz. te geven."³⁵¹

Deur die ywer van onderwysers en ander belangstellendes het die skool tot 'n sterkte van ongeveer 400 leerlinge gegroei, alhoewel daar 'n hoë persentasie van die jong krygsgevangenes die geleentheid wat hulle gebied is, nie benut het nie.³⁵² Hieroor spreek ds. P.H. Roux sy ernstige kommer uit. "Het is een pynlik gezicht", skryf hy in 'n verslag uit Ceylon, "knapen reeds 7 maanden lang te zien rondrenten zonder de minste ambitie. Mannen met baard, grondeigenaars, naar school te zien stappen met een lei onder de arm, bemoedigt weer."³⁵³ Ook in hulle geval was die opvatting blykbaar dat die oorlog tot 'n spoedige einde sou kom, die

350. *De Kerkbode*, 23.5.1901, p. 302.

351. *Ibid.*, 15.8.1901, p. 467.

352. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 175.

353. *De Kerkbode*, 23.5.1901. Brief van ds. P.H. Roux uit Ceylon, 20.4.1901.

vernaamste faktor wat hulle uit die skool gehou het. Van hulle wat aanvanklik om genoemde rede nie skool toe gegaan het nie, het wel later die geledere van die skool versterk.³⁵⁴ Van die ouer krygsgevangenes het egter die geleentheid om skool by te woon, aangegryp, sodat die ouderdomme van leerlinge in dieselfde klasse baie verskil het. Hieroor skryf ds. P. Boshoff: "De scholieren zijn wat gemengd wat ouderdom en kennis aangaat, maar de vordering is goed. Den voorzitter der schoolcommissie telt men onder de scholieren."³⁵⁵

In sy verslag oor skoolbedrywighe in die kampe in Ceylon, meld die Britse owerheid, "the camp schools are well attended, and the pupils say they have in many ways profited by their sojourn in Ceylon."³⁵⁶

Na die aankondiging van vrede het die belangstelling in onderwys merkbaar gekwyn en het die getalle skerp gedaal. Tog het onderwysers daarin geslaag om die ywerigste leerlinge te behou, terwyl hulle op repatriasie gewag het, maar "op den 28sten Nov. 1902 werd ons school gesloten voor goed." Dit was 'n geleentheid wat ook nie sonder sy leed en hartseer plaasgevind het nie. 'n Dagboekskrywer, self 'n leerling van die kampskool, skilder die gebeurtenis ook nie sonder weemoed nie. Nog 'n skof is afgelê en hulle wat 'n groot taak met soveel toewyding verrig het, staan by die slottoneel van 'n gebeurtenis wat so vreemd en so onwerklik lyk. Oor alles hang daar tog die onsekerheid of dit die

354. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, p. 175.

355. De Kerkbode, 15.8.1901, p. 467.

356. G.O.V. Vol. 25. Britse verslag oor onderwys in die kampe 25.6.1902, p. 1.

moeite werd was. Slegs die tyd sou die antwoord daarop kon verskaf. "De school comete was tegenwoordig. Gaven ons aanmoedigings voor de toekomst. Onze onderwyzers bedanken ons, en wy hen. J. Steyn gaf ons Fil. 8; 8, 9 tot afscheid, daarna sloot J. Steyn met gebed."³⁵⁷ Daarmee was die taak afgehandel en elkeen sou aan homself moes rekenskap gee of onderwys in Diyatalawa in sy lewe 'n doel gedien het.

Indië

Van onderwys en onderwysaangeleenthede in die wydverspreide krygsgevangekampe op die Indiese vasteland is min bekend. Slegs in enkele aantekeninge deur 'n paar krygsgevangenes, is na onderwysaangeleenthede verwys. I.J. Stoltz maak in sy dagboek net eenkeer van 'n skool melding. Uit Solon skryf hy: "Ons open 'n skool met 40 kinders van 8 tot 20 jaar oud. Ons het nie leie of behoorlike papier of oefeningboeke nie: die papier kry ons van die van die gemakshuisies 'n soort vaal papier daarop leer ons die kinders skoonskrif, rekenkunde ens."³⁵⁸ Die skool het ten spyte van baie probleme goed vooruitgegaan, maar toe word 'n nuwe hoofonderwyser aangestel. Die gevangenes het egter uitgevind dat hy 'n paroler was en kort na hierdie ontdekking moes hy die kamp noodgedwonge verlaat. Daarna kon die skool weer op volle sterkte met sy werksaamhede voortgaan.³⁵⁹

Uit Umballa skryf A.C. Lyell op 13 Maart 1902, dat daar nie 'n skool is nie, "hoewel eene poging gemaakt werd om een

357. O.M. Dagboek van H.H. van Niekerk te Ceylon, p. 109.

358. V.A. (R.V.) 119.1201. Dagboek van I.J. Stoltz, pp. 79-80.

359. Ibid., p. 83.

school te stichten. Er kon echter geen basis gevonden worden waarop de school moest worden opgericht en het idee moest derhalve, tot mijn leedwezen worden opgegeven. Er zijn ruim 250 kinderen en jongelingen in het kamp."³⁶⁰ Daar moes egter wel vantevore 'n skool tot stând gekom het, want 'n dagboekskrywer in Umballa teken 'n gebeurtenis van groot betekenis aan. "De ou menschen en kinders werd van morgen aangezyd om naar de koelle bergen te gaan. Ik staakte myn school daar de kinders aangezeg werd om naar de koelle bergen te gaan."³⁶¹

In sy herinneringe noem ds. J.P. Liebenberg dat hy saam met 'n groep krygsgevangenes na 'n kamp in die Nilghiriese berge en later na 'n kamp in Wellington, Indië, verplaas is. In hierdie kampe was daar skole vir die jong krygsgevangenes.³⁶² Die skrywer verstrek ongelukkig geen verdere besonderhede in verband hiermee nie. Oor die onderwys in Trinopolis is die inligting eweneens skraal. Slegs enkele stukke lewer getuienis van skoolbedrywigheide in hierdie kamp. S. Boersma, die skoolhoof, het aan 'n onderwyser, C. de Winter, 'n getuigskrif uitgereik waarin hy melding maak van die goeie dienste van die leerkrag. Ook die skoolkomitee verskaf 'n getuigskrif en voeg verder 'n besonder interessante brokkie inligting by. Die skoolkomitee verklaar dat C. de Winter as onderwyser "aan een der Hollandsche scholen in het kamp werkzaam was, en dat hy beslist geweigerd heeft

360. De Kerkbode, 8.5.1902, p. 361.

361. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, pp. 69-70.

362. V.A. (R.V.) 119.1175. Herinneringe van P.J. Liebenberg, pp. 6-7.

het salaris dat hy als zoodanig van de Engelsche Regeering kon verkrygen in ontvangst te nemen.* Na 31 Mei 1902 het hy steeds as onderwyser in diens gebly, maar teen betaling van salaris.³⁶³ Hierdie onderwyser verstrek ook 'n naamlys van 31 leerlinge wat by hom onderwys ontvang het, 7 name van leerlinge wat van standerd 1 na standerd 3 oorgeplaas is en 9 name van leerlinge wat die skool verlaat het.³⁶⁴

'n Kort beriggie uit Sialkot meld dat die skool in hierdie kamp goed vorder met die beskikbare middels. "De heeren Reitz, Pretorius en Rickert hebben goedgunstig 't werk van onderwijs op zich genomen. Deze school wordt dan ook door ons zelve, en uit middelen onder ons zelve gevonden, gedreven. Natuurlijk is er groote schaarscheid van Hollandsche boeken."³⁶⁵ Ds. A.P. Burger deel mee dat daar in Bhimtalkamp ook 'n skool was en dat hyself daaglik twee skoolklasse moes waarneem.³⁶⁶

Samevattend moet daar veral op die positiewe aspekte van die kampskole gewys word. Hier was 'n groep idealiste onder die allervreemdste omstandighede besig om opheffings-, opvoedings- en baanbrekerswerk op die gebied van onderwys te doen. Vir hulle was dit duidelik dat die krygsgevangenes na repatriasie met 'n groot agterstand te kampe sou hê. Hoër akademiese skoling sou hierdie agterstand aanmerklik laat krimp. Hier in die kampe is 'n tradisie van oudsher voortgesit - waar die staat en die owerheid nie sorg nie,

* Eie Kursivering.

363. V.A. (O.M.-vers.) 155/45/1. Getuigskrifte van C. de Winter.

364. Ibid., Naamlyste van leerlinge.

365. De Kerkbode, 15.5.1902, p. 377.

366. Burger, A.P.: Worsteljare, p. 136.

sorg die ouer en diegene met die verantwoordelikheidsgevoel dat die onderwys na die kinders en jong mense gebring word.

In hul eie land sou gerepatrieerdes na die oorlog onder veranderde omstandighede opnuut moes begin. Hoër kwalifikasies sou hulle ten goede kom. In hulle gevangenskap het hulle oor die skynbaar onoorkomelike struikelblokke getriomfeer en uit eie innerlike drang hulle skole in stand gehou. In die na-oorlogse jare sou die Afrikaners met die stigting van die C.N.O.-skole op hierdie nuttige kennis en ondervinding voortbou, omdat hulle die waarde en betekenis van onderwys hier leer ken het. Baie Boere, selfs hulle wat nie meer as jongelinge gereken kan word nie, het in die kampskole hulle eerste onderrig ontvang. Dit sou in talle gevalle die prikkel tot latere voortgesette studie wees, want die kampskole het 'n nuwe begeerte na kennis en studie in hulle wakker gemaak.

Die inhoud en strekking van die onderwys, hoewel sekulêr van aard, was tog primêr daarop ingestel om veral die jong krygsgevangenes te leer lees en skryf met die oog op kategetiese onderrig. Die kampskole het ongetwyfeld veel meer as hierdie primêre oogmerke bereik.

Dit is opvallend dat geen onderwyser in die kampskole enige vergoeding vir gelewerde diens verwag het nie. Hulle het ware naaste- en onbaatsugtige volksdiens gelewer. Hulle werk en toewyding was wel vir hulle ook geleentheid vir persoonlike geluk en ontvlugting van ledigheid, maar dit het van hulle groot inspanning en opoffering geëis om in hierdie selfopgelegde taak te volhard. Aan hulle volk het hulle 'n onberekenbare diens bewys. Hoe primitief en elementêr die

onderwys ook al was en hoe onopgeleid sommige onderwysers ook al vir hul taak was, het hul onderwys tog sy besondere waarde gehad. Elke man in diens van die onderwys het sy bydrae teen die ongeletterdheid van sy volk gelewer. Hul sukses mag dus nie net aan eksamenresultate gemeet word nie. Onder die kamponderwysers was daar gelukkig diegene wat reeds voor die tyd hul spore in die onderwys verdien het en hier in die kampskele waarskynlik hul grootste liefdesdiens aan die jeug van hul volk verrig het. Hier het hulle die goeie saad gesaai wat sou groei en in die jare wat voorgelê het, steeds wyer sou uitkring.

Soos uit gebeurtenisse blyk, is dit duidelik dat die Britse owerheid in die onderwys 'n gulde geleentheid gesien het om die Boere nie so seer te indoktrineer nie, maar so nie, voor te berei, of "sag te maak" vir hulle reeds aanvaarde of komende Britse onderdaanskap. Ewe opvallend is dit, dat hierdie doelbewuste pogings, ten spyte van 'n aansienlike aantal lojaalgesindes, kennelik misluk het. Die sogenaamde Engelse kampskele het in krag, invloed en betekenis, nooit teen die Boereskele opgeweeg nie.

HOOFSTUK 8ONTSNAPPINGS UIT GEVANGENSKAP

Waar krygsgevangenes in duisendtalle aangekeer, aangeja, oor lang afstande vervoer of in tydelike kampe aangehou is, talle ten ene male nie in vyandelike aanhouding vasgevang wou sit nie, was dit 'n uitgemaakte saak dat veelvuldige pogings aangewend sou word om te ontsnap. Almal sou nie om dieselfde redes of op dieselfde manier probeer om hul vryheid uit gevangenskap te herwin nie. Sommige sou dit op die ingewing van die oomblik doen as die geleentheid hom voordoen. Andere sou daartoe gedwing voel om van die frustrasie en ellende van inkamping bevry te word; andere sou probeer ontsnap om weer by die kommando's uit te kom en vir die onafhanklikheid van hul land voort te veg, terwyl andere uit Suid-Afrikaanse kampe sou probeer ontvlug uit vrees vir verbanning na onbekende oorsese oorde.¹ In oorsese kampe sou laasgenoemde uiteraard nie 'n oorweging wees nie. Wat ook al die motiewe gewees het, bly dit 'n feit, dat die meeste ontsnappingspogings vooraf deeglik beplan is en alle moontlikhede sorgvuldig oorweeg is. Dit moet ook in gedagte gehou word dat talle krygsgevangenes die geleentheid gehad het om te ontvlug, maar hulle waarskynlik daarvan weerhou het, omdat hulle hulle tot onderwerping verplig gevoel het deur hul oorgawe by gevangeneming.

1. Die Huisgenoot, 27.1.1937. Artikel deur W.H. Boshoff.

Ontsnappingspogings het herhaaldelik voorgekom. In sommige gevalle het krygsgevangenes reeds kort na hul gevangening uit die net van hul vyand- en bewakers ontvlug om weer by die kommando's aan te sluit, maar die meeste gevangenes moes hul kans geduldig afwag. Ontsnappingspogings het gevolglik in die veld, gedurende transport, in Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe, vanaf transportskepe en uit oorsese kampe voorgekom. Die Britse wagte moes gevolglik die allergrootste waaksaamheid aan die dag lê om ontsnappings te voorkom, of dit minstens tot 'n minimum te beperk.

W.H. Boshoff, 'n oud-krygsgevangene skryf, dat daar gedurende die Anglo-Boereoorlog een oorheersende vrees by die Boere bestaan het, naamlik die vrees vir gevangening en die daaropvolgende verbanning na oorsese kampe ver van hul vaderland en hulle huisgesinne. Die skrywer is self gevangeneem en is daarna saam met 'n groep gevangenes deur Engelse troepe in die veld bewaak. Hy het die nag wakker geleë en toe hy gewaar dat die wagte half aan die slaap was, het hy stilletjies weggesluip, die perde losgesny en weggejaag. Hoewel hy haastig agtervolg is, het hy daarin geslaag om weg te kom.²

'n Dagboekskrywer teken 'n soortgelyke ontsnapping te velde aan. Die aand nadat hulle gevangeneem is, is die groepie Boere in die veld opgepas. "Twee man (uitlanders) vroegem schemer donker om een wijngig buiten te gaan; toen zij buiten de wachten was, liepen zij hard, de wachten schooten op hen en wonde de een aan zijn kop en vangen hem weder, maar de een ontkwam en was binne eenige minuten op

2. Ibid.

vrije voeten."³

Van die merkwaardigste ontsnappings is die van die bekende en legendariese Fritz Joubert Du Quasne, in later jare as internasionale spioen bekend. Hy was by verskeie fantastiese ontsnappings betrokke. Ongelukkig is min van hierdie kleurryke persoonlikheid bekend en is sy gewaagde ontsnappings uit soveel verskillende monde vertel, dat dit uiters moeilik is om die presiese waarheid daarvan vas te stel. Sover wel vasgestel kon word, is hy die eerste keer in Noord-Transvaal deur die vyand aangekeer en met vasgebinde hande deur Britse wagte te voet aangeja. Hy het besluit om te ontsnap, maar het sy kans geduldig afgewag. Geleidelik het hy nader aan een van die wagte beweeg en teen skemerdonker ook sy hande los gewoel gehad. Onverwags het hy die wag platgeslaan toe die gevangenes oor 'n bruggie loop. Van die brug af het hy in die water geduik, onder die water langs na veiligheid geswem en in die ruigtes langs die oewer van die spruitjie, veiligheid gevind. Daar is wel naarstiglik na hom gesoek, maar hy het sy vryheid herwin en na Portugese gebied gevlug.⁴

In Lissabon is Du Quasne geïnterneer, maar ook daar het hy ontsnap en daarin geslaag om Suid-Afrika per boot te bereik. Hy is weer gevange geneem, verhoor en in die kasteel in Kaapstad opgesluit. Hy het daarin geslaag om 'n gat onder die muur deur te grawe, maar toe hy wou uitkruip, het 'n klip hom vasgedruk. Daarna is hy gevonnissen en as

3. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 57.

4. Wood, Clement.: The Man who killed Kitchener, pp. 104-105.

gewone bandiet na Bermuda verban. Ook sy bootreis na Bermuda was deur geweld en desperate ontsnappingspogings gekenmerk. In Bermuda het hy uit die tronk ontsnap en na ongelooflike omswerwinge en ontberings daarin geslaag om die Verenigde State te bereik.⁵

J.A. de Villiers deel in sy dagboek mee, dat hulle op 'n dag verneem het dat Du Kaenne (Fritz Joubert du Quasne) en 'n sekere Du Toit ontsnap het. Volgens sy beskrywing het die twee gevangenes met die wagoffisier by die tronk ooreengekom dat hulle op 'n gegewe tyd sou ontsnap. Met hulle ontsnapping het die wagte hulle egter ingewag en begin skiet. Du Toit is volgens De Villiers gewond, maar Du Quasne het vrygekom.⁶

Die ontsnapping het groot opskudding en belangstelling gewek en die gebeurtenis is gevolglik deur verskeie dagboekskrywers aangeteken. Volgens navorsing wat Colin Benbow oor die krygsgevangenes in Bermuda gedoen het, kom dit voor of nie net Du Quasne, maar ook Du Toit ontsnap het en na hulle ontsnapping by die groot vriend van die krygsgevangenes, Anna Maria Outerbridge,⁷ om hulp gaan aanklop het. Sy wou hulle graag help, maar om haarself teen verdenking te vrywaar, het sy daarop aangedring dat een van die twee uitgelewer moes

5. Ibid., pp. 203-205. Vgl. ook, Benbow, Colin.: Boer Prisoners of War in Bermuda; Byvoegsel tot Die Burger, 30.3.1963; Die Volksblad, 20.6.1949.

6. K.A. Dagboek van J.A. de Villiers, p. 68.

7. Anna Maria Outerbridge was die oudste dogter van dr. T.A. Outerbridge, 'n lid van die Wetgewende Vergadering van Bermuda. Die Outerbridge-gesin het openlik met die Boerekrygsgevangenes gesimpatiseer, het waar moontlik aan hulle hulp verleen en het veral baie gedoen om boeke en ander skryfbehoeftes vir die kampskole te kry. Anna Maria was 'n aktiewe lid van die Boer Relief Committee van Bermuda.

word. Aan haar versoek is voldoen en daardeur is Du Quasne instaat gestel om te ontsnap.⁸ Du Quasne se eie verhaal soos dit aan die skrywer, Clement Wood, vertel is, verskil aanmerklik van alle ander beskikbare bronne.

Volgens Du Quasne se eie verhaal moes Du Toit na hul ontsnapping vanweë 'n voetwond noodgedwonge omdraai, terwyl hy alleen verder is. Hy het weke lank in die doolhof van honderde eilandjies rondgedwaal en eindelijk op 'n bewoonde eiland gekom. By 'n huis het hy klere en 'n skeermes gekry en daardeur 'n groot uiterlike verandering ondergaan. Hier het hy ook die "eienaar" van 'n klein roeibootjie geword en hiermee die eilandgebied verken en sodoende tog elke dag verder van die kampe gevorder. Met die bootjie het hy Main Island bereik waar hy 'n bietjie geld gesteel en hom daarna as toeris voorgedoen het. Hy was reeds twee maande weg "and he was no closer to getting away from Bermuda than the moment he broke cover of the mangrove covert," skryf Wood.⁹ Hier het sy groot kans egter gekom en hy het 'n dronk matroos van die Baltimore platgeslaan, klere geruil en sy plek as dronk matroos ingeneem. "Fritz Du Quasne, sober as his own soul, sat shivering with excitement and chuckling with joy in the brig, as he heard the engine start, the ship shudder alive, the sibilant swish as they passed down the channel, as he felt the list when she struck the seaway outside. He was on his way again."¹⁰ Hy het egter nie op die boot gebly nie, want sy identiteit het hy verklap toe hy

8. Benbow, C.: op. cit. Vgl. ook, Van Blerk, J.A.: Op die Bermudas Beland, p. 56.

9. Wood, Clement.: op. cit., pp. 203-204.

10. Ibid., p. 210.

aan boord gevind is. Daardie nag het hy van die boot af ontsnap en land bereik. Met ongeveer 250 myl tussen hom en die Verenigde State het hy die tog te voet aangepak, van veldkos geleef, hulp van inboorlinge verkry en na maande van ontbering die Verenigde State bereik.¹¹

'n Oud-krygsgevangene, J.M. du Plessis, vertel hoe hy en sy maats na hul oorgawe en gevangening in oop trokke na Kaapstad onderweg was. Gedurende die hele reis was hulle gedurig onder uiters strenge bewaking, maar tog het hulle planne gesmee om by die eerste moontlike geleentheid te ontsnap. Naby die stasie by Prins Albertweg - dit was gelukkig donker - het die trein baie stadig geloop en die paar maats het met hul bondeltjies tot op die rand van die trok geklim, onopgemerk en baie saggies aan die buitekant afgesak, laat los en op die grond geval. Daarop het hulle haastig deur die veld gevlug, bedags in die berge geskuil en snags lang skofte afgelê. By die boere van die omgewing het hulle kos en ander hulp gekry. Meesal te voet, maar soms tog te perd of per perdekar, het hulle geleidelik op die terugpad gevorder, terwyl die gevaar van opsporing gedurig oor hulle gehang het. Na 'n lang swerftog en 'n lang afwesigheid was hulle uiteindelik terug in die Transvaal by generaal J.H. de la Rey se kommando.¹²

'n Soortgelyke ontsnapping uit 'n trein vol krygsgevangenes onderweg na Durban, het egter onaangename gevolge vir die wat nie ontsnap het nie, gehad. "Zulks doende, geeft

11. Ibid., p. 216.

12. Die Huisgenoot, 12.2.1937. Artikel deur J.M. du Plessis.

aanleiding, dat wy het nog zwaarder, en bitterder kregen," skryf C.P. van Zyl. "Wy moeten toen van het trein afklimmen, en als 'n ou klompje volk by elkander op de grond zitten, in de hitte der zon, ten einde onderzocht te worden."¹³

J.P. Blignaut vermeld 'n ontsnappingspoging uit die Kaapstadse hawe. "In den avond omtrent tusschen 7 en 8 uren waren 3 van onse burgers oover boord gesprongen, doch de water was zeer onstuimig en zeer koud zoo dat zy niet kunnen uithouden om weg te zwemmen en moest toen weder om hulp zoeken toen gewaarden de wachten hen en hebben toen dadelyk opgetrokken."¹⁴ A.P. Burger noem die geval van 'n burger wat uit die Durbanse hawe van 'n boot af probeer ontsnap het. Die see was egter so onstuimig dat hy nie die kus kon haal nie en verplig was om om te draai. Hy is in die sel opgesluit.¹⁵

In die Groenpuntkamp was genoeg vindingrykheid en ondernemingsgees onder die krygsgevangenes om die kampowerheid hoofbrekens te besorg. 'n Paar Duitsers het in stilte en groot geheimhouding begin om 'n tunnel onder die omheining deur te grawe. Snags as die ander gevangenes slaap, was hulle met hul taak doenig. Uiteindelik was daar volgens hul berekening nog net een nag se grawery oor en sukses reeds in sig. Enkele ure voor die voltooiing van die ontsnappingstonnel is hulle deur 'n mede-burger verraai. Die wagte het toegeslaan in die tunnel is ontdek. Teen hulle is streng opgetree en verder "werd 60 man die in die naby=

13. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 17.

14. O.M. Dagboek van J.P. Blignaut, p. 13.

15. Burger, A.P.: Worsteljare, p. 21.

heid was ook genomen en met hun zaam na Ceylon gezonden."¹⁶
 Waarskynlik oor dieselfde ontsnapping, skryf H. van der Watt
 op 13 Februarie 1900, van "de tunnel door eenige Duitschers
 enz. ontdek, waardoor de onderneming mislukte."¹⁷

Telkens vermeld krygsgevangenes in hulle dagboeke van
 die ontsnappingspogings in Groenpunt. "Daar is heelwat ton=
 dels gegrawe soo ver ik weet 6 dat is alger wegegees voor dit
 klaar was die mane wat dit in die nag gedoen het die broeks=
 been onder toegebind en die los grond daar en soo weg gedraa
 en op die speel pleke rondgestrooi," verklaar J.N. van der
 Walt.¹⁸ Op 23 Julie 1900 teken J.W. Kok aan dat op daardie
 dag "wort hier in onze kamp voor het eerste maal ontdek dat
 van deze mannen ook plan hat om te ontvlugten daar zij ook
 als ik verneem ver gevordert was met een tondel te graven."¹⁹
 Op 25 Februarie 1901 skryf dieselfde skrywer dat hulle almal
 aangesê is om hulle tente te ontruim. Daarna word dit toe
 bekend dat in "een der ander kamers ze begonnen heeft een
 tonnel te maken en dan natuurlik te ontsnappen doch het wert
 ontdek en van daar moete de onschuldige met de schuldige alle
 hunne kamers verlaten."²⁰

'n Groepie krygsgevangenes onder leiding van Willie
 Steyn het herhaaldelik probeer om uit Groenpunt te ontsnap.
 Twaalf stuks het aan die eerste poging deelgeneem. In hul
 tent het hul met 'n regaf tonnel begin, daarna dwars ge=

16. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 76.

17. Dagboek van H. van der Watt, dd. 13.2.1900.
 (Oorspronklike dagboek in besit van mev. S.J. van
 Rensburg van Bloemfontein).

18. V.A. Dagboek van J.N. van der Walt, pp. 26-27.

19. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 129.

20. Ibid., p. 272. Vgl. T.A. Herinneringe van P.J.
 Jacobs, pp. 8-9.

swaai en is reguit in die rigting van die lyndraad koers ingeslaan. Dit was 'n vermoeiende, veeleisende en gevaarlike onderneming. "Een zak mes en een blik bord, waren de eenige gereedschappen waarmede wy het werk moesten doen." Bedags is die gat deeglik bedek, maar tog was daar by die gevangenes die gedurige onrus en vrees dat dit ontdek mag word. "De onzekerheid en de vrees voor ontdekking by het minste geluid was verschrikkelyk, maar de angst dat de tunnel zou instorten terwyl men aan het werk was, was nog sterker," skryf Willie Steyn.²¹

Snags het die gevangenes van tienuur af tot soggens vieruur gewerk, die grond in hul baadjiesakke uit die gat gedra en oor die kampterrein verstrooi. Na moeitevolle arbeid word hul poging verydel toe die tente na ander staanplekke verskuif is. "Een teleurstelling als deze laat zich moeilyk beschreven," betreur Steyn hierdie mislukking.²² Moedverlore was hierdie manne egter nie, want hulle was vasbeslote om te ontsnap. Uit hul vorige dure ondervinding het hulle egter iets geleer, en gevolglik na 'n beginpunt wat nie sou verskuif nie, begin seek. Die wasplek was volgens hulle oordeel die aangewese punt en onder uiterste geheimhouding is daar dadelik met 'n nuwe tunnel begin. Met sukses reeds voor die deur, word hulle deur 'n mede-gevangene verrai, die tunnel word ontdek en ook hierdie poging misluk.²³

Aangevuur deur die begeerte om vry te wees, het hulle

21. Reisverhaal van W.H. Steyn, pp. 5-6. (Onveranderde kopie in openbare biblioteek, Kaapstad).

22. Ibid., p. 6.

23. Ibid., p. 7.

hierdie keer uit die kombuis met 'n volgende tunnel begin. Ook hierdie poging was tevergeefs, want soos die vorige keer, is hulle deur verraad van hul eie mense verklap. Dit was juis die groot probleem by al die ontsnappingspogings. Diegene wat wou ontsnap, het altyd hulp nodig gehad en was dus uiteindelik verplig om iemand in hulle vertrouwe te neem, net om later opnuut te beseef, "onze eie kennis en verwanten waren altyd onze ergste vyanden. Er was veel meer gevaar gezien te worden door de spionnen in het kamp, dan door de soldaten op de wacht."²⁴

Die plan om deur 'n tunnel uit te kom, is gevolglik prysgegee, maar 'n deeglike inspeksie van die omheining het Steyn en sy maats op 'n ander plan laat besluit. Hulle het in die heining 'n plek ontdek waar die drade vanweë die ongelieke grondoppervlakte, hoog bokant die grond, en die opening netjies met klippe toegepak was. Dit was vir hulle 'n geskikte plek om uit te kruip. Met groot geluk het hulle ook daarin geslaag om die klippe te verwyder sonder om deur die wagte opgemerk te word. Hulle het egter vasgestel dat hulle die onderste draad sou moes afknip. 'n Tang het hulle nie gehad nie, maar 'n vyl het die taak ewe goed verrig. Laat die nag was alles afgehandel en die werklike ontsnapping is tot die volgende aand uitgestel. Intussen het 'n verraaier reeds die kampowerheid in kennis gestel en toe Steyn en sy maats dié aand gereed was om uit te kruip, daag 'n offisier met 'n paar manskappe op, "en werden wy op heter

24. Ibid., p. 7.

daad betraapt."²⁵

Om die kroon op hulle teleurstelling en frustrasie te plaas, is hulle reeds die volgende dag aangesê om gereed te wees vir deportasie. Onder gewapende geleide is hulle na die dokke en op die Catalonia weggevoer. Selfs op pad na die dokke "hield ik myne oogen goed open, om te zien of er kans was om het op een loopen te zetten, maar er was geene; wy werden te sterk bewaakt."²⁶

Oor 'n ander ontsnappingspoging uit Groenpunt in Februarie 1901, vermeld 'n krygsgevangene N.J. Froneman, dat hy as gevolg van 'n mislukte ontsnappingspoging oorsee weggestuur word. "Ons is acht perzonen die een plan gemaak heeft om uit te gaan hier uit die kamp en toen is ons door slechte schurken raport by die militaire, ons hebt getonnel uit een van de officiers kamers."²⁷ Op 13 November 1900 meld H. van der Watt: "Drie Duitschers ontsnapte vorige avond, doch werden weer gevangen."²⁸

Dit was uiters moeilik om van Groenpunt weg te kom, selfs al sou gevangenes daarin slaag om uit die kamp te kom. Dit was feitlik net snags moontlik, as daar geen openbare vervoer meer was om hulle gou uit die onmiddellike omgewing weg te kry nie. Iemand wat laat in die nag alleen in hierdie omgewing ronddwaal, sou beslis aandag getrek het, met die gevolg dat 'n ontsnapte maklik opgespoor kon word.

25. Ibid., p. 7. Vgl. ook, V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp. 50-51.

26. Reisverhaal van W.H. Steyn, pp. 10-12.

27. S.O.P. PR/All98. N.J. Froneman aan sy ouers, 27.2.1901.

28. Dagboek van H. van der Watt, dd. 13.11.1900.

Terwyl ontsnappingspogings uit Groenpunt gereeld voorgekom het, het die krygsgevangenes aan boord van die transportskepe in Simonsbaai ook las gegee. Uiteraard was daar vir hulle net een ontsnappingsroete moontlik - om van die boot af kus toe te swem. Die Britse wagte het dit as haas onmoontlik beskou, omdat hulle verkeerdelik aanvaar het, dat die burgers, of nie kon swem nie, of baie swak swemmers was. Daar was nietemin gedurig Britse wagte aan diens op die transportskepe. "Yet in spite of all these precautions, one or two prisoners have escaped from the ships, though there is less risk of their leaving prisons afloat - as they know nothing of swimming and simply detest water," beweer lady Briggs.²⁹

Dit is dus ironies dat een van die eerste ontsnappings uit Simonsbaai, dié van Keppel de Meillion, juis van 'n transportskip af plaasgevind het. Hierdie krygsgevangene het homself een nag met behulp van 'n tou van 'n boot af in die water neergelaat. Hy het die kus veilig bereik. Sy ontsnapping is die volgende dag ontdek en 'n soektog is dadelik op tou gesit.³⁰ Een van sy maats het aan die bevelvoerder van die skip vertel dat hy die vorige nag iemand desperaat om hulp hoor roep het. Die owerheid het hierop aangeneem dat De Meillion gedurende 'n ontsnappingspoging verdrink het. 'n Soektog na sy lyk het egter niks opgelewer nie.

29. Briggs, Lady.: The Staff Work of the Anglo-Boer War 1899-1902. Embodying some of the War letters sent to the Morning Post from South Africa, pp. 26-27.

Vgl. T.A. Herinneringe van P.A. Kolver, pp. 9-10.

30. Die Huisgenoot, 22.3.1946. Artikel deur D.F. du Toit. Vgl. De Graaf, H.: Boere op St. Helena. Die Oorlogsdagboek van H. de Graaf, verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber, p. 10.

Intussen het die ontsnapte Kaapstad bereik, maar toe hy besef dat hy gesoek word, is hy haastig na die stasie waar hy die eerste trein bestyg het, min wetende dat dit die Simonstadtrein was. Met sy aankoms in Simonstad is hy in hegtenis geneem en na die Bellevuekamp gestuur.³¹

Hierdie mislukking was egter nie die einde van De Meilions se ondernemingsgees nie, maar hy moes in ieder geval 'n tydjie wag om later met andere saam 'n groot ontsnappingspoging te onderneem. 'n Krygsgevangene, G. Robertson en elf van sy maats het in 'n gemakshuisie met 'n tunnel begin. Snags is daar hard geswoeg, maar bedags is die werk gestaak en die gat sorgvuldig bedek. Die oggend van die vierde dag verneem hulle dat hulle reeds die volgende dag oorsee weggestuur sou word. Daar moes gevolglik vinnig opgetree word.³² Die werk is om die rede helder oordag met brandende ywer voortgesit. Omdat hulle die los grond nie kon wegdra nie, het hulle die vloer gelig en die grond onder die vloer gegooi.³³ Die aand, net na die gebruikelike tellery sou hulle ontsnap. Die tunnel was klaar en slegs 'n klein openinkie waar hulle die laaste grond moes uitstoot, was reeds gemaak. Ongelukkig vir hulle het 'n groepie wagte van buite af ingekom. By hulle was 'n hond wat toevallig die gaatjie in die grond ontdek. Hy begin daarin grawe en beland in die tunnel. Die wagte het dadelik besef wat aan die gang is, alarm is onmiddellik gemaak, troepe het opgedaag en

31. Ibid. Vgl. Die Huisgenoot, 22.3.1946. Artikel deur D.F. du Toit.

32. Ibid. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 18.

33. Ibid.

alle moontlikheid om te ontsnap, is verydel.³⁴ Hierdie groepie gevangenes het egter 'n eed gesweer dat hulle nie na St. Helena sou gaan nie en het gevolglik besluit om nog dieselfde aand te ontsnap.³⁵

Saam met hierdie vasbeslote groepie krygsgevangenes was nou ook Keppel de Meillion en 'n gesamentlike poging is feitlik voor die oë van die wagte onderneem. Terwyl 'n paar van hul makkers die wagte elders in 'n gesprek besig hou, was die res besig om 'n gat in die omheining te knip en een-een deur die opening te kruip. Ses-en-twintig het reeds uitgekruip toe die ontsnapping opgemerk word.³⁶ Daar is dadelik alarm gemaak en 'n soektog is onmiddellik op tou gesit. Die ontsnaptes het egter betyds versprei en in alle rigtings oor die Kaapse vlakte gevlug. Een van die ontsnaptes het Port Elizabeth bereik en op 'n Franse skip sy vryheid gevind.³⁷ Keppel de Meillion het in die Karoo langs gevlug waar hy die hulp van goedgesinde boere geniet het. Met 'n geleende fiets en later te voet, het hy verder gevlug en daarin geslaag om Transvaal te bereik waar hy by generaal Chris Botha se kommando aangesluit het. Hy het tot aan die

34. Ibid. Vgl. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 170. Vgl. The Cape Times, 9.4.1900.

35. Die Huisgenoot, 10.11.1944. Artikel deur P.J. Nienaber. Vgl. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, pp. 170-179.

36. Die Huisgenoot, 22.3.1946. Artikel deur D.F. du Toit. Vgl. Ibid., 10.11.1944. Artikel deur P.J. Nienaber. Vgl. skets van Bellevue, p. 124. Vgl. The Cape Times, 7.4.1900.

37. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, pp. 171-175.

einde van die oorlog op kommando gebly.³⁸ Van die ander ontsnaptes het ook Robertson weer Transvaal bereik, maar veertien van die voortvlugtendes is aangekeer. Twaalf het egter op vrye voet gebly.³⁹

'n Engelstalige Kaapse koerant plaas op 7 en 8 April 1900 'n regstelling van die eerste berig oor die ontsnapping en beweer dat slegs dertien gevangenes die vorige nag ontsnap het. "The prisoners escaped by cutting a fence under the bridge on which sentries were stationed. The chances of recapture of the prisoners now at large are very remote owing to the many Dutch sympathisers in the district."⁴⁰ Dieselfde koerant wys enkele dae later op die talle sensasionele gebeurtenisse in Simonstad, sedert die uitbreek van die oorlog, "but exciting as some of them have been, they were all entirely eclipsed on Friday night, when a large number of Boer prisoners of war made a daring - and in some cases successful - attempt to recover their liberty." Die koerant plaas voorts ook die amptelike verslag wat die militêre owerheid oor hierdie gewaagde ontsnapping vrygestel het. "An attempt to escape from the camp at Simon's Town was made by some of the prisoners of war confined there between six and seven o'clock yesterday evening, April 6.

38. Ibid. Vgl. Die Huisgenoot, 22.3.1946 en 10.11.1944. Die Brandwaq, 3.5.1946 en 10.5.1946. Artikels deur G.H. Jooste.

39. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, pp. 170-179. Vgl. V.A. (R.V.) 119.10. G.P. Kriek aan Renier, 5.8.1950; T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, pp. 71-72.

40. The Cape Times, 7 en 8.4.1900. Vgl. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, pp. 75-76. (Kopie van oorspronklike dagboek in besit van outeur van hierdie werk).

Twenty-six (26) actually succeeded in breaking out, of whom up to the present the troops have recaptured thirteen (13), of whom one was dangerously wounded."⁴¹ Lady Briggs beskryf hierdie ontsnapping as 'n "desperate effort made by the prisoners in the old camp to escape in which about thirty of them were successful."⁴²

In die plaaslike Engelse koerante het die talle geslaagde ontsnappings uit Bellevue, opskudding veroorsaak en behalwe dat die verhaal oor en oor beskryf is, het die pers die geleentheid ten volle benut om die deportasie van krygsgevangenes te propageer. In 'n sensasionele berig oor massa-ontsnapping, kom die beriggewer tot die gevolgtrekking: "It seems as if it would be neither peace nor safety for the civil population of the Peninsula until all the prisoners have either been placed on transports or sent to the island. Last night twenty-seven prisoners escaped from the new camp at Simonstown, only nine of whom were recaptured."⁴³

Daar was beslis baie bedrywigheid onder die krygsgevangenes in die Bellevuekamp in Simonstad. In een tent was daar die "ingang tot 'n ondergrondse beweging waar hulle druk besig was om 'n tunnel te graawe om onder die sinkmuur deur te duik."⁴⁴ Die uitgegraafde grond is snags in hulle baadjiesakke uitgedra en tussen die tente gestrooi. Na moeitevolle en angsvolle arbeid is die tunnel voltooi en

41. The Cape Times, 9.4.1900.

42. Briggs, Lady.: op. cit., p. 27. Vgl. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, pp. 76-77.

43. The Cape Argus, 9.4.1900.

44. T.A. Die Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, pp. 46-47. Vgl. T.A. Herinneringe van P.A. Kolver, p. 8.

die laaste bietjie grond moes slegs weggestoot word as die groot oomblik aanbreek. Alles was klaar gereël vir die betrokke nag, maar gedurende die dag is al die krygsgevangenes skielik buitenstyd byeen geroep, terwyl 'n sterk gewapende mag in die kamp stelling ingeneem het. Al die tente is met groot noukeurigheid deurgesnuffel en toe niks verdags gevind is nie, is daar met ysterpenne in die tentvloere gesteek en met pale oral op die vloere gestamp.⁴⁵ Uiteindelik is die tonnel ontdek, die inwoners van hierdie tent is gearrester en na die tronk in Groenpuntkamp gestuur. Verraad het hierdie deeglike voorbereide ontsnappingspoging laat verongeluk. Die verraad in eie geledere het baie krygsgevangenes verbitterd gelaat.⁴⁶

Geen moeite is hierna ontsien om die verraaier op te spoor en te straf nie. Hy is ook uiteindelik gevind en hy "was goed betaal om die vuilwerk te doen onder sy eie mense."⁴⁷ Die gevangenes het hom deeglik onder hande gekry en almal van die woedende skare wou help om die straf uit te deel. Toe troepe opdaag om hom te kom beskerm, "is die verraaier uit die lug die hek uitgegooi," verklaar J.D.T. Krynauw.⁴⁸

Op 8 Januarie 1900 verskyn 'n beriggie in 'n Engelse talige koerant van 'n "determined attempt to escape some time during last night." Een van die ontsnaptes is gou weer aangekeer, maar "the other two made good their escape

45. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 47.

46. Ibid. Vgl. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, pp. 74-75.

47. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, pp. 48-49.

48. Ibid., p. 50.

unless they were drowned."⁴⁹ Twee dae later meld dieselfde koerant 'n verdere ontsnapping aan. Die gevangene is egter gedurende die ontsnapping deur 'n wag doodgeskiet.⁵⁰

H. de Graaf meld in sy dagboek van 'n ontsnappingstonnel van ag-en-sewentig voet lank in Bellevue. Binnekant is die tonnel met hoepels, vir versterking en groter veiligheid uitgevoer. Vyf weke lank het die gevangenes met stukkieë plaat, 'n koffieketel en stukke hoepel aan die tonnel gegrawe. Ook hierdie groot onderneming het as gevolg van verraad uit eie geledere skipbreuk gely.⁵¹ Oor hierdie merkwaaardige ontsnappingstonnel skryf 'n koerant: "That the tunnel was a marvel of ingenuity there is no doubt, especially when it is remembered that all the earth removed in excavation was brought up by the prisoners in their pockets and furtively disposed of when they went down to bath. In fact it is stated that officers on inspection have frequently entered the identical tent where operations were in progress."⁵²

Kommandant A. Schiel het 'n baie oorspronklike poging aangewend om te ontsnap. Die nagvuil is snags in 'n groot tenk weggery. "Schiel was discovered inside the tank just as it was being taken out of camp."⁵³ Ewe vindingryk was die wyse waarop twee Skandinawiërs, C. Johanson en J. Pieterssen uit Bellevue ontsnap het. Terwyl die krygsgevangenes in die see geswem het, het die twee hulle onder die

49. The Cape Times, 8.1.1900.

50. Ibid., 10.1.1900.

51. De Graaf, H.: op. cit., p. 16.

52. The Cape Times, 15.3.1900.

53. Ibid.

sand laat begrawe en het deur rietjies in hulle monde lug gekry. Die aand toe dit donker genoeg was, het hulle uitgekruip en doodluiters al langs die see op die sand langs na vryheid aangestap.⁵⁴

Lady Briggs maak van twee verdere ontsnappings melding. In altwee die gevalle het die krygsgevangenes van tonnels gebruik gemaak. Vir die ondergrondse werkery is in die een geval selfs van die kampgereedskap gebruik gemaak, terwyl die ander tunnel met potdeksels gegrawe is. Groepies gevangenes is deur die tonnels na buite en het in die berge skuiling gesoek. Die meeste is egter gou weer aangekeer, maar sewe stuks het daarin geslaag om weg te kom.⁵⁵

Gaandeweg het dit egter vir krygsgevangenes moeiliker geword om uit die kamp te ontsnap as gevolg van verskerpte veiligheidsmaatreëls. J.J. Taljaard beweer: "Die Boere probeer op eenigge manier om ijt te kom maar is verniet."⁵⁶

Terwyl veelvuldige ontsnappings uit die Bellevuekamp plaasgevind het, het die gevangenes op die transportskepe in Simonsbaai die owerheid ook probleme besorg. Volgens 'n koerantberig in Februarie 1900, was daar nog eens 'n gewaagde ontsnapping van 'n skip af. Die berig skets die ontsnapping van J.F. Bothma. Hiervolgens het hy met behulp van 'n tou langs die kant van die Manilla tot in die water afgegely, terwyl sy maats die wagte se aandag elders besig gehou het.⁵⁷ Bothma het later self verklaar: "I was quite naked,

54. De Graaf, H.: op. cit., pp. 17-18. Vgl. Die Huisgenoot, 10.11.1944. Artikel deur P.J. Nienaber.

55. Briggs, Lady.: op. cit., pp. 28-30.

56. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard, p. 147.

57. The Cape Times, 9.2.1900. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 12.

and had fixed my clothes in a bundle on my back. I had a life-belt of which there were many on board."⁵⁸ Bothma het die kus veilig bereik, oor die Kaapse vlakke gevlug en Stellenbosch bereik. Te voet, soms te perd, of met enige ander geleentheid het hy daarin geslaag om Touwsrivier te bereik. Daar het hy hom as perdekoper in Britse diens voorgedoen, Matjesfontein bereik waar hy in die Britse kamp oornag het. Vandaar het hy in dieselfde trein waarin lord Roberts gereis het, sy reis voortgesit. Hy het uiteindelik Prieska bereik waar hy by Britse troepe van die ontsnapping van 'n sekere Bothma gehoor het. Na 'n lang omswerwing het hy Pretoria bereik.⁵⁹

Die pogings om hul vryheid te herwin het selfs aan boord van die transportskepe onderweg na onbekende oorde plaasgevind. Die planne aan boord was veel omvattender, meer verbeeldingryk en meer ambisieus, aangesien dit die oorname van die boot deur krygsgevangenes behels het. Dit het bekend geword dat een van die groepe krygsgevangenes onderweg na Bermuda, georganiseer het om op 'n gegewe oomblik die wagte te ontwapen en beheer oor die boot oor te neem, maar "soos daar maar altyd verraaiers onder ons was, was dit hier ook weer die geval." Die Britse offisiere is betyds gewaarsku en die leiers van die komplot is in hegte=

58. The Cape Times, 9.2.1900. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 12.

59. The Cape Times, 10.2.1900. Vgl. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, pp. 168-169; Die Brandwag, 17 Mei 1946, artikel deur G.H. Jooste.

nis geneem, geboei en in selle aangehou.⁶⁰

'n Tweede soortgelyke poging het op die Catalonia op pad na Ceylon plaasgevind. Die hele onderneming is haarfyn georganiseer en met goeie tydsberekening het dit ook prakties uitvoerbaar gelyk. Die inspeksie van krygsgevangenes deur ongewapende offisiere en die oggendparade van die troepe het gelyktydig plaasgevind. Die plan was gevolglik om die inspeksie-offisiere te oorweldig, uit die magasyn genoeg wapens te neem en die plek te beset en daarna die gewapende troepe op parade te oorrompel.⁶¹ Ongelukkig was verraad in die lug en die hele plan is volledig aan die Engelse verraai, sodat die poging in die kiem gesmoor en daardeur verydel is.⁶² Die naakte feit dat die krygsgevangenes se dodelikste vyande steeds hul eie mense was, is hiermee weer eens duidelik onderstreep.

* * *

Uit die oogpunt van ontsnappingsmoontlikhede was daar ongetwyfeld min plekke waar die kanse geringer was as in die Bermudas om uit die net van die vyand te ontkom. Net om uit die doolhof van ongeveer drie honderd en vyftig eilandjies - sommige verlate en onbewoonde plekke - te kom, sou reeds 'n merkwaardige prestasie wees. Tog het talle krygsgevangenes ook hier probeer ontsnap.

I.J. du Toit vertel van 'n mislukte ontsnappingspoging

60. V.A.(R.V.) 119.278. I.J. du Toit - Renier, 5.8.1950. Vgl. ook, T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, pp. 71-72; Benbow, Colin.: op. cit.

61. Reisverhaal van W.H. Steyn, p. 15.

62. Ibid., pp. 15-16.

waarby gevangenes in Bermuda betrokke was. As straf is hulle in boeie geslaan en sewentien maande lank in daardie toestand gevange gehou.⁶³ 'n Oud-krygsgevangene maak melding van 'n groot aantal ontsnappingspogings in Bermuda. 'n Duitser het van sy kamp na die hoofeiland geswem in 'n poging om weg te kom, maar is reeds die volgende dag weer betrap en na die kamp terug gebring.⁶⁴ Twee Hollanders het ook uit hulle kamp weggekóm, nie soseer om te ontsnap nie, maar om te gaan briewe pos, ten einde die sensor vry te spring. Hulle is ook betrap. Dit was duidelik dat 'n ontsnapping sonder hulp van buite bykans 'n onmoontlike prestasie sou wees.⁶⁵ Colin Benbow se navorsing bevestig ook die feitlike onmoontlikheid van ontsnapping uit die Bermudas.

Daar is wel enkele bekende gevalle waar gevangenes uit Bermuda hulle vryheid herwin het. Die geval van F.J. du Quasney is reeds genoem. Die tweede geslaagde poging was die van 'n ene, Du Plooy. Hierdie krygsgevangene het op 5 Julie 1901 sy goedjies in 'n bondel gepak en om die Warwickkus na die S.S. Trinidad geswem. Aan boord van die skip het hy hom versteek en as verstekeling het hy Nieu York bereik waar hy hom aan die immigrasiebeamptes oorgegee het. Hulle het hom vrygelaat.⁶⁶ Mede-krygsgevangenes het egter hulle bedenkinge oor sy ontsnapping gehad. "Du Plooy het weggekóm.

63. V.A. (R.V.) 119.278. I.J. du Toit - Renier, 5.8.1950.

64. Die Huisgenoot, 10.11.1944. Artikel deur P.J. Nienaber.

65. Ibid.

66. Benbow, Colin.: op. cit. Vgl. ook, Elwes, K.W.: The Boer Prisoners of War in Bermuda, p. 989.

Hy sal alleen weet hoe," beweer F. Combrink.⁶⁷ Dieselfde gevangene beweer later dat Du Plooy met Britse hulp uit Bermuda "ontsnap" het. Hy beweer dat Du Plooy gedurende die reis na Bermuda die beplande muitery aan die Engelse verrai het en uit vrees vir weerwraak hom gehelp het om te "ontsnap".⁶⁸

Du Plooy self vertel 'n gans ander verhaal. Na sy terugkeer in Suid-Afrika het hy in die C.J.V. in Villiersdorp vertel dat hy gedurende sy gevangenskap baie goed leer swem het, juis met die oog op moontlike ontsnapping. Toe daar 'n Russiese boot ongeveer drie myl van die kus af buite die hawe geanker was, het drie van die krygsgevangenes daarheen begin swem. Hy het die boot gehaal en hom daarop versteek. Met 'n kruier op die boot het hy maats gemaak en van hom kos gekry. Nadat sy ontsnapping ontdek is, is dié Russiese skip deur Britse beamptes deursoek, maar Du Plooy het hulle ontduik. Aan die Russiese kaptein moes hy belowe om nie van die boot af te probeer ontsnap nie. Buite die Britse gebiedswater kon hy vry op die boot beweeg en is hy goed behandel. Die Russe het hom in die Verenigde State afgelaai.⁶⁹

'n Burger, A. de Wet, het ook daarin geslaag om 'n boot te bereik en is as verstekeling daarop uit die Bermudas. Ook hy het Nieu York as 'n vry man bereik. Die berig oor hierdie ontsnapping het beroering in die Amerikaanse

67. V.A.(R.V.) 119.1155. F. Combrink - Renier, 22.3.1966.

68. V.A.(R.V.) 119.1163. F. Combrink - Renier, 21.11.1959.

69. V.A.(R.V.) 119.1162. G.A. Roux - Renier, 23.11.1959. Vgl. ook, K.A. Aantekeninge van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 171.

pers veroorsaak.⁷⁰ 'n Duitse krygsgevangene, ene Albrecht, het van Darrells ontsnap en van eiland tot eiland geswem en uiteindelik die hawe bereik waar hy hom as stoker op een van die skepe voorgedoen het en as stoker op die S.S.Trinidad het hy Nieu York bereik waar hy deur die immigrasiebeamptes vrygelaat is.⁷¹

Pogings om te ontsnap, was daar veelvuldig, maar die verkreeë vryheid was in die meeste gevalle van korte duur. Vier gevangenes het van Darrells na die Warwickkus geswem en na die binneland begin aanstap. Ongelukkig is die eiland so klein dat hulle weldra die kus aan die anderkant van die land bereik het. Daar het een van die eilandbewoners die polisie van die ontsnaptes verwittig, hulle is gearresteer en in Hamilton in die tronk aangehou.⁷² Die ontsnappingspogings met so min hoop op sukses was vir die Britse gesag tog ergerlik en as teenmiddel teen sodanige pogings het die owerheid geldelike beloning aan persone wat inligting oor ontsnappings verskaf, uitgeloof.⁷³

'n Ander groepie burgers het ook van Darrells na Warwick geswem en daarvandaan na Hamilton geloop. Vandaar is hulle met gehuurde kar en perde na Baileysbaai, onder voorwendsel dat hulle matrose is, op pad na hulle boot in die hawe. Die polisie was egter kort op hulle hakke en hulle het in verskillende rigtings gevlug. Een van die ontsnaptes is by die hek van Anna Maria Outerbridge se huis gear-

70. New York Evening Post, 14.4.1902.

71. New York Daily Tribune, 1.7.1902.

72. Benbow, Colin.: op. cit.

73. Royal Gazette, 13.7.1901.

rester. Al die ander is ook kort daarna aangekeer.⁷⁴ Hier=
na is 'n wet in Bermuda uitgevaardig wat dit 'n strafbare
oortreding maak om enige hulp aan ontsnaptes te verleen.⁷⁵

Die interessantste poging was moontlik die van 'n bur=
ger wat helder oordag probeer wegkom het. Hy het gate in
'n kas gesny en met die kas oor sy kop begin swem. Deur
die gate kon hy genoeg lug kry. Die vindingryke burger het
egter nie met die inkomende gety rekening gehou nie en die
kas het teen die gety al verder van die kus af gedryf. Tot
sy uiterste verbasing het die wag opgemerk dat hierdie kas
teen die gety en teen die wind beweeg. Toe die gevangene
uiteindelik die kus van Warwick bereik, het die soldate hom
reeds staan en inwag.⁷⁶ Baron Von Kaynach het van Portts
af ontsnap en Warwick veilig bereik, maar hy is uiteindelik
by die huis van Herman Recht⁷⁷ gearresteer.⁷⁸

Die probleem van die waaghalsiges was juis dat die kanse
op sukses uiters gering was. Gewoonlik is hulle baie gou
weer gevange geneem. Hoe dit ook al sy, die Britse owerheid
het die ontsnappings in die Bermudas gevrees, veral omdat
dit die openbare mening in die Verenigde State verder nade=
lig teen Engeland kon beïnvloed, en "werden wij dientenge=
volge meer in banden gelegd dan anders het geval zou geweest

74. Ibid., 24.9.190.

75. Bermuda Laws (1901) No. 38, p. 1390.

76. Benbow, Colin.: op. cit.

77. Herman Recht, 'n burger van Bermuda, van Duitse af=
koms, was 'n juwelier te Hamilton. Hy en sy vrou,
Selma, was van diegene wat openlik met die Boere=
krygsgevangenes gesimpatiseer het en alles in hulle
vermoë gedoen het om tot die heil en geluk van die
krygsgevangenes by te dra. Hulle was lede van die
Boer Relief Committee.

78. Benbow, Colin.: op. cit.

zijn."⁷⁹ Sonder goeie hulp van buite was dit tevergeefse moeite, "and those who made the attempt soon found that the additional severity of their confinement after escape from camp proved the game not worth the candle."⁸⁰

M. Coetzee, 'n oud-krygsgevangene, vertel hoe hy en twee maats probeer ontsnap het. Gedurende die nag het hulle van Morgans af, tussen die soekligte van die wagskepe deur geswem. Hulle het die vasteland bereik en by gewaande goedgesinde mense skuiling gesoek. Hulle weldoener het hulle egter gerapporteer en die soldate het hulle daar kom haal.⁸¹ Van Burtts af het 'n ander groepie probeer wegkom deur na 'n Amerikaanse boot te swem. Dit het egter misluk, "en is almal wat daaraan deelgeneem het weer gevang en na 'n klein kampie by Tucker's eiland geneem en daar in boeie geslaan." Daar is hulle maande lank geboeid gehou. Een van hulle, F. Bosch, is deur wagte doodgeskiet nadat 'n gesamentlike ontsnappingspoging na 'n afspraak met die wagte, misluk het.⁸²

In hulle tevergeefse ontsnappingspogings het die krygsgevangenes van die Bermudas selfs die elemente soms teen hulle gehad. "I made one attempt to escape," skryf Rudolph Opperman, "but I had hardly left the island when a tropical storm sprang up and after floating around in the ocean for about 4 hours I was more than thankful when I arrived at my

79. K.A. Aantekeninge van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 171.

80. Elwes, K.W.: op. cit., p. 989.

81. V.A.(R.V.) 119.1008. M. Coetzee - Renier, 26.8.1958.

82. V.A.(R.V.) 119.278. I.J. du Toit - Renier, 5.8.1950.

starting point."⁸³ Ten spyte van die talle vorige mislukings het die krygsgevangenes op Bermuda telkens weer probeer, waarskynlik in die hoop dat hulle gelukkiger as hul voorgangers sou wees. Naas die avontuurlike en die verwagting dat hulle wel sou wegkom, kan dit ook wees dat hul herhaalde pogings daarop gemik was om die Britse gesag uit te tart.

* * *

Uit die kampe op St. Helena het krygsgevangenes ook herhaaldelik hulle vryheid herwin, net om weer kort daarna opnuut in die vyand se hande te val. In die dagboek van H. de Graaf deel die skrywer mee van 'n gesamentlike ont-snappingspoging deur kommandant S. Eloff, H. Everitt, W.F. Smith, Otto Möller en Christensen. Uit hul kamp is hulle na Sandy Bay waar hulle probeer het om 'n bootjie van die vissers te koop. Hulle het beoog om 'n skeepsroete met die bootjie te bereik. Daar sou hulle dan ronddobber in die hoop om deur 'n skip van 'n goedgesinde nasie opgepick te word en moontlik hulle eie land te bereik. Die vissers het egter die Britse owerheid daarvan verwittig met die gevolg dat die groepie betrap en onder gewapende geleide kamp toe gestuur is. Hulle is tot hardepad veroordeel.⁸⁴

'n Paar krygsgevangenes, onder andere, J. Balderacchi,

83. Brief van Rudolph Opperman, 18.11.1934 (In Engels). (Afskrif in besit van outeur van hierdie proefskrif)

84. De Graaf, H.: op. cit., pp. 57-58. Vgl. ook, Scholtemeijer, H.: Die Balling oor die See. Uit die dagboek van 'n krygsgevangene, pp. 51-52; Kamp=kruimels, 7.2.1901; Gosse, Philip.: St. Helena, 1502-1938, p. 109.

het met die werktuigkundige van 'n besoekende skip kennis gemaak en sy samewerking gevra. Hy was gewillig om hulle met 'n ontsnapping behulpsaam te wees, maar hulle moes sorg dat hulle sonder sy hulp op die boot kom. Met die eerste poging om die boot wat ver buite die hawe voor anker gelê het, te bereik, het hul kragte kortgeskiet. Met behulp van 'n sinkvat het hulle die volgende nag daarin geslaag om die boot te haal en is toe daarin versteek. Hulle is ongelukkig in hulle skuilplek gevind en terug na die kamp gestuur waar hulle tot sewe dae tronkstraf veroordeel is.⁸⁵

H.A. de Haas en H. Mulder het met 'n meer ambisieuse plan voor die dag gekom. Vooraf is sorgvuldig met hul maats gereël om op 'n sekere plek langs die kus 'n groot voorraad voedsel en water op te berg. Daar sou die twee ontsnaptes dit later kom oplaai. Daarna het die twee na 'n skoener wat naby die kus geanker was, geswem en met die vinnige boot sou hulle probeer ontvlug. Die windrigting was egter teen hulle guns en as gevolg daarvan kon die twee nie die kus bereik om hul voorraad in te laai nie. Hulle boot is steeds dieper in die see in gevoer. Daar is hulle opgemerk en deur 'n oorlogskip agternagesit, gevange geneem en terug na die kamp gebring. Hulle is beboet vir die diefstal van die skoener. Dié boete is egter deur hulle vriende gekollekteer en betaal.⁸⁶

Op 17 Februarie 1902 het reedsgenoemde Balderacchi

85. De Graaf, H.: op. cit., p. 58. Vgl. ook, Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 259.

86. De Graaf, H.: op. cit., pp. 58-59. Vgl. ook, Scholtemeijer, H.: op. cit., p. 53; Knight, E.F.: With the Royal Tour, p. 296.

weer eens 'n poging aangewend om te ontsnap. Hy het na 'n Spaanse skip, die Nautilus, geswem hom daarop versteek en weggekrom. Hoewel daar naarstiglik na hom gesoek is, het hy daarin geslaag om die Verenigde State te bereik.⁸⁷

Kommandant J. Smorenburg het waarskynlik die oorspronklike plan beraam om uit gevangenskap te ontsnap. Hy het met groot sorg 'n kas gemaak, veronderstel om kuriositeite in te versend, aangesien dit in Europa hoog in aanvraag was. Binne-in die kas het hy 'n voorraad water en kos gebêre, die kas toegespyker en dit deur die doeane op 'n skip gekry.⁸⁸ Gedurende die nag het Smorenburg na die skip geswem, sy kas gevind, die een kant oopgemaak en hom binne-in so goed as moontlik tuis gemaak. Die boot het vertrek en die vlugteeling was onderweg na vryheid. Snags het hy uit sy skuiling gekom om te ontspan en sy stram litte los te kry. 'n Kelner het egter die "spook" in die skeepsruim gewaar en dit by die skeepsowerheid gerapporteer. 'n Paar keer is die skeepsruim deursoek. Kort voor Madeira is Smorenburg in sy skuilplek gevind, gearresteer en na St. Helena teruggestuur waar hy in High Knoll Fort aangehou is.⁸⁹

Kommandant A. Schiel het probeer om met 'n Hollandse boot weg te kom. Hy het met die skeepskaptein oor 'n ontsnapping onderhandel en 'n brief in die verband aan hom geskryf. Hierdie Hollandse kaptein het die brief dadelik aan die Engelse oorhandig. Daarop is Schiel gearresteer en in

87. De Graaf, H.: op. cit., p. 60.

88. Ibid., p. 59.

89. Ibid., pp. 59-60. Vgl. Die Vaderland, 2.9.1965; Die Brandwag, 8.11.1940. Artikel deur R.F. Aling.

Fort High Knoll opgesluit.⁹⁰ Die probleem waarmee die krygsgevangenes deurgaans te kampe gehad het, is hier ook weer duidelik onderstreep. Sonder hulp van andere was 'n ontsnapping haas onmoontlik, maar telkens is hulle deur so= genaamde vertrouelinge verraai.

Seker die opsienbarende ontsnapping op St. Helena, uit gevangenskap, het juis uit High Knoll Fort plaasgevind. Vyf krygsgevangenes wat hier opgesluit was, het 'n tunnel uit die fort na buite gegrawe en hulle vryheid verkry. "De vyf vluchteling ginge gingen naar Jamestown en kwamen Zondag= morgen weer naar 't fort terug. De sentry vroeg hen naar hun pas om in te gaan. Zy antwoorden dat zy in 't fort thuis waren."⁹¹ Hierdie groepie was sonder twyfel met 'n goeie humorsin bedeed.

Dit was egter vir die krygsgevangenes op St. Helena duidelik dat hulle nie in staat was om van die eiland af te ontsnap nie. Selfs al kon een moontlik wegkom, kon ontsnap= pings nooit sodanig plaasvind dat noemenswaardige getalle hulle pad na hul vaderland sou kon vind nie.

* * *

Wat van kampe en ontsnappings in Bermuda en in St. Helena waar was, was in 'n hoër mate waar van die kampe in Indië. Diep in die hart van hierdie kontinent, honderde myle van die see, was sommige van die kampe geleë. Verder het die Britse owerheid aan die verarmde Indiërs geldpryse

90. Scholtemeijer, H.: op. cit., p. 51. Vgl. ook, Kotzé, C.R.: My Ballingskap, p. 40.

91. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 142.

uitgeloof vir elke ontsnapte wat hulle aankeer en aan die owerheid terug besorg.⁹² Die gevolg was, dat hulle besonder waaksaam was, aangesien die paar rupees wat hulle kon verdien, vir hulle uiters waardevol was. Tog het krygsgevangenes herhaaldelik probeer om uit hul gevangenskap te ontvlug.

'n Paar Boere het daarin geslaag om uit Trichinopoly te kom, maar is na geweldige ontberings weer aangekeer en terug na die kamp gebring.⁹³ Die grootste probleem was om weg te kom uit die omgewing van die kampe. Indië was Britse gebied, die kampe was goed bewaak en Indiërs was gedurig op die uitkyk om Boere-ontsnaptes op te spoor om die beloofde bietjie geld te verdien. Dit was maklik om 'n blanke op te merk en verder het die taalkwessie 'n onoplosbare probleem vir vlugteling geskep. Onder hierdie omstandighede sou hulle die kus beswaarlik kon bereik.

Die mislukking van genoemde pogings uit Trichinopoly, het tot 'n veel meer verbeeldingryke plan aanleiding gegee. Onder leiding van landdros G.G. Munnik en kommandant L.E. Krause, is 'n nuwe ontsnappingspoging aangewend. Hulle hut was ongeveer dertig voet van die kaserne van die wagte af. Daar was ook al die wapens en ammunisie gebêre. Die gevangenes het gevolglik 'n tunnel tot reg onder die kaserne beplan. Op die manier sou hulle in die kaserne kom, die wapens neem, die paar wagte oorweldig en gewapend sou hulle in staat wees

92. Brink, J.N.: Ceylon en de Bannelingen, p. 122.
Vgl. ook, Knight, E.F.: op. cit., p. 62.

93. Die Huisgenoot, 30.12.1949. Artikel deur P.H.C. Pohl.

om Franse gebied te bereik.⁹⁴ Weke lank is versigtig, maar hard gewerk en volgens hulle berekening was hulle tunnel reeds onder die heining deur. Skielik op 'n dag verskyn 'n offisier en troepe in die tent waaruit die tunnel begin is en na 'n soektog is die ontsnappingsroete ontdek. Vermoedelik is die Engelse deur 'n nuusdraer gewaarsku.⁹⁵

M.A.A. Galloway maak melding van twee Duitsers wat uit Trinopolis ontsnap het en na baie ontberings daarin geslaag het om Rangoen te bereik waar hulle uiteindelik betrap is.⁹⁶

Skynbaar 'n maklike ontsnapping uit die kamp is deur twee Boere uit Trinopolis bewerkstellig. Naby die kamphek was die sportterrein met 'n klein geboutjie as bêreplek vir alle sportapparaat. Die krygsgevangenes het elke middag op genoemde terrein gaan ontspan, of aan sport gaan deelneem. Die gevangenes het baie gou opgemerk dat hulle nie getel word as hulle in- of uitgaan nie. Die betrokke twee Boere-offisiere het die middag na oefening in die geboutjie agtergebly, maar is toe verhinder om weg te kom.⁹⁷ Die geboutjie was so naby die Engelse woonkwartiere geleë dat die twee ontsnappes nie vroeg genoeg kon wegsloop om die vroeë goederetrein te haal nie. Laat in die nag kon hulle eers weggom en word onderweg deur 'n verdere teëspoed getref toe hulle 'n Britse soldaat langs die pad teëkom. By die kamp het hy dadelik alarm gemaak en 'n soektog is na die twee op

94. Ibid.

95. Ibid.

96. Galloway, M.A.A.: South African War. Boer Prisoners in Ceylon, pp. 191-192.

97. Van Rooyen, H.L.: Ek was 'n Krygsgevangene in Indië in 1902, pp. 20-21. Vgl. ook, De Villiers, J.L.: Hoe ek ontsnap het, pp. 23-24.

tou gesit. Intussen het die twee Boere naby die stasie geskuil en eers die volgende nag het hulle die trein probeer haal. By die stasie is hulle opgemerk en gearresteer.⁹⁸

Twee Vrystaters wat ook uit die kamp ontsnap het, het daarin geslaag om die vyand en agtervolgers 'n paar dae lank te ontduik en toe hulle uiteindelik betrap is, is hulle tot ses-en-vyftig dae hardepad veroordeel.⁹⁹

Die merkwaardigste ontsnapping uit 'n Indiese kamp was ongetwyfeld dié van J.L. de Villiers uit Trichinopoly. Die dubbele omheining met die deurgevlegte en doringtakversperde niemandsland tussenin, het dit onmoontlik gemaak om hierdeur te probeer ontvlug. Die enigste uitkomplek was by die hek by die waghuis waar daar uiteraard gedurig wagte aan diens was. De Villiers het opgemerk dat 'n sekere koeliekarretjie elke middag op dieselfde tyd by die hek uitgaan, sonder dat veel ag daarop geslaan word. Nadat hy dit 'n lang tyd dopgehou het, het hy die prosedure by die hek goed geken. Hy het gevolglik besluit om in 'n koelievermomming te ontsnap.¹⁰⁰ Langs allerlei omweë het hy in besit van 'n volle mondering gekom.¹⁰¹ Hy moes baie versigtig te werk gaan om die regte uitspraak van die name van die stasies waarheen hy treinkaartjies moes koop, te bemeester. Niks vermoedend het die koelie wat vir hom gewerk het, hom dit alles geleer.¹⁰² Op die beplande dag het 'n getroue makker

98. Van Rooyen, H.L.: op. cit., pp. 20-21. Vgl. De Villiers, J.L.: op. cit., pp. 23-24.

99. Van Rooyen, H.L.: op. cit., p. 22. Vgl. De Villiers, J.L.: op. cit., pp. 25-26.

100. Ibid., pp. 29-30.

101. De Villiers, J.L.: op. cit., pp. 31-35.

102. Ibid., pp. 42-43.

hom swart gesmeer en daarna alle spore van die bedrywig-
hede verwyder. Soos 'n egte koelie het De Villiers na die
hek begin aanstap, terwyl krygsgevangenes oor die vreeslike
swart koelie aanmerkings maak. By die hek is hy sonder
enige probleme deurgelaat en het hy die stasie bereik, 'n
kaartjie gekoop en die trein bestyg. Daar het hy hom as
doofstomme voorgedoen, sodat sy spraak hom nie sou verraa-
nie. By die naaste stasie aan Franse gebied het hy afgeklim
en was hy te voet op pad na vryheid. Hoewel hy nie seker
was van die presiese grens nie, het hy uiteindelik besef dat
hy wel op Franse gebied en 'n vry man was.¹⁰³ In Pondicher-
ry is hy deur die Franse goewerneur met oorweldigende gees-
drif begroet en vandaar in Franse sorg verder geneem. In
Madras, op Franse gebied het hy 'n Engelse berig oor sy eie
ontsnapping gelees: "De Villiers will perhaps be able to
elude the vigilance of his pursuers for some time, but we
doubt whether he will be able to get into French territory."¹⁰⁴

Tielie Roos en Japie van Straaten het 'n soortgelyke
ontsnapping probeer en elkeen in die mondering van 'n Indiër
probeer wegkom. Die vermomming het hulle gehelp om uit die
kamp te kom en met "roll call" het hulle maats op hulle plek-
ke gaan staan om hulle 'n beter kans te gee om weg te kom.
Hulle kon egter nie daarin slaag om die kus te bereik nie
en is aangekeer en terug kamp toe geneem.¹⁰⁵

* * *

103. Ibid., pp. 67-68. Vgl. ook, Die Huisgenoot,
30.12.1949. Artikel deur P.H.C. Pohl.

104. Van Rooyen, H.J.: op. cit., p. 50.

105. V.A. (V.R.) 119.1-119.10. G.P. Kriek - Renier, 6.4.1949.

Ook die kampe in Ceylon was, sover dit kanse op ontsnapping bied, so goed omhein en so deeglik bewaak, dat dit bykans onmoontlik was om deur die omheining te probeer uitkom. Ten spyte van die veiligheidsmaatreëls was daar tog herhaaldelik diegene wat hulle geluk op die proef gestel het en die onmoontlike probeer bereik het. Ondanks die dooringdraadversperrings om die kamp en die elektriese verligting gedurende die nag, ontsnap die krygsgevangenes tog, net om spoedig weer gevang te word, "meesal door gedienslike koelies die er wat voor kregen."¹⁰⁶ Daar was ook gevalle waar die gevangene gedurende die ontsnappingspoging doodgeskiet is, alhoewel die krygsgevangenes hierdie bewering sterk betwyfel het. Een sodanige geval was die van 'n Oostenryker wat volgens Britse bewering, een nag probeer ontsnap het en toe doodgeskiet is: "Het is mogelyk," skryf J.N. Brink, "dat hy getrach had te ontsnappen, maar het schot vond hem binnen de omheining."¹⁰⁷

Twee Duitsers, Reichardt en Perschland het uit Diyatalawa ontsnap deur doodluiters by die kamphek uit te stap en 'n trein na Colombo te haal. Daarvandaan het hulle hul reis na Rangoen voortgesit. Daar is hulle opgemerk en gearresteer.¹⁰⁸ Twee Boere, W.J. van Zyl en J.F. Corbett het ook daarin geslaag om uit hul kamp weg te kom. Bedags het hulle weggekruip en snags geloop. Hulle het uit kos geraak en was deur uitputting verplig om hulp te soek. Hulle is ge-

106. Brink, J.N.: Ceylon en de Bannelingen, p. 122.

107. Ibid., p. 122.

108. Ibid., p. 122. Vgl. ook, Brohier, R.L.: The Boer Prisoners-of-War in Ceylon (1900-1902), p. 32; The Cape Argus, 17.4.1937. Artikel deur J.C. Caminada.

rapporteur en gearresteer.¹⁰⁹ Twee jong Boere, J.J.T. Thomasse en C.P. Cronje het ook daarin geslaag om uit die kamp te kom, maar is gou ingehaal en terug na die kamp geneem.¹¹⁰

'n Fransman het dit selfs reggekry om uit Ragama te ontsnap. Hy het al langs die treinspoor aangestap, op pad na Colombo. Hy is deur inwoners opgemerk en dadelik agtervolg. Hy het probeer vlug, maar was uiteindelik verplig om die saak gewonne te gee. Na sy terugkoms in die kamp is hy tot negentig dae eensame opsluiting gevonniss.¹¹¹

Die skrywer, R.L. Brohier noem 'n totaal van twee-entwintig ontsnappings uit Diyatalawa alleen, maar hy stel dit ook as 'n feit dat die ontsnaptes elke keer in die onmiddellike omgewing van die kamp reeds betrap is.¹¹² Dit bevestig die feit dat krygsgevangenes tevergeefs probeer wegkom het. "The few prisoners who attempted to escape were all recaptured, and the natives, whose vigilance it is difficult to elude, prompted by the rewards that are offered, keep a good look-out for fugitives."¹¹³

Die merkwaardigste en mees verbeeldingryke ontsnapping uit krygsgevangenskap was seker die van die vyf Boere, Willie Steyn, G. Steytler, L. Steytler, E. Haüsner en P. Botha, uit die hawe van Colombo. Na herhaalde mislukte pogings vroeër, was hierdie groepie manne uiteindelik veilig in die hawe en was die ontskeping van krygsgevangenes reeds aan die gang.

109. Brohier, R.L.: op. cit., pp. 31-33.

110. Ibid., p. 33.

111. Ibid., pp. 33-34.

112. Ibid., p. 31.

113. Knight, E.F., op. cit., p. 62.

Willie Steyn en sy makkers moes die volgende môre aan wal gaan, waar die kanse vir ontsnapping uiteraard gering sou wees. Naby die Britse transportskip het 'n Russiese en 'n Franse skip voor anker gelê. Hierheen sou die krygsgevangenes moes swem, as hulle wou ontsnap. 'n Plan is haastig en tog met goeie oorleg gesmee en 'n gesamentlike ontsnappingspoging deur die vyfstuks is georganiseer.¹¹⁴ Omstandighede was gunstig, want 'n dik stroom water het met 'n groot geraas uit die skip se masjienkamer in die see gestort, sodat enige geraas deur die vlugteling noulks hoorbaar sou kon wees. In afwagting op die geskikte geleentheid is die vyf makkers na die skeepsruim, terwyl 'n vriend waghou. Louw Steytler is eerste weg en intussen verkeer die ander in groot onsekerheid. "Terwyl wy nog daar waren, kwam Van Asweden naar beneden om ons te vertellen dat Louw Steytler weggegaan was en blykbaar de uitkyken veilig was voorby gekomen."¹¹⁵ Een-een, maar met lang tussenpouse is de krygsgevangenes van die Britse skip af, maar terwyl die oorblywendes wag, laai die spanning steeds hoër op. Alles kon nog misluk en soos talle kere tevore kon verraad die hele onderneming verongeluk. "Het is onmogelyk ons gevoelens op dat oogenblik te beschryven, getuig Willie Steyn. "Wy zaten allen dood stil met luid kloppende harten, luisterende om het geringste geluid op te vangen, nieuwsgierig of wy ook zouden door komen als onze beurt kwam."¹¹⁶ Willie Steyn het die laaste gegaan, veilig die water bereik en onmiddel-

114. Reisjoernaal van W.H. Steyn, p. 21.

115. Ibid., p. 22.

116. Ibid., p. 22.

lik na die Franse boot koers gekies. "Tot op dit ogenblik," skryf Steyn, "voelde ik een opgewonden, maar plotseling werd ik dood kalm." Toe kry hy egter onvoorsiene teëspoed. "Ik was nog op eenige afstand daarvan verweiderd, toen ik hun anker keten hoorde ratelen, het geen my zeide dat men het anker lichtte."¹¹⁷ Vandaar het hy hom gevolglik in die rigting van die Russiese boot gekeer, waar hy in 'n uitgeputte toestand aangekom en deur matrose na die dek opgetrek is. "Twee groot Russiese matrozen grepen my by myn armen als of ik een kind was, en licht my op het dek. Een vry man. Een nieuw leven door trilde my. In een ogenblik had ik al de vermoeyenis en het gevaar van de laatste paar uren vergeeten."¹¹⁸ Kort hierna vind hy sy vier maats wat reeds vroeër daar aangeland het. "Wy gaven elkander de hand, en kunt gy ons laken als wy u vertellen, dat ons stemmen een weinig hees waren en onze oogen een weinig vochtig," skryf Willie Steyn.¹¹⁹ Verdere beproewende omstandighede het egter nog vir hulle voorgelê, voordat hulle weer vaderlandse bodem betree het.¹²⁰

Oor hierdie merkwaardige ontsnapping beweer S.J. Burgers, 'n mede-krygsgevangene, dat daar vroeër die dag met die Russe geheime onderhandelinge plaasgevind het en "de Captyn van de Rüsse-schip laat aan hen terüg weten dat hy hün zal ontvangen en ook dat hij zal wachten tot 12 üür de nach."¹²¹ Sy verdere beskrywing van die werklike ontsnap-

117. Ibid., pp. 23-25.

118. Ibid., p. 27.

119. Ibid., p. 29.

120. Vir vollediger besonderhede van die merkwaardige gebeurtenis, sien Visagie, L.A.: Terug na Kommando.

121. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 107.

ping stem met die van Willie Steyn ooreen, maar hy noem 'n verdere feit, naamlik dat hulle, "goed voorzien van zwembelten en hun geld, zakte zij één voor één zoo zaggies als maar mogelijk met een lijn langs de schip af en zwommen na de Russe schip."¹²²

Van hierdie beweerde vroeëre onderhandelinge maak geen ander persoon, insluitende Willie Steyn, melding nie en kan waarskynlik aanvaar word dat dit die gevolgtrekking is waartoe die agtergeblewenes uit eie beweging gekom het, aangesien hulle beswaarlik sou kon glo dat so 'n ontsnapping sonder hulp van buite moontlik was. Die mede-gevangenes wat hulle agterna in die ontsnapping kon verlustig, sou die hele gebeurtenis in 'n waas van romantiek klee. Uit Willie Steyn se eie vertelling is dit duidelik dat hy na die Franse skip gevlug het en slegs deur die boot se vroeë vertrek na die Russiese skip gedwing is. Dit is wel interessant dat S.J. Burgers die gebruik van swemgordels noem, want dit het haas onmoontlik gelyk dat ongeoefende swemmers dit in die see sou waag sonder hierdie hulpmiddels.

Die ontsteltenis en konsternasie op die Catalonia, die volgende môre, kan moeilik voorgestel word. "De volgende morgen was er een heele paniek, over wat gebeurd zijn de corperaal Jan Richter van de tavel waar de weglopers bij was, word dadelijk in de cel tronk gestop en de heer Piet van As wegen een van hun zij maats word voor de Engelse cornel gebracht toen hy alles vertelde hoe zij van de schip

122. Ibid., pp. 107-108.

kwamen."¹²³

In amptelike Britse stukke word drie verdere ontsnappings vermeld. In 'n opgawe van 2 Mei 1902 word die ontsnapping van G. Grey genoem. Hierdie krygsgevangene "escaped from Bombay on the 24th April 1901 while being disembarked from the transport Hawarden Castle." Hy is blykbaar nie opgespoor nie, want die berig lui voort: "Believed to be an old inhabitant of Bombay; supposed whereabouts cannot be traced."¹²⁴ Walter Hoffman van Bellary is deur 'n wag doodgeskiet toe hy uit die hospitaal probeer ontsnap het.¹²⁵ P.D. Moll van Shahajehanpur het waarskynlik na Holland uitgewyk onderwyl hy vir mediese behandeling onderweg na Engeland uit bewaring ontsnap het.¹²⁶

Daar was egter sekere aspekte van ontsnappings waaroor daar onsekerheid, ontsteltenis en soms verbittering was. Generaal Paul Roux het daaroor 'n skrywe aan die goewerneur van Ceylon gerig om sy ontevredenheid te lug en tegelykertyd van hom sekere inligting te kry. Hy skryf: "A reward is offered for the recapture of the prisoners escaping from the enclosure. The moment an escape has been effected the escaped can no longer be considered a P.O.W. but a combatant of the two Republics and as such justified to defend himself against those attempting to recapture him, especially against the black non combatants. This we understand has been done

123. Ibid., p. 108. Vgl. ook, T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, p. 39.

124. H.C. Vol. 84. Return of casualties among Boer Prisoners located in India up to and for the 23rd April 1902.

125. Ibid.

126. Ibid.

and the recaptured condemned to hard labour, as in the case of P.O.W. Tulley. We were not even aware that escapes deserved punishment. Other prisoners have likewise been condemned to hard labour for a shorter or longer period upon alleged provocation, without granting the accused a proper defence."¹²⁷

Dit is twyfelagtig of die Britse owerheid hom veel aan die besware van generaal Roux gesteur het. Op 1 Februarie 1902 vermeld die goewerneur van Ceylon in 'n skrywe dat drie krygsgevangenes hulle parool verbreek het en voeg dan by: "I do not think that they had any intention of escaping, but merely wandered along the high road through curiosity." Ten spyte van die feit dat die goewerneur hulle eintlik vryspreek van 'n poging om te ontsnap, en gesien in die lig van die feit dat dit hul eerste oortreding was, "the prisoners of war have been sentenced to 112 days hard labour."¹²⁸ Waar die hele kwessie van strafbaarheid van krygsgevangenes na mislukte ontsnappingspogings uiters arbitrêr was, lyk genoemde straf buitensporig.

In sy werk, Prisoners of War, voer J. Morton aan: "A Prisoner of War may always attempt to escape, provided that he has not pledged himself not to do so. When he dashes for liberty, he may be killed in any way - indeed it is impressed upon men guarding prisoners that they are to shoot as soon as flight is detected. It is no crime to attempt to escape. If a prisoner is retaken, he is not to be punished, but only to be better secured in the future."¹²⁹

127. V.A. (O.M.-vers.) Paul Roux aan goewerneur Ridgeway.

128. H.C. Vol. 89, lêer 2686/02, p. 1.

129. Morton, J.: Prisoners of War, p. 191.

Strydig met hierdie uitspraak sou die Britse militêre owerheid in talle gevalle die krygsgevangenes met dwangarbeid, in kettings geboei, eensame opsluiting en inkorting van hulle rantsoene, straf.¹³⁰

Uit die talle voorbeelde wat genoem is, blyk dit dat daar wel baie pogings deur krygsgevangenes aangewend is om te ontsnap, maar dat die sukses heel beperk was. Kwalik meer as twintig tot dertig krygsgevangenes het uiteindelik hul vryheid in goedgesinde lande, en slegs enkeles het ooit weer hul vaderland as vegtende burgers bereik. Die ontsnappings het eerder op grond van vindingrykheid, waaghalsigheid en dapperheid die verbeelding van vriend en vyand aangegryp. Die geslaagde ontsnappings sowel as talle pogings tot ontsnapping het nietemin die volle aandag en inspanning van die Britse militêre owerheid in die onderskeie krygsgevangekampe in beslag geneem, en hulle ook veel koste, hindernis en ergernis besorg.

130. Vgl. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 17. Vgl. Brohier, R.L.: op. cit., pp. 33-34; T.A. Dagboek van S.J. Burgers, p. 76; V.A.(R.V.) 119.275. I.J. du Toit - Renier; De Graaf, H.: op. cit., pp. 59-60; Scholtemeijer, H.: op. cit., p. 51. Van Rooyen, H.L.: op. cit., p. 22; Brohier, R.L.: op. cit., pp. 33-34; H.C. Vol. 89, lêer 2686/02 Verslag van goewerneur Ridgeway, 1.2.1902.

HOOFSTUK 9DIE LEED VAN GEVANGENSKAP

Die samedromming van mense uit verskillende streke van die land, verteenwoordigend van 'n groot verskeidenheid beroepsrigtings, uiteenlopende karakters en persoonlikheid, het uiteraard 'n nuwe en vreemde wêreld vir die aangehouenes geskep. Daar was oues en jonges, geleerdes en ongeleerdes, dapperes en lafhartiges, getroues en ontroues, maar hier in gevangenskap fisiek so naby aan mekaar en hulle belange so vervleg, dat elkeen bewus was van wat met elke ander lid van die gemeenskap gebeur. Daarvan sou met goedkeuring of afkeuring kennis geneem word.

Die gedurige aanraking met mekaar en die verskille in persoonlikheid, sou ongetwyfeld onderdinge spanninge meebring. Hierdie opgekropte spanning sou maklik tot uitbarsting kom, indien die gunstige geleentheid aanbreek. Dit is hierdie toestand van geestelike spanning wat hoofsaaklik tot onrus en oproer in die kampe aanleiding gegee het. In die lang tydperke van ledigheid het krygsgevangenes oorgevoel tyd gehad om innerlike spanninge tot wraakgedagtes te laat groei en hulle emosies op te rui. Voeg hierby die talle krygsgevangenes met gebrekkige aanpassingsvermoë onder onbekende en drukkende toestande, dan sou dit redelik maklik wees om 'n smeulende gemoedstoestand en opgewonde gemoedere sodanig op te sweep dat 'n aggressiewe massagies daardeur ontketen word. Die verskeidenheid karakters,

"altoos bymekaar gehok," sou noodwendig daartoe lei, "dat hierdie gedwonge ledigheid oorsaak is dat daar dikwels onplesierige dinge voorkom. Daar is altoos in so 'n menigte 'n oorwegende aantal mense wat geen afleiding het of soek nie, ander van hul werk af hou en meewerk tot die ontstaan van 'n rustelose krielrige gees," besluit G.S. Preller.¹

In die kampe was daar ook 'n onverskoonbare gebrek aan behoorlike kommunikasie tussen die krygsgevangenes en hulle owerheid. Die nodige begrip het gevolglik tussen die twee groepe ontbreek en misverstande sou die verhoudings verder vertroebel. Daar is min gevalle uit die lewe van die krygsgevangenes wat daarop dui dat daar ook die nodige vertroue tussen gevangenes en hul Britse gesagvoerders was. Gebeure het die krygsgevangenes min rede gegee om vertroue in die militêre gesag te stel. By geleentheid het daar byvoorbeeld vir die krygsgevangenes op St. Helena 'n groot besending eetware en tabak van 'n simpatiekgesinde nasie, in Jamestown aangekom, "maar die Engelse outoriteite het geweier om dit na die verafgeleë kamp te vervoer. Die matrose het die kiste oopgebreek, gevat wat hulle wou en die res op die strand laat lê, blootgestel aan weer en wind."² Die krygsgevangenes het wel later verlof gekry om self te gaan en van die oorblyfsels iets te red en kamp toe te neem, maar hulle het min plesier en voordeel uit hierdie skenking geput. Elke kamp sou waarskynlik in 'n mindere of meerdere mate 'n soortgelyke ondervinding gehad het wat gevoelens

1. Preller, G.S.: Ons Parool, p. 87.

2. De Graaf, H.: Boere op St. Helena. Die Oorlogsdagboek van H. de Graaf, verwerk en in Afrikaans oorvertel deur P.J. Nienaber, p. 29.

opgesweep en onrus en wantroue aangewakker het. Dit sou aan die krygsgevangenes steeds meer rede verskaf om die skuld vir baie ongeluk en ontevredenheid aan die deur van die vyand te lê en hulle sou hulself almeer as die onskuldige en veronregte party beskou. In gevalle van botsing met die wagte, sou hulle reeds vooraf, volgens eie oordeel, van enige skuld vrygespreek wees. Deur optrede soos in die genoemde geval het die owerheid egter die krygsgevangenes rede gegee om die gesag te wantrou en hy sou beswaarlik na so 'n gebeurtenis kon hoop om 'n goeie gesindheid by die krygsgevangenes te laat ontwikkel. Die Britse owerheid het hom op militêre regulasies beroep en volgens militêre reëls die krygsgevangenes tot gehoorsaamheid en onderdanigheid probeer dwing. Die Boerekrygsgevangenes was nie militêr onderlê nie. Militêre stiptheid- en dissipline sou vir hulle meer as lastig en hinderlik opval as enigsins nuttig en noodsaaklik. Om hierdie rede het hulle dit drukkend gevind en het hulle 'n afkeer daarin ontwikkel.

Op 1 Februarie 1902 skryf die goewerneur van Ceylon dat drie krygsgevangenes hulle parool verbreek het en verklaar self dat hy oortuig is, dat hulle nie probeer ontsnap het nie; gevolglik was daar geen ernstige oortreding nie. Die straf was egter van 'n drastiese aard, want hulle is tot vier maande dwangarbeid veroordeel.³ Die goewerneur het volkome binne sy reg gehandel, want dit was 'n verbreking van hul parool. Die krygsgevangenes sou egter hierdie straf as buitensporig beskou in verhouding met die oortre-

3. H.C. Vol. 89, lêer 2686/02. Verslag van Goewerneur Ridgeway, 1.2.1902.

ding. Optrede van hierdie aard deur die owerheid sou nie juis tot beter onderlinge betrekkinge bydra nie en sou slegs die wantroue in die geledere van die krygsgevangenes teenoor die owerheid verhoog.

In die proses van verwydering tussen krygsgevangenes en hulle bewakers en die toenemende gebrek aan vertroue by die krygsgevangenes, moet die twyfelagtige rol van die afleggers van die eed van getrouheid ook nie onderskat word nie. Eedaflegging het tot onderlinge vyandskap, wedersydse beskuldigings, strafmaatreëls en vervolgsugtigheid gelei. Insweerders het by die owerheid op beskerming aangedring. Om hierdie groep te beskerm, moes daar soms teen die ander, die getroues, opgetree word. Genoemde faktore en gebeurtenisse het gevolglik nie slegs tot stremming in die verhoudings gelei nie, maar ook tot botsings met die kampowerhede.

In die groeiende ontevredenheid het die Europese vrywilligers in die kampe ook 'n vername rol gespeel. Hulle was, in teenstelling met die Boerekrygsgevangenes wat hulle oor die algemeen aan dissipline onderwerp het, dikwels opstandig en het die dissipline ondermyn. Dit het veroorsaak dat Britse troepe herhaaldelik ingeroep is om die orde in die kampe te herstel. Van hulle uittartende optrede in Ceylon getuig R.L. Brohier: "Their frequent attempts to escape, and their persistent insubordinate squabbings, were a fruitful setback to discipline. No kindness seemed to modify the bitterness of their feelings, and their leaders made it their business to see that the tension they promoted did not flag."⁴ In Ceylon is daar gevolglik 'n spesiale straf-

4. Brohier, R.L.: The Boer Prisoners of War in Ceylon (1900-1902), p. 25.

kamp, Ragama, vir hulle ingerig en gaandeweg is hulle uit Diyatalawa verwyder.⁵

Hierdie vrywilligers was wel bondgenote van die Boere en dapper vegters, maar dit skemer uit die Boere se dagboeke duidelik deur dat hulle nie baie gewild was nie. Deur hulle opsetlike oortredings, opstandigheid teen die kampdissipline en hulle voortdurende uittarting van die gesag, is die ander gevangenes ook gestraf en is hulle parool dikwels ingekort. Met hulle verskuiwing uit die kampe na ander plekke van aanhouding het die Boerekrygsgevangenes verlig gevoel, "want zij, de uitlanders was de lawaaimakers waardoor wij zwaar kregen. Wij kregen nu gemakkelijker parool," verklaar S.J. Burgers.⁶

In Indië was daar 'n maklike uitweg met die wederstrewige elemente. Die militêre owerheid het hulle gereeld verskuif "from the cool camp in the highlands to a subsidiary camp in the low country where they were caged more effectively and quartered much less comfortably."⁷

Hiermee het die owerheid die opstandigste elemente van die ander krygsgevangenes geskei, maar nie die faktore wat tot ontevredeneheid en vervreemding gelei het, uit die weg geruim nie. Die kumulatiewe uitwerking van verskillende faktore het spanninge laat oplaai wat soms tot botsing tussen krygsgevangenes en die wagte gelei het. Waar sulke botsings voorgekom het, was dit van so 'n ernstige aard dat selfs met troepeversterkings en aansienlike geweld ingegryp

5. Ibid., p. 25. Vgl. ook, V.A.(R.V.) 119.232, A.J. van Tonder aan Renier, 14.4.1950.

6. T.A. Dagboek van S.J. Burgers, p. 141.

7. Brohier, R.L.: op. cit., p. 25.

is. Hugo van Niekerk maak melding van onsmaklike gebeurtenisse wat reeds in Groenpunt voorgekom het. "Een paar avonden geleden werdt er met steenen naar een der schildwachten geworpen. De namen van vele onschuldigen werden toen opgeschreven." Die kwaaddoeners is opgespoor en gestraf, "maar ook't gansche kamp krijgt voor een week geen jam."⁸ In Sky View is een van die lampe stukkend gegooi. "Het heele kamp kreeg voor een week geen jam noch melk."⁹ Altwee kante het gevolglik tot die spanning bygedra. Hugo van Niekerk ontken nie die gevangenes se oortreding en keur dit waarskynlik nie goed nie. Teen die feit dat die oortreders gestraf word, het hy ook nie besware nie, maar wel teen die feit dat die onskuldiges ook deur die Britse owerheid gestraf word. Dit is duidelik dat Van Niekerk dit as onbillike optrede beskou.

Terwyl ontevredenheid geleidelik aangegroei het, het die militêre owerheid dinge gedoen wat seker nie bestem was om die smeulende gevoel te besweer nie. Op 13 Oktober 1900 teken Hugo van Niekerk aan dat die krygsgevangenes in Groenpunt hul ou wit en bont komberse moes terugbring en ander moes ontvang. "De kombaarzen die wy kregen waren sommigen stuk, sommigen volbloed sommigen waren Basuto ponies op. Zij waren blijkbaar kombaarsen die de rooies op't slagveld hadden. De boeren waren kwaad en namen se en wierpen ze allen weer over den draad."¹⁰ Hierdeur word 'n grief gevoed wat in 'n groot massa saamgehokte krygsgevangenes tot verset

8. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 28.

9. Ibid.

10. Ibid., p. 39.

en opstandigheid sou lei. Hugo van Niekerk skryf op 17 Februarie 1901 dat 'n wag na een van die krygsgevangenes in Broadbottom gevuur het, "ook met voorbedachtheid en koelbloediglijk."¹¹ 'n Krygsgevangene het self aan Van Niekerk vertel dat hy na die draad geloop het om sy klere af te haal. "Toen hij zag legde de soldaat aan." Twee ander gevangenes wou helder oordag gras pluk en het hulle hande deur die draad gesteek. "Ook hen wou de soldaat schieten."¹² 'n Ander krygsgevangene wou sy hemp van die draad verwyder "die soldaat legde aan en vuurde op klaar helderen dag naar eenen man die ongeveer 30 treden van hem was. Hij kon zien dat de man niet wou ontsnappen en wie zal ook proberen te ontsnappen daar wij toch allen de gelegenheid krijgen uit te gaan. Gelukkig miste hij maar schoot net één voet van ene andere man vast."¹³ Vir geweld van hierdie aard sou die krygsgevangenes geen regverdiging kon vind nie en sou die toenemende haatgevoel in die Britse owerheid steeds vererger.

'n Ernstiger gebeurtenis het op 15 Februarie 1902 in Broadbottom plaasgevind. Twee krygsgevangenes het die aand in 'n besope toestand hulle aan 'n groot lawaai in die kamp skuldig gemaak. Hulle is daaroor deur een van hul medegevangenes gerapporteer en die nag in die sel opgesluit.¹⁴ Nadat hulle die volgende dag vrygelaat is, het hulle die man wat hulle verkla het, gaan opsoek en 'n bakleiery het ontstaan. Ander krygsgevangenes, ondersteuners van albei

11. Ibid., p. 92.

12. Ibid., p. 93.

13. Ibid., p. 93.

14. Ibid., p. 165. Vgl. ook, De Graaf.: op. cit., p. 136.

partye, het ook aan die bakleierey deelgeneem. 'n Groot en opgewonde skare het spoedig op die terrein saamgedrom. Britse troepe is na die toneel gehaas en hulle het op die krygsgevangenes begin vuur. Ander troepe het op die rye tente af begin skiet, blykbaar onder die indruk dat die Boere reeds gewere in die hande gekry het.¹⁵ Die wagte het gevolglik die meksim in gereedheid gebring. "Aim low" werd gecommandeerd, de andere troepen bestormden het hek maar werden gelukkig gekeerd."¹⁶ Drie krygsgevangenes, J. Buitendag, J. Germiston en H. Thompson het in die oproer wonde opgedoen. Alhoewel daar baie geskiet is, het die oproer nooit tot botsing tussen die krygsgevangenes en die wagte gelei nie, anders sou dit waarskynlik tot ernstige bloedvergieting gelei het.¹⁷ 'n Krygsgevangene, F.J. Potgieter beweer tog, dat 'n bakleierey tussen die twee groepe losgebars en die hele volgende dag voortgeduur het en dat daar selfs 'n gevangene doodgeskiet is.¹⁸ Hiervoor kan daar egter in geen ander bron bevestiging gevind word nie.

Na die onluste het die krygsgevangenes in Broadbottom by die kampowerheid die vergunning gevra om uit hulle eie geledere korpse te stig "ten einde de orde in ons kamp te houden." Kolonel H.O.P. Wright het die versoek toegestaan

15. Ibid., p. 136. Vgl. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 166.

16. Ibid., p. 166. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 136.

17. Ibid., p. 136. Vgl. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk, dl. 2, p. 166; H.C. Vol. 90 goewerneur - Chamberlain, 19.2.1902; V.A.(R.V.) 119.502, Daan - Renier, 2.4.1953.

18. V.A.(R.V.) 119.479. F.J. Potgieter - Renier, 21.1.1953. Vgl. V.A.(R.V.) 119.502. Brief van oom Daan - Renier, 2.4.1953.

en gevolglik het 'n volledige burgerwag ontstaan.¹⁹ Deur hulle ywer en ferme optrede is die oproermakers en onrustokers uit die kamp verwyder. Die wyse van verwydering van hierdie oproermakers deur die owerheid het egter kwade bloed veroorsaak. "Wat echter het bloed van elken Afrikaner kooken deed was niet dat de mannen gestrafd werden maar dat zij geboeid werden. De kerels verdienden hun straf ten volle. Zij waren echter geene misdadigers die zoo slecht waren dat ze geboeid moesten worde," getuig Hugo van Niekerk.²⁰ Dit was vir die krygsgevangenes duidelik dat die owerheid hiermee probeer het om die skuld van al die onrust en die geweldpleging, alles op die krygsgevangenes te pak.

Hugo van Niekerk noem 'n verdere geval wat gevoelens opgerui het. Twee krygsgevangenes, Blignaut en Le Roux het een aand 31 Maart 1902, na nege-uur langs die draad geloop "De troep hield hen stil. Hij werdt van schieten slecht door een ander wacht tegen gehouden." Die twee gevangenes is egter vir hulle oortreding in die sel aangehou. Die klag teen hulle was dat hulle "na negen langs den draad gewandeld te hebben. Toen hoorden zij voor het eerst dat er zoo 'n wet bestond."²¹

In Junie 1901 het daar onaangenaamheid in Deadwood voorgekom. Van die getroue krygsgevangenes het die hut van een van die leiers van die eedafleggers aan die brand gestek, waarop die verraaiers om beskerming na die Engelse

19. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. w, p. 167.

20. Ibid., p. 169.

21. Ibid., p. 172.

gevlug het.²² Die volgende dag het die opgewondenheid voortgeduur en verraaiers is uitgejou. Die aand het die burgers in 'n massa-optog deur die kamp geloop met 'n simboliese pop wat die verraaiers voorstel, vooraan. Onder groot gejuig is die pop verbrand. Intussen het die kampkommandant met die Boerekommandant onderhandel om die burgers te kalmeer. Hyself het beweer dat hy van 'n eedaflegging niks weet nie. Hy hou die Boere-offisiere verantwoordelik vir die onrus.²³ Hy het egter toegestem om 'n vergadering te belê ten einde die griewe van die burgers aan te hoor. Die vergadering het niks opgelewer nie. 'n Boerekommissie is hierop aangewys om die oorsake van die onmin grondig te ondersoek en dit met die kolonel te bespreek.²⁴

Intussen het verraaiers in groter getalle na die "jamkamp" verhuis. Terwyl kaffers hulle hutte vir hulle dra, skuil die verraaiers binne-in. Een van die burgers het so kwaad geword dat hy 'n bewegende hut met vleisblikkies bestook het. Hy is hiervoor in hegtenis geneem. Sy maats het dadelik toegestorm om hom te bevry. 'n Skermutseling het ontstaan en die soldate moes padgee.²⁵ Hierna is versterkings ontbied. Die tussenkoms van 'n offisier het verdere geweld en bloedvergieting voorkom.²⁶ Die kwade gevoelens het gesmeul, maar niks is aan die oorsake van die onrus gedoen nie, aangesien kol. A.L. Paquet "daar eigenlijk

22. De Graaf, H.: op. cit., p. 87.

23. Ibid., p. 88.

24. Ibid., p. 89.

25. Ibid., p. 91.

26. Ibid., p. 92.

niet voor (schijnt) te zijn."²⁷ Die onbehoorlike afrokke-
ling tot ontrou het voortgeduur en in steeds groter getalle
het die eedafleggers die kamp verlaat. Die atmosfeer is
finaal vertroebel en onderlinge wantroue het geheers. Tot
groot skok van die inwoners van Deadwood is hul erkende
leiers, kommandant S. Eloff, luitenant B.J. Beunk, sersant
H. Erasmus, A.J. Boshoff, Frans Bezuidenhout, J. Ludorf,
George Biggs, H.L. Dalton en G. Bekker onder gewapende ge-
leide uit die kamp na High Knoll Fort verwyder.²⁸ Die smeue-
lende ontevredenheid het voortgeduur, die Boereleiers is
gestraf omdat hulle die weekhartiges gedreig het.²⁹

In November 1901 het onluste ook in Ragama losgebars,
maar is gelukkig gou beëindig. Die goewerneur van Ceylon
het op 14 November 1901 verdere inligting hieroor aan die
staatsekretaris van oorlog verstrek. "The ringleaders who
had been arrested were then removed to Welikida Jail at
Colombo, the rank and file under sentence of hard labour.
The rations of the whole camp were reduced, and all the
privileges withdrawn, until further orders."³⁰ Die goewer-
neur het voorts daarop gewys dat hy tot op dié tydstip
daarin geslaag het om berigte in verband met krygsgevangene-
nes uit die koerante te hou, maar hy is bevrees dat daar wel
oordrewe beriggewing oor hierdie botsing mag voorkom.³¹

27. V.A.(O.M.-vers) 155/109/1. Notule van vergadering
tussen kolonel A.L. Paquet en Boere-offisiere, p. 3.
Vgl. De Graaf, H.: op. cit., pp. 91-94 en 123-124.

28. De Graaf, H.: op. cit., p. 94.

29. V.A.(O.M.-vers.) 155/109/1. Notule van vergadering
tussen kolonel A.L. Paquet en Boere-offisiere,
pp. 4-5.

30. H.C. Vol. 90, lêer 1466/02. Goewerneur van Ceylon
aan staatsekretaris van oorlog, 14.11.1901.

31. Ibid.

Dié optrede- en strafmetodes sou ongetwyfeld die onderlinge vertroue en gespanne verhoudings verder benadeel.

'n Oud-krygsgevangene in Diyatalawa, J.A. van Tonder, maak melding van 'n botsing tussen burgers en wagle in hierdie kamp, maar hy sê ongelukkig nie wanneer die gebeurtenis plaasgevind het nie. 'n Paar krygsgevangenes, onder andere Japie van Straaten wie se ontsnappingspoging misluk het, is buitekant die kamp in 'n klein geboutjie aangehou om hulle na Ragama te stuur. Deur die bolig van die vertrekke het hulle met 'n jong seun wat daar naby gestaan het, gepraat. Dit was blykbaar ontoelaatbaar, want die wag het die seun met 'n kiere toegetakel, hom daarna by die hek uitgesmyt om later met hom af te reken.³² 'n Paar krygsgevangenes het nader gestaan en die wag onder hande geneem wat op sy beurt militêre hulp ontbied het. Die troepe het die naaste hut binnegestorm en die niksvermoedende inwoners te lyf gegaan. Vuisgevegte het losgebars en selfs stukke hout is in die handgemeen gebruik. Die aanvallers is spoedig uit die hut verdryf.³³ Toe is alarm gemaak en soldate het na die wagposte gehaas en die meksims in gereedheid gebring.³⁴

P.H.H. Fick beskryf waarskynlik ook hierdie botsing in Diyatalawa, maar noem nie die faktore wat dit veroorsaak het nie. Oor die bakleiery skryf hy: "Ook vond groot gevecht in kamp plaats de boeren sloeg de kharkies dat hulle zoo rol, na telling was de geheele kamp voor rooies met stokken en kieres, het was eigenlyk een groot oproer, er

32. V.A. (R.V.) 119.232. A, J, van Tonder - Renier, 14.4.1950.

33. Ibid.

34. Ibid.

werden verskeidene boeren gevangene. De kharkies is maar skrikkerig want hulle is wild geslaan. Gisteravond na die kerie gevecht was er geen kharkie in kamp te sien. Zy stonden allen rondom het kamp."³⁵ Wat die afloop van die botsing was, is egter nie bekend nie.

In Trichinopoly in Indië, was dit 'n vaste gebruik dat die jonger krygsgevangenes elke aand deur die kamp loop en sing. Daarteen was nooit enige beswaar nie. Terwyl hulle weer een aand, 3 April 1902, vergader om te sing, het een van die wagte op hulle gevuur en 'n paar van hulle gewond. Ander wagte het ook begin skiet, sodat daar uiteindelik, volgens H.J. van Rooyen, 13 gewond is, van wie ses later gestorf het.³⁶ Volgens die Britse verslag is slegs vier krygsgevangenes gewond van wie twee, W.A. Botha en J. Veviers aan hulle wonde oorlede is. Volgens hierdie verslag was daar totale wanorde onder die gevangenes en het hulle die wagte onder die klippe gesteek en het dit ook voorgekom asof hulle doelbewus wou uitbreek.³⁷ Uit die ondersoek wat ingestel is en getuienis van die wagte, was dit duidelik dat die skuld vir die onluste op die Boerekommandant, Van Tygen, gelê is. Hy is gevolglik tot tronkstraf veroordeel.³⁸ Volgens H.L. van Rooyen kon talle krygsgevangenes hierdie aanklag teen Van Tygen weerlê.³⁹ Hierdie skrywer beweer ook dat dit slegs die Indiërwagte was wat geskiet

35. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, pp. 716-719.

36. Van Rooyen, H.L.: Ek was 'n Krygsgevangene in Indië in 1902, p. 59.

37. H.C. Vol. 85. Verslag van majoor E.E. Ravenhill, 4.4.1902. Getuienis in ondersoek na onluste in Trichinopoly.

38. Ibid.

39. Van Rooyen, H.L.: op. cit., pp. 59-60.

het, maar volgens die getuienis in die hofondersoek, is dit duidelik dat ook Britse wagte aan die skietery deelge-
neem het.⁴⁰ Van Boerekant word dit ontken dat daar voor die skietery enige wanorde of opstandigheid in die kamp geheers het.

Wat ook al tot die onluste gelei het, is dit duidelik dat die verhouding tussen gevangenes en die owerheid deur gebeurtenisse van hierdie aard nadelig beïnvloed is. By krygsgevangenes sou almeer die oortuiging toeneem dat daar nie regverdig opgetree word nie, dat ondersoekes nooit tot die kernoorake van die onluste deurdring nie en dat hulle gevolglik die slagoffers van swak oordeel en onregverdige optrede word. Dit sou hul leed en lyding slegs verhoog.

Behalwe die genoemde oproerigheid aan die kant van krygsgevangenes en gevalle waar die Britse wagte op die krygsgevangenes geskiet het, het daar ook geweldpleging van 'n ernstiger aard voorgekom, naamlik gevalle waar die wagte op enkeles in die kampe gevuur en hulle gedood het. Dit is gebeure soos hierdie wat die krygsgevangenes met afsku en afgryse vervul en vertroue in die Britse gesagvoerders onmoontlik gemaak het. Vir die krygsgevangenes het al die gevalle as koelbloedige moord voorgekom. Die ondersoekes daarna was ongetwyfeld nie bestem om dié vermoede te weerlê, of die vertroue in die regverdigheid van die owerheid te bevorder nie.

Op 30 April 1900 is 'n jong man, Philip Cronje van Ficksburg, in die Groenpuntkamp doodgeskiet. 'n Krygsge-

40. Ibid. Vgl. H.C. Vol. 85. Verslag van hofondersoek, 4.4.1902.

vangene, J.J. Taljaard wat teenwoordig was, getuig: "Heden avond wert hier een van ons burgers gekwes door de wacht, P. Cronje een onderwyzer, wij staan en diens hou en onder die wijl dat wij sengen zont hij die koegel onder ons in en die koegel tref ons voorman achter zijn schouders en voer zijn borst uit. Onschuldig wert hy dood geschooten."⁴¹ Hy was egter nie onmiddellik dood nie en toe een van sy maats hom wou gaan help, het dieselfde wag gedreig om hom ook te skiet.⁴² 'n Ander krygsgevangene het 'n beker water gebring "en zijde tot den wacht dat hij de gewonde water wou geven. Hij kreeg tot antwoord: "Leave the sod alone or I will shoot you, you bloody bugger."⁴³ Die gewonde moes gevolgelik daar bly lê tot dat die offisier opgedaag het.

Die volgende dag is 'n vergadering van krygsgevangenes onder voorsitterskap van kommandant H. Theunissen gehou. Daar is besluit om 'n kommissie aan te stel, bestaande uit die Vrystaatse en Transvaalse Boerekommandante en majoor R. Albrecht. Die kommissie moes toesien dat 'n geregtelike ondersoek na die gebeurtenis ingestel word.

Namens die krygsgevangenes het die kommissie skrifte=lik by die owerheid geprotesteer en die omstandighede waar=onder Cronje geskiet is, geskets. "According to their usual custom some of the Burgher prisoners were holding divine service on the western side of the camp by the light of the electric lamp, the leader of the service, Philip Cronje of Ficksburg, during the singing of a solemn hymn

41. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard, pp. 40-41. Vgl. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom dl. 1, p. 139.

42. Ibid.

43. Ibid.

was shot in the back by the sentry on the platform. There was no question of any offence on the part of the deceased who was not outside but inside the wire fence, and was found in that position by the authorities."⁴⁴ Hierdie feite word deur Hugo van Niekerk bevestig as hy skryf: "Cronje en nog vele van de jonge menschen waren voor de laaste 14 dagen gewoon om op die selfde plaats omdat er een lamp brandde en het dus licht was, godsdienst te houden en kinderharp liedjies te zingen. Hij stond ongeveer één voet van den draad met zijn rug naar de wacht toen hij de schoot kreeg."⁴⁵ Die verkose kommissie protesteer teen die gepleegde geweld en voel oortuig dat "the unfortunate incident must be attributed to the fact that the sentry exceeded his powers or to the execution of wrongly given instructions. The sad event has caused great excitement and very great indignation among the burghers. The undersigned ask for protection & for measures for the prevention of the repetition of such regrettable incidents, protest against the conduct of the sentry & press for a thorough enquiry & for just punishment of the offender, whoever he may be."⁴⁶

Dit is begryplik dat die krygsgevangenes oor dié gebeure onthuts sou wees as daarop gewys word dat die byeenkoms van die jongmense onder die lamplig, reeds 'n gevestigde gebruik was. Die owerheid het blykbaar nie vantevore enige beswaar daarteen geopper nie en die wagte het die

44. S.O.P. PR/A211. R. Albrecht en H. Theunissen - kampkommandant, 1.5.1900.

45. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 138.

46. S.O.P. PR/A211. R. Albrecht en H. Theunissen - kampkommandant, 1.5.1900.

krygsgevangenes ongehinderd in hulle sang oefeninge toegelaat.

Op 3 Mei 1900 was die verslag van die ondersoek na die dood van Cronje gereed en was die bevinding "that the death of P.C. Cronje was due to his not obeying orders. If as you state, Cronje was engaged in devotion, his death is very much to be regretted, but Cronje and his companions disobeyed the repeated commands of the sentry to move further away from the forbidden ground."⁴⁷

Hierdie verslag sou seker niemand tevrede stel nie, want dit probeer geen skuld of onskuld van enigeen bewys nie. In werklikheid spreek dit Cronje by implikasie vry van 'n oortreding, in die sin dat hy beslis nie op verbode terrein was nie. Die wag het hulle, volgens die verslag, beveel om verder pad te gee, selfs al was hulle volkome geregtig om op daardie bepaalde plek te wees. As die wag die mag het om hom sodanige regte aan te matig, beteken dit dat hy gevangenes enige plek mag belet. As hulle sy willekeurige bevels nie gehoorsaam nie, mag hy hierdie krygsgevangenes doodskiet. Dit laat die vraag ontstaan waar die krygsgevangenes wel met veiligheid mag wees sonder die gevaar om deur 'n brutale wag doodgeskiet te word.

Ontstellend vir die gevangenes, was ook die feit dat die verslag verklaar, dat as Cronje met 'n gewyde diens besig was, is die gebeurtenis te betreur. Dit beteken by implikasie dat indien hy met enigiets anders besig was, die

*Eie kursivering.

47. Ibid. Verslag van kampkommandant van Groenpunt, 3.5.1900.

gebeurtenis nie te betreur sou wees nie. Dit klink verdag dat die verslag hom daarop beroep dat die wag die vergaderde krygsgevangenes herhaaldelik beveel het om pad te gee en dat hulle die bevel nie gehoorsaam het nie.⁴⁸ Indien hulle besig was om te sing, soos die getuienis lui, val dit te betwyfel of hulle sy bevel sou kon hoor.

Die verslag eindig egter nie hiermee nie. Dit rig opnuut 'n verdere waarskuwing dat "prisoners must understand that orders are to be promptly obeyed. If the order is one against which they have any cause to complain they can appeal to the Commandant afterwards, but at the time the order must be at once complied with."⁴⁹ Hierdie deel van die verslag het egter die voordeel ingehou, dat dit enige moontlike twyfel oor die optrede deur krygsgevangenes op bevele van die wagte, uit die weg geruim het.

Op 8 Mei 1900 is J.F. Viljoen deur 'n wag in Deadwood-kamp onder soortgelyke tragiese omstandighede doodgeskiet. Die krygsgevangene het die môre vroeg opgestaan om te gaan koffie maak. Ongeveer negentien voet van die draad af het hy gebuk, waarskynlik om spaanders of 'n been op te tel. Daar is hy deur die wag doodgeskiet.⁵⁰ Toe die skoot knal, het krygsgevangenes uit hul tente na die ramptoneel gestorm. Kort hierna het die offisier van die wag en die dokter opgedaag. Laasgenoemde het dadelik verklaar dat Viljoen "onskuldig doodgeskiet is en wel op die plek waar hy nou lê."⁵¹

48. Ibid.

49. Ibid.

50. De Graaf, H.: op. cit., p. 147. Sien skets van kamp, p. 150.

51. Ibid., p. 147.

J. Paskin 'n burger -en Transvaalse speurder het die ligging van die lyk en die afstand van die draad in die teenwoordigheid van 'n Britse offisier en ander burgers, noukeurig gemeet en vasgestel dat dit presies negentien voet van die heining af gelê het.⁵²

Verklarings deur H.P.J. Viljoen, J. Paskin en F.J. Penn, en K.W. Wapenaar bevestig dat Viljoen ver van die draad af was, dat hy feitlik onmiddellik moes gesterf het en dat hulle nie as getuies in die ondersoek ingeroep is nie.⁵³ Jacob Teengs het hierdie gebeurtenis ook noukeurig in sy dagboek aangeteken. Hy skryf: "Hy was zoowat 6 tree=den van de heining genaderd, toen hij opeens van een der wachten een kogel door het lijf kreeg. Dit was zonder eenige waarschuwing gebeurd."⁵⁴ Hy deel verder mee dat een van die ander wagte nader gekom het en op sy vraag waarom sy maat geskiet het, was sy antwoord: "Oh shot one of the Boer dogs, damned good shot too."⁵⁵

Die militêre owerheid het hierna 'n ondersoek na die voorval ingestel en die verklaring deur die wag dat Viljoen probeer ontsnap het, as die waarheid aanvaar.⁵⁶ Die bevin=ding van die hof is egter strydig met al die verklarings wat deur die krygsgevangenes afgelê is. C.R. Kotze skryf: "Die geval wil dat die kakie wat geskiet het, nooit gestraf is nie, dat daar nooit eens 'n behoorlike ondersoek was nie en dat die leuen- en haatpropaganda in nog erger graad

52. Ibid., pp. 149-150.

53. Ibid., pp. 147-150. Vgl. Die Brandwag, 5.1.1945.

54. Dagboek van J. Teengs, pp. 86-87.

55. Ibid., p. 87.

56. De Graaf, H.: op. cit., p. 147.

voortgegaan het, sodat geen redelike mens kon ver wag dat die skietery daar sou ophou nie."⁵⁷

Mev. A.S. Green se aantekeninge oor die moord verdien ook aandag. "The common story is he tried to escape. Orders printed up in Dutch were that anyone found outside the wire was liable to be shot. Bullet went in upper part of chest, came out lower part of back. Shewed boy was stooping and not possibly running away. No martial law at that time so the coroner had to hold inquest. Verdict that the sentry was not to blame as it was a mistake. The officers had given wrong orders - that anyone four yards inside the wires might be shot! The sentry said he had warned the boy, who did not know English, and having read the Dutch notice thought himself safe."⁵⁸

Die gevolg van die daad was egter dat "het gevoel van haat teen de Engelschen honderd maal verbitterde," aldus J. Teengs.⁵⁹ "No further enquiry as to how the confusion of orders arose. No one punished," skryf mev. Green. "The camp looked on it as a murder where no justice was done because it was only a Boer. The feeling was very strong."⁶⁰

Op 8 Februarie 1901 het kommandant M.J. Wolmarans die inwoners van die Deadwoodkamp oor 'n beweerde klipgooiery deur krygsgevangenes na die wagte, gewaarsku. Hy het hulle meegedeel dat kolonel T.P.J. Evans gedreig het, dat die wagte sou skiet, indien hiermee voortgegaan word. Kommandant Wolmarans het die krygsgevangenes hierop versoek om

57. Kotze, C.R.: op. cit., p. 104.

58. T.A. Diary of A.S. Green, part 1, pp. 34-35.

59. Dagboek van J. Teengs, p. 87.

60. T.A. Diary of A.S. Green, part 1, p. 36.

te help om die skuldiges op te spoor.⁶¹ Die burgers het hulle kommandant daarop gewys dat die wagte self na mekaar gooi. Van die krygsgevangenes wat naby die draad woon, hoor hoe die wagte snags na mekaar roep. As hulle van die volgende wagpos geen antwoord kry nie, gooi hulle met klippe om die wag wat aan die slaap is, wakker te maak.⁶² Die krygsgevangenes was gevolglik verontwaardig oor hierdie aanklag en die dreigement en het dit dié dag druk bespreek.

Dit was die omstandigheid toe Marius Goddefroy dié aand ongeveer nege-uur die gebou van Tot Nut en Vermaak verlaat het om in sy tent te gaan lees. Minute later is hy deur 'n wag doodgeskiet.⁶³ In die kamp was konsternasie en binne korte tyd het 'n woedende skare om die toneel saamgedrom. Op 'n vraag waarom hy die gevangene geskiet het, het die wag geantwoord dat Goddefroy probeer ontsnap het. Dit was 'n klaarblyklike leuen, want Goddefroy was ongeveer vyftien tree van die draad af. Op 'n latere vraag het die wag beweer dat Goddefroy hom met klippe gegooi het.⁶⁴ Intussen het 'n offisier en die dokter opgedaag en die skare probeer kalmeer. Terwyl die gevoelens hoog loop, hoor die gevangenes hoe 'n Britse offisier sê: "So moet die laaste ver ... Boer doodgeskiet word," maar vanweë die duisternis kon hulle nie sien wie dit was nie.⁶⁵

Daar was dié aand gelukkig geen verdere voorvalle nie

61. De Graaf, H.: op. cit., p. 60.

62. Ibid., p. 61.

63. Ibid., p. 61. Vgl. Kotze, C.R.: op. cit., p. 104.

64. De Graaf, H.: op. cit., p. 61. Vgl. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 92; Die Brandwag, 5.1.1945. Sien skets, p. 150.

65. De Graaf, H.: op. cit., p. 61.

en die opgewonde massa burgers is terug na hulle tente. Die volgende môre het hulle vroeg reeds op die "moordto=neel" vergader en gesien hoe 'n offiseir en 'n sersant op die wagpos 'n paar klippe optel.⁶⁶ Met hierdie bewysstukke sou 'n sterk saak uitgemaak word dat die wag met klippe be=stook is. Intussen het die Boere-offisiere 'n aantal ver=klarings by die burgers afgeneem in verband met die soge=naamde klipgooiery deur krygsgevangenes, want kommandant M.J. Wolmarans, kaptein C. Weiss en kommandant W.M. Glaesar sou tot die amptelike ondersoek deur die owerheid toegelaat word.⁶⁷ Hulle het egter nie met die Engelse offisiere tot 'n ooreenkoms geraak in verband met die prosedure wat gedu=rende die ondersoek gevolg moes word nie en het hulle ge=volglik onttrek.⁶⁸ Hulle het wel die verlof gekry om vol=ledige verklarings en 'n verslag oor die gebeurtenis na die opperbevelhebber van die Britse leër in Kaapstad te stuur.⁶⁹ Dit het niks gebaat nie. "Na ons later verneem het, is die soldaat wat die moord gepleeg het, deur die Engelse vryge=spreek."⁷⁰ "Deze gebeurtenis heeft weer heelwat kwaad bloed veroorzaakt, en de haat tegen de Engelschman verdub=belt. We zijn echter machteloos iets te doen, het is juist nu dat men voelt hoe zwaar het is een krygsgevangene te zijn," bekla J. Teengs die leed van die gevangenes.⁷¹

66. Ibid., p. 62.

67. Ibid., p. 62.

68. Ibid., p. 62. Vgl. ook Ibid., pp. 157-160.

69. Ibid., p. 62.

70. Ibid., p. 62. Vgl. ook Ibid., pp. 161-177, getuie=nis van krygsgevangenes in die saak. Vgl. ook, Kotze, C.R.: op. cit., p. 105; Louw, J: Ds. A.F. Louw op St. Helena. Briewe en Belewensisse, pp. 57-58.

71. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 146.

Op 13 Februarie 1902 is 'n twintigjarige krygsgevangene, H.J. Bantjes, in Deadwoodkamp deur 'n wag doodgeskiet. Die toneel het onomstootlik bewys dat Bantjes hom ten tye van die skietery op verbode terrein bevind het. Tog het die saak tot groot ontsteltenis en verbittering gelei. Die kampowerheid se ondersoek na die skietvoorval, aldus H. de Graaf, het 'n verrassende feit aan die lig gebring. Dit is bevind dat Bantjes reeds lank op vriendskaplike voet met die wagte verkeer het en saans van hulle lampolie gekoop het. Op die noodlottige aand was hy juis weer op pad na die gebruikelike ontmoeting. Ongelukkig was die volgende aflos van die wagte reeds op pad om die diensdoende wagte af te los. Uit vrees dat die onreëlmatigheid ontdek sou word, het die ou wag op Bantjes gevuur en hom getref. Hy is die volgende dag aan sy wonde oorlede. Die oopgetrapte paadjie het onmiskenbaar aangetoon dat Bantjes dit oor 'n lang tydperk en dikwels gebruik het.⁷² Ten spyte van hierdie bevinding, rapporteer die goewerneur van St. Helena op 19 Februarie 1902 aan Chamberlain dat 'n krygsgevangene in Deadwood doodgeskiet is. "The act was justifiable, for the prisoner had crawled through the dead line, and was nearly through the wire entanglement outside." Die wag het die krygsgevangene twee keer gewaarsku, skryf die goewerneur, maar toe hy die bevele nie gehoorsaam nie, het hy gevuur en die krygsgevangene gedood.⁷³ Vir die krygsgevangenes het hierdie gebeurtenis ook as 'n koelbloedige moord voor=

72. De Graaf, H.: op. cit., pp. 134-135. Vgl. Die Brandwag, 5.1.1945. Sien skets, p. 150.

73. H.C. Vol. 90, lêer 2549/02. Sterndale - Chamberlain, dd. 19.2.1902.

gekom en hulle verbittering teen die Britse owerheid verhoog.

In sy oorlogsverhaal maak I.A. Meyer melding van 'n krygsgevangene, ene Bredenkamp, wat "6 tree binne die omheining" in Diyatalawa doodgeskiet is.⁷⁴ Hy verstrek egter geen verdere inligting in verband met hierdie gebeurtenis nie. J.A. de Villiers noem die ontsnappingspoging in Bermuda waartydens 'n krygsgevangene, F. Bosch, deur die wagte doodgeskiet is. Volgens die dagboekskrywer sou die wagte Bosch toelaat om te ontsnap, maar toe hy volgens hulle ooreenkoms probeer wegkom is daar op hom gevuur met noodlottige gevolge.⁷⁵ In 'n artikel in 'n Franse blad Le Petit Bleu die Matin van 26 Junie 1902, skryf Frans Joubert Du Quasne, dat alles vir hierdie ontsnapping haarfyn gereël was. Dit sou 'n gesamentlike poging van ses gevangenes wees. Frederick Bosch, slegs veertien jaar oud, sou eerste uitgaan. "Hy het skaars die tronk verlaat of 'n gewerskoot knal. Bosch is vermoor deur die ander wagte wat hom voorgelê het. Dit was beplande moord."⁷⁶ In Bellary is Walter Hoffman doodgeskiet toe hy probeer ontsnap het.⁷⁷ Volgens 'n Britse opgawe van ongevalle in Indië, dd. 23 April 1902, is 'n krygsgevangene, W.A. Botha in Trichinopoly, deur die

74. Meyer, I.A.: Ervarings van 'n Veldkornet in die Engelse Oorlog, 1899-1902, p. 24. Volgens H.C. Vol. 84, vertroulike verslag oor genl. P.H. Roux, was die betrokke krygsgevangene, ene Bedenhammar en nie Bredenkamp nie.

75. K.A. Dagboek van J.A. de Villiers te Bermuda, p. 46.

76. Le Petit Bleu du Matin, 26.6.1902. (Vertaalde artikel deur F.J. du Quasne).

77. H.C. Vol. 84. Return of Boer Casualties among Boer Prisoners located in India up to and for the 23rd April 1902.

wagte doodgeskiet nadat hulle deur krygsgevangenes met klippe bestook is.⁷⁸ Genoemde gevalle sal na alle waarskynlikheid nie die enigste gewelddade van hierdie aard wees nie, maar dit is al waarvan amptelike dokumente en beskikbare dagboeke melding maak. Die mededelings toon 'n merkwaardige ooreenkoms, naamlik dat in die gevalle waaroor volledige inligting bestaan, die krygsgevangenes, met uitsondering van Bantjes, binne die kampe geskiet is en nie in die sogenaamde "dead space" nie. Hieruit moet afgelei word dat daar van owerheidsweë 'n skromelike versuim en 'n onverskoonbare laksheid was om te verhoed dat die wagte hul mag oorskry en die krygsgevangenes teen willekeurige en onverantwoordelike optrede van die wagte te beskerm.

* * *

Dit is vanselfsprekend dat waar krygsgevangenes in sulke groot getalle dikwels in onklaar kampe en in onhygiëniese toestande saamgehok was, baie siektes en selfs epidemies sou voorkom. Wat die algemene gezondheidstoestand van die Boere voor gevangening was, is moeilik te bepaal, maar na hul gevangening het getuïenis laat blyk dat 'n snelle agteruitgang ingetree het. Hier is net liggaamlike siekte ter sprake.

Aansteeklike siektes het gou uitgebreek en in die digte samedromming van mense het dit vinnig versprei en spoedig tot die omvang van epidemies uitgebrei. Die kampe was

78. Ibid.

nie vir hierdie gebeurlikhede ingerig nie en die mediese geriewe was vir siektes van so 'n omvang ontoereikend. So ernstig was die toestand in Bellevue inderdaad, dat selfs W.P. Schreiner, die eerste minister, op 'n mediese ondersoek aangedring het. Hy verklaar: "De militairen erkenden dat, daar de ziekte hen overvallen was, alles nog niet behoorlijk was geregeld; doch men was bezig alle mogelijke maatregelen te nemen om het lot der ongelukkigen zoo drage-lijk mogelijk te maken."⁷⁹ In Simonstad is gevolglik die barakke van die Engelse artilleriste spoedig omskep, in wat as die "Palace Hospital" bekend sou staan. Lady Briggs wat toestande in hierdie tyd in die hospitaal deeglik ondersoek het, beroem haar daarop dat die geriewe en personeel "was adequate to cope with the severity of the epidemic of interic fever among the prisoners, the seeds of which they unfortunately brought with them from the trenches of Paardeberg." Dit beteken dat die siek gevangenes in Simonstad genoegsame mediese dienste geniet het en dat die omstandig-hede vir hulle herstel gunstig was, "for the nurses", gaan lady Briggs voort, "they are an exceptional set of interesting and clever women."⁸⁰ Dit kan moontlik waar wees dat die epidemies in die Bellevuekamp gouer onder die knie gekry is as byvoorbeeld in die Groenpuntkamp. Op die transportskepe in Simonsbaai het die epidemies egter 'n onbepaalde tyd voortgewoed en 'n hoë tol aan menselewens geëis. Dit bly nietemin 'n ope vraag of die geroemde mediese diens

79. De Kerkbode, 5.4.1900, p. 209.

80. Briggs, Lady.: The Staff work of the Anglo Boer War 1899-1902. Embodying some of the War letters sent to the Morning Post from South Africa, pp. 33-34.

in Simonstad werklik so goed en omstandighede so gunstig was as wat lady Briggs die prentjie probeer skilder. In 'n Engelstalige Kaapse koerant verskyn 'n brief in verband met die epidemie onder die krygsgevangenes in Simonstad en hierin beweer die briefskrywer "that the deaths are very great and I would point out that from the 23rd ulto, to yesterday they have shown an alarming increase, especially from the transport ship City of Cambridge." In die soeke na redes vir die hoë siekte- en sterftesyfer kom die briefskrywer tot die twyfelagtige bevinding dat die siekte aan die Boerse eie lewensgewoontes gewyt moet word. "The Boers are only naked twice in their lives - at their birth and at their death - they are accustomed to sleep in their clothes from one year's end to another, and only take them off when it is necessary to adopt a change of underlinen. Separate night attire is an unknown quantity in their surroundings - to strip a Boer absolutely of his clothing as these patients have necessarily been, simply implies to the others one act, and that is that their brothers are being prepared for their last resting place, this coupled with the general modus operandi adopted by our medical staff, which is needless to say is based upon the latest scientific and hygienic principles, but foreign to the Boer, positively creates a fear which must necessarily retard their recovery."⁸¹

Op die Mongolian was baie siektes en die sterftesyfer hoog en was daar daaglik tussen 110-130 pasiënte in die skeepshospitaal. "In die klein ruimte het al die siekes

81. The Cape Argus, 9.4.1900.

soos harings bo-op mekaar gestapel gelê. Die beddegoed was smerig verklaar H. de Graaf "en die pasiënte het daar bleek en uitgeteer gelê. Oor die sieke se gesig het die ongediertes in rye geloop."⁸² Vir diegene vir wie nie in die hospitaal plek gevind kon word nie, is daar wel mediese ondersoeke gereël. Die siekes moes eenvoudig in "twee rye op die dek kom staan" en dan kom die dokter met sy helper, "gewapen met twee bottels en 'n glasio. Elke pasiënt het uit dieselfde bottel 'n slukkie gekry. Dit het geen verskil gemaak of hy pyn in sy bors, sy maag of sy been het nie."⁸³ Die moderne mediese tegnieke, kennis en beginsels waarop die briefskrywer hierbo hom beroem, is klaarblyklik nie op die transportskepe in belang van die Boerekrygsgevangenes toegepas nie.

Na aanleiding van die aanhoudende klagte van Boereleiers op die Catalonia, is 'n mediese ondersoek na die higiëniese toestande aan boord op 15 Januarie 1900 ingestel en het die geneesheer 'n ontstellende verslag daaroor voorgelê. Hy vind dat "sleeping accomodations is inadequate for the number of prisoners, so that not even half the cubic space of fresh air can be enjoyed by them according to prison regulations."⁸⁴ Ook die dekruimte is hopeloos onvoldoende vir liggaamlike oefening en ontspanning. "The number of W.C.'s and urinals are insufficient, water supply is likewise insufficient. The bathing and washing accomodation are insufficient. The atmosphere through want of

82. De Graaf, H.: op. cit., p. 201.

83. Ibid.

84. S.O.P. PR/A 23. Mediese verslag oor toestande op die Catalonia, 15.1.1900.

fresh air in the sleeping compartments is so polluted that undoubtedly an epidemic of malaria or typhoid fever will be caused of which a number of prisoners are already suffering."⁸⁵

In die lig van hierdie mediese bevinding, is dit duidelik dat die mediese aspekte van die verblyf van krygsgevangenes aan boord skokkend was.

In Groenpunt was die toestand veel erger. Daar het 'n masel- en koors-epidemie gelyktydig gewoed, maar daar was aanvanklik geen hospitaalgeriewe nie. Die siekes het onversorg oral tussen die ander krygsgevangenes in oorvol tente in die nat Kaapse weer, gelê. Die mediese diens was ontoereikend en die sterftesyfer skrikwekkend hoog.⁸⁶ Dokter "Bietjie Beter",⁸⁷ soos die kampdokter onder die krygsgevangenes bekend gestaan het, het haas niks gedoen om die toestand te verbeter nie. In 'n tent was sy hoofkwartier en daar is pasiënte "afgeskeep met gekleurde water uit dieselfde bottel," verklaar H. de Graaf.⁸⁸ Die krygsgevangenes het die indruk gekry dat die behandeling steeds versleg het. Die medisyne sowel as die voeding was onvoldoende en "naderhand werdt van alles afgenomen."⁸⁹ Die toestand het sorgwekkend geraak. Volgens syfers wat ds. W.A. Alheit verstrek het, was daar tot en met sy vertrek uit Groenpunt teen die einde van Julie 1900, 375 krygsgevangenes

85. Ibid.

86. T.A. Dagboek van S.J. Burgers, pp. 67-68.

87. Hierdie alombekende kampdokter kon ongelukkig nie geïdentifiseer word nie.

88. De Graaf, H.: op. cit., p. 26.

89. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 110.

siek aan koors, 263 aan masels en 127 aan ander siektes, terwyl 61 reeds gesterf het. Gelukkig is die gemelde dokter deur die owerheid ontslaan en 'n ander in sy plek aange=stel.⁹⁰ Intussen moes mede-krygsgevangenes die siekes maar so goed as wat dit vir hulle moontlik was, versorg en ver=pleeg.

Ook gedurende die seereise het die epidemies gewoed en is baie sterfgevälle gerapporteer.⁹¹ Daar was min simpatie met die siekes aan boord en die behandeling was in baie ge=välle onmenslik. 'n Krygsgevangene, J.J. Pienaar verklaar dat hy gesien het dat krygsgevangenes wat reeds ylhoofdig was uit hul beddens geklim het en "op die wreedste wyse be=handel is." Op die smeekgeroep van die siekes om water is nie gereageer nie en die lydendes is afgejak en onbeskof behandel.⁹² In dieselfde trant verklaar H.S. Nienaber dat hy getuie was toe 'n ylhoofdige gevangene wat uit sy bed geklim het, "deur een van die oppassers met die swaarste vloeke en skeldwoorde so hardhandig op sy bed teruggesmyt is dat die bloed hom by die neus en mond uitgevloei het. Die ongelukkige het dieselfde nag gesterf." Toe die dok=ters tevore gelas het dat hy ligte kos en melk moes kry, is dit geweier.⁹³

In die oorsese kampe was mediese dienste in die begin ook baie swak. Op st. Helena in die Deadwoodkamp was daar

90. Ibid., pp. 184-185. Ook hierdie geneesheer se naam is nie bekend nie.

91. Vgl. K.A. Aantekeninge van Rocco de Villiers te Bermuda, pp. 126-135; O.M. Herinneringe van S.M. de Villiers, pp. 22-23; V.A. Diary of T.P. Brain, p. 1.

92. De Graaf, H.: op. cit., p. 201.

93. Ibid., p. 202.

volgens beskikbare getuienis, min vertrouwe in die dokter se bekwaamheid. Na 'n oppervlakkige ondersoek gee hy 'n opdrag aan sy assistent en dié gee die sieke 'n lepelvol medisyne uit 'n bottel. Uit dieselfde bottel word medisyne vir feitlik alle siektes gegee.⁹⁴ Die meeste siekes in hierdie kamp is in hul tente of hutjies behandel, gewoonlik deur hulle makkers. Die ernstiger gevalle is in die hospitaal, 'n primitiewe asbesgebou na die beste van hul vermoë deur hul maats versorg.⁹⁵ Die hospitaalbeddens met kaal klapperhaarmatrasse sonder lakens en sy kussings sonder slope, het 'n skrikwekkende uitwerking op die krygsgevangenes gehad. Die moeilikste gevalle van siekte uit albei kampe is na die hospitaal in Jamestown gestuur. Die ambulans wat in die proses gebruik is, was 'n lendelam tentwaentjie, te kort vir 'n draagbaar, met die gevolg dat 'n stuk van die baar en die pasiënt altyd agter uitgesteek het.⁹⁶ Dit is betekenisvol dat die dodetol in die laaste maande van gevangenskap te Deadwood onrusbarend toegeneem het. Dit kan waarskynlik aan die lang tydperk van inkamping en die volgehoue swak en onvoldoende voeding te wyte wees. So erg het die toestand geword, dat die lynkapteins in April 1902 twee keer 'n skrywe in hierdie verband aan die dokters gerig het.⁹⁷ Die krygsgevangenes in Deadwood het egter hoë agting vir dr. Casey gehad. Hy "het hom meer

94. Kotze, C.R.: op. cit., p. 110. Vgl. ook, De Graaf, H.: op. cit., p. 26; V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 66.

95. Kotze, C.R.: op. cit., pp. 110-111.

96. Scholtemeijer, H.: Die Baling oor die See, pp. 66-67. Vgl. ook, Kotze, C.R.: op. cit., pp. 110-111.

97. De Graaf, H.: op. cit., pp. 203-206.

as enige vorige geneesheer beywer om die lydende burgers se lot te versag."⁹⁸

'n Gevangene in Broadbottom maak ook melding van die swak mediese diens in hierdie kamp. "De dokter werkte zeer hard want hy onderzocht tweehonderd en negentien per uur," terwyl hy homself tussen-in met whisky vir sy veeleisende taak moet versterk. "De dokter zat in een kamer. Een sergeant major met pen en ontzaglik boek teekende namen, kwalen enz. der krygsgevangenen op. Green de krygsgevangene die in hospitaal werkte en nog drie orderlies stonden gereed om de bevelen van kwakzalver uit te voeren. Carroll ons lynkaptein moest ook helpen terwyl er nog eene orderly druk bezig was met het aanbrengen der drank."⁹⁹

Oor die hospitaal in Jamestown en die behandeling daar, was daar gereeld baie klagte. Daar is die gevangenes aan die ruwe, onverskillige en onsimpatieke behandeling van die hospitaaldokter onderwerp. Die krygsgevangenes het hom gevolglik persoonlik aanspreeklik vir die dood van 'n aantal krygsgevangenes gehou, verklaar H. de Graaf.¹⁰⁰

In sy herinneringe aan sy verblyf in Diyatalawa, maak 'n oud-krygsgevangene melding van die epidemies in hierdie kamp en noem die buitengewone hoë sterftesyfer, totdat die hulp van Singalese geneeshere eindelijk ingeroep is.¹⁰¹ Ook 'n ander gevangene, I.A. Meyer, beaam hierdie feite en be-

98. *Ibid.*, p. 207.

99. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp. 107-108.

100. De Graaf, H.: op. cit., pp. 207-209. Verklarings deur krygsgevangenes.

101. O.M. Oorlogsherinneringe van J.S. Kruger.

klemtoon die skrikwekkende getal sterfgevallen.¹⁰² Selfs die notule van een van hulle verenigings maak melding van die heersende siekte in die kamp en verklaar die groot afwesigheid van lede juis daaraan, dat "allen onzer leden in de hospitalen en ook in de hutten lydende is aan de koorst, zoo waren er 37 afwezig."¹⁰³

Uit die getuienis van talle krygsgevangenes blyk die feit dat daar aanvanklik geen behoorlike voorsorg teen siektes, of voorsiening vir die mediese behandeling van siekes in Diyatalawa was nie. "'n Paar Tommies en Koelies het in die begin vir die siekes in die hospitaal gesorg," verklaar G.P. Kriek.¹⁰⁴ Die ongewenste toestand het reaksie by die krygsgevangenes uitgelok en sommige van die gesondes het hulself as vrywillige helpers aangebied. 'n Lid van die Nederlandse Rooikruis, maar nou self 'n krygsgevangene, het hulle in 'n mate in verpleging touwys gemaak.¹⁰⁵ Met die toenemende getalle in die hospitaal het dit vir die helpers onmoontlik geword om alles te behartig en is van owerheidsweë verlot aan krygsgevangenes verleen om voltyds in diens geneem te word. Volgens 'n kennisgewing uit die Britse oorlogskantoor in Londen, "it is considered probable men among the Boer Prisoners of War may be found suitable and willing to undertake the duties of attendants on the sick to supplement the staff of the R.A.M.C. (Royal Army Medical Corps) at the station. Authority is hereby given you to employ

102. Meyer, I.A.: Ervarings van 'n Veldkornet in die Engelse Oorlog 1899-1902, pp. 24-26.

103. O.M. C.S.V. Notule van byeenkoms, 11.12.1900.

104. V.A. (R.V.) 119.225. G.P. Kriek - Renier, p. 3.

105. Ibid.

the number that you consider necessary in the interests of the sick."¹⁰⁶ Op hierdie tydstip was daar ongeveer 400 siekes in die hospitaal en in die hutte, terwyl daar ook reeds baie sterfgevalle voorgekom het.¹⁰⁷

Die hospitaalruimte in Diyatalawa is geleidelik ver= groot tot ongeveer 300 beddens, terwyl 'n ander kamp, Mount Lavinia, as 'n hersteloord ingerig is vir diegene wat reeds uit die hospitaal ontslaan is. As gevolg van die toenemen= de siektes, het dit ook nodig geword om die mediese perso= neel tot sewe geneeshere te vergroot.¹⁰⁸ Die grootste ver= plegingstaak is deur 'n groep vrywillige vroue uit Ceylon verrig. "Their was a sacrifice purely in the cause of humanity unsupported by patriotism or the hope of reward. The devoted nursing in the Boer hospital by Sister Lucy and her small staff, had to face the criticism of the blunt Britisher of those times who did not believe in this sort of sacrifice and sentiment," verklaar R.L. Brohier.¹⁰⁹

Die omvang van die siekte het in sommige gevalle epi= demiese afmetings aangeneem en in November 1900 het dit in Diyatalawa 'n hoogtepunt bereik. 'n Opname gedurende hier= die maand het aangetoon dat meer as aghonderd krygsgevange= nes aan koors gely het.¹¹⁰ Op 25 November 1900 teken 'n krygsgevangene in hierdie kamp in sy dagboek aan, dat 'n opname op dié dag aantoon dat siekes in die hospitaal en in die hutte die onheilspellende totaal van 1200 uit onge=

106. S.O.P. PR/A3932. O.C. Communications, War Office, London.

107. V.A.(R.V.) 119.225. G.P. Kriek - Renier, p. 3.

108. Brohier, R.L: op. cit., p. 37.

109. Ibid.

110. Vgl. Dagboek van C.P. Pretorius te Ceylon, p. 48.

veer 4000 gevangenes in die kamp beloop het.¹¹¹ Vir epidemies van sodanige omvang was die mediese diens nie naastenby opgewasse nie en met die beste wil en uiterste inspanning was dit vir die beskikbare mediese personeel onmoontlik om dié toestand die hoof te bied.

Soos ten opsigte van vele ander dienste, blyk dit duidelik dat mediese versorging van die krygsgevangenes heelwat te wense oorgelaat het. Hoewel krygsgevangenes in die reël net hul klagte en besware oor mediese diens- en versorging in hul dagboeke en herinneringe aanteken, kan 'n mens aanneem dat in sommige gevalle en kampe daar moontlik geskikte mediese hulp en hospitale was. Dit was ook nie altyd die geval dat die Britse militêre owerhede laks en onverskillig teenoor die siekes in die kampe gestaan het nie, maar was dit grotendeels aan ontoereikende mediese dienste en voorrade toe te skryf dat siektes, epidemies en sterfgevalle so 'n groot afmeting aangeneem het. Die algemene indruk wat die getuienisse egter nalaat, is dat die mediese versorgingsaspekte van die krygsgevangekampe alles behalwe menswaardig was en nie met die Geneefse reëls ten opsigte van gesondheidsdienste vir krygsgevangenes in ooreenstemming was nie. 'n Opvallende verskynsel is dat die internasionale Rooikruis van destyds klaarblyklik nie met die behandeling van siekte of epidemies in die verskillende krygsgevangekampe bemoeienis gemaak het nie.

* * *

111. Ibid., p. 48.

Soos reeds vantevore beklemtoon is, was die lewe van die krygsgevangenes onaangenaam en vol ontberings. Selfs die mediese dienste en hospitaalgeriewe was aanvanklik onvoldoende om epidemies die hoof te bied, Deur die nood daartoe verplig, het die krygsgevangenes hulp aangebied en op hulle ongeskoolde manier probeer om die talle siekes so goed as moontlik te versorg.¹¹² Dit was egter nie goed genoeg nie en baie sterfgevälle het veral in Groenpuntkamp voorgekom. Onder die kampomstandighede het 'n sterfgeval so 'n geteisterde gemeenskap diep getref, want ten spyte van onderlinge geskille was daar die groeiende kameraadskap en dikwels familiebande. Op 26 Maart 1900 is die eerste sterfgeval in Groenpuntkamp aangemeld. "Er werdt eene zeer indrukwekkende lykrede en begrafnis gehouden," verklaar Hugo van Niekerk.¹¹³

In 'n dagboek van H.H. van Niekerk, 'n krygsgevangene in Diyatalawa, verskyn 'n gevoelvolle beskrywing van die eerste kampbegrafnis in hierdie kamp. "We hebben onze eerste dooden begraven. Vóór wij hier kwamen lag het kerkhof reeds gereed. Een sinister gevoel beving ons toen wij het zagen liggen, eenzaam in boomlooze omgeving. Zaterdag zijn wij er heen gegaan en hebben twee medestrijders begraven. Ver van huis, van vrouw en kind zijn ze in gevangenschap gestorven, zijn ze begraven in vijandelijken bodem. Er was zomberheid in de schaar, die de gestorvenen begeleidde naar

112. V.A.(R.V.) 119.225 G.P. Kriek - Renier. Vgl. ook S.O.P. PR/A3932, O.C. Communication, War Office, London.

113. O.M.(-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 109.

het kerkhof. Er was zomberheid, omdat men dacht aan het vaderland, aan zijn huis. Dat waren de eersten. Wie na hen?"¹¹⁴

Dit kan goed begryp word dat hierdie eerste begrafnis die gemoedere van die krygsgevangenes diep ontroer het en dat dit hulle op 'n besondere wyse aangegryp het. Verreweg die meerderheid van hulle was oorspanne en tydelik emosioneel onewewigtig en gevolglik besonder ontvanklik vir die sielkundige invloed van die dood van 'n makker en die daaropvolgende begrafnis in vreemde bodem. "De schare na= derde het kerkhof," gaan die skrywer voort, "de militairen vooraan, het geweer met beneden gerichten tromp. Gezang en een warm woord van ds. Postma. Toen de militaire eer: drie salvo's, daarna een kort saluut der hoornblazers - even indrukwekkend. Nog een enkel woord en een plechtig gezang ... het zand valt op de kisten. Ze zyn begraven ver van vrouw en kind in vijandelijken bodem."¹¹⁵

In byna gelyke trant, maar gekleur met diepe simpatie en deernis skryf dieselfde krygsgevangene oor die begraafplaas in Diyatalawa. Oorheersend hierin is die finaliteit van die wete dat vriende en makkers in vreemde aarde weggeleê is. "Zy zyn in de doodsakker weggelegd, daar rust hunne ziele van het werelds gewoel, kommer en smarte. Daar ligt hunne graven in een vreemd land, op een eiland, wier graven nimmer meer zal bezocht worden, als wy in het land onzer inwoonings teruggekeerd zyn. Hier liggen zy verwy=

114. O.M. Dagboek van H.H. van Niekerk te Ceylon, p. 3.
Vgl. ook De Prikkeldraad, 19.9.1900.

115. O.M. Dagboek van H.H. van Niekerk te Ceylon,
pp. 3-4.

derd van hun vaderland, verwyder van hun vaders, broeders, zuster, en familie, op vyandelijke bodem."¹¹⁶

Dit is egter nie net die krygsgevangenes wat deur die begraafplase aangegryp word nie. Met soveel simpatie, asof hy persoonlik ook hierby betrokke is, skryf R.L. Brohier in enkele sinne oor hierdie laaste rusplek van die gestorwe krygsgevangenes in Diyatalawa. "When the Boer camp was originally planned, this secluded site on a quiet knoll was requisitioned as a sleeping place for those who would never leave the scene of their transient abode. Here, as month gave way to month, one might have seen row upon row of tombstones rise."¹¹⁷ Treffend teken hierdie skrywer ook die feit dat die dood alle aardse verskille oorbrug. "On the southern side of this hallowed acre there are 133 graves in six lines, separated by pathways paved with white stones, where the Boers were buried. On the northern side there are two lines of British dead, mostly from the regiments on guard. Victor and vanquished thus lie side by side having responded to the "last call"."¹¹⁸

Alle begraafplase het 'n eie sombere atmosfeer en karakter, maar veel merkbaarder, opvallender en treffender is dié van die krygsgevangekampe. "The peacefulness of the surroundings of this country kindles an indefinable sadness as the eye scans the lines of crosses. The cross and the carved inscription were originally of wood, the handiwork of the Boers themselves," skryf R.L. Brohier.¹¹⁹

116. Ibid., p. 5.

117. Brohier, R.L.: op. cit., p. 6.

118. Ibid., p. 6.

119. Ibid., p. 7.

Volgens die inskripsies op die grafte in Diyatalawa, is Douw van der Walt van Bloemfontein, sestien jaar oud, en Abraham J. Wiessener van Thaba'Nchu, ook sestien jaar oud, die jongste twee krygsgevangenes wat daar hul laaste rusplek gevind het. "Pathetic to recall, it was mostly the youth that appear to have fallen victims to the stream of death which enteric fever let loose, and several who died between September 1900 and February the following year, were still in their teens."¹²⁰ Ook die oues van dae sou nie weer na Suid-Afrika terugkeer nie. Die oudste krygsgevangene wat in Diyatalawa begrawe lê, Dawid J. Henop van Kroonstad, was reeds negentig jaar oud en op 10 Desember 1902 is ook Pieter Jordaan, sewe-en-tagtig jaar oud, in dié begraafplaas ter ruste gelê.¹²¹

In hierdie gewyde plek rus die oorskot van minstens drie geslagte van die Afrikaanse nasie. "The tragedy of these simple inscriptions", skryf R.L. Brohier, "can be traced in many diverse ways. Contemplate the coincidence of Jacobus F. Greyling and Jacobus L. Greyling being buried on one and the same day. They were both Free Staters, the first aged 25 years of age, from Wepener; the second 23 years old from Ficksburg. Were they brothers? And there is the case of the two Prinsloes of Ficksburg, one aged 18 who died on the 15th of March 1901, the other aged 51 who died 3 days later. Were they father and son? And did the father not will to live when his son was taken away?"¹²²

120. Ibid., p. 7.

121. Ibid., p. 7.

122. Ibid., p. 7.

So omspan 'n tragiese atmosfeer hierdie begraafplaas en fluister dit 'n weeklaag van onuitgesproke lyding en baie leed.

Versprei oor 'n groot deel van die aarde lê etlike honderde krygsgevangenes begrawe en hopies grond teen 'n skuinste, eenvoudige houtkruisies met die naam van die gestorwene daarop, is die enigste sigbare getuienis van hierdie deel van die Afrikaner se geskiedenis in ander wêrelddele. "So lê ons dierbares in Indië, Ceylon, Bermuda, St. Helena en elders; so het Engeland die klein Boere-volkie se beendere oor die hele Empire gestrooi," aldus C.R. Kotze.¹²³

In 'n oomblik van diepe ontroering by die aanskoue van die begraafplaas op St. Helena, verval J.H.L. Schumann in 'n bepeinsing oor hierdie gewyde stukkie grond. "Op dit plekje begraven wy onze dooden. De graven nemen zoo langzamerhand toe in aantal. Geen kostbare grafsteen of torens of monumenten ziet men hier. Hier en daar is een eenvoudige houten kruisje, of plankje, waarop naam enz. van de overledene te lezen zyn. Hoe verstrooid leggen onze Afrikaansche dooden sedert het jaar 1900. Geen blyvende stad, geen blyvende stad!, roept ons dit alles toe."¹²⁴

Van die krygsgevangenes op St. Helena het uiteindelik besluit om 'n monument of gedenkteken ter herinnering aan die gestorwe makkers op te rig. In hul kampkoerant, De Krijgsgevangene, is 'n oproep om bydraes gedoen om "een gedenkteken op te richten ter nagedachtenis van onze hier op dit eiland gestorvene broederen." Die koerant bepleit 'n

123. Kotze, C.R.: op. cit., p. 112.

124. Schumann, J.H.L.: St. Helena, p. 23.

monument wat "zoo goed en zoo mooi mogelijk zal zijn, dat het een prachtwerk zal zijn, waarover wij ons niet zullen beschroomd gevoelen het de geheele wereld aan te wijzen als zijnde door ons opgericht."¹²⁵

Aangrypender as enige gebeurtenis in hulle bewoë lewe in die vreemde, is die eenvoudige beskrywing van die laaste begrafnis van 'n krygsgevangene in Indië. Op die môre van hulle vertrek uit hul kamp, Solon, op 11 September 1902, sterf een van die gevangenes. Vir hom was dit slegs beskore om te weet dat hulle mag huis toe gaan. Hyself het so vurig daarna uitgesien, maar hierdie reis sou hy nie mee maak nie. Die ander se vreugde is hierdeur gedemp en die groot opgewondenheid is versomber. Die aand is hy begrawe. 'n Ouderling het die begrafnisdiens gelei en "die soldate (het) 3 sarsies oor die graf geskiet. Daarna met die ondergaan van die son het twee beuelblasers een aan die hoofend en een aan die voetend van die graf die aandblaas geblaas. Maar toe snik ons klomp mans soos ons huil, dit het 'n vreeslike indruk op ons gemaak toe die geklank van die beuel oor die klowe van die Hemelaai se berge wegsterf."¹²⁶

125. De Krijgsgevangene, 20.7.1901.

126. V.A.(R.V.) 119.1201. Dagboek van I.J. Stoltz, pp. 88-89.

HOOFSTUK 10

DIE OPTREDE VAN VREDESKOMITEES IN DIE KAMPE

Reeds in die vroeë fase van die oorlog was daar aan Boerekant diegene wat hulle aan die stryd onttrek het. As redes vir hiërdie stap, noem V.E. Solomon die fatalisme wat die burgers na die Britse inname van Bloemfontein en Pretoria oorval het, die uitputting deur die oorlog en die proklamasies van lord Roberts, die opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika. Veral die proklamasies het groot druk op die burgers uitgeoefen "to bring about a cessation of the active operations, in order to spare their families and property."¹ Die burgers het vertroue in hulle offisiere verloor omdat hulle die vyand nie gestuit het nie. Talle burgers het as gevolg hiervan moed verloor en selfs offisiere "saw no further purpose in fighting." Daar was onder die burgers ook groot getalle "who were not sufficiently endowed to grasp the deeper issues involved in the war itself. The course of the war was henceforth to be increasingly marked by alienation between those who meant to fight to the bitter end and those who saw things in a different light."²

Strenger Britse maatreëls, die verwoesting van plase en ander eiendom, die belofte van beskerming van lewe en eiendom aan diegene wat die wapens vrywillig neerlê,

-
1. Krygshistoriese Tydskrif, dl. 3, no. 1, pp. 13-14.
Vgl. ook, O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 301.
 2. Krygshistoriese Tydskrif, dl. 3, no. 1, pp. 14-15.

het talle burgers finaal laat besluit om oor te gee. "In time a significant number of Boers disengaged themselves from active opposition to the British, and by so-doing earned the contempt and hatred of their erstwhile comrades and the approbrious epithet "Handsupper", aldus Solomon. Hy toon voorts aan dat in die geledere van hierdie handsuppers daar twee duidelike groepe te onderskei was, naamlik die passiewe en die aktiewe handsuppers. Eersgenoemde was van meet af nooit geskik vir militêre diens nie, het nooit die deug van offervaardigheid besit nie en sou waarskynlik onder geen omstandighede met 'n stryd volhard nie. Nadat hulle die eed van neutraliteit afgelê het, het hulle na hulle plase teruggekeer en daar gebly solank as hulle dit toegelaat is. Hulle het egter niks gedoen om die strydende burgers te dwarsboom, of om die vyand se krygsoperasies te bevorder nie. Met die aktiewe groep handsuppers was dit anders gesteld. Dit was burgers "who voluntarily took the oath of neutrality because they were convinced that the war was lost and that further resistance was not only useless but would be disastrous for the Boer nation. These handsuppers did not only surrender but strove, to greater or lesser degree, to bring the war to an end."³ Dit is hierdie groep wat hulle in Britse diens laat gebruik het om vrede deur oorgawe te verkondig. Die Britse militêre leiers sou hulle dienste spoedig tot Britse voordeel inspan.

In Boeregeledere was daar 'n verdere groep weekhartiges, die joiners. Hulle was diegene wat die Boeremagte

3. Ibid., p. 15.

verlaat en hulle dienste by die vyand aangebied het. Hulle was gewillig tot 'n aktiewe deelname aan krygsverrigtinge. Die vyand sou hulle egter nie dadelik in hul militêre operasies gebruik nie, maar hulle tog nuttig in verkenningswerk gebruik. Later sou hulle ook aktief optree. Joiners en die aktiewe handsuppers is egter van die begin af as afgevaardigdes ingespan om deur 'n berekende veldtog die getroues in Boeregeledere te velde en in krygsgevangekampe tot oorgawe te verlei. Deur so 'n handelwyse het hulle waarskynlik probeer om groter guns van die Britse owerheid te wen ten einde vir hulself 'n veilige toekoms onder Britse bewind te verseker.

Kort nadat lord Kitchener die opperbevel van die Britse magte in Suid-Afrika in November 1900 oorgeneem het, is die Burger Vredeskomitee in die lewe geroep. Die hoofkomitee is uit invloedryke Boere saamgestel, mense wat reeds tevore die eed van neutraliteit afgelê en hulle voortaan vir die verkryging van vrede beywer het. Hulle was die aktiewe deel van die handsuppers; gevolglik is op verskillende dorpe en oral op die platteland vredeskomitees gestig om die veldtog vir vrede onder die strydende burgers te voer. Hierdie bedrywighede en werksaamhede van die handsuppers "forms one of the saddest episodes in the hands-uppers history," beweer V.E. Solomon.⁴ Die verloop van die vredesbeweging bevestig hierdie bevinding.

Kitchener het hierdie vredesbeweging heelhartig gesteun, want dit was hul taak om die oorlogvermoeide burgers

4. Ibid., p. 16.

tot wapenaflegging te beïnvloed. Onder leiding van M. de Kock, die president van die Burgher Peace Committee is die druk op die burgers te velde verskerp. Hulle moes onder die indruk gebring word van "the hopelessness of continuing the struggle and the wisdom of a general surrender." Eksemplare van 'n toespraak van Kitchener voor die vredeskomitee is landswyd versprei en lede van die komitee moes selfs die kommando's besoek en die nuwe landsomstandighede daar gaan verduidelik en propageer.⁵

By die kommando's is hulle verjaag of gevange geneem, maar die oorblywende lede het hulle tot die Afrikaanse bevolking van Kaapland gewend. Met die volle goedkeuring van Kitchener is 'n afvaardiging bestaande uit P.D. de Wet, F. van Niekerk en C.L. Botha na Kaapstad waar hulle eers probeer het om die samewerking van die Afrikaner Bond te werf vir die beëindiging van die oorlog. Die Bond was daarvoor nie te vinde nie en gevolglik het hulle die kerklike leiers tot hulle sienswyse probeer oorreed. Hulle wys op die feit dat hulle geveg het tot dat hulle besef het dat 'n voortsetting van die stryd hopeloos was, "as serving only to destroy our country and to annihilate our people."⁶ Ds. A. Murray is spesiaal genader met 'n vroom belydenis van, "we are for peace at any price, as we consider the battle lost, and we even consider the restoration of our independence as undesirable as it is impossible under the cir-

5. Ibid., p. 16.

6. Ibid., p. 16. Vgl. ook: C.O.224/3. Verslag der Vredes Deputatie.

cumstances.⁷

Dat hulle werklik baie sterk ten gunste van vrede was, sal niemand betwyfel nie, maar dit was geen nuwe begeerte nie, want dit was ewe waar van die burgers op kommando. Dit was trouens reeds voor die oorlog die wens van die burgers wat nooit voorstanders van 'n oorlog was nie. Hulle het geveg ter wille van hul eer, hul land se onafhanklikheid en wat hulle as 'n saak van reg en geregtigheid beskou het. Die vredemakers se argumente het in werklikheid met niks nuuts voor die dag gekom nie. Dit skyn asof hulle mooi klinkende woorde en gedagteskimme daarop gemik was om hulself van die heil van hul eie verraad te oortuig.

Hulle voer hul redenasies nog 'n stap verder en beweer dat as die Boereleiers op kommando omgepraat kan word om die wapens neer te lê "and to trust to Englands magnanimity, that there is every chance of obtaining such help from Great Britain, as could save our people from total destruction; this cannot however, be expected if this hopeless struggle is continued to the bitter end, involving far greater loss of life and treasure."⁸

Dit is verbasend watter kwaliteite hierdie verraaiers nou eensklaps by hulle vorige vyande gevind het. Selfs die vyand sou na hierdie deugde wat aan hulle toegedig is, waarskynlik vreemd opgekyk het. Ds. Andrew Murray het gevolglik die pleidooi van hierdie Britse gunssoeikers geweier en besluit, "as far as I can judge, the way which you propose

7. C.D. 903. Affairs in South Africa, p. 47. Vgl.

C.O. 224/3. Verslag der Vredes Deputatie.

8. C.D. 903. Affairs in South Africa, p. 48.
Verslag van vredesdeputatie.

is not that which will lead to an honourable and desired peace."⁹ Wat egter ook al die motiewe of eerlike oogmerke van die vredeskomitee was, een feit bly staan en dit is, dat hul bedrywighede die burgers te velde, of oral waar hulle met die burgers in aanraking gekom het, verwar en talle van hulle afvallig gemaak het.

Nadat hulle onderhandelinge met ds. Murray en ander kerklike leiers misluk het, het hulle hulle in 'n desperate poging tot die krygsgevangenes in die kampe gewend. "It was suggested to Milner that influential men from among these prisoners be sent to the refugee camps, there to attempt to prevail upon the women to appeal to their kinsmen still in the field to come in and surrender; also that those prisoners who were leaning towards peace be parted from their irreconcilable brethren and placed in separate Peace Camps."¹⁰

In die Suid-Afrikaanse krygsgevangekampe was hierdie meewerkers spoedig volop. Die krygsgevangenes het hulle gevrees, want hulle was onseker oor die optrede van die militêre owerheid teenoor gevangenes wat deur die Britse handlangers aangekla word. Die krygsgevangenes het dit gevolglik as 'n waagstuk beskou om 'n opinie oor politieke of militêre aspekte van die oorlog uit te spreek. Daar was gewoonlik oorgenoeg gewillige nuusdraers om die kampowerheid op hoogte van beskouinge en sieninge van die getroue Boerekrygs-

9. Ibid. Vgl. ook C.O.224/3. Verslag der Vredes Deputatie.

10. Krygshistoriese Tydskrif, dl. 3, no. 1, p. 16.
Vgl. C.O.224/3 Vredeskomitee aan Milner, 25.2.1901.

gevangenes te hou.¹¹

In kampe soos Bellevue en Tin Town het die Boeresimpatiseerders met die Engelse, later selfs die meerderheid gevorm. D.S. van Warmeloo stel dit as 'n feit dat Tin Town, die kamp in Ladysmith, byna uitsluitlik vir hierdie soort krygsgevangenes gebruik is. Hulle het die eed van neutraliteit kort na hul gevangeneming reeds afgelê, is hier as gevangenes aangehou waar hulle veilig teen die vervolging van getroue burgers verkeer het.¹²

Talle krygsgevangenes verklaar dat die meeste van die ontsnappingspogings deur hierdie verraaiers in eie geledere verongeluk is. As gevolg van hul rol is die getroues tot groot versigtigheid verplig en was daar van laasgenoemde se kant 'n veldtog om verraaiers op te spoor en teen hulle op te tree. Die meeste van die simpatiseerders is nie oorsese weggestuur nie, sodat die gevangenes in die oorsese kampe aanvanklik van hulle ontslae was.

Hierdie georganiseerde optrede van vredeskomitees het momentum aan die bedrywighede van vroeëre oorlopers onder die krygsgevangenes gegee. Krygsgevangenes sou in 'n besondere mate aan die beïnvloeding van die agente van vredeskomitees blootgestel word, want die meewerkers is met bepaalde opdragte na die kampe gestuur. Krygsgevangenes moes omgepraat word om hulle trou aan die Boeresak af te sweer

11. K.A. Aantekeninge van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 119.

12. Van Warmeloo, D.S.: Myn Commando en Guerilla Commando-leven, p. 213.

en hulle aan Britse heerskappy te onderwerp.¹³ Daarom is P.D. de Wet, die eertydse Boeregeneraal en broer van die beroemde genl. Christiaan de Wet, saam met ander lede van die vredeskomitee toegelaat om die kampe in Bellevue en Groenpunt te besoek. Hierdie komitee moes die krygsgevangenes behoorlik inlig oor die groot voordele van Britse onderdaanskap. Hulle het van die krygsgevangenes verwag om lyste waardeur hulle vir vrede deur oorgawe agiteer, te teken. Hierdie lyste moes dan aan die Boere-offisiere en die politieke leiers te velde gestuur word om hulle daardeur moreel te verplig om ook die stryd te staak.¹⁴

Die oorlopers het met gewigtige argumente waarvan die waarheid nie betwyfel kon word nie, voor die dag gekom. Dit is heeltemal waar dat die oorlog vir die krygsgevangenes verby was en of hulle aan Brittanje trou sweer of aan die Boeresak getrou bly, kon tot die verloop van die oorlog niks verander of bydra nie. Die doel van die besoeke van die lede van die vredeskomitee aan die kampe het egter veel dieper gelê. Hulle wou die krygsgevangenes as 'n dwingende faktor gebruik.¹⁵ In hul verwarde en ontwrigte geestelike sowel as verswakte fisieke toestand was die swakkeres onder die gevangenes 'n maklike slagoffer van hierdie vredemakers wat veral die benarde toestand en die ellende van die vroue en kinders in die Republiek ten volle uitgebuit het.¹⁶

13. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard te Groenpunt, p. 113. Vgl. C.O.224/3. Vredeskomitee aan Milner, 25.2.1901.

14. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 45. Vgl. T.A. Herineringe van J.D.T. Krynauw, pp. 50-51.

15. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 301.

16. Krygshistoriese Tydskrif, dl. 3, no. 1, p. 17.

Dit moet ook beklemtoon word dat 'n hoë persentasie gevangenes nie helde was nie, dat hulle wel op kommando was, maar by die eerste moontlike geleentheid oorgegee het, of soos Hugo van Niekerk dit beskryf: "zij die slechts één schoot in den geheelen oorlog afschoten, en dat naar een paard of muil."¹⁷ Dit is gevolglik verstaanbaar dat die boodskap van die lede van die vredeskomitee deur hierdie groep gunstig ontvang is. Die vredeskomitee se propaganda was 'n emosionele spel wat hulle bepland, met kundigheid en met oorleg gespeel het.

Vergaderings is vir hulle in die kampe belê. Uit 'n verslag oor 'n byeenkoms in die Bellevuekamp, blyk dit bo enige twyfel dat genl. P.D. de Wet groot welslae behaal het. "This meeting having heard the explanation given by the delegates of the Peace Committee of the Orange River Colony, and considering that it is in the interests of the Afrikaner population that the struggle should cease as soon as possible, resolves to proceed with the election of a Sub-Peace Committee."¹⁸ 'n Paar lede is reeds in die komitee benoem en die doel daarmee is duidelik geformuleer: "to continue the work begun by the Peace Delegates, and to increase the numbers of prisoners of war who are peacefully inclined in the Bellevue camp by drafting them from Green Point Camp and elsewhere, subject of course, to the consent of the authorities, and generally also to work in the

17. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 102.

18. C.D.903. Affairs in South Africa, p. 10. Vredeskomitee oor hul besoek aan Bellevue, 29.6.1901.

interests of peace."¹⁹

Op 29 Junie 1900 bevestig die vredesagente dat hulle 'n vredeskamp in Bellevue gestig het met die uitgesproke doel "to separate all those prisoners who are in favour of peace from those who persist in wishing the war to continue to the detriment of the general body of the inhabitants of the two late republics."²⁰

Met die besoek van die vredeskomitee aan die Groenpunt-kamp het hulle egter die wind van voor gekry. Die inwoners van hierdie kamp het hulle uitgejaag, maar hulle het reeds hulle aanhangers gehad. In 'n bylae tot 'n verslag oor hulle werksaamhede berig hulle self dat hulle Groenpuntkamp besoek het, "but we regret to say that we were met with a decided rebuff. The gentlemen whom we asked to meet us one and all refused to do so."²¹ Hulle beweer voorts dat hulle oortuig daarvan is, dat die gevangenes hulle graag sou wou ontmoet en aanhoor, "but there seems to be some influence at work in camp which prevented them." Die vredemakers beveel aan dat die Britse bevelvoerders tot hulle eie voordeel, al die vredeliewendes uit Groenpunt na Bellevuekamp laat verwyder. Deur dit te doen, word die owerheid in staat gestel om die wagte in die een kamp te verminder en hulle dan elders met meer sukses in die oorlogspoging te gebruik.²²

Oor die besoek van die lede van die vredeskomitee aan Groenpunt, skryf 'n krygsgevangene 'n luimige en realistiese

19. *Ibid.*, p. 10.

20. *Ibid.*, p. 45.

21. *Ibid.*, p. 46. Vgl. ook C.O.224/3. Vredeskomitee aan Alfred Milner, 15.2.1901.

22. C.D.903. Affairs in South Africa, p. 46. Verslag van vredesdeputasie.

verslag. Hulle het gekom, "maar helle was schaars en toen was helle weer eit. Ons heef hulle ront gestamp en gestoot dat daar geen andere kans voor helle was as vlug voor helle leeven helle heef op hanne en voeten die hek eit gegaan en helle heef met schande daar afgekome en voor mannen heef an dië engelsche officieren gezeg helle moet niet weer zulke menschen hier laat en kom nie, of ons zal helle leevendig begrafen want helle is slech dat helle leef."²³

Op 18 Maart 1901 teken 'n krygsgevangene in sy dagboek aan dat die vredeskomitee op daardie dag 'n besoek aan die Groenpuntkamp afgelê het "en een vergadering te hebben met de kreigsgevangenen."²⁴ Op 12 April is daar weer 'n doring in die vlees, want op "dezen datum wort hier een memorie te tekening aangeboden aan onze regering vragende dat onze voormannen hunnerzyts iets moge doien om ter wille van vrouwe en kinderen vrede te maken deze memorie wert talrijk getekent."²⁵

Hierdie vorm van ontrou was vir die getroue krygsgevangenes meer as net 'n ergenis. Dit het by die denkende en oortuigde vaderlander 'n pynlike gemoedstryd veroorsaak. Slegs die gedagte dat daar by so 'n groot groep wat ook vir die selfstandige voortbestaan van hul land geveg het, so min veggees oorgebly het, het die oortuiging gesterk dat die nasionalisme van baie bloot op die oppervlakte gelê het. Die offervaardigheid, die bindstof wat van mense 'n nasie maak, het steeds ontbreek. Die hele omstandigheid en die onstel=

23. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard te Groenpunt, pp. 38-39.

24. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 289.

25. Ibid., p. 301.

lende gebeurtenisse moes noodwendig baie vrae laat ontstaan. Hulle gemoed was onrustig oor die vraag of dit die lyding en ontbering werd was as die nasionale bewussyn oënskynlik ontbreek en volkstrou so maklik in ontrou ontaard. Daar was diegene vir wie die oorlog 'n regverdige stryd was, maar daar was ook diegene wat reeds voor die glans van die vyand gewillig was om sy trou af te sweer en die veroweraar te dien.

Die vredesbeweging het die kampelewe in beroering gebring en het die verdere nadelige gevolg gehad dat die owerheid, anders as tevore, in die kampelewe moes inmeng, omdat hulle verplig was om hulle handlangers teen die woede en wraak van die ander gevangenes te beskerm. Hiermee het 'n ketterjag op die getroues begin, want die leiers van die teen-agitasies moes ook uitgeruik en gestraf word. Dit het die kampelewe nadelig getref, want die vrees vir verraad en straf was voortdurend teenwoordig. Dit sou al moeiliker vir die krygsgevangenes word om te weet wie vertrou mag word en wie nie. Hierdie gevoel van agterdog en wantroue sou uiteraard die meeste bedrywighede in die kampe nadelig tref. Ook die stortvloed van allerlei oortuigende vredespropaganda het die meeste krygsgevangenes op die duur begin verwar en veral vir die minder ontwikkeldes was dit bykans onmoontlik om in hierdie propagandaveldtog 'n eie rigting te vind. 'n Krygsgevangene getuig: "Wy bevonden dat er een massa rapporten van eene vergadering van den zoogenaamde Vredescomte in ons kamp gezonden waren, selfs 'n toespraak van Kitchener

ingeplak."²⁶ Dit alles het groot onsekerheid meegebring.

Na mate die oorlog vir die Britse troepe 'n gunstiger wending geneem het, is die veldtog om ontrou in Boeregelede aan te moedig, verskerp. Daar was selfs pogings om die integriteit van Boereleiers en burgers te velde aan te tas. In 'n Engelstalige Kaapse koerant verskyn op 12 Julie 1900 'n oproep deur F.J.J. Cilliers, 'n krygsgevangene in die Groenpuntkamp. Hy doen 'n beroep op die republikeinse boere wat nog ongehinderd op hulle plase is "to go to those ruffians in the veld to explain to them the humane conditions of Lord Kitchener. The humane proclamations of Lord Kitchener are taken no notice of. I request you, brothers to proceed to the Boer camps and tell them there that Steyn is nothing more but a ruffian refugee on British territory. We prisoners of war have resolved to request Lord Kitchener to apply the severest measures, if they continue to ignore his good intentions."²⁷

Al meer volgeling het by die vredesbeweging aangesluit en die wantroue en verbittering in die kampe het daaglik toegeneem. 'n Groep gevangenes het hulle selfs bereid verklaar om die eed van trou af te lê en skryf dat die Transvalers hulle teen die oorlog gekant verklaar.²⁸ Teen hierdie verraad het reaksie gekom en die leiers van die getroues "nemen de lijst af waardoor eene grote rumoer ont-

26. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp. 102-103.

27. The Cape Argus, 12.7.1900. Artikel deur F.J.J. Cilliers.

28. Dagboek van H. van der Watt, 20.8.1900. (oorspronklike in besit van mev. S.J. van Rensburg van Bloemfontein). Vgl. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp.11-17.

stond." Meer as tweehonderd gevangenes het reeds op dié lys geteken. Hulle name is voor al die ander afgelees so= dat almal moes weet wie ontrou is. Die Britsgesindes het egter dadelik weer met 'n nuwe lys begin. Die voorsitter wou selfs "de vergadering met betrekking tot de lijst met gebed openen," skryf H. van der Watt met verontwaardiging.²⁹ Wat die uitkoms van hierdie lys was, is nie bekend nie.

Die toestand is vererger deur die aankoms van die ge= vangenes wat onder generaal M. Prinsloo oorgegee het. In talle van hulle het min veggees oorgebly. "Vandaag gebeur= de er weer iets die ons eentonig leven weer aanwakkerde," skryf Hugo van Niekerk. Hy deel voorts mee van 'n memorie wat in die kamp rondgestuur word. Die ondertekenaars gee daarin te kenne dat hul spyt is dat hulle ooit teen die Engelse geveg het, vra feitlik verskoning daarvoor, belowe onderdanigheid en vra die owerheid om hulle huis toe te stuur. Die beter tipe krygsgevangenes het die onderteke= naars van hierdie lys uitgejou, maar dit is hieruit ook dui= delik dat die Britse owerheid en die vredeskomitee uitstekend daarin geslaag het om onderlinge wantroue, tweedrag en selfs vyandskap te saai. So erg het dit geword dat rusies en selfs vuisgevegte dikwels voorgekom het.³⁰ Die ontrou sou nog erger word, want slegs 'n paar dae later skryf H. van Niekerk: "Het is droevig dat er nu onder ons velen zijn die verblijd zijn als den Boeren gevangen worden of ander tegenspoeden krygen. Alwyn Rautenbach zeiden van morgen openlijk dat zij blij zijn als de boeren een nederlaag

29. Dagboek van H. van der Watt, 20.8.1900.

30. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp. 10-17. Vgl. Dagboek van H. van der Watt, 20.8.1900.

krijgen."³¹ So het die beweging tot afvalligheid en ontrou in die geledere van die krygsgevangenes sy vaste beslag in die kampe gekry.

Die agente wat van buite met hul vredespropaganda gekom het, is gewoonlik deur die meerderheid gevangenes onvriendelik ontvang en met agterdog bejeën, want hulle het die massa op sluwe wyse tot ontrou probeer beïnvloed. Hulle was egter nie die gevaarlikste vyand nie, want die kampbewoners het geweet wie hulle is en met watter doel hulle gekom het. Diegene wat self mede-krygsgevangenes was, maar voor die propaganda van die vredesbeweging geswig het en in die kamp bedrywig was, was die eintlike ondermyners van trou. In stilte was hulle besig om verraad te propageer en dit as 'n deug te regverdig. Die getroues was egter op hulle hoede en as hierdie ondermyners van volkstrou opgespoor is, moes hulle dit behoorlik ontgeld. Teenoor hulle is geen genade betoon nie.

Hierdie beweging van binne, periodiek deur agente van buite versterk, het die getroue burgers ontstel en hulle tot die uiterste geïrriteer. Die krygsgevangenes was van alle militêre bedrywigheede onttrek; gevolglik sou hul grootste begeerte wees dat die vrede moes aanbreek sodat hulle na hul plase kon terugkeer. Op hulle word hier in die kampe op listige wyse toegeslaan en word hulle maklik daarvan oortuig dat dit tot almal se heil en voordeel sou strek as hulle druk op die Boereleiers te velde kon uitoefen om die wapens neer te lê en Britse onderdaanskap te aanvaar. Die

31. Ibid., p. 17.

getroues het dit dus hulle taak geag om nousienend op die bedrywighede van die vredesapostels te let. Veral hulle handlangers in die kampe is vervolgd en swaar gestraf.

Die owerheid was klaarblyklik besig om indirek 'n verdeelende rol in die lewe van die krygsgevangenes te speel. Agente is na die kampe gestuur en as sake daar vir hulle verkeerd loop, is hulle deur Britse wagte onder beskerming geneem. Dit was uiteraard vir krygsgevangenes uiters onaangenaam om te besef dat propagandiste vir onderwerping en vir vrede, uit hulle eie geledere gekom het. Somtyds is die ondermyners as "krygsgevangenes" na die kampe gestuur om die onderlinge eengesindheid en lojaliteit te verbreek. 'n Sekere "kommandant" is byvoorbeeld na die Groenpuntkamp gestuur. "Het was snaaks dat hy van D. hierheen gezonden werdt en sommige hadden't doorzicht dadelijk gesien dat hy met eenen doel hier gezonden moest zijn."³² Baie gou het dit ook geblyk dat hulle vermoede gegrond was, want "gisteravond zou er eene vergadering van officieren gehouden worden ten einde de wenschelijkheid te bespreken een paar man naar De Wet te zenden hem te vragen waarom dat hy eigenlyk oorlog voert en dan hem te verzoeken op te houden."³³ Terwyl die byeenkoms aan die gang was, is van die getroue Boere in die kamp na die tente van die ondersteuners van diegene wat na die vergadering genooi is. Met hulle is hardhandig afgereken.

Dit het ook van die begin van die eedaflegging in die kampe 'n vaste gebruik van die getroues geword om die eed=

32. Ibid., p. 45.

33. Ibid.

afleggers of nuusdraers te straf. By geleentheid van hul kampkonserte, verklaar Rocco de Villiers, word "de handsuppers die weigerden of in gebreken bleven het vereishte respekt voor de liederen (dit wil sê, die twee volkskiedere) te bewyzen, worden dan zonder verzuim de deur aangewezen."³⁴

J. Prinsloo maak melding van iemand "die eenige personen valsch beskuldig hadden en bij de Engelschen aangeklaagd hebben. Zij hadden hem vreeslijk mishandeld tot dat hij eindelijk op een klip ging staan en om vergiffenis vroeg."³⁵

In die Groenpuntkamp is die ondersteuners van die vredesbeweging deur die troue burgers uitgesnuffel en hardhandig gestraf.³⁶ Ten spyte hiervan het die ontroues 'n lys opgestel "om te laat tijken en voor onssen menschen te stier wat nog voor is dat hille moet vrede maak maar onsse menschen wat hier in die kamp is wat iets van hille land dink wou (diegene) leevendig op eet en die rooijes moes net keer," skryf J.J.Taljaard.³⁷ Dat hulle swaar gestraf is, blyk baie duidelik uit getuienis uit verskeie dagboeke. Presies wat alles met hulle gedoen is, is nie duidelik nie, maar soms teken die skrywers wel deeglik 'n aanskoulike beeld van hoe erg dit in party gevalle gegaan het. By een geleentheid toe daar 'n verraaier opgespoor is, wou almal

34. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 119. Vgl. T.A. Dagboek van M.J. Wolmarans, p. 18.

35. V.A. Dagboek van J. Prinsloo te Bellevue, pp. 32-33.

36. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 17. Vgl. S.O.P. PR/A 1247, kol. H.C. Money oor opstootjies in Groenpunt, 28.7.1901.

37. C.M. Dagboek van J.J. Taljaard te Groenpunt, p. 113.

hom graag onder hande neem. Hieroor skryf J.D.T. Krynaau: "Soos 'n voetbal het hulle hom hanteer - dan in die lug - dan op die aarde, vuisslae en skoppe was links en regs aan hom uitgedeel. Elkeen van die woedende skaar wou deelnaam aan die uitdeling van wraak." Toe die troepe opdaag om hom as beskermeling onder hulle sorg te neem, is hy deur die lug by die hek uitgesmyt.³⁸ Dieselfde skrywer beklemtoon die feit dat die gevange Boere-offisiere herhaaldelik gewaarsku het teen die pogings van buite om van krygsgevangenes te verwag, of om hulle te beïnvloed om verklarings van trou of neutraliteit, of 'n smeekbrief om vrede aan die Boeregeneraals te velde te laat onderteken. "Ons het drasties opgetree teen diegene wat neiging getoon het om die smeekbrief te teken," aldus Krynaau.³⁹ Ook J.W. Kok maak melding van die strafgerig wat soms teen verraaiers uitgeoefen is en hy spreek veral sy verontwaardiging teenoor die sogenaamde vredeskomitees uit wat openlik die steun van die owerheid geniet en onder hul beskerming met die doelbewuste oogmerke gestuur word om getrouheid aan hul eie saak onder die krygsgevangenes te ondermyn. Toe dit egter bekend word, word een van hulle "gevangen deur die jonge menze en gedragen om ergens te diepen, die noemen zij de brand ziek komiecie."⁴⁰ Oor die aanrandings is by kolonel H.C. Money, die kampkommandant van Groenpuntkamp, gekla, met die gevolg dat die krygsgevangenes met oorsese "verbanning" gedreig is en na verdere botsings "werdt er eene kennisgewing aangeplakt dat

38. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynaau, p. 50.

39. *Ibid.*, p. 51.

40. O.M. Dagboek van J.W. Kok, p. 201.

als er weer zoo iets plaatsvindt, er op ons geschoten worden."⁴¹ Teen die leiers van die "geweldplegers" is egter deur die owerheid drasties opgetree. Die oortreders is uit die kamp verwyder en in die kasteel in Kaapstad gevange gehou, of oorsee weggestuur.⁴²

Die beskerming wat aan die eedafleggers verleen is, het die afvalligheid en oorloperij bevorder. Hierdie oorlopers was uiteindelik nie tevrede om slegs neutraal te bly nie. Op 17 Desember 1900 skryf J.J. Taljaard, 'n krygsgevangene, in sy dagboek: "Heden middag werd hier oproer in ons kamp, hier gaan 57 man yt hille heef in gezweer onder de engelsche om te gaan vecht tegen hille ijgen menschen vreeslijk om er aan te dinkt om tegen hille ijgen bloed te gaan vecht."⁴³ Of hierdie persone wel in die vegtende geledere van die Britse magte opgeneem is, is moontlik, maar dit kan ook wees dat hulle na Bellevuekamp geneem is waar die meeste oorlopers hulle bevind het. Hierdie uiterste verraad het die optrede teen Boere-oorlopers ook verskerp. As 'n verdere teenvoeter teen die lamsakkige gees onder die krygsgevangenes, is samesprekings tussen gevangenes gevoer om 'n vereniging te stig "om Vaderlandsliefde en Nationaliteitsgevoel aan te kweeken."⁴⁴ Hierdie bedrywighede onder die getroue krygsgevangenes is deur die Britse owerheid in 'n ernstige lig beskou en het hulle sulke gebeurtenisse

41. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 1, p. 59.

42. *Ibid.*, pp. 137-138. Vgl. S.O.P. PR/1247, verslag van kol. H.C. Money uit Groenpunt, 28.7.1901.

43. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard te Groenpunt, p. 216.

44. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 61.

soms uitgebuit as rede om die leiers van die getroue gevangenes na oorsese krygsgevangekampe weg te stuur. Die Boere was in sulke gevalle doodbang vir die seereis, alhoewel party Boereleiers dit soms as 'n uitkoms beskou het, "omdat de weinige maanden, die ik daar (d.w.s. in Groenpuntkamp) doorgebracht had, voor my verschrikkelyk waren geweest," getuig Willie Steyn.⁴⁵

Uit Groenpuntkamp verwys kolonel H.C. Money na die strafmiddels en onaangenaamheid wat daar as gevolg van die besoek van die vredemakers aan die kamp voorgekom het. Hy bevestig dat opstandige Boereleiers oorsee gestuur is, maar hy getuig ook dat die onrus voortduur. Dit is betekenisvol dat die gemoedere juis gedurende die besoek van die vredeskomitee so hoog opgevlam het, en nadat die swakkelinge voor die roerende pleidooie en beïnvloeding van Piet de Wet en sy helpers geswig het. Kolonel Money probeer die skyn gee dat dit 'n brutale groep krygsgevangenes is wat die vredeliewendes molesteer en hy beweer voorts: "A large faction of the anti-English prisoners banded themselves together and attacked those more peacefully inclined."⁴⁶

Hy maak spesiaal melding van 'n sekere Titley wat die krygsgevangenes met sy toesprake, "antagonistic to the Peace Commission," opgesweep en tot geweld aangespoor het.⁴⁷ Hy beskryf die optrede van die krygsgevangenes as "frequent and serious ones in which a certain section of the Prisoners

45. Reisverhaal van W.H. Steyn, p. 10. (Kopie in Openbare biblioteek, Kaapstad).

46. S.O.P. PR/A1247. Kol. H.C. Money aan stafoffisier in Kaapstad, 28.7.1901.

47. Ibid.

terrorized and ill-treated that section which were known to be favourable to the peace movement and an early settlement."⁴⁸ Hy gaan voort en wys op die straf wat die onversoenlike element op die vredesgesindes toegepas het. "They organized parties at night to duck those men in the latrine-troughs, and otherwise maltreat them, several of them in fear of their lives appealed to me for protection," lui kolonel Money se bevinding in verband met die onrus in die kamp.⁴⁹ Hy het desperaat probeer om die leiers van die geweldplegers op te spoor en te straf, maar kon nie daarin slaag nie, omdat niemand hulle name wou verklap nie, uit vrees vir die wraak van die onversoenlikes in die kamp.⁵⁰

Selfs op die transportskepe wat in die hawe van Simonstad voor anker gelê het en waarop daar krygsgevangenes aangehou is, het die vredeskomitee probeer om hulle invloed te laat geld. Op 19 Februarie 1901 teken 'n krygsgevangene in sy dagboek aan dat hulle op daardie dag "door ons Kapiteins op verzoek van de Engelschen gevraagd of wij Piet de Wet wilde toelaten na ons te komen."⁵¹ Die krygsgevangenes het die versoek botweg geweier. Daardie aand het die dagboekskrywer die eerste keer gehoor van 'n lys wat tussen die gevangenes op die boot sirkuleer en waarop hulle die eed van trou of van neutraliteit kon teken. Dit is aan hulle voorgehou dat die stryd vir hulle altans, tog verby was en dat hulle getrouheid, aan die verloop van die stryd niks

48. Ibid.

49. C.D.903. Affairs in South Africa. Kol. H.C. Money oor opstootjies in Groenpunt.

50. C.O.224/3. Vredeskomitee aan Alfred Milner, 25.2.1901.

51. V.A. Dagboek van J. Prinsloo te Bellevue, p. 45.

kan bydra nie. Met propaganda van hierdie aard het die vredeskomitee met 'n geestelike en sielkundige aanslag op die krygsgevangenes voortgegaan.

Gaandeweg het veral die vredesgroep in Bellevue hoër aansien by die Britse owerheid geniet en die bedrywigheide van Piet de Wet en sy trawante is deur die Britse leerleiding hoog aangeprys. 'n Kennisgewing uit die leerhoofkwartier uit Kaapstad lui dat "all Prisoners of War who have been selected at the request of the High Commissioner as influential men and men retained on account of good behaviour and desire to work for peace, are to be in future termed "Political Prisoners", and is understood that these are being kept in Simonstown."⁵²

Daar was selfs op 3 Junie 1901 'n skrywe van die sekretaris van die administrasie van die Oranjerivier Kolonie aan die stafoffisier vir krygsgevangenes in verband met die terugstuur van 'n sekere groepie krygsgevangenes uit Bellevue, om as vredemakers na die Oranjerivier Kolonie gestuur te word. Op 11 Junie 1901 lewer die stafoffisier kommentaar op die sekretaris se versoek, in verband met die algemene geskiktheid van die gewaande vredemakers. "With the exception of P.H. Faure, whose character is weak and vacillating, none of the men mentioned have the slightest influence in the camp."⁵³ Dit is veelseggend dat selfs volgens Britse oordeel, genoemde groep krygsgevangenes ongetwyfeld nie tot die bestes in die kampe behoort het nie. Die bevinding

52. S.O.P. PR/A1270. Instructions about Prisoners of War at Cape Town, 25.4.1901.

53. S.O.P. PR/A1554. Stafoffisier vir krygsgevangenes aan die sekretaris van die O.R.K., 11.6.1901.

lewer enigszins ook bewys dat die vredespropaganda veral in die aanvangsfase hoofsaaklik by die swakker tipe persone in die geledere van die krygsgevangenes ondersteuning on= dervind het.

Die vredeskomitee het sy werksaamhede ook tot in die oorsese kampe uitgebrei en daar ook verbasend gou groot aan= hang geniet.

Ver uit Indië, wyd versprei tot in sy uiterste uit= hoeke, klink daar ook die luide geroep van die vredeskomi= tee, sy aanhangers, verklarings van bereidwilligheid om hulle eerste trou af te sweer en die wapen teen hulle eie mense op te neem. "Wij de ondergeteekende krygsgevangenen alhier zijn tot de conclusie gekomen, dat onze zaak hopeloos is en dat verdere tegenstand niets anders is, dan verwoes= ting van ons land, zijn wij gewillig, om op de volgende voorwaarden den eed van getrouwheid af te leggen aan de Britsche Regering en de wapens op te nemen tegen de roover= bende in Zuid-Afrika.⁵⁴ Om die kroon op hierdie uitgespro= ke verraad te span, vra hulle die helfte van die buit wat hulle sou verower, so nie, tien sielings per dag vir die diens wat hulle aan die Britse oorlogspoging sou lewer.⁵⁵ Die morele peil van talle krygsgevangenes het ongetwyfeld 'n laagtepunt bereik. Selfs die dapperes wat in die stryd teen 'n oormag volhard het, word deur hulle as 'n "roover= bende" uitgekryt. Hierdie verraad aan Boerekant is deur die Britse militêre owerheid aangeprys en die verstandig=

54. Dagboek van N.J. Zerbst, dl. 5, pp. 2-3. (Kopie in besit van outeur van hierdie studie).

55. Ibid., p. 3.

heid en verantwoordelikheid van die verrraaiers is toegejuig.⁵⁶

Vir hierdie morele verval van so baie krygsgevangenes moet die vredesbeweging grootliks die blaam dra, want dit is hulle wat van allerlei metodes gebruik gemaak het om die gemoedslewe en nasionale oortuigings van die krygsgevangenes aan te tas en te verwar. Die waarde en betekenis van hul trou, lyding en ontberings is deur die vredeskomitees aan twyfel onderwerp en die sin en doel van 'n verdere voortsetting van die stryd is bevraagteken. Jannie Geldenhuys skryf dat aansporing tot ontrou hoogty gevier het. In 'n koerant lees die krygsgevangenes dat parolers "kennis kreeg om hun gereed te maak om op een oproeping te vertrekken naar hun vorigen kampen en dat krygsgevangenen zal toegelaten worden om den eed van getroutheid te neem terwyl zy nog in Indië is."⁵⁷ In Sialkot in Indië skryf C.P. van Zyl dat die afrokkeling tot ontrou onder die gevangenes 'n groter beproewing was, as al die ontberings in die kampe. "Van Maartmaand af aan (ook vroeger) breekte er nieuwe stormen van bitterheid des levens, op ons aan, terwyl dat onze vyanden trachten ons over te halen tot een bittere eedzwering van getroutheid aan hunne Regeering. O!, hoe bitter was het niet voor vleescht en bloed, zulks te hooren, onder onze ellende, terwyl men niet weet hoe het in onze land met de

56. G.O.V. Vol. 37. Vertroulike verslag uit Shahjehanpur, 5.11.1901. Vgl. H.C. Vol. 85. Verslag uit Shahjehanpur, 5.11.1901 en Ibid., 31.3.1902.

57. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 104.

oorlog gesteld zyn."⁵⁸ Die skokkende gebeure word deur 'n verdere vernedering en dwang opgevolg toe hulle na 'n nuwe kamp oorgeplaas is. "(Wy) moeten onze eere woord geven, dat wy van zoo genoemde plaats niet zal ontsnappen." Die gevangenes was onseker oor die presiese implikasies hiervan en "daardoor ontstond er eene groote verbittering onder de burgers, om reede dat eenigeen onzer, zulk een eere woord geven, of Parool toekend, meenende dat zy ontrouw zyn zullen."⁵⁹ Hulle besluit egter: "Ons weier dit beslis want ons meen dit is oneerlik teenoor ons mense wat nog veg, wat buite in die veld moet slaap, gevaar, honger, koue en gebrek moet ly. Om ons geweier het word ons kos verminder."⁶⁰ Hierdie optrede het uiteraard groot dwang uitgeoefen om die krygsgevangenes te laat trou sweer. 'n Groep gevangenes in Umballa het versoek om meer konfyt en melk te ontvang. "De antwoord van de meneer was dit ten strengste tegen te houden. Hy maakte een kennisgewing dat er nog gelegenheid is om Parool te nemen en dan zal wy alles toegestaan worden."⁶¹ So is ook die getroues gaandeweg gedwing om sy vyand te gehoorsaam. Dit het gevolglik 'n probleem vir die owerheid geword om die eedafleggers van die getroues te skei ten einde hulle teen wraak van die onversoenlikes te beskerm. As gevolg van die uitgestrekte

58. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 79.
Vgl. dagboek van S.P. Malan te Umballa, pp. 31-32.
(Oorspronklike dagboek in besit van mnr. S.P. Malan, Windhoek).

59. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 79.

60. V.A. (R.V.) 119.1201. Dagboek van I.J. Stoltz, pp. 78-79.

61. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, pp. 72-73.

land en die wye verspreiding van die kampe was dit nie moontlik om hulle na 'n enkele parolerkamp te stuur nie. Daarom is daar in die later fase van die oorlog 'n paar nuwe kampe gestig waarheen die eedafleggers as Britse onderdane onder betreklik gunstige omstandighede verplaas is. Die kampe was Satara, Wellington, Kaity Nilghiris, Solon en Dagshai.⁶²

Dit het veral in die Indiese kampe 'n gebruik geword om maandelikse verslae oor sekere voormanne onder die krygsgevangenes op te stel, waarskynlik om hulle invloed in die kampe teë te werk deur hulle na Ahmednagar te verplaas en daardeur die inswering van die krygsgevangenes te bespoedig. Op 28 Februarie 1902 beskryf majoor G.A. Ivatt, die kampkommandant van Trichinopoly in sy verslag, kommandant L.E. Krause byvoorbeeld as "the most active agitator against us in the Camp. Clever and unscrupulous. He is a clever talker and knows exactly the arguments to use in influencing the more ignorant burghers against us. I consider him very dangerous and he should be carefully watched."⁶³ Oor ds. J.M. Goddefroy rapporteer die kampkommandant: "Has been quiet and respectful in his manner since arrival, but I gather from internal evidence that he has not a quieting influence on the camp. Apparently the general tone of his remarks and sermons is rather calculated to buoy the

62. Vgl. H.C. Vol. 85. Verslag majoor C.T. Wayte, 3.4.1902; Ibid., L.J. Gabriel - C.H.M. Conran, 4.4.1902; G.O.V. Vol. 216. Maj. G.A. Ivatt, 5.8.1902; Ibid., E.S. Gillman, 26.8.1902.

63. G.O.V. Vol. 25. Maj. G.A. Ivatt in verslag uit Trichinopoly, 28.2.1902. Vgl. Ibid., Verslag van kapt. W.H. Traill uit Fort Govindgarh, 14.6.1902.

burghers up with false hopes and prevent their minds from settling peacefully down."⁶⁴ Oor oud-landdros I.C. van S. Vels rapporteer majoor J.H. Goodwyn, kommandant van Ahmednagar op 15 Junie 1902: "A man of extreme views and of great weight among the other prisoners. He maintains that the Boers will in the end gain what they want and that the war must continue until complete independence is extracted from the British. He thinks that the Boers can do nothing but right and that the British are not to be trusted."⁶⁵

Oor kommandant F.G. Wolmarans rapporteer dieselfde kampkommandant: "He is a Dutchman of a most morose and surly disposition, who has received most ungraciously all advances made to him."⁶⁶ Gaandeweg het die onversoenlike voormanne in Ahmednagar beland.

Op 13 Augustus 1901 skryf die goewerneur van Ceylon in 'n gereelde verslag: "an interesting development has taken place. A Peace Party has sprung up and is rapidly growing in strength and courage."⁶⁷ As bewys van die moed wat hulle openbaar, wys hy daarop dat daar reeds tussen vier en vyfhonderd krygsgevangenes is wat hulle bereid verklaar het om die eed van trou aan Brittanje af te lê. Dit het ongelukkig reaksie van die ander krygsgevangenes uitgelok.

"This fact greatly incensed the War Party, of which General

64. Ibid. Vertroulike verslag van maj. G.A. Ivatt uit Trichinopoly, 28.2.1902. Vgl. Ibid., verslag van kapt. W.H. Traill uit Fort Govindharh, 15.6.1902.

65. Ibid., Vertroulike verslag van maj. J.H. Goodwin uit Ahmednagar, (ongedateerd); Ibid., kaptein W.H. Traill uit Fort Govindgarh, 15.6.1902.

66. Ibid., Maj. J.H. Goodwyn in vertroulike verslag uit Ahmednagar, (ongedateerd).

67. G.O.V. Vol. 217. Verslag van goewerneur van Ceylon, 13.8.1901.

Roux is the leader, and meetings were consequently held in the huts and inflammatory documents were circulated among the prisoners. They are intended secretly to bind and commit the Prisoners to an irreconcilable attitude. Assaults on members of the Peace Party increased in frequency and I was obliged to remove from Camp a number of Prisoners."⁶⁸ Vir hierdie beskermlinge is 'n spesiale kamp, Urugas, in die suide van Ceylon ingerig. Daar sou die eed=afleggers nie opgepas word nie, wagte sou gevolglik nie nodig wees nie, geen beperkings is op hierdie gevangenes gelê nie, "free to go where they liked, bound by nothing but their word of honour." As spesiale vergunning "the sale of liquor within certain hours was a special privilege accorded to these loyal Boers."⁶⁹

Gevangenes deel in hulle dagboeke ook inligting mee oor hierdie bewoë tyd in die kampe, toe tweedrag en vyandskap hulle vreedsame bestaan bedreig en die eensgesindheid en onderlinge vertroue onherstelbaar versteur het. Hulle maak ook herhaaldelik melding van die strafmaatreëls teen die eedafleggers - maatreëls wat hulle as billik en geregverdig beskou het. Op 22 Junie 1901 vermeld C.P. Pretorius dat 'n Boeregevangene op die betrokke dag behoorlik gestraf is, omdat hy ingesweer het.⁷⁰ Twee dae later teken hy aan, dat 'n Boer daardie aand in 'n emmer gedip is, omdat hy die nog vegtende burgers verwens het. Die kamppoli=

68. Ibid.

69. Brohier, R.L.: The Boer Prisoners of War in Ceylon, pp. 28-29.

70. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 184. (Kopie van die oorspronklike dagboek in besit van outeur hiervan).

sie is ontbied en die insweerders is onder hulle beskerming uit die kamp verwyder.⁷¹ P.H.H. Fick maak melding van 'n krygsgevangene wat gestraf is oor "wat hy gezege had van de boere-vrouwen en meistjes, dat ze dan zoo gemeen wezen van gedrag." Net na die tellery die aand is hy geneem en "naar de emmers van privaat huistje gedragen en daar werd hy gedoop voor wat hy was. Die arme kerel had dien aand juist een spierwit pak aangehad, maar na dat lykt hy naar een vermufte aaschvogel."⁷² Op 27 Junie 1901 teken Fick in sy dagboek aan: "Er werden veertien personen uit Kamp genomen door hunne ontrouwheid, daar zy trouw gezworen hadden, daar zy ook vluchten moesten voor de emmer, er zyn twee die gedipt waren."⁷³

Getroue Boere-offisiere was gedurig waaksaam teen die sirkulasie van lyste waarop die naamtekening van diegene wat begeer het om die eed af te lê, voorgekom het. Daar was selfs die desperate pogings van Boerekant om teenlyste rond te stuur om die ontrou te probeer keer en krygsgevangene tot volharding aan te spoor. Die feit bly egter staan dat die sirkulasie van lyste en afrokkeling tot ontrou tot groot verbittering aanleiding gegee het. "Ou Colonel Coope belette het geheel & zeide als er geen gehoor gegee worden dan zette hy de maxims op kamp."⁷⁴ Dit lewer egter bewys dat die afrokkeling van krygsgevangenes om in te sweer ook vir die Britse gesag onvoorsiene probleme geskep het en vandaar dat alle lyste in Diyatalawa verbied is.

71. Ibid.

72. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, pp. 289-290.

73. Ibid., p. 369.

74. Ibid., pp. 398-399.

Die optrede van krygsgevangenes teen die insweerders het die kampowerhede verplig om die eedafleggers teen geweldadige straf te beskerm. Waar dit moontlik was, is hulle vroegtydig na die vredeskamp verplaas. Kolonel A.C. Vincent, die kampkommandant van Diyatalawa het die krygsgevangenes oor hierdie wraakuitoefening aangespreek, met vergelding gedreig en teen 'n herhaling gewaarsku. Die Boereleiers het op hul beurt by hom aangedring om al die eedafleggers uit die kamp te verwyder, so nie sou die geweld voortduur. Aan die versoek het hy gehoor gegee en hulle na Urugas verplaas.⁷⁵

Die Britse gesagvoerders kon in hierdie tyd van inswering nie begryp waarom dit die krygsgevangenes so swaar geval het om Britse onderdane te word nie. Die krygsgevangenes se weiering is dus aan opsweping deur 'n groep onsoenlikes of fanatieke leiers gewyt. 'n Voormalige krygsgevangene in Diyatalawa, C.W. Topham, beweer dat daar aanvanklik goeie orde in die kamp was. "Now, however, a spirit was engendered, and gradually fed and fostered, which has caused the greatest ill-feeling in the hearts of the Boers." Die oorsaak van die vyandige gevoelens, word aan die feit gewyt dat "the parson arrogates to himself the power of an Emperor, and is despotic in his rule." Hierdeur beïnvloed hy die krygsgevangenes en "by their own ignorance a large majority of the Boers have imbibed a religious doctrine which would certainly have made dangerous fanatics of them,

75. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 188.

if they had more brain and courage."⁷⁶

In die tussentyd het die kampowerheid ook probeer om die Boereleiers wat eedaflegging dwarsboom, op te spoor en ook hulle uit die kampe te verwyder. Om hierdie rede is daar teen genl. Paul Roux opgetree. Eers is hy verbied om te preek om sy invloed hierdeur te verminder. Hierna is hy op kort kennisgewing uit die kamp verwyder. As rede vir die stap word aangevoer: "There was good reason to believe that in his addresses to Prisoners of War, he had endeavoured to foster a hostile spirit amongst them, notably to oppose the peace movement."⁷⁷

C.P. Pretorius maak ook spesiale melding van die uitsetting van genl. Roux uit hulle kamp en beweer dat die enigste rede daarvoor, die Generaal se verset teen die Britse afrokkeling van krygsgevangenes tot ontrou, was.⁷⁸ Saam met genl. Roux is ook ander leiers "aangezeggt om morgen 7 uur bij den hek te wees om uit de camp te gaan hed is allen Burgers wat zaam med den Leeraar Roux wat de Burgers moet inspreek om niet onder de vijand in te wullig."⁷⁹

Op 13 Augustus 1901 skryf goewerneur Ridgeway aan die staatsekretaris van oorlog dat hy die leiers van die onversoenlikes in Diyatalawa na Ragama gestuur het. "Their followers were taken by surprise and consequently there was

76. G.O.V. Vol. 217. C.W.Topham aan redakteur van die Natal Witness, (Ongedateerd).

77. H.C. Vol.84. Verslag van kolonel A.C. Vincent, (ongedateerd). Vgl. ook, H.C. Vol. 90, lêer 1920/02. Ridgeway - Brodrich, 4.1.1902.

78. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 224.

79. Ibid.

little excitement at their departure."⁸⁰ Deur hierdie mede-tode is die voormanne van hul volgelinge afgehok en sou dit waarskynlik 'n gunstige uitwerking op die eedaflegging uitoefen.

'n Krygsgevangene, C.P. Pretorius, noem ook die feit dat daar in die geheim mense rondgaan om die getroues uit te ruik, sodat daar teen hulle opgetree kan word. "Huer gaat geheume speurders in ons camp rond van ons eigen Burgers door den Cornel aangesteld waar een den ander afraai om in te teiken werd hy daatluk uit de camp genoom en wecht gestuur. De Burgers is vendag allen woelig in de camp en elken dag gaat een klompie inzweer op een geheume wise met toe deuren."⁸¹ Van Britse kant is die veldtog onverpoosd voortgesit. "Intusschen doet de Engelse hun best om de mensen te laat inzweer het geen wij als een groote polletiek beschouwde. Elk kan begripen in hoe een spanning wij waren," skryf S.J. Burgers.⁸² Die algemene vriendskap en vertroue het vergoed uit die lewens van talle krygsgevangenes gewyk en elkeen het in al sy mede-gevangenes 'n potensiële vyand of spioen gesien. "Wij weeten niet wie onze friend of wie onze vijand zijn," som C.P. Pretorius die situasie op.⁸³ So het die vredemakers daarin geslaag om die bietjie geluk wat krygsgevangenes in hulle ballingskap geniet het, te vernietig en die samehorigheid onherstelbaar te verbreek en wantroue en haat in eie geledere te saai.

80. G.O.V. Vol.217. Goewerneur Ridgeway aan Staatssekretaris van oorlog, 13.8.1901.

81. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 224.

82. T.A. Dagboek van S.J. Burgers, p. 142.

83. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 225.

Later in die jaar teken C.P. Pretorius aan hoedat werwing tot ontrou met groter krag en doeltreffendheid verder gevoer word en dat daar aansienlike dwang in die proses toegepas is. In Diyatalawa is 'n sersant van hut tot hut gestuur om gevangenes te laat insweer. Diegene wat steeds geweier het om die eed af te lê, is met die strafkamp, Ragama, gedreig en baie is daarheen gestuur.⁸⁴ Die verskerpte veldtog het ongehinderd voortgeduur en groot moeite is gedoen om die gevangenes te ontmoedig en te demoraliseer en daardeur te dwing om in te sweer. Hierin het die Britse gesagvoerders en die vredesparty uitnemend geslaag.⁸⁵ Hierdeur is die verdeeldheid onder die krygsgevangenes ongelukkig steeds vererger. Dit het 'n permanente skaduwee oor hulle samehorigheidsgevoel laat val, want dit sou die samestelling van die gemeenskap ingrypend verander en politieke verdeeldheid veroorsaak. "Daar verneemt men vaak van twist over nietigheden en gebrek aan inschikkelykheid die bedroevend is. Daar vind men wantrouwen en agterdocht, kwaadspreken en leugentaal. Daar vindt men in één woord ondeugden van duizenden by elkander," verklaar J.N. Brink.⁸⁶

Op 5 Desember 1901 skryf Chamberlain aan Milner in verband met die toenemende steun vir die vredesgroep in die kampe in Ceylon en hy wys voorts daarop dat daar reeds vyfhonderd krygsgevangenes in kampe is wat die eed van getrouheid wil aflê. Daar is egter ook sekere stremende

84. *Ibid.*, p. 259. Vgl. ook, G.O.V. Vol.217. W. Ridge-way - Secretary of State for War, 13.8.1901.

85. Dagboek van C.P. Pretorius, p. 271.

86. Brink, J.N.: *op. cit.*, pp. 164-165.

faktore want "the movement appears to have been greatly resented by the irreconcilable, and assaults on members of the "peace party" became so frequent that some of them who were supposed to be especially well affected towards us had to be removed from the camp."⁸⁷ Hy wys egter ook daarop dat daar met die toenemende getalle van die vredesgroep, 'n min of meer gelyke verdeling in die getalle van die twee opponerende groepe ontstaan het. Dit skep ook 'n groter moontlikheid van toekomstige botsings. "A collision was reported to be imminent in which it was expected that the opposing factions would not be unequally balanced."⁸⁸

Die resultate van die werksaamhede van die "Peace Party" was verreikend. "I received from the governor of Ceylon a telegram," skryf Chamberlain aan Milner, "stating that 163 of the prisoners, convinced that the war had come to a most ruinous stage, had volunteered for service in South Africa."⁸⁹ Dit lewer bewys hoe ver die leiers van die vredesbeweging gegaan het om krygsgevangenes selfs tot verraad en aktiewe deelname aan krygsverrigtinge teen hul eie nasie te beweeg.

Die getroues het gevolglik 'n toenemende verlore stryd teen verraad gevoer. Die verlange na huis, die geestelike gesteldheid en die liggaamlike verswakking het die gevanges geleidelik meer vatbaar vir die invloed van die boodskap van die vredeskomitees gemaak. Die owerheid het die emosioneel oorspanne en ontmoedigde krygsgevangenes subtiel aangemoedig om die sogenaamde "Peace Committees" te stig.

87. C.D. 903. Affairs in South Africa, p. 126.

88. Ibid., p. 126.

89. Ibid., p. 126.

Hulle groot taak was om versoekskrifte gereed te maak om aan die Boereleiers te velde te stuur en hulle te wys op die hopeloosheid van hul stryd en hulle aan te moedig om die wapens neer te lê. Hulle is egter deur hul mede-krygsgevangenes verag, maar ook nie deur die Engelse in hulle geledere verwelkom nie. Verstoot deur hul eie mense is hulle allengs in afsonderlike kleiner kampies saamgetrek, waar die geluk vir hulle ook nie beskore was nie.⁹⁰

Van die beproewinge van die invloed van die vredeskomitees is ook die krygsgevangenes op St. Helena nie gespaar nie. Nadat hulle 'n tydlank in die geheim opgetree het, is daar in Deadwood pamflette deur die Burger Vrede Komitee onder die krygsgevangenes versprei. Hierdie daad is deur die getroues as 'n openlike, uittartende, maar ook berekende plan beskou om gevangenes tot ontrou en verraad aan te spoor. Die Government Gazette of the O.R.C. plaas 'n berig van 'n vergadering van die vredeskomitee en verwys ook na 'n verklaring van Chamberlain, dat hy dit as die plig van die vredeskomitee beskou "to see the termination of hostilities, to use every means in their power to bring home to those still in the field the uselessness of the struggle upon which they were engaged."⁹¹ Om sy vredespraatjies meer trefkrag te gee en groter indruk daardeur te probeer verkry asook die skyn van groot persoonlike ridderlikheid en edelmoedigheid te openbaar, spreek hy hoë lofwoorde teenoor die burgers van die Boererepublieke uit. "They had made a good

90. O.M. Herinneringe van Ceylon van O. van Oostrum. Vgl. ook, V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 124.

91. Government Gazette of the O.R.C., 18.1.1901, p. 17.

fight for their country, but were overpowered; and there could be no dishonour to the leaders and their followers in recognising that a further continuance of guerilla warfare was inhumane and absolutely futile."⁹²

Op die weekhartiges sou hierdie lofuitinge waarskynlik indruk maak en hulle steeds meer na vrede laat hunker. Hulle kon hul dus maklik regverdig dat hul reeds alles wat moontlik was, gedoen het. Hulle eerste plig het hulle ten volle nagekom en moes hulle nou die tweede plig, die verkryging van vrede, ook nakom. As Chamberlain met groot bejammering spreek oor die lotgevalle van sestien duisend krygsgevangenes in oorsese kampe, "cut off from their homes and families, and so they must remain,"⁹³ het dit by die verslae en wankelmoedige krygsgevangenes waarskynlik diep ingeslaan en gaandeweg het hulle al hoe meer die sienswyse van die Britse staatslui en die lede van die vredeskomitees onderskryf en nagepraat.

In die kampe op St. Helena het gevolglik ook twee botsende politieke rigtings ontwikkel. Aan die een kant het die Britse gesag probeer om krygsgevangenes te beïnvloed om die eed van trou aan die Britse kroon af te lê en is aansienlike dwang toegepas. "Er wordt verteld dat de Engelsen nu een ander politiek zyn ingeslagen, en die genen die naar huis terug willen zullen daartoe geregtigd worden zoo zy den eed van getrouwheid afleggen. Dat er helaas een boel zyn die hieraan gevolg zullen geven twyfel ik niet, doch hoe een man die zyn verstand gebruikt zich nog op de

92. Ibid. Vgl. De Graaf, H.: Boere op St. Helena, p. 87.

93. Government Gazette of the O.R.C., 18.1.1901, p. 17.

belofte van een Engelschman verlaat gaat mijn begrip te boven, lug J. Teengs van die Deadwoodkamp sy verontwaardiging.⁹⁴ As hierdie poging van Britse kant sou slaag, sou dit beteken dat die toesig oor die kampe kon verslap en die gebruik van baie Britse troepe in die kampe onnodig word. Hulle kon in Suid-Afrika baie nuttiger gebruik word. Hierdie Britse optrede het uit die geledere van die krygsgevangenes groot steun gekry. Teenoor hulle was daar die getroues, diegene wat die Britse beïnvloeding weerstaan en wat alles in hul vermoë gedoen het om die Britse invloed teë te werk. Deur hulle is waaksaamheidskomitees gestig om teen die stelsel van afrokkeling tot ontrou, wal te gooi. In St. Helena is die leiers van hierdie beweging gevange geneem en na Fort High Knoll gestuur om die vernet teen insweerders te beëindig.⁹⁵ Die drastiese stappe het tog nie geslaag nie, maar het slegs daartoe bygedra om die getroues nog meer vasberade en nog meer verbitterd te maak.⁹⁶ Die onderlinge verdeeldheid het op St. Helena by die dag toeneem en het tot openlike kwaai-vriendskap gelei. Strafmaatreëls teen eedafleggers is gereeld toegepas, maar die stroom oorlopers het daagliks vermeerder. "Het gevoel teen die zulken is bitter, en word met moeite onderdrukt," getuig J. Teengs.⁹⁷

Die getroue Boereleiers se standpunt was dat krygsge-

94. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 166.

95. H.C. Vol. 90. Lêer 5141/01, 28.9.1901. Vgl. De Graaf, H.: *op. cit.*, pp. 94-95; V.A. (O.M.-vers.-) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 124.

96. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, pp. 168-173.

97. *Ibid.*, p. 168.

vangenes aan die Boeresmaak getrou moes bly solank as die oorlog duur. Daarom het hulle sonder genade teen eedafleggers opgetree. Skuldiges is oral in die kampe opgespoor en gestraf in 'n poging om verraad te bestry. Een eedaflegger is volgens C.R. Kotze met 'n gevlegde osriem uitgelooi, sodat die Engelse hom na 'n veiliger oord moes verwyder.⁹⁸ In die kampe was hulle ongewens en die onversoenlikes was nie bereid om saam met hulle te leef nie. "Hulle is reeds een na die ander uit ons kamp geskop, party nog eers gedip in die privaat huisies," skryf P. Ferreira.⁹⁹ Die lewe van die verraaiers het selfs gevaarlik geword en soms is hulle hutte oor hulle aan die brand gestee en wagte moes hulle teen aanvalle van die ander beskerm.¹⁰⁰ In sommige gevalle was die vervolging van eedafleggers so erg, dat hulle hulself met kieries gewapen in hulle tente teruggetrek het.¹⁰¹ Dit kon egter geen oplossing vir die groeiende vyandige gevoel en wraakuitoefening deur die onversoenlikes op die eedafleggers bied nie. Nog minder het die straf die stroom insweerders gestuit. Om die een of ander rede het krygsgevangenes vas geglo dat diegene wat die eed aflê, na hulle huise teruggestuur sou word. Dit was tog nie die geval nie en dit is twyfelagtig of die Britse owerheid sodanige belofte aan krygsgevangenes gemaak het. Die feit egter, dat so baie krygsgevangenes dit beweer, sterk

98. Kotze, C.R.: My Ballingskap, pp. 100-101.

99. V.A.(R.V.) 119.477. P. Ferreira - Renier, 22.1.1953.

100. Scholtemeijer, H.: Die Balling oor die see, p. 48.

Vgl. ook, De Graaf, H.: op. cit., p. 87; V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk, dl. 2, pp. 120-121.

101. Ibid., p. 122.

die vermoede dat dit wel by implikasie aan hulle gestel is. Die tyd vir hierdie subtiele beïnvloeding was besonder geskik as in aanmerking geneem word, dat party van die gevangenes reeds meer as twee jaar in gevangenskap verkeer het. Vir hulle was die stryd lank reeds verby en die oorheersende begeerte by hulle was om na hulle land terug te keer. Hulle sou betreklik maklik tot 'n eedaflegging ooreed word, veral as dit beteken dat hulle na hulle huise en gesinne sou kon terugkeer.

Met eedaflegging aan die daaglikse orde, is alle moontlike metodes van Britse kant aangewend om die tempo te versnel. In Broadbottom bepleit kolonel H.O.P. Wright selfs die moontlikheid, "sending energetic Ministers to influence the Prisoners in the cause of peace."¹⁰² Die vredesbeweging in die kampe het die inswering vir krygsgevangenes vergemaklik en dit vir almal moontlik gemaak om die eed in die geheim te gaan aflê.

Toenemend het die botsing tussen getroues en insweers ernstiger geword. In Deadwood word selfs van 'n Patriot party gepraat wat 'n stryd teen oorlopers aangeknoop het.¹⁰³ Die Britse owerheid probeer egter om die weg vir gevangenes oop te hou om die eed af te lê en in Broadbottom word 'n kennisgewing in die voege aangeplak. Hierteen het Boereleiers georganiseer en besluit dat hulle die eed nie sou aflê nie "alhoewel het van zelf spreek dat er een klompje

102. H.C. Vol. 84. Aangansel tot verslag No. 757 van 20.6.1902.

103. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk, dl. 2, pp. 120-121. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., pp. 87-88.

zwarte schapen zal zyn," beweert Hugo van Niekerk.¹⁰⁴ Volgens hierdie skrywer se oordeel is die metode "der Engelschen buitengewoon, zelfs voor hen laag en gemeen. Zy pogen arme domme kerels om te koop en over te halen ver=raders voor hunne eigen regeeringen te worden."¹⁰⁵ 'n Krygs=gevangene, ene Henning, is voor die kolonel aangekla omdat hy 'n getekende eed by 'n insweerder afgeneem en vernietig het. Die kolonel het hom daarop gewys dat hy geen reg het om so iets te doen nie. Die gevangene het hom op die aanklag verdedig en gesê dat as sy optrede opstandigheid en onaangenaamheid veroorsaak, "dan (dra) gy (die kolonel) die schuld er van want ik weet dat't onverstandig is om zoo 'n proclamatie aan te plakken en gy die nog veel beter dan ik op hoogte van zaken is, behoort 't ook te weten."¹⁰⁶ Verdere samespreking tussen die kampkommandant en lynkapteins het plaasgevind. "Ten laatste gaf de Col. toe en zeide dat de Britse Onderdanen uit moesten komen. Ongeveer 108 gingen uit. Eene menigte was bij de hek en juichte hem scheld en schimpwoorden toe," meld Hugo van Niekerk.¹⁰⁷ In 'n verdere mededeling vertel hy van 'n groep handsuppers wat die eed afgelê het. Toe aan die hele groep gevra is wie almal wil insweer, het almal die hande opgesteek. Een het selfs 'n toespraak gehou. "Hij zij hij was de voorman van hen. Hij is gewillig zijn bloed zelfs te geven voor den eed die hij nu genomen heeft. Hij hoopte dat het met de anderen het

104. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk, dl. 2, p. 114.

105. Ibid., p. 114.

106. Ibid., p. 115.

107. Ibid., p. 123. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 88.

zelfde geval is.¹⁰⁸ In groepe en as enkelinge het die insweerders die kampe verlaat. Hugo van Niekerk wys op die ontstellende feit dat hulle in die stilte van die nag verdwyn. Soggens sien die getroues net die leë plek van 'n eens eerbare burger. Hy noem die voorbeelde van talle wat "zoo dikwijls de khakis keel wou afsnijden" en andere "die nog twee avonden te voren de Br. gezinden geslagen had," maar nou na die "Jamkamp" verhuis het. Hy kom tot die slotsom: "De verdorvenheid des menschelijken hart is onpeilbaar."¹⁰⁹ "Al plaats en ze mij voor een lijddiet kanon dan zal ik niet inzweren," het 'n krygsgevangene sy oortuigings voor sy makkers bely. Hy was van die eerstes wat die eed afgelê het. "Dus is de mensch. Onvertroubaar, het speelbal van uitwendige invloeden. Onbewust van zijn eigen kracht of zwakheid," merk Hugo van Niekerk op.¹¹⁰

Die insweerders het enersyds 'n diens aan die Britse owerheid verrig deur inligting oor onversoenlikes te verskaf, maar andersyds het hulle 'n verdere las op die owerhede gelê om hulle teen die wraak van die ander gevangenes te beskerm. Sodra 'n verraaier in die kampe opgespoor word, word teen hom opgetree en "de brandziek schapen gingen by de Eng. protectie zoeken," skryf Hugo van Niekerk.¹¹¹ Op St. Helena het dit gevolglik nodig geword om 'n derde kampie in te rig. E.F. Knight, wat die kampe besoek het,

108. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk, dl. 2, p. 186.

109. *Ibid.*, pp. 123-124. Vgl. De Graaf, H.: *op. cit.*, pp. 90-91.

110. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk, dl. 2, p. 203.

111. *Ibid.*, p. 103.

beskryf hierdie toevlugsoord as 'n kamp "occupied by two hundred odd peacables - men who recognise the futility of continuing the war, advocate surrender, and are prepared to take the oath of allegiance. They were so ill-treated and persecuted by the irreconcilables that it was found necessary to thus separate them from the other prisoners and they get their leave on days when others are confined in camp."¹¹² In hierdie kampie het eedafleggers veiligheid gevind teen die vervolging van die getroues in die ander kampe. Hier sou hulle voorregte geniet. Hulle kamp was nie toegedraad nie en het dus genoeg beweegruinte aan sy inwoners gebied, "maar bewaar die een van hulle wat dit waag om by ons kamp se hek in te kom," beweer P. Ferreira.¹¹³ Die krygsgevangenes het smalend van die "Jamkamp" gepraat, aangesien die eedafleggers konfyt gekry het en die krygsgevangenes in die ander kampe nie.¹¹⁴ By hulle nuwe beskermhere het die insweerders hulle nood gaan bekla, maar ook daar het hulle min simpatie of waardering ontlok. "Het was opmerkelyk dat die handsuppers door ons uitgescholden en door de Eng. met lachen en minachting ontvangen werden," verklaar Hugo van Niekerk.¹¹⁵ Desnieteenstaande het die getalle van die insweerders met versnelde tempo toegeneem. Dit was egter vir sommige kampowerhede nog nie vinnig

112. Knight, E.F.: With the Royal Tour, p. 295. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 90. Vgl. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk, dl. 2, pp. 120-123.

113. V.A. (R.V.) 119.477. P. Ferreira - Renier, 22.1.1953.

114. De Graaf, H.: op. cit., pp. 91-92 en p. 99.

115. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 124. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 92.

genoeg nie en veral die Vrystaters in Broadbottom het die kampkommandant ontsenu deur hulle halsstarrige weiering om die eed af te lê. Hy het gevolglik 'n vergadering belê om die krygsgevangenes toe te spreek en behoorlik oor die voordele van inswering in te lig. Tot ontsteltenis en argwaan van die kolonel het die Vrystaters geweier om die byeenkoms by te woon. Hierop het hy die krygsgevangenes gedreig en in sy frustrasie en verbittering hulle hul lojaliteit teenoor hulle republikeinse regering verwyt. "This is really carrying patriotism to extremes. I cant understand such patriotism."¹¹⁶

Kolonel H.O.P. Wright het aan die krygsgevangenes die voorbeeld van die talle vreemdelinge wat as Britse onderdane in Engeland gelukkig woon en leef, voorgehou.¹¹⁷ Die voorbeeld is swak gekies, want sulke mense het vrywillig en uit eie keuse Brittanje as nuwe vaderland verkies. Die Boere was egter in 'n ondergeskikte posisie deur fisieke geweld en onderwerping. By die getroue gevangenes was daar dus nie die minste rede tot toegeneentheid teenoor die geweldenaar wat hom sy vryheid ontnem en hom na vreemde oorde weggevoer het nie. Vir hulle was aanvaarding van Britse onderdaanskap niks anders nie, as verraad teenoor hul vaderland.

In 'n swartgallige verslag aan Chamberlain skryf die goewerneur van St. Helena in September 1901 "that an attempt to find out those whose inclinations were for peace led to an outbreak of intimidation on the part of the irreconcil-

116. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp. 159-160.

117. Ibid.

ables who assaulted in a disgusting manner the leaders of the peace party. Order was however, speedily restored, the latter were segregated into a special camp and the ringleaders of the aggressors have been confined in High Knoll Fort. The outcome of the affair has been somewhat disappointing. It is, however, very difficult to influence personally the men we most wish to get hold of."¹¹⁸

Dit was duidelik dat selfs die Britse staatslui hiermee erken dat die manne van werklike betekenis nog nie vir die invloed van die vredeskomitee te vinde was nie. Daarmee is dit ook duidelik dat hulle sekere bedenkinge oor die werksaamhede en sukses van die vredeskomitee gehad het. Hulle was blykbaar ook nie grootliks beïndruk deur die tipe krygsgevangene wat vir die boodskap van die vredeskomitee so erg ontvanklik was nie. Die groep wat hulle graag wou betrek, het steeds buite die invloedseer van die vredeskomitee beweeg.

In Desember 1901 skryf die bevelvoerder van die troepe op St. Helena, kol. A.J. Price, aan die stafoffisier vir krygsgevangene in Kaapstad en stuur aan hom die name van "several prisoners of war who are segregated in what we term the Peace Camp, and are willing to take up arms for the British to assist to bring the war to an end, and another list of prisoners of war in the same camp who are anxious to return to South Africa to help garrison their native towns."¹¹⁹

118. H.C. Vol. 90, lêer 5141/01, dd. 28.9.1901, pp. 1-2. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., pp. 94-95.

119. H.C. Vol. 89, lêer 2686/02. Verslag van kolonel A.J. Price, St. Helena, 12.2.1901.

In dieselfde berig bekla hy ook die lot van die krygsgevangenes wat uit die Deadwoodkamp van weë hulle nuwe politieke oortuigings verwyder moes word. "They are unable to obtain any work outside, as the feeling is so strong; it would not be safe to allow the two camps out on the same days, and they complain to me they are constantly being insulted by the men of No. 1 camp working out on the days they do go out."¹²⁰

Hy beveel aan dat hierdie groep lojales van die eiland af verwyder word. Die sensor bevestig die bevelvoerder se vermoede, naamlik dat al die vervolgsugtigheid deur 'n klein minderheidsgroep veroorsaak word. Dit is hulle wat die krygsgevangenes teen die verloop van die oorlog, probeer moed inpraat en daarvan oortuig, "there is still a chance of foreign intervention which will enable them to gain their independence."¹²¹

Die Britse owerheid bespeur egter oral allerhande belowende neigings, "a tendency of calmness and submission to British Rule, the longing to return to their homes." Daar is ongelukkig ook ander elemente, "a strong under current, running from a different source, which upsets the simple Boer, in his already fixed ideas, poisons his mind, makes him restless, discontented, doubtful."¹²² Hierdie hindernis was egter nie genoeg om die afvalligheid onder krygsgevangenes te keer nie en veral in die eerste maande van 1902 was daar 'n merkbare vermeerdering in die inswe-

120. Ibid., p. 1.

121. Ibid., p. 1.

122. Ibid.

rings. In Broadbottom getuig kolonel H.O.P. Wright ook van die vordering van die vredesbeweging en hy vermeld spesiaal die veranderde houding en gesindheid wat die krygsgevangenes openbaar het. "I can only affirm that the reaction in favour of giving in when once the leaders in the field cease fighting is more marked than ever, and the whole general tone of the camp during the past month has been peacable and conciliatory."¹²³ Hy spreek ook met groot lof van genl. Ben Viljoen vanweë sy neutrale houding gedurende sy gevangenskap. Hierdie houding "indirectly had much influence, since it has shown to the majority of the prisoners that one of their leading men has no message of hope to give them."¹²⁴

Wat die Britse militêre owerhede werklik van die eedafleggers gedink het en of hulle hierdie oorlopers enigsins hoog geag het, is onbekend. Wat in die oorlopers se gedagtes omgegaan het as hulle hul bondeltjie vat en na die Jamk begin aanstap, daaroor kan slegs gewonder word. Die feit egter, dat die meeste van hulle snags weggesluip het, dui tog daarop dat hulle nie kans gesien het om hierdie daad openlik te pleeg nie en moontlik skaam was omdat hulle besef het, dat hulle verraad pleeg. Uit enkele opmerkings van Hugo van Niekerk oor die inswerings is dit egter ook duidelik dat die gebeurtenisse die agterblywendes diep geraak het. Dit was per slot van rekening hul eie mense, wapenbroers van gister, en die een se verraad sou waarskyn-

123. H.C. Vol. 88, lêer 3358. Verslag van kol. H.O.P. Wright, 1.4.1902.

124. Ibid., p. 2.

lik twyfel oor die trou van baie ander laat ontstaan.¹²⁵

* * *

In Bermuda is 'n petisie deur die vredesbeweging in die geledere van die krygsgevangenes opgestel. Daarin praat hulle die taal van die veroweraar baie duidelik na en beklemtoon die feit "that we are averse to those men still in the field continuing hostilities." Die skuldiges is volgens dié groep, hul eie mense, nie die vyand wat die oorlog op hulle afgedwing het nie, maar hulle wat hulle land en sy inwoners met heldemoed verdedig. "We do not sympathise with them for we consider they are the cause of all the misery and suffering to which our families are subjected, and also the cause of our further detention as prisoners of war."¹²⁶ Talle krygsgevangenes het egter in hierdie strategie van die vredesbeweging veel meer as net 'n eedaflegging van enkelinge gesien. "Hulle listige motief was vir ons duidelik - dat hulle uit die duisende verklarings wat hulle verwag om te kry, ons Regering wil toon dat die volk hom reeds aan die Engelse troon onderwerp het en dat hulle wat nog veg, rebelle is en die stryd verlore moet gee, aldus J.D.T. Krynauw.¹²⁷

In al die kampe in die Bermudas het die vredeskomitee die bewegings georganiseer, maar hulle het weinig vrede gebring; inteendeel. Waar hulle beweeg het, het hulle beroe-

125. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 123.

126. C.D. 921. Petition from Boer Prisoners-of-War at Bermuda.

127. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 95.

ring onder die krygsgevangenes nagelaat. 'n Politieke verdeling het op hulle bedrywighede gevolg. Verwyte, beskuldigings en openlike vervolging van andersdenkendes het die samelewing geskeur. Die politieke skeuring het so ernstig geword dat die owerhedē van die kampe die inwoners apart moes hou en die insweerders teen die wraak van die getroues moes beskerm. Gevangenes is tussen kampe uitgeruil om soort by soort te verenig om daardeur rus, orde en vrede te verseker, maar met min blywende resultate. Namate krygsgevangenes hulle ware kleure verrai het, is hulle dienooreenkomstig na 'n bepaalde eiland oorgeplaas. "More handsuppers told off to go to Tuckers in exchange for loyalists. Much jeering and hooting at them," skryf T.P. Brain.¹²⁸ Die aanhaling verrai duidelik watter sterk gevoel daar by die getroues teenoor die oorlopers was. Toe een van die handsuppers op diefstal en ander oneerlikheid betrap word, kon die ander nie verhelp om uit leedvermaak lekker te voel nie, en skryf T.P. Brain: "It is really pleasant to think that the British are finding out that the handsuppers are not to be trusted by them."¹²⁹ Ook die goewerneur van Bermuda het sy bedenkinge oor die sukses van die vredeskomitees uitgespreek. In 'n verslag aan Chamberlain op 12 Februarie 1901, skryf hy: "There are a certain number who have professed their willingness to take the oath of allegiance, and also to act as police, and to fight on our side - they do not belong to the more respectable classes; in these men I

128. V.A. Diary of T.P. Brain, p. 13.

129. Ibid., p. 22.

place but little confidence."¹³⁰

Die vredeskomitee het oral onaangenaamheid veroorsaak. Verdeeldheid, wantroue, twis, kwaai-vriendskap en vervolgsugtigheid het in hul spore gevolg. "In this way they have often been the cause of terrible unpleasantness in our camps. More than one has had to undergo rough handling because he was guilty, or suspected, of making common cause with the enemy. Many for this reason, have been thrown into the sea on a cold day with all their clothes on, or been covered with the contents of the latrine buckets."¹³¹ Eedafleggers wat betrap is, is gestraf en "natuurlik met veragting behandeld," skryf Rocco de Villiers.¹³² Hiermee is min sukses behaal. Waar party van die oorlopers hulle rol in die geheim gespeel het, het andere hulle openlik by die Engelse geskaar. Hulle is so erg deur die getroues vervolgd dat hulle by hul beskermhere om beskerming gaan aanklop het. 'n Aparte kamp vir hierdie soort was dus noodsaaklik. Gevolglik is die oorlopers, waar dit enigsins moontlik was, na Tucker's eiland gestuur. Vol wrewel vermeld Rocco de Villiers van 'n gevangene wat verraad gepleeg het, "en hy zit nu onder de Blinkses te Tuckers. Zoo gaat het met de meesten van de Land Verraders."¹³³ Rocco de Villiers maak melding van 'n grootse poging om die krygsgevangenes die eed te laat aflê. Op 'n openbare vergadering het die krygs-

130. H.C. Vol. 90, lêer 1449/02. H.L. Geary - Chamberlain, 12.2.1901.

131. H.C. Vol. 84. Aanhangsel tot verslag No. 748 dd. 19.6.1902.

132. K.A. Dagboek van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 163.

133. Ibid., p. 163.

gevangenes besluit "dezen stap zoo verre doenlijk tegen te gaan, hetwelk dan ook door ons gedaan werd."¹³⁴ 'n Ver-raaier het hierdie leiers se name aan die vyand gaan verklap en hulle van dwarsboming aangekla. Hulle is gearres-teer en "moest gedurende bijna 4 dagen, geboeid, zonder iets te eten te krijgen, in de brandende Bermuda-Augustus-son, nabij de tent van de wachtkommandant liggen."¹³⁵ Deur die brutale optrede moes hul verset geknak word, "en we moesten, door honger, niet door overtuiging, gedwongen, beloven in alles gehoorzaam te zijn," getuig M. Hollebrands.¹³⁶

Hierdie drastiese optrede teen die leiers was egter nie die einde van die saak nie. Die Britse owerheid het die handelwyse van die Boereleiers in die kamp ten sterkste afgekeur en het besluit om hulle invloed te verminder. Die owerheid het gevolglik besluit om sekere krygsgevangenes tussen kampe uit te ruil. As verskoning vir die stap voer hulle aan dat dit gedoen word om die algemene gesondheid te verbeter, omdat sekere kampe gesonder as andere was, "en door deze maatregel zou de eene burger in het vuur worden geworpen om den andere daaruit te redden."¹³⁷ Die gevange-nes het egter 'n ander verklaring vir die uitruiling gehad, naamlik "om die burgers die te veel invloed over de andere burgers in de verschillende kampen hebben, te verwijderen om alzo hun doeleindes beter te kunnen bereiken."¹³⁸ Na sy besoek aan die kampe in Bermuda, het die goewerneur,

134. Ibid., 164.

135. V.V.O.O.Z.A.-gedenkboek, pp. 167-168.

136. Ibid., p. 168.

137. K.A. Aantekeninge van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 165.

138. Ibid., p. 165.

H.L. Geary, die gevangenes se vermoede bevestig en die geheim van die verskuiwing van krygsgevangenes verklap. Hy skryf "dat men by hem geklaagd heeft, dat er onder de burgers een aantal zijn, die de meerderheid in hun stil en rustig leven storen; dat hij hen echter zal tegemoet komen door die personen naar andere eilanden te verplaatsen," aldus Rocco de Villiers.¹³⁹

Die uitruiling van gevangenes om die eedafleggers van die getroues te skei, was in die Bermudas gelukkig maklik, aangesien die verskillende kampe naby aan mekaar geleë was. Dit het egter dié nadeel gehad dat die georganiseerde bedrywighede en verenigingslewe deur die gedurige verskuiwing ook voortdurend ontwrig of heeltemal verbreek is. Baie van die aangeleenthede wat die lewé vir die gevangenes draaglik gemaak het, is deur die verskuiwings onmoontlik gemaak.

In Maart 1902 berig die goewerneur van Bermuda dat die uitruiling van krygsgevangenes steeds voortgaan, maar ma= joor J. Elkington kla oor die sterk en merkbare politieke gevoel op Tuckerseiland na die aankoms van 'n nuwe groep krygsgevangenes. Hoewel hy dit aanvanklik baie duidelik aan hulle gestel het dat hulle na 'n vredeskamp gaan, was hulle verweer dat hulle nooit vrywillig daarheen sou gegaan het nie. Die moeilikhede het dadelik begin. "These men immediately started to try and give, trouble and make an African Party, three or four of them making speeches, and tried to excite the prisoners, however, I got them outside the enclosure and made an example of them."¹⁴⁰

139. Ibid.

140. H.C. VOL. 90, lêer 2341/02. Verslag van goewerneur, Maart 1902.

Van Darrells-eiland getuig die kampkommandant dat die politieke situasie betreklik onveranderd bly, "if anything they take a stronger stand than they did before. The classification of Prisoners of War has also had a tendency to increase this feeling, and I may say to create a bad feeling in the two camps."¹⁴¹ Allerhande vorme van verset teen die invloed van die vredesbeweging kom in die onderskeie kampe tot uiting. Op Burtts-eiland "the anti-English feeling has been intensified, and there have been cases of insubordination and trouble in calling the roll on that Island. This will be easily understood from the fact that 266 of the worst characters of the Prisoners of War in Bermuda (of all nationalities) have been transferred to this Island."¹⁴² Selfs die twee Boereverteenwoordigers wat deur die krygsgevangenes aangewys is om hulle belange voor die owerheid te stel "are afraid to leave the camp for the afternoon, as they are both suspected of being in sympathy with the Peace Committee."¹⁴³

Dit kom dus voor asof die militêre owerheid die behaalde sukses sterk betwyfel het. Hierdie gedagte word in 'n brief van 'n krygsgevangene in Bermuda bevestig. Die Nieuwe Rotterdamsche Courant van 10 April 1902 plaas 'n brief van 'n gevangene waarin hy na 'n toespraak van Chamberlain verwys. Laasgenoemde beroem hom daarop dat driehonderd krygsgevangenes reeds die eed van trou afgelê het. Die gevangene wys daarop dat daar in Bermuda ongeveer 4200 krygsgevangenes

141. Ibid., p. 2.

142. Ibid., p. 3.

143. H.C. Vol. 147. Stafoffisier vir krygsgevangenes aan Staatsekretaris, 26.2.1901.

aangehou word en vervolg dan: "Since we have been here the English have tried in every treacherous and dishonest way to persuade us to become British subjects or to take the oath of neutrality. By all sorts of alluring, but false representations, the English have continually tried to persuade us to put our names on paper; for they are always trying to get our signatures on paper. After all the efforts they have made, they have only succeeded in getting 300 names of persons willing to take the oath of allegiance. Also it is only through fraud that they get the names of these people, for they told them that they would be sent back to South Africa, to their wives and children."¹⁴⁴

Die vredesbeweging het egter momentum gekry en verskeie pogings om groter toenadering tussen die krygsgevangenes en die Britse gesag te verkry, is deur hulle aangewend. In 'n publikasie, "Suggestions", betuig 'n "ex-Burgher" hom sterk ten gunste van toenadering. Hy beveel as 'n eerste stap aan, "that sympathetic Englishmen should be sent out to the islands to explain to the more ignorant of them the present state of affairs, and the probable future, enlightening them, in so far as is needful, without intentionally outraging their feelings, as to the causes which led to the war." Hy beveel verder aan dat verteenwoordigers van krygsgevangenes na Engeland gestuur word, "and if the selection is carefully made, the good effects would not be confined to those immediately participating."¹⁴⁵

144. H.C. Vol. 84. Aanhangsel tot verslag No. 748, dd. 19.6.1902.

145. H.C. Vol. 111. Artikel deur Ex-Burgher, dd. 5.7.1901.

Nieteenstaande die toenemende getalle oorlopers na die spesiale kampe, het die getroues steeds volhard in hulle pogings om hierdie gety te keer. Rocco de Villiers wys daarop dat die krygsgevangenes juis aan die vyand moes bewys dat "zij niets met ons te doen hebben, en wij ons tot nog toe niet aan hunne Regeering willen onderwerpen." Die Boere mag wel magtelose krygsgevangenes wees, maar "behalve dit hebben hy absoluut niets vooral op politiek gebied met ons te maken."¹⁴⁶

* * *

Uit alles wat in hierdie tydperk van eedaflegging plaasgevind het, blyk dit duidelik dat die Britse militêre owerheid hom nie by sy streng militêre taak om krygsgevangenes aan te hou tot die formele vrede gesluit is, gehou het nie. In plaas van hom op die onderwerping van die steeds vegtende burgers toe te spits, is daar op onbehoorlike wyse deur intimidasie en strafmaatreëls druk op krygsgevangenes uitgeoefen om 'n einde aan die stryd te maak. Of dit in ooreenstemming met die Den Haagse reëls was, is hoogs te betwyfel. Nêrens verleen hierdie reëls die aanhouers van krygsgevangenes die reg om op hulle politieke druk van water aard ook al uit te oefen nie.

Hoe dit ook al sy, die gety ten gunste van oorgawe het sterker geword, terwyl die stryd teen die vredeskomitees verflou het. Die Britse kampowerhede se intimidasie het die gewenste resultate opgelewer. Naas wedersydse verwyte

146. K.A. Aantekeninge van Rocco de Villiers te Bermuda, p. 168.

en beskuldigings is die krygsgevangenes se geledere onherroeplik verdeel. Almal het onder die las van verdenking en wantroue verkeer. Die vroeëre samehorigheid en kameraadskap is vergoed vernietig.

Dit is opvallend dat die verloop van gebeure in al die kampe identies is. Sonder klaarblyklike verbintenisse of kommunikasie tussen die onderskeie kampe het die invloed van die bedrywighede van die vredeskomitees sowel as die verset van die getroues, dieselfde vorm aangeneem. Dit is haas 'n algemene feit dat die eerste afvalliges by die vredesbeweging aansluit, onder die indruk dat hulle huis toe gestuur word. Die getroues skop vas en pas strafmiddels toe om ontrou te probeer stuit, maar die Britse owerheid beskerm die eedafleggers en verplaas hulle na spesiale kampe waar aan hulle sekere voorregte verleen word. Die Britse owerheid volg 'n vaste beleid van steun aan die vredeskomitees, dwang, intimidasie en straf op die getroues wat die eedafleggers dreig, of liggaamlike leed aandoen.

HOOFSTUK 11DIE BITTER EINDE

Reeds lank voor die uiteindelijke aankondiging van vrede wat op 31 Mei 1902 tussen Milner en Kitchener, en die afgevaardigdes van die Oranje Vrystaat en Transvaal gesluit is, was daar voortdurend die gerugte oor vredesonderhandelinge in die krygsgevangekampe in omloop. Die krygsgevangenes was egter onseker oor die werklike aard van die onderhandelinge en kon hulle slegs daaroor gis en op 'n gunstige verloop daarvan hoop. Onbevestigde gerugte lui dat die onderhandelinge vir die Boere werklik gunstig verloop en "kan het natuurlyk na de berichten die ons in de laaste tyd toegekomen zijn, niet anders als ten onzen voordeele uitvallen," skryf J. Teengs op 19 April 1902. Daar was egter mede-gevangenes wat geglo het dat die onderhandelinge sou afspring, "anderen weer dat het wel vrede zal zijn maar niet gunstig voor ons; en zoo ryst en daalt de hoop en de verwachting als een thermometer. Nu de tyd zal alweer moeten leeren wat dit maal de uitslag zijn zal."¹

Hiermee het 'n felle innerlike stryd tussen hartsbegeerte en kleingelowigheid oor die afloop van die samesprekings in die harte van die krygsgevangenes ontbrand. Tussen uiterste pole van neerlaag of oorwinning is die gevangenes geestelik rondgeslinger. Herhaaldelik is in hierdie tyd van spanning en afwagting die vraag gestel: "Wat zal na die drie weken den uitslag zijn?" aldus J. Teengs.²

1. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, pp. 277-278.

2. Ibid., p. 281.

In Umballa skryf Jannie Geldenhuys dat die vredesgerugte weke lank die ronde gedoen het en dat die krygsgevangenes op gunstige voorwaardes gehoop het.³ Nuwe gerugte oor die moontlike voorwaardes van die vrede het die gemoedere van krygsgevangenes in voortdurende beroering gehou. Selfs die bewegings van die vyand is noukeurig dopgehou "en tot ons voor- of nadeel geïnterpreteer," skryf A.P. Burger in Bhim Tal.⁴ "Nu is het wel een tyd van spanning," skryf J. Teengs, "en als er nu niet gauw een einde aankomt, ten minste aan deze onzekere staat van zaken ben ik bevreesd dat het op anderen ook eene nadeelige uitwerking zal hebben, want veelen hechten te veel waarde aan al het geruchten die er rondgaan."⁵ Oor die groot verwarring wat onder die krygsgevangenes in verband met die gerugte en bespiegeling oor vrede geheers het, getuig dieselfde krygsgevangene: "Op het oogenblik kan men kop nog staart aan de zaken vast maken."⁶ A.P. Burger getuig: "So het die onsekerheid voortgeduur vir nog baie dae, en niemand kon tot bestendigheid kom nie."⁷ In Diyatalawa ondervind die krygsgevangenes ook die probleem van vele gerugte. Gustav Preller beweer dat dit "wekelank gesuis (het) van allerlei onbestemde gerugte van die vrede wat 'n mens rondgeslinger het tussen hoop en vertwyfeling, verwagting en vrees."⁸ G.S. de Villiers is só erg deur die vredespraatjies ontstel, dat hy hom voor=

3. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, pp. 54-55.

4. Burger, A.P.: Worsteljare, p. 165.

5. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 297. Vgl. T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, p. 75.

6. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 302.

7. Burger, A.P.: op. cit., pp. 173-174.

8. Preller, G.S.: Ons Parool, p. 116.

geneem het om hom aan geen verdere gerugte te steur nie, "daar het alles leugen pratjies is, en waardoor ik myn kosbaar ziel te kort doen."⁹

Die vredesgerugte het natuurlikerwys by die krygsgevangenes die heimwee en verlange na hul huis, gesin, familie en vaderland verhoog. "Nu dwalen de gedachten naar huis," skryf J. Teengs, "en een ieder gevoelt dat hy nu spoedig zoo die Heer wil de zijnen zal terug zien die hem gespaard zijn gebleven en met nieuwe moed gaan ze de toekomst te gemoet."¹⁰ Ook J.A. Geldenhuys getuig hieroor: "Ik gevoel my in dezen avond erg verlangend naar myn dierbare gade die zoo vele duizenden van mylen van my verwyderd is, doch met een vertrouwen dat God de Heer ons spoedig by elkander zal brengen."¹¹

Die uiteindelijke aankondiging dat vrede werklik gesluit is, is gevolglik met uitbundige vreugde begroet. In Broadbottom het die berig gedurende die nag gekom. "Wij stonden op en toen was het geheele kamp in rep en roer. Er werd gelach en gesproken gegeten en gedronken. In een kwartiertijd was al de koek opgegeten. Er werd echter onmiddellijk aan het bakken gegaan. Overal werd gezongen gezangen, Volkslied enz. Hier en daar hoorde men ook een of ander hartelijk Gode dankende voor den vrede," skryf Hugo van Niekerk op 1 Junie 1902.¹² Hierdie skrywer het klaarblyklik geen illusies oor die moontlike voorwaardes gehad nie. In

9. T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, p. 75.
 10. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 286.
 11. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 63.
 12. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 189.

'n bespiegeling daaroor skryf hy op 7 Junie 1902: "Het schijnt mij of onze voorwaarden, maar een weinig hard zijn zullen, maar gelukkig ik geloof vast God niet toelaten zullen dat ons zwaarder last opgelegd zal worden dan wij verdragen kunnen en dan die voor ons noodig zijn. Ik geloof dat wij tamelijk harde voorwaarden noodig hebben om ons een groot volk te maken."¹³

In Diyatalawa getuig G.S. de Villiers van die groot vreugde wat in die kamp geheers het toe die vredesberig hulle bereik het. "Het was geen ½ uur nadat het op het bord geplak was, of, de geheele kamp was in rep en roer, overal werd de Volks Liederen gezongen, korte dankstonden werden in verscheidene hutten gehouden, de Engelsche troepen lieten ook hunne juicht kreeten hooren en hunne Blaas Bend gingen door hunne kamp."¹⁴ In Groenpunt skryf J.J. Taljaard oor die aankondiging van vrede: "Het was een ogenblik voor mij als ik noch nooit ontmoet heef van blijdschap."¹⁵

Die eerste berig oor die formele vredesluiting het slegs die aankondiging bevat, maar nie die voorwaardes nie. In Deadwood skryf H. de Graaf dat die krygsgevangenes vas in die Boere-oorwinning geglo het, en toe hulle die vredesberig op 2 Junie 1902 verneem, hulle oortuig was van die behoud van die Republieke se onafhanklikheid. Dit was egter vir hulle soos "'n vuisslag in die gesig (toe ons) van die

13. *Ibid.*, pp. 192-193.

14. T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, p. 115.

15. O.M. Dagboek van J.J. Taljaard, p. 224.

kennisgewing van die vredesvoorwaardes lees."¹⁶ Die skokkende nuus het byna tot konsternasie gelei, want "almal was lamgeslaan en niemand het lus gehad om daaroor te praat nie. Toe die duisternis daardie aand oor die kamp val, het menig een die eensaamheid van die nag opgesoek."¹⁷ Die gees en atmosfeer in Deadwood was skielik gedemp en die oënskynlike lighartigheid onder die krygsgevangenes het verdwyn. "Wat een neerslachingheid er in het kamp heerscht is goed te begripen, alleen de gedachte dat de zaak waarvoor zoo lang gestreden is, en wij zoo lang gezeten hebben verloren is; men kan het haast niet begripen, en hoopt men nog dat het niet zoo is," spreek J. Teengs sy gevoel uit.¹⁸ Volgens C.R. Kotze was hierdie aankondiging vir die krygsgevangenes in Deadwood die vreeslikste nuus wat hulle in hulle gevangenskap aangehoor het. Oor die krygsgevangenes se reaksie, skryf hy: "Ek het nog nooit in my lewe so 'n menigte van groot sterk manne so sien huil en snik nie. Daardie aand was die kore stil. En nou het die onreg gesegevier. Nou juig die aggressor."¹⁹ Op 30 Junie 1902 het kolonel J.W. Hind, die kampkommandant in Deadwood, die vredesvoorwaardes finaal aan die krygsgevangenes verduidelik en dit bo enige twyfel aan hulle gestel dat almal die eed van getrouheid moes aflê, "and I regret to say it was taken in a very bad spirit. For two or three days the anti-British feeling in camp was very strong, and there were two cases of men being

16. De Graaf, H.: Boere op St. Helena. Die Oorlogsdagboek van H. de Graaf, verwerk en in Afrikaans oortel deur P.J. Nienaber, p. 137

17. Ibid., p. 139.

18. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 318.

19. Kotze, C.R.: My Ballingskap, p. 123.

ill-treated."²⁰

Individuele uitsprake deur krygsgevangenes oor die vredesvoorwaardes toon aan dat hulle verskillend daarop gereageer het. Gustav Preller skryf: "Ek gee slegs die gemoedstryd weer wat daar gevoer werd in die harte van drievierdes van die krygsgevangenes. Die ander een-vierde het nie gedink nie; was of hulle verdwaas was. Slegs enkeles het hulle vernei met die vooruitsig alleen om spoedig huis-toe te gaan. Ons wis dat daar vrede was, maar verder niks."²¹ Oor die vrede was almal verheug. H.R. van der Walt juig ook die vrede toe, "maar dit was nie die regte terme."²² 'n Oud-krygsgevangene in Bermuda, Rudolph Opperman, skryf: "When peace was declared at Vereeniging and the news reached us, it stunned me. Of all disappointments and other adversities I have had in my life, nothing ever smote me so completely as the news of surrender and the harsh terms. For a long time I could not grasp it. The thought of bowing my head to Albion was unbearable."²³ Op 9 Junie 1902 skryf C.J. Muller 'n brief aan sy vrou, maar daaruit spreek geen vreugde oor die vrede nie - veel meer 'n stille berusting in 'n onvermydelike situasie. "Now we will have to obey as it is God's will."²⁴ Verset en bitterheid straal duidelik uit die woorde van P.R. Moolman in 'n brief as hy aan sy gevoel teenoor sy vyand uiting gee -

20. H.C. Vol. 87. Verslag uit Deadwood, 30.6.1902.

21. Preller, G.S.: op. cit., p. 118.

22. V.A.(R.V.) 119.1168. Oorlogsherinneringe van H.R. van der Walt, p.3.

23. Privaat brief van Rudolph Opperman, 18.11.1934. (Kopie in besit van outeur van hierdie werk).

24. H.C. Col. 87, lêer 6273. C.J. Muller, 9.6.1902.

'n uiting wat as 'n normale reaksie van die groot massa beskou kan word. "They say we won't go back until we have given them information about ourselves. I won't do it, rather stay here."²⁵ Met bittere humor besing C.T.M. Wilcocks die seëninge van vrede. "Peace declared! Lovingly guarded by armed Tommies (bayonets fixed, of course); barb wire and electric netting fence; gates secured, locked day and night; carefully counted three times daily. This is the position: to me it is a problem."²⁶ In 'n nugter beskouing oor die voorwaardes spreek Hugo van Niekerk hom moedig uit, hoewel hy geen sweem verrai dat hy ligtelik daaroor nadink nie. "De zaken zijn donker," skryf hy, "de condities hard, doch volgens mijns inziens geenzins hopeloos. Wij hebben een hard leven voor ons toch niet zonder vooruitzicht van welslagen. Moge God ons de benodigde wysheid en gematigheid schenken in't besturen onzer woorden en daden opdat wij aan ons eigen belangen geen afbreuk doen."²⁷

Oor die aankondiging van die vredesvoorwaardes in Sialkot in Indië, skryf C.P. van Zyl: (Toen) "was myn hart versmolt en ontroerd in my en aan twee deelen verdeelt, het een gevoelde zich verblydt en verheugd en wilde opspringen van dankbaarheid. Maar het andere daarentegen was terneer=geslagen terwyl wy verneemen moest, dat wy onze vrydom moest pryst geven."²⁸ Dit het vir die gevangenes gevoel asof die beproewinge vir hulle te veel geword het, "vooral

25. Ibid., P.R. Moolman, 10.6.1902.

26. Ibid., C.T.M. Wilcocks, 8.6.1902.

27. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 202.

28. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, pp. 92-93.

wanneer wy gedenken dat wy alles goed en bloed opgeofferd hebben en nu onze vryheid ook moeten pryst geven, was boven ons natuur verheven. Onbeschryflik voor my om de diepe gevoelens, en treurige gedachten, te verklaren en duidelyk meede te deelen."²⁹ Oor die reaksie van die krygsgevangenes in Bhim Tal, skryf A.P. Burger: "Een geest van neergedruktheid heerscht in Kamp." Hy toon ook aan dat die karakter en atmosfeer van die kamp deur die vredesvoorwaardes verander het en dat 'n stille gelatenheid hom van die krygsgevangenes meester gemaak het. "Het is als het doodvonnis over ons arm volk uitgesproken en het geheele kamp met uitzondering van de verraaiers treurt."³⁰

Slegs uit Urugas in Ceylon lui 'n verslag dat die vredesvoorwaardes toegejuig is, en verklaar die sensors: "The announcement was hailed with great joy, and the men, who are willing and glad to accept the new Government, appreciate the despatch with which arrangements have been made for their speedy departure for South Africa."³¹

Die egtheid van die vredesvoorwaardes soos dit in die kampe aangekondig is, is egter nie sonder meer deur al die krygsgevangenes aanvaar nie. In Deadwood byvoorbeeld, was die twyfel sodanig, dat genl. Piet Cronje na die kamp gestuur is om die waarheid daarvan aan die gevangenes te bevestig. Aan sy woorde en verduideliking is min waarde geheg. Ook sy verdere optrede het veroorsaak dat die krygs-

29. Ibid., pp. 100-101. Vgl. Dagboek van S.P. Malan Umballa, p. 42.

30. Burger, A.P.: op. cit., p. 118.

31. H.C. Vol. 87. Verslag van sensors aan kampkommandant, 25.6.1902.

gevangenes hulle min aan sy woorde gesteur het. Hy het naamlik self die eed van getrouheid aan die Britse koning afgelê en na Suid-Afrika vertrek. Hierdie handelwyse is deur die krygsgevangenes verdoem. Hieroor skryf J. Teengs: "My denkt hy stelt geen zeer goed voorbeeld aan zijne burgers. Als een schip vergaat is de kapitein de laatste die haar verlaat, en dat moest nu ook hier het geval zijn."³²

In ander kampe was daar ook aanvanklik ongeloof by groepe krygsgevangenes oor die egtheid van die vredesvoorwaardes. Talle van hulle het dit as versinsels van die Engelse beskou, 'n set van die vyand om die Boere se moed te knak, "maar daar was ook baie ander wat maar alte duidelik ingesien het dat hierdie berig die waarheid moes bevat," skryf A.P. Burger in Bhim Tal.³³ Die finale bevestiging van die voorwaardes het hierdie kamp op 15 Junie bereik en toe was dit "asof die doodvonnis oor die hele kamp uitgespreek was. Nou moes ons maar glo wat ons nie wou glo nie. Nou moes ons beseef dat ons 'n volk was sonder 'n land; houtkappers en waterdraers van 'n vreemde volk," aldus A.P. Burger.³⁴ S.J. Burgers getuig dat die krygsgevangenes in Diyatalawa ook aanvanklik geweier het om te glo dat die verpletterende voorwaardes, die waarheid kon wees. Op 2 Junie 1902 is die voorwaardes in hierdie kamp op die kennisgewingbord geplak en "om 9 uur gaat de tyding als een bliksemstraal door de kamp. Een hele paniek barste nu onder ons: ik zelf geloofde dat het niet al was de 10 arti-

32. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, p. 323. Vgl. De Graaf, H.: op. cit., p. 142.

33. Burger, A.P.: op. cit., pp. 174-175.

34. Ibid., p. 177.

kels en dat de voornaamste deel voor ons achter gehouden is of geheel verdraait is ten einde ons te mislijden om de eet van getrouwhyd te nemen. Ons briefen word nü eers string gesensert en by hoopen verbrand hetgeen noch meer achterdoch wekte."³⁵

Oor die reaksie van die krygsgevangenes in Bermuda teenoor die vredesvoorwaardes rapporteer 'n Britse offisier: "The opinion in the camp is divided. A certain number believe and are perfectly willing to accept the terms, many refuse absolutely to believe. I find that the majority of the Prisoners are sceptical as to the truth of the reports."³⁶ J.A. van Blerk wys daarop dat 'n aansienlike persentasie van die krygsgevangenes in Bermuda die voorwaardes nie geglo het nie. "Hulle het nog geruime tyd die hoop gekoester dat die onafhanklikheid in die Vredesverdrag gewaarborg was, maar dat die Engelse dit slegs vir hulle (die krygsgevangenes) verberg en nie wou bekendmaak nie."³⁷

J.D.T. Krynauw, 'n krygsgevangene in Bermuda, skryf dat daar groot onderlinge verdeeldheid tussen die groepe krygsgevangenes was, nadat die vredesvoorwaardes aangekondig is. 'n Aansienlike getal het hulle dadelik bereid verklaar om die eed van trou aan die Britse koning af te lê, ten einde hulle repatriasie te bespoedig. Die oorgrote meerderheid egter, wou eers meer besonderhede oor die voorwaardes kry, voor hulle tot die aflê van die eed sou oorgaan. Die verdeeldheid hieroor was so erg dat dit selfs tot openlike

35. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 143.

36. H.C. Vol. 87, lêer 6273. Verslag uit Bermuda, Junie 1902.

37. Van Blerk, J.A.: Op die Bermudas Beland, p. 90.

vyandskap gelei het en die Britse gesagvoerders die eedafleggers na Tuckers eiland (Verraaierseiland) verplaas het, sodat die nuwe Britse onderdane daar Britse beskerming kon geniet.³⁸

Majoor J. Elkington bevestig op 24 Junie 1902 ook dat die grootste probleem onder die krygsgevangenes die gebrek aan stawende getuienis in verband met die vredesvoorwaardes was. In sy gereelde maandelikse verslag vanaf Morganseiland skryf hy: "The younger and unquiet element forming a small minority either cannot or will not realise the state of affairs, and try to terrorize over the weak minded. I think that as soon as news can reach here direct from South Africa, either from the leaders or from relatives, everything will quiet down."³⁹ Van Burtts eiland rapporteer kampkommandant E.E. Pine op 26 Junie 1902 en bevestig hierin majoor Elkington se bevinding. "Many of them still refuse to believe that peace has been declared, and say they will not believe it until they have a communication from their own people."⁴⁰ Op 1 Julie 1902 rapporteer goewerneur H.L. Geary van Bermuda: "I find that the majority of the prisoners are, or profess to be sceptical as to the truth of the reports. Considerable party feelings has been again aroused in the camps. The young men are inclined to be rowdy. The elder men are content to sit still and await the development of affairs."⁴¹

38. T.A. Oorlogsherinneringe van J.D.T. Krynauw, p. 97.

39. H.C. Vol. 87, lêer 6273. Verslag van majoor J. Elkington, 24.6.1902.

40. Ibid. Verslag van kapt. E. Pine, 26.6.1902.

41. Ibid. Verslag van goewerneur H.L. Geary, 1.7.1902.

Vanaf Darrells en Burtts-eiland rapporteer die kampkommandant op 26 Julie 1902 dat daar steeds krygsgevangenes in die kampe is wat die waarheid van die aangekondigde vredesvoorwaardes betwyfel. Hulle het wel die kabel van hul Boereleiers in Suid-Afrika ontvang, maar bly skepties teenoor die egtheid en waarheid daarvan. Hulle verlang meer sekerheid en bevestiging van die feit dat hul leiers die vredesvoorwaardes onderskryf het.⁴² Op Darrells vorder die eedaflegging egter goed, maar "the prisoners of war on Burtts have given trouble for the last month more so than before peace was declared, they redicule the terms and every evening the Volkslied is sung and cheers given to the late republics."⁴³ Van Hawkins-eiland rapporteer kapt. G.J. Traherne op 27 Julie 1902 dat al die krygsgevangenes op hierdie eiland reeds die eed van getrouheid afgelê het.⁴⁴

Vanweë die feit dat daar steeds 'n sprankie hoop in die krygsgevangenes voortgeleef het en "zaken voor ons nog duister is," skryf C.P. van Zyl in Sialkot, Indië, "en wy niet weten of zulk een kennisgeving onveilbaar is," het die gevangenes in spanning en vertwyfeling oor die vredesvoorwaardes verkeer.⁴⁵

In Diyatalawa rapporteer kol. A.C. Vincent, die kampkommandant, op 27 Junie 1902, dat die vredesvoorwaardes aan die begin van die maand bekend gemaak is. Die reaksie

42. H.C. Vol. 87, lêer 5906. Verslag van kapt. E. Pine, 26.7.1902.

43. H.C. Vol. 87. Verslag uit Bermuda, 26.6.1902.

44. Ibid., lêer 5906. Verslag van kapt. G.J. Traherne, 27.7.1902.

45. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, pp. 100-101.

van die krygsgevangenes daarop, was egter uiteenlopend.

"A certain number believe and are perfectly willing to accept the terms; many refuse absolutely to believe the official notification of the terms, whilst others believe it to be still incomplete and think there is still a chance of arbitration."⁴⁶ P.H.H. Fick meld ook dat 'n groot gedeelte van die krygsgevangenes in Diyatalawa die egtheid van die voorwaardes in twyfel getrek het.⁴⁷ Om hierdie rede is van die Engelse offisiere van hut tot hut gestuur en "lazen de vredestermen ons hier voor. Wy gelooven ook niets. In verscheidene hutten werden zy geboo."⁴⁸ Selfs op 11 Julie 1902 skryf hierdie krygsgevangene dat hulle steeds glo dat alles wat hulle hoor, leuens is. Op 13 Julie skryf hy met afkeer dat sendeling Roux dié dag gepreek het en "stelde daar bekend dat wy ons land geheel verlore hebben, hy was vandag tot vloek in kamp. De Boeren willen hem onder de stok steeken." Hy erken egter op dieselfde dag dat die eedafleggers vinnig toeneem.⁴⁹

Die twyfel oor die egtheid van die vredesvoorwaardes het in haas alle krygsgevangekampe 'n rol in die houding van die gevangenes gespeel. Kolonel H.O.P.Wright, die kampkommandant van Broadbottomkamp, wys daarop dat die voorwaardes in hierdie kamp, probleme laat opduik het.

"The main point with the majority of the Prisoners of War at this camp has been the want of confirmation of the terms

46. H.C. Vol. 87, lêer 6273. Verslag van kol. A.C. Vincent, 27.6.1902.

47. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick te Ceylon, p. 701.

48. Ibid., p. 707.

49. Ibid., pp. 726-727.

being accepted by their late leaders, and of a direction from them as to how prisoners are to act."⁵⁰ Aan 'n versoek van genl. Ben Viljoen om 'n kabel aan die Boeregeneraals te stuur om van hulle die verlangde inligting te verkry, wou kolonel A.J. Price, die bevelvoerder oor die troepe of St. Helena, egter nie gehoor gee nie, want "the terms are definite enough."⁵¹ Uit Deadwood rapporteer die kampkommandant, kolonel J.W. Hind in Junie 1902, van 'n sterk anti-Engelse gevoel onder die krygsgevangenes. Hy wys daarop dat 'n opstandige element in die kamp die insweerders aanrand en liggaamlike straf toedien.⁵² 'n Kabel van die Boeregeneraals het wel aan die krygsgevangenes leiding gegee, maar volgens kol. H.O.P. Wright was dit nie duidelik genoeg nie. Die krygsgevangenes het meer inligting van hul leiers verwag. "The main contention on this point would appear to be, that since their leaders have made a Contract, or surrendered on terms for their respective Nations, the prisoners are entitled to be informed by their leaders what they are to do. It seems to be a point of honour with the more educated that this intimation should be given them."⁵³ In Augustus 1902 rapporteer hy egter dat die krygsgevangenes tog gunstig op die kabel van die generaals gereageer het en meer geneë was om die eed af te lê,⁵⁴ want eedaf=

50. H.C. Vol. 87, lêer 6291. Verslag uit Broadbottom, Julie 1902.

51. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 197.

52. H.C. Vol. 87, lêer 6291. Verslag van kol. J.W. Hind, 30 Junie 1902.

53. Ibid. Verslag van kol. H.O.P. Wright, 3.7.1902.

54. H.C. Vol. 87, lêer 6673. Verslag van kol. H.O.P. Wright, 12.8.1902.

legging was 'n onverbiddelike vereiste voordat daar met repatriasie begin kon word.

Herhaaldelik is die krygsgevangenes meegedeel "dat as ons die deklarasie nie teken nie dan sal ons Suid-Afrika nie weer sien nie."⁵⁵ As dit soms voorkom asof die krygsgevangenes hierdie eis nie goed begryp nie, word dit opnuut deur die owerheid benadruk dat niemand gerepatrieer sal word "het zy ziek, oud of jong voordat hy den eed van getrouwheid genomen had."⁵⁶ G.S. de Villiers wys daarop dat daar op 26 Augustus opnuut 'n kennisgewing in Diyatalawa aangeplak is om die noodsaaklikheid van eedaflegging te benadruk. "Het moet uitdrukkelyk verstaan worden dat geen Burger krygsgevangene toegelaten zal worden naar Zuid Afrika terug te keeren voordat hy getrouwheid aan koning Edward VII afgelegd heeft."⁵⁷ Selfs hierna het inswering nog stadig verloop. Op 7 Oktober 1902 teken P.H.H. Fick egter aan dat die hek voor die kantoor "toegetrap" staan van burgers wat die eed gaan aflê.⁵⁸

Selfs vir diegene wat besluit het om die eed af te lê, was dit 'n onaangename en pynlike gebeurtenis. Vir hierdie daad het hulle herhaaldelik teruggedeins. Hieroor skryf

55. V.A.(R.V.) 119.1168. H.R. van der Walt - Renier, p. 3. Vgl. T.A. Herinneringe van P.A. Kolver, p. 16; O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 102; V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom dl. 2, p. 195; Scholte-meijer, H.: Die Balling oor die see, p. 81. Sien ook Bylae CC., p. 602 vir voorbeelde van die eed en die deklarasie.

56. V.A.(O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 195. Vgl. T.A. Dagboek van G.S. de Villiers te Ceylon, p. 134.

57. Ibid., p. 134. Vgl. Dagboek van S.P. Malan te Umballa, p. 42.

58. O.M. Dagboek van P.H.H. Fick, p. 768.

C.R. Kotze: "Dit is iets om te sluk! Die plase roep, die nog lewende vroue en kinders roep, die Boere pak in en maak klaar, maar net dié wat die Eed aflê kan met die skip vertrek. Sommige loop na die kantoor, maar draai weer om! Hulle kom sit maar weer in huis of tent en sug. Ai die eed!"⁵⁹ Onder die dwang van omstandighede het hulle uiteindelik besluit "en so het een na die ander by die "office" gaan teken," verklaar H. Scholtemeijer.⁶⁰ Oor hierdie eedaflegging sê Hugo van Niekerk: "Die Eng. hebben hunne plannen goed geregeld. Zodoende maken zy als of de burgers vrywillig den eed nemen. Achteraf aan worden zy gedwongen."⁶¹

Oor hul gevoel en gewaarwording by die aflê van die eed, lewer enkele krygsgevangenes getuienis wat bewys hoe diep hierdie daad hulle geraak het. Dit is voorafgegaan deur 'n innerlike stryd om tot die gewigtige besluit te kom. Hieroor skryf J.A. de Villiers: "Den 11den Juli 1902 zal ik nooit vergeten, toen ik om 11 uur 30 min. v.m. de voornoemde declaratie teekende, na ik my zelve goed geraadpleegd had, en geen uitweg zag. Zoo nam ik de bittere kelk op in myn hand en (sic) dronk ze hoe bitter zy ook was."⁶² Oor sy onderwerping aan sy vyand skryf Hugo van Niekerk: "Ik dacht altoos dat ik de bitterste beker al geledigd, de zwaarste beproevingen, de hardste lyden al ondervonden heb maar een tydperk zoo als ik van den 10den dezer tot heden

59. Kotze, C.R.: op. cit., p. 124.

60. Scholtemeijer, H.: op. cit., p. 81.

61. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 199.

62. K.A. Dagboek van J.A. de Villiers te Bermuda, pp. 76-77.

ten dage doorleefde heb, dacht ik niet mogelyk dat een mensch het kon doorstaan en nog leven. Dikwijls schijnt het mij als of ik mal geworden ben. Nu echter blykt het dat er nog eene ondenkbare bittere droppel (die aflê van die eed) op den bodem was.⁶³ "Dit nemen der eed" beweert Van Niekerk, "is nog het zwaarste pil dat ik ooit te slukken had. Het is werklik alsof myn hart in my stierf."⁶⁴ In Umballa skryf Jannie Geldenhuys: "Van morgen op de Sabbat werde wy uitgenomen naar de kantoor om de deklaratie te teeken die een onvergetelyke gebeurtenis is, voor een ieder die zyn land en volk op het hart draagt om de zelfde af te sweer en een ander heerschappy onderdanig moet wezen."⁶⁵

Vanaf Junie 1902 het 'n spanningvolle tyd vir die krygsgevangenes aangebreek en is hulle lewe deur onenigheid en onderlinge verdeeldheid vertroebel. Terwyl een groep krygsgevangenes op leiding en duidelike opdragte van Boereleiers uit Suid-Afrika gewag het, het andere dadelik die eed van getrouheid afgelê. Andere wat nie die eed wou aflê nie, het gewag dat ander vorms, die sogenaamde deklarasievorms na die kampe gestuur word. Hugo van Niekerk praat selfs van twee verskillende partye wat in hulle kamp ontstaan het. "De eene wil wachten totdat de deklaratie komt, de andere neemt de eed nu. Er ontstaat eene tamelijk wrijving, zooals licht te begripen was, tusschen die partijen. Velen der, we kunnen ze niets ander noemen, grootbekken, zijn

63. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, pp. 210-211.

64. *Ibid.*, pp. 211-212.

65. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, pp. 141-142.

natuurlijk de grootpraters. Een hunner wou Zondag avond nog hen die ingezworen hebben, uit kamp zetten. Maandag morgen stond zijn naam zelf op de lijst."⁶⁶

Die onversoenlikes het die eedafleggers van verraad beskuldig. Wantroue het sy nadelige invloed in die kamp=lewe laat voel. "Den avond staat overal klompies en spreek over de duistere dagen van het freede gemaak is." Met die offisiere wat die krygsgevangenes aangespoor het om die eed af te lê, is openlik die spot gedryf en word hulle herhaaldelik toegesnou: "Hoeveel het gij vandag verkoop aan u baas," deel C.P. Pretorius mee.⁶⁷ Selfs van die onversoenlikes het al meer die vrugteloosheid van die volgehoue weiering om die eed af te lê, ingesien en "hoe zwaar en gewichtig dat het ook was voor ons, vinden wy geene andere uitkomsten," getuig C.P. van Zyl.⁶⁸ Ander groepe onversoenlikes het egter volhard in hul oortuigings dat die vreedestories alles leuens was. "Daarom vindt er groote verdeeltheid, haat, nyd en twiste, en tweedracht onder ons plaats. Het eene gedeelte dat nog niet tot deze zaak was overgegaan, zyn verbitterd tegen de anderen, meenende dat wy, nu ontrouw worden aan land en volk," aldus C.P. van Zyl.⁶⁹

Die kabelgram wat van die Boeregeneraals ontvang is, het talle van die onversoenlikes laat besluit om die eed af te lê, ten einde gerepatrieer te word. Die gewete het

66. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 211.

67. Dagboek van C.P. Pretorius, pp. 538-539.

68. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 102.

69. *Ibid.*, pp. 102-103.

waarskynlik nie langer teëgehou nie en krygsgevangenes het die eed geteken sonder om veel betekenis aan die eed van trou te heg. In hierdie gees en gesindheid het hulle Britse onderdane geword. In Diyatalawa was selfs die advies van die Boeregeneraals nie genoeg dwang om die onversoenlikes te laat insweer nie. Daarom het hulle hulle tot ds. P.H. Roux om advies gewend. Aan hulle, "maar voornamelyk in belang der twyfelden, die in dit critiek oogenblik niet precies weten hoe te handelen," gee hy die raad om die deklarasie te teken soos hulle leiers hulle aangeraai het.⁷⁰ Daarby bemoedig hy hulle nog verder deur daarop te wys dat hulle as getroue burgers alles gedoen het wat vir hulle moontlik was en verder geen verwynt in hulle hoof om te dra nie. "Wij hebben gestreden; wij hebben geleden; en de strijd is uitgevallen zoo als hy uitgevallen is. Ons waardige vertegenwoordigers in Zuid-Afrika, die onze vertrouwen volkomen waardig zijn, hebben termen verkregen, die niet juist mogen bevredigen, of het meest gewenscht zijn, doch die stellig onder de omstandigheden aannemelijk zijn, en daarom zou ik een iegelyk raden ze te onderschrijven wanneer de gelegenheid zich daartoe vorderen mag."⁷¹ Of hierdie raad van ds. Paul Roux die gewenste uitwerking gehad het, is twyfelagtig, want op 25 Junie 1902 skryf die sensors in hul verslag aan Chamberlain dat die inswering traag verloop, en voeg daaraan toe: "It is remarkable that even General Roux's strong advice to submit to the terms and accept the

70. V.A.(R.V.) 119.1168. H.R. van der Wall - Renier (ongedateerd).

71. Ibid.

inevitable with a good grace was received with great suspicion and had little, if any, affect."⁷² In sy gereelde maandelikse verslag op 28 Augustus 1902, toon kolonel A.C. Vincent egter aan dat die krygsgevangenes in Diyatalawa die eed bevredigend aflê, maar "the average Boer almost invariably objects to committing himself by signing the declaration before it is absolutely necessary for him to do so."⁷³ Volgens die syfers wat hierdie kampkommandant in Oktober 1902 verstrek, is dit duidelik dat die krygsgevangenes in Ceylon die vredesvoorwaardes en die gevolglike Britse onderdaanskap aanvaar het. Kolonel Vincent rapporteer dat 4372 krygsgevangenes in Diyatalawa die eed reeds afgelê het. Slegs 115 krygsgevangenes het nog nie ingesweer nie.⁷⁴ Einde November 1902 rapporteer kolonel Vincent dat Ragama reeds op 5 November 1902, en Urugas op 6 November 1902 gesluit is.⁷⁵ Uit Indië lui 'n verslag op 26 Augustus 1902 dat daar slegs in Kakool 'n groepie onversoenlikes is wat weier om die eed af te lê, maar ook daar "the irreconcilable party in camp is becoming smaller and less determined."⁷⁶

Daar was ook diegene in Britse politieke kringe wat bedenkinge uitgespreek het en die sukses van die dwang tot eedaflegging bevraagteken het. Hulle het hulself die vraag gestel of Britse onderdaanskap onder hierdie omstandighede

72. H.C. Vol. 87, lêer 6273. Sensors - Chamberlain, 25.6.1902.

73. H.C. Vol. 87, lêer 7246. Verslag van kol. A.C. Vincent, 28.8.1902.

74. G.O.V. Vol. 222. Verslag van kol. A.C. Vincent, 29.10.1902.

75. *Ibid.*, 27.11.1902.

76. G.O.V. Vol. 216. Verslag uit Indië, 26.8.1902.

enige goeie doel sou dien. In 'n bylae tot 'n vertroulike verslag van September 1902 word gesinspeel op die "utter worthlessness and impracticability of the present signatories to the forms of allegiance - for not only would it be incorrect to characterize as loyal the sentiments which impell these burghers to sign, but their actions should be expected to be rebellious, if only a shadow of an opportunity offered in the future."⁷⁷

In 'n verslag uit Dagshai op 26 Augustus 1902 meld die kampkommandant dat talle krygsgevangenes reeds die eed afgelê het, "as they appear to realize that there is no other course open to them, if they wish to return to South Africa."⁷⁸ In talle kampe was selfs hierdie faktor nie genoegsame dwang om die krygsgevangenes te laat trou sweer nie en het hulle steeds in hulle weiering volhard. In Oktober 1902 lui 'n verslag uit Bellary, "that this camp contains a greater majority of the hardest nuts to crack in the shape of obstinate prisoners of war than any other in India." Verskerpte maatreëls word in die verslag bepleit, asook "that a display of firmness and unwavering adhesion to one course of action is productive of greater results than any mild or vacillating course."⁷⁹ Die verslag meld ook dat die dwang deur inkorting van regte en vryhede "has effected a total change of front with the Burghers and brought them face to face finally with the position as we

77. G.O.V. Vol. 216. Bylae no. 3 van 21.9.1902.

78. G.O.V. Vol. 216. Verslag uit Dagshai 26.8.1902.
Vgl. Dagboek van S.P. Malan te Umballa en
Dagshai, p. 42

79. G.O.V. Vol. 216. Verslag uit Bellary, 16.10.1902.

would have them regard it."⁸⁰ Uit Kakool rapporteer kaptein A.J. Lainson, die kampkommandant, in September 1902 dat die gevangenes reeds die eed afgelê het, maar dat 'n groep onversoenlikes steeds weier. "The majority of those who have not signed think, that perhaps they may be sent back without signing and will swear allegiance when in South Africa."⁸¹ In Umballa beweert die kampkommandant in November 1902 dat dit die invloed van ds. J. Murray is wat die gevangenes van eedaflegging weerhou.⁸²

Die kampkommandant van Shahjehanpur rapporteer op 31 Desember 1902 dat party van die onversoenlikes 'n beswaar teen die bewoording van die deklarasie en die eed uitgespreek het. Hulle protesteer teen die woord "applicant" printed below the place of signature in the attached Form A. They say they will sign if they must, but they certainly do not apply to sign, only do so because they are obliged to." Daar is ook 'n ander rede waarom hulle tot dusver geweier het om die eed af te lê. "Many of the prisoners of war still think if they only abstain from signing long enough that they will get back finally without signing and will then be able to crow over those who signed."⁸³

Gedurende die tydperk van eedaflegging het die meeste van die kampbedryghede doodgeloop of gekwyn, sodat die krygsgevangenes meer tyd gehad het om aan hul huis te dink en hiermee is die heimwee verhoog. Die eed was reeds afgelê en talle gevangenes het op die blye dag van vertrek

80. Ibid.

81. G.O.V. Vol. 221. Verslag van kapt. A.J. Lainson, Sept. 1902.

82. Ibid. Verslag uit Umballa, November 1902.

83. Ibid. Verslag uit Shahjehanpur, 31.12.1902.

uit die kampe gewag. "Wij zijn allen erg verlangend naar de dat ons bekend moet gemaakt worden om van hier te ver= trek. Moge die dach toch spoedig aanbreek, dat ik en myn mede-gevangenen ons dierbaren zullen ontmoeten die nog ons is toevertrouwd. God de lieve Heer schenk my kracht om de verlangen met geduld te dragen tot zyn bestemd tyd," skryf Jannie Geldenhuys.⁸⁴

Hierdie eerlike en openhartige maar eenvoudige woorde verskaf 'n goeie beeld van die hartstogte wat in hierdie periode van hul gevangenskap in die gemoed en gedagtes van die krygsgevangenes werksaam was. Almal het verlangend na die vertrekdag uitgesien en na mate die tyd verloop het, het dit toenemend gevoel asof die dae traer as tevore ver= bysleep. Die ongeduld onder die krygsgevangenes onder hier= die omstandighede is gevolglik verstaanbaar. "De dagen worden hoe langer hoe vervelender," verklaar J. Teengs, "en het eenigste waar men zich in de gedachten mee bezighoudt, is hoe en wanneer zullen we nu hier dit eiland verlaten en weer aan onze verschillende bezigheden komen."⁸⁵ Oor hier= die tyd van afwagting getuig S.J. Burgers: "Nu kwam de lange en verveelige dagen, elk een haastig om huistoe te gaan."⁸⁶

Uiteindelik het die skynbaar eindelose tyd verloop en breek die laaste dag vir sommiges aan. "Men kan het haast niet beseffen dat de laatste dag dat we op't eiland zullen

84. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 105. Vgl. Dagboek van S.P. Malan te Umballa, p. 42.

85. Dagboek van J. Teengs te Deadwood, pp. 338-339.

86. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 145.

slijten aangebroken is, het is als een droom. Vannacht zal er van slapen wel niet veel komen, want de koffie ketels zullen wel niet van het vuur gezet worden, en dan zullen de gebeurtenissen van ons krygsgevangenschap die gedurende de laatste 2½ jaar plaats hebben gevonden wel weer één voor één eens opgehaald worden," bepeins J. Teengs dié gebeurtenis.⁸⁷

Daar was ook diegene wat reeds lank tevore die eed afgelê het, hulle vir wie dit geen wroeging meegebring het nie en wat hulle Britse onderdaanskap met vreugde aanvaar het. Hulle is kort na die vrede reeds gerepatrieer. Oor hulle optrede was die woede en veragting van die ander gevangenes behoorlik ontstoke. Onder die datum 26 Junie 1902 word die vertrekplegtigheid van so 'n groep handsuppers deur 'n dagboekskrywer aangeteken. "De band speelde Home Sweet Home en begeleid hen een eind. Sy schenen nogal tamelyk opgeruimd. Een troep op wacht zei: "I wish the whole lot would sink." Boven op de bult zwaaiden zy met den hoed, schreeuweden hoera en roepen Goodbye Broad Bottom. Zy werden met hoo's beantwoord."⁸⁸ Onder begeleiding van 'n orkes marsjeer die handsuppers uit Deadwood onderweg na Jamestown. "Voordat zy vertrokken waren zy tamelyk dronk wat dan ook de oorzaak was zy uitbundig "God Save the King" gezongen en de Union Jack zwaaide. Tis werklik wonderlik tot welke peillooze diepte de mensch in staat is te vallen," aldus Hugo van Niekerk.⁸⁹

87. Ibid.

88. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 200.

89. Ibid., p. 201.

Allengs het die transportskepe in Julie en Augustus 1902 een vir een vol oud-krygsgevangenes na Suid-Afrika begin vertrek. Die tente en huise het algaande leeg geword en "ons sien maar hier en daar in die groot kamp 'n burger loop of staan. Die Engelse het natuurlik ook begin haastig word, sodat die kampkommandant uiteindelik nie meer juis die eed as onwrikbare eis gestel het nie," deel C.R. Kotze mee.⁹⁰

Hoewel hulle die eed afgelê het, was almal nie in die gelukkige posisie om dadelik weg te kom nie. In party kampe het maande van eensame afwagting verloop voordat daar met repatriasie begin is, ten spyte van die feit dat daardie krygsgevangenes herhaaldelik aangesê is om hulle gereed te hou om te vertrek.⁹¹ In ander kampe het grootskaalse repatriasie reëlmatig voortgegaan. Met hul bondeltjies het hulle hulle in massas na die transportskepe of stasie begewe, haastig om na hul vaderland terug te keer.

Dit is begryplik dat daar groot opgewondenheid onder die vertrekkendes sou wees en dat daar groot bedrywigheid in die kampe sou heers waar groot getalle gevangenes gereed maak om die kampe te verlaat.

Oor die pak en trek in Diyatalawa verskaf S.M. de Villiers 'n realistiese beeld. Hy skryf: "Daar is nie veel om te pak nie, dit het ons lankal gedoen, ons staan klaar omgord vir die uittog uit die land van ons ballingskap."⁹² Tussen die hutte in die kamp krioel dit van opgewonde en

90. Kotze, C.R.: op. cit., pp. 124-125.

91. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 141.

92. O.M. Oorlogsherinneringe van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 73.

haastige mense. "Ons loop mekaar byna onderstebo in ons haas, want die gedagte dat mens kan laat wees, is soos spore in die lieste van 'n alreeds vurige perd gedruk."⁹³ Op die pad na die stasie is 'n opgewonde skare reeds in aantog, en daartussen, "oskarretjies hoog gelaai met bagasie en oskarretjies met bagasie en bo-op mans. Voetgangers met 'n bondel op die rug en voetgangers daarsonder, voetgangers wat vinnig stap en oues van dae wat sukkelend aankrui, kreupele en verminkte, sterke en swakke, elkeen op sy eie pas met een en dieselfde doel - die stasie." Uiteindelik is almal op die trein. Dit is die finale afskeid aan Diyatalawa, en "die trein gaan voort met sy swaar vrag ligte harte."⁹⁴

Die vooruitsigte om na hul vaderland terug te keer, het die gevangenes oor die algemeen blymoedig gestem. "Het was voor ons een groote vreugde en blydschap wy kunnen het zien op een ieders aangezichten iedereen heef eene lachgende wezen," getuig J.P. Blignaut.⁹⁵ "Elkeen kan begryp hoe een blydschap het was, om na een bannelingschap van 3 jaar op het punt te staan om na huis te vertrek," verklaar S.J. Burgers.⁹⁶

In Ceylon teken 'n ander krygsgevangene in sy dagboek aan, dat die blye dag "voor de ongelukkige banneling van Diyatalawa aangebroken was. In elke oog wordt een traan van Hemelsch blydschap, vreugde en dankbaarheid opgemerkt."⁹⁷

93. *Ibid.*, p. 87.

94. *Ibid.*, pp. 87-88.

95. O.M. Reis Journaal van J.P. Blignaut, pp. 34-35.

96. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 146.

97. O.M. Dagboek van H.H. van Niekerk te Ceylon, p. 31.

By die kamppek is daar 'n roerende afskeid van die ongelukkiges wat hulle beurt nog moet afgag. Daar is iets aangrypends in die stille eenvoud van 'n afskeid van hulle met wie die vertrekkendes noodgedwonge so 'n lang tyd saam moes verkeer, saam moes ly en nou van mekaar moes skei. Daar heers vreugde en droefheid as die agterblywendes vir die vertrekkendes ten afskeid 'n lied toesing. Daar is verdere droefheid as hulle aan hulle huise dink waarheen hulle op pad terug is. "Watter "home" sal ek vind as ek tuiskom? Sal my huis nog daar staan? Sal ek vrou en kinders weer vind? En baie het geweet dat hierdie laaste vraag ontkennend moes beantwoord word," skryf O. van Oostrum oor hul afskeid aan Diyatalawa.⁹⁸ J.A. van Blerk noem ook die feit dat die krygsgevangenes op die vertrekdag uit die kampe, deur opgewondenheid en onbeskryflike vreugde oorweldig is. Hulle het afskeid geneem van 'n plek en 'n lewe waarvoor hulle geen liefde gekoester het nie, maar waaraan hulle lewens tog onlosmaaklik gekoppel was. Dit sou waarskynlik 'n onuitwisbare stempel op die krygsgevangenes afdruk. Dit verklaar moontlik waarom die gevangenes op hierdie oomblikke van afskeid, van hulle eie gevoelens nie rekenskap kon gee nie. By die groot vreugde is daar ook dié dinge wat hulle met stille heimwee vervul. Moontlik is dit die begraafplaas en die "heimwee vir hulle wie se stoflike oorskot nou rus in die aarde op vreemde bodem, ver van huis en vaderland, waar daar niemand sal wees om 'n blommetjie op hul graf te kom lê nie."⁹⁹

98. O.M. Herinneringe van Ceylon van O. van Oostrum.

99. Van Blerk, J.A.: op. cit., p. 78.

Oor die oomblikke van afskeid van die land van hul "ballingskap", skryf S.M. de Villiers in sy herinneringe: "Ek staan op dek en staar terug met 'n gemengde gevoel van vreugde en pyn. Ek voel dankbaar vir die voorreg wat my vergun word om die terugreis na my Vaderland te aanvaar, bly vir my gespaarde lewe, maar die blydskap word getemper deur die gedagte aan hulle wat hier in die vreemde, ver verwyder van huis en haard hul laaste rusplek vind op 'n bodem wat nie hul eie is nie."¹⁰⁰

Na die aanvanklike onbeheersde stormloop om 'n sit- of lêplek op die transportskepe, tree die reaksie in en dan eers kon die krygsgevangenes ten volle besef dat hulle werklik na hul vaderland onderweg is. Oor sy gevoelens op daardie oomblikke getuig Hugo van Niekerk: "Het is onmogelijk onze gewaarwordingen te beskryfjen toen we zagen dat we St. Helena uit het oog verlieten. Een gevoel van dankbaarheid jegens God voor Zijne goedheid had den boventoon. De gedachte aan hen die nog achter bleven, de gedachte aan de dooden die te St. Helena begraven waren, moest zelfs het kilst hart met dankbaarheid vervullen. Nooit scheen St. H. my zoo koud, ontzagwekkend en onverbiddeyk toe als toen we haar verlieten."¹⁰¹ 'n Gediggie uit hierdie tydperk aan boord van die transportskepe, weerspieël die innerlike belewenisse van die krygsgevangenes onderweg na hul vaderland.¹⁰²

* * *

100. O.M. Oorlogsherinneringe van S.M. de Villiers te Ceylon, p. 89.

101. V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 221.

102. Sien Bylae DD. p. 603 vir gediggie.

Na mate die kampe leër geword het, het georganiseerde bedrywigheede tot stilstand gekom en was daar niks om die gevangenes besig te hou nie. "Het verveelde my veel om sonder iemand myn dagen door te bringe," bekla Jannie Geldenhuys sy lot in Umballa.¹⁰³ 'n Paar insiggewende inskrywings in sy dagboek verskaf 'n goeie beeld van die eensaamheid en verveling van die skynbaar eindelose tyd. "Ik ging in den namiddag naar Hospt. om Evert te bezoek. Ik brachte de dag door met lezen daar het my eenzaam was heb niets anders de tyd om te bring dan met lezen." Die een dag verloop doelloos soos die ander en die geesdrif vir enigiets het gewyk. "Ik ging vanmorgen uit naar de oude mrs. en had een paar kopjes tea. Eenzaam en verlangend was het tyd my geweest gedurende de dag. Myn tyd bracht ik door met lezen. Ik kan van myn verlangste insluit maar om myn gemoedswille zal ik liever niet."¹⁰⁴ Dan klink 'n versugting diep uit sy hart. "Ach zal de dag van onze verlossing uit deze kamp dan een maal aanbreek. Mocht het wezen dat ik ook onder de verblyden zal wees die de vooruitzicht heef om terug te gaan."¹⁰⁵

Die transportprobleme het tot wrewel onder sommige krygsgevangenes gelei. Veral met die repatriasie van die gevangenes in die kampe op die Indiese vasteland is daar lank gesloer en die krygsgevangenes kon nie begryp waarom daar nie transport beskikbaar was nie. Die owerheid was haastig dat die gevangenes die eed van getrouheid moes aflê.

103. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys te Umballa, p. 159.

104. *Ibid.*, pp. 161-162.

105. *Ibid.*, p. 173.

Dit het die gevangenes gedoen, maar hulle het steeds in die kampe gebly waar hulle soos krygsgevangenes behandel is. Op 13 Oktober 1902 skryf S.J. van Rensburg uit Ahmednagar dat daar twee groepe gevangenes binne die volgende week uit hul kamp vertrek, maar "of ik daarby zal wees weet ik niet."¹⁰⁶ Moedverlore skryf dieselfde gevangene teen die einde van Oktober 1902 dat sy vurige hoop nog eens verydel is. "Nu is de eerste kans om op de 24ste November terug te komen." Hierdie krygsgevangene voel oortuig "dat het hardnekkigheid is dat ons niet kan terug komen. Zo is aan ons gezeg als wy de eed van getrouwheid afleg of de dekla=ratie tyken dan zal er dadelik voorziehigheid gemaak worden, om ons terug te stuur, en als wy het niet wil doen zal ons in India moet blyf." Aan al die eise is reeds voldoen, "(maar) wy hoor niets en weet niets en zien niets."¹⁰⁷ Jan=nie Geldenhuys en sy makkers in Umballa het 'n soortgelyke behandeling ondervind. Hulle is herhaaldelik aangesê om gereed te wees om te vertrek, maar elke keer is dit uitge=stel. Dit het die krygsgevangenes moedeloos gemaak, "want die hoop word nu als troost op een toekomstige geplaats. Moch die dag spoedig aanbreek." Eindelik, "tot myn groote blyd=schap kon myn oogen my getuigen dat myn naam ook op de lyst is. Een groote geest heerscht onder de Boeren en verlang dat de uur moet aanbreek dat zy aangezegd moet worden." Weer eens word die vertrekdatum uitgestel, die krygsgevan=genes moet omdraai en "verlangend keerde wy weder terug."

106. V.A.(R.V.) 119.150. S.J. van Rensburg uit Ahmednagar, 31.10.1902.

107. ibid.

Drie dae later, op 25 Oktober 1902 het hierdie groepie gevangenes uit Umballa vertrek.¹⁰⁸

Onder die krygsgevangenes was daar talle wat reeds voor die vrede die eed van getrouheid aan die Britse vors afgelê het. Na die vrede is die aflê van die eed as 'n vereiste vir repatriasie gestel en hoe bitter dit ook al vir die krygsgevangenes was, was daar geen ander uitweg.¹⁰⁹ Selfs die onversoenlikes sou uiteindelik moes swig, maar vir hulle sou daar eers baie maande verloop voordat hulle hulself tot hierdie stap kon beweeg. Dit was veral in die Indiese kampe waar die meeste van hierdie onversoenlikes aangehou is. Aan die begin van Desember 1902 lui 'n verslag uit Kakool dat daar nog 372 krygsgevangenes aangehou word "who still remain obdurate and have now been transferred to Ahmednagar. These latter appear to be of a very low and uneducated type and some religious fanatics who will not be made to understand the position of affairs in South Africa."¹¹⁰ In hierdie verslag veroorloof die kampkommandant hom die reg om die onversoenlikes wat weier om Britse onderdane te word, maar verkies om aan hulle eie sentimente getrou te bly, uit te skel as 'n "low and uneducated type."

Teen die einde van Desember 1902 lui 'n verslag uit Ahmednagar dat die laaste groep onversoenlikes "as a body

108. O.M. Dagboek van J.A. Geldenhuys uit Umballa, pp. 186-188.

109. Vgl. O.M. Dagboek van C.P. van Zyl te Sialkot, p. 102; V.A. (O.M.-vers.) Dagboek van H.H. van Niekerk te Broadbottom, dl. 2, p. 195; K.A. Dagboek van J.A. de Villiers te Bermuda, pp. 76-77; Scholtemeijer, H.: op. cit., pp. 78-79.

110. G.O.V. Vol. 221. Verslag uit Kakool, 6.12.1902.

resolutely decline allegiance in any form."¹¹¹ Daar is gevolglik tot strenger dwangmaatreëls teenoor hulle oorgegaan en reeds in Februarie 1903 blyk dit uit die verslag dat "the present curtailment of freedom is likely to bear good fruit."¹¹² Oor die aard van die maatreëls meld die verslag: "I look to the irksomeness of restraint, and the discomfort inseparable from hot weather as more likely to shake the anti-allegiance determination of the prisoners, than anything."¹¹³

Na mate die onversoenlikes die nodeloosheid van volgehoue weiering om die eed af te lê, ingesien het, het hulle moed verloor en het talle van hulle besluit om in te sweer. Veral die brief van die Boeregeneraals het groot gewig gedra om hierdie gevangenes tot die eedaflegging te beweeg. Die feit word deur die Britse kampkommandant in Shahjhanpur bevestig. Op 3 Januarie 1903 beklemtoon hy die veranderde gesindheid van die gevangenes in hierdie kamp. "I have the honour," rapporteer hy, "to state that the letter signed by generals Botha and De la Rey to the prisoners of war in this camp has had good effect in influencing the prisoners of war to sign the declaration of allegiance. I shewed the correspondence to the prisoners of war on the 30th December. On the 31st December 51 signed, on the 1st January 5 signed and on the 2nd 22 signed. I consider that quite 70 of these would not have signed in time to leave by next boat for South Africa unless they had seen the generals' letter."¹¹⁴

111. Ibid. Verslag uit Ahmednagar, 30.12.1902.

112. Ibid. Verslag uit Ahmednagar, 27.2.1903.

113. Ibid.

114. Ibid. Verslag uit Shahjhanpur, 3.1.1903.

Dit is verbasend dat die Britse owerheid byna naïef aanvaar het dat die voormanne onder die krygsgevangenes hulle so kort na hul gevangening, of na die vrede in Britse diens teenoor hul mede-gevangenes sou laat inspan. Ewe naïef is die Britse aanvaarding dat die gevangenes wat sterk onder die invloed van die Boerevoormanne verkeer het, by implikasie as die "ignorant" beskryf is. Nietemin wys die verslag van 3 Julie 1902 daarop dat hierdie voormanne "might have rendered great assistance," indien hulle hul dienste aan die Britse owerheid beskikbaar sou stel. Die verslag vat sy besware teen hierdie leiers soos volg saam: "These prisoners of war have made themselves conspicuous by their resentment to the terms of peace, have spoken seditiously against our Government, and have actively opposed the peaceful performance of work, declining to give information or render any assistance."¹¹⁵

Van die krygsgevangenes is die onmoontlike verwag om hulle onder hulle omstandighede aan hul veroweraar diensbaar te stel. As hulle dit egter weier, kom die beskuldiging dat dit hulle is "who have always been firebrands; have been detected in breaking rules as regards letters etc. They will only assume a friendliness towards us, under compulsion, i.e. to return to South Africa. They have repeatedly written and spoke in contempt of our Government and British methods."¹¹⁶ Die slotopmerking in die verslag plaas ook die karakters van die voormanne onder verdenking.

115. G.O.V. Vol. 25. Kollektiewe verslag uit Bellary, 3.7.1902.

116. Ibid.

Nie een van hulle "can be considered as trustworthy or reliable no matter what position they may in future assume. They might remain quiet, certainly, but should always be regarded as dangerous."¹¹⁷

Uit Umballa weerklink 'n soortgelyke klag oor hierdie sogenaamde misleide manne "who had great influence with the remainder of the prisoners; they give an immense amount of trouble in many ways and did all in their power to induce the remainder of the prisoners in camp to oppose anything put to them by the authorities."¹¹⁸

Gaandeweg is die onversoenlikes in die Indiese kampe na Ahmednagar oorgeplaas, terwyl die ander kampe gesluit is. Dit was egter nie 'n eensgesinde groep gevangenes wat hier saam aangehou is nie. In 'n verslag uit Indië op 21 Maart 1903 wys die Britse bevelvoerder van die militêre magte op die ontwikkeling van twee politieke groepe in die kamp. Die een groep is aktief by sport en liggaamlike aktiwiteit betrokke, terwyl 'n ander groep hulle in die godsdienstige sake verdiep. Hulle is openlik vyandig teenoor mekaar, maar eensgesind in hulle onversoenlike houding teenoor Britse onderdaanskap.¹¹⁹

So erg was hulle verset dat 'n afgesant van genl. Louis Botha hierdie kamp besoek het. Uit Ahmednagar lui die verslag van majoor J.H. Goodwyn op 1 Mei 1903 dat die gesant weinig positief bereik het om die gesindheid van

117. Ibid.

118. G.O.V. Vol. 25. Vertroulike verslag uit Umballa, 15.8.1902.

119. G.O.V. Vol. 221. Bevelvoerder van troepe in Indië, 21.3.1903.

die krygsgevangenes gunstiger teenoor Brittanje te stem. Die gesant, T.A. Kelly, beweer self dat die meerderheid van die gevangenes glo dat daar in die vredesvoorwaardes 'n klousule is "by which they had agreed that all prisoners of war whether they had declared allegiance or not, will be sent back to South Africa, and set at liberty."¹²⁰

Op 29 Junie 1903 rapporteer majoor J.H. Goodwyn egter, dat daar 'n merkbare verandering in die geledere van die onversoenlikes in Ahmednagar ingetree het. Toestande lyk meer bemoedigend.¹²¹ Daar het selfs 'n klein groepie reeds die eed afgelê, "and the power of the Irreconcilables is becoming visibly less. It is difficult to estimate the depth of the movement towards allegiance, or its probable duration. Just at present it seems likely to continue, and I believe the prisoners have practically given up hope of any of their late Generals coming to see them. All in camp are perfectly aware of how their case stands. I have therefore not urged them lately in any way. I strongly advocate this system being continued, as they come round more easily on their own accord."¹²²

'n Maand later berig die kampkommandant dat daar weer 'n groepie krygsgevangenes die eed afgelê het. Die mees onversoenlike krygsgevangenes het wel hard geprobeer om hulle te verhinder en te beïnvloed om te volhard, maar hulle invloed het reeds soveel gekwyn dat hulle die eedafleg-

120. G.O.V. Vol. 221. Majoor J.H. Goodwyn uit Ahmednagar, 1.5.1903.

121. Ibid., 29.6.1903.

122. Ibid.

ging nie kon verhinder nie.¹²³

Teen die einde van September 1903 lui majoor Goodwyn se verslag dat die Indiese regering besluit het om ook Ahmednagar as krygsgevangenkamp binne afsienbare tyd te sluit, en rig hiermee ook die waarskuwing "that all burghers still remaining who are unable to maintain themselves will be liable to be treated as vagrants. From the first the prisoners professed themselves incredulous of this; and not a single man has since taken any steps whatever to escape the penalties held over their heads."¹²⁴ Hierdie dreigement is onverklaarbaar, gesien in die lig van die feit dat die krygsgevangenes deur Britse besluit in die Indiese kampe geplaas is. Vrywillige intrekkers in Indië was hulle ten ene male nie. Die dreigement het gevolglik ook geen onmiddellike positiewe uitwerking gehad nie. "The vagrancy threat has had an adverse effect in so far it has bound all sections together again in a spirit of hostility to the British."¹²⁵

Dit sou egter die Britse owerheid slegs daartoe beweeg om groter dwang op hierdie bittereinders uit te oefen om hulle aan die Britse gesag te onderwerp en die eed van trou af te lê. In Bermuda, Indië en Ceylon was daar steeds die groep krygsgevangenes wat as bittereinders beskryf kan word en wat tot die einde van 1903 steeds geweier het om trou te sweer.

Op 30 November 1903 is 'n brief deur onversoenlikes

123. Ibid., Julie 1903.

124. Ibid., majoor J.H. Goodwyn in 'n Bylae tot verslag No. 196, September 1903. Vgl. ook Ibid., Goodwyn se verslag, 29.10.1903.

125. Ibid.

in Bermuda aan die redakteur van Ons Land in Pretoria gerig. Hierin is die ontredderde toestand van die 43 bittereinders skerp onder die aandag van leiers in Suid-Afrika gebring, "daar wij krijgsgevangenen te Bermuda, als vuilnis op die vuilnishoop worden weggegoorpen zonder dat eenige zorg voor ons word gedragen of geld verschaft, zij wij hier op het eiland." Dit word winter en die gevangenes besit nie warm klere of beddegoed nie, nog minder geld en "zonder geld krijgen wij hier niets."¹²⁶ Hul geld is reeds by gevangening van hulle weggehoor en is nog nie alles aan hulle terugbetaal nie. "Wij zijn toch geen dieven of moordenaars of het schuim van een natie." Hierdie bittereinders spreek egter hul beslistheid onomwonde uit om nooit die eed van trou aan hul vyand af te lê nie. Die skrywer van die brief deel verder mee dat hy in die tronk beland het "omdat ik geweigerd had te teekenen." Eers was die vonnis sewe dae tronkstraf, daarna tien dae en daarna twintig dae "veroordeel tot water en brood. Zoo is onze toestand zeer donker en betreurenswaardig."¹²⁷

Na baie innerlike stryd en vele wroeging het die meeste van hierdie laaste onversoenlikes in Bermuda ook die eed van trou afgelê en na hul land teruggekeer. 'n Klein groepie het egter agtergebly en het nooit weer na Suid-Afrika teruggekom nie. In 'n brief aan sy broer skryf M.J. Swart, een van die bittereinders in Bermuda: "Ek wil jou nou reguit sê dat ek nooit sal terugkom nie. Ek sal nooit so lank ek leef 'n eed van getrouheid aflê aan die vyand wat

126. H.C. Vol. 154. Ongeklassifiseerde dokumente.

127. Ibid.

my lewe en geluk verwoes het nie. Ek verkies om hier in hierdie land te sterf eerder as om my siel geweld aan te doen deur die ondertekening van daardie gruwelike eed. Ek verseg om my konsensie so te beswaar."¹²⁸ Hy het sy woorde gestand gedoen en op 25 Mei 1927 is hy in die vreemde oorde en daar rus sy stoflike oorskot steeds.¹²⁹

Nog 'n paar bittereinders wat selfs na vervolging en dwang in die Bermudas geweier het om trou te sweer, het uiteindelik hulle tuiste daar gevind en "were quickly absorbed in the local population. They settled down on the farms or found employment as carpenters and cabinet makers. An enterprising group, under a man named Laubescher, set up shop on the waterfront along East Broadway and continued carving souvenirs for the tourist trade."¹³⁰

Colin Benbow, 'n geskiedskrywer van Bermuda, maak melding van ongeveer vier-en-twintig bittereinders wat in Bermuda agtergebly het. Party van hulle het later na die Verenigde State verhuis, andere na Argentinië. Een van die bittereinders, Dick Swanepoel, "also spent time down at the shop on East Broadway. It took him over twenty years to sign the Oath of Allegiance, but he did sign, and returned to his home in South Africa."¹³¹

Volgens Benbow was van die laaste bittereinders oor wie hy enige inligting kon inwin, W.P. Laubescher wat op 20 April 1924 op vyf-en-sewentigjarige ouderdom, en John

128. Sarie Marais, 17.3.1965. Artikel deur Audrey Blignault.

129. Benbow, Colin.: Boer Prisoners of War in Bermuda.

130. Ibid.

131. Ibid.

Botmai wat op 23 November 1925 op ag-en-sestigjare ouderdom as bittereinder in Bermuda oorlede is. Die heel laaste van hulle wie se naam ongelukkig onbekend is, "lived out his days contentedly in the Pembroke Poor House and died steadfast in his refusal to accept the British terms."¹³²

In Indië was daar ook 'n aantal krygsgevangenes wat hulle deur geen dwang of invloed laat beweeg het om trou aan hul vyand te sweer nie. Die Nederlands-Indiese regering het daarop aangebied om hulle in Java gratis plase te skenk. Hirschland (oorspronklik 'n Duitser), Willem van Zyl, 'n Botma, Cilliers en 'n Uys het saam met ander Afrikaners van die aanbod gebruik gemaak. Genoemde vyf krygsgevangenes het grond in die omgewing van Bandoeng gekry. Daar het die Afrikaners baanbrekerswerk gedoen en suksesvolle boere geword.¹³³ Hirschland en Willem van Zyl het hulle op Tsisaroea gaan vestig waar hulle na onvermoeide arbeid, die "Generaal De Wet-boerdery" gestig het. Die omvang van die boerdery het so geweldig uitgebrei dat in 1930 'n koöperatiewe melksentrale in Bandoeng tot stand gekom het, met Hirschland as die voorsitter van die vereniging.¹³⁴ Die "Generaal De Wet-boerdery" was waarskynlik die eerste werklike modelboerdery in Java. Wat van hierdie boerdery en die nasate van hierdie bittereinders geword het, is ongelukkig nie bekend nie.

In Ceylon het uiteindelik een krygsgevangene, 'n Vry-

132. Ibid.

133. Brief van mnr. L. Schweyer dd. 27.3.1972 aan outeur van hierdie werk.

134. Ibid.

stater, H.E. Engelbrecht agtergebly. Onder jammerlike omstandighede het hy hom in Hambantota gevestig waar hy op 25 Maart 1922 oorlede is. Van hom skryf R.L. Brohier: "Beyond the wild, relentless waters of the Styx the turbulent spirit of the last man in 5000 who would not compromise, had found eternal rest. A simple inscribed stone in the Hambantota cemetery marks the spot where his mortal remains were buried. In this setting the rhythmic beat of sea on shore, and the sighing winds of the open spaces sound a continuous dirge. Their mournful murmur echoes the yearning of these exiles whose misty eyes were strained on every hill and glade of green."¹³⁵

"- - - - till anguish keen
 "Did once again a fresh hold take,
 "The dear dead voices of the veldt awake
 "That might have been."¹³⁶

So het die gordyn gaandeweg oor die lotgevalle van die laaste bittereinders gesak. Onder vreemdes het hulle 'n heencome gevind, onder onbekende toestande het hulle in vreemde wêrelddele opnuut baanbrekerswerk gedoen. Deur hul eie mense is hulle, òf vergeet, òf van hardkoppigheid beskuldig, maar aan hul eie gewete het hul tot die einde getrou gebly.

135. Brohier, R.L.: The Boer Prisoners of War in Ceylon (1900-1902) Reprinted from the D.B.U. Journal, p. 50.

136. Diyatalawa Dum-Dum (datum onleesbaar), gedigjie, "Exile". Aangehaal deur Brohier, R.L: op. cit., p.50.

BESLUIT.

Die krygsgevangenes van die Anglo-Boereoorlog behoort byna tot 'n vergete geslag, want die histories-wetenskaplike bestudering van hierdie mense, vorm 'n haas onbekende hoofstuk in die Suid-Afrikaanse historiografie. Dit is ook miskien die rede waarom die belangstellende in hierdie geskiedenis so maklik daartoe verlei word om die krygsgevangenes te idealiseer en hulle as die helde van 'n vorige geslag te vereer. Dit sou verkeerd wees, want krygsgevangenes kan nie onvoorwaardelik as verteenwoordigend van die helde van die strydende Boeremagte beskou word nie.

Onder die krygsgevangenes was daar ongetwyfeld die werklike helde, die opregte en dapper republikeine, of vrywilligers uit ander nasies wat die Republieke in opregtheid en met al hul kragte gedien het, wat feitlik alles vir die behoud van die onafhanklikheid van die Republieke opgeoffer het. Talle dapper strydery moes uiteindelik voor die oormag van die vyand swig en het hul gevolglik in gevangenskap bevind.

Daar was egter ook die lafaards wat oorgegee het en hul ook in die veiligheid van gevangenskap bevind het. Ook die huislêers en ander pligontduikers het onder die gelede van die krygsgevangenes getel. Aan verraaiers, joiners en handsuppers het dit ook nie ontbreek nie - sommige van hulle steeds besig om in diens van die vyand met hul veraad teen hul volksgenote voort te gaan.

Onder hulle was ook die oues van dae, die sieklikes, gebreklikes en kinders wat die oproep gehoorsaam het toe

hul vaderland in gevaar was, die mauser opgeneem en by die kommando's aangesluit het. Bejaardes en kinders wat op die plase aangekeer is waar hulle rustig met hul dagtaak besig was, sou ook die beproewinge en ongerief van gevangenskap smaak.

Die aankeer van duisende krygsgevangenes deur Britse magte gedurende die Anglo-Boereoorlog was geen nuwe verskynsel in die krygsgeskiedenis nie. Omdat dit reeds 'n gewestigde gebruik in oorlogstyd was, het die Den Haagse konvensie van 1899, dié gebruik deur internasionale oorlogsreëls vasgelê en 'n algemene gedragskode ten opsigte van krygsgevangenes en hulle behandeling deur oorlogvoerende nasies bepaal. Genoemde reëls het noukeurige omskrywings van begrippe en terme met betrekking tot krygsgevangenes verstrek.

Teen die aankeer van duisende krygsgevangenes kan daar dus beswaarlik gegronde klagtes ingebring word. Ook teen die feit dat die Britse militêre gesag hierdie gevangenes na oorsese gebiede weggevoer het, kan moeilik met reg besware geopper word. Die Britse owerheid het krygsgevangenes slegs in kampe binne die uitgestrekte Britse ryk aangehou en in geen geval na gebiede buite sy ryksverband gestuur nie.

Die optrede om krygsgevangenes in oorsese kampe aan te hou, het ook slegs as 'n tydelike maatreël gedien en was nooit as 'n permanente "verbanning" uit hul vaderland bedoel nie. Vir die Britse magte was die wegvoer van gevangenes die oplossing van 'n tydelike probleem. Deur krygsgevangenes in oorsese kampe aan te hou, sou dit die moontlikheid van ontsnapping doeltreffend uitskakel en hulle

daardeur verhinder om weer by die Boerekommando's aan te sluit. Hierdeur sou die oorlog gouer beëindig word en ook die moontlikheid van binnelandse oproere tot 'n minimum beperk.

Die wegvoer van krygsgevangenes na oorsese aanhoudingsplekke was dus in die ware sin van die woord nie verbanning nie en was krygsgevangenes in oorsese kampe prakties nie bannelinge nie. Die krygsgevangenes self het egter hul wegvoer oorsee en verpligte tydelike aanhouding in vreemde wêrelde as verbanning beskou en om hierdie rede hulself as "bannelinge" beskryf.

Die aankeer van gewapende burgers op die slagveld as ook "non-combatants" deur die Britse magte, was volkome in ooreenstemming met die Den Haagse reëls van 1899. Ook hierdie gebruik kan dus nie as 'n oorlogsoortreding veroordeel word nie.

Daar was egter ook talle gevalle waar landsburgers aangekeer en in kampe aangehou is waarvoor die Britse militêre gesag geen regverdiging kan aanvoer nie. Daar is byvoorbeeld gedurende die "drives", duisende van die burgerlikes op arbitrêre wyse aangekeer, kamp toe geneem en oorsee weggestuur. Bejaardes, vroue en kinders is in honderdtalle gevange geneem sodat die platteland daardeur feitlik ontvolk is. Hierdie uiterste maatreëls het wel 'n belangrike doel, die spoedige onderwerping van die Republieke beoog, maar vir 'n stap soos hierdie kan beswaarlik enige morele regverdiging gevind word.

Opgesaal met die probleem van groot getalle krygsgevangenes, sou die militêre gesag spoedig ondervind dat die

probleem te omvangryk geword het om hier te lande op te los, gevolglik is daar besluit om die oorgrote meerderheid gevangenes na oorsese kampe weg te voer en hulle daar vir die res van die oorlog te bewaak. Dit sou die verdere voordeel vir die Britse gesag inhou, dat die oorsese gevangenes aan die einde van die oorlog, almal die eed van trou aan die Britse vors sou moes aflê, as gestelde waarde vir repatriasie. Oor gevangenes in Suid-Afrikaanse kampe sou hulle hierdie mag nooit besit nie.

Wat die aanvanklike behandeling van krygsgevangenes betref, was daar oor die algemeen nie ernstige klagte nie. Later het die behandeling verswak. Dit kan aan verskillende faktore gewyt word. In die aanvangsfase van die oorlog was die wraakgedagte nie sterk aanwesig nie en het die geringe getalle ook nog nie probleme geskep nie. Die beperkte vervoermiddele kon nog die kleiner getalle hanteer. Later in die oorlog het dit onmoontlik geword van weë die groter getalle krygsgevangenes en ontwrigte spoorverkeer. Dit het daartoe gelei dat krygsgevangenes soms sonder behoorlike voeding lang afstande te voet moes aflê, terwyl hulle ook nog hul bondels komberse en klere moes dra. Hierdie behandeling het van Boerekant baie kritiek uitgelok, maar dit is in die meeste gevalle deur omstandighede buite die beheer van die militêre owerheid veroorsaak en nie noodwendig uit kwaadwilligheid, opsetlike versuim of wraak nie.

Al word hierdie probleme en onvoorsiene omstandighede waarvoor die Britse gesag te staan gekom het, in aanmerking geneem, is dit egter duidelik dat die Britse beleid ten opsigte van die gevangenes groot leemtes en onreëlmattighede

toon. Uit die massa getuienis van krygsgevangenes word dit duidelik dat individuele offisiere verskillend teenoor hul gevangenes opgetree het, asof die gedragskode in al die gevalle van hul persoonlike beskouinge afgehang het. Die behandeling van gevangenes het derhalwe gewissel tussen brutaal, hooghartig, onmenslik tot hoog beskaafd, simpatiek en menslik. Dieselfde verskille in behandeling is ook gedurende transport van gevangenes ondervind. Hier geld veral van Boerekant een groot grief, naamlik die onnodige blootstelling aan son, koue, wind, reën, honger en dors. In sommige gevalle was daar geen of uiters swak voorsorg. Die opdragte en bevale aan die wagte was van so 'n aard dat dit menslik haas onmoontlik was om dit te gehoorsaam. Hierdeur is krygsgevangenes aan die geweld en swak oordeel van wagte blootgestel.

In verband met die privaat eiendom van krygsgevangenes het die Britse troepe hulle herhaaldelik aan die vernietiging of toeëiening daarvan, skuldig gemaak. Dit was egter 'n growwe skending van die Den Haagse reëls van 1899. Selde het die owerheid daarteen opgetree.

Vir die Boere wat hoofsaaklik van die platteland gekom het, was opsluiting in bewaakte kampe 'n groot beproewing. Min van hulle kon vir hulself vooraf 'n beeld van kamplewe en afsondering voorstel. Hulle kon hul dus nie vooraf vir so 'n situasie voorberei en hul geestelik vir so 'n inperking van beweging dissiplineer nie. Die gevolg was dat 'n tydperk van aanpassing 'n uiterste hoë eis aan hulle gestel het. Van ledigheid of verveling het hul min ondervinding gehad. Aanhouding in kampe sou vir hulle 'n vuurdoop

wees en vir baie was dit byna onmoontlik om hul by die afgemete reëlmaat en dodelike militêre roetine van kampelewe aan te pas. Die soort lewe was vir hulle te vreemd en te verskillend van hul tradisionele leefwyse.

Aanvanklik was die kampelewe ongeorganiseerd en die daaruitspruitende ledigheid het as 'n swaar las op die krygsgevangenes gedruk. Onder hierdie omstandighede was hul geneig om alles wat op hulle van toepassing was, as kwaadwillige en moedswillige optrede of onderdrukking van die kant van die vyand te beskou. Hul eie frustrasies het hul bevooroordeelde gemaak en spreek hul gevolglik 'n eensydige en subjektiewe oordeel oor hul lewe en behandeling in die kampe uit.

'n Beter georganiseerde samelewing in die kampe het baie van die aanvanklike probleme verlig. Verenigings en georganiseerde sport het ledigheid en verveling in baie gevalle laat verdwyn. Deur organisasie is bedrywigheidsingeblyfde waardeur krygsgevangenes makliker by die kampelewe kon aanpas en selfs waar hulle nie geesdriftige ondersteuners of deelnemers was nie, het dit tog van hul benarde lewensomstandighede die aandag afgetrek. Op hierdie manier is deur eie toedoen 'n houdbare samelewing in die kampe daar gestel. Ideaal was dit ongetwyfeld nie, maar vir almal wat wou, was daar iets om verveling te bestry, positief by te dra en daarmee die selfbejammering, een van hul grootste vyande, te beperk.

Vryetydsbesteding deur debatsverenigings, sang en musiekverenigings, handbedrywigheids, onderwys en sport, het aan almal die geleentheid vir liggaamlike en geestelike

ontspanning gebied. Vir deelnemers was dit egter van veel groter betekenis as blote ontspanning. Dit het 'n belangrike skakel in hul totale opvoeding en geestelike vorming geword en tot hul geestelike behoud bygedra. Met die oog op die moeilike jare wat vir hulle voorgelê het, was dit van onberekenbare betekenis.

Deur die inisiatief van oud-onderwysers, predikante en ander belangstellendes is daar in haas al die kampe skole gestig. Aanvanklik is dit vir kinders in die kampe bedoel, maar dit was van die begin af duidelik dat van die ouere geslag graag die geleentheid wou benut om self onderwys te ontvang. Vir talle was dit hul eerste en enigste geleentheid wat hul ooit gehad het om 'n skool by te woon. Vir andere het onderwys in die kampskele die spoorslag vir latere onderwys gelê. In hierdie opsig het die kampskele 'n onskatbare waardevolle diens gelewer.

Godsdienstig was hul gevangenskap vir die groot massa krygsgevangenes 'n tydperk van geestelike verryking, soos onomstootlik uit hul eie getuienis bewys word. In gevangenskap het die oorgrote meerderheid gevangenes hulself as diep godsdienstige en gelowige mense geopenbaar en het hul godsdiens 'n duidelike invloed op hul gedrag, gesindheid en algemene optrede uitgeoefen. Dit het feitlik 'n leefwyse by hulle geword. Uit godsdienstige drang het hulle geestelike verenigings gestig en uit hul geestelik-godsdienstige behoefte het hierdie verenigings gegroei en gebloei.

Waar hul godsdiens voorheen moontlik in 'n mate gewoonte-en vormgodsdiens was, is hul ware godsdienssin gedurende hierdie tydperk van beproewing, gesuiwer en gelouter tot

'n ernstige godsdienstige belewenis. Vir talle was dit gevolglik 'n tyd van werklike inkeer. Uit hierdie verdiepte godsdienstige inslag kan moontlik sekere gedragspatrone van die krygsgevangenes verklaar word. Hieruit kan byvoorbeeld begryp word waarom die Boeregevangenes wat geen of uiters beperkte militêre dissipline geken het, hulle tog oor die algemeen redelik aan die kampdissipline onderwerp het, terwyl die Europese vrywilligers wat militêr veel beter onderlegd was, die dissipline ondermyn het en hulle nie daaraan wou onderwerp nie. 'n Gevangene, S.J. Burgers, maak in die verband 'n insiggewende opmerking. Hy vermeld die feit dat die gevangenes in Kaapstad met hul swaar bondels na die skip onderweg was en van alle kante die spot en smalende aanmerkings van 'n bonte skare moes verduur, en voeg dan toe: "Ik dag toen het gaat met ons zoo als met ons Hijland toen Hij zijn kruis dragende opgaan na Golgotha de een weende de ander spotte. Ik dach toen als navolger van Christus moet ik mij alles laat gevallen en dat buiten de wil des Heeren niets kan geschieden en over mij niets komen dien Hij niet toelaat, de vijand had geen mag over mij als het hem niet van boven gegeven zijn."¹

Hierdie godsdienstige beginsels het krygsgevangenes ook op ander terreine beïnvloed, veral in hulle menslike verhoudings. "The Boer is no respecter of persons," bevind die skryfster M.A.A. Galloway, na haar besoeke aan krygsgevangenes. Sy noem die feit dat daar geen tekens van rang-of standverskille in hul geledere te bespeur is

1. T.A. Dagboek van S.J. Burgers te Ceylon, p. 62.

nie, "and the guards say that they have tried in vain to discover any difference of class or rank."² Uiterlik was daar oor die algemeen geen tekens van haat of afsku by krygsgevangenes teenoor die vyand wat hul tot onbepaalde gevangenskap veroordeel en hulle uit hul vaderland weggevoer het nie. In enkele gevalle was daar selfs van hulle wat 'n positiewe bydrae tot die landstreek waarin hul aangehou is, gelewer het. Generaal J.H. Olivier was voorheen 'n teler van volbloedperde en toe die goewerneur van Ceylon hom om advies nader, was hy gewillig om sy gespesialiseerde kennis tot diens van Ceylon te stel. Sy kennis het die telery te Delft grootliks bevorder. Dit was ook hy wat die aandag van die owerheid op sekere giftige plante op plase gevestig het.³ Kommandant L. Krause, 'n museumkundige, "offered to mount specimens in the natural history section of the Colombo Museum while on parole. The scientific experience which this expert brought to bear on his work, with the assistance of another Boer, A. van Zyl, a taxidermist, gave the Museum its first group of mounted mammals, representing a buck of the spotted deer attacked by a leopard, with a faun looking on."⁴ 'n Burger, F.E.O. Mors, was 'n boekbinder van beroep en ook sy dienste is vrywillig tot beskikking van die ontwikkeling en verbetering van dié bedryf in Ceylon gestel. "He helped considerably to improve the standard of work in this line carried out at the Government

2. Galloway, M.A.A.: The S.A. War. Boer Prisoners in Ceylon, p. 190.

3. Brohier, R.L.: The Boer Prisoners-of-War in Ceylon, 1900-1902, p. 18.

4. Ibid.

Printing Department."⁵

Enkele buitestaanders lewer insiggewende getuienis oor sekere opvallende en algemene karaktertrekke van krygsgevangenes. "They can bear hardship," skryf mev. A.S. Green, "but kindness is the thing they need." Om hierdie rede is enige uiting van simpatie en vriendelikheid deur hulle so hoog op prys gestel. "Any act of kindness was remembered with genuine gratitude: the names of any officer who did a deed of courtesy or consideration is not forgotten," aldus mev. Green.⁶ Om dieselfde rede het enige onbillike optrede teenoor hulle, hewige ontsteltenis veroorsaak. Hieroor getuig mev. Green: "I feel that these men will endure the fate of war, but the least injustice and they are in deep and sullen resentment. They burn with an obscure heat which is, I think unquenchable for ever and ever."⁷ R.L. Brohier noem die "homely and domestic characteristics of the Boer" en wys daarop dat hierdie karaktertrekke "contributed in no small measure to make the prisoner-of-war on parole a welcome guest in many a private home. Apparently, the more people in Colombo and outstation towns got to know them, the more they liked them."⁸ 'n Inwoner van Bermuda beweer: "One realises, in speaking to these prisoners, that the Boers are so essentially unmodern, and illiberal, that it is hard to judge them from our standpoint. Yet they are by way of being very virtuous in their

5. Ibid.

6. Green, A.S.: A Visit to the Boer Prisoners of War at St. Helena, pp. 977-979.

7. T.A. Diary of A.S. Green, Part 1, p. 72.

8. Brohier, R.L.: op. cit., pp. 18-19.

own narrow manner."⁹ Op St. Helena getuig goewerneur R. Sterndale: "The men have been extremely well-behaved. I have no complaints from the people of the island regarding any misconduct."¹⁰ Die St. Helena Guardian skryf: "Since the P.O.W. has been here, their conduct has been most excellent."¹¹ In 'n brief in die Ceylon Review van Januarie 1901 getuig suster Lucy oor die onbesproke morele gedrag van die Boerekrygsgevangenes wat sy en haar personeel in die hospitaal verpleeg het. "Truly the Boers are very pleasant to nurse. You do not hear bad language or at least very little, and never a bad remark or expression, or even a look so that in all this crowd of men I can safely allow my fair young nurse to go with me. Having nursed my own countrymen, alas!, the difference is perceptible. How often my young nurses have had to appeal to me. These Boers seem a moral, simple, quaint sort of people."¹²

Kort nadat die eerste krygsgevangenes aangekeer is, was daar reeds Boerekrygsgevangenes wat die eed van neutraliteit, of die eed van trou aan die Britse owerheid afgelê en die militêre gesag gereeld op hoogte van politieke beskouinge en beplande ontsnappings gehou het. Na mate die oorlog voortgeduur het, het die eedafleggers steeds aangegroei en het dit politieke verdeeldheid in die kampe veroorsaak. Hierdie oorlopery van krygsgevangenes na die vyand is aangewakker en versterk deur die onverpoosde bedrywighede van

-
9. A Resident (pseud.) Boer Prisoners at Bermuda, p. 367.
 10. C.D. 431. St. Helena Report for 1900, p. 10.
 11. St. Helena Guardian, (datum onbekend).
 12. Ceylon Review, Jan. 1901.

die vredeskomitees wat die Suid-Afrikaanse kampe periodiek besoek het om die getroue krygsgevangenes tot oorgawe en ontrou te beweeg. Spoedig het hulle ook hulle handlangers in die oorsese kampe gehad. Hierdie ontwikkeling het 'n permanente skaduwee oor die lewe van die krygsgevangenes laat val, aangesien dit onderlinge wantroue, vyandskap en verdeeldheid tot gevolg gehad het. 'n Vraag van vervolgsugtigheid, onmin, twis, vuisgevegte en aanrandings het gevolg. Oorlopers het Britse beskerming geniet en strafmaatreëls is owerheidsweë op die leiers van die getroues toegepas. Toenemend is die erkende Boereleiers van die ander afgehoek. Hierdeur is daar wel 'n verswakking in die verset teen inswerings verkry, maar dit het andersins ook tot groter verbittering teenoor die Britse gesag en teenoor die oorlopers gelei. Die verwydering van Boereleiers uit die kampe en hulle afsondering in strafkampe het ongelukkig die interne organisasie van kampbedrywighele nadelig getref.

Die talle interne bedrywighele deur krygsgevangenes het aan die potensiële leiers die geleentheid gebied om die ingebore leierskap tot volle ontluiking te voer. In hulle aanraking met die onbekende en vreemde toestande waarin hulle hul bevind het, het hierdie groep as nuwe leiers op die voorgrond getree. Hulle het hulself as leiers bewys wat juis onder nuwe en veranderde omstandighede uitweë uit probleme kon vind en positiewe rigting in 'n krisistyd kon vind. Deur die hoë eise van krygsgevangenskap is hul leierskap gebrei en is hulle as leiers tot groter vasberadenheid en doelgerigtheid gevorm.

'n Veel sterker onderlinge groepsgevoel as tevore is

deur die kamplewe tot stand gebring, aangesien krygsgevangenes noodgedwonge in groot getalle in die nouste verband moes saamleef. Hul historiese agtergrond was baie verskillend hiervan. Die Boerevolk het van weë hul afgesonderde lewe en selfstandige lewensbestaan 'n individualisme ontwikkel waardeur hul grootliks verhinder is om ook groepsense te wees. Die kamplewe het van elkeen geëis om isolerende individualisme ten gunste van groeps- of gemeenskapsbelange in te boet. Hul vroeëre afsondering het ook veroorsaak dat hulle in die normale verloop van gebeurtenisse en van landsake nie geneë was om sonder meer wette of reëls te gehoorsaam nie. Hul verzet teen dissipline gedurende hul kommandodiens illustreer hierdie feit. Hul was gewillig om slegs hul eie wet en sin te eerbiedig. In die kampe het hul ongetwyfeld geleer dat geluk, orde en vrede alleen volgens reël en wet moontlik is. Onder dwang is hul geleer om reëls te eerbiedig. Dissiplinerig, onderwerping aan die wet om 'n ordelike naasbestaan te verseker, sou hierna 'n deel van die positiewe mondering van oud-krygsgevangenes wees.

B Y L A E SBylae A.

"Baing hard en erg was die gedruis,
 "Gemaak daar deur die bruin gespuis.
 "Dit was vir hull' 'n groot genot,
 "Om ons te terg en te bespot.
 "Met: Waar's ou Paul, of waar's jou pas?
 "Of: Waar het jy jou laas gewas?
 "Die skepe lê vir julle klaar.
 "Kyk!, dood sal julle almal daar.
 "Al spottend wijs 'n meid na mij,
 "Daar sus, 'n man vir jou, sê sy.
 "Die ander draaide haar toen om,
 "En sê: Kijk tog, ik is verstom,
 "Dat jij van mij so min kan maak.
 "Net of ik aan die boer zal raak.
 "Foei, gun mij tog 'n huweliksnaam,
 "Waarvoor ik mij nie hoef te skaam."

Bylae B.

"Het schip gaat op en neer
 "En ons begin vermeer,
 "Net waar men henen ziet
 "Jy tranen en verdriet -
 "Ons voel toen te benoud
 "Zeer bitter en zeer koud.
 "Ach het was toen te naar
 "Te zien naar al de zwaar,

"Net waar 'n mensch maar kom

"Hoor jy net een gebrom.

"Elk doet toen wat hy kan

"Om kalfers in te span.

"Het treurigste geluit -

"Gehoord uit eenen fluit -,

"Of de hardste geraas

"Als wind door deuren blaas,

"Ja, het treurigste geluit -,

"Komt by ons keelen uit -.

(J.A. Herholdt, 29.9.1900)

Bylae C.

"De luizen is 'n snaakse soort,

"Dit moet ik ook beskryf.

"Een Engels luis, is na behoord,

"Niet grootter dan een vlieg van lijf.

"Het maak niet zoos een kafferluis

"Om in die haar te boer.

"Maak in je hemp zijn nate huis,

"Elk donker plekje is vol voer.

"En doodmaak help nie veel of niks.

"Hij is zoo's Engelsman.

"Morgen is hy ewe fiks

"En bijt weer wat hij kan.

"De Boeren wordt hier maar geplaagt.


"het is niet mooi te zien

"hoe ons hier zit en luizen slagt,

"Elk man per dag een stuk of tien."

(P.J. Snyman).

Bylae D.



Regs is die kamp op die Groenpuntse renbaan en links daarvan die
nuwe kamp, Sky View.

Bylae E.

"Mongolian! Gij helsche bodem,

"Gij, moordhol van een heldenschaar!

"Gij waart nog erger dan een Sodom,

"Als ook Gomorra met elkaar.

"De vreeselijke tafereelen,

"Die daar op u zijn afgespeeld!

"Geen mensch verbeeld zich die toneelen,

"Wanneer die 'm worden meegedeeld.

"Ja allen! Jong en oud van jaren,

"Getuigen van die smart en pijn;

"En zijn bereid het te verklaren,

"Voor Vorst, of wie 't moge zijn."

(Gedigge deur S.Z.).

Bylae F.


MILITARY SKETCH
DIYATALAWA CAMP, CEYLON.
 — 2nd Battalion, King's Royal Rifles, and Boer Prisoners. —
 By Serjt. A. Parrington, 2nd K.R. Rifles

-1900-

Scale 8 inches to One Mile - R.P. 2438

Contours: Vertical Interval 20 feet

- Number of Prisoners -
 - 4534 -



Length of Trench -
 indicating Boundary
 of Camp -
 6 miles 400 yards.

Strength of Duties.

Guard	NCO	Men
N ^o I	3	12 18
N ^o II	3	18 18
N ^o III	3	15 24
N ^o IV	2	12 24
N ^o V	2	12 18
Quarter	2	6 6 - 1 Bugle

Total Duties daily - 850 Men

Inhume Picquet - 2 Companies daily

Troops employed on
 (Boer) Camp Police -
 Serjt. Const. Privates
 2 - 2 - 48


Distribution of Maxims:

N ^o I Camp Guard	2
N ^o II	1
N ^o III	1
N ^o IV	1
N ^o V	1

A Camp Guard Enclosure
 overlooking portion of
 Boer Compound.
 (Refer No 1 Guard in Sketch)

Bylae G.

Die Ragama strafkamp, Ceylon.



Bylae H.

(82)

Valid until recalled
 No. 5691 PASS FOR PRISONERS OF WAR.

<p>THE PRISONER <i>P. Y. Koh</i> <i>Mat 54</i> has permission to leave Prisoners' Enclosure, but <i>Must stay within the</i> <i>outer boundary as marked</i> <i>by trench and flags.</i> <i>Daily from 6 am. to 6 pm.</i></p>	<p>DESCRIPTION</p> <p>Age: <i>21</i> Height: <i>5.9</i> Hair: <i>light brown</i> Eyes: <i>blue</i> Build: <i>slender</i> Marks: <i>vac. ym.</i></p>
---	--

DIYATALAWA CAMP,

26. 8 1902*A. J. Vincent*Lieut.-Colonel
Commandant, P.O. 9


No. 6630 PASS FOR PRISONERS OF WAR.

<p>THE Bearers <i>P.O.W. van Olet</i> <i>& one boyher</i> has permission to leave Prisoners' Enclosure <i>daily</i> <i>between 9 a.m.</i> <i>& 6 p.m.</i> <i>to visit the vicinity.</i></p>	<p>DESCRIPTION</p> <p>Age: <i>40</i> Height: <i>5.9</i> Hair: <i>dk. brown</i> Eyes: <i>brown</i> Build: <i>thick set.</i> Marks: <i>—</i></p>
--	---

Mat Laminia~~DIYATALAWA CAMP,~~*27. X. 1902**A. D. G. Edson**The P.O.W.*

scribbled text at the top left of the page.

as state of your country I certainly thought that the drought had already broken up but if it comes to scarcity of water and that in Natal it must be serious indeed. But the Lord will provide.




this suffering to which our

scribbled text at the bottom left of the page.

VII

thousands who do nothing but fret over their loved ones who have been transported here. Surely if God were able to protect us all through the war, He is able to protect us now in the same manner.



It must be a privilege to be able to work in these days & thus drown at least some of our manifold sorrow but it would hardly do... The... with... //... The... with... //... The... with... //...

Bylae J.

Bermudas Lied.

"Hier zit ik aan Bermuda's strand

"Verbannen uit mijn Vaderland;

"O God wat bittere smart.

"Met een verbrijzeld hart.

"Mijn geest zweeft over de oceaen.

"Mijn hart bezwijkt van pijn

"Want daar zie ik d'ellende aan,

"Van die mij dierbaar zijn.

"Verwoest vertreden is het land,

"Dat mij een schuilplaats bood;

"De woningen zijn afgebrand;

"O Heer wat bittere nood.

+++++++

"Mijn bede stijgt tot U O God,

"Die in den Hemel zijt;

"Verlos ons van dit vreeslijk lot,

"Van dezen langen strijd.

"Verdrijf ons vijand door Uw kracht,

"Geef ons ons erfdeel weer;

"Opdat zelfs't nageslacht,


"Uw Almacht roem O Heer."

Bylae K.

"Lone and a captive far from home,
"On'Muda's islands did I roam;
"Rest for my weary limbs I sought,
"And peace and calm for mind distraught.
"Pained by affliction's adverse act,
"A healing balm for both I lacked.
"Said I not well "lacked" was the word,
"Comfort and words of soothing now I heard;
"Henceforth to Fate I will not bitter be,
"A friend in need she brought to me -
"Long may I be a friend of Lora P."

(W. Honicke)

Bylae L.



VOOR VRYHEID EN REGT

To Messrs. Maria Catebridge, Secretary,
 Mr. J. van Riecht, Mr. J. E. Meyer, Mr. E. L. Meyer,
 Captain J. E. Meyer and Mr. H. J. Riecht, members
 of the "Bona Fide Relief Committee" at Bermuda.

Ladies and Gentlemen,

We, the undersigned Bona Fide Officers, on
 behalf of the Prisoners of War on Smith's Island, Bermuda, hereby desire
 to tender you our hearty thanks for the noble work you have done and are
 still doing, as members of the Relief Committee in Hamilton, to lighten
 our burden and alleviate our lot during our detention here.

We wish to assure you of our warmest appreciation
 of those pecuniary and voluntary assistance, and we are deeply indebted
 to you for your sacrifices, made on our behalf.

We further give you the assurance that your
 kind deeds will ever be held in loving remembrance by all the prisoners
 of war, especially by those of Smith's Island, and that, after we have been
 restored to our native country, our thoughts will always revert to the
 friends and benefactors we left behind at Bermuda, while in the
 history of the great South African War your names will be
 held dear by all Boers, whose hearts will ever yearn to repay you for the
 kindness shown to their countrymen and friends by strangers in a strange land.

In conclusion we all join in once more assuring you of
 our everlasting gratitude, hoping and praying that each and all
 of you may be spared long to enjoy a happy and prosperous life as
 the fruits of your disinterested and Christian sympathy for, and
 your kind and loving assistance given to those temporarily
 banished from their country, but more particularly to children
 and old men - to the suffering, and to those who were in need,
 while undergoing a hard trial.

We respectfully beg to name ourselves,
 Your South African friends.

Commandant
 Commandant
 Commandant

Bylae M.

Trichingopolis Kamp.

11 Februari 1902.

Den Wel Eerw. Heer
 Dr. M. J. Goddeskroon,
 Pred. Ned. Hervormde Kerk.

Wel Eerw. Heer,

Wij, ondergeteekenden, Lidmaten der
 Ned. Hervormde Kerk, wenschen dezen feestdag
 voor U, onzen geachten Leeraar, niet voorbij te
 laten gaan, zonder U, Wel Eerw. Heer, hiermede
 onze welgemeende gelukwenschen aan te bieden
 met deze herdenking van Uwe 25-jarige ambts-
 bediening, als Predikant der Ned. Hervormde Kerk.

Hozeer wij allen het ook betreuren,
 dat deze dag nu geveried wordt onder voor U
 zoo droeve omstandigheden, ver verwijderd van
 nagenoeg allen, die U dierbaar zijn, vinden
 wij een reden tot groote dankbaarheid in het
 feit, dat de Algoede God U beruw. van het zware
 ziekbed deed herstellen, en het zoo beschikt heeft,
 dat U op een zoo gewenscht tijdstip hierheen ge-
 zonden moest worden, waar Uwe diensten zoo
 hoogst wenschelijk waren, om dit ruime arbeids-
 veld te bewerken. Moge U dit tot troost
 strekken, dat het de wil des Heeren was.

Wij brengen U beruw. verder hiermede
 onze allerbeste wenschen toe voor eene voortdu-
 rende gezondheid, voorspoed en zegen, voor U
 zelven en familie, en dat de Heere
 U beruw. kracht moge schenken om nog vele jaren
 als Leeraar der Gemeente werkzaam te zijn, is
 dan ook de oprechte wensch van

U beruw.'s dw. dienaren en vrienden,
 Lidmaten der Ned. Hervormde Kerk.

Bylae N.

Diyatalawa, Ceylon.

8 Juli 1902.

Den Wel Ed. Heer O. van Oostrum,
Docent in Moderne Talen,
Hut 28, Diyatalawa Kamp, Ceylon.

Wel Ed. Heer,

Wij staan schijnbaar op vertrek: wij zullen elkander ~~Vaarwel toeroepen, wellicht een eeuwig Vaarwel.~~ Wij zijn allen reizigers naar gindsche gewesten waar er geen sprake van doorndraad is, waar er geen scheiden zal zijn, waar wij als klapwiekende Engelen elkander een hartelijken handdruk zullen geven. Voor wij naar dit oord vertrekken willen wij U nogmaals onzen opregten dank toebrengen voor wat gij voor ons alhier gedaan hebt. Wij hebben U leeren waardeeren, ja leeren liefhebben. Als wij eenmaal daar ginds op de met bloed bevlekte, en door den oorlog verwoeste vlakten van ons geliefd Zuid-Afrika zitten, zullen wij nog dikwijls terug denken aan de genoegelijke oogenblikken - voor zooverre zij gelukkig kunnen genoemd worden in een met doorndraad omheind kamp - die wij met u alhier mochten doorbrengen. U onvermoeide ijver heeft veel bijgedragen tot het geluk van uwe studenten gedurende hun verblijf alhier. Wees verzekerd, dat wij U nooit zullen vergeten; wij zullen steeds in liefde gedenken aan onzen vriend die ons zooveel geleerd heeft.

Wij vertrouwen, dat gij weldra de Uwen in welstand moogt ontmoeten. Ontvang dit kleine geschenk van Uwe welmeenende studenten. God zegene U.

Namens de studenten van de verschillende klassen.

Bylae O.

Dijatalawa Kamp

Ceylon 22 November 1902.

Den W. Ed. Heer

C. R. HENNING.

Zeer geachte Broeder,

Schijnbaar niet meer ver, Wij staan op het punt elkan= der vaarwel toe te zeggen, een vaarwel misschien voor altijd op aarde, maar wij hopen allen naar dat oord, waar geen ge= vangenschap, geen donkerheid, geen hartverscheurende brieven, geen dood, geen traanen meer gestort zal worden, maar voor dat wij elkander misschien voor het laats een handdruk geven, wenschen wij namens al de leeden van onze zangkoor, U als on= derwijzer hartelijk te bedanken voor wat gij aan ons gedaan hebt.


Dank voor uwe offering, geduld en liefde, om ons in onze gevangenschap, naar Ligchaams verstand en Geest, genoe= gelijke uren weten te verschaffen. Die tijd dien wij hier met het zingen hadden doorgebracht, hebben er toe bij gedra= gen om onze dagen in Ceylon kort en aangenaam te maken.

En nu lieve Broeder, naar wij hoopen willen, dat wanneer wij op onze Boeren Plaatsen zullen zijn, die reeds met bloet bevlekt is, dat de oeffening van onze stemmen ook zal gehoord worden in Zuid Africa, ja zelfs wanneer het dag licht begint hare glans aan den Hemel te laat schijnen dat het hem zij tot eer en ons tot geluk en troost in den heeten strijd des levens.


De Heere zegene U. Hij make u een waare steenpilaar in de toekoms van ons zoo zwaar beproefd Afrikaans volk.

Hij zij u raadgever, u kracht, u sterkte.

Namens al de leeden. Dien wenschen van u heil wenshende Broeders.

Bylae F.

Boeren Kamp, Dijkakawa in Keijzon.



Aan de Officieren en Manschappen van de Driemde Legioen
welke dienst gedaan hebben in Zuid-Afrika, in ons Vaderland
onder de Republikaansche slag.

Kamaraaden!

Het is onmogelijk voor ons achterblijvende Boeren in het Kamp u te laten vertrekken uit ons midden zonder u in naam van ons dierbaar land onze hartelijke dank te betuigen voor de zeer gewaardeerde hulp ons verleend op het slagveld, in onze groote en zoals wij hopen beslissende strijd voor ons volks bestaan.

De groote opofferingen die gij u getroost hebt de ongemakken door u doorgestaan en het lijden door u gedragen, zijn ons goed bekend en ofschoon wij ze nimmer vergelden kunnen zullen wij ze echter altoos in dankbare herinnering houden.

Wij weten niet of ons scheiden van langen of korten duur zal zijn, doch verzeheren wij u dat hetzij wij elkanx weer ontmoeten of niet, de herinnering naar toewijding aan onze zaak en uw steeds opgeuimd Kamaraadschap in het veld en in gevangenschap in ons geheugenis blijven zal en aan onze kinderen nagelaten zal worden ter hunner bewondering en dankbaarheid.

Van u afscheid nemende willen wij u ook een gelukkig nieuw jaar, gezondheid, voorspoed en Gods regen toewenschen waar gij u ook moge bevinden.

De Boeren krijgsgevangenen in Dijkakawa
Keijzon.

35. December 1900.

Bylae R.

De Banneling.

"Zal ik dan mijne levensdagen,

"Slyten hier in ballingschap?

"Zal dan nooit de morgen dagen,

"Dat ik van dit eiland stap.

"Zal ik hier dan steeds moet zuchten,

"Om mijn vrienden in hun nood?

"Ach! dat toch die beelden vluchten,

"Ach! dat toch die droefheid vlood!

+++++

"Uren laat men 't oog soms rusten,

"Op den blauwen oceaen.

"'t Is of men aan gindsche kusten

"'t Voorwerp zijner liefde ziet staan.

"Peinzend staart men op de golven,

"En men denkt wat 't jaar ons gaf,

"Velen liggen reeds bedolven

"Onder 't stof in 't kille graf.

"Langzaam daalt de zon aan't westen,

"Duikt dan weg in 'n purp'ren zee.

"Ook de Boer begeeft ten leste

"Zich ter ruste op zijn stee.

"Doch de slaap is heel geweken

"En't oog begeert haar niet;

"Weder zweeft hij in die streken

"Waar hij't laatst zijn dier'bren liet.

"'t Is of wij ons dan bevinden

"Verre van dit eenzaam land,

"O!, Wat blydschap! - ons beminden

"Nad'ren ons weer hand aan hand.

"Ziet de zon beschijnt de akkers

"En de lommer van de boom.

"Thans wordt onze balling wakker,

"En - O wee! - Het was een droom."

(J. Kuhn, Deadwood, St. Helena).

ANGLO-BOER OORLOG, 1899-19 ??

BELLEVUE



KAMP

PATIENTIA EST VIRTUS.

KRIJGSGEVANGENEN CLUB.

COMITÉ.

H. A. FOURIE, Voorzitter.
P. H. FAURE.
E. H. WIGGILL.
M. RIBBENS.

JASPER SMIT.
P. A. J. ZWANEOEL.
P. F. DE VILLIERS.
J. W. GROENEWALD.

C. L. OLEN.
W. R. MACNAB.
H. P. MAREE.
C. K. JOOSTE, Hon. Secretaris.

Wij certificeeren hiermede dat de Heer


gekozen is als lid der Club.

No.

H. A. Fourie Voorzitter.

Datum 1901.

Jooste Hon. Secretaris.



Eerste Prijs

Toegekend aan

Frans Joubert.

door het Bestuur en de Leden der

Krijgsgevangene Debats Vereeniging

Broad Bottom, St. Helena

Door Reciteeren

Afdeeling „Quinig“

Hugo van Niekerk

Doorzitter.

Secretaris.

Boeren- Muziekgezelschap,

DIYATALAWA.

Directeur: de Heer B. ALT.

Programma

van het KERSTFEESTCONCERT

TE GEVEN OP

Dinsdag, 24 Decr, 1901,

HUT 70,
DIYATALAWA KAMP.


DEUREN OPEN NA
ROLL CALL.

- | | | | |
|---|---------------------|--|------------|
| 1. Motto | B. ALT | 9. Aan de Springbron | B. ALT |
| Mannenkoor met orkest. | | Mannenkoor | |
| 2. Stille Nacht | DEUTSCHE VOLKSWEISE | Dronwenlof | BUNTE |
| Mannenkoor met orkest. Auspraak door Ds. Boshoff | | Tenor solo met mannenkoor en piano | |
| 3. Psalm 42 | | (Solo de Heer D. P. de Beer). | |
| Met orkest en piano | | 10. Zwei Auglein braun | GUMBERT |
| 4. Waldandacht (der liebe Gott geht durch den Wald) | B. ALT | Bariton solo met piano de Heer Messiner | |
| Bariton solo: de Heer Messiner | | 11. Kreuzjittermarsch | MEYERBERG |
| 5. Fantasie over de Hugenooten | BRINLEY | Orkest met piano | |
| Sargentine | KETTERER | 12. Barcasolo | PACHE |
| Piano solo's: de Heer P. B. Wechuiren | | Twee violen en piano de Heeren Alt en W. Wicks | |
| 6. Meditation sur le 1 ^{er} Prelude de | GACH | 15. Blue bells of Scotland | |
| Viool en piano: Heeren Alt en Wechuiren | | Banjo solo met orkest en piano | |
| 7. Petite Reverie | WOHLFAHRT | (Solo de Heer le Roux). | |
| Viool solo met orkest en piano | | 14. Aanspraak van den president de Heer | D. C. LAAS |
| (Solo de Heer B. D. Oliver). | | 15. Kerstboomvelling | |
| 8. Allegro molto | HEERMANN | 16. Ragama Promenademarsch | B. ALT |
| Twee violen en piano | | Viool en piano | |
| (Solo de Heeren Alt en P. Erasmus). | | 17. Sérang 22 | |
| | | Met orkest en piano. | |

Bylae U.

Bylae V.

— KRIJGSGEVANGENEN—KAMP, RAGAMA, CEYLON. —



PROGRAMMA

P. J. Weehuizen
14/6 '02

VAN DE UITVOERING, TE GEVEN DOOR HET "INTERNATIONALE MANNEN KOOR, RAGAMA KAMP NO. 4"

Onder Leiding van den Directeur P. J. Weehuizen.

26 Mei 1902. Aanvang 6.30. N. M.


- | | | | |
|---|-------------------------------|---|----------------------------------|
| 1 | Sanger Willkomm ... | } voor Mannen Koor ... | } <i>Krebs.</i>
<i>Worpp.</i> |
| 2 | Lof van het Druivensap ... | | |
| 3 | Ouverture Zampa ... | duo voor Piano, door de Heeren P. Weehuizen en M. Uijtenhoudt. | <i>Harold.</i> |
| 4 | O du frohliche Weihnachtszeit | quartet door de Heeren M. Lambeek, T. Sandrock, G. J. van Batenburg en J. v. d. Lecq. | <i>Becker.</i> |
| 5 | Les dragons de Villars | Barijtone solo door den Heer Leclere | <i>Maillart.</i> |
| 6 | Rhapsodie No. 2 ... | Piano solo, door den Heer P. Weehuizen | <i>Liszt.</i> |

* PAUZE. *

- | | | | |
|----|--------------------------------------|---|--|
| 7 | Frisch Gesungen ... | } voor Mannen Koor ... | } <i>Silcher.</i>
<i>Hausf.</i>
<i>Chamisso.</i> |
| 8 | Soldaten Mut ... | | |
| 9 | Der Soldat ... | | |
| 10 | Ungarischer Tanz No. 2 | duo voor Piano, door de Heeren P. Weehuizen en M. Uijtenhoudt | <i>Brahms.</i> |
| 11 | Gebed ... | Mannen Koor met Bas solo, door den Heer P. Nagtegaal. | <i>Mendelsohn.</i> |
| 12 | Mannergesang ... | quartet door de Heeren O. Prescher, C. F. Bökenkamp, B. Holman en P. Weehuizen. | |
| 13 | Danse Chantee ... | duet door de Heeren H. Grootkerk en H. Herzfeld. | <i>Auwraij.</i> |
| 14 | Op het Kerkhof ... | voor Mannen Koor ... | <i>de Vlieg.</i> |
| 15 | Maximilianus de Bossu Bergen op Zoom | Barijton solo door den Heer P. Nagtegaal | } <i>Verzameling.</i>
<i>v. Valerius.</i> |
| 16 | Abschied vom Walde ... | Dubbelquartet ... | |
| 17 | Das Lied Vom Rhein ... | Bas solo door den Heer P. Weehuizen | <i>Abt.</i> |
| 18 | Schafers Sonntags Lied | Dubbelquartet ... | <i>Kreutzer.</i> |
| 19 | Hijme an die Nacht | } voor Mannen Koor ... | } <i>Beethoven.</i>
<i>Worpp.</i> |
| 20 | Zangerstaptoe ... | | |

Bylae X.

Voorbeelde van kunstige handwerk deur krygsgevangenes.




JOHN J. KRUGER AFNEMER BELLEVUE KAMP

Eylae Y.



Fotografiese voorbeeld van kunstige handwerk in Diyatalawa.

Bylae Z.



De ondergeteekende, Secretaris der Ned. Geref. Kerk in Zuid Africa, Kaap Kolonie, thans arbeidende onder de krysgevangenen te Bermuda, certificeert hiermede dat *Stefanus Hendrik Potgieter* op den 18^{en} Maart 1902 na behoortlyke voorleeding en gedane geloofs-belydenis tot Lidmaat der Kerk werd aangenomen.

Het geloue den Kerkraad der Ned. Geref. Gemeente te Bloemfontein in de lid lid afluurdege Diacon thuis behoort, deze onze getuigenis van te nemen, en genoemde Diacon aan de Gemeente voorstellen en als Lidmaat te bevestigen, hetgeen alhier, wegens omstandigheden, niet kan geschieden.

J. A. van Blok

Als Ouderlingen

Bermuda. D. A. Louw
 G. J. Scheepers
 5.4.02. D. P. J. van Schaalkwijk
 M. N.

- D. O. L. -

DE ONDERGETEEKENDEN CERTIFICEEREN HIERMEDE DAT

Abraham Nicolaas van Huyssteen
 van de Ned. Geref. Gemeente te Ladybrand

Na gehouden onderzoek tot Lidmaat dier Kerk is aangenomen alhier, op 28 Januari 1901 en bevelen van D. B. opziensers aldaar zijne voorstelling als zodanig aan

Paul H. Rose Fred. Ned. Geref. Kerk
 Oud. *W. J. Mes*

W. J. Mes
 Diycatalawa, Ceylon. 28 Januari 1901

Bylae AA.

Enkele bladsye uit 'n aantekeningboekie waarin ds. George Thom die name van 'n groepie kerkmense in Diyatalawa in sy eie handskrif neergeskryf het.

Aanwysing gebronde deur die
ondergetekende in Diyatalawa
Kamp, Ceylon.

Geo. Thom *Indien*

Pred. der Ned. Ker. van Trincomalee

- ✓ Rudolf Johannes Neuenhuyzen ^{N.G. Ficksburg}
- ✓ Frederik Johannes Theodorius Bernidewind ^{do. Ficksburg}
- ✓ Martinus Johannes van Awezen ^{G. Petrona}
- ✓ Charel Willem Wepener ^{do. B. B. B.}
- ✓ Johannes Nicolaas David Talyard ^{do. Reitz}
- ✓ Christiaan Hendrik Ferrelire ^{do. Ficksburg}
- ✓ Francois Johannes Cornelius v. Awezen ^{do. Ficksburg}
- ✓ Philips Leibrand Byrme ^{N.G. Buitendijk}
- ✓ Abraham Arnoldus Laure Changwon [?]
- ✓ Jacobus Frederik Barnard [?]

1901.

- ✓ 16 Feb. George Prinsloo ^(Kranke)
- ✓ 111 Mkt. Martinus Dullmen <sup>(Verstrotten
naar Rajama. Cent. ontrouwen)</sup>
- ✓ 24 Apr. Christ Jacobs Petrus v. Tonder <sup>(in hospitaal
cent. ontrouwen)</sup> ^(Ned. Ker. van Smithfield)
- ✓ 30 " Pieter Ernst Kruger <sup>do. do.
(Hous v. G. van Som. Petrona)</sup>
- ✓ 12 Sept. Frederik Cornelis ^{do. do.}
Beyndewind <sup>(Ned. Ker. van Lady's
land)</sup>

Ouderlingen teenwoordig, —

C. J. Jacobs
J. J. Bloem
W. P. Joubert

4 Junii 1901.

1901.

- ✓ 27 Apr. Pieter Charel Willem <sup>H.G. Petrona
de Bruin</sup>
- ✓ Warend Hendrik ^{de Bruin}
- ✓ Frederik Wilhelm ^{Scott}
- ✓ George Andries van ^{Lijl. do. Ficksburg}
- ✓ Stephanus du Plessis ^{H.G. Petrona}
- ✓ Jacobus Rudewicus ^{Hago. Smithfield}
- ✓ Jan Allen ^{do. Zaston}
- ✓ Frederik Johannes ^{Potgieter}
- ✓ Daniel Petrus v. d. ^{Westhuizen}
- ✓ Klas Vrijk ^{do. do.}
- ✓ Karel Frederik ^{Comraad Landman}
- ✓ Gerhardus Francois ^{Landman}
- ✓ Jacobus Johannes van ^{Neuyske}
- ✓ Erick Rasmussen ^{Charlsund}
- ✓ Eduard ^{Crancaamp}
- ✓ Louis ^{Gruwendorff}
- ✓ Joseph Daniel de ^{Klerck}
- ✓ Guido Wilhelm Julius ^{Gombard}
- ✓ Jacobus Gabriel du ^{Toit}

- ✓ Frederik Hendrik ^{Pelzer}
- ✓ Joseph James ^{Mayer}
- ✓ Jan ^{Viljoen}
- ✓ Charles James ^{Ferguson}
- ✓ Jacobus Johannes ^{Brits}
- ✓ Abraham Paul ^{Stephanus}
- ✓ Petrus Johannes ^{Cornelis}
- ✓ Christiaan Samuel ^{Buser}
- ✓ Nicolaas Jacobus v. d. ^{Menne}
- ✓ Daniel Petrus ^{Starnse}
- ✓ Hendrik ^{Isabiel}
- ✓ Albertus Pieter ^{Roux}
- ✓ Thomas ^{Frederik}
- ✓ Antonie Johannes ^{Lourens}
- ✓ Philippus Johannes ^{Petrus}

Bylae BB.

Klasse I Nummer 25.
 Toegekend aan
 F. Joubert
 Voor zijn opstel over " Kennis "
 Door het Bestuur der
 School Ring Debats Vereeniging
 Broad Bottom Kamp A. J. Le Roux Doorz.
 St. Helena 10. Juni 1902 J. A. Le Roux Secr.

Vita Sine Letteris Nilors Est.

STANDARD.....

Toegekend aan... *H. Pieter*.....
als een blijk van vlijt, gehoorzaamheid en
getrouwheid in het bijwonen der Broad-
bottom Krijgsgevangenen School.

P. A. M. de Vos V.D.M.
Hoofd der Nieuwe Voorzitter.

Onderwijzer.....

7 Januari 1902 Broadbottom St. Helena.

Bylae CC.

BOOK 3

E. R.

No. 2920.

WHEREAS, at the time of the outbreak of hostilities between the Government of Her late Majesty Queen Victoria and the Governments of the late South African Republic and the late Orange Free State, I, the undersigned...

Mabthys Johannes

of *Zandvliet distr. Vrede*

now residing at *St Helena*

was a burgher of the Orange Free State; and

WHEREAS the said Orange Free State has been annexed to, and become part of, the dominions of His Majesty KING EDWARD THE SEVENTH; and

WHEREAS, I am desirous of formally claiming and securing all and sundry the rights and privileges of a British subject, which, by reason of the fact of annexation as aforesaid, I am now justly entitled to do;

NOW THEREFORE, I hereby formally declare that I acknowledge myself to be a subject of His Majesty KING EDWARD THE SEVENTH, and I do sincerely promise and swear that I will be faithful and bear true allegiance to His Most Gracious Majesty KING EDWARD THE SEVENTH, His Heirs and Successors according to law.

M. J. Uys

St Helena

Sworn and declared before me at this... *12* day of... *July* 1902


J. M. T. Esterhuysen
Special Commissioner.

• Fill in name of farm or town, ward and district.

[T.O.]

TRIPLIKAAT.

No. 3983



VERKLARING.

10044

Ik,

Christoffel Philippus du Preez

van

Niekerksvlei

Ward Kaffir R.

Bloemfontein

hecht mijne toestemming aan de termen van de Overeenkomst geteekend te Pretoria op den 31sten Mei, 1902, tusschen mijne gewezene ingeering en de Vertegenwoordigers van Zijne Majesteit's Begeering en ik erken mijzelven een Onderdaan te zijn van Koning EDWARD VII., en ik beloof hem, zijnen erfgenamen, en opvolgers wettige gearoutheid toe te dragen volgens Wet.

(Handtekening)

C. P. du Preez

Verklaard voor mij te

dozen

1 den

dag van

October

1902.

(Handtekening)

ADDITIONAL POLICE MAGISTRATE,
RADULLA HALDAMU

Bylae DD.

Terugkeer der Krijgsgevangenen uit Bermuda
aan boord van de Staffordshire.

1. "Goddank daar blauwt van ver de kust,
"Daar rijst van ver het strand.
"Hoe hijgt ons hart met nieuwe lust,
"By't zien van't Vaderland.
"Haast knielen wij op zijn dier'bre grond,
"Met vriend en Broeder neer,
"En brengen God in blyden stond,
"Voor al Zijn goedheid d' eer."
2. "Goddank de strijd is afgestreën,
"Ons lijden is voorbij
"Geef eer den Hoorder van gebeën,
"Wij voelen ons weer vrij.
"O dier'bre Afrikaansche kust,
"Hoe lacht uw groen mij aan,
"'k Ben nu bezielde met nieuwen lust,
"De Heer heeft welgedaan."
3. "O! dierbare geboorte grond,
"'k Schouw uwe bergen aan,
"Op plek waar een mijn wieg op stond,
"Waar eens mijn graf zal staan.
"Uw aanblik boeit mij't allermeest,
"'k Sta op uw strand weldra.
"En't is mij als zie ik in den geest,
"Een vrij Zuid Afrika."

B R O N N E

ARGIVALE BRONNE

1. Amtelike Bronne

(a) Ongepubliseerd

Staatsargief, Bloemfontein.

Archives of the Colonial Secretary's Office.

C.S. Vol. 1 - 24. Korrespondensie, 1901,

Lêers 1 - 1194.

Archives of the Director, O.R.C. Government
Relief Department.

G.R.D.1/19 Vol. 1. Notule van vergaderings,
11.1.1902 - 29.4.1903.

G.R.D.1/19 Vol. 5 - 47. Korrespondensie,
2.1.1902 - 27.5.1903.

Archives of the Military Governor.

M.G. Vol. 1. Korrespondensie en notule,
24.3.1900 - 31.8.1900.

M.G. Vol. 2. do. 2.9.1900 - 13.2.1901.

M.G. Vol. 3. do. 28.3.1900 - 19.11.1901.

M.G. Vol. 4. do. 9.5.1900 - 13.2.1901.

M.G. Vol. 5. do. 23.5.1900 - 15.2.1901.

M.G. Vol. 6. do. 8.6.1900 - 25.2.1901.

M.G. Vol. 7. do. Northern Districts.

M.G. Vol. 8. do. Basutoland, Cape Colony,
Military Head Quarters,
Applications.

M.G. Vol. 9. Indeks tot korrespondensie,
Aug. 1900 - Des. 1901.

M.G. Vol. 10. Telegramme ontvang,
6.5.1900 - 14.2.1901.

- M.G. Vol. 11. Telegramme ontvang,
12.4.1900 - 8.2.1901.
- M.G. Vol. 12. Telegramme ontvang,
22.4.1900 - 9.2.1901.
- M.G. Vol. 13. Telegramme versend,
1.4.1900 - 11.2.1901.
- M.G. Vol. 14. Telegramme versend,
25.3.1900 - 30.12.1900.

Archives of the Repatriation Recovery Branch.

- R.R. 1/16 Vol. 1 - 136. Korrespondensielêers,
1 - 9684.

Staatsargief, Kaapstad.

Argief van die Prokureur-generaal van die Kaapkolonie.

- A.G. Vol. 2078. Correspondence re Rebel P.O.W.
- A.G. Vol. 2085. Correspondence re Rebels
deported, and administration
of Martial Law.
- A.G. Vol. 2092. High Treason. Correspondence
re Rebels surrendered outside
Cape Colony.
- A.G. Vol. 2100. List of P.O.W. and suspected
Rebels, 1900.
- A.G. Vol. 2101. High Treason. Lists of sur-
rendered Rebels.

Argief van die Koloniale Sekretaris.

- C.O. Vol. 12/8. Hofsettings in Simonstad. Ver-
klarings in verband met rebelle-
gevangenes.

Argief van die Verdedigingsdepartement.

- D.D. Vol. 1/49 -1/69. Korrespondensie,
1896 - 1902.
- D.D. Vol. 1/70 - 1/93. Korrespondensie,
1900 - 1904.
- D.D. Vol. 1/179 - 1/181. Telegramme, 1902 - 1904.

D.D. Vol. 1/189 - 1/220. Brieweboeke, 1892 - 1902.

D.D.7/12. Vol. 1 - 2. Verskeie stukke, 1899 - 1902.

Staatsargief, Pretoria.

Archives of the Assistant Provost Marshall.

A.P.M. Vol. 14. Register of P.O.W., 1900 - 1901.

A.P.M. Vol. 15. do. ., 1901 - 1902.

A.P.M. Vol. 16. do. ., 1901 - 1902.

A.P.M. Vol. 17. do. (Revised) Nov. , 1901 - 1902.

A.P.M. Vol. 18. do. (Supplement) , 1901 - 1902.

A.P.M. Vol. 19. do. (Hospital) , 1901 - 1902.

A.P.M. Vol. 20. do. (Miscellaneous) , 1901 - 1902.

Argief van die Koloniale Sekretaris.

C.O. Vol. 99 - 100. Inligtingslêers.

C.O. Vol. 108 - 110. do.

C.O. Vol. 115. do.

C.O. Vol. 120 - 130. do.

C.O. Vol. 141. do.

Argief van die Privaat Sekretaris van die Goe-
werneur.

G.O.V. Vol. 25. Korrespondensielêers.

G.O.V. Vol. 216. Lêers van die sekretaris.

G.O.V. Vol. 217. Korrespondensielêers.

G.O.V. Vol. 218 - 225. Statistieke in verband
met krygsgevangenes.

Argief van die Hoë Kommissaris. .

H.C. Vol. 54. Korrespondensie, 1901 - 1902.

H.C. Vol. 61. Kampe en deportasies, 1901 - 1902.

H.C. Vol. 66. Oorgawe van magte, 1901 - 1902.

H.C. Vol. 84 - 90. Inligtingslêers, 3681 -
4600/01.

H.C. Vol. 91. Opgawe van Boereleiers.

H.C. Vol. 103 - 164. Inligtingslêers in ver=
band met krygsgevangenes.

Argief van die Luitenant-goewerneur.

Lt.G. Vol. 25. Korrespondensie, 1902 - 1906.

Lt.G. Vol. 83. Repatriasie van krygsgevangenes,
1902 - 1905.

Lt.G. Vol.133. Burghers Camp and Land Settlement,
1902 - 1906.

Lt.G. Vol.152A. Gedeporteerde persone,
1904 - 1907.

Argief van die Militêre Goewerneur.

M.G. Vol. 9. Index to correspondence, Aug. 1900 -
Dec. 1901.

M.G. Vol. 15. Proclamations, notices, army
orders, instructions, April 1900 -
Febr. 1901.

M.G. Vol. 16. do. with index, May 1900 - Sept.
1900.

M.G. Vol. 17(a). Printed matter, Oct. 1099 -
Oct. 1900.

17(b). Free State P.O.W., May 1900.

17(c). Free State Burghers who have
taken the oath, Sept. 1900.

M.G. Vol.289. Casualty Lists, P.O.W.,
Jan. - May 1901.

M.G. Vol.290. P.O.W. and Surrenders, May -
Oct. 1901.

Rooikruisstukke, Anglo-Boereoorlog.

R.K. Vol. 115. Register van oorlede krygsge=
vangenes, A - L.

R.K. Vol. 116. Register van oorlede krygsge=
vangenes, M - Z.

R.K. Vol. 117. Engelse lyste van oorlede krygsgevangenes, A - L.

R.K. Vol. 118. Engelse lyste van oorlede krygsgevangenes, M - Z.

Argief van die amptenaar belas met die insameling van gegewens van sterfgevälle in die Republikeinse magte onder burgerlikes.

R.S. Vol. 1. Staatsdepartemente en algemeen, Jun. 1906 - Okt. 1913.

R.S. Vol. 2. Britse owerhede, Sept. 1906 - Okt. 1907.

R.S. Vol. 3. Hervormde Kerke, Mrt. 1906 - Feb. 1908.

R.S. Vol. 4. Verenigde Kerke, Okt. 1906 - Nov. 1907.

R.S. Vol.20. Gesnuwelde Republikeinse magte, A - M (1912 - 1913).

R.S. Vol.21. Gesnuwelde Republikeinse magte, M - Z (1912 - 1913).

R.S. Vol.22. Gesnuwelde Republikeinse magte, A - M (1912 -1913).

R.S. Vol.23. Gesnuwelde Republikeinse magte, M - Z (1912 -1913).

R.S. Vol.25. Oorlede burgers in Transvaalse Konsentrasiekampe, A - H (1912 - 1913).

R.S. Vol.26. Oorlede burgers in Transvaalse Konsentrasiekampe, J - P (1912 - 1913).

R.S. Vol.27. Oorlede burgers in Transvaalse Konsentrasiekampe, P - Z (1912 - 1913).

R.S. Vol.28. Oorlede burgers in Transvaalse Konsentrasiekampe, P - Z (1912 - 1913).

R.S. Vol.29. Oorlede burgers in Konsentrasiekampe, A - M (1912 - 1913).

R.S. Vol.30. Oorlede burgers in Konsentrasiekampe, M - Z (1912 - 1913).

R.S. Vol.31. Oorlede burgers in Kaapse en Natalse Konsentrasiekampe, (1912 - 1913).

R.S. Vol.32. Gestorwenes in alle kampe,
A - H (1912 - 1913).

R.S. Vol.33. Gestorwenes in alle kampe,
I - P (1912 - 1913).

R.S. Vol.34. Gestorwenes in alle kampe,
R - Z (1912 - 1913).

R.S. Vol.37. Amptenaar belas met Transvaal
Argief, lêer T.A. 78/23.

Argief van die Stafoffisier vir krygsgevangenes
in Natal, 1900 - 1903.

S.O.P. Vol. 1 - 64. Korrespondensielêers,
1 - 6202.

S.O.P. Vol.65. Verskeie stukke.

Argief van die stafoffisier vir krygsgevangenes
in Kaapstad, 1900 - 1903.

S.O.P. Vol.66 - 69. Register van lêers en
dokumente, 1 - 6203.

S.O.P. Vol.70 - 74. Register van deportasie=
lêers, 1 - 918.

S.O.P. Vol.75. Indeks van krygsgevangenes.

S.O.P. Vol.76. Opgawe van getalle krygsgevangene=
nes, 6.7.1901 - 17.5.1902.

S.O.P. Vol.77. Naamlys van krygsgevangenes,
Natal.

S.O.P. Vol.78. Indeks van briewe in verband met
krygsgevangenes, A3677 - A5850.

S.O.P. Vol.79. Alfabetiese naamlys van gevange=
nes te Ceylon, 18.8.1900 -
30.11.1901.

S.O.P. Vol.80. Gevangenes in Ahmednagar,
16.2.1901.

S.O.P. Vol.81. Krygsgevangenes op St. Helena.

S.O.P. Vol.82. Register van teruggekeerde krygs=
gevangenes, 1900 - 1902.

S.O.P. Vol.83. Indeks van teruggekeerde krygs=
gevangenes, 1900 - 1902.

S.O.P. Vol.84. Register van sterfgevälle,
1900 - 1903.

S.O.P. Vol.85. Alfabetiese register van sterfgevalle, 1901 - 1902.

S.O.P. Vol.86. Register van ongewenstes, 1900 - 1903.

S.O.P. Vol.87. Verslae van gevangenes, 1900 - 1903.

S.O.P. Vol.88. Verslae oor ongewenstes, 1900 - 1903.

S.O.P. Vol.89 - 111. Deportasielêers, 1 - 4383.

S.O.P. Vol.112. Indeks van deportasielêers.

S.O.P. Vol.113 - 116. Parool en eedaflegging, lêers 1 - 887.

S.O.P. Vol.117. Register van eedafleggers, 1901 - 1903.

S.O.P. Vol.119. Indeks, deklarasie van trou.

Leyds-argief.

Oorlogsargief.

Vol. 789(a). Krygswet.

(c). Skending van Geneefse Konvensies.

Vol. 790. Kamp Kruimels, No. 1 - 12.

Afdeling G.

Perskantoor, Algemeen Nederlands Verbond.

Vol. 806 - 815. Korrespondensielêers, 1899 - 1901.

Vol. 816. Korrespondensie, A - X.

Vol. 819. Simpatiebetuigings met Republieke, 1900.

Vol. 823. Pro-Boer propaganda, 1899 - 1902.

Vol. 827. Diverse onderwerpe, 1899 - 1913.

Vol. 849. Briewekopieboek, Des. 1900 - Maart 1902.

Vol. 850. Duplikate van mededelings, No. 1 - 560.

Vol. 851. Naamlyste van krygsgevangenes.

- Vol. 852. Naamlyste van gesneuwelde burgers.
 Vol. 855. Klapper op onoffisiële gegewens.
 Vol. 856. Klapper op groot register van gesneuweldes, gewondes en krygsgevangenes.

W.J. Leyds Huisargief.

- Vol. 6. Krygsgevangenes.

(b) Gepubliseerd

Imperiale Blouboeke

- C.D. 35. Correspondence with President of S.A.R. and O.F.S.
 C.D. 53. Notice by High Commissioner for S.A. relating to forfeiture etc. of property in S.A.R. or in O.F.S.
 C.D. 122. Telegrams from Lord Roberts to Secretary of State.
 C.D. 261. Affairs in South Africa.
 C.D. 369. Recent Political Situation in South Africa.
 C.D. 398. Report on the Discipline and Management of the Military Prisoners, 1899.
 C.D. 420. Affairs in South Africa.
 C.D. 426. Proclamations by Lord Roberts in South Africa.
 C.D. 431. St. Helena Report of 1900.
 C.D. 453. Royal Commission to consider care and Treatment of sick and wounded during the South African Campaign.
 C.D. 454-455. Appendix minutes of Evidence taken before the Royal Commission to consider care and treatment of sick and wounded during the South African Campaign.
 C.D. 457. South African Despatches.
 C.D. 461. Correspondence, Lord Roberts and Louis Botha.

- C.D. 463. South African Despatches. Supplementary.
- C.D. 520. South African Despatches.
- C.D. 522. Military Operations in South Africa.
- C.D. 528. Negotiations between Louis Botha and Lord Kitchener.
- C.D. 546. Letter from Louis Botha to Lord Kitchener.
- C.D. 547. Affairs in South Africa.
- C.D. 582. Correspondence, Commander-in-Chief in South Africa and Boer Commanders.
- C.D. 605. Military Operations in South Africa.
- C.D. 608. Numbers of persons in Concentration Camps in South Africa.
- C.D. 663. Negotiations, Com. Louis Botha and Lord Kitchener.
- C.D. 693. South Africa Report.
- C.D. 694. Numbers of persons in Refugee Camps in South Africa.
- C.D. 695. Despatch by Lord Kitchener re Military Operations in South Africa.
- C.D. 789. Despatch by Lord Kitchener re Military Operations in South Africa.
- C.D. 793. Despatch by Lord Kitchener re Military Operations in South Africa.
- C.D. 820. South African Despatches by Lord Kitchener.
- C.D. 823-824. Despatches by Lord Kitchener re Military Operations in South Africa.
- C.D. 885. Army Expenditure, 1902 - 1903. (S.A. War).
- C.D. 890. Despatches by Lord Kitchener re Military Operations in South Africa.
- C.D. 893. Concentration Camps in Natal, O.R.C. and the Transvaal.
- C.D. 903. Affairs in South Africa.

- C.D. 906. War in South Africa.
- C.D. 921. Petition from Boer Prisoners of War at Bermuda.
- C.D. 965. Despatches by Lord Kitchener re Military Operations in South Africa.
- C.D. 967. South Africa Report.
- C.D. 970. do.
- C.D. 984. do.
- C.D. 986. do.
- C.D. 988. do.
- C.D. 993. Army Expenditure, 1902 - 1903.
- C.D. 1096. Terms of Surrender of Boer Forces.
- C.D. 1163. Affairs in South Africa.
- C.D. 1284. Interview between Secretary of State for Colonies and Gen. Botha, De Wet and De la Rey.
- C.D. 1364. Sentences passed under Martial Law.
- C.D. 1423. Martial Law in South Africa.
- C.D. 1463. Affairs in South Africa.
- C.D. 1789-1791. War in South Africa.
- C.D. 1792. Appendices to minutes in Evidence taken before the Royal Commission on War in South Africa.
- C.D. 1932. Report of War Office Committee.
- C.D. 1968. do.

Government Gazette of the Orange River Colony

Prisoner of War Supplement to No. 3, O.R.C., 1900.

Allegiance Oath of No. 21, 1901.

Burgher Peace Committee, No. 3, 1901.

Prisoner of War No. 287, 301, 322, 1901.

Prisoners of War, No. 171, 95, 1902.

Surrender, No. 154, 1902.

Prisoners of War Allegiance, No. 155, 1902.

Royal Commission on the War in South Africa.
Minutes of Evidence taken before the Royal
Commission on the War in South Africa,
Vol. 1 - 111 (London, 1903).

Publikasies van die Transvaalse Koloniale Tydperk

T.K.P. Vol. 155 - 158. Naamlyste van krygsge-
vangenes.

Mikrofilm

A 163 - 170. Colonial Office. Vol. 1 - 10,
1901 - 1902.

A 723. General Records of the Department
of State. Miscellaneous letters,
1901 - 1902.

A 724. do. 1900 - 1901.

A 725. do. April - November 1900.

A 726. Records of the United States
House of Representatives per-
taining to the Union of South
Africa, 1899 - 1902.

A 727. Records of the United States
Senate 56th Congress. Original
petitions, memorials and Resolu-
tions.

C.O. 224/3 - 224/9. Oranjerivier Kolonie, Jan.
1901 - Des. 1902.

2. Privaat Bronne

(a) Ongepubliseerd

Staatsargief, Bloemfontein

Versamelings

A 59. Abraham Fischer. Vol. 1 - 70.

A 60. D.J. Malan. Vol. 1 - 3.

A 160. H.P.N. Muller. Vol. 1 - 117.

A 2. Nasionale Museum. Vol. 1 - 13.

- A 155. Oorlogsmuseum. Vol. 1 - 60.
 A 119. Renier. Vol. 1 - 13.
 A 156. M.T. Steyn. Vol. 1 - 41.

Aanwinste

- A 123. Barkhuizen, J.N.: Myn Gevangenschap.
 A 130. Beukes, P.R.: O.V.S.-burgers, Groenpunt.
 A 305. Botha, M.C.: Generaal Paul Roux.
 A 288. Brits, A.A.J.: Dagboek te Ahmednagar.
 A 158. Diemont, C.: Koerantknipsels.
 A 124. Du Toit, F.J.: Oorlogsherinneringe.
 A 10.1. Du Toit, J.A.: Dagboek.
 A 209. Engelbrecht, M.C.: Dokumente.
 A 47. Engelbrecht, S.P.: Dokumente.
 A 185. Fitzroy, C.: Dokumente.
 A 134. Fraser, J.C.: Verskeie stukke.
 A 49. Froneman, P.A.: Verskeie stukke.
 A 30. Kestell, J.D.: Versamelde stukke.
 A 197. Lombard, S.: Brieweboek.
 A 22. Martins, H.: Versamelde stukke.
 A 352. Muller, P.J.: Dagboeke.
 A 70. Oudschans Dentz. Versamelde stukke.
 A 101. Pohl, V.: Verskeie stukke.
 A 10.3. Potgieter, C.J.: Oorlogsdagboek.
 A 10.2. Pretorius, J.S.: Oorlogsdagboek.
 A 10.4. Prinsloo, J.: Oorlogsdagboek, Bellevue.
 A 190. Rabie, J.S.M.: Dokumente.
 A 3. Steytler, F.A.: Versamelde stukke.
 A 187. Swart, C.P.: Notuleboek, Trichinopoly.
 A 353. Van der Walt, J.N.: Dagboek.

- A 108. Van Riet, G.J.: Dokumente.
- A 261.2. Venter, F.P.: Dagboek te Ceylon.
- A 261. Venter, P.J.: Brieweboek en dagboek.
- A 184. Visser, E.: Adres aan Anna Maria Outer=bridge.
- A 235. Album, 1899 - 1902.
- A 197. Brieweboek van 'n krygsgevangene.
- A 130. Byvoegsel tot Gouvernements Courant,
3.8.1900.
- A 123. Kaart van Bermuda.
- A 187. Notule van Debatsvereniging, dl. 1 - III.

Staatsargief, Kaapstad

Aanwinste

- A.C.C. 1337. Boshoff, J.J.: Oorlogsherinneringe.
- A.C.C. 630. De Villiers, J.A.: Dagboek.
- A.C.C. 808. De Villiers, Rocco: Scrapbook.
- A.C.C. 388. Du Toit, J.A.: Dagboek te Umballa.
- A.C.C. 228. Addressed envelopes.
- A.C.C. 698. Anglo Boer War.
- A.C.C. 143. Membership Card of P.O.W. Club.
- A.C.C. 1694. Brief van 'n krygsgevangene.
- A.C.C. 161. Persons at Tokai Prison during the
Anglo Boer War, 1899 - 1902.
- A.C.C. 173. Subscribers, benefit of P.O.W.
- A.C.C. 528. Newspaper cuttings on the Boer War.
- A.C.C. 174. P.O.W. at Simons Town, 1899 - 1902.
- A.C.C. 24. The Tick. Weekly publication by
and for Prisoners of War.

Staatsargief, Pretoria

Versamelings

- A 371. S.P. Engelbrecht, Vol. 37 en 55.

A 787. G.S. Preller:

Vol. 45. Oorlogsherinneringe, 1899 - 1903.

Vol. 52. Onoffisiële kennisgewings en proklamasies.

Vol. 55. War Book. Europese persmenings.

Vol. 58. Naamlys, gestorwe krygsgevangenes te St. Helena en Groenpunt.

Vol. 59. Dagboeke: (1). Burgers, S.J.

(2). Plumer, C.G.M.

Vol. 61. Dagboek van G.S. Preller.

Vol. 62. Dagboeke: (1). Pringle, C.B.

(2). Rocher, C.R.C.

Vol. 63. Dagboeke: (1). Roodt, C.S.

(2). Roos, A.P.

Vol. 64. Dagboeke: (1). Schoeman, N.J.

(2). Van der Bergh, J.F.
en G.J.

(3). Uys, S.J.M.

Vol. 73. Dagboeke ingekom by Land en Volk.

(1). Breytenbach, J.H.

(2). Hattingh, D.L.

(3). Rootman, J.C.L.

(4). Thiel, H.G.

(5). Van Wyk, P.E.

Vol. 74. Dagboeke ingekom by De Volksstem.

(1). Joubert, D.J.

(2). Pretorius, M.J.

Vol. 75. Dagboeke en Herinneringe ingekom by Ons Vaderland.

(1). Breytenbach, J.C.

(2). Du Toit, J.F.

(3). Roux, P.D.

Vol. 76. Dagboeke en Herinneringe.

(1). Smit, A.N.

(2). Smuts, A.P.

Vol. 78. Oorlogsherinneringe.

Vermeulen, P.A.

Vol. 224, lêer No. 167.

Aanwinste

- A 235. Botha, J.P.: Oorlogsherinneringe.
- A 460. Boyd, J.: Gévangeneneming, Komdt. M.J. Wolmarans.
- A 782. Bramley, H.: Diary, 1899 - 1902.
- A 1285. Broekman, P.: Briewe.
- A 768. Chissel, E.G.: Diary, 1899 - 1902.
- A 61. Coetzee, K.D.: Dagboek.
- A 246. De Boer, R.: Briewe.
- A 1128. Dee, F.L.: Persoonlike dokumente.
- W 218. De Villiers, G.S.: Gedachtenis Boek.
- A 1136. Donkhuysen, C.: Herinneringe.
- A 1259. Du Plooy, L.J.: Oorlogservaringe, 1899 - 1902.
- A 754. Geldenhuys, H.P.: Dagboek, Diyatalawa.
- A 564. Geyer, A.F.: Dagboek te Deadwood.
- A 339. Goddefroy, M.J.: Dokumente.
- F.K. 2020 - 2022. Green, A.S.: Diary.
- W 203. Human, I.: Briewe.
- A 247. Jacobs, P.J.: Oorlogsherinneringe.
- A 1192. Josson, M.: Dagboek.
- A 865. Joubert, G.J.: Dagboek.
- A 1248. Kaiser, J.: Krygsgevangenskap.
- A 1132. Keizer, J.: Uit mijn Gevangenschap.

- A 1154 - 1164. Koster, J.D.: Ragama.
- A 947. Krynauw, J.D.T.: Oorlogsherinneringe.
- A 766. Lampen, H.: Koerantknipsels.
- A 865. Moolman, P.: Dagboek.
- A 380. Nieman, C.P.J.: Dagboek.
- A 1237. Olivier, H.: Oorlogsherinneringe.
- W 32. Oosterhagen, H.S.: Oorlogsherinneringe.
- A 1000. Rothman, H.B.: Oorlogsherinneringe.
- A 1129. Schoof, F.M.: Die Anglo-Boereoorlog.
- A 1047. Schulenburg, A.C.: Captivity on Bermuda.
- A 1262. Terblanche, I.D.: Reis-Journaal.
- A 1159 - 1161. Van Houtum, G.: Dokumente.
- W 90. Van Warmeloo, D.S.: Versamelde stukke.
- A 1126. Van Zyl, J.C.: My Krygsgevangenskap.
- A 1230. Von Ahlefeldt, C.W.W.: Sensor te St. Helena.
- A 349. Wolmarans, M.J.: Album.
- W.H.A.81. Wolmarans, M.J.: Versamelde stukke.
- A 1268. Zwarenstein, J.: Verskeie stukke.
- A 1128. Boer P.O.W.
- A 1159. Drukwerk te Ceylon.
- A 472. Digbundel te Ceylon.
- A 344. Skets van kamp op Morgans eiland, Bermuda.
- A 1286. Gedig: Prisoner of Ceylon.

Africana Museum, Johannesburg

- Anonieme samesteller van plakboek te St. Helena.
- Arnoldi, B.H. van K.: Eene Collectie van Souvenirs te St. Helena, 1900 - 1902.
- Calitz, A.C.J.: Dagboek, 24.2.1901 - 1902.

Eyssel, B.J.: Plakboek.

Murray, C.: Letters received in Ceylon,
1901 - 1902.

Pratt, J.W.: Album te Tin Town, Ladysmith.

Schultz, W.: Plakboek te St. Helena.

Smorenburg, H.H.: Dagboek.

Carnegie Biblioteek, Stellenbosch

Anonieme skrywer (vermoedelik H.C.J. Fleming):

Geschiedenis vanaf Maagersfontein,
1900 - 1902.

Liebenberg, D.P.: Beschrijving mijner Gevangens-
schap.

Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Na-
vorsingsentrum, Bloemfontein

Ferreira, C.S.: Dagboek te Diyatalawa.

Openbare Biblioteek, Kaapstad

Steyn, W.H.: Reisverhaal.

Parlementsbiblioteek, Kaapstad

Grobbelaar, F.J.: Het notuleboek eener Christe-
lijke Vereeniging in Diyata=
lawa.

Paff, P.C.: Verskeie oorlogstukke.

Theunissen, H.: Brief uit Groenpункamp.

Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria

Pohl, P.H.C.: Outobiografie en Journaal der
Trichinopoly Krijgsgevangene
Debat-Vereeniging.

Oorlogsmuseum, Bloemfontein

Blignaut, J.P.: Reis Journaal.

Brink, P.: Diyatalawa.

Burger, A.P.: Over mijn Ballingschap.

De Jager, C.J.: Liedereboek.

- De Villiers, S.M.: Herinneringe van 'n krygs=
gevangene.
- Du Plessis, H.: Liedereboek met note.
- Erasmus, J.C.: Liedereboek te Ceylon.
- Esterhuizen, G.P.: Brot Bothom Kamp, St. Helena.
- Fick, P.H.H.: Oorlogsondervindinge.
- Geldenhuis, J.A.: Prisoner of War, Umballa,
India.
- Geyer, A.F.: Krygsgevangene, St. Helena,
1900 - 1902.
- Greyling, D.J.: Bellevue Kamp.
- Greyling, L.J.: Reisjoernaal naar Ceylon.
- Heyns, G.F.: Gedigte, naamlyste.
- Heyns, M.G.: Oorlog en ballingskap.
- Hobbs, A.A.: Field Service Book.
- Hönicke, W.: Gedachtenis van Groenpunt.
- Jerling, J.C.: Lys van oorledenes in Ceylon.
- Kestell, J.D.: Met de Boeren Commando's.
- Koch, P.E.: Naamlys van gestorwe krygsgevangene=
nes, Ceylon.
- Kok, J.W.: Dagboek uit die Anglo-Boereoorlog.
- Kruger, J.S.: Oorlogsherinneringe.
- Kruger, P.: Adreslys van krygsgevangenes.
- Landman, W.J.: Gedachtenis, krygsgevangenes,
1901.
- Malan, D.: Aandenking van Bermuda.
- Olivier, J.H.: Burgers van het district Roux=
ville in Diyatalawa.
- Papenfus, R. du P.: Versameling Bybeltekste en
opsommings van preke.
- Potgieter, J.A.W.: Dagboek.
- Pretorius, J.C.: Uit my krygsgevangenskap.
- Roos, A.P.: Oorlogsdagboek.

- Schmidt, L.E.: Journaal van 'n krygsgevangene in Diyatalawa.
- Sevenster, J.J.: Dagboek, Bermuda.
- Snyman, P.J.: Krygsgevangenskap te Groenpunt, Diyatalawa en Ragama.
- Snyman, P.J.: Plakboek.
- Steenkamp, K.: Vlug vir Vryheid.
- Storm, H.J.: Liedereboek.
- Swanepoel, F.: Diyatalawa.
- Taljaard, J.J.: Lewe in Groenpuntkamp.
- Theunissen, H.: Handtekeninge van krygsgevangenes.
- Uys, M.J.: Dagboek.
- Van Biljon, B.J.: Reisjoernaal na Bermuda.
- Van Biljon, F.L.: Oorlogsdagboek.
- Van der Merwe, H.: Prisoner of War, Diyatalawa.
- Van der Walt, H.S.: Krygsgevangene in Bermuda.
- Van der Walt, T.N.: Oorlogs Herhending.
- Van Heerden, J.L.: Dagboek te Diyatalawa.
- Van Jaarsveld, F.W.: Liedere en Resepte.
- Van Jaarsveld, G.: Kampele in Diyatalawa.
- Van Niekerk, H.H.: Krygsgevangene in Ceylon.
- Van Oostrum, O.: Herinneringe van Ceylon.
- Van Schalkwyk, O.D.J.: Dagboek.
- Van Zyl, C.P.: Gevangenis Beschrijving te Sialkot.
- Venter, G.F.: Ballingskap in Ceylon.
- Venter, P.A.: Privaat briewe.
- Viljoen, P.J.: Dagboek.
- Viljoen, S.: Dagboek.
- Wessels, H.J.: Krygsgevangenskap.

Wessels, H.J.: Dagboek.

Wilkin, J.W.: Gedagnes Boek van Seylon.

In besit van skrywer van hierdie proefskrif

De Klerk, J.J.: Die oorgawe by Witsieshoek en ons reis na Ceylon. (Kopie).

Liebenberg, C.J.: Die verhaal van die Komando van generaal P.A. Cronje aan die Modderrivier deur 'n ooggetuie. (Kopie).

Malan, S.P.: Dagboek gedurende krygsgevangenskap in Indië. (Kopie).

Pretorius, C.P.: Dagboek te Ceylon. (Kopie).

Teengs, J.: Dagboek te St. Helena. (Kopie).

Teengs, J.: Gedigte te St. Helena. (Kopie).

Zerbst, N.J.: Dagboek aantekeninge. (Kopie).

(b) Gepubliseerd

Aked, C.F.: Who was right. The Annual Sermon on our War, preached on Peace Sunday, Dec. 22nd 1901.

Briefe Aus den Kriegsgefangenen Camps auf Ceylon.

Clark, G.B.: The Official Correspondence between the Governments of Great Britain, the South African Republic and the Orange Free State which preceded the war in South Africa (London, 1900).

De Stem van Afrikaander Vrouwen voor een duurzamen Vrede. Publieke vergadering gehoude in Metropolitan zaal, Kaapstad, den 9 den July 1900.

Mikrofilm

A	176.	Boer Prisoners of War, St. Helena.
A	177.	do.
A	177(a).	do.
A	180	Boer Prisoners of War, Bermuda.
A	181	do.

- A 184. Boer Prisoners of War, Ceylon.
 A 185. do.
 A 186. do.
 A 483. Krygsgevangenen.
 A 485. Terugkeer van krygsgevangenes.
 A 490. Krygsgevangenes in Ceylon.
 A 499. Ondersteuning vir krygsgevangenes.
 A 514. Diverse sake i.v.m. krygsgevangenes.
 A 560. Maarten Spies te Ceylon.
 D/B 6. Bell-Krynauw-versameling.
 D/K 15. Krygsgevangenen Debatsvereniging.
 D/P 9. Prisoners of War. Extracts from the
 archives of the Lieutenant-Governor.
 D/S 2. Ervarings van A.C. Schulenburg.
 D/S 26. De Strever; orgaan der C.S.V.
 D/S 27. do.

PERIODIEKE PUBLIKASIES

1. Kerklike Publikasies.

Almanack voor de Nederduitsch Gereformeerde Kerk
 (Kaapstad, 1899 - 1902).

De Kerkbode, de Vereenigde Kerkblad van de Ned.
Geref. Kerke in Zuid-Afrika (Kaapstad,
 1899 - 1902).

2. Nuusblaaië.

The Cape Argus, 1899 - 1902.

The Cape Daily Telegraph, 1899 - 1902.

The Cape Mercury, 1899 - 1902.

The Cape Times, 1899 - 1902.

Ons Land, 1899 - 1902.

3. Kampliteratuur.

The Burtts Trumpet. (Slegs enkele eksemplare).

Diyatalawa Camp Lyre. (Enkele eksemplare).

Diyatalawa Dum-Dum. ('n Enkele eksemplaar).

Kamp Kruimels, 20.12.1900 - 9.4.1901.

De Krijgsgevangene, 8.6.1901 - 1.3.1902.

De Prikkelraad. (Enkele eksemplare).

The Skyview Parrot. (Vide Press, 1901).

De Strever, 19.12.1901 - 9.8.1902.

The Tick. (Enkele eksemplare).

4. Diverse.

The Hart. Regimental Paper of the Harts Militia.
(Hertford, 1903).

The Veld. An Illustrated African Journal.
(Cape Town, Jan. 1901).

Werda. Geïllustreerde Nasionale Tydskrif vir
die Unie van Suid-Afrika, Mei 1913.

LETTERKUNDIGE BRONNE

1. Herinneringe, Dagboeke, Joernale, ens.

Barry, A.: Ons Japie, (Dagboek) 1899 - 1902
(Johannesburg, 1960).

Brink, J.N.: Ceylon en de Bannelingen (Amsterdam, 1904).

Brink, J.N.: Oorlog en Ballingskap (Kaapstad, 1940).

Burger, A.J.V.: Worsteljare. Herinneringe van ds. A.P. Burger, veldprediker by die Republikeinse magte tydens die Tweede Vryheidsoorlog verwerk deur ds. A.J.V. Burger (Kaapstad, 1936).

Cleaver, F.R.M.: A Young South African. A Memoir of C.F.R. Cleaver, Advocate and Veldcornet (Edited by his mother) (Johannesburg, 1913).

- De Clercq, A.J.: Eie Wedervaringe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog in herinnering gebring (Pretoria, 1966).
- De Graaf, H.: Boere op St. Helena. Die Oorlogs= dagboek van H. de Graaf, verwerk en in Af= rikaans oorvertel deur P.J. Nienaber (Kaapstad, 1950).
- Den Hertog, G.: Sketch Book, St. Helena, 1901 (Jamestown, St. Helena, 1901).
- Dekker, E.F.F. Douwes.: Wilhelmina-dag. Herin= neringalbum van die Ragama-Feesten den 31 Augustus 1901 (Haarlem, 1901).
- De Villiers, J.L.: Hoe ek ontsnap het. 'n Ver= haal van 'n merkwaardige ontsnapping van 'n Boer uit Engels-Indië (Kaapstad, 1934).
- Du Toit, J.H.L.: Aan de Rivieren van Babel. Ter herinnering aan onze Krijgsgevangenschap te Simonstad, Bellevue Kamp. 24 Leerredenen aldaar geleverd (Kaapstad, 1900).
- Galloway, M.A.A.: The Nineteenth Century and After. The South African War. Boer Prisoners in Ceylon (Uitgewer onbekend. 1902).
- Goldman, R.: A South African Remembers (Kaapstad. 1947).
- Gosse, P.: St. Helena, 1502 - 1938 (London, 1938).
- Green, A.S.: A Visit to the Boer Prisoners of War at St. Helena (Uitgewer en datum onbekend).
- Green, A.S.: A Visit to the Boer Prisoners of War in Ceylon (Uitgewer en datum onbekend).
- Hassell, J.A.: The Boer Concentration Camps of Bermuda (New York. Datum onbekend).
- Hofmeyr, A.: The Story of my Captivity during the War, 1899 - 1902 (London, 1902).
- Hofmeyr, N.: Zes maanden by de Commando's (Amsterdam, 1903).
- Jooste, J.M.: Awonture van 'n krygsgevangene (Pietermaritzburg, 1930).
- Kotze, C.R.: My Ballingskap (Bloemfontein, 1942).
- Louw, A.F.: My eerste Neëntig Jaar (Kaapstad, 1958).

- Louw, J.: Ds. A.F. Louw op St. Helena. Briewe en Belewensisse (Kaapstad, 1963).
- Nienaber, P.J.: Nag op St. Helena (Bloemfontein, 1944).
- Preller, G.S.: Ons Parool. Dae uit die dagboek van 'n Krygsgevangene (Tweede druk, Kaapstad, 1943).
- A Resident [pseud.]: Boer Prisoners at Bermuda (Uitgewer en datum onbekend).
- Scholtemeijer, H.: Die Balling oor die see. Uit die dagboek van 'n krygsgevangene (Kaapstad, 1949).
- Schumann, J.H.L.: St. Helena (Uitgewer en datum onbekend).
- Schumann, J.H.L.: Elandslaagte and after. Escapes and Escapades (Uitgewer en datum onbekend).
- S.J.E.: Die Boeren op St. Helena. Album met Afbeeldingen en Bijskriften (Amsterdam. Datum onbekend).
- Stegman, D.: Murasies (Bloemfontein, 1942).
- Van Balen, J.H.: Diamanten en Paarlen. Avonturen van vier ontsnapte Krygsgevangenes Boeren van Ceylon (Haarlem, 1902).
- Van Blerk, J.A.: Op die Bermudas Beland. My Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog (Amsterdam, 1949).
- Van der Watt, J.S.: Het Leven der Boerenkrygsgevangenes op Ceylon (Amsterdam, 1905).
- Van Oostrum, O.: Bestendige Onbestendigheid. My Suid-Afrikaanse Ervaringe (Pretoria, 1943).
- Van Rooyen, H.L.: Ek was 'n krygsgevangene in Indië (Senekal, 1962).
- Van Warmeloo, D.S.: Myn Commando en Guerilla Commandoleven (Amsterdam, 1901).
- Van Zyl, P.H.S.: Waar en Trou (Johannesburg, 1948).
- Visagie, L.A.: Terug na Kommando. Avonture van Willie Steyn en vier ander krygsgevangenes (Vierde druk, Kaapstad, 1945).
- Walker, B.: Prisoners in Boer Camp (Uitgewer en datum onbekend).

2. Artikels.

Aling, R.F.: "Ons ontsnap van St. Helena",
in Die Brandwaq, 8.11.1940.

Blom, C.J.: "Die wederverarings van 'n oud-
stryder tydens die Tweede Vryheidsoorlog,
1899 - 1902", in Historia, Jg. VIII, p. 115:
Jg. IX, p. 44.

Brink, J.N.: "Mot Smit", in Die Huisgenoot,
21.11.1949.

Brink, J.N.: "Kulturbrokkies uit die krygsge-
vangenkamp, Diyatalawa" in Historia, Jg. V,
p. 261.

Brohier, R.L.: "The Boer Prisoners of War in
Ceylon, 1900 - 1902", in D.B.U. Journal,
July 1947.

Du Plessis, J.M.: "Ons ontvlug uit die trein",
in Die Huisgenoot, 12.2.1937.

Du Toit, D.J.: "Wil julle die Boere sien weg-
loop?" in Die Huisgenoot, 22.3.1946.

Du Toit, D.J.: "Sport en Sportmanne op St.
Helena", in Die Huisgenoot, 5.4.1946.

Du Toit, D.J.: "Vindingrykheid om geld te ver-
dien", in Die Huisgenoot, 19.4.1946.

Jooste, G.H.: "Byna Dertig Ontsnap", in Die
Brandwaq, 10.5.1946.

Jooste, G.H.: "Ontsnapping van 'n Skip", in
Die Brandwaq, 17.5.1946.

Jooste, G.H.: "Ontsnaptes terug na Vuurlinie",
in Die Brandwaq, 24.5.1946.

Pohl, P.H.C.: "Ons grawe 'n Tonnel", in Die
Huisgenoot, 30.12.1949.

Pohl, P.H.C.: "Ek probeer 'n Yogi word", in
Die Huisgenoot, 13.1.1950.

Pohl, P.H.C.: "Ons protesteer - en word weg-
gestuur", in Die Huisgenoot, 6.1.1950.

P.O.W. [pseud.] : "Krygsgevangenes op St. Helena",
in Die Huisgenoot, 27.5.1932.

Rorich, E.: Ontsnappings uit Diyatalawa-kamp" in Die Huisgenoot, 3.10.1941.

Van der Veen, S.F.A.: "St. Helena. Oupa Vertel", in Historia, Jg. V, p. 125.

LITERATUUR

1. Besondere werke

Benbow, C.: Boer Prisoners in Bermuda (Warwick Academy, Bermuda Historical Society, occasional Publications No. 3, 1962).

Cohen, E.A.: Human Behaviour in the Concentration Camp. Translated from the Dutch by M.H. Braaksma, D.Phil et Lit (London, 1953).

Haynes, M.: Prisoners of War (First Edition, London, datum onbekend).

Lourens, J.H.: Die Geestelike bearbeiding van die Lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te velde, in krygsgevangenekampe gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 - 1902 (Ongepubliseerde skripsie ter verkryging van die graad B.Th., U.S., 1960).

Morton, J.: Prisoners of War (Uitgewer en datum onbekend).

2. Algemene werke

Anderssen, E.C.: Die Verlede Herleef (Johannesburg, 1943).

Andriessen, W.F.: Gedenkboek van den oorlog in Zuid-Afrika (Amsterdam, 1904).

Badenhorst, C.C.J.: Uit den Boeren-oorlog 1899 - 1902. Ervaringen en Aanteekeningen (Amsterdam, 1903).

Barbary, J.: The Boer War (First Edition, New York, 1969).

Battersby, H.F.: In the Webb of a War (London, 1901).

Bell, F.W.: The South African Conspiracy (London, 1900).

Bezuidenhout, G.E.: Uit die Donker Woud (Johannesburg, 1946).

Boissevain, C.: The Struggle of the Dutch Republics Vol. 1 - 111 (Amsterdam, 1900).

- Botha, P.M.: From Boer to Boer and Englishmen (Kaapstad, 1901).
- Breytenbach, J.H.: Gedenkalbum van die Tweede Vryheidsoorlog (Kaapstad, 1949).
- Briggs, Lady.: The Staff Work of the Anglo-Boer War 1899 - 1902, Embodying some of the War Letters sent to the Morning Post from South Africa (London, 1901).
- Brownlie, I.: International Law and the Use of Force by States (London, 1963).
- Buckmaster, E.A.: The Transvaal from Without (London, 1900).
- Burnham, F.R.: Taking Chances (Los Angeles, 1944).
- Cassells History of the Boer War 1899 - 1902. Revised and Enlarged Edition, Vol. 1 - 11 (1903).
- Choate, J.H.: The Two Hague Conferences (Johnson Reprint Corporation, 1970).
- Coleridge, Lord.: The Illegality of Martial Law in Cape Colony (London, 1902).
- Cook, E.J.: Rights and Wrongs of the Transvaal War (Second Impression, London, 1901).
- Creswicke, L.: South Africa and the Transvaal War Vol. 1 - VII. (London, 1901 - 1902).
- Curtis, L.: With Milner in South Africa (Oxford, 1951).
- Davit, M.: The Boer Fight for Freedom (New York, 1902).
- Doyle, A. Conan.: The Great Boer War (Tenth Impression, London, 1901).
- Falck, R.A.: Legal Order in a Violent World (Princeton, New Jersey, 1968).
- Grant, A.F. and Temperley, H.: Europe in the Nineteenth and Twentieth Centuries (Sixth Edition, Revised and Edited by Lillian M. Penson, London, 1966).
- Grant, A.F. and Maurice, H.: History of the War in South Africa Vol. IV (London, 1910).

- Grew, E.S. and Others.: Field-Marshal Lord Kitchener. His Life and Work for the Empire, Vol. 11 (London, 1917).
- Hayes, C.J.H., Baldwin, M.W., Cole, C.W.: History of Western Civilization (New York, 1962).
- Headlam, C.: The Milner Papers, South Africa, 1899 - 1905, Vol. 11 (London, 1933).
- Hembleton, I.: Plans for World Peace through Six Centuries
- Hoess, R.: Commandant of Auschwitz. The Autobiography of Rudolf Hoess, with an introduction by Lord Russell of Liverpool, C.B.E., M.C. Translated from the German by Constantine Fitz Gibbon (London, 1959).
- Hofmeyr, J.W.L.: Abraham de Klerk van Ceylon (Kaapstad, 1928).
- Jackson, E.L.: St. Helena. The Historic Island from its Discovery to the Present date (London, 1938).
- Kemp, J.C.G.: Vir Vryheid en vir Reg (Tweede druk, Kaapstad, 1942).
- Knight, E.F.: With the Royal Tour (London, 1902).
- Krige, J.: American Sympathy in the Boer War (Automatic Printing Press, 1933).
- Le May, G.H.L.: British Supremacy in South Africa, 1899 - 1907 (Oxford, 1965).
- Magnus, P.: Kitchener. Portrait of an Imperialist (London, 1958).
- Marais, J.S.: The Fall of Kruger's Republic (Oxford, 1901).
- Maurice, F.: History of the War in South Africa, 1899 - 1902 Vol. 1 - 111 (London, 1906).
- McCord, J.J.: South African Struggle (Pretoria, 1952).
- Methuen, A.M.S.: Peace or War in South Africa (London, 1901).

- Ogden, H.J.: The War against the Dutch Republics in South Africa. Its Origin, Progress and Results, Annotated with Extracts from Books, Newspapers, Pamphlets and Speeches by Members of Parliament and other leaders of public opinion (National Union Publications, 1901).
- Oppenheim, L.: International Law (7th Edition, London, 1952).
- Penning, L.: De Oorlog in Zuid Afrika. De Stryd tusschen Engeland en de Verbonden Boeren-republieken Transvaal en Oranje-Vrystaat en zyn verloop geschetst (Rotterdam, 1899, 1901).
- Roberts, J.M.: Wrecking the Empire (London, 1901).
- Schiele, W.: Mit dem Deutschen im Büren-kriege (Berlin, 1901).
- Schikkerling, L.W.: Commando Courageous. A Boers Diary (Johannesburg, 1964).
- Scholtz, G.D.: Europa en die Tweede Vryheidsoorlog, 1899 - 1902 (Johannesburg, 1939).
- Schowalter, A.: Urkander Uber Süd Afrikanischen Krieg (München, 1902).
- Scott, J.: The Reports of the Hague Peace Conferences of 1899 and 1907 (Oxford, 1907).
- Selby, J.: The Boer War. A Study in Cowardice and Courage (London, 1969).
- Snyman, J.H.: Rebelle-verhoor in Kaapland gedurende die Tweede Vryheidsoorlog, met spesiale verwysing na die Militêre Howe (1899 - 1902). (In Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1962).
- Spies, F.J. du T.: 'n Nederlander in diens van die Oranje Vrystaat (Amsterdam, 1946).
- Stead, W.T.: How not to make Peace (London, 1900).
- Stead, W.T.: Methods of Barbarism (London, 1901).
- Stead, W.T.: The Truth about the War, (London, 1901).
- Stead, W.T.: Hell let Loose (London, 1901).

- Stead, W.T.: How we are Waging War (London, 1901).
- Sternberg, M.: My Experiences of the Boer War. Translated from the German with an introduction by Lieut-Colonel G.F.R. Henderson (London, 1901).
- Stone, J.: Legal Controls of International Conflict. A Treatise of Dynamics of Disputes-on-War-law (New York, 1954).
- Strydom, C.J.S.: Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog (Tweede druk. Kaapstad, 1943).
- Van der Hoeven, P., Templeman, O.: Gevangene op Ceylon. Open brief aan den minister van Buitenlandsche Zaken (Utrecht, 1902).
- Van Everdingen, W.: De Oorlog in Zuid-Afrika, met een inleidend woord van dr. Kiewiet de Jonge, Vol. 1 - 111 (Delft, 1902).
- Viljoen, B.J.: Myne Herinneringen uit den Anglo-Boeren-Oorlog (Amsterdam, 1902).
- Von Müller, A.: Der Krieg in Süd Afrika, 1899 - 1902, und Seine Vorgeschichte (Berlin, 1900).
- Walker, E.A.: W.P. Schreiner, A South African (London, 1937).
- Ware, C., Pankkar, J.M., Romein, J.M.: The Twentieth Century History of Mankind, Vol. VI, part 1 (London, 1966).
- Wilkenson, S.: British Policy in South Africa (London, 1899).
- Williams, H.S.: The Historian's History of the World. A comprehensive narrative of the Rise and Development of Nations as Recorded by the Great Writers of all Ages, Vol. 17 (London, 1908).
- Wood, C.: The Man who killed Kitchener. The life of Fritz Joubert Du Quesne, 1879 - (New Jersey, 1932).

3. Artikels

- Arntzen, I.J.: "Psychological Observations of Prisoners of War", in American Journal of Psychiatry, Vol. 104 No. 7, 1948.
- Bettelheim, B.: "Individual and Mass Behaviour in Extreme Situations", in Journal of Abnormal and Social Psychology, Vol. 38 No. 4, Oct. 1943.

- Blignault, A.: "Een Vreemdeling op die Aarde", in Sarie Marais, 26.4.1967.
- Bondy, C.: "Problems of Internment Camps", in Journal of Abnormal and Social Psychology, Vol. 38 No. 4, Oct. 1943.
- De Kock, W.J.: "Met die Boere agter Doring=draad", in Die Huisgenoot, 9.2.1968.
- De Villiers, C.G.S.: "Het was ons O! Een groote Blydschap", in Die Huisgenoot, 29.8.1952 en 5.9.1952.
- Elwes, K.W.: "The Boer Prisoners in Bermuda", in Fortnightly Review, June 1902.
- Helpende Hand. [Pseud.] "Na jare agter Doring=draad", in Die Brandwaq, 26.4.1946.
- Nienaber, P.J.: "Hoe krygsgevangenes ontsnap het", in Die Huisgenoot, 10.11.1944.
- Nienaber, P.J.: "Skietery op St. Helena", in Die Brandwaq, 5.1.1945.
- Oudschans Dentz, F.: "St. Helena", in Historia, Jg. IV, p. 187.
- Roodt, Kotie.: "Gevangene-kuns van die Boer", in Die Huisgenoot, 7.6.1940.
- Roodt, Kotie.: "Handwerk van krygsgevangenes", in Die Huisgenoot, 30.8.1940.
- Roodt, Kotie.: "Godsdiens in die krygsgevangene-kampe", in Die Huisgenoot, 23.1.1942.
- Roodt, Kotie.: "Letterkunde van die krygsgevangenes", in Die Huisgenoot, 17.10.1941.
- Roodt, Kotie.: "Musiek en toneel in die krygsgevangene-kampe", in Die Huisgenoot, 24.10.1941.
- Rosenthal, E.: "Een Transvaler woon nog op St. Helena", in Die Huisgenoot, 7.10.1949.
- Soto [Pseud.] : "Monument voor Gestorven Krygsgevangenes", in Die Huisgenoot, Maart 1918.
- Foto-artikels: (i) Skeepsmodelle deur krygsgevangenes, in Die Huisgenoot, 29.4.1949.
- (ii) "Lewe op St. Helena", in Die Huisgenoot, 7.10.1949.

